


Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Temanommer: Opstelle oor die 2020-vertaling van die
Bybel in Afrikaans

Gasredakteurs: Herrie van Rooy en Christo van der Merwe



Opgedra aan: Bernard Combrink

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 60 | Volume 60 | DESEMBER 2020
Nommer 4-1 | Number 4-1 | DECEMBER 2020



Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



4-1

Uitgewer/Publisher
Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Desember/December 2020

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg, Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)

- L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/ Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

- Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)
E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)
Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)
WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)
Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)
Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)
Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2020 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2020 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R350,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief/Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 60 Nommer 4-1, Desember 2020 / Volume 60 Number 4-1, December 2020

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES:

Opstelle oor die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans / *Essays on the 2020 Afrikaans translation of the Bible*

HERRIE VAN ROOY EN CHRISTO VAN DER MERWE

Voorwoord 867

JA NAUDÉ

Nuwe en ou skatte: Die 2020- Afrikaanse vertaling van die Bybel as 'n hervertaling / *New and old treasures: The 2020 Afrikaans translation of the Bible as a retranslation* 869

CHRISTO VAN DER MERWE

Nog 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans: Wat maak dit anders? / *Another translation of the Bible in Afrikaans: What makes it different?* 892

HERRIE VAN ROOY

Die Hebreeuse grondteks en die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans / *The Hebrew base text and the 2020 Afrikaans translation of the Bible* 912

HERRIE VAN ROOY

Die Ou Testament in die 2020-vertaling: Enkele netelige kwessies / *The Old Testament in the 2020 Afrikaans translation: Some contentious issues* 929

GJC (JORRIE) JORDAAN

Die bronteks vir die 2020-vertaling van die Nuwe Testament / *The source text for the 2020 Afrikaans translation of the New Testament* 945

JAN BARKHUIZEN

“Wat staan in die Grieks?” – Kollig op vertaalprobleme wat die Nuwe Testament oplewer / *“What does the Greek say?” – Spotlight on translation problems the New Testament poses* 959

JOHANN COOK

Vertaalprobleme wat die Deuterokanonieke Boeke oplewer: Jesus ben Sira as voorbeeld / *Translation difficulties posed by the Deuterocanonical Books: Jesus Ben Sira as a case study* 983

GERT STEYN

Vertalers kruis swaarde! Vertaalproblematiek betreffende die swaard as wapen in 1 en 2 Makkabeërs / *Translators cross swords! Translation problems relating to the sword as a weapon in 1 and 2 Maccabees* 994

KAREN DE WET

Die derde Afrikaanse Kerkbybel: Proses en praktyk van 'n direkte vertaling / *The third Afrikaans church Bible: Processes and practices of a direct translation* 1007

HEILNA DU PLOOY

Literêre aspekte van die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans en die bydrae van die literêre adviseurs in die vertaalproses / *Literary aspects of the 2020 translation of the Bible in Afrikaans and the contribution of the literary advisors in the process of translation* 1028

C JAC CONRADIE

Taalverandering in die Afrikaanse vertalings van die Evangelie van Markus / *Language change in the Afrikaans translations of the Gospel of Mark* 1047

ERNST KOTZÉ

Gesag en solidariteit: Aanspreekvorme en pronominale persoonsverwysings in die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020 / *Authority and solidarity: Forms of address and pronominal personal references in the Afrikaans Bible translation of 2020* 1066

MENINGSTUK / OPINION PIECE

DAAN CLOETE

Probleme met en ná die direkte vertaling / *Problems with and after the direct translation* 1092

*Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles:
Opstelle oor die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans /
Essays on the 2020 Afrikaans translation of the Bible*

Voorwoord

Die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans was in baie opsigte ’n ambisieuse projek. Die versoek van kerke in die laat 1990’s vir ’n vertaling wat nader aan die bronteks is, het ’n verskeidenheid uitdagings gebied, byvoorbeeld onsekerheid en verskil van mening oor hoe ’n vertaling van die Bybel “nader aan die bronteks” kom; die fokus in Bybelvertaalkringe op die sogenaamde funksioneel-ekwivalente benadering tot Bybelvertaling, waarin verstaanbaarheid van die bronteks vir moderne lesers tipies meer gewig gedra het as getrouheid aan die kompleksiteit van die brontale, en ook die andersheid van die antieke brontaalkulture; die vereiste dat die vertaalproses en eindproduk inklusief en verteenwoordigend moet wees van al die potensiële lesers, om slegs enkele te noem. Om die projek te bestuur, sou meer as Salomo se wysheid verg. Die projekteier moes die vermoë hê om fyn, onbevange en geduldig te luister, moes onder alle omstandighede die belange en doelwitte van die projek bo persoonlike voorkeure kon stel, moet met gewone lesers sowel as akademici met uiteenlopende (en soms onrealistiese) verwagtinge in ’n verskeidenheid vakrigtings en met soms botsende teoretiese agtergronde kon werk, en moes bereid wees om onvermoeid en soms ongewone en lang ure, dikwels weg van sy eie huis, te werk. So ’n projekteier was Bernard Combrink. Dit is ’n voorreg om hierdie bundel aan hom op te dra – ’n mens wat groot deernis het en die respek afdwing van almal wat sy pad kruis. Met sy menslikheid, sy akademiese integriteit en sy werkywer was hy vir meer as 15 jaar die spilpunt van die projek waaroor hier berig word.

Hierdie bundel artikels weerspieël die kompleksiteit van die proses wat met die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans gevolg is. Dit was ’n spanpoging waarin taalkundiges, letterkundiges, vertaalkundiges, kenners van Grieks en Hebreeus, Ou Testamentici en Nuwe Testamentici almal ’n rol gespeel het. **Jacobus Naudé** analiseer en beskryf hierdie vertaling as ’n hervertaling in die konteks van die vorige vertalings van die Bybel in Afrikaans deur gebruik te maak van die narratiewe raamteorie van Mona Baker. Hy wys daarop dat hierdie vertaling deur die gebruik van metatekste en paratekste die reduksionisme van die 1933/53-vertaling, met sy klem op vorm, en van die 1983-vertaling, met sy klem op betekenis, vermy. **Christo van der Merwe** argumenteer (en illustreer met voorbeelde) dat die andersheid van die 2020-vertaling berus op die innoverende vertaalmodel wat “noodgedwonge” vir die projek ontwikkel moes word. Vir hom as brontaalkenner was insigte uit die kognitiewe taalkunde oor die kultuurgebondenheid van taal, asook die betekenisverskuiwings wat tipies plaasvind in taal na gelang mense dit gebruik, van groot nut om reg te laat geskied aan die “andersheid” en uitdagings van die antieke taal en kultuur, veral as daar in idiomatiese Afrikaans altyd so na as moontlik aan die bronteks gehou moes word.

Wat die Ou Testament betref, bespreek **Herrie van Rooy** die Hebreeuse grondteks wat vir hierdie vertaling gevolg is, sowel as die tekskritiese hantering van die grondteks. Die vertaling poog om so min as moontlik van die grondteks af te wyk, behalwe in die gevalle waar die grondteks so problematies is dat dit nie direk vertaal kan word nie. In die proses is besondere aandag gegee aan die plek van die antieke Bybelvertalings in Grieks, Latyn, Siries en Aramees. Wat die inhoudelike hantering van die Ou Testament betref, bespreek hy enkele moeilike sake waarvoor besluite geneem moes word, soos die vertaling van die name van God in die Ou Testament (veral Jahwe en Adonai) en ander persoonsname, mate en gewigte, en

die sogenaamde Messiaanse tekste in die Ou Testament. Die hantering van sulke sake word vergelyk met die hantering daarvan in die 1933/53- en 1983-vertalings.

Die Loodskomitee vir die 2020-vertaling het besluit om die vierde hersiene uitgawe van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se Griekse Nuwe Testament as bronteks te gebruik. **Gert Jordaan** bespreek die riglyne waarop besluit is betreffende die tekskritiese hantering van die teks, en beoordeel die eindproduk van die vertaalwerk in die lig van hierdie besluite. **Jan Barkhuizen** bespreek vertaalprobleme in die Nuwe Testament, met besondere aandag aan grammatikale sake. Die probleme raak tekste wat vertaal word met 'n verkeerde interpretasie van die Griekse grondteks, tekste wat op meer as een manier vertaal kan word, en tekste waarin fyner nuanses in die bronteks voorkom.

Die 2020-vertaling verskyn in meer as een uitgawe. Een van die uitgawes sluit die Deuterokanonieke Boeke in, boeke wat deel is van die Bybel wat die Rooms-Katolieke Kerk gebruik. In ander tradisies staan hierdie boeke bekend as die Apokriewe Boeke. **Johann Cook** se bydrae handel oor die boek Ekklesiastikus, ook bekend as die Wysheid van Jesus, die seun van Sirag. Die teks is oorspronklik in Hebreeus geskryf en tussen 132 en 117 v.C. in Grieks vertaal. Hy bespreek die ontstaan, oorlewering en vertaling van die boek. Hy oordeel dat die Griekse filosofie weinig invloed op die Ou Griekse vertaling van die boek gehad het. **Gert Steyn** hanteer die vertaalproblematiek van die woord/e vir “swaard” in 1 en 2 Makkabeërs. In die Grieks word drie verskillende woorde vir 'n swaard gebruik. Die drie woorde word dikwels generies met “swaard” vertaal, maar op strategiese plekke dui voetnote wel die tipe swaard aan.

In die vertaalproses wat vir die 2020-vertaling gevolg is, het letterkundiges en taalkundiges as deel van die onderskeie redaksionele komitees 'n belangrike rol gespeel. **Karen de Wet** bespreek die proses en praktyk wat vir die 2020-vertaling gevolg is, met aandag aan die rolle van die verskillende rolspelers in die aanvanklike boekspanne en die latere redaksionele komitees. **Heilna du Plooy** fokus op literêre kwessies en die werk van die literêre adviseurs in die vertaalproses. Die literêre adviseurs se bydrae was in die besonder daarop gemik om reg aan die eindproduk as religieuse en literêre teks te laat geskied. Sy lig hierdie sake toe met voorbeelde uit die Psalms.

Jac Conradie vergelyk sewe vertalings van die Evangelie volgens Markus om na te gaan in watter mate hulle die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope eeu of meer weerspieël. Hy bespreek verskynsels soos die wegval van die *-e*-uitgang by attributiewe byvoeglike naamwoorde, die hulpwerkwoord *hê* wat deur *het* vervang is, en die vervanging van *is/wees* deur *het* as hulpwerkwoord by onakkusatiewe werkwoorde. **Ernst Kotzé** bespreek aanspreekvorme en pronominale verwysing na persone in die 2020-vertaling. Die bespreking geskied aan die hand van 'n aantal tekste en met 'n vergelyking van die hantering hiervan in tale soos Nederlands, Engels, Duits en Noorweegs.

In 'n afsonderlike artikel bied **Daan Cloete** sy persoonlike belewenis van die hele vertaalproses, met aandag aan die proses wat gevolg is, probleme wat ervaar is en die konteks waarbinne die vertaling aan lesers aangebied word.

Ons hoop dat hierdie artikels insig sal bied in die vereistes waaraan die 2020-vertaling moes voldoen, die benadering(s) wat gevolg is en problematiese sake wat in die loop van die vertaling die hoof gebied moes word. Aangesien die vertaling deur mense gedoen is, sal dit beslis nie sonder foute en/of inkonsekwentheid wees nie. Ons vertrou egter dat hierdie artikels u as lesers sal oortuig dat hierdie vertaling andersoortig is en poog om so “eerlik” as moontlik te wees!

CHRISTO VAN DER MERWE EN HERRIE VAN ROOY
Gasredakteurs
Oktober 2020

Nuwe en ou skatte: Die 2020-Afrikaanse vertaling van die Bybel as 'n hervertaling¹

New and old treasures: The 2020 Afrikaans translation of the Bible as a retranslation

JA NAUDÉ

Departement Hebreeus
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: naudej@ufs.ac.za



Jacobus Naudé

JACOBUS A NAUDÉ is 'n senior professor in die Departement Hebreeus aan die Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika, waar hy Bybelhebreuse taalkunde en Bybelvertaling (antieke en moderne vertalings) aanbied. Hy is medevoorsitter van die Linguistiek- en Bybelhebreuse Seminar van die Vereniging van Bybelse Literatuur se jaarlikse byeenkoms in die VSA, en dien in die begeleidingskomitee en die drie redaksionele komitees van die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Hy is vertaalkonsultant vir die Dinka Cam-Bybel van Suid-Soedan. Hy dien in die adviespanele van die *Handbook of Translation Studies*, *Handbook of Terminology*, *The Bible Translator*, *Journal of Translation Studies in Africa*, *Folia Orientalia* en *Journal of Northwest Semitic Languages*, en die *National Association of Professors of Hebrew*. Hy is mede-outeur van die *Biblical Hebrew Reference Grammar* en mederedakteur van *Linguistic Studies in Ancient West Semitic*. Hy het nie net heelwat oor Bybelhebreuse taalkunde gepubliseer nie, maar is ook redakteur van vier volumes oor die interaksie van vertaalkunde en religieuse vertaling. Hy is outeur van 48 hoofstukke in boeke en 185 gepubliseerde artikels in akademiese joernale. Sy resente publikasies handel oor onder meer alteriteit en metatekste/paratekste in religieuse vertaling.

JACOBUS A NAUDÉ is a senior professor in the Department of Hebrew at the University of the Free State, Bloemfontein, South Africa, where he teaches Biblical Hebrew linguistics and Bible translation (ancient and modern translations). He is a co-chair of the Linguistics and Biblical Hebrew Seminar of the annual meeting of the Society of Biblical Literature in the USA, and serves on the steering committee and the three editorial committees of the Afrikaans Bible translation project of the Bible Society of South Africa. He is a translation consultant for the Dinka Cam Bible of South Sudan. He serves on the advisory boards of the *Handbook of Translation Studies*, *Handbook of Terminology*, *The Bible Translator*, *Journal of Translation Studies in Africa*, *Folia Orientalia* and *Journal of Northwest Semitic Languages*, and the *National Association of Professors of Hebrew*. He is co-author of the *Biblical Hebrew Reference Grammar* and co-editor of *Linguistic Studies in Ancient West Semitic*. He has published widely on Biblical Hebrew linguistics, and in addition edited four volumes on the interaction of translation studies and religious translation. He is the author of 48 chapters in books and 185 published articles in academic journals. His recent publications deal with, inter alia, alterity and metatexts/paratexts in religious translation.

¹ Hierdie artikel word opgedra aan prof. Bernard Combrink, die projekteier van die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans. Ek het respek vir sy leierskap, wysheid en menslikheid, wat die werk aan die projek 'n aangename ervaring gemaak het. My dank ook aan prof. Kobus Marais vir die taalversorging van hierdie artikel.

Datums:

Ontvang: 2020-02-31

Goedgekeur: 2020-07-01

Gepubliseer: Desember 2020

ABSTRACT***New and old treasures: The 2020 Afrikaans translation of the Bible as a retranslation***

The aim of this article is to analyse and describe the 2020 Afrikaans translation of the Bible as a retranslation in the historical context of previous Bible translations in Afrikaans.

The earliest attempts to translate the Bible into Afrikaans started with the attempts of the Bible Translation Movement (1872–1911). This attempt failed, because the dominant Dutch language and the Statenvertaling were preferred to the dominated Afrikaans “dialect”. The second attempt followed from the initiative of the churches (1916–1923) as part of the Afrikaans language movement after the Anglo-Boer War (1899–1902). Because of the interference of the Dutch from the Statenvertaling during a time when the Afrikaans language became important to Afrikaner identity, the translation of the Gospels and the Psalms into Afrikaans (1922) failed. The first complete translation of the Bible into Afrikaans, a word-for-word or literal translation, was published in 1933 and a revised version in 1953. The 1933/1953 Afrikaans translation of the Bible forms part of the great age of Bible translations ushered in by the Protestant Reformation; this era lasted up to 1960, when the field of Translation Studies was established. The use of the same Hebrew and Greek source texts used for the Statenvertaling lent authority to this translation and it eventually replaced the Statenvertaling in the Afrikaansspeaking community.

The next translation was a retranslation. The term “retranslation” in this article refers to multiple translations of a source text, which may vary, into one language, which is also not a stable variable. Revision (editing, correcting, modernisation) of an existing translation for re-publication is not seen as retranslation, but may lead to retranslation. Under the influence of Eugene Nida a retranslation of the complete Bible in Afrikaans followed, namely a dynamic equivalent translation in 1983. As a dynamic equivalent translation the 1983 translation of the Bible in Afrikaans was part of the first generation of translations that began a great new age in Bible translation.

In 2007 Die Bybel vir Doves (The Bible for the Deaf), which was also published as Die Bybel vir Almal (The Bible for All), and a number of commercial translations reflect the tendency to provide simplified versions for specific purposes, called functionalist translations according to Nord (1997). Simplified versions form part of the second-generation translations of the great new age of Bible translations of the second half of the twentieth century.

The next complete Bible translation in Afrikaans will be published in 2020 and will form part of Bible translations such as The Schocken Bible (1995, 2014), The Common English Bible (CEB) (2011) and The Hebrew Bible (2019), which introduced the next generation of Bible translations. As early as 1997 some Afrikaans churches requested the Bible Society of South Africa to produce a new translation in a more formal register that would be suitable for liturgical use and reflect the source texts in a formal equivalent way that would be more suitable for serious readers and Bible study groups. After intensive academic/scholarly research and market surveys, it was decided on 25 October 2004 to proceed with such a translation. The translation approach was what Nord (1991, 1997) termed functionalist. The translation brief was to produce a source-textoriented translation of the Hebrew and Greek source texts that renders meaning and culture directly into contemporary Afrikaans using a simplified version of the model proposed by Gutt (2000). The translation process started during 2006 and went through five phases. More than 142 co-workers from 26 Afrikaans denominations contributed to the translation process. The last meeting was held on 2 May 2019 and the translation was handed to the BSA on 1 July 2019 for publication.

This article, using mainly Mona Baker's narrative frame theory, analyses and describes the translation as a retranslation. Any new translation constructs a representation of the alterity (otherness) of a foreign text and culture, which representation at the same time relates to intelligibility and to ideology. One should not evaluate a translation normatively but rather describe or narrate its linguistically inscribed preferences in the choice and construction of discourses. The 2020 translation is analysed and explained with respect to the way particular sociohistorical, sociocultural, and translational frames may have influenced the translation. The organisational frame deals with issues such as the context of the translation, its source texts, the translation team, the translation process and product, and the possible sociocultural impact of the translation.

By using metatexts/paratexts to explain and make accessible the otherness of the source text culture to readers, the translation prevents reductionism with emphasis either on form (as in the 1933 translation) or on meaning (as in the case of the 1983 translation). The 2020 translation is a response to the indigenising strategies of the 1983 translation, while incorporating many of its cultural concepts metatextually in footnotes and an extensive word list. For those individuals and Afrikaansspeaking denominations that rejected the 1983 translation, the 2020 translation is in intertextual dialogue with the translation of 1933, representing the alterity of the incipient Hebrew and Greek texts, while pointing to the incipient cultural context in metatextual footnotes. In complexity thinking, which introduces the next generation of Bible translations, the otherness or alterity of the source culture is respected and retained, on the one hand, but, on the other hand, the translations are also made intelligible.

The results of this study confirm Albachten and Gürçağlar's description (2019) of retranslation as a complex process involving a network approach that identifies historical and synchronic relations between texts, institutions or contexts, and agents. New forms of Bible translations emerge from semiotic processes as we move forward in time, so keeping the Bible alive. This is what the 2020 Afrikaans translation of the Bible wants to achieve: to discover new treasures, but also to preserve and to renew old treasures.

KEYWORDS: translation studies, narrative frame theory, Bible translation, Mona Baker, Eugene Nida, Christiane Nord, Ernst-August Gutt, word-for-word translation, literal translation, dynamic equivalent translation, functional translation, functionalist translation, direct translation, complexity, Afrikaans

TREFWOORDE: vertaalkunde, narratiewe raamteorie, Bybelvertaling, Mona Baker, Eugene Nida, Christiane Nord, Ernst-August Gutt, woord-vir-woord-vertaling, letterlike vertaling, dinamies-ekwivalente vertaling, funksionele vertaling, funksionalistiese vertaling, direkte vertaling, kompleksiteit, Afrikaans

OPSOMMING

Die eerste volledige vertaling van die Bybel in Afrikaans, 'n letterlike vertaling, word in 1933 gepubliseer ná die vorige pogings van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911) en 'n poging op kerklike aandrang (1916–1923). Daarna volg die volgende hervertalings, naamlik 'n dinamies-ekwivalente vertaling in 1983 en in 2007 *Die Bybel vir Dowes*, ook uitgegee as *Die Bybel vir Almal*, asook 'n aantal kommersiële vertalings. Die volgende volledige Bybelvertaling in Afrikaans, 'n direkte vertaling, word in 2020 gepubliseer. Hierdie artikel bied 'n analise en beskrywing van die 2020-vertaling as hervertaling deur gebruik te maak van die narratiewe raamteorie van Mona Baker. Enige vertaling representeer die alteriteit of andersheid van 'n

vreemde teks en kultuur op 'n unieke, maar 'n verstaanbare wyse. Geen vertaling is egter vry van ideologie nie. 'n Vertaling moet nie normatief beoordeel word nie, maar die taalkundig ingebedde keuses betreffende die keuse en konstruksie van diskoers moet eerder beskryf of vertel word. Die 2020-vertaling word ontleed, waarna die wyse waarop spesifieke sosio-historiese, sosiokulturele en vertaalkundige rame in die vertaling inspeel, verduidelik word. Die organisatoriese raam hanteer kwessies soos die konteks van die vertaling, sy brontekste, die vertaalspan, die vertaalproses en -produkt, sowel as die moontlike sosiokulturele impak van die vertaling. Deur van metatekste/paratekste gebruik te maak om die andersheid van die bronkultuur vir lesers te verduidelik en toeganklik te maak, vermy die vertaling die reduksionisme van klem op vorm soos in die 1933-vertaling en die klem op betekenis van die 1983-vertaling.

1. INLEIDING

Die jongste volledige Bybelvertaling in Afrikaans is op 'n vergadering op 2 Mei 2019 in Bybelhuis, Kempton Park, deur die Begeleidingskomitee aanvaar (Notule: Begeleidingskomitee, 2 Mei 2019). Die vertaling is op 1 Julie 2019 afgeteken en in Kaapstad aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) vir publikasie oorhandig (e-pos: HJB Combrink, 2 Julie 2019). Die publikasie- en bekendstellingsdatum is beplan vir 29 November 2020 te Bloemfontein (Notule: Begeleidingskomitee, 2 Mei 2019).

Met verloop van tyd vloei nuwe vorms van Bybelvertaling voort uit semiotiese prosesse, wat die Bybelteks en interpretasie daarvan lewend hou en nuwe sosiokulturele werklikhede laat voortkom (vgl. Marais 2019). As nuwe betekenis nie deur nuwe of hervertalings geskep word nie, sal die Bybel sterf. Die doel van hierdie artikel is om die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020 as hervertaling te analiseer en te beskryf in die historiese konteks van die vorige vertalings in Afrikaans. In hierdie artikel word 'n hervertaling beskou as een van die veelsoortige vertalings van dieselfde brontekste, wat variasies kan vertoon, in dieselfde taal, wat ook aan veranderings onderhewig is (Koskinen & Paloposki 2010:204). Hersiening (redigering, korrigering, modernisering) van bestaande vertalings vir herpublikasie word nie as hervertaling beskou nie, maar dit kan lei tot hervertaling (Koskinen & Paloposki 2010:204). Hierdie artikel is meer as net 'n geskiedkundige oorsig oor die vertaalproses van die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020. Gegee die jongste tendense in die vertaalkunde, kan die benadering nie normatief (korrek/goed/betroubaar teenoor verkeerd/swak/onbetroubaar) wees nie, maar eerder funksionalisties en deskriptief (dit wil sê, hoekom en hoe die vertaling gedoen is) (Naudé 2001:177-194).

Die analise *beskryf* en *verklaar* hoekom die 2020-vertaling lyk soos dit lyk. Albachten en Gürçağlar (2019:2) beskou die bestudering van 'n hervertaling as 'n komplekse proses. Dit behels 'n netwerkbenadering, wat historiese en sinchroniese wisselwerking tussen tekste, instellings, kontekste en agente aandui. Die benadering wat in die ondersoek gevolg word, is 'n narratiewe raammodel (Baker 2006, vergelyk ook Wilt 2003 en Wendland 2008). Die uitgangspunt is dat geen spesifieke vertaalkeuse as willekeurig beskou kan word nie, maar as ingebed in en as 'n bydrae tot die beliggaming van 'n konkrete sosiale werklikheid. Elke keuse in vertaling tree op as 'n indeks wat 'n narratief of verhaal is van die wêreld, of 'n aspek daarvan. Die proses om die gebeure van 'n raamwerk te voorsien, impliseer dat strukture opgestel word wat die interpretasie van die gebeure behels. In hierdie ondersoek word, ná 'n historiese oorsig van Bybelvertaling in Afrikaans (Afdeling 2), agtereenvolgens op die sosiohistoriese en sosiokulturele raamwerk (Afdeling 3), die vertaalkundige raamwerk

(Afdeling 4), en organiserende raamwerk (Afdeling 5) gefokus. Laasgenoemde raamwerk hanteer kwessies soos die vertaalkonteks (bedoeling en gebruikers), die brontekste, die vertaalspan, die vertaalproses en -produkt. Laastens word gepoog word om die moontlike sosiokulturele impak van die vertaling te beskryf.

Om die aard van ideologiese dominansie van die Afrikaanse doelkultuur in die Afrikaanse Bybelvertaling te bepaal, het die metodes vir my veldondersoek in breë trekke bestaan uit die analise van die vertalings self wat die vertaal- en werkmetode op makro- en mikrostrukturele vlak betref, asook die analise van kritiese tekste, byvoorbeeld artikels in joernale, en die notules van die verskillende komitees van die 2020-vertaling.

2. 'N HISTORIESE OORSIG VAN BYBELVERTALINGS IN AFRIKAANS

Die Nederlandse *Statenvertaling*, wat in 1637 vir die eerste keer as amptelike vertaling gepubliseer is, is in 1652 deur Jan van Riebeeck na die Kaap gebring (Nienaber 1934:1-14). Die Nederlandse *Statenvertaling* is deur Afrikaanse Bybellesers gebruik tot die eerste volledige Bybel in Afrikaans gedurende 1933 in gebruik geneem is.

Vroeë pogings van Bybelvertaling in Afrikaans kan soos volg opgesom word: Die eerste poging is dié van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911), wat met die brief van Arnoldus Pannevis aan *De Zuid-Afrikaan* 'n aanvang geneem (Du Plessis 1986:37-48). In 1873 het CP Hoogenhout Matteus 28 in Afrikaans vertaal, maar *De Kerkbode* wou die poging nie publiseer nie (Nienaber 1975:156-158). In 1873 verskyn wel sy verafrikaansing van 'n bekende Bybelverhaal, *Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huissouwen, in Hulle Eige Taal Geskrywe*, wat as voorloper van 'n Afrikaanse Bybelvertaling beskou kan word (Hoogenhout 1873). In 1878 word die vertaling in Afrikaans van die boek *Die Evangelie volgens die beskrywing van Markus* deur CP Hoogenhout en 'n paar vriende met die *Statenvertaling* as bronteks voltooi, maar dit is ook nooit gepubliseer nie. In 1889 verskyn *Di Bybel in Afrikaans – Dri Proewe* deur SJ du Toit. Die eerste gepubliseerde vertaling van 'n Bybelboek in Afrikaans – *Di Eerste Boek van Moses genoem Genesis* deur SJ du Toit en sy medewerkers – het reeds in 1893 verskyn, maar die vertalings van *Di Evangelie volgens Mattéus* (1895), *Di Openbaring van Jesus Gristus* (1898), *Di Hooglied fan Salomo* (1905), *Di Psalme* (1907), *Di Handeling fan di Apostels* (1907) en *Di Evangelie volgens Markus* (1908) het nooit inslag gevind nie. Al hierdie vertalings is met behulp van Hebreeuse en Griekse (*Textus Receptus 1516–1734*) brontekste gedoen, maar die dood van SJ du Toit in 1911 het 'n einde aan die projek gemaak.

Die tweede poging volg op aandrang van die kerk (1916–1923) tydens die Naoorlogse Taalbeweging (1914–1925) (Du Plessis 1986:69-80). 'n Belangrike wegbereider vir Bybelvertaling was die verskyning in 1912 van die Kinderbybel van WJ Conradie met die titel *Bybelgeskiedenis vir ons Volk* (Nienaber 1934:59, Keet & Groenewald 1985:223-224). Op 16 Mei 1916 besluit die Vrystaatse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk dat die Bybel in Afrikaans vertaal moes word, wat die eerste formele besluit van dié aard uit kerkgeledere is (Nienaber 1934:43-46). In 1917 gee die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (BFBS) sy goedkeuring en bied aan om die koste van die vertaling en publikasie te dra, op die voorwaarde dat die vertaalprodukt met die *Statenvertaling* ooreenstem, wat beteken het dat die *Statenvertaling* die bronteks moes wees, met kontrole teen die Hebreeuse en Griekse (*Textus Receptus 1516–1734*) Bybeltekste (Nienaber 1934:91-97). *Die Vier Evangelie en die Psalme* is as proefvertaling in 1922 gepubliseer, maar is deur die lesers verwerp met die kritiek dat die vertaling nie die Afrikaanse taalgebruik van sy lesers respekteer nie (Smit 1970:228).

Die derde poging word ingelei met die besluit in 1923 om met 'n nuwe vertaling uit die brontekste (*Verbeterde Textus Receptus* 1920) te begin (Nienaber 1934:107-108). In 1929 verskyn *Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms*,² wat 'n goeie ontvangs geniet het. Die eerste volledige Bybel in Afrikaans, *Die Bybel*, is op 27 Augustus 1933 amptelik deur die Afrikaanse kerke met 'n sentrale fees in Bloemfontein in gebruik geneem (Nienaber 1934:195-207). In 1941 word die volledige Braillebybel in Afrikaans gepubliseer. Aan die einde van 1953 verskyn 'n hersiene weergawe van die Bybel in Afrikaans, waarvan die hersiening hoofsaaklik taalkundig van aard was (Smit 1970:230-231). In 1955 verskyn 'n Afrikaans-Engelse tweetalige Nuwe Testament, die *Diglot* genoem. *Die Bybel, Naslaan-uitgawe* het in 1957 verskyn en in 1958 *Die Bybel met Verklarende Aantekeninge*. Alhoewel die vertaling van die deuterokanonieke boeke, wat deur die Anglikaanse Kerk, Katolieke Kerk en Lutherse Kerk gebruik word, nie deur die Bybelgenootskap onderneem is nie, publiseer die Bybelgenootskap in 1965 *Die Bybel met Deutero-Kanonieke boeke*. Dit bevat die teks van die 1933/1953-vertaling sowel as die deuterokanonieke boeke.

Tydens 'n seminaar op 5 Julie 1968 word 'n eenparige besluit geneem om die BSA te versoek om met 'n nuwe vertaling in Afrikaans te begin; die besluit is op 14 Augustus 1968 tydens 'n vergadering van die Nasionale Raad van die BSA goedgekeur (Van Zyl & Swanepoel 1972:47-48). Die brontekste is die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (1977) en die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) se *The Greek New Testament*, derde uitgawe (1975). In 1971 verskyn *1 Samuel, Amos, Maleagi, Die Evangelie volgens Johannes, Die brief aan die Filippense* en *Die brief aan die Kolossense: Nuwe Vertaling* (Keet & Groenewald 1985:231). Op 30 November 1975 verskyn *Die Blye Boodschap*, 'n nuwe vertaling van die vier Evangelies, Handeling en die eerste 50 Psalms, wat goed deur gebruikers ontvang is (Keet & Groenewald 1985:231-234). Op 24 Augustus 1979 verskyn *Die Nuwe Testament en die Psalms* (Keet & Groenewald 1985:234-235). Die BSA stel op 2 Desember 1983 *Die Bybel: Nuwe Vertaling* in Kaapstad bekend (Keet & Groenewald 1985:235-238). Ná deeglike oorweging is sekere herformulerings deur die Eindredaksie goedgekeur, wat in die verskillende uitgawes tot en met die elfde uitgawe, tweede druk (1992) aangebring is (*Herformulerings* 1994, Voorwoord). In 1989 verskyn die *Verklarende Bybel* en in 1998 die *Verwysingsbybel 1983-vertaling* in twee bande (Band 1: Teks met Voetnote, Band 2: Naslaanmateriaal).

Op versoek van die kerk dat daar in die spesifieke Bybelbehoefes van dowes voorsien moet word, het die BSA in 1997 met so 'n vertaling begin (*Die Saaier*, Winter 2008:2). Dit is 'n spesiale vertaling wat voorsiening maak vir die unieke behoeftes van dowes wat doof gebore is of wat gebaretaal gebruik. Die volgende gedeeltes van *Die Bybel vir Dowes* het soos volg verskyn: *Genesis en Markus* (1998), *Daniël tot Maleagi* (2000), *Matteus tot Johannes* (2002) en *Psalms* (2005). *Die Bybel vir Dowes* is in 2007 gepubliseer en op 3 Februarie 2008 deur die Afrikaanse dowegemeenskap in ontvangs geneem (*Die Saaier*, Winter 2008:2). In antwoord op die algemene aanvraag is hierdie vertaling ook in 2008 as *Die Bybel vir Almal* gepubliseer. Die brontekste is die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (1997) en die WBG se *The Greek New Testament*, vierde uitgawe (1993).

Ná die verskyning van die *Die Bybel: Nuwe Vertaling* in 1983 het die aanbod van volledige Bybelvertalings in Afrikaans hand oor hand toegeneem, meestal deur die toedoen van hoofstroomuitgewers van godsdienstige literatuur in Suid-Afrika, wat ten minste nege

² Dit is die naam soos op die titelbladsy aangedui. Op die buiteblad lui die naam soos volg: *Die Vier Evangelies en die Psalms*.

verskillende vertalings gepubliseer het, naamlik *Die Lewende Bybel* (1982), *Nuwe Wêreld-Vertaling* (2001), *Die Boodskap: Die Bybel in Hedendaagse Afrikaans* (2002), *DieBybel@Kinders.co.za* (2002), *DieBybel@Mans* (2002), *DieBybel@Vroue* (2002), *DieBybel@Ouens* (2002), *DieBybel@Meisies* (2002), *DieBybel@Seuns* (2002), *DieBybel@Dogters* (2002), *Die Multivertaling Bybel* (2004), *Die Bybel: Nuwe Lewende Vertaling* (2006), *Interliniêre Bybel: Grieks-Afrikaans* (2012), *Die Pad van Waarheid tot die Lewe: Die Woord van JHWH in Afrikaans* (2015) en *Die Aksie-Bybel* (2016) (Naudé 2004:127-146, 2005c:176-178).

Vertaalwerk aan die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans, wat die fokus van hierdie artikel is, is in 2006 begin ná 'n markopname en meer as vyf jaar se intensiewe navorsing en voorbereiding. Met die 75ste herdenking van die 1933-vertaling in Afrikaans gee die BSA in 2008 'n *Proefvertaling: Afrikaanse Bybelvertalingsprojek* uit. 'n Verdere proefvertaling, *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*, is in 2013 gepubliseer en was verteenwoordigend van tekste uit die Ou en Nuwe Testament. In 2014 volg die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* en met die vyfhonderdste herdenking van die Hervorming in 2017 *Die Briefaan die Romeine: 'n Direkte Vertaling*. Namate die vertaling gevorder het, is die vertaalde boeke op die webwerf by www.bybeldirektevertaling.co.za geplaas vir kommentaar.

Hierdie vertalings het nie in 'n vakuum ontstaan nie, maar binne 'n sosiohistoriese en sosiokulturele raamwerk, wat in die volgende afdeling beskryf word.

3. SOSIOHISTORIESE EN SOSIOKULTURELE RAAMWERK

Die totstandkoming van die verskillende vertalings in Afrikaans hang met die volgende oorgangstydperke in die Westerse en Suid-Afrikaanse geskiedenis saam, wat die sosiokulturele konteks daarvan beïnvloed het (vgl. Naudé 2005c:168-169).

The Life Millennium (Friedman 1998:166) dui die belangrikste gebeurtenis van die afgelope duisend jaar in die Weste aan as die verskyning in 1455 van die Latynse Bybel van Johann Gutenberg as die eerste gedrukte Bybel op perkament met 42 reëls per bladsy en 'n oplaag van 200, waarvan 48 eksemplare die eeue oorleef het. Dit was die gevolg van die verbetering van 'n stelsel van los gegote drukletters (uitgevind deur die Koreane in die veertiende eeu) deur Gutenberg, wat saamhang met die ontwikkeling van die boekdrukkuns in die Weste (uitgevind in China in 1040). Dit was die begin van massaproduksie van gedrukte (Bybel) tekste om die honger na inligting tot vandag toe te bevredig. Hiermee hang die Protestantse Hervorming saam, wat ingelui is toe Martin Luther sy 95 stellinge op 31 Oktober 1517 teen die kerkdeur van die Wittenberg-kasteelkerk vasspyker (Friedman 1998:162) en waaruit 'n volledige Bybelvertaling in Duits, wat almal kon verstaan, volg: dié vertaling is in 1534 deur Hans Lufft van Wittenberg gedruk. Alhoewel daar voor die Hervorming Bybelvertalings in byvoorbeeld Duits, Engels, Frans en Nederlands was, het die Protestantse Hervorming 'n nuwe era vir Bybelvertaling ingelui in byvoorbeeld tale soos Engels, Frans, Nederlands en Spaans wat Bybelvertalings geskep het wat vir die daaropvolgende eeue dominante Bybelvertalings gebly het (Naudé 2005a:2). Al die vertalings van die Hervorming is gekenmerk deur die gebruik van paratekste/metatekste (inleidings, kantaantekeninge en voetnote, kruisverwysings, kaarte, prente, ensovoorts), asook die insluiting van die deuterokanonieke boeke (apokriewe boeke) (vgl. Miller-Naudé & Naudé 2016a, 2016b, Naudé 2012, 2013, Naudé & Miller-Naudé 2012). Dit is die konteks vir die totstandkoming van die Nederlandse *Statenvertaling* (1637) wat as amptelike vertaling al die bestaande Bybelvertalings in Nederlands moes vervang en wat in Nederland in algemene gebruik was tot in 1951, toe 'n nuwe vertaling in Nederlands (NBG 1951) uitgegee is.

Die naasbelangrikste gebeurtenis van die afgelope duisend jaar in die Weste word in *The Life Millennium* aangedui as die soeke na seehandelsroetes en die ontdekking van nuwe wêrelddele. Van belang vir hierdie ondersoek is die ontdekking van die seeroete om die Kaap deur Bartholomeu Dias in 1486, en veral Vasco da Gama se vaart om die Kaap wat Indië in 1498 bereik het (Friedman 1998:165). Die Republiek van die Sewe Verenigde Nederlande kom in 1581 tot stand binne die konteks van die soeke na seehandelsroetes (Terreblanche 2014:218-222). Die Vereenigde Oost-Indiese Compagnie (VOC), wat monopolistiese voorregte geniet het, is in 1602 in Amsterdam gevorm met Hollandse, Vlaamse en Duitse kapitaal en dit het in sy bestaan (1602–1799) ’n miljoen matrose, soldate en administrateurs op byna 5 000 skepe na 30 Asiatiese handelsposte gestuur (Terreblanche 2014:219). Een implikasie was die vestiging van so ’n permanente Nederlandse nedersetting aan die Kaap in 1652, waarheen die Nederlandse *Statenvertaling* gebring is en ook daar gebruik is (Boucher 1986:61-74). Dit was nagenoeg al leesboek wat besit is en waardeur die lewensbeskouing van die lesers gevorm is (Naudé 2005b:20).

Die laaste kwart van die agtiende eeu is ’n era van rewolusies, byvoorbeeld die Eerste Industriële Rewolusie, wat in 1770 begin het en die Franse Rewolusie tesame met die Napoleontiese oorloë (1789–1815), wat in die guns van Brittanje getel het (Terreblanche 2014:51-52). Brittanje tree as oorwinnaar in die seehandelstryd teen Spanje, Frankryk en Holland uit en vestig die Britse Ryk gedurende die negentiende eeu, veral gedurende die Victoriaanse Goue Era van imperialisme (1846–1873) (Terreblanche 2014:43-62, 228-245, 285-322). Die tweede Britse oorname van die Kaap in 1806 het ’n deurslaggewende invloed op die kultuurgeskiedenis van Suidelike Afrika gedurende die negentiende eeu uitgeoefen – veral ten opsigte van ’n beleid van verengelsing en die gevolglike reaksie van die Hollandse koloniste daarteen (Le Cordeur 1986:143-160). Afgesny van die Nederlandse invloed was die implikasie die ontwikkeling van Afrikaans met variëteite aan die Kaap, die Garieprivier, die Oosgrens, Oranje-Vrystaat en ZAR (Conradie & Groenewald 2014:27-60; Van Rensburg 1990, 2012). In dié tydperk is die vertalings van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911) in die Paarl gedoen. Daar was egter nog diegene, soos die politikus Jan Hendrik Hofmeyr (1845–1912), wat die voortgaande gebruik van Nederlands in plaas van die opkomende Afrikaans in sy beleid van Nederlandse kolonialisering bepleit het (Hofmeyr 1913:647-660). Nederlands is nog steeds in die kerk gebruik (tot 1920). Bybellesers was nog oortuig dat die dominante faktor, naamlik die Nederlandse taal en *Statenvertaling*, steeds te verkies is bo die gedomineerde faktor, naamlik die Afrikaanse “dialek” en Afrikaanse Bybelvertaling, wat die belangrikste rede was waarom die projek misluk het.

Wat die twintigste eeu betref, beskryf Terreblanche (2014:363-398) die tydperk vanaf die Eerste Wêreldoorlog (1914–1918) tot ná die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) as ’n tydperk van sistemiese chaos met die ondergang van die Britse Ryk (1873–1914/31), die opkoms van radikale ekspansionisme (fascisme en kommunisme), die Groot Depressie (1929–1933), die begin van die dekolonialisering van Asië en Afrika (1946–1980) en die Koue Oorlog, wat eers in 1990 tot ’n einde gekom het. Dit is die tydperk waarin die twintigste-eeuse vertalings van die Bybel in Afrikaans plaasvind. Die volgende detail is van belang.

Britse imperialisme lei tot die Anglo-Boereoorlog (1899–1902), wat tydelik die republikeinse ideaal van die twee Boererepublieke wat sedert 1854 bestaan het, vernietig (Giliomee 2004:187-231). Die vorming van die Unie van Suid-Afrika met sy eie goewerneur-generaal in 1910 het die impak van Britse imperialisme verminder en waar die Afrikaanse jeug in beheer gekom het, is die gebruik van Afrikaans bepleit – ook in die kerk (Spies 1986:222-227). Binne hierdie konteks van die opkoms van Afrikanernasionalisme word in 1922 *Die Vier Evangelieë*

en die *Psalme* as proefvertaling gepubliseer, maar dit misluk weens die interferensie van die Nederlandse taal, wat onaanvaarbaar was in 'n tyd toe Afrikaans as taal belangrik geword het vir 'n nuwe identiteit vir die Afrikaner.

In 1925 kry Afrikaans volle amptelike status naas Engels en Nederlands (Murray 1986:249-259), en in 1933 volg die eerste suksesvolle poging om die volledige Bybel in Afrikaans te vertaal. Die gebruik van soortgelyke Hebreeuse en Griekse brontekste as vir die *Statenvertaling* het gesag aan die nuwe vertaling verleen (Nienaber 1934:117-119). Die totstandkoming van die *Ou Afrikaanse Vertaling* (1933) en die hersiening (1953) daarvan was aan die begin van die Afrikanertydperk, wat tot 1990 geduur het (Murray 1986:249-259, Naudé 2005b:21-22, Naudé 2009:54-73). Die tydgees was modernisties.

Die *Nuwe Afrikaanse Bybel* van 1983 is aan die einde van die Afrikanertydperk vertaal, kort voor die eerste volle demokratiese verkiesing van Suid-Afrika. Die tydgees was post-modernisties, terwyl menseregte hoogty gevier het (Giliomee 2004:539-592) – die gevolg vir vertaling was die eis van verstaanbaarheid vir die leser (as sy/haar reg) wat vertalers laat fokus het op die verinheemsing van die vreemde kultuur van die bronteks in die vertaling, wat in die doeltaal moet lees soos 'n oorspronklike teks (Naudé 2005b:22).

Bybelvertalings soos die *Bybel vir Dowes* en die kommersiële vertalings soos *Die Bybel@Kinders.co.za* (2002) is vertaal gedurende die uiteindelijke totstandkoming van die demokratiese tydperk (sedert 1994) wat gekenmerk word deur 'n nuwe wêreldorde en die eerste fase van globalisering (Giliomee 2004:593-635). Dit is 'n tydperk waar aandag aan die behoeftes van spesifieke groepe voorrang geniet het (Naudé 2005c:176-178).

Benewens talle uitvindings in die twintigste eeu, is die vooruitgang op elektroniese inligtingstegnologiese gebied belangwekkend, want dit het aanleiding tot die era van globalisering gegee, wat veral in die een-en-twintigste eeu ná 2005 sy hoogtepunt bereik het, toe die internet en rekenaartoeappings universele konnektiwiteit tussen skootrekenaars en selfone moontlik gemaak het (Ritzer 2007:252-282; Friedman & Mandelbaum 2011:57-71). Die “wolk” verander hulle in bekostigbare, vinnige en kragtige platforms ten opsigte van kommunikasie, inligting en kreatiwiteit, wat noodwendig lei tot 'n verlies van identiteit en menslikheid (Naudé, Miller-Naudé & Makutoane 2017:156-166). Die reduksionistiese modernistiese en postmodernistiese denke van die twintigste eeu maak nou plek vir komplekse denke (Marais 2014:17), wat die 2020-vertaling beïnvloed.

4. VERTAALKUNDIGE RAAMWERK

In hierdie afdeling word die keuse van die vertaalmetodes van die Afrikaanse Bybelvertalings binne 'n groter vertaalkundige raamwerk geplaas.

Teenswoordig word vertaling beskou as 'n komplekse proses met 'n aanvangstekste (voorheen bekend as die bronteks) en as resultaat 'n daaropvolgende teks (voorheen die doelteks of vertaling) (Marais 2019). Vertaling word bestudeer in die dissipline Vertaalkunde (in Engels Translation Studies) wat nog 'n jong dissipline is (Holmes 1988:67-81). Voorheen is vertaling beskou as die handeling om woorde uit die een taal in 'n ander taal oor te sit, maar dit was aan streng (en teenstrydige) voorskrifte onderworpe wat meestal bepaal het dat 'n vertaling in 'n vorm moes wees wat so na as moontlik aan die bronteks is, byvoorbeeld, 'n vertaling moet die woorde van die oorspronklike weergee (wat nie altyd gebeur het nie); 'n vertaling behoort die styl van die oorspronklike te behou en in 'n vertaling moet 'n vertaler nooit iets byvoeg of uitlaat nie (Naudé 2001:180). Die resultaat was woord-vir-woord- of letterlike vertalings, wat nie maklik verstaanbaar is nie as gevolg van die andersheid van die brontaal

wat in die vertaling deurskyn. Die *King James*-vertaling, die *American Standard Version* en die Nederlandse *Statenvertaling* is goeie voorbeelde van woord-vir-woord- of letterlike vertalings. Die eerste Afrikaanse vertaling van die volledige Bybel (1993), wat in 1953 hersien is, is ook 'n woord-vir-woord- of letterlike vertaling en vorm deel van die era van Bybelvertaling wat met die Hervorming begin is en eindig met die wetenskaplike bestudering van vertaling sedert 1960 (Naudé 2005a:2, Naudé 2009:54-73).

Sedert die sestigerjare is Vertaalkunde as 'n nuwe dissipline gevestig met 'n gevolglike klemverskuiwing in die vertaalmodel en -metode (Holmes 1988:67-81). Een van die pioniers was Eugene Nida. Sy model was om die boodskap van sinne (eerder as woorde) te vertaal sodat die doeltaal dieselfde effek op hedendaagse lesers/hoorders het as wat dit op die oorspronklike lesers/hoorders van die brontaaltekst gehad het. Nida (1969:12) het vertaling gedefinieer as die reproduksie in die ontvangertaal van die naaste natuurlike ekwivalent van die brontaalboodskap, eerstens in terme van betekenis en tweedens in terme van styl. Hiervolgens verloop die vertaalproses soos volg (Naudé 2001:181): 'n Vertaler ontleed die betekeniskenmerke van die brontekst, waarna die vertaling gedoen word met die betekeniskenmerke van die brontekst in gedagte en die resultaat moet so na as moontlik aan die brontekst wees wat betekenis betref. Die ideale resultaat is dat die brontekstfunksie ekwivalent moet wees aan die doeltaalfunksie. Hierdie benadering was 'n poging om die verstaan van die gewone leser te aktiveer. Die resultaat was kommunikatiewe vertalings, wat maklik verstaanbaar is, maar weinig van die andersheid van die bronkultuur weergee. Die meeste nuwe vertalings van die Bybel sedert 1970 was sogenaamde doeltaalgerigte of betekenisgeoriënteerde Bybelvertalings. Voorbeelde hiervan is *The Good News Bible* en *Groot nuwe Bijbel* (1983). In Suid-Afrika is die 1983-vertaling in Afrikaans aangepak binne die raamwerk van Nida se dinamiese-ekwivalente benadering, wat 'n nuwe era van Bybelvertaling begin het (Naudé 2005a:2).

Die wetenskaplike bestudering van die verhouding tussen vertalings en hulle brontekste deur deskriptiewe vertaalkundiges het bevind dat as gevolg van taalkundige en kulturele verskille tussen tale vertalings nooit aan die ideaal van ekwivalensie beantwoord nie (Hermans 1985). Dit is onmoontlik om 'n vertaalde teks te produseer wat 'n presiese weergawe van die oorspronklike is. In vertaling is daar onvermydelik altyd 'n sekere mate van subjektiwiteit en herformulering betrokke. In 'n poging om die probleem te oorkom het vertaalteoretici soos Christiane Nord (1991, 1997, 2005, 2018) voorgestel dat, as 'n algemene reël, dit die bedoelde funksie (skopos) van die vertaling moet wees wat vertaalmetodes en -strategieë bepaal en nie die funksies van die brontaal nie. Die vertaalproses begin waar 'n inisieerder wat die kliënt is 'n vertaler nader met 'n opdrag. Die vertaler ontleed die opdrag asook die brontekst met die opdrag in gedagte. Vertaling word gedoen met opdrag en brontaalkenmerke in gedagte (sommige aspekte van die brontaal word behou en ander verontagsaam). Die vertaling mag dieselfde wees of heeltemal van die brontaal verskil. Die ideale resultaat is 'n tevrede kliënt (Naudé 2001:185-187). Die resultaat is funksionalistiese vertalings, wat 'n bepaalde groep lesers bedien, byvoorbeeld 'n woord-vir-woord-vertaling vir taalkundiges of 'n lekkerlees-vertaling vir tienerseuns. Funksionalistiese vertalings kan dan wees: letterlike (of eksotiserende) vertalings, wat nie maklik verstaanbaar is nie as gevolg van die andersheid van die bronkultuur byvoorbeeld *Interliniêre Bybel: Grieks-Afrikaans* (2012), of kommunikatiewe (of naturaliserende) vertalings, byvoorbeeld *Die Boodskap: Die Bybel in Hedendaagse Afrikaans* (2002), wat maklik verstaanbaar is, maar weinig van die andersheid van die bronkultuur weergee. Venuti (1995/2008) tipeer eersgenoemde vertaalstrategie as vervreemding en laasgenoemde vertaalstrategie as inburgering of verinheemsing.

Om hierdie paradoks op te los, ondersoek vertaalkundiges in die nuwe millennium hoe om 'n brug te slaan tussen letterlike en kommunikatiewe vertalings, maar steeds funksioneel te wees (Venuti 2013). 'n Oplossing is om maniere te vind om aan die een kant die andersheid van die bronkultuur te respekteer, maar terselfdertyd aan die ander kant toeganklik vir lesers en hoorders te wees. Dit het gelei tot komplekse vertalings; *The Schocken Bible* (1995, 2014), *The Common English Bible* (CEB) (2011) en *The Hebrew Bible* (2019) van Robert Alter is voorbeelde van hierdie generasie Bybelvertalings. Die kenmerk van die komplekse vertalings is dat die andersheid van die bronkultuur in paratekste of metatekste soos inleidings, opskrifte, kaarte, prente, woordelyste, kruisverwysings en voetnote verduidelik word, terwyl die taalgebruik hedendaags is (Batchelor 2018; Genette 1997; Miller-Naudé & Naudé 2016a, 2016b; Naudé 2012, 2013; Naudé & Miller-Naudé 2012, 2019; Van Rooy 2019:263-279). Die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans is as direkte vertaling 'n tipe komplekse vertaling waarin betekenis en kultuur direk vertaal is in hedendaagse Afrikaans gebaseer op 'n vereenvoudigde model van Ernst-August Gutt (2000). Dit impliseer dat teks- en stylkenmerke en kulturele konsepte so ver moontlik behou word, maar taalkenmerke aangepas word by die doeltaal (Van der Merwe 2012:5). In die volgende afdeling word aangetoon hoe die vertaalkundige raamwerk die organiserende raamwerk van die 2020-vertaling in Afrikaans beïnvloed het, eerstens wat Nord se funksionalistiese raamwerk ten opsigte van die formulering van die vertaalopdrag en vertaalproses betref, en tweedens wat Gutt se direkte vertaling as die vertaalmetode betref.

5. ORGANISERENDE RAAMWERK

5.1 Inisieerder en opdraggewer

Die BSA doen nie Bybelvertaling uit eie beweging nie, maar reageer op versoeke van kerke, wat dan in vertaalkundige terme as “opdraggewer” verantwoordelikheid neem vir die vertaling. Vir die 2020-vertaling is die inisieerder die *Kerklike Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans* (KABA) wat saamgestel is uit die volgende instansies: Afrikaanssprekende kerke in Namibië (waarnemers); Afrikaanse Protestantse Kerk (APK); Anglikaanse Kerk (ACSA); Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS); Bybelgenootskap van Namibië (BGN, waarnemers); Calvyn Protestantse Kerk (CPK); Christelike Gereformeerde Kerk (CGK(SA)); Die Baptiste-Unie (BUSA) en Afrikaanse Baptiste-Kerk (ABK); Die Rynse Kerk (RKSA); Evangelies-Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (EGKSA); Evangelies-Lutherse Kerk in Suidelike Afrika (ELKSA); Free Evangelical Lutheran Synod in Southern Africa (FELSISA/VELSISA); Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA); Katolieke Kerk (KK); Lede in Christus Kerk (LCK); Metodiste-kerk (MCSA); Morawiese Kerk in Suid-Afrika (MKSA); Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK); Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA); Pinkster Protestantse Kerk (PPK); Sewendedagadventiste Kerk (SDA); United Congregational Church of Southern Africa (UCCSA); Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA); Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA/URCSA); Volkskerk van Afrika (VKA); Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika (VEK); en Vrye Gereformeerde Kerk (VGKSA) (Notule: Kerklike Advieskomitee, 3 November 2008:1-3, 5-6, Notule: Begeleidingskomitee, 2 Mei 2019:14)

Die eerste versoek vir die 2020-vertaling was reeds so vroeg as 1997. Ná verdere versoeke besluit KABA op 13 November 2000 om 'n Bybelvertalingsimposium te reël om in die lig van ontwikkeling in vertaalkunde 'n aanvaarbare model vir die volgende vertaling te probeer vind (met die implisiete aanname dat 'n formele ekwivalente of dinamies-ekwivalente vertaling,

wat reeds in Afrikaans bestaan, nie gedupliseer moet word nie), sowel as om wetenskaplike navorsing te doen oor die behoefte aan 'n volgende vertaling van die Bybel (Notule: Kerklike Advieskomitee, 13 November 2000:3-4). Die simposium is van 20 tot 22 Augustus 2001 in Kempton Park aangebied en die referate, wat die vertaalteoretiese gesigspunte soos in Afdeling 4 hier bo verteenwoordig, is gepubliseer deur Naudé en Van der Merwe (2002). By die simposium word spesifiek aandag geskenk aan: die voorbeeld van die *Nieuwe Bijbel Vertaling* (NBV)-projek van die Nederlandse Bybelgenootskap, wat inklusief is (22 kerke en die Joodse gemeenskap as deelnemers), 'n unieke spanbenadering volg met gelyke insette van Bybelwetenskaplikes en Nederlandse taal- en letterkundiges, en 'n vertaalbenadering met die oog op die bevrediging van liturgiese en literêre behoeftes volg (de Blois & Mewe 2002:214-227). Die marknavorsing is uitgevoer deur die Sentrum vir Interdisiplinêre Studie (Universiteit Stellenbosch) en op 1 Maart 2002 aan KABA voorgelê en bespreek. Twee vraelyste, onderskeidelik vir predikante en lidmate, is vir die steekproef ontwerp waarby 1 000 predikante en 11 000 lidmate volgens ouderdoms- en geslagsdifferensiasie, kerkverband en geografiese ligging (landelik en stedelik) as stratifikasieveranderlikes, betrek is, en waarvan 22% terugvoer verskaf het (Snyman 2003:182). Die bevindinge is soos volg: Meer as twee derdes van lidmate en predikante is tevrede met die 1983-vertaling, en byna driekwart van die lidmate het nie 'n behoefte aan 'n volgende vertaling nie, terwyl die 1933/1953-vertaling steeds as 'n norm vir Bybelvertaling dien (Snyman 2003:186). Ten opsigte van die vroeëste lidmate die 1953-vertaling bo die 1983-vertaling verkies, terwyl die meeste predikante weer die 1983-vertaling bo die 1953-vertaling verkies het (Snyman 2003:185). Ten opsigte van tekste het sowel predikante as lidmate voorkeur vir die *Afrikaanse Bybel vir Doves* getoon (Snyman 2003:185). Daar bestaan duidelik 'n behoefte aan verskillende vertalings van die Bybel in Afrikaans en 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans moet dieselfde aandag geniet as die ander prioriteite van die BSA (Snyman 2003:185). Op die vergadering van KABA het dit duidelik geword dat die 1983-vertaling nie vir liturgiese gebruik in al die Afrikaanse kerke geskik was nie (Snyman 2003:186-188). Die besluit van KABA was dat die aard van 'n nuwe Afrikaanse vertaling nog nie so duidelik was dat onmiddellik met so 'n vertaalprojek begin kon word nie en verdere gesprek en ondersoek derhalwe nodig was, byvoorbeeld dat kleiner werkgroepe die ondersoek moes voortsit en proefvertalings produseer (Notule: Kerklike Advieskomitee, 1 Maart 2002).

In opdrag van 'n taakspan van KABA is vier vertalersgroepe (Bloemfontein, Potchefstroom, Pretoria en Stellenbosch), bestaande uit eksegete, brontaalkenners, Afrikaanse taalkundiges en letterkundiges, gevorm om, met Afrikaanssprekers van 15 tot 25 jaar in gedagte, elk vier vertalings in hedendaagse Afrikaans van elk van die volgende teksgedeeltes te doen: Eksodus 33, Psalm 16, Jesaja 1, Matteus 5:1-20, Romeine 7, en Openbaring 4. Die weergawes was die volgende:

1. 'n Weergawe wat in hoë mate konkordant en brontaal-georiënteerd is, met behoud van die brontaal-idioom.
2. 'n Weergawe in eenvoudige, vloeiende en duidelike taal, bedoel as Leesbybel vir die breedste spektrum van gebruikers, konkordant waar dienlik en dinamies waar nodig.
3. 'n Weergawe wat bedoel is vir voorlesing in die erediens, vir kategeese en vir Bybelstudie, met besondere aandag aan letterkundige gehalte.
4. 'n Taalkundige hersiening van die 1983-vertaling.

KABA het die vertalings ("Nuwe Afrikaanse Proefvertaling 2002") op 11 November 2002 bespreek, waarna besluit is "dat in verdere navorsing gekonsentreer sal word op twee tipe Bybelvertalings:

1. 'n Vertaling (ook vir liturgiese gebruik) wat relatief sterker brontaal-geörienteerd is; getrou aan die oorspronklike bedoeling van die teks, terwyl sinvolheid en verstaanbaarheid nie opgeoffer word ter wille van die konkordante ideaal nie;
2. 'n 'Vlotleesbybel' maar dan nie een waarin die bedoeling van die oorspronklike teks ter wille van die lekkerlees-ideaal opgeoffer word nie" (Notule: Kerklike Advieskomitee, 11 November 2002:3).

Die vier vertaalgroepe doen op 6 Oktober 2003 aan KABA verslag, waarna besluit is om "'n vertaling getrou aan die grondteks, en bedoel vir voorlesing en gebruik in die eredienste van al die belanghebbende kerke en vir kategeese, Bybelstudie en privaat gebruik, voor te stel" (Notule: Kerklike Advieskomitee, 6 Oktober 2003:3). Hierdie vertaling moes hoofsaaklik ooreenstem met Weergawe 1 van die vorige opdrag. Verder moes 'n werkswinkel georganiseer word om die tegniese formulering van die vertaalopdrag te bespreek en aandag te gee aan praktiese aspekte van 'n nuwe vertaling (Notule: Kerklike Advieskomitee, 6 Oktober 2003:3). Die werkswinkel is op 22 en 23 April 2004 in Kempton Park gehou. Die vertaalopdrag is soos volg hersien: "Skep 'n goed verstaanbare, brontaalgerigte vertaling wat bedoel is vir voorlesing en gebruik in eredienste, en vir kategeese, Bybelstudie en privaatgebruik" (Aide Memoire: Kerklike Advieskomitee, 22-23 April 2004:1). 'n Aangepaste werkswyse, gebaseer op dié van die NBV, en voorgestelde fases word goedgekeur. Ten opsigte van verdere aksie word besluit dat 'n werkgroep 'n duidelike vertaalopdrag met motivering moet daarstel (wat word vertaal, waarvoor word vertaal, hoe word vertaal, vir wie word vertaal) (Aide Memoire: Kerklike Advieskomitee, 22-23 April 2004:2; Aide Memoire: Werkgroep van Kerklike Advieskomitee, 18 Junie 2004:1). Verder moet die onderskeie kerklike verteenwoordigers die wenslikheid van die nuwe vertaling by hulle kerke motiveer met die oog op die nodige ondersteuning, terwyl die BSA daarna met die kerke sal skakel met die oog op medewerking in die algemeen en die benoeming van moontlike medewerkers (Aide Memoire: Kerklike Advieskomitee, 22-23 April 2004:2). Op 25 Oktober 2004 versoek KABA die BSA om met 'n nuwe vertaling te begin, omdat dit blyk dat daar genoegsame steun van die kerke vir die projek is (Notule: Kerklike Advieskomitee, 25 Oktober 2004:3-4). Verder moes 'n beplanningswerkgroep, die Loodskomitee, binne ses maande 'n memorandum of werkboek (soortgelyk aan die *Handboek voor de Nieuwe Bijbelvertaling* (2001)) gereed hê vir insae deur die Kerklike Advieskomitee, met die oog op 'n opleidingssessie van vertalers, en die BSA adviseer oor die identifisering van vertalers (teoloë en taalkundiges) en die werkproses (Notule: Kerklike Advieskomitee, 25 Oktober 2004:4). Die Nasionale Raad van die BSA keur die versoek op 17 Februarie 2005 goed (e-pos: HJB Combrink, 9 Maart 2005).

5.2 Vertaalopdrag en oogmerk van die vertaling

Met die oog op die opleidingseminare van 2006 was dit belangrik om 'n duidelike en finale afspraak oor die vertaalopdrag aan medewerkers voor te lê wat ook in die Werkboek vir Medewerkers opgeneem kon word (Notule: Beplanningskomitee, 3 November 2004:2). Die volgende vertaalopdrag is op 4-5 Augustus deur die Loodskomitee en op 24 Oktober deur KABA goedgekeur en het in die Werkboek vir Medewerkers verskyn: "Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategeese, Bybelstudie en persoonlike gebruik" (Werkboek vir Medewerkers 2006:3). 'n Analise van die vertaalopdrag volg (Werkboek vir Medewerkers 2006:3-8) wat die vernaamste aspekte van die vertaalopdrag eksplisiteer, asook 'n oorsig van toepaslike vertaalteorieë (Werkboek vir Medewerkers 2006:9-20). Verder bevat

die werkboek ook die taalkundige huisreëls en afspraak sowel as tersaaklike inligting, byvoorbeeld kulturele sleuteltermen. Die Begeleidingskomitee (BK) het die Loodskomitee se taak ná afloop van die eerste opleidingseminaar oorgeneem (Notule: Kerklike Advieskomitee, 23 Oktober 2006:3).

5.3 Brontekste

In die analise van die vertaalopdrag sowel as in die werkboek word die brontekste wat vir die projek gebruik is, aangedui (Werkboek vir Medewerkers 2006:3-4). Die brontekste wat vir die Ou Testament gebruik is, is die vierde uitgawe van die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (1990). Die brontekste vir die Nuwe Testament is die vierde hersiene uitgawe van die WBG se *The Greek New Testament* (1994), wat saam met die derde hersiene uitgawe van 1983, sowel as die *Novum Testamentum Graece* se 26ste hersiene uitgawe (1979) en die 27ste uitgawe (1993) gebruik is. Die teks van al die uitgawes is identies, maar die tekskritiese apparaat verskil, wat sinvolle vergelyking, wanneer nodig, moontlik maak. Die brontekste vir die deuterokanonieke boeke was die 1935-uitgawe van Alfred Rahlfs se *Septuaginta*. Waar die teks verskil van die 1986-uitgawe van die Vulgaat van die Vatican Press word dit in voetnote aangedui.

5.4 Vertaalproses

5.4.1 Vertalers

Uit die nominasies van alle lidkerke van KABA, sowel as uit die vakverenigings van taalkundiges, letterkundiges en taalpraktisyne is altesaam 142 medewerkers (van wie 37 vroue was) by die projek as eksegete, brontaalkenners, intravertalers, letterkundiges en taalkundiges betrek (Notule: Kerklike Advieskomitee, 23 Oktober 2006:4). Nie al die medewerkers kon tot aan die einde van die proses saamwerk nie.

Benewens die BK is daar ook 'n Literêre Advieskomitee (LAK), Literêre Adviespaneel (LAP), Taalkundige Advieskomitee (TAK), en Taalkundige Adviespaneel (TAP) aangewys (Notule: Loodskomitee, 25 November 2005:5; Notule: Kerklike Advieskomitee, 23 Oktober 2006:4). Die hele vertaalproses is deur die Projekleier bestuur.

In 2008 is 64 kerklike lesers aangestel (Notule: Kerklike Advieskomitee, 22 Oktober 2007:5, 3 November 2008:7), asook Voorlopige Redaksionele Komitees om die hoofstukke van bepaalde korpusse te beoordeel (Notule: Kerklike Advieskomitee, 3 November 2008:5). Gedurende Maart 2009 is daar 'n audit gedoen van die vordering in al die spanne; die rol van die Projekleier is hersien en bepaalde aanpassings is gedoen om die gekompliseerde proses te vereenvoudig en (waar moontlik) die administratiewe las van medewerkers te verlig (Notule: Kerklike Advieskomitee, 26 Oktober 2009:8).

Dr. Jaap van Dorp van die NBV het die vertaalproses krities beskou om dit aan te pas vir groter effektiwiteit, waarop die BK op 7-8 Maart 2007 besluit het om Eksegetiese Koördineerders aan te stel om te help met die bestuur en oorsig van die vertaalproses, maar dit is later laat vaar toe die vertaalproses vereenvoudig is (Notule: Begeleidingskomitee, 25 Augustus 2008:3; Notule: Kerklike Advieskomitee, 22 Oktober 2007:5).

Aangesien die projek stadiger gevorder het as wat beplan is, het Redaksionele Komitees vir die Ou Testament, die Nuwe Testament en deuterokanonieke boeke sedert Januarie 2010 begin funksioneer. Elke redaksionele komitee is saamgestel uit een brontaalkundige, twee eksegete, twee Afrikaanse letterkundiges, een Afrikaanse taalkundige, een vertaalkundige en die projekleier behalwe die Redaksionele Komitee vir deuterokanonieke boeke wat ook 'n verteenwoordiger van die Rooms-Katolieke ingesluit het. Hulle het meestal vyf dae per keer vergader, gewoonlik van 'n Vrydag tot 'n Dinsdag (Notule: Kerklike Advieskomitee, 31 Oktober 2011:6-7).

5.4.2 *Werkmetode*

Benewens die opleidingseminare op 27-28 April 2006 in Pretoria en 3-4 April 2006 op Stellenbosch, is verdere seminare op 25 Mei 2007 in Pretoria, 1 Junie 2007 op Stellenbosch, 8 Junie 2007 op Potchefstroom en op 15 Junie 2007 in Bloemfontein gehou om medewerkers oor die basisvertaling wat aan Intravertalers gelewer moet word, in te lig en in die Paratext-program op te lei (Notule: Kerklike Advieskomitee, 22 Oktober 2007:5). Ná die opleiding het die projek in vyf fases verloop (e-pos: HJB Combrink, 27 Oktober 2005; Notule: Loods-komitee, 25 November 2005:4-5):

Fase 1: Vertaling, kontrole, en intravertaling (vier lede per boekspan): Die eerste eksegeet (teoloog) lewer 'n basisvertaling, verwerk kommentaar hierop deur die tweede eksegeet (teoloog) en brontaalkenner (kenner van Hebreeus/Aramees/Grieks), en stuur dit aan die intravertaler (opgeleide vertaler), wat 'n basisteks in duidelike en vloeiende Afrikaans lewer.

Fase 2: Verdere taalkundige en literêre interne hersiening (twee lede), waarna die teks deur die onderskeie redaksionele komitees sistematies nagegaan en hersien word.

Fase 3: Eksterne kommentaar deur kerklike en ander lesers, wat deur die redaksionele komitees oorweeg en verwerk word.

Fase 4: Kontrole vir konsekwenheid deur die redaksionele komitees.

Fase 5: Begeleidingskomitee begelei die proses deur alle fases, teken die vertaling af en oorhandig dit aan die BSA.

5.4.3 *Vertaalmetode en vertaalstrategieë*

Die 2020-vertaling is 'n direkte vertaling, wat impliseer dat vertaal word asof die Bybelskrywers self aan die woord is, maar in vloeiende, idiomatiese Afrikaans. Waar die taalkenmerke verskil, hou die vertaling rekening met die eiesoortigheid van Afrikaans. Waar die bronteks 'n stylkenmerk vertoon, word gepoog om die stylkenmerk in die vertaling te behou. Daar is gepoog om die Bybelse bronteks en leefwêreld so ver moontlik te weerspieël, met die gevolg dat kulturele sleutel terme van die brontaal (byvoorbeeld lengtemate en geldeenheid) so ver moontlik gehandhaaf word, terwyl woorde vir moderne konsepte soos metrieke mate en gewigte nie gebruik word nie. Dit geld ook vir die vroulike verwysing na sommige nielewende sake, byvoorbeeld stede (Jerusalem en Babel), en abstrakte begrippe, soos wysheid, wat in die bronteks as vroulik voorgestel word. Om hierdie aangeleenthede te verduidelik, is benewens die toeligting in die Inleiding/Voorwoord die volgende paratekste/metatekste ter sprake.

Opskrifte is so bondig moontlik en word direk aan die inhoud van die perikoop ontleen. Waar die groter eenheid van die teks onderbreek word, word opskrifte nie gebruik nie en in sommige boeke ontbreek opskrifte (Notule: Begeleidingskomitee, 25 Augustus 2008:9, Notule: Begeleidingskomitee, 24 Oktober 2014:15).

Die volgende inligting volg in voetnote: Sosiokulturele inligting ten opsigte van die leefwêreld van die Bybel, wat nie by die moderne wêreld aangepas word nie, byvoorbeeld titels van ampsdraers of bepaalde gebruiksvoorwerpe; aanduiding by manlike terme waar die konteks duidelik aantoon dat dit inklusief verstaan moet word; inligting oor die vertaalkeuse deur te verwys na ander vertaalmoontlikhede soos opgeneem in ander vertalings of waar daar onsekerheid is oor die betekenis van die bronteks, of waar die bronteks verskillend vertaal kan word; datums vir die regeringstye van konings van Israel en Juda; verwysing met behulp van 'n toegewyde ikoon na 'n kaart agter in die Bybel; kruisverwysings om bepaalde

woordelike ooreenkomste of tematiëse verbande tussen bepaalde verse of groter gedeeltes aan te dui; aanduiding van Ou Testamentiese tekste wat in die Nuwe Testament op Jesus Christus van toepassing gemaak word deur oor en weer na die ooreenkomste in die aanhaling te verwys met die frase "... as heenwysing na Jesus Christus" of "verwys"; en aanduiding dat versnommers in die 2020-vertaling van die versnommers in die gedrukte brontekste verskil (Notule: Begeleidingskomitee, 24 Oktober 2014:9-13).

Belangrike bykomende sosiokulturele, geografiese en historiese inligting en toeligting word in 'n woordelys aan die einde van die Bybel opgeneem. Die Inleiding van die 2020-Bybel bevat 'n lys met die name wat vir God in die Hebreeuse Bybel gebruik word, met die uitspraak en Afrikaanse vertaling daarvan om aan die behoefte van sommige lesers te voldoen (Notule: Begeleidingskomitee, 24 Oktober 2019:14).

Daar is besluit om die spelling van eiename hoofsaaklik by die 1983-vertaling te laat aansluit, behalwe waar daar goeie rede is om daarvan af te wyk, terwyl by plekname so na as moontlik aan die brontekste en internasionale konvensies vir geografiese benamings te bly, byvoorbeeld "Betlehem" word in die staat Israel en in die brontekste so gespel en daarom so gespel in die 2020-vertaling, terwyl die spelling "Bethlehem" in die naam van die dorp in die Vrystaat uit die Nederlandse *Statenvertaling* oorgeneem is (Notule: Begeleidingskomitee, 24 Oktober 2012:5; Notule: Begeleidingskomitee, 24 Oktober 2019:8-9).

Wanneer Jesus hofflik of eerbiedig aangespreek word, word "U/Usself" gebruik in die vertaling. Wanneer Jesus egter afwysend of aggressief aangespreek word, word "jy/jou/jouself" gebruik. Wanneer die brontekste slegs 'n voornaamwoord gebruik (*hy, sy, hierdie, hulle*) en daar in Afrikaans onduidelikheid kan ontstaan oor die vraag na wie daar verwys word, word die voornaamwoord ter wille van die voorlees daarvan deur die persoonseinaam vervang. In gesproke taal word "pa/ma" as die direkte informele aanspreekvorm gebruik, maar indien die konteks formeel van aard is, word "vader/moeder" gebruik. Dit geld ook so vir "u/jy" (Notule: Begeleidingskomitee, 2 Mei 2019:7).

5.5 Produk en uitgawes

'n Voorstel van die Afrikaanse Protestantse Kerk op die KABA-vergadering in 2010 dat twee uitgawes van die Bybel gepubliseer word – een waarin bepaalde persoonsverwysings in Ou Testamentiese tekste met hoofletters begin wanneer dit volgens die Nuwe Testament as Messiaans beskou word, en een sonder sulke hoofletters – is na die BSA verwys vir verdere hantering. Die Raad van Direkteure van die BSA het, op aanbeveling van die Begeleidingskomitee, die voorstel vir 'n tweede uitgawe goedgekeur wat deur vyf kerke gebruik sal word (Notule: Kerklike Advieskomitee, 31 Oktober 2011:7). Daar sal gevolglik drie produkte beskikbaar wees naamlik *Die Bybel*, *Die Bybel: Hoofletteruitgawe* en *Die Bybel met Deuterokanonieke Boeke* (Notule: Begeleidingskomitee, 2 Mei 2019:2).

In die uitgawe met deuterokanonieke boeke word die nege boeke, wat op dieselfde wyse hervertaal is as die Ou en Nuwe Testament, tussen die Ou en Nuwe Testament ingevoeg soos in die eerste Afrikaanse uitgawe met die deuterokanonieke wat in 1965 verskyn het. Die deuterokanonieke boeke was nie by die hervertalingsprojek van die 1983-vertaling ingesluit nie. Waar daar twee erkende tekste (een in Hebreeus en een in Grieks) vir 'n bepaalde boek bestaan, byvoorbeeld Ester, is die vertaling van die Hebreeuse teks as deel van die Ou Testament opgeneem, maar die vertaling van die Griekse teks by die deuterokanonieke boeke. (Notule: Loodskomitee, 25 November 2005:4; Notule: Begeleidingskomitee, 2 Mei 2019:11,14).

6. SOSIOKULTURELE IMPAK

Ten spyte daarvan dat die vertaling eers aan die einde van 2020 gepubliseer word, het die projek reeds ekumeniese impak. ’n Belangrike kenmerk van die 2020-vertaling is dat die oorgrote meerderheid van kerke wat Afrikaans gebruik, vir die eerste keer aan ’n vertaling kon saamwerk. ’n Bewys daarvan is die eenparige besluit deur al die deelnemende kerke ter ondersteuning van die projek teen die petisies en verdagmakery in die media (Notule: Kerklike Advieskomitee, 29 Oktober 2012:7). Dit is ook die eerste keer dat vroulike medewerkers by ’n Afrikaanse Bybelvertaling van die BSA betrokke was.

7. GEVOLGTREKKINGE

Die behoefte aan ’n Afrikaanse Bybel het uit die Nederlandse *Statenvertaling* voortgespruit. Die poging van die Bybelvertalingsbeweging (1872–1911) misluk weens die koloniale denke van Bybellesers dat die dominante faktor, naamlik die Nederlandse taal en die *Statenvertaling*, steeds te verkies is bo die gedomineerde faktor, naamlik die Afrikaanse “dialek” en ’n Afrikaanse Bybelvertaling. Die poging tot Bybelvertaling vanuit die kerklike geleedere (1916–1923) tydens die Naoorlogse Taalbeweging (1914–1925) misluk weens die interferensie van die Nederlandse taal en die opkoms van Afrikanernasionalisme met sy nuwe identiteit, wat deur Afrikaans as taal verskaf word. Laasgenoemde is die rede vir die sukses van die 1933-vertaling van die Bybel in Afrikaans en die hersiening daarvan in 1953 as bronteksgeoriënteerde vertaling, waarin die gebruik van soortgelyke Hebreeuse en Griekse brontekste as vir die *Statenvertaling* gesag aan die nuwe vertaling verleen. Die hervertaling van die Bybel in Afrikaans in 1983 as doelteksgeoriënteerde vertaling kom tot stand in ’n tydperk van klem op sosiale geregtigheid en menseregte – die gevolg is die eis van die verstaanbaarheid van die vertaling vir die leser (as sy/haar reg) en die fokus van vertalers op die verinheemsing van die vreemde kultuur van die bronteks in die vertaling – ’n vertaling moet lees soos ’n oorspronklike teks in die doeltaal. In pas met die nuwe wêreldorde en die gevolglike klem op demokratisering, waarin aandag aan behoeftes van spesifieke groepe voorrang geniet het, het hervertalings van die Bybel in Afrikaans soos *Die Bybel vir Dowes* en die kommersiële vertalings soos *DieBybel@Kinders.co.za* (2002) gevolg. Globalisering ná 2005 met universele konnektiwiteit en kragtige platforms veroorsaak dat die modernistiese en postmodernistiese denke van die twintigste eeu, wat albei reduksionisties is, nou plek maak vir komplekse denke wat die 2020-vertaling gedeeltelik beïnvloed en waarvolgens die kultuur van die bronteks sowel as die leesbaarheid van die doelteks gerespekteer word.

Vanuit vertaalteoretiese gesigspunt het dit duidelik geblyk dat linguistiese vertaalteorieë in die 1980s vervang is deur funksionalistiese benaderings en deskriptiewe vertaalkunde. Die ideaal van ekwivalensie is nie haalbaar nie, maar die doel en funksie, en nie die bronteks nie, rig eerder vertaling en vertaalmetodes. Die funksie van die vertaling in die doelkultuur bepaal watter aspekte van die bronteks oorgedra word in vertaling en watter nie. Die vertaalopdrag, wat ’n duidelike stel vertaalinstruksies bevat, verwoord die skopos of doel van die vertaling. Bybelvertaling word beskou as ’n vorm van interkulturele kommunikasie waarin die andersheid van die bronkultuur eerbiedig moet word. Binne hierdie vertaalkundige konteks is van 2001 tot 2006 navorsing gedoen om ’n vertaalopdrag en vertaalproses te bepaal, waarna die vertaalwerk begin is.

Deur metatekste of paratekste te gebruik om die andersheid van die bronkultuur vir lesers toeganklik te maak verhoed die 2020-vertaling reduksionisme, of klem op vorm soos in die

1933/1953-vertaling, of klem op betekenis soos die 1983-vertaling. Die 2020-vertaling, waarin baie van die kulturele konsepte metatekstueel in inleidings, opskrifte, voetnote en 'n uitgebreide woordelys hanteer word, is 'n reaksie op die verinheemingsstrategie van die 1983-vertaling. Vir die individue en denominasies wat die 1983-vertaling ten gunste van die 1933/1953-vertaling verwerp het, is die 2020-vertaling deur die representasie van die alteriteit/andersheid van die bronkultuur in intertekstuele dialoog met die 1933/1953-vertaling. Die gebruik van metatekste in die 2020-vertaling, soos in die *Statenvertaling* voor 1800, is ikonies in die herstel van die verlies van inligting wat lewensbeskouing beïnvloed het.

Die piramidale werkswyse met kundige medewerkers (eksegete, brontaalkenners, intravertalers, letterkundiges en taalkundiges in boekspanne) wat vertalings vir 'n volgende fase voorberei het, waarborg dat aan die een kant maksimale inligting verreken is, terwyl die redaksionele komitees en begeleidingskomitee aan die ander kant weer konsekwentheid bewerk het.

Hierdie ondersoek bevestig die standpunt van Albachten en Gürçağlar (2019:2) dat hervertaling 'n komplekse proses is wat 'n netwerkbenadering verg wat historiese en sinchroniese wisselwerking tussen tekste, instellings, kontekste en agente behels. Nuwe vorms van Bybelvertaling vloei voort uit semiotiese prosesse, wat die Bybelteks en interpretasie daarvan lewend hou en nuwe sosiokulturele werklikhede laat voortkom. Dit is wat die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans probeer bereik: die ontdekking van nuwe skatte, maar ook die bewaring en vernuwing van ou skatte!

BIBLIOGRAFIE

- Albachten, Ö.B. & Gürçağlar, Ş.T. 2019. Introduction. In Albachten Ö.B. & Gürçağlar, Ş.T. (eds). *Perspectives on Retranslation. Ideology, Paratexts, Methods*. London & New York: Routledge, pp. 1-7.
- Baker, M. 2006. *Translation and conflict: A narrative account*. London & New York: Routledge.
- Batchelor, K. 2018. *Translation and Paratexts*. London & New York: Routledge.
- Boucher, M. 1986. Die Kaap onder die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. In T. Cameron & Spies, S.B. (reds.). *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 61-74.
- Conradie, W.J. 1912. *Bybelgeskiedenis vir Ons Volk*. Kaapstad: HAUM.
- Conradie, J. & Groenewald, G. 2014. Die Ontstaan en Vestiging van Afrikaans. In Carstens, W. & Bosman, N. (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 27-60.
- De Blois, K.F. & Mewe, T. 2002. Functional equivalence and the new Dutch translation project. In Naudé, J.A. & Van der Merwe, C.H.J. (eds). *Contemporary Translation Studies and Bible Translation. A South African Perspective. Acta Theologica Supplementum 2*. Bloemfontein: Publication Office of the University of the Free State, pp. 214-227.
- Die Saaier*, Winter 2008:2.
- Du Plessis, T. 1986. *Afrikaans in Beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Friedman, R. 1998. *The Life Millennium. The 100 most important events & people of the past 1000 years*. New York: Life Books.
- Friedman, T. & Mandelbaum, M. 2011. *That Used to be Us: How America Fell Behind in the World it Invented and How We Can Come Back*. New York: Farrar, Straus & Giroux.
- Genette, G. 1997. *Paratexts: Thresholds of Interpretation*. Cambridge: University Press.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gutt, E.A. 2000 (1991). *Translation and relevance. Cognition and context*. Manchester, UK: St Jerome.
- Hermans, T. 1985. Translation Studies and a New Paradigm. In Hermans, T. (ed.). *The Manipulation of Literature: Studies in Literary Translation*. London: Croom Helm, pp. 7-15.
- Hofmeyr, J.H. 1913. *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan)*. Kaapstad: Van De Sandt De Villiers Drukkers.

- Holmes, J.S. 1988. The Name and Nature of Translation Studies. In Holmes, J.S. (ed.). *Translated! Papers on Literary Translation and Translation Studies*. Amsterdam & Atlanta: Editions Rodopi, pp. 67-80.
- Hoogenhout, C.P. 1873. *Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huissouwen, in Hulle Eige Taal Geskrywe deur Een Vriend*. 1 Cor. XIV:6. Kaapstad: N.H. Marais.
- Keet, B.B. & Groenewald, E.P. 1985. Die Bybel in Afrikaans. In Wegener, G.S. (red.). *In die begin was die Woord*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 221-238.
- Koskinen, K. & Paloposki, O. 2010. Retranslation. In Gambier, Y. & Van Doorslaer (eds). *Handbook of Translation Studies. Volume 1*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins, pp. 294-298.
- Le Cordeur, B.A. 1986. Die besettings van die Kaap, 1795–1854. In Cameron, T. & Spies, S.B. (reds.). *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 143-160.
- Marais, K. 2014. *Translation Theory and Development Studies. A Complexity Theory Approach*. New York & London: Routledge.
- Marais, K. 2019. *A (Bio)semiotic Theory of Translation. The Emergence of Social-Cultural Reality*. New York & London: Routledge.
- Miller-Naudé, C.L. & Naudé, J.A. 2016a. Interpretation and Ideology in the Metatexts of Ben Sira: The Headings of the Geneva Bible (1560) and the King James Version (1611). In Jordaan, P.J. & Allen, P.L. (eds). *Construction, Coherence and Connotation in Septuagint, Apocryphal and Cognate Literature: Studies on the Septuagint, Apocryphal and Cognate Literature*. Berlin: Walter de Gruyter, pp. 87-131.
- Miller-Naudé, C.L. & Naudé, J.A. 2016b. The Metatextual Marginal Notes of Ben Sira: Ideology and Theology in the Geneva Bible (1560) and the King James Version (1611). In Gauthier, R.X., Kotzé, G.R. & Steyn, G.J. (eds). *Septuagint, Sages and Scripture: Studies in Honour of Johann Cook*. Leiden: Brill, pp. 205-258.
- Murray, B. 1986. Die tydperk van 1924 tot 1939. In Cameron, T. & Spies, S.B. (reds.). *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 249-259.
- Naudé, J.A. 2001. Vertaalkunde vandag. 'n Oorsig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 41(3):177-194.
- Naudé, J.A. 2004. Afrikaanse bybelvertalings 'vir Afrika'. Die vertalers en hulle kulturele agenda. *Acta Theologica*, 24(1):127-146.
- Naudé, J.A. 2005a. On the Threshold of the Next Generation of Bible Translations: Issues and Trends. *Meta: Journal des traducteurs / Meta: Translators' Journal*, 50(4):1-10.
- Naudé, J.A. 2005b. Translation and cultural transformation. The case of the Afrikaans Bible translations. In Hung, E. (ed.). *Translation and cultural change: Studies in history, norms and image-projection*. Amsterdam: Benjamins, pp. 19-42.
- Naudé, J.A. 2005c. The Afrikaans Bible translations and the formation of cultural, political and religious identities in South Africa. In House, J., Ruano, R.M. & Baumgarten, N. (eds). *Translation Yearbook of the International Association for Translation & Intercultural Studies 2005*. Seoul: IATIS, pp. 167-179.
- Naudé, J.A. 2009. "Soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel": Die Afrikaanse Bybel van 1933 as vertaling. *Acta Theologica*, 29(2):54-73.
- Naudé, J.A. 2012. Metatexts and the regulation of reader responses in the translation of sacred texts. *Folia Orientalia*, 49:339-355.
- Naudé, J.A. 2013. The Role of the Metatexts of the KJV as a Means of Mediating Conflicting Theological Views. In D.G. Burke, J.H. Kutsko, P.H. Towner & J. Kutzko (eds). *The KJV at 400: Assessing Its Genius as Bible Translation and Its Literary Influence*. Atlanta: Society of Biblical Literature, pp. 157-194.
- Naudé, J.A. & Miller-Naudé, C.L. 2012. Lamentations in the English Bible Translation Tradition of the King James Bible (1611). *Scriptura*, 110(2): 208-226.
- Naudé, J.A. & Miller-Naudé, C.L. 2019. Theology and Ideology in the Metatexts of Bible Translations in Muslim Contexts: A Case Study. In Kotzé, G., Locatell, C. & Messarra, J. (eds). *Ancient Texts and Modern Readers. Studies in Ancient Hebrew Linguistics and Bible Translation*. Brill: Leiden, pp. 280-299.

- Naudé, J.A., Miller-Naudé, C.L. & Makutoane, T.J. 2017. Bible Translation in Postcolony Africa: Reclaiming Humanness through Bible Translation Performance. In Marais, K. & Feinauer, I. (eds). *Translation Studies Beyond the Postcolony*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Press, pp. 154-209.
- Naudé, J.A. & Van der Merwe, C.H.J. (eds). 2002. Contemporary Translation Studies and Bible Translation. A South African Perspective. *Acta Theologica Supplementum 2*. Bloemfontein: Publication Office of the University of the Free State, pp. 214-227.
- Nida, E.A. 1969. *The Theory and Practice of Translation*. Leiden: Brill.
- Nienaber, P.J. 1934. *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling en 'n Hoofstuk oor die vertaling van die Psalm- en Gesangboek en die Formuliere*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Nienaber, P. J. 1975. *Eerste Soorie*. Johannesburg: Perskor.
- Nord, C. 1991. *Text analysis in Translation: Theory, Methodology, and Didactic Application of a Model for Translation-oriented Text analysis*. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, C. 1997. *Translation as a Purposeful Activity: Functionalist approaches explained*. Manchester, UK: St Jerome.
- Nord, C. 2005. *Text Analysis in Translation: Theory, Methodology, and Didactic Application of a Model for Translation-Oriented Text Analysis*. Second Edition. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, C. 2018. *Translating as a Purposeful Activity. Functionalist Approaches Explained*. Second Edition. London & New York: Routledge.
- Ritzer, G. 2007. *Contemporary Sociological Theory and Its Classical Roots: The Basics*. Second edition. Boston: McGraw.
- Smit, A.P. 1970. *God het laat Groei. Geskiedenis van die Bybelgenootskapsbeweging in Suider-Afrika 1820–1970*. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Snyman, A.H. 2003. Die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling in die lig van huidige tendense en behoeftes. *Acta Theologica*, 23(1):175-193.
- Spies, S.B. 1986. Rekonstruksie en unifikasie, 1902–1910. In Cameron, T. & Spies, S.B. (reds.). *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 219-27.
- Terreblanche, S. 2014. *Western Empires, Christianity, and the Inequalities between the West and the Rest 1500–2010*. Johannesburg: Penguin Books.
- Van der Merwe, C.H.J. 2012. The Bible in Afrikaans: A direct translation – a new type of church Bible. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 68(1):1-8.
- Van Rensburg, C. 1990. *Taalvariëteite en die Wording van Afrikaans in Afrika*. Bloemfontein: Patmos.
- Van Rensburg, C. 2012. *So Kry ons Afrikaans*. Pretoria: LAPA.
- Van Rooy, H.F. 2019. A Direct Translation and Paratext: Hapax Legomena and Text-Critical Notes. In Kotzé, G., Locatell, C. & Messarra, J. (eds). *Ancient Texts and Modern Readers. Studies in Ancient Hebrew Linguistics and Bible Translation*. Brill: Leiden, pp. 263-299.
- Van Zyl, A. H. & Swanepoel, F. A. 1972. *Waarom 'n nuwe Bybelvertaling?* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- Venuti, L. 2008 (1995). *The translator's invisibility: A history of translation*. Second edition. London & New York: Routledge.
- Venuti, L. 2013. *Translation Changes Everything: Theory and Practice*. London & New York: Routledge.
- Wendland, E. 2008. *Contextual frames of reference in translation. A coursebook for Bible translators and teachers*. Manchester, U.K.: St. Jerome Publishing.
- Wilt, T. 2003. *Bible translation. Frames of reference*. Manchester, U.K.: St. Jerome Publishing.

BRONTEKSTE

- Biblia Hebraica Stuttgartensia*. 1977. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Biblia Hebraica Stuttgartensia*. 1990. 4th edition. Edited by E. Gérard, K. Elliger & W. Rudolph. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Biblia Hebraica Stuttgartensia*. 1997. 5th corrected edition. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Nova Vulgata Bibliorum Sacrorum* editio. 1986. 2nd revised edition. Rome: Vatican Press.
- Novum Testamentum Graece*. 1979. 26th revised edition. Edited by Barbara & Kurt Aland, Johannes Karavidopoulos, Carlo M Martini, Bruce Metzger. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Novum Testamentum Graece*. 1993. 27th edition. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

- Septuaginta. Id est Vetus Testamentum Graece iuxta LXX interpretes.* 1935. Edited by Alfred Rahlfs. Stuttgart: Württembergische Bibelanstalt/Deutsche Bibelstiftung.
- The Greek New Testament.* 1975. 3rd edition. United Bible Societies.
- The Greek New Testament.* 1983. 3rd revised edition. United Bible Societies.
- The Greek New Testament.* 1994. 4th revised edition. United Bible Societies.

BYBELVERTALINGS

Afrikaans

1878. *Die Evangelie volgens die beskrywing van Markus na die Hollandse vertaling van die State Bybel.* Ongepubliseerd.
1889. *Di Bybel in Afrikaans – Dri Proewe deur S.J. du Toit.* Paarl: D.F. du Toit.
1893. *Di Eerste Boek van Moses genoem Genesis.* Paarl: D.F. du Toit.
1895. *Di Evangelii vollens Mattéus.* Paarl: D.F. du Toit.
1898. *Di Openbaring van Jesus Gristus met antekeninge deur S.J. du Toit.* Paarl: D.F. du Toit Drukkers en Uitgewers.
1905. *Di Hoogliid fan Salomo. Stemmen des Tijds* 1(1):14-20; 1(2):18-20.
1907. *Di Psalme in Afrikaans fertaald.* Paarl: Paarl Drukkers.
1908. *Di Handelinge fan di Apostels. Stemmen des Tijds* 3(3):11-14; 3(4):4-12; 3(7):8-12; 3(9):2-8; 3(10-11):15-21.
1908. *Di Evangelii Follens Markus. Stemmen des Tijds* (9):4-11; 4(10):12-14; 4(12):1-8
1922. *Die Vier Evangelie en die Psalme.* Kaapstad: Brits en Buitenlands Bybelgenootskap.
1929. *Die Vier Evangelies en die Boek van die Psalms.* Kaapstad: Die Britse en Buitenlandse Bybelgenootskap.
1933. *Die Bybel in Afrikaans. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat oorgesit uit die oorspronklike tale en uitgegee in opdrag van die Gesamentlike Kommissie verteenwoordigende die drie Hollandse Kerke in Suid-Afrika.* Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
1953. *Die Bybel in Afrikaans. 1933. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat oorgesit uit die oorspronklike tale en uitgegee in opdrag van die Gesamentlike Kommissie verteenwoordigende die drie Afrikaanse Kerke.* Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
1955. *Afrikaans-Engelse diglot Nuwe Testament.* Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
1957. *Die Bybel in Afrikaans, Naslaan-uitgawe. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Oorgesit uit die oorspronklike tale. (Naslaan-uitgawe).* Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
1958. *Die Bybel met Verklarende Aantekeninge.* Kaapstad: Christelike Uitgewersmaatskappy.
1965. *Die Bybel met Deutero-Kanonieke Boeke. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat tesame met Deutero-Kanonieke Boeke.* Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
1971. *'n Proefvertaling van I Samuel, Amos, Maleagi, Die Evangelie volgens Johannes, Die Brief aan die Fillippense, Die Brief aan die Kolossense vertaal uit die oorspronklike tale.* Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
1975. *Die Blye Boodskap. Die Evangelie volgens Matteus, Die Evangelie volgens Markus, Die Evangelie volgens Lukas, Die Evangelie volgens Johannes, Die Handelinge van die Apostels, Psalms 1-50.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
1979. *Die Nuwe Testament en die Psalms. 1979-vertaling met woordelys en teksverwysings.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
1982. *Die Lewende Bybel.* Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.
1983. *Die Bybel. Nuwe Vertaling.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid Afrika.
1989. *Verklarende Bybel (1983-vertaling).* Kaapstad: Lux Verbi.
1998. *Verwysingsbybel 1983-vertaling. Band 1: Teks met Voetnote, Band 2: Naslaanmateriaal.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
1998. *Afrikaanse Bybel vir Doves. Genesis en Markus.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2000. *Afrikaanse Bybel vir Doves. Daniël tot Maleagi.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

2001. *Nuwe Wêreld-Vertaling van die Heilige Skrif. Vertaal uit die hersiene Engelse uitgawe van 1984 van die New World Translation of Holy Scriptures.* New York: Watchtower Bible and Tract Society of New York.
2002. *Afrikaanse Bybel vir Dowes. Matteus tot Johannes.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2002. *Die Boodskap: Die Bybel in Hedendaagse Afrikaans.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
2002. *DieBybel@Kinders.co.za.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
2002. *DieBybel@Mans.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
2002. *DieBybel@Vroue.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
2002. *DieBybel@Ouens.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
2002. *DieBybel@Meisies.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
2002. *DieBybel@Seuns.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
2002. *DieBybel@Dogters.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.
2004. *Die Multivertaling Bybel.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
2005. *Afrikaanse Bybel vir Dowes. Psalms.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2006. *Die Bybel. Nuwe Lewende Vertaling.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
2007. *Die Bybel vir Dowes.* Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2008. *Die Bybel vir Almal.* Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2008. *Proefvertaling. Afrikaanse Bybelvertalingsprojek.* Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2012. *Interliniêre Bybel. Grieks-Afrikaans. Nuwe Testament.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
2013. *Proefvertaling. Die Bybel. 'n Direkte Vertaling.* Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2014. *Nuwe Testament en Psalms. 'n Direkte Vertaling.* Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2015. *Die Pad van Waarheid tot die Lewe. Die Woord van JHWH in Afrikaans.* Anlin: PWL.
2016. *Die Aksie-Bybel.* Vereeniging: Christian Art Kids.
2017. *Die Brief aan die Romeine. 'n Direkte Vertaling.* Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika
www.bybeldirektevertaling.co.za

Engels

1611. *THE HOLY BIBLE, Conteyning the Old Testament, AND THE NEW. Newly Translated out of the Originall tongues & with the former Translations diligently compared and revifed by his Maiesties speciaall Comandement. Appointed to be read in Churches.* Imprinted at London by Robert Barker, Printer to the Kings most Excellent Maiestie. (King James Version).
1901. *The Holy Bible containing the Old and New Testaments translated out of the original tongues being the version set forth A.D. 1611 compared with the most ancient authorities and revised A.D. 1881-1885. Newly edited by the American Revision Committee A.D. 1901. Standard Edition.* Camden, New Jersey: Thomas Nelson. (American Standard Version)
1977. *Good News Bible. Today's English Version.* Cape Town: Bible Society of South Africa.
1995. Fox, E. *The Schocken Bible Volume 1. The Five Books of Moses. Genesis, Exodus, Leviticus, Numbers, Deuteronomy. A New Translation with Introductions, Commentary, and Notes.* New York: Schocken Books.
2011. *Common English Bible.* Nashville: Common English Bible. [CEB]
2014. Fox, E. *The Schocken Bible: Volume 2. The Early Prophets. Joshua, Judges, Samuel, and Kings. A New Translation with Introductions, Commentary, and Notes.* New York: Schocken Books.
2019. Alter, R. *The Hebrew Bible: A Translation with Commentary.* Vol. 1-3. New York: W. W. Norton.

Nederlands

1637. *Biblia dat is De gantsche H. Schrifture, vervattende alle de Canonijcke Boecken des Ouden en des Nieuwen Testaments. Door Last der Hoogh-Mog. Heeren Staten Generael vande Vereenighde Nederlanden, en volgens het Besluyt vande Synode Nationaal, gehouden tot Dordrecht inde Jaren 1618 ende 1619. Uyt de Oorspronkelicke talen in onse Nederlandsche tale getrouwelick over gezet. Met nieuwe bygevoegde Verklaringen op de duystere plaetsen, aanteeckeningen vande gelyck Luydende Texten, ende nieuwe Registers over beyde de Testamenten.* Leyden: Paulus Aertsz. van Ravensteyn. [Statenvertaling].

1951. *Bijbel met deuterocanonieke boeken. Vertaling 1951 in opdracht van het Nederlands Bijbelgenootschap bewerkt door de daartoe benoemde commissies.* Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap. [NBG 1951]
1983. *Groot nieuws Bijbel. Vertaling in omgangstaal.* Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.
2004. *De Nieuwe Bijbel Vertaling.* Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.

DOKUMENTE

1992. *Herformulerings: Die Bybel – Nuwe Afrikaanse Vertaling – 1983.* Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
2001. *Handboek voor de Nieuwe Bijbelvertaling.* Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.
- e-pos: H.J.B. Combrink, 9 Maart 2005.
- e-pos: H.J.B. Combrink, 27 Oktober 2005.
- e-pos: H.J.B. Combrink, 2 Julie 2019.
- Notule: Begeleidingskomitee, 25 Augustus 2008.
- Notule: Begeleidingskomitee, 24 Oktober 2012.
- Notule: Begeleidingskomitee, 24 Oktober 2014.
- Notule: Begeleidingskomitee, 2 Mei 2019.
- Notule: Beplanningskomitee, 3 November 2004.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 13 November 2000.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 1 Maart 2002.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 11 November 2002.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 6 Oktober 2003.
- Aide Memoire: Kerklike Advieskomitee, 22-23 April 2004.
- Aide Memoire: Werkgroep van Kerklike Advieskomitee, 18 Junie 2004.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 25 Oktober 2004.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 23 Oktober 2006.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 22 Oktober 2007.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 3 November 2008.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 26 Oktober 2009.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 31 Oktober 2011.
- Notule: Kerklike Advieskomitee, 29 Oktober 2012.
- Notule: Loodskomitee, 25 November 2005.
- Werkboek vir Medewerkers 2006.

Nog 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans: Wat maak dit anders?

Another translation of the Bible in Afrikaans: What makes it different?

CHRISTO HJ VAN DER MERWE

Departement Antieke Studie
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: cvdm@sun.ac.za



Christo van der Merwe

CHRISTAAN HENDRIK JACOBUS VAN DER MERWE is in 1985 aangestel as lektor aan die Universiteit van die Noorde (tans Universiteit van Limpopo). Hy behaal in 1988 'n DLitt in Semitiese Tale aan die Universiteit Stellenbosch en sluit in 1989 as navorser by dié universiteit aan. Tans dien hy as professor in die Departement Antieke Studie en direkteur van die Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika op Stellenbosch. Hy is ook redakteur van die *Journal of Northwest Semitic Languages*. Sedert 2017 is hy 'n navorsingassosiaat van die Departement van Asiatische en Midde-Oosterse Studie van die Universiteit van Cambridge. Hy het 56 artikels in geakkrediteerde tydskrifte en 16 hoofstukke in boeke gepubliseer. Hy het alreeds 17 meesters- en 24 PhD-grade begelei. Hy was die redakteur van die *Lexham Hebrew-English Interlinear Bible* en medeskrywer van *A Biblical Hebrew Reference Grammar* (Sheffield 1999). 'n Grondig bygewerkte en uitgebreide tweede weergawe van die grammatika verskyn in 2017 by Continuum, Londen. Hy dien as Hebreeuse taalkenner vir die Afrikaanse weergawe van *Die Bybel vir die Doves* (1998–2005). Van 2005 tot 2020 was hy deel van die redaksie van die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans.

CHRISTAAN HENDRIK JACOBUS VAN DER MERWE was appointed as lecturer at the University of the North (currently University of Limpopo) in 1985. He obtained a DLitt in Semitic Languages in 1988 at Stellenbosch University and joined this university in 1989 as researcher. Currently he serves as professor in the Department of Ancient Studies and director of the Centre for Bible Interpretation and Translation in Africa at Stellenbosch University. He is also the editor of the *Journal of Northwest Semitic Languages*. He has been a research affiliate of the Department of Asian and Middle Eastern Studies at the University of Cambridge since 2017. He has published 56 articles in accredited journals and 16 chapters in books, and has supervised 17 masters and 24 PhD degrees. He was editor of the *Lexham Hebrew-English Interlinear Bible* and co-authored *A Biblical Hebrew Reference Grammar* (Sheffield 1999). A thoroughly revised and expanded second edition of this grammar was published in 2017 by Continuum, London. He served as Hebrew language expert for the Afrikaans version of the *Bible for the Deaf* (1998–2005). From 2005 to 2020 he was a member of the editorial committee of the new translation of the Bible into Afrikaans.

Datums:

Ontvang: 2020-03-01

Goedgekeur: 2020-03-19

Gepubliseer: Desember 2020

ABSTRACT***Another translation of the Bible in Afrikaans: What makes it different?***

There are currently at least six readily available Afrikaans translations of the Bible. The Bible Society of South Africa has just published another translation at the request of churches that use the Afrikaans Bible. According to the so-called “retranslation hypothesis”, retranslations tend to move closer to the source texts on which they are based. However, the history of Afrikaans translations of the Bible over the past forty years does not confirm this hypothesis, as most were, in fact, functionally equivalent translations or paraphrases, subscribing to the principle that understanding the meaning of the source text was more important than formal equivalence to it. It is almost ironic that the most recent retranslation of the Bible into Afrikaans indeed confirms the above-mentioned retranslation hypothesis. It is, namely, a translation that tries to address a need that has been expressed by the churches for a translation that would be as close as possible to the source text. The following problem presents itself: How do the translators of an ancient religious text come “closer to the source text”? The central question that this study addresses is: What makes this retranslation and its attempt to stay close to the source text so different from any other existing Afrikaans translation?

Undoubtedly, it can be argued that there are a number of factors that determined the nature of the 2020 translation of the Bible into Afrikaans – notably, the research that preceded it, the extensive negotiations that were conducted with the churches, the number and diversity of the co-workers, and the research projects that guided the translation process. Granting the significance of these factors, the main hypothesis I wish to put forward in this article is that the linguistic and translation models on which this retranslation is based, and their implications for the translation choices made distinguish it from the other Afrikaans translations.

Following the introduction, section 2 describes the dilemma created by the request of the churches that use the Afrikaans Bible. On the one hand, it was evident by the beginning of this century that it was no longer possible to assume that a word-for-word translation of the Bible would bring the translation closer to what is said in the source texts. On the other hand, many aspects of the dynamic (also called functional) equivalent model of Bible translation that had enjoyed well-nigh canonical status from the 1960s onwards have since been severely criticised. A new translation model that uses idiomatic Afrikaans but stays as close as possible to the source texts had to be developed. The features of this model, based on the insights of Christiane Nord and Ernst-August Gutt, are summarised in section 3. This alternative translation model sets an almost impossible task for translators, namely, to write the translation as if the original authors were being quoted directly in idiomatic Afrikaans. For this purpose the linguistic model underpinning the translation model needed careful consideration. Section 4 consequently describes the cognitive linguistic model on which the translation model is based. Many of the insights of cognitive linguistics are not completely new. Rather, they represent further developments and/or refinements of the wisdom of traditional historical philology. An example in this regard is the fact that language is deeply embedded in the culture and experiences of the speakers of the language concerned. This implies, of course, that the chances are good that some of the translations of an ancient text could be misunderstood by modern readers, unless they are complemented by explanatory notes. This was what the Reformed fathers of the Statenvertaling had already realised; hence the many annotations in the 1637 Dutch translation. A distinctive feature of the 2020 translation is its supplementary information (introductions to the different biblical books, its footnotes and extensive glossary).

Section 5 describes some of the valuable insights gained from cognitive linguistics by showing how the 2020 translation options differ from those of the 1953, 1983 and the New

Living translations. With reference to the insights gained from cognitive linguistics, examples ranging from a culturally specific expression and a highly polysemous body part term to a frequently occurring conjunction that is also polysemous are provided. These examples illustrate a) that a distinction must be made between the prototypical and less-prototypical sense of a linguistic expression; b) that sense extensions are gradual and part and parcel of human language, but often difficult to discern; and c) sense extensions can typically be associated with particular co-textual as well as contextual frames.

KEYWORDS: active-zone body parts; Bible translation; code model; cognitive linguistics; communicative clue; direct translation; dynamic equivalent; equivalence; formal equivalent; functional equivalent; historical philological approach; inferential model; relevance theory; retranslation; skopos; translation model; word-for-word translation

TREFWOORDE: aktiewesoneliggaamsdele; Bybelvertaling; dinamies-ekwivalent; direkte vertaling; ekwivalensie; formeel-ekwivalent; funksioneel-ekwivalent; hervertaling; histories-filologiese benadering; inferensiemodel; kode-model; kognitiewe taalkunde; kommunikasieleidraad; relevansieteorie; skopos; vertaalmodel; woord-vir-woordvertaling

OPSOMMING

Die 2020-vertaling is anders as die ander vertalings van die Bybel in Afrikaans omdat daar op 'n innoverende manier 'n wyse gevind moes word om aan die behoeftes van kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, te voldoen. Dit is naamlik die behoefte aan 'n verstaanbare vertaling in idiomatiese Afrikaans wat baie na aan die bronteks bly. In hierdie alternatiewe vertaalmodel is 'n byna onmoontlike ideaal gestel: 'n "Direkte" vertaling wat poog om die bronteks te vertaal asof die skrywers direk in goeie idiomatiese Afrikaans aangehaal word. Dié vertaalmodel het 'n grondige besinning vereis oor die taalmodel waarmee gewerk sou word. In hierdie verband het die kognitiewe taalkunde waardevolle insigte gebied. Baie van hierdie insigte is nie heeltemal nuut nie, maar eerder verdere ontwikkelings en/of verfynings van tradisionele wysshede waarmee alreeds in die histories-filologiese semantiek gewerk is. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die feit dat taal volledig ingebed is in die kultuur en ervarings van die sprekers van die betrokke taal. (Dit is daarom byna onvermydelik dat lesers sommige vertalings nie gaan verstaan nie, tensy die vertaling van toeligende kommentaar voorsien word.) Verdere waardevolle insigte uit die kognitiewe taalkunde, wat met behulp van voorbeelde geïllustreer word, is dat daar onderskei moet word tussen die prototipiese en minder prototipiese betekenis van uitdrukkings; dat betekenisverskuiwings geleidelik geskied en dat dit eie aan menslike taal is dat sommige onderskeidings moeilik is om te maak; en dat betekenisonderskeidings tipies met kenmerkende ko- en kontekstuele raamwerke vir elkeen van die onderskeidings gepaard gaan en dat die vorme wat sprekers gebruik of aan hulle taaluitings gee, altyd die primêre uitgangspunt van die interpretasie daarvan moet wees.

1. INLEIDING

Daar is op die oomblik ten minste ses vertalings van die Bybel in Afrikaans wat gereedlik beskikbaar is. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) het op 'n versoek (in die laat 1990's) van kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, so pas nóg 'n vertaling van die Bybel voltooi. Alhoewel hervertalings volgens die sogenaamde "hervertalingshipotese" geneig is

om nader aan die bronteks te beweeg (Chesterman 2000:15-27), bevestig die geskiedenis van vertaling van die Bybel in Afrikaans nie hierdie tendens nie. Die 1933/53-vertaling was byvoorbeeld in hoë mate woord vir woord, terwyl die 1983-vertaling, *Die Bybel vir Dowes* (2007) en die *Nuwe Lewende Vertaling* (2006) (NLV) dinamies/funksioneel-ekwivalente vertalings is.¹ Laasgenoemde vertaalmodel, wat die laaste drie dekades van die vorige eeu in swang was, heg tipies groter waarde aan die verstaanbaarheid van die betekenis van die bronteks vir die teikengehoor as aan formele ekwivalensie. Die “hervertalingshipotese” waarna hierbo verwys is, word in vertaalkunde kringe bevestig, nie net omdat dit moontlik die geskiedenis en eiensortige dinamika van onder andere Bybelvertaling nie ten volle verreken nie, maar omdat dit nie al die faktore in ag neem wat tot hervertalings aanleiding kan gee nie (Paloposki & Koskinen 2004:27-38). Dit is egter half ironies dat dit lyk of die onlangse hervertaling van die Bybel in Afrikaans wel met bogenoemde hervertalingshipotese strook. Dit is naamlik ’n vertaling wat gemaak is omdat kerke uitdruklik ’n behoefte uitgespreek het aan ’n vertaling wat poog om nader aan die bronteks te kom (Van der Merwe 2012). Die probleem is egter hoe vertalers van ’n antieke godsdienstige teks “nader aan die bronteks” kan kom. Die kernvraag wat hierdie beskrywende studie wil aanroer, is derhalwe: Wat maak hierdie hervertaling en die poging daarvan om nader aan die bronteks te kom, so anders?

Alhoewel daar goeie gronde is om aan te voer dat die andersoortigheid van hierdie hervertaling gesetel is in die uitgebreide voorafnavorsing wat gedoen is, die onderhandelingsprosesse wat gevolg is, die getal en samestelling van die medewerkers en die aantal navorsingsprojekte wat die vertaalproses begelei het, gaan ek in hierdie artikel die hipotese verdedig dat dit die taal- en vertaalmodel waarop hierdie hervertaling gegrond is, en die implikasies daarvan vir die vertaalkeuses wat gemaak is, wat dit primêr onderskei van die ander aktiewe vertalings in Afrikaans.²

Vir dié doel, gaan ek begin deur in Afdeling 2 kortliks die dilemma te skets waartoe die kerke se versoek in die laat 1990’s aanleiding gegee het. In Afdeling 3 bespreek ek die belangrikste kenmerke van die vertaalmodel wat ontwikkel is om hierdie dilemma die hoof te bied. In Afdeling 4 kom die tersaaklike kenmerke van die taalmodel wat onderliggend is aan die vertaalmodel wat vir hierdie hervertaling geformuleer is, aan die orde. Hoe sowel die implikasies as enkele komplikasies gehanteer is, illustreer ek in Afdeling 5 aan die hand van enkele voorbeelde. Die artikel word afgesluit met ’n kort opsomming.

2. DIE DILEMMA

Die dilemma van die BSA was deel van ’n groter vraag waaroor in die vertaalkunde aan die einde van die vorige eeu gedebatteer is, naamlik hoe ’n vertaling en/of hervertaling nader aan die bronteks kom. Dit gaan dus om die probleem van ekwivalensie. Daar was in vertaalkundige kringe eenstemmigheid dat ’n woord-vir-woordvertaling of formele ekwivalensie nie die antwoord is nie (Van der Merwe 1999). In die loop van die 20ste eeu het ontwikkelinge in die taalkunde oorweldigend getuig gelewer dat die vorm en strukture van tale dramaties verskil. Pogings om die vorm en strukture van die brontale in ’n doeltaal – in dié geval Afrikaans –

¹ *Die Lewende Bybel* (1982) en *Die Boodskap* (2002) is streng gesproke parafrases van die bronteks en is by implikasie nog verder van die bronteks verwyder.

² Aangesien *Die Lewende Bybel* (1982) en *Die Boodskap* (2002) parafrases is, gaan ek hulle ter wille van ruimte nie hier bespreek nie. *Die Bybel vir Dowes* (2007) word ook buite rekening gelaat omdat dit van meet af moes voldoen aan sommige vereistes van die gehoor waarop dit gemik was.

weer te gee, bly ’n kompromie. Alhoewel tipiese gesaghebbende woord-vir-woordvertalings soos die *King James* (1611), die *Statenvertaling* (1637) en die 1933/53-vertaling³ in ’n mate reg laat geskied aan die betrokke doeltaal, is die mate van formele ekwivalensie geen waarborg dat reg geskied het aan wat deur ’n spreker en/of verteller met ’n brontaaluiting bedoel is nie. Enkele voorbeelde illustreer dié realiteit.

In #1 word daar byvoorbeeld in die 1953-vertaling by ’n woordelike vertaling gehou, soos ook in die *King James Version* (KJV). Die vraag is hoe ’n mens “jou oë na die weste op kan rig” indien jy reeds op ’n berg is? Die uitdrukking wat gebruik word, is bloot ’n idioom vir “te begin” of “goed te kyk” (Van den Heever 2013:298). Sien die 2020-vertaling in #1. In die geval van #2, sou mens kon argumenteer dat ’n brandende kool vir ’n hemelse wese nie sou gebrand het nie. Indien mens die moontlikheid in ag neem dat “in iemand se hand neem” ook kan beteken om “saam met hom/haar te neem” (Van der Merwe & Cornelius 2019:289), dan sou die 1953-vertaling se weergawe van #2 as ’n vertaalfout bestempel kon word. Vergelyk hoe dieselfde konstruksie elders (#3) in die 1953-vertaling korrek weergegee word.

#1 Deut 3:27

עֲלֵה רֹאשׁ הַפְּסָגָה וְשֵׂא עֵינֶיךָ יָמָה וְצַפֵּנָה וְתִמְנְנָה וּמִזְרָחָה וְרָאָה בְּעֵינֶיךָ כִּי לֹא תַעֲבֹר אֶת־הַיַּרְדֵּן הַזֶּה:	
1953	Klim op die top van Pisga en <i>slaan jou oë op</i> na die weste en na die noorde en na die suide en na die ooste, en bekyk dit met jou oë; want jy mag oor hierdie Jordaan nie gaan nie.
KJV	Get thee up into the top of Pisgah, and <i>lift up thine eyes</i> westward, and northward, and southward, and eastward, and behold <i>it</i> with thine eyes: for thou shalt not go over this Jordan.
2020	Klim op na die kruin van Pisga en <i>kyk</i> na die weste, die noorde, die suide en die ooste. Kyk goed, want jy sal nie oor hierdie Jordaanrivier gaan nie.

#2 Jes 6:6

וַיֵּטֵף אֵלַי אֶחָד מִן־הַשְּׂרָפִים וּבִידוֹ רָצַףָהּ בְּמִלְקָחַיִם לְקַח מֵעַל הַמִּזְבֵּחַ:	
1953	Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met ’n gloeiende kool <i>in sy hand</i> , wat hy met ’n tang van die altaar af geneem het.
2020	Een van die serafs het na my toe gevlieg met ’n gloeiende kool <i>by hom</i> wat hy met ’n tang van die altaar af geneem het.

#3 1 Kon 14:3

וְלָקַחַת בְּיָדָהּ עֶשְׂרֵה לֶחֶם וּנְקֻדִים וּבִקְבֹקֵב דָּבָשׁ וּבָאֵת אֱלֵיוּ הוּא יַגִּיד לְךָ מִהֵיְהִיָּה לְנֹעַר:	
1953	En neem <i>met jou</i> saam tien brode en koeke en ’n kruik met heuning, en gaan na hom toe; hy sal jou te kenne gee wat met die seun sal gebeur.

³ Die 1953-vertaling is ’n “ligte” hersiening van die 1933-vertaling.

Die kerke wat die hervertaling versoek het, het aanvanklik gevra dat die 1953-vertaling hersien word. So 'n hersiening kon egter nie akademies verantwoord word nie (Van der Merwe 1999). Die 1983-vertaling, wat vir hierdie kerke nie aanvaarbaar was nie, het natuurlik ook gepoog om ekwivalent aan die bronteks te wees. Dit was egter 'n ekwivalensie op betekenisvlak. Die vertaalde teks moes dieselfde effek op die lesers hê as wat die brontaaltekste op sy hoorders en lesers gehad het, is geargumenteer. Daarom is dit 'n dinamies- of funksioneel-ekwivalente benadering genoem (Majolo & Wendland 2003:2-4).

Deel van die dilemma van die BSA was dat die funksioneel-ekwivalente vertaalmodel van Eugene Nida in Bybelvertaalkringe net voor die eeuwisseling byna 'n kanonieke status geniet het. Meer problematies is die feit dat teen 2000 indringende kritiek ingebring kon word teen veral die taalmodel waarop Nida gesteun het (Majolo & Wendland 2003:4-10). Alhoewel Nida 'n briljante vertaalkundige was wat ook 'n grondige kennis van antropologie gehad het, en deeglik bewus was van die verskille tussen tale en kulture, het hy van die standpunt uitgegaan dat wat in een taal gesê word, ook in enige ander taal gesê kan word (Majolo & Wendland 2003:2). Dit het berus op 'n taalmodel wat talige uitdrukkings beskou as houers waarin betekenis as inhoud verpak is. Die verskil tussen tale was bloot die feit dat hulle houers verskil het. Vir Bybelvertalers het dit beteken dat die betekenis (die inhoud) van die bronteksuitdrukkings (die houers) bepaal moes word, en dan herverpak moes word in die houers van die doeltaal (Nida 1964; Majolo & Wendland 2003:70). Vir die proses om die betekenis van talige uitdrukkings te bepaal, is “wetenskaplike” prosedures en hulpmiddele ontwerp (Nida 1964; Nida & Taber 1969).

Een van die hulpmiddele wat ontwikkel is, is 'n Grieks-Engelse woordeboek (Louw & Nida 1988). Die betekenis van woorde in hierdie woordeboek is tipies vasgestel deur te bepaal welke betekenis-komponente 'n uitdrukking het.⁴ Die betekenis van 'n uitdrukking is dan aan die hand van hierdie komponente in die woordeboek gedefinieer. Die verskille tussen woorde (en/of naby-sinonieme) wat in dieselfde betekenisveld gebruik is, is ook met verwysing na hierdie kleiner betekenis-komponente beskryf. Onderliggend aan die proses was die aanname dat die betekenis van talige uitdrukkings bepaal kan word deur veral na die verskille, ooreenkomste en verhoudings met ander woorde in abstraksie te kyk. Hierdie dekontekstualisering van taal en betekenis was tipies van die strukturalistiese taalkunde wat vir die grootste deel van die twintigste eeu die taalkunde-wêreld oorheers het (Geeraerts 2010:47-181). Met die opkoms van die kognitiewe taalkunde omstreeks die eeuwisseling het die prentjie verander (Burton 2017:1-17). Hierdie paradigmaskuif in die taalkunde het enige hersiening van die 1983-vertaling of verfyning van die funksioneel-ekwivalente model van Nida onmoontlik gemaak. Die andersheid van die 2020-Bybel se vertaalmodel hou direk verband met hierdie paradigmaskuif in die taalkunde.

3. DIE NUWE EN ANDERSOORTIGE VERTAALMODEL

Die aanloop en proses om 'n vertaalmodel te ontwikkel, asook die rede waarom Nord (1997) en Gutt (2000) se sienings geïntegreer is, is elders uitvoerig beskryf (Van der Merwe 2012). Die volgende kenmerke van die vertaalmodel is ter sake vir hierdie studie:

Die relevansieteoretiese benadering tot kommunikasie, waarop Gutt (2000) se beskrywing van Bybelvertaling as 'n moeilike vorm van sekondêre kommunikasie gegrond is, berus

⁴ Vir die agtergrond en fynere detail van “componential analysis”, sien Geeraerts (2010:71-80).

eerstens op die inferensiemodel van kommunikasie. Anders as Nida, maar soos veronderstel deur Nord,⁵ is talige uitdrukkings volgens dié model nie ’n stel houers wat met betekenis gevul is nie, maar is dit eerder simbole waaraan wêreld van konseptuele inhoude gekoppel is. Dit impliseer dat een stel simbole nie in ’n vertaling bloot deur ’n ander stel vervang kan word nie. Dit mag soms nodig wees om die konseptuele inhoude wat aan die brontaalsimbool gekoppel is, vir ’n doeltaalgehoor te verduidelik. Sien #4 hier onder.

In ’n “direkte vertaling” wat as die skopos van die nuwe vertaling geïdentifiseer is, is die veronderstelling tweedens dat al die kommunikasieleidrade wat deur die brontekste gebied word in die ko- en konteks waarin dit gebruik is, geïnterpreteer en weergegee word asof dit in die oorspronklike brontaalkonteks gebruik is. Dit impliseer verder dat die vertaling van brontaaluitdrukkings waarvan die ingebedheid in die wêreld van die sprekers van daardie tyd óf nie heeltemal deur tipiese doeltaallesers verstaan kan word nie, óf tot misverstande in die doeltaalkultuur aanleiding kan gee, spesiale aandag sal moet geniet. In sulke gevalle sou tersaaklike bykomende inligting in voetnotas verskaf kon word. Vergelyk #4 uit die nuwe vertaling se voetnotas^a en ^b. In #4 dui “•Feeste” aan die einde van voetnota^a verder aan dat die konsep “feeste” vervat is in ’n woordelys waarin die verskillende feeste in die Bybel verduidelik word.

#4 Gen 1:14

2020	<p>God het gesê: “Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om skeiding te maak tussen dag en nag. Hulle moet daar wees vir tekens en vir vaste tye,^a en vir dae en jare.”^b (Gen 1:14).</p> <p>^a. Die verskyning van die nuwemaan was vir die Israeliete die teken dat die nuwemaansfees gevier moet word; vgl Num 10:10; 28:11-14. “Vaste tye” verwys na al die godsdienstige feeste; vgl Lev 23:4-43; •Feeste.</p> <p>^b. Die maan moes “tekens” en “vaste tye” aandui, en die son moes “dae en jare” aandui.</p>
------	---

Die skopos, “’n direkte vertaling”, bied derdens ’n relatief gesproke⁶ bevatlike maatstaf vir die beoordeling van doeltaalvertalings: Hoe sou die Bybelse skrywer, verteller of spreker se Afrikaans in sy/haar tyd gepraat word indien ons hulle “direk” probeer aanhaal?

Beide die tekslinguistiese pragmatiese model soos verteenwoordig deur Nord (1991) en die relevansieteoretiese benadering (Sperber & Wilson 1986, 1995; Clark 2013) tot kommunikasie wat Gutt (2000) begrond, verteenwoordig gesofistikeerde modelle van hoe taal gebruik word om spesifieke kommunikatiewe doelwitte te bereik. Gutt (2000:130-167) stel byvoorbeeld ’n aantal kommunikasieleidrade aan die orde wat in ag geneem moet word in die analise van ’n brontekste. Vir vertalers van ’n antieke teks met ’n komplekse en lang oorleweringsgeskiedenis bied Nord en Gutt egter weinig hulp ten opsigte van die realiteit dat die vorm en/of betekenis van taal verander soos mense dit in verskillende omstandighede en tydgleuwe gebruik.

⁵ Die inferensiemodel van kommunikasie is volledig versoenbaar met die tipe tekslinguistiese analise waaraan Nord (1991) veronderstel die vertalings van brontekste onderwerp moet word.

⁶ Ek gebruik die term “relatief gesproke” omdat die term “direkte vertaling” maklik verstaan kan word as ’n woord-vir-woordvertaling. Sien Van der Merwe (2014).

Die nuwe vertaalmodel het 'n alternatief gebied op beide 'n formeel-ekwivalente en 'n funksioneel-ekwivalente benadering tot Bybelvertaling. Die manier hoe die nuwe perspektief op die kompleksiteit van talige kommunikasie, veral die tyd-, kultuur-, individu- en situasiegebondenheid van die betekenis van taaluiting, in ag geneem moet word in die vertaling van die Bybel, het egter gelei tot nuwe uitdagings wat die hoof gebied moes word. Vir dié doel was insigte wat die kognitiewe taalkunde gebied het, van groot nut.

4. KOGNITIEWE TAALKUNDE

'n Kenmerk van hierdie benadering is dat dit in wese aansluit by die tradisionele histories-filologiese benadering tot die verstaan van betekenis (Geeraerts 2010:273-277). Dit gaan van die veronderstelling uit dat betekenis van uitdrukkings konteksgebonde is en dat die betekenis van polisemiese uitdrukkings tipies volgens algemene, naspeurbare patrone ontwikkel (byvoorbeeld van konkreet na abstrak). 'n Meer uitvoerige beskrywing van die perspektiewe wat kognitiewe taalkunde bied om Bybelhebreus beter te verstaan, word elders beskryf (Van der Merwe 2020). In hierdie studie word gefokus op enkele perspektiewe wat direkte implikasies gehad het vir die andersheid van die betrokke hervertaling. Dit word met behulp van die voorbeelde in Afdeling 5 verduidelik.

Nuwe betekenis gaan eerstens tipies gepaard met veranderings in die konseptuele wêreld wat ter sprake is, asook die kollokasies en/of sintaktiese konstruksies waarin die nuwe betekenis onderskei kan word. (Vergelyk #5 en #7.)

As funksionele benadering aanvaar kognitiewe taalkunde tweedens dat die betekenis van taaluitings nie sonder inagneming van die vorm waarin dit deur 'n spesifieke verteller of spreker aan die orde gestel word, volledig verstaan kan word nie. Die keuse van die taalvorme wat 'n spreker of verteller gebruik, verteenwoordig altyd die konstruksie van die gebruiker se persepsie van die werklikheid. Dit impliseer dat die inhoud wat gekommunikeer word, nie bepaal kan word sonder om die vorm waarin dit aangebied word, volledig in ag te neem nie. Soms kan spesifieke betekenis ook aan spesifieke konstruksies gekoppel word. (Sien #8, #9 en #18.)

Die lys polisemiese betekenis van 'n taalkundige uitdrukking wat in woordeboeke of grammatikas aangebied word, het derdens nie almal dieselfde status nie; sommige kan meer prototipies wees as ander – die spesifieke soort rooi waarna *rooi* in *rooi lipstiffie* verwys, is byvoorbeeld 'n meer prototipiese rooi as die rooi van 'n rooijakkals (kyk ook Van der Merwe 2018). (Sien #5-#7.)

In die vierde plek geskied betekenisverskuiwings van 'n konstruksie tipies geleidelik, van A na B en dan na C. Dit impliseer dat dit moontlik is dat daar gevalle van so 'n uitdrukking is waar dit wel duidelik is dat die betekenis daarvan A of C is, maar waar dit onseker is of dit A of B is. Die *rooi* van *rooi lipstiffie* (A) is duidelik verskillend van die *rooi* van *rooijakkals* (C). Laasgenoemde is egter nader aan, en mag selfs oorvleuel met, die *rooi* van *rooi veluitslag* (B). (Sien #8, #10 en #12.)

Vyfdens word die manier waarop sogenaamde aktiewesoneliggamsdele, soos die hart, hand, keel, oog en oor, figuurlik (tipies metonimies) gebruik word, tans beter verstaan. Van die belangrikste insigte is dat sommige figuurlike gebruike van liggaamsdele byna universeel is, bv. “om *in die hand* van x te wees,” word in byna alle tale verstaan as “om *in die mag* van x te wees”. Ander figuurlike gebruike is weer baie taalspesifiek. (Sien #1, #3 en #11.)

Liggaamsdele ontwikkel verder dikwels tot voornaamwoorde. (Sien #2 en #13.) Die ontwikkeling van veral voornaamwoorde geskied stelselmatig en in die reël word die liggaams-

dele metonomies gebruik om persone te skilder ten opsigte van die funksie wat tipies met die betrokke liggaamsdeel geassosieer word. As iemand byvoorbeeld sou sê: “Ek kort twintig ‘hande’” beteken dit dat daar twintig mense benodig word wat hulle hande sou kan gebruik om die spreker te help. In Afrikaans sou die assosiasie dat die helpers hulle hande gebruik, mettertyd kon vervaag. “Ek kort twintig hande” kan dus ook die betekenis ontwikkel van “Ek kort twintig helpers”. Wanneer laasgenoemde “grens” oorgesteek word, is nie altyd maklik om te bepaal nie – veral as die taal nie meer aktief gepraat word nie. (Sien #12.)

In die lig van hierdie perspektiewe is dit duidelik dat vertaling van ’n antieke teks, soos enige ander vertaling, transkulturele kommunikasie is en meer behels as die verwisseling van een stel taaltokens, dié van die brontaalkultuur, met ’n ander stel tekens, te wete dié van die doeltaalkultuur. Gutt (2000) is reg, Bybelvertaling is inderdaad ’n moeilike vorm van sekondêre kommunikasie. Een manier om hierdie uitdaging aan te pak is om Bybelvertaling te beskou as ’n onderhandelingsproses tussen twee partye, te wete brontaalkenners en doeltaalkenners. Waaroor onderhandel word, is hoe om die konstruering van betekenis deur brontaalsprekers van die Bybelse tyd uit te bring by die manier waarop hedendaagse (Afrikaanssprekende) Bybellesers betekenis in hulle wêreld konstrueer. Met “uit te bring” word nie “versoen” bedoel nie, maar eerder veral die sodanige uitoefening van vertaalopsies dat die kommunikasieleidrade van die bronteks in die idiomatiese Afrikaans ondervang word⁷ en dat gevalle waar die andersheid van die brontaalkultuur vereis dat die konseptuele wêreld van die lesers verruim moet word, geïdentifiseer word.

5. VOORBEELDE

Die voorbeelde wat hier aangebied word, verteenwoordig uit die aard van die saak ’n klein seleksie. Dit behels ’n baie kultuurspesifieke leksikale konsep in 5.1; ’n liggaamsdeel wat verskeie betekenis het, onder andere ’n grammatikale betekenis in 5.2; ’n hoogs polisemiese voegwoord wat meer as 5 000 keer in die OT voorkom in 5.3; en laastens ’n relatief omstrede diskoersmerker in 5.4. Die konstruksies wat geïllustreer word, verteenwoordig oorwegend gevalle wat ’n uitdaging was vir die vertaalspan en/of gebaat het by navorsing wat geïnisieer is om hierdie uitdagings die hoof te bied.

5.1 Kultuurspesifieke konsep: “ban/bangoed/met die banvloek tref”

In #5-7 bied die uitdrukking, wat na die werkwoordstam חרם teruggevoer kan word, ’n tweeledige uitdaging vir vertalers.

#5 Jos 6:21

וַיַּחְרִימוּ אֶת-כָּל-אֲשֶׁר בְּעִיר מַאִישׁ וְעַד-אִשָּׁה מִנְּעֹר וְעַד-יָקוֹן וְעַד שׁוֹר וְשָׂה וְחִמּוֹר לְפִי-חָרֵב:	
1953	En alles wat in die stad was, het hulle deur die skerpte van die swaard met die <i>banvloek</i> getref, man sowel as vrou, jonk sowel as oud, tot bees, skaap en esel toe.
1983	En al wat daarin is, <i>uitgedelg</i> , man en vrou, jonk en oud, selfs die beeste, die skape en die donkies.

⁷ Vir ’n meer uitvoerige bespreking van wat “kommunikasieleidrade” presies is, sien Gutt (2000:136-167). Vir ’n kritiese bespreking van die konsep, sien Van der Merwe (2016).

#5 Jos 6:21 (vervolg)

וַיִּחְרְמוּ אֶת-כָּל-אֲשֶׁר בְּעִיר מַאִיִּשׁ וְעַד-אִשָּׁה מִנְּעֵר וְעַד-זָקֵן וְעַד שׁוֹר וְשָׂה וְחִמּוֹר לְפִי-חֶרֶב:	
NLV	Hulle het alles in die stad met die swaard <i>uitgewis</i> : mans en vroue, oud en jonk, selfs die beeste, die skape en die donkies.
2020	en alles wat in die stad was, deur die skerpte van die swaard <i>met die banvloek getref</i> – van man tot vrou, kind tot oumens, ja, selfs die beeste, skape en donkies.

In die eerste plek is dit ’n uitdrukking wat verwys na ’n konsep wat buite die ervaringswêreld van tipiese sprekers van Afrikaans is. Die tradisionele vertaling van “met die banvloek tref”, soos in die 1953-vertaling, maak vir moderne lesers nie goed sin indien hulle konseptuele wêreld nie met behulp van ensiklopediese inligting verruim word nie – soos wat die 2020-vertaling wel doen deur middel van ’n woordelysinskrywing wat soos volg lui:

Ban/Bangoed/Banvloek Tydens die inname van die beloofde land is bangoed geassosieer met mense van die streek wat ander gode aanbid het. Omdat hulle en hulle afgode die Israëliete kon laat afdwaal, moes hulle en al hulle besittings heeltemal vernietig word. As iets in hierdie konteks met die ban of banvloek getref is, is dit as iets afstootliks beskou en moes dit vernietig word. Soms het die banvloek slegs vir die mense gegeld (Deut 2:34-35; Jos 8:2; 10:28-40) en is die oorlogsbuit wel deur die oorwinnaars vir eie gebruik geneem (Jos 11:12-14). In Josua 6 en 7 moes alles vernietig word, en hier word die bangoed beskou as iets wat aan die HERE behoort. As gewone mense daarvan vir hulle sou neem, sou dit meebring dat hulle en hulle volksgenote vernietig moes word. ’n Stad in Israel wat ontrou was teenoor God en ander gode gedien het, kon ook met die banvloek getref word (Deut 13:13-16). In sommige gevalle, veral in tekste uit die latere geskiedenis, vervaag die taboe-dimensie van die terme “met die ban/banvloek tref”. Dit verwys dan eerder primêr na die volledige vernietiging van ’n dorp, stad of land en sy mense. Bangoed kon ook iets wees wat aan God gewy was en aan Hom behoort het (soos in Jos 6 en 7). Dit is in later tye gewoonlik onttrek van die alledaagse gebruik en het deel van die tempelskatte geword, of is aan die priesters gegee. As iets as ban gewy was, was dit hoogheilig en het dit vir altyd aan God (of sy priesters) behoort. Die proses kon nie omgekeer word nie. As mense onder die ban was, was hulle bestem om gedood te word (Lev 27:28-29).

Dit is in die tweede plek ’n woord waarvan die betekenis verskuiwings ondergaan het. Dit is egter nie altyd klinkklaar of die nuwe betekenis al die konnotasies van die meer prototipiese gebruik behou het nie. In #6 kan geoordeel word dat die vervloekingsdimensie moontlik nog aanwesig is. In #7 suggereer die buite-Israëlitiese konteks dat die goddelike vervloekingsdimensie vervaag het – en dat primêr verwys word na volledige vernietiging.⁸

⁸ Wat die konsep “ban/bangoed/met die banvloek tref” nog meer problematies maak, is dat geleerdes nog nie heeltemal eens is oor hoe die betekenis van die brontaaluitdrukkings ontwikkel het nie, asook hoe al die gebruike daarvan verstaan moet word nie. Sien byvoorbeeld De Prenter (2012) en Versluis (2016).

על־הָאָרֶץ מֵרְחֵם עָלֶיהָ וְאֶל־יְשֻׁבֵי פְקוּד חֲרָב וְהַחֲרָם אֲחֵרֵיהֶם נֹאֲסִי־הִזָּה וְעִשָּׂה כְּכֹל אֲשֶׁר צִוִּיתִיךָ	
1953	“Teen die land Meratáim, trek daarteen op en teen die inwoners van Pekod! Verwoes en <i>tref met die banvloek</i> agter hulle,” spreek die HERE, “en doen net soos Ek jou beveel het.”
1983	“Trek op teen Meratajim en teen die inwoners van Pekod, maak hulle dood, roei hulle heeltemal uit,” sê die Here, “maak met hulle presies soos Ek jou beveel!”
NLV	Die Here sê: “Trek op teen die land Meratajim en teen die inwoners van Pekod. Agtervolg hulle, maak hulle dood en wis hulle heeltemal uit. Doen alles wat Ek julle beveel het.”
2020	<p>“Teen die land Meratajim,^a trek daarteen op^b, en teen die inwoners van Pekod^c! Agtervolg hulle met doodslag en die banvloek^d!” is die uitspraak van die Here. “Doen alles wat Ek jou beveel!”</p> <p>a. ’n Gebied by die monding van die Tigris en die Eufraat. Die naam Meratajim klink na die Hebreeuse woord vir “dubbele rebelsheid”.</p> <p>b. ’n Enkele onbekende persoon word hier aangespreek – waarskynlik ’n koning van die aanvalsmagte.</p> <p>c. ’n Gebied in die ooste van Babilonië. Die naam Pekod klink na die Hebreeuse woord vir “rekenskap eis”.</p> <p>d. Dit beteken dat alles vernietig, en mens en dier doodgemaak moet word.</p>

#7 Dan 11:44

וּשְׁמַעוּת יִבְהַלְהוּ מִמּוֹרָח וּמִצְפוֹן וְצָא בְחֵמָא גְדֹלָה לְהַשְׁמִיד וְלִהְרִים רִבִּים:	
1953	Maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en <i>met die banvloek te tref</i> .
1983	Dan sal gerugte uit die ooste en die noorde hom ontstel, en hy sal woedend optrek om baie mense dood te maak en <i>uit te roei</i> .
NLV	’n Berig uit die ooste en die noorde sal hom dan ontstel. Hy sal verskriklik woedend uittrek om baie te gaan vernietig en <i>dood te maak</i> .
2020	Gerugte uit die ooste en noorde sal hom verskrik, en hy sal met groot woede uittrek om baie te verdelg en <i>aan volledige vernietiging oor te gee</i> .

5.2 Liggaamsdeel: נֶפֶשׁ

Die basiese betekenis van נֶפֶשׁ is tradisioneel beskou as “siel” en die meeste akademiese debatte oor die uitdrukking het oor eeue heen gewentel om wat in die Hebreeuse denkwêreld bedoel word met die uitdrukking “siel”. In die loop van die twintigste eeu is onteenseglike filologiese getuies gekry dat die mees konkrete betekenis van die uitdrukking “keel” is en dat al die ander betekenis van נֶפֶשׁ hierna teruggevoer kan word.⁹

⁹ Vir die besonderhede van hierdie debat, sien Müller (2018:19-101).

In #8 word die konkrete gebruik duidelik geïllustreer, en word dit ook deur die 1983-vertaling en die NLV so weergegee. Alhoewel dieselfde konstruksie (עֲדַנְפֶשׁ) in #9 gebruik word, gee laasgenoemde twee vertalings dit nie so weer nie. In #10 is dit net die 2020-vertaling wat oordeel dat die konteks genoegsame aanduidings gee dat die meer konkrete betekenis van עֲדַנְפֶשׁ aan die orde is.

#8 Ps 69:1

הוֹשִׁיעֵנִי אֱלֹהִים כִּי בָאוּ מַיִם עַד־נַפְשׁ:	
1953	Verlos my, O God, want die waters het <i>tot by die siel</i> gekom.
1983	Red my, O God, want die water het <i>tot by my keel</i> gekom.
NLV	Red my, O God! Die vloedwaters is reeds <i>tot by my keel</i> .
2020	Verlos my, O God, want water het <i>tot by my keel</i> gekom.

#9 Jona 2:6

אֶפְפוּנֵי מַיִם עַד־נַפְשׁ תְּהוּם יִסְבְּנִי סוּף חֲבוּשׁ לְרֹאשִׁי:	
1953	Waters het my omring <i>tot aan die siel</i> toe, die vloed was rondom my; seegras was om my hoof gedraai.
1983	Die waters het <i>my</i> toegevoeg, die groot water het my omring, seegras was om my kop gedraai.
NLV	Water het <i>my</i> verswelg, die diepwaters het my omring.
2020	Water het my <i>tot aan my keel omsluit</i> , oerwater het my omring; seewier het my kop omstrengel.

#10 Jes 58:11

וְנָחַד יְהוָה תְּמִיד וְהִשְׁבִּיעַ בְּצַחְצְחוֹת נַפְשׁוֹ וְעֲצַמְתֵּיךְ יַחְלִין וְהָיְתָ כְּגַן רוּחַ וְכַמּוּצָא מֵאֵשׁ לֹא-יִכְזָבוּ מִיָּמָיו:	
1953	En die Here sal jou gedurigdeur lei en <i>jou siel</i> versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak; en jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is en soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit teleurstel nie.
1983	Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in <i>jou behoeftes</i> voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie.
NLV	Die Here sal jou altyd lei. Selfs in tye van droogte sal Hy voorsien in <i>jou behoeftes</i> . Hy sal jou gesond en sterk hou. Jy sal wees soos 'n tuin wat genoeg water kry, soos 'n fontein wat altyd aanhou vloei.
2020	Die Here sal jou voortdurend lei; in dor plekke sal Hy <i>jou keel</i> verkwik, jou gebeente sal Hy sterk maak. Jy sal soos 'n natgeleide tuin wees, soos 'n waterbron waarvan die water nie teleurstel nie.

Aangesien daar empiriese getuienis is oor die omvang van die taal- en kultuurspesifieke figuurlike gebruik van liggaamsdele, is vir die 2020-vertaling besluit dat in gevalle waar 'n liggaamsdeel se gebruik baie duidelik 'n taaleienskap van die bronteks is, 'n poging aangewend moet word om so 'n liggaamsdeel weer te gee met 'n liggaamsdeel wat tipies aan die doeltaalkultuur is. Om die rede is נפש in #11 met *hart* vertaal – anders as die 1953-vertaling, maar soos die 1983-vertaling en NLV.

#11 2 Sam 3:21

אָקומה וואַלכּה וואַקבּצָה אַל־אַדְנִי הַמֶּלֶךְ אֶת־כָּל־יִשְׂרָאֵל וַיִּכְרְתוּ אֶת־דָּד בְּרִית וּמַלְכָּת בְּכָל אֶשְׂרֵת־אָזָה נִפְשָׁד	
1953	Ek wil my klaarmaak en die hele Israel by my heer die koning gaan versamel, dat hulle met u 'n verbond sluit; dan kan u heers oor alles wat <i>u siel</i> begeer.
1983	Met u verlof gaan ek nou die hele Israel by u, die koning, bymekaarbring sodat hulle met u 'n verdrag kan sluit; dan sal u koning wees volgens <i>u hartsbegeerte</i> .
NLV	Laat my toe om die hele Israel na u kant toe oor te haal om 'n ooreenkoms met u te sluit sodat u kan heers oor alles wat <i>u hart</i> begeer.
2020	Ek wil gereedmaak en gaan; ek wil die hele Israel by my heer die koning byeenbring, sodat hulle met u 'n ooreenkoms kan sluit,* en sodat u oor alles wat <i>u hart</i> begeer, kan regeer.

Soos vermeld in Afdeling 4, het kognitiewe semantici in die onlangse verlede aangetoon dat betekenisverskuiwings baie geleidelik geskied. Dit mag aanleiding gee tot gevalle waar dit moeilik is om te bepaal of daar in 'n bepaalde konteks 'n heeltemal nuwe betekenis aan die orde is, en of daar nog elemente van 'n vorige betekenis betrokke is. In #12 is die vraag dus of וַנִּפְשְׁנוּ gegrammatikaliseer is tot 'n persoonlike voornaamwoord – soos dit die geval is in #13, en of die sprekers bewustelik na hulleself verwys met die liggaamsdeel wat die walgende sensasie ervaar.

#12 Num 21:5

לָמָּה הַעֲלִיתֵנוּ מִמִּצְרַיִם לָמוּת בַּמִּדְבָּר כִּי אֵין לָחֶם וְאֵין מַיִם וַנִּפְשְׁנוּ קִצָּה בְּלָחֶם הַקָּלָקָל:	
1953	Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons <i>siel</i> walg van die ellendige kos.
1983	Waarom het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te sterwe? Hier is nie brood en water nie, en <i>ons</i> is sat vir hierdie slegte kos.
NLV	Waarom het jy ons uit Egipte laat trek om hier in die woestyn te sterf? Hier is nie kos en water nie. <i>Ons</i> walg van die nuttelose manna!
2020	Waarom het julle ons uit Egipte laat optrek om in die woestyne te sterf? Want daar is geen brood of water nie, en <i>ons</i> walg van die ellendige kos.

#13 Jer 26:19

וְאַנְחֵנוּ עֲשִׂים רָעָה גְדוֹלָה עַל-נַפְשׁוֹתֵינוּ:	
1953	En ons is besig om ons <i>siele</i> 'n groot onheil te berokken!
1983	Ons is besig om 'n groot ramp oor <i>ons</i> te bring.
NLV	... sal ons groot onheil oor <i>onself</i> bring.
2020	Ons is besig om groot onheil oor <i>onself</i> te bring.

In die Psalms word נַפֶּשׁ dikwels metonimies gebruik. 'n Kenmerk van die gebruike is dat dit verwys na die diepste wese van 'n persoon wat tipies in die nood is of een of ander behoefte en/of verlange het. In #14 verskil die 2020-vertaling van die ander onlangse vertalings deur die term “siel” te behou, maar in 'n kollokasie waar dit duidelik is dat “siel” nie verwys na die konsep “onsterflike siel” wat tipies in die Nuwe Testament gebruik word nie. In #15 word enige onsekerheid oor wat met “siel” bedoel word, weer uit die weg geruim met behulp van 'n voetnota. Daar sou 'n argument uitgemaak kon word dat die voetnota nog meer spesifiek kon wees, byvoorbeeld: “Die Hebreuse woord verwys hier na die innerlike dimensie van 'n mens se lewe wat geassosieer word met sy/haar diepste behoeftes en/of gevoelens van afhanklikheid vir sy/haar redding van God.”

#14 Ps 6:3-4

³ חַנּוּנֵי יְהוָה כִּי אֶמְלֵל אֲנִי רַפְּאֵנִי יְהוָה כִּי נִבְהָלוּ עַצְמֵי: ⁴ וְנַפְשִׁי נִבְהָלָה מְאֹד	
1953	³ Wees my genadig, HERE, want ek is verswak; maak my gesond, HERE, want my gebeente is verskrik. ⁴ Ja, <i>my siel</i> is baie verskrik;
1983	³ Ontferm U oor my, Here, want ek kwyn weg, maak my gesond, Here, want my liggaam is uitgeteer. ⁴ <i>Ek</i> is heeltemal gedaan.
NLV	³ Wees genadig oor my, Here, want ek is swak. Maak my gesond, Here, want my liggaam is vol pyne. ⁴ <i>My hele wese</i> is deurtrek van pyn.
2020	³ Wees my genadig, Here, want ek, ek kwyn weg; genees my, Here, want tot in my gebeente is ek beangs, ⁴ ja, <i>tot in my siel</i> is ek heeltemal vreesbevange.

כְּאֵל תִּעְרַג עַל-אַפְיִקוּי־מַיִם בְּן נַפְשִׁי תִעְרַג אֵלֶיךָ אֱלֹהִים:	
1953	Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag <i>my siel</i> na U, o God!
1983	Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag <i>ek</i> na U, o God.
NLV	Soos 'n wildsbok smag na water, so smag <i>ek</i> na U, o God.
2020	Soos 'n wildsbok wat smag na waterstrome, so smag <i>my siel</i> ^a na U, o God. a Die Hebreeuse woord verwys hier na die innerlike dimensie van 'n mens se lewe wat geassosieer word met gevoelens en emosies.

5.3 Voegwoord: כִּי

Die polisemiese verhoudings tussen die verskillende betekenisse van כִּי, is onlangs uitvoerig in 'n PhD-studie beskryf.¹⁰ Die uitdrukking funksioneer tipies as 'n voegwoord, maar dit word ook as 'n diskoersmerker gebruik. In laasgenoemde gevalle motiveer die spreker een of meer voorafgaande taalhandelinge. In Psalm 1:6 (#16) motiveer die psalmis waarom hy verse 1-5 kan uit. Dit wat in vers 6 gesê word, is egter alreeds geïmpliseer deur wat in verse 1-5 gesê word. Alhoewel “want” die mees prototipiese betekenis van כִּי is, sou geargumenteer kon word dat dit nie heeltemal sin maak in Psalm 1:6 nie. Die 1983-vertaling probeer al 'n alternatief bied. Die probleem met “waarlik” is dat dit gewoonlik verstaan word as 'n modale bywoord wat 'n spreker se oortuiging uitdruk oor die korrektheid van die inhoud van sy/haar uiting. Die uitdrukking “ja” het verskillende betekenisse. Volgens die *WAT* (2014) kan “ja” dien as “beaming, versterking van die spreker se eie bewering met daaropvolgende aanvulling”.

#16 Ps 1:6

כִּי־יִזְנֶה יְהוָה דֶּרֶךְ צְדִיקִים וְדֶרֶךְ רָשָׁעִים תִּאבֵד:	
1953	<i>Want</i> die Here ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.
1983	<i>Waarlik</i> , die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.
NLV	<i>Want</i> die Here waak oor die pad van die gelowiges; maar die paaie van die goddeloses lei tot ondergang.
2020	<i>Ja</i> , die Here dra sorg vir die pad van regverdiges, maar die pad van goddeloses loop dood.

In #17 illustreer die 2020-vertaling hoe die probleem van twee opeenvolgende “motiverings” gemerk deur כִּי in idiomatiese Afrikaans weergegee kan word. Die “ja” in Afrikaans suggereer net soos “want” 'n kousale verband. Dit verwoord egter die pragmatiese dimensie van die inligting ter sprake. Dit beaam naamlik 'n verdere implikasie van wat reeds geuit is.

¹⁰ Locatell (2017). Sien ook Locatell (2019) vir die verskillende kousale verbande wat die uitdrukking kan hê. Locatell is nie die eerste PhD wat aan כִּי gewy word nie; sien ook Follingstad (2000).

#17 Ps 18:21-23

	<p>21 אֲגַמְלֵנִי יְהוָה בְּצַדִּיקִי כִּבְרֵי יְדֵי יֹשִׁיב לִי:</p> <p>22 כִּי־שָׁמַרְתִּי דַרְכֵי יְהוָה וְלֹא־רָשָׁעַתִּי מֵאַלְהֵי:</p> <p>23 כִּי כָל־מִשְׁפָּטָיו לִנְגִדִי וְחֻקֹּתָיו לֹא־אָסִיר מִנִּי:</p>
1953	<p>21 Die Here het met my handel na my geregtigheid; Hy het my vergelde na die reinheid van my hande.</p> <p>22 <i>Want</i> ek het die weë van die Here gehou en nie goddeloos van my God afgewyk nie;</p> <p>23 <i>want</i> al sy verordeninge was voor my, en sy insettinge het ek nie van my verwyder nie.</p>
1983	<p>21 Die Here het aan my reg laat geskied, Hy het my onskuld aanvaar,</p> <p>22 <i>want</i> ek het die wil van die Here gehoorsaam en my nie teenoor my God skuldig gemaak nie;</p> <p>23 ek het my deur al sy bepalings laat lei en nie van sy voorskrifte afgewyk nie.</p>
NLV	<p>21 Die Here beloon my opregtheid; Hy vergoed my onskuld.</p> <p>22 <i>Want</i> ek was getrou aan die voorskrifte van die Here; ek was nie skuldig teenoor my God nie.</p> <p>23 <i>Want</i> sy voorskrifte het ek onderhou; en van sy bepalings nie afgewyk nie.</p>
2020	<p>21 Die Here het aan my goed gedoen op grond van my geregtigheid; omdat my hande skoon is, het Hy my vergoed.</p> <p>22 <i>Want</i> ek het op die Here se paaië gebly en my nie skuldig gemaak voor my God nie.</p> <p>23 <i>Ja</i>, ek hou al sy wette voor oë,* en sy vaste voorskrifte – daarvan wyk ek nie af nie.</p>

Alhoewel geargumenteer kan word dat die weglating van die tweede כִּי in #17 geen verskil aan die proposisionele inhoud maak wat gekommunikeer word nie (soos deur die 1983-vertaling), het psigolinguïstiese empiriese toetse aangedui dat die eksplisiete merkers van kousale verhoudings die prosessering van die verbande tussen uitings vergemaklik (Noordman & Vonk 1997:88).

5.4 Diskoersmerker: הִנֵּה

Volgens een van die mees gesaghebbende Bybelhebreeuse woordeboeke, Koehler *et al.* (1994-2000:251), is הִנֵּה 'n “deictic and interrupting interj., extended from הִן, supersedes רָאָה with the same meaning”. Hierdie tipering van die oorsprong van die uitdrukking en die aanname dat dit presies dieselfde funksie het as רָאָה, is hoogs aanvegbaar (Van der Merwe 2011).

Net so kan die toereikendheid van die leksikografiese beskrywing van die funksies van הִנֵּה in ander gesaghebbende woordeboeke en grammatikas bevraagteken word (Van der Merwe 2007; Miller-Naudé & Van der Merwe 2011). Dit verklaar heel waarskynlik waarom die inter-

pretasie van elkeen van die vertalings hier onder verskil van die betekenis van הָנָה in #18. Die andersheid van die 2020-vertaling setel in die feit dat dit berus op onlangse uitvoerige studies van die gebruike van die partikel wat die verskillende betekeniskategorieë kon koppel aan relatief duidelik identifiseerbare kontekstuele kriteria. In #18 vestig die spreker byvoorbeeld met behulp van הָנָה die aandag op wetenswaardige inligting wat ’n daaropvolgende taalhandeling begrond. Volgens die kenners van Afrikaans in die 2020-vertaalspan, doen “kyk” in Afrikaans presies dieselfde as wat הָנָה in Bybelhebreeus doen.

#18 Gen 16:6

וַיֹּאמֶר אַבְרָם אֶל־שָׂרַי הֲנִיָּה שְׂפָחַתְךָ בְיָדִי עָשִׂי לָהּ הַטּוֹב בְּעֵינַיִךְ	
1953	En Abram antwoord Sarai: “ <i>Daar is</i> jou slavin in jou hand – doen met haar soos dit goed is in jou oë.”
1983	Maar Abram sê vir Sarai: “Jou slavin staan onder jou. Doen met haar soos jy goeddink.”
NLV	Abram het geantwoord: “ <i>Aangesien</i> sy jou slavin is, maak met haar soos jy wil.”
2020	Abram het Sarai geantwoord: “ <i>Kyk</i> , jou slavin is in jou hand. Maak met haar soos dit goed is in jou oë.”

In die vermelde studies van הָנָה is bepaal dat die mees prototipiese gebruik van הָנָה in Bybelhebreeus is om na inligting te verwys wat ’n karakter nie te wagte was nie. Beide in droomaankondigings en droomvertellings word die uitdrukking in Bybelhebreeus baie meer herhaal as wat tipies in droomvertellings in Afrikaans die geval is. Vertalers is dus onseker hoe om dit in idiomatiese vertalings weer te gee. In #19 het die 1983-vertaling en die NLV geoordeel dat הָנָה in sulke gevalle onvertaald gelaat kon word. Selfs die 1953-vertaling het die konstruksie in die droomaankondiging nie weergegee nie. Daarenteen laat die 2020-vertaling in idiomatiese Afrikaans reg geskied aan die funksie van die uitdrukking in al die gevalle waar dit gebruik word.

#19 Gen 41:1-3

¹ וַיְהִי מִקֵּץ שְׁנַתִּים יָמִים וּפְרָעָה חָלַם וְהָנָה עֹמֵד עַל־הַיָּאֵר: ² וְהָנָה מִן־הַיָּאֵר עָלָה שֶׁבַע פְּרוֹת יָפוֹת מִרְאָה וּבְרִיאַת בֶּשֶׂר וּתְרַעֲנָה בְּאָחוּ: ³ וְהָנָה שֶׁבַע פְּרוֹת אַחֲרוֹת עָלוֹת אַחֲרֶיהָ מִן־הַיָּאֵר רְעוֹת מִרְאָה וְדִקּוֹת בֶּשֶׂר וְתַעֲמֹדָנָה אֶצֶל הַפְּרוֹת עַל־שֹׁפֵת הַיָּאֵר:	
1953	¹ Ná verloop van twee volle jare het Faraο gedroom dat hy by die Nyl staan; ² en <i>kyk</i> , daar kom sewe koeie uit die Nyl uit op wat mooi van aansien en vet van vleis was, en hulle het gaan wei in die rietgras. ³ En <i>kyk</i> , ná hulle kom daar nog sewe koeie uit die Nyl uit op wat lelik van aansien en maer van vleis was, en hulle het by die ander koeie op die wal van die Nyl gaan staan.
1983	¹ Twee jaar later het die farao ’n droom gehad. Hy het gedroom hy staan langs die Nyl. ² Uit die rivier kom daar toe sewe mooi vet koeie uit en hulle gaan wei in die vleigras. ³ Ná hulle kom daar toe sewe ander koeie uit die rivier uit. Hulle was lelik en maer en het langs die ander koeie op die rivierwal gaan staan.

#19 Gen 41:1-3 (vervolg)

<p>וַיְהִי מִקֵּץ שְׁנַיִם יָמִים וּפְרָעָה חָלַם וְהִנֵּה עֹמֵד עַל־הַיָּאֵר: ²וְהִנֵּה מִן־הַיָּאֵר עֹלֹת שֶׁבַע פְּרוֹת יָפוֹת מֵרָאֵה וּבְרִיאַת בָּשָׂר וַתִּרְעֶינָה בְּאָחוּ: ³וְהִנֵּה שֶׁבַע פְּרוֹת אַחֲרוֹת עֹלֹת אַחֲרֵיהֶן מִן־הַיָּאֵר רָעוֹת מֵרָאֵה וְדָקוֹת בָּשָׂר וַתַּעֲמִדְנָה אֶצְלֵ הַפְּרוֹת עַל־שֵׁפֶת הַיָּאֵר:</p>	
NLV	<p>¹Twee jaar later het die farao gedroom hy staan op die wal van die Nylrivier. ²Hy sien hoe sewe mooi vet koeie uit die water kom en al langs die wal begin wei. ³Toe kom daar sewe ander koeie uit die water op, maar hulle was lelik en baie maer. Hulle het langs die vet koeie gaan staan.</p>
2020	<p>¹Ná verloop van twee jaar het die farao gedroom: <i>Kyk</i>, hy staan langs die Nyl, ²en <i>meteens</i> kom daar uit die Nyl sewe koeie op wat mooi lyk en vet is, en hulle wei in die oewergras. ³Maar <i>kyk</i>, sewe ander koeie wat lelik lyk en maer is, kom toe ná hulle op uit die Nyl, en hulle gaan staan langs die koeie op die wal van die Nyl.</p>

6. SAMEVATTING

Die 2020-vertaling is anders as die ander vertalings van die Bybel in Afrikaans. Die rede hiervoor was die noodsaak om 'n ander manier as formele of funksionele ekwivalensie te vind om die behoeftes van kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, te bevredig, naamlik om 'n verstaanbare vertaling wat baie na aan die bronteks bly, in idiomatiese Afrikaans aan te bied.

In die alternatiewe vertaalmodel is 'n byna onmoontlike ideaal gestel, te wete 'n "direkte" vertaling wat poog om die bronteks te vertaal asof die skrywers direk in goeie idiomatiese Afrikaans aangehaal word. Die vertaalmodel het 'n grondige besinning vereis oor die taalmodel waarmee gewerk sou word. In hierdie verband het die kognitiewe taalkunde waardevolle insigte gebied. Baie van hierdie insigte is nie heeltemal nuut nie, maar eerder verdere ontwikkelinge en/of verfyninge van tradisionele kennis waarmee alreeds in die histories-filologiese semantiek gewerk is. 'n Voorbeeld in hierdie verband is die feit dat taal volledig ingebed is in die kultuur en ervarings van die sprekers van 'n taalgemeenskap. Die aanvaarding van hierdie realiteit het daarop uitgeloop dat teruggeval is op 'n konvensie van die vertalers van die *Statenvertaling* (1637), te wete dat die vertaling van 'n antieke godsdienstige teks nie sonder toeliggende notas verstaan kan word nie (#4, #5 en #15).

Verdere waardevolle insigte van die kognitiewe taalkunde wat ook dikwels daartoe bygedra het dat die 2020-vertaling verskil van ander aktiewe vertalings, is:

- dat daar onderskei moet word tussen die prototipiese en minder prototipiese betekenisse van uitdrukkings (#5 en #7);
- dat betekenisverskuiwings geleidelik geskied, eie is aan menslike taal en dat sommige onderskeidings moeilik is om te maak (#12);
- en dat betekenisonderskeidings tipies met kenmerkende ko- en kontekstuele raamwerke vir elkeen daarvan gepaard gaan (#5 en #7, asook #9 en #10).

Die 2020-vertaling bevestig ten slotte die hervertalingshipotese en dit is inderdaad in baie opsigte anders as ander aktiewe vertalings van die Bybel in Afrikaans. Nogtans stem dit in een opsig ooreen met enige ander Bybelvertaling: Dit is naamlik die produk van mense en is as sodanig nie sonder foute en/of onsekerhede nie (#12 en #15).

BIBLIOGRAFIE

- Burton, M.E. 2017. *The semantics of glory. A cognitive corpus-based approach to Hebrew word meaning*. Leiden: Brill.
- Chesterman, A. 2000. A causal model for translation studies. In Olohan, M. (ed.). *Intercultural faultlines: Research models in translation studies I: Textual and cognitive aspects*. Manchester: St. Jerome, pp. 15-27.
- Clark, B. 2013. *Relevance theory*. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Prenter, J.A. 2012. The contrastive polysemous meaning of חָרַם in the book of Joshua: A cognitive linguistic approach. In Noord, E. (ed.). *The book of Joshua*. Leuven: Peeters, pp. 473-488.
- Die Boodskap: Die Bybel in hedendaagse Afrikaans*. 2002. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Bybel in Afrikaans*. 1953. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel in Afrikaans*. 1983. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel vir Dowes*. 2007. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel: Nuwe Lewende Vertaling (NLV)*. 2006. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Lewende Bybel*. 1982. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- De Statenvertaling [1637] 1997*. Electronic ed. Bellingham, WA: Logos Bible Software.
- Follingstad, C.M. 2001. *Deictic viewpoint in biblical Hebrew text: A syntagmatic and paradigmatic analysis of the particle כִּי (ki)*. Dallas, Texas: SIL.
- Geeraerts, D. 2010. *Theories of lexical semantics*. Oxford: Oxford University Press.
- Gutt, E.A. 2000. *Translation and relevance: Cognition and context*. Manchester: St Jerome.
- KJV 1995* (electronic version of the 1769 edition of the 1611 Authorized Version). *The holy Bible: King James Version*. Bellingham, Logos Research Systems, Inc.
- Koehler, L., Baumgartner, W., Richardson, M.E.J. & Stamm, J. 1994–2000. *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament*. Leiden: Brill.
- Locatell, C.S. 2017. Grammatical polysemy in the Hebrew Bible: A cognitive linguistic approach to *ki*. PhD dissertation: University of Stellenbosch.
- Locatell, C.S. 2019. Causal relationships communicated with *כִּי*: A cognitively oriented analysis. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 45(2):79-102.
- Louw, J.P. & Nida, E. A. 1988. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. New York, N.Y.: United Bible Societies.
- Miller-Naudé, C.L. & Van der Merwe, C.H.J. 2011. הִנְיָה and mirativity in Biblical Hebrew. *Hebrew Studies*, 52(1):53-81.
- Mojola, A.O. & Wendland, E. 2003. Scripture translation in the era of translation studies. In Wilt, T. (ed.). *Bible translation: Frames and reference*. Manchester: St. Jerome, pp. 1-26.
- Müller, K. 2018. *Lobe den Herrn Meine "Seele": Eine kognitiv-linguistische Studie zur Næfæð des Menschen im Alten Testament*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Nida, E.A. 1964. *Towards a science of translating, with special reference to principles and procedures involved in Bible translating*. Leiden: Brill.
- Nida, E.A. & Taber, C.R. 1969. *The theory and practice of translation*. Leiden: Brill.
- Noordman, L.G.M. & Vonk, W. 1997. The different functions of a conjunction in constructing a representation of the discourse. In Costermans, J. & Fayol, M. (eds). *Processing interclausal relationships: Studies in the production and comprehension of text*. Mahwah, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, pp. 75-93.
- Nord, C. 1991. *Text analysis in translation: Theory, methodology and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, C. 1997. *Translating as a purposeful activity*. Manchester: St. Jerome.
- Nord, C. 2001. Loyalty revisited: Bible translation as a case in point. *The Translator*, 7(2):185-202.
- Palopski, O. & Koskinen, K. 2004. Thousand and one translations: Retranslation revisited. In Hansen, G., et al. (eds). *Claims, changes, and challenges*. Amsterdam: John Benjamin, pp. 27-38.
- Pym, A. 2010. *Exploring translation theories*. New York: Routledge.
- Sperber, D. & Wilson, D. 1986. *Relevance: Communication and cognition*. Oxford: Blackwell.
- Sperber, D. & Wilson, D. 1995. *Relevance: Communication and cognition*. Second edition. Cambridge: Blackwell.

- Van den Heever, C.M. 2013. Idioms in Biblical Hebrew: Towards their identification and classification with special reference to 1 and 2 Samuel. PhD dissertation: University of Stellenbosch.
- Van der Merwe, C.H.J. 1999. 'n Konkordante vertaling van die Bybel in Afrikaans: Is dit hoegenaamd verantwoordbaar, en hoe sal dit lyk? *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 40(3-4):293-306.
- Van der Merwe, C.H.J. 2007. A cognitive linguistic perspective on הָנָה in the Pentateuch, Joshua, Judges and Ruth. *Hebrew Studies*, 47:238-277.
- Van der Merwe, C.H.J. 2011. The difference between הָנָה, הָנָה and רָאָה. In Gass, E. & Stipp, H.-J. (Hrsg.) "Ich werde meinen Bund mit euch niemals brechen!" (Ri 2,1). *Festschrift für Walter Gross zum 70.Geburtstag*. Freiburg: Herder, pp. 237-256.
- Van der Merwe, C.H.J. 2012. The Bible in Afrikaans: A direct translation – a new type of church Bible. *Hervormde Teologiese Studies*, 68(1): <http://dx.doi.org/1210.4102/hts.v1268i1201.1204>.
- Van der Merwe, C.H.J. 2014. Direkte vertaling van die Bybel as antieke teks: Net 'n nuwe benaming vir 'n stokkerige woordelikse vertaling? *LitNet Akademies*, 11(3):Des. 2014.
- Van der Merwe, C.H.J. 2016. How 'direct' can a direct translation be? Some perspectives from the realities of a new type of church Bible. *HTS Teologiese Studies*, 72(3). <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i1.3233>
- Van der Merwe, C.H.J. 2018. The polysemous relationships between the senses of the verbal root הָקָה. *Biblica*, 99(2):1-23.
- Van der Merwe, C.H.J. 2020. Biblical Hebrew and cognitive linguistics. A general orientation. (Unpublished document)
- Van der Merwe, C.H.J. & Cornelius, I. 2019. A profile of דָּ in the book of Jeremiah: A perspective from lexical typology and material culture. In Michael, A. & Rüttgers N.K. (Hrsg.). *Jeremia, Deuteronomismus und Priesterschrift. Beiträge zur Literatur- und Theologie-geschichte des Alten Testaments. Festschrift für Hermann-Josef Stipp zum 65. Geburtstag*. Sankt Ottilien: EOS, pp. 279-304.
- Van der Merwe, C.H.J., Naudé, J.A. & Kroeze J.H. 2017. *A Biblical Hebrew reference grammar*. Second edition. London: Bloomsbury.
- Versluis, A. 2016. Devotion and/or destruction? The meaning and function of חָרַם in the Old Testament. *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft*, 128(2):233-246.
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT). A tot Skooi. 2014. Buro van die WAT: Stellenbosch.

Die Hebreuse grondteks en die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans

The Hebrew base text and the 2020 translation of the Bible in Afrikaans

HERRIE VAN ROOY

Skool vir Antieke Tale

Fakulteit Teologie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: Herrie.vanrooy@nwu.ac.za



Herrie van Rooy

HERRIE VAN ROOY is emeritus professor in Ou Testament en Semitiese Tale aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), Suid-Afrika. Hy het sy PhD in 1977 verwerf en het Semitiese Tale en Ou Testament aan sy alma mater gedoseer in die tydperk 1980–2014. Hy het gedien in die bestuur van die Ou Testamentiese Vereniging van Suid-Afrika (1992–2004; voorsitter 1998–2004) en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Nabye Oosterse Studie (1988–2000; voorsitter 1996–2000). Hy dien in die redaksionele raad van *Oudtestamentiese Studiën* sedert 1999. Hy is ook 'n lid van die begeleidingskomitee en die redaksionele komitee vir die Ou Testament van 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel. Sy publikasies sluit in *Studies on the Syriac Apocryphal Psalms* (1999) en *The East Syriac Psalm Headings: A Critical Edition* (2013). Vir sy bydrae tot Bybelvertaling en die Afrikaanse Psalmomdigting het hy die Ds. Pieter van Drimmelen-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Hy is tans 'n B-gegradeerde navorser by die NNS.

HERRIE VAN ROOY is emeritus professor in Old Testament and Semitics at the North-West University (Potchefstroom Campus), South Africa. He received his PhD in 1977 from and taught Semitics and Old Testament at his alma mater during 1980–2014. He served on the executive committees of the Old Testament Society (1992–2004; chair 1998–2004) and the South African Society of Near Eastern Studies (1988–2000; chair 1996–2000). He has served on the editorial board of *Old Testament Studies* since 1999. He is also a member of the steering committee and the Old Testament editorial committee of a new Afrikaans translation of the Bible. His publications include *Studies on the Syriac Apocryphal Psalms* (1999) and *The East Syriac Psalm Headings: A Critical Edition* (2013). For his work on Bible translation and the metrical version of the Psalms in Afrikaans, he received the Rev. Pieter van Drimmelen Medal from the South African Academy for Science and Arts. He is currently a B-rated scholar at the NRF.

Datums:

Ontvang: 2020-03-06

Goedgekeur: 2020-07-08

Gepubliseer: Desember 2020

ABSTRACT***The Hebrew base text and the 2020 translation of the Bible in Afrikaans***

In planning to create a new translation of the Bible in any language, a number of important decisions have to be made. These include issues like choosing the text to be translated and the translation strategy that will be followed. These questions received attention when the Bible Society of South Africa decided to undertake a new Afrikaans translation of the Bible. This translation, the 2020 translation of the Bible in Afrikaans, is the third Afrikaans translation undertaken by the Bible Society, following the 1933/53 translation and the 1983 translation. As it was decided to make a source text-orientated translation, selecting a base text was decisive for the translation process. As regards the Old Testament, it was decided to use the Masoretic Text as base text, and the Biblia Hebraica Stuttgartensia (BHS) as the source text. This article focusses on the decision regarding the treatment of text-critical issues in the Masoretic Text.

The history and character of the Masoretic Text and its different editions are discussed and the text-critical apparatus of these editions receive special attention. The BHS is a diplomatic edition, which has to be distinguished from an eclectic edition. In an eclectic edition, the editors will make a choice between possible variants in every instance of a text-critical problem. The option chosen is then published. In a footnote, the choice and possible alternatives will be discussed. In a diplomatic edition, the editors decide which text or manuscript is best for the edition. This text is then published. A footnote will indicate other readings and, in some instances, the preferred reading of the editors. In the case of the BHS, the Codex Leningradensis was taken as the source text to be published. This is the source text of the 2020 translation. In scientific commentaries and modern translations of the Old Testament text-critical choices are often made, with the translations based on an eclectically reconstructed text of the Old Testament.

The translators of the Old Testament, and especially the editorial committee for the Old Testament, did not formulate specific guidelines for dealing with text-critical issues, but the editorial committee followed certain basic points of departure. These points of departure of the editorial committee are briefly discussed, as well as three important editions of the Hebrew Bible, the BHS, the Biblia Hebraica of Kittel (BHK) and a new edition that has not yet been completed, the Biblia Hebraica Quinta (BHQ). This is followed by a discussion of a number of examples from the Old Testament, namely Deuteronomy 5:10, 33:2 and Hosea 6:5. The approach to the Masoretic Text can be described as conservative. In instances where the Masoretic Text has a reading without any problems, that reading is followed, even when the ancient translations or manuscripts from the Dead Sea have plausible variants. When, however, the Masoretic Text was found to be problematic, variants were considered and followed in the translation, but only when absolutely necessary. In such instances, footnotes indicating which witnesses had been followed were added and, where possible, what the translation of the reading of the Masoretic Text could be. Such translations will clarify why the deviation was necessary. The 2020 Afrikaans translation of the Bible follows the Masoretic Text where possible, deviates from it where necessary and explains deviations from the Masoretic Text in footnotes.

KEYWORDS:

Bible translation, Masoretic Text, text-critical problems, 2020 Afrikaans translation of the Bible, 1933/53 translation, 1983 translation, *Biblia Hebraica Stuttgartensia*, diplomatic editions, eclectic editions, source text-oriented translation

TREFWOORDE: Bybelvertaling, Masoretiese Teks, tekskritiese probleme, 2020-Afrikaanse vertaling van die Bybel, 1933/53-vertaling, 1983-vertaling, *Biblia Hebraica Stuttgartensia*, diplomatiese uitgawes, eklektiese uitgawes, brontekstgeoriënteerde vertaling

OPSOMMING

Wanneer daar besluit word om 'n nuwe vertaling van die Bybel te maak, moet 'n aantal belangrike besluite geneem word. Dit sluit kwessies in soos watter teks vertaal sal word en op watter manier die vertaling sal plaasvind. Wat die Ou Testament betref, is daar besluit om die Masoretiese Teks as basisteks te neem. Verder is daar op die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (BHS) as die grondteks besluit. Hierdie bydrae fokus op die tekskritiese wyse waarop die vertalers probleme in die teks hanteer het, maar om 'n insig te gee in die oorweging van watter tekskritiese strategie gevolg moet word, word vooraf aandag gegee aan die verskillende benaderings tot die hantering van die bronteks in die proses van Bybelvertaling. Die geskiedenis en aard van die Masoretiese Teks en sy uitgawes word bespreek, en die tekskritiese aantekeninge in drie belangrike uitgawes van die Masoretiese Teks word deurgaans in ag geneem. Hoewel die vertalers nie spesifieke riglyne vir die hantering van tekskritiese probleme op skrif gestel het nie, het die redaksie van die Ou Testament van die 2020-vertaling sekere basiese uitgangspunte gebruik om probleemgevalle te hanteer. Hierdie uitgangspunte word kortliks uiteengesit, waarna enkele voorbeelde bespreek word. Die benadering tot die Masoretiese Teks was konserwatief in die sin dat, sover moontlik, die teks van die Hebreeuse Bybel in die vertaling gevolg is. Soms is daar in problematiese gevalle daarvan afgewyk, maar dit het slegs ná deeglike oorweging geskied. Samevattend kan gesê word dat die 2020-vertaling die Masoretiese Teks so getrou moontlik volg, in sommige gevalle daarvan afgewyk het en sulke afwykings goed gemotiveer het.

INLEIDING

Wanneer daar beplan word om 'n nuwe vertaling van die Bybel te maak, moet daar oor 'n aantal belangrike sake besluit word. Dit sluit kwessies in soos watter teks vertaal sal word en op watter manier die vertaling gemaak sal word. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het besluit om 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel te maak (die 2020-vertaling), en wel 'n brontekstgeoriënteerde vertaling. Wat die Ou Testament betref, is daar besluit om die Masoretiese Teks as die basisteks en die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (voortaan BHS)¹ as die grondteks te kies.² Hierdie bydrae fokus in die besonder op die BHS as die uitgawe waarop die vertalers as grondteks vir die vertaling van die Ou Testament besluit het en op die tekskritiese wyse waarop hulle probleme in die Hebreeuse teks hanteer het. Die tekskritiese aantekeninge in die BHS, asook in ander uitgawes van die Masoretiese Teks, word beskryf en beoordeel. In 'n oorsig oor en beoordeling van die geskiedenis van die Masoretiese Teks en sy uitgawes sal daar probeer word om aan te dui waarom hierdie Hebreeuse Bybel as die bronteks vir die 2020-vertaling gekies is.

¹ Kyk Elliger & Rudolph (1984) vir bibliografiese besonderhede.

² Met “basisteks” word die oorspronklike teks aangedui (in die geval van die 2020-vertaling, die Hebreeuse Masoretiese Teks), terwyl “die bronteks” dui op die spesifieke uitgawe van die teks wat vertaal word (in die geval van die 2020-vertaling die *Biblia Hebraica Stuttgartensia*).

Die eiesoortige probleme wat die Masoretiese Teks vir vertalers meebring, lei tot verskillende benaderings tot die grondteks wat vir vertaling gekies is. Hiervoor is die bespreking van verskillende tekskritiese benaderings tot die teks van belang. Hieraan word aandag gegee ná die bespreking van die Masoretiese Teks as die bronteks vir die 2020-vertaling van die Ou Testament.

Die vertalers het geen spesifieke riglyne vir die hantering van tekskritiese probleme op skrif gestel nie, maar die redaksie van die Ou Testament van die 2020-vertaling het sekere uitgangspunte gevolg by die hantering van probleemgevalle. Hierdie uitgangspunte sal kortliks uiteengesit en enkele voorbeelde bespreek word. Daar sal deurgaans aandag gegee word aan die tekskritiese aantekeninge van drie belangrike uitgawes van die Hebreeuse Bybel.

DIE MASORETIESE TEKS EN DIE 2020-VERTALING

Toe die Bybelgenootskap van Suid-Afrika besluit het om 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel te maak, is ook besluit dat die Masoretiese Teks as basiese teks vir die vertaling gebruik gaan word, met die BHS as die grondteks. Eenvoudig gestel, is die Masoretiese Teks die Hebreeuse teks van die Ou Testament, maar dit is 'n ooreenvoudiging van wat die Masoretiese Teks presies is.

Geskiedenis van die Masoretiese Teks

Die Hebreeuse teks van die Ou Testament het 'n lang en ingewikkelde geskiedenis, en die Masoretiese Teks is 'n enkele, alhoewel 'n baie belangrike, moment in die lang geskiedenis. Barthélemy (2012:233) stel dat daar vir die meeste boeke van die Ou Testament vier fases in die geskiedenis van die Hebreeuse teks onderskei kan word:

1. die fase van die oorsprong van die teks tot die eerste uitgawe as die Heilige Skrif;
2. die fase van die eerste uitgawe tot die stabilisering van die konsonantiese teks;
3. die fase van die stabilisering van die teks tot die Masoretiese Teks; en
4. die verdere lewe van die Masoretiese Teks.

Tov (2012:25) wys daarop dat die Masoretiese Teks self vyf elemente bevat:

1. die konsonantiese raamwerk, waarvan die proto-Masoretiese Tekste van die woestyn van Judea getuie is;
2. vokalisasie;
3. paratekstuele elemente;
4. aksente; en
5. Masoretiese aantekeninge.

Barthélemy (2012:272-273) vra in die lig van die verskillende tradisies in die derde fase of 'n mens werklik van 'n Masoretiese Teks kan praat. Hy oordeel dat dit wel moontlik is, maar dan is dit baie nou verbonde aan die werk wat die Masorete deur die negende eeu en die begin van die tiende eeu in Tiberias gedoen het. Wanneer 'n mens na die Masoretiese Teks verwys, moet die verskillende elemente in gedagte gehou word.

Wat Barthélemy se eerste twee fases betref, het die ontdekking van die rolle by Qumran en omgewing 'n groot verandering in standpunte teweeggebring. Voor die ontdekking van die rolle was geleerdes veral aangewys op verskille tussen drie verskillende weergawes van die Ou Testament wat in verskillende kringe oorgelewer is, naamlik die Hebreeuse Bybel, soos

wat dit deur die Jode oorgelewer is, die Samaritaanse Pentateug, wat deur die Samaritane oorgelewer is, en die Griekse Ou Testament, die Septuagint, wat deur Jode vertaal is, maar deur die kerk oorgelewer is. Vóór die ontdekking van die rolle was die twee oorheersende standpunte dié van Kahle en De Lagarde, soos beskryf deur Mulder (1988:99-101) en Tov (2012:171-173). De Lagarde het uitgegaan van die standpunt van 'n oorspronklike teks ('n *Urtext*) aan die begin van die proses van oorlewering. Kahle se uitgangspunt was 'n verskeidenheid van tekste aan die begin wat nader na mekaar toe ontwikkel het.

Ná die ontdekking van die rolle het Cross sy lokaleteksteorie ontwerp, wat deur Mulder (1988:101-102) en Tov (2012:173-174) bespreek word. Die teorie het tussen Palestynse, Egiptiese en Babiloniese vorme onderskei. Die Palestynse groep word verteenwoordig deur die Samaritaanse Pentateug en sommige manuskripte van Qumran, die Egiptiese vorm deur die Septuagint, en die Babiloniese groep deur die Masoretiese Tekst. Tov aanvaar hierdie groepe in 'n sekere mate, maar nie die idee van die lokaliteit van die groepe nie. Hy voeg egter 'n vierde groep by, naamlik tekste wat nie direk aan enige van hierdie groepe verwant is nie (Tov 2012:107-110).

Tov (2012:174-180) meen ook dat die Masoretiese groep relatief stabiel was, sodat hy nie die idee van die standaardisering van die Hebreeuse teks teen die einde van die eerste eeu van die huidige jaartelling aanvaar nie. Daar was verskeie tekstvorme in omloop, maar die ander vorme het verdwyn ná die vernietiging van die tempel in 70 n.C. Hiermee stem Ulrich (2012:55-57) saam. Hy wil egter nie aanvaar dat hierdie teks die een was wat die priesters in Jerusalem gebruik het nie (*idem*:56). Dit is wel die mening van Van der Kooij (2012:31-37). Ook Würthwein en Fischer (2014:16-17) wil 'n belangrike rol toewys aan die priesters in die tempel in Jerusalem. Ná die verwoesting van die tempel het die rabbyne die funksie van die bewaring en verbetering van die teks oorgeneem. Lange (2016:112-166) bied 'n omvattende bespreking aan van die teksgetuies en ander getuies oor die Hebreeuse teks van die Ou Testament net voor en kort ná die begin van ons jaartelling. Hy oordeel dat die standaardisering van die konsonantiese teks teen die tweede helfte van die eerste eeu voor ons jaartelling begin het (*idem*:150-151). Hy oordeel ook dat die tempel in Jerusalem 'n beduidende rol in hierdie proses gespeel het (*idem*:151, 157, 158).

Crawford (2012:66) meen dat 'n mens versigtig moet wees om nie te veel waarde te heg aan die latere groepe wat tekste soos die Masoretiese Tekst, die Samaritaanse Pentateug en die Septuagint oorgelewer het nie. Sy oordeel dat elke boek aan die einde van die redaksionele proses 'n vaste vorm aangeneem het, maar dat die inhoud nie so vas was nie. Sy wys ook op twee verskillende praktyke wat by die oorskrywers van die teks waargeneem kan word, die een presieser en die ander vryer. Die twee benaderings kon op alle boeke van die Ou Testament van toepassing gewees het. Die Pentateug vertoon 'n vaster vorm, terwyl Jeremia en Esegïel vryer oorgelewer is (*idem*:67).

In 'n onlangse bydrae wys Tov (2018:50) daarop dat 'n mens versigtig moet wees om die aard van die Masoretiese Tekst as 'n eenheid te wil beskryf. Dit is beter om die aard of karakter van die verskillende boeke apart te beskryf. Elke boek in die Hebreeuse Bybel kan as 'n "foto" beskryf word van spesifieke tekstuele en skriftelike tradisies. Die verskillende boeke is die produk van verskillende groepe skrywers uit verskillende tye met verskillende gebruike (*idem*:51). Dit sluit sake in soos die verskil in die hantering van verskillende leesmoeders (*idem*:54), argaïese spelwyses, soos byvoorbeeld van die persoonlike voornaamwoord van die derde persoon manlik enkelvoud, wat in die Pentateug met 'n *yod* in die middel gespel word, pleks van die gebruiklike *waw* (*idem*:54-55), en die argaïese gebruik van 'n *he* vir die voornaamwoordelike suffiks van die derde persoon manlik enkelvoud, pleks van die latere

waw (*idem*:55-56). In sy beoordeling van die geskiedenis van die Masoretiese Teks neig hy, in sy eie woorde, om met die teorie van De Lagarde saam te stem, naamlik dat die teks teruggaan na 'n enkele oorspronklike teks (*idem*:62).

Die Masoretiese Teks is dus die gevolg van 'n lang historiese verloop deur die fases en periodes soos wat hier bo aangedui is. Teen die einde van die tiende eeu het dit 'n vaste vorm begin toon. In hierdie verband het die Ben Asher-familie van Tiberias 'n besondere rol gespeel. Die belangrikste Masoretiese manuskripte word met hierdie familie verbind. Martín Contreras (2016:420-421) noem vier belangrike manuskripte uit die Middeleeue wat aan hierdie familie gekoppel word. Die Pentateug-kodeks van die Britse biblioteek bevat 'n groot deel van die Pentateug en dateer uit die eerste helfte van die negende eeu (Würthwein & Fischer 2014:42; Barthélemy 2012:240). Die Kaïro-kodeks van die profete bevat die vroeë en laat profete en dateer uit 895 (Würthwein & Fischer 2014:40; Barthélemy 2012:240). Die Aleppo-kodeks bevat tweederdes van die Ou Testament en dateer uit die begin van die negende eeu (Würthwein & Fischer 2014:40-41; Barthélemy 2012:239-240). Würthwein en Fischer gee 'n oorsig oor die geskiedenis van hierdie manuskrip. 'n Deel van die manuskrip is vernietig in 'n brand in die sinagoge in Aleppo in 1947. Die Leningrad-kodeks bevat die volledige Ou Testament en dateer uit 1008-1009 (Würthwein & Fischer 2014:41-42; Barthélemy 2012:239). Die Aleppo- en die Leningrad-kodeks is die belangrikste manuskripte en word albei as die basiese tekste van sekere moderne teksuitgawes gebruik. Hieroor word hier onder gehandel.

Wat die vyf elemente van die Masoretiese Teks wat hier bo genoem is, betref, is daar reeds na die konsonantiese raamwerk verwys. Die vokalisasie was deel van die werk van die Masorete. Die invoeging van die vokale het noodsaaklik geword omdat Hebreeus nie meer 'n lewende taal was nie. Die Masorete het hiermee teen die sewende of agste eeu begin (Würthwein & Fischer 2014:25). Drie sisteme het ontwikkel, naamlik die Palestynse, die Babiloniese en die Tiberiese sisteem. Die meer onlangse Tiberiese sisteem het die belangrikste geword, en is ook in gedrukte Ou Testamentiese tekste gevolg (Würthwein & Fischer 2014:25-26). Hier bo is daar reeds verwys na die rol van die Ben Asher-familie, wat ook die toon aangegee het vir die Tiberiese vokalisasie.

Tov (2012) bied 'n omvattende bespreking van die paratekstuele elemente in die Masoretiese Teks. 'n Belangrike saak is die verskeie verdelings wat in die teks aangebring is, soos paragrawe en verse (*idem*:48-50). Omdat die Masorete nie aan die konsonantiese teks wat hulle ontvang het, wou verander nie, het hulle gebruik gemaak van wat bekend staan as *Ketib* ("dit wat geskryf staan") en *Qere* ("dit wat gelees moet word"). In die gevalle waar hulle die teks graag wou verander, het hulle die vokale van die woord wat hulle graag wou lees, by die konsonante in die teks bygevoeg, terwyl hulle die konsonante van die woord wat hulle graag wou lees, in die kantlyn aangedui het (*idem*:54-59). 'n Voorbeeld hiervan word in Esegïel 1:8 aangetref. In die teks staan daar יָדָי. Die kringetjie bo die *dalet* dui aan dat daar 'n kantlynaantekening is. Die konsonante wat in die teks staan, dui op die woord vir "hand", met die suffiks van die derde persoon enkelvoud "sy hand". Dit pas egter nie in die konteks nie. Die kantlyn bevat die konsonant wat gelees behoort te word en wat by die vokale pas: יָדָי. Met die vokale wat in die teks staan, gee dit die meervoud "hande" in die *constructus*, wat dus saam met die volgende woord gelees word as "die hande van 'n mens". Wanneer die Ou Testament vertaal word, moet elk van hierdie gevalle ondersoek word om te bepaal of die vertalers die konsonantiese teks gaan vertaal of die voorstel van die Masorete gaan volg. In die 2020-vertaling word daar, waar dit nodig is, in voetnote aan hierdie saak aandag gegee.

Die aksentsisteem wat die Masorete ontwikkel het, het 'n drievoudige doel (Tov 2012:63; Würthwein & Fischer 2014:32). Dit dien as hulpmiddel by die voorlesing van die teks in die

sinagoge, dui aan waar die klem op 'n woord val en dui die sintaktiese verhoudings tussen woorde aan. Laasgenoemde help om die logiese en semantiese verbande in 'n vers of sin te bepaal. Daar word onderskei tussen skeidende en verbindende aksente. Die skeidende aksente dui iets van die struktuur van 'n teks aan, terwyl die verbindende aksente veral sintaktiese verhoudings aandui (Würthwein & Fischer 2014:32).

Die doel van die Masoretiese aantekeninge was om die sorgvuldige oorlewering van die teks te handhaaf en het in die besonder op die ortografie gefokus. Dit moes veral help om die eenaardige spelling van woorde te bewaar (Tov 2012:66; Würthwein & Fischer 2014:36). Drie stelle aantekeninge word onderskei, naamlik aantekeninge aan die kant van 'n bladsy (*Masora marginalis*, wat veral bekend is as *Masora parva*), onder of bo aan 'n bladsy (*Masora magna*) en aan die einde van 'n Bybelboek (*Masora finalis*). Die kantlynaantekeninge dui onder andere aan hoeveel keer 'n spesifieke woord met 'n sekere stel konsonante of vokale in die Ou Testament voorkom, *Qere*-vorme (waarna hier bo verwys is) en inligting soos die kortste vers of die middelste vers in 'n boek. Die *Masora magna* gee die detail van die *Masora parva*. As die *Masora parva* byvoorbeeld aandui dat 'n sekere woord in die betrokke vorm net vyf keer in die Ou Testament voorkom, dui die *Masora magna* die ander vier plekke aan. Die *Masora finalis* aan die einde van 'n boek gee inligting oor daardie boek, soos byvoorbeeld die aantal letters, woorde en verse.

Vir vertalers is die aantekeninge nuttig, veral wat die *Qere*-lesings betref, maar ook wanneer daar onsekerheid bestaan oor die korrekte spelling van 'n spesifieke woord. Elkeen van hierdie aantekeninge moet nietemin op sy eie meriete beoordeel word.

Uitgawes van die Masoretiese Teks

Mulder (1988:116-121, 123-126) bied 'n omvattende bespreking aan van die vroegste gedrukte weergawes van die Hebreeuse teks van die Ou Testament. Vir die Afrikaanse vertaling van die Ou Testament in 1933 is veral die tweede uitgawe van die Rabbynse Bybel, wat in 1524–1525 gepubliseer is, belangrik. Hierdie uitgawe het die Masoretiese aantekeninge bevat en was die bron vir latere uitgawes van die Hebreeuse Bybel tot by die tweede uitgawe van die *Biblia Hebraica Kittel* (Tov 2012:70-71, 351). Die Hebreeuse teks van die tweede Rabbynse Bybel, wat ook bekend staan as die Bombergbybel, het vir baie eeue die status van 'n *textus receptus* geniet. Dit het gebruik gemaak van tans onbekende laat manuskripte, wat volgens Tov (2012:72) na aan die teks van die kodeks van Aleppo en dié van Leningrad was.

Die 1933-vertaling het die tweede uitgawe van die *Biblia Hebraica* gebruik, en moontlik ook los dele wat sedert 1929 gepubliseer is. Die hersiening van 1953 sou die volledige derde uitgawe kon gebruik het. Die 1983-vertaling het die BHS gebruik. Die eerste twee uitgawes van die BHK het berus op die teks van die Bombergbybel. Hierdie twee uitgawes het aantekeninge in voetnote wat variante veral uit die vroeë vertalings (die Septuagint, Vulgaat, Pesjitta en Targum) bevat het, asook voorstelle wat nie noodwendig op teksgetuies berus nie. Die derde uitgawe het gebruik gemaak van die *Codex Leningradensis*, een van die belangrikste manuskripte van die Ben Asher-familie en die enigste volledige teks van die Ou Testament in hierdie tradisie. Die tekskritiese apparaat van hierdie uitgawe is in twee verdeel, waar die eerste deel die mins belangrike en die tweede deel die mees belangrike variante bevat (Kittel 1973:XXVI). In die herdruk van hierdie uitgawe ná 1951 is ook variante uit die manuskripte van Qumran in 'n derde apparaat opgeneem (p. XXXIX).

Die tekskritiese apparaat van die BHS het die aparate gekombineer en bevat minder variante, maar die variante is relevanter (Elliger & Rudolph 1984:XII). In tekskritiese opsig bly die BHS egter steeds 'n beperkte uitgawe.

Tans is 'n verdere uitgawe van die *Biblia Hebraica* in die proses om gepubliseer te word. Dit staan bekend as die *Biblia Hebraica Quinta* (hierna BHQ) (Schenker *et al.* 2011). Hierdie uitgawe kon gedeeltelik gebruik word ter aanvulling van die BHS tydens die werk aan die 2020-vertaling. Die tekskritiese apparaat het meer inligting en beoordeel die variante wat daarin voorkom. Die uitgawe bevat ook 'n aparte tekskritiese kommentaar. Indien die hele uitgawe beskikbaar sou gewees het, sou dit sekerlik vir die 2020-vertaling gebruik kon geword het. Dit gebruik steeds die *Codex Leningradensis* as basis, sodat die basiese Hebreeuse teks van hierdie uitgawe nie van die BHS verskil nie. Tov (2012:355-357) evalueer hierdie uitgawe.

'n Uitgawe waaraan tans gewerk word, is die *Hebrew University Bible Project*. Hiervan het tot op hede nog net drie boeke verskyn, naamlik Jesaja, Jeremia en Esegïel. Hierdie uitgawe gebruik die Aleppo-kodeks as die basiese teks (waar dit behoue gebly het, andersins ook die *Codex Leningradensis*) en is 'n omvattende tekskritiese uitgawe; dit het 'n baie meer uitgebreide tekskritiese apparaat as die *Biblia Hebraica*-uitgawes. Tov (2012:357-359) bied 'n oorsig aan oor hierdie uitgawe en sy vier verskillende tekskritiese apparate. Die eerste apparaat het variante uit die vroeë vertalings, in die volgorde van Septuagint, Vulgaat, Targum en Pesjitta. Die tweede apparaat het variante uit die tweede tempelperiode, dus die Rabbynse literatuur en die tekste uit die omgewing van die Dooie See. Die derde apparaat bevat variante uit die Middeleeue, naamlik kodekse van die Masoretiese Teks, fragmente uit die Genizah in Kaïro en aanhalings in middeleeuse (Joodse) kommentare. Die vierde apparaat bevat variante uit middeleeuse kodekse ten opsigte van ortografie, vokalisasie en aksente. In 'n vyfde apparaat word aantekeninge aangebied oor die variante in apparaat 1. In hierdie apparaat word nie 'n mening oor die variante uitgespreek nie, maar die inligting word baie volledig aangebied en stel moontlike verklarings vir variante voor. Die beskikbare volumes is geraadpleeg gedurende die werk aan die 2020-vertaling.

Omdat die *Hebrew University Bible Project* tot nou toe net vir die drie groot profete beskikbaar was, en omdat nog net sommige van die BHQ-volumes gedurende die vertaalproses van die 2020-vertaling verskyn het, het die redaksiekomitee waar nodig die vier vroeë vertalings geraadpleeg om so die beskikbare tekskritiese gegewens aan te vul en te beoordeel.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat die vertalers verskillende uitgawes geraadpleeg het om te verseker dat die 2020-vertaling van die Ou Testament sover moontlik 'n getroue vertaling van die Masoretiese Teks is.

Die BHS as diplomatiese uitgawe van die Masoretiese Teks

In 'n vorige publikasie (Van Rooy 2017, in die besonder pp. 9-10) is breedvoerig aandag gegee aan die basiese uitgangspunte wat gegeld het vir die werk van die redaksionele komitee oor die Ou Testament. In 'n bronteksgeoriënteerde vertaling is die keuse van die bronteks natuurlik 'n basiese beginpunt vir die vertaling. Soos met die 1983-vertaling, is die BHS as bronteks gekies. Soos wat hier bo aangedui is, berus hierdie uitgawe op die *Codex Leningradensis*, wat as die beste volledige Masoretiese manuskrip van die Ou Testament beskou word.

Die aard van hierdie uitgawe moet in gedagte gehou word, omdat dit ook 'n belangrike invloed het op die aard van die tekskritiese beoordeling tydens die vertaalproses. Twee verskillende soorte wetenskaplike uitgawes van Bybeltekste kan onderskei word, naamlik diplomatiese en eklektiese uitgawes (Würthwein & Fischer 2014:46-47; Tov 2012:347-350, 359-364). Albei soorte uitgawes word gebruik vir wetenskaplike uitgawes van die Ou of Nuwe Testament. Vir die Nuwe Testament het eklektiese uitgawes die norm geword, soos die uitgawe deur die Deutsche Bibelgesellschaft (voorheen deur die United Bible Society) wat gebruik word

vir die meeste vertalings van die Nuwe Testament (Aland *et al.* 2002). Wat die Ou Testament betref, word eklektiese uitgawes van die boeke van die Septuagint uitgegee in die Göttingenreeks. Diplomatieuse uitgawes kom voor vir die Masoretiese Teks en die Pesjitta. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is die uitgawe van die Pesjitta waarmee daar in Leiden begin is.

Die verskil tussen eklektiese en diplomatieuse uitgawes is geleë in die teks wat uiteindelik gedruk word. 'n Eklektiese teks kom tot stand wanneer die redakteurs besluit wat die beste *lesing is in elke geval* waar variante voorkom. In die voetnote word aangedui watter teksgetuies die gekose lesing ondersteun, watter variante bestaan en watter teksgetuies die variante ondersteun. 'n Diplomatieuse teks kom tot stand wanneer die redakteurs besluit watter *manuskrip* die beste is om te gebruik. Daardie manuskrip se lesings word as die basiese teks gedruk. Soms word ooglopende foute in die teks herstel (soos in die geval van die Leidense Pesjitta) en soms nie (soos in die geval van die BHS). In die voetnote word variante aangedui, asook die teksgetuies wat die variante ondersteun. In sommige gevalle sal die redakteurs in die voetnote aandui watter lesing hulle verkies bo die lesing in die gedrukte teks. In 'n diplomatieuse teksuitgawe moet die voetnote dus besondere aandag geniet. In 'n uitgawe van die Masoretiese Teks moet daar ook aandag gegee word aan die *Ketib-Qere*-variante. Die *Qere* dui die voorkeur van die Masorete aan, maar dit sal nie in alle gevalle nagevolg word nie.

Wanneer die Masoretiese Teks in die BHS as grondteks gekies is, is 'n volgende vraag hoe hierdie grondteks tekskrities benader moet word.

DIE TEKSKRITIESE BENADERING VAN DIE 2020-VERTALING

Die besluit van die vertalers om die Masoretiese Teks as die basisteks vir die Nuwe Afrikaanse Bybel te gebruik, is goed gemotiveer, maar weens die probleem van onverstaanbare of korrumperte woorde in die teks, is dit 'n vraag of die Hebreeuse Ou Testament in sy geheel net so vertaal kan word. Hierdie probleem blyk uit twee publikasies van die bekende Ou Testamentiese tekskritikus, Emanuel Tov (2000, 2012). Hierin gee hy nie net aandag aan die vraag watter teks van die Hebreeuse Bybel vertaal moet of kan word nie, maar ook aan wat die implikasies is van die tekskritiese hantering van die betrokke teks.

Die problematiek van die tekskritiese probleme in die vertaling van die Masoretiese Teks het tot verskillende benaderings onder vertalers gelei. In sy 2000-publikasie verwys hy na wetenskaplike vertalings, soos wat in wetenskaplike kommentare aangetref word, en vertalings wat vir geloofsgemeenskappe bedoel is (Tov 2000:193-195). In 2012 onderskei hy tussen drie groepe, waar die derde wesenlik 'n uitbreiding is van wat hy in 2000 in sy tweede groep ingesluit het (Tov 2012:367-368). Hy verwys steeds na wetenskaplike vertalings (*idem*:367) en na vertalings vir geloofsgemeenskappe (*idem*:368). Die derde groep is vertalings waarin daar probeer word om een van die standaardweergawes van die Ou Testament sorgvuldig weer te gee (p. 368). Dit kan, afhangende van die betrokke geloofsgemeenskap, vertalings van die Masoretiese Teks, Septuagint, Vulgaat of Pesjitta wees. Soos wat reeds aangedui is, is dit vanweë onverstaanbare of korrumperte woorde onmoontlik om so 'n vertaling van die Masoretiese Teks te maak.

Sommige vertalers het op groot skaal veranderinge aan die Masoretiese Teks aangebring met die oog op 'n sinvolle vertaling daaraan. Tov noem dié soort vertalings eklektiese vertalings (soos in die titel van sy bydrae van 2000 verwoord). Die vertalings in wetenskaplike kommentare is volgens Tov (2000:193) kritiese (of eklektiese) uitgawes van die Hebreeuse teks. Die Masoretiese Teks word as uitgangspunt gebruik, maar lesings uit die vroeë vertalings (die Septuagint, Vulgaat, Pesjitta en die Targums) word ook gebruik, asook emendasies wanneer

die probleme van die Masoretiese Teks nie op hierdie manier opgelos kan word nie. In kommentare word die vertalings aangebied op grond van hierdie teoretiese rekonstruksie van 'n oorspronklike teks (*idem*:193-195). Hierdie vertalings in wetenskaplike kommentare is gerig op akademici.

Die vertalings wat vir 'n geloofsgemeenskap bedoel is, verskil in sekere opsigte hiervan. Kommentare kan moeilike woorde of gedeeltes weglaat, maar die vertalings vir 'n geloofsgemeenskap kan dit nie doen nie, juis omdat dit op 'n geloofsgemeenskap gerig is waar onsekerheid oor 'n vertaling eerder vermy word (Tov 2000:195). Die meeste van die vertalings wat op 'n geloofsgemeenskap gerig is, is ook eklekties van aard, alhoewel hulle gewoonlik minder aan die Masoretiese Teks as die wetenskaplike kommentare verander het (*idem*:196). Die beginsel is egter dieselfde. Tov wys daarop dat vertalers weinig tekskritiese ondersteuning het, ook omdat die beskikbare uitgawes van die Masoretiese Teks nie volledige inligting aanbied nie. Die vertalings vir geloofsgemeenskappe stem ooreen in dié opsig dat die Masoretiese Teks as basisteks gebruik word, maar dat dit soms verontagsaam word. Vir Tov is hierdie benadering subjektief (*idem*:198-199). In sommige gevalle word besondere aandag gegee aan die tekste van Qumran en die Septuagint, terwyl ander vertalings afwykings van die Masoretiese Teks in voetnote verantwoord (*idem*:200-201). Vir hom is sowel die vertalings in kommentare as die vertalings wat vir geloofsgemeenskappe bedoel is eklektiese vertalings wanneer hulle berus op eklektiese veranderinge aan die Masoretiese Teks.

Vir Tov (2000:202-203) veroorsaak die subjektiwiteit van eklektisisme 'n belangrike probleem, omdat dit daarop uitloop dat verskillende geloofsgemeenskappe verskillende Bybels het. Dit hang saam met die ontwikkeling op die terrein van die tekskritiek, wat telkens nuwe moontlikhede na vore bring (*idem*:206). Hy wys daarop dat die Masoretiese Teks van vroeg af in Protestantse kringe gevolg is, terwyl die eklektiese hantering van die teks 'n moderner ontwikkeling is (*idem*:207-208). Tov dink dat dit beter sal wees om die premoderne benadering te volg (*idem*:209). Vir hom veroorsaak eklektiese vertalings meer probleme as vertalings van die Masoretiese Teks in sy bestaande vorm, met voetnootaantekeninge waar die betekenis van die Hebreeus onseker is (*idem*:210). Vir Tov bring eklektisisme vertalings voort waarvan die subjektiwisme nie verdedig kan word nie (*idem*:211).

Tov se artikel van 2000 is in 'n effens gewysigde vorm in 'n versameling artikels gepubliseer (Tov 2008:92-106). Die basiese uiteensetting is dieselfde, maar die bydrae het 'n verkorte opskrif waarin die tweede gedeelte van die opskrif in die 2000-weergawe, "The argument against eclecticism", weggelaat word. Tov hou vol met sy pleidooi dat daar eerder 'n sistematiese en konsekwente vertaling gemaak behoort te word van die Masoretiese Teks, Vulgaat, Septuagint of 'n volledige boekrol uit Qumran (*idem*:105-106).

In 'n aparte aanhangsel in die derde uitgawe van sy werk oor tekskritiek van die Hebreeuse Bybel, bespreek Tov (2012:367-376) die kwessie van moderne vertalings van die teks van die Ou Testament onder 'n neutrale opskrif: "Modern Translations as Bible Editions" (*idem*:367). Hy beskou hierdie vertalings as eklektiese teksuitgawes (*idem*:367). Hy onderskei steeds drie groepe, soos hier bo aangedui is, en gee insiggewende voorbeelde van hoe die teks van die Ou Testament in hierdie drie groepe behandel word. Sy bespreking van die drie groepe verskil nie veel van dié in sy vorige werk nie, met die uitsondering van sy beoordeling van die tweede groep, naamlik eklektiese vertalings wat vir geloofsgemeenskappe bedoel is. In 2000 was hy negatief teenoor hierdie eklektiese benadering, maar in die werk van 2012 (*idem*:374) stel hy dat sulke vertalings aanvaarbaar is vir kerke, aangesien kerke reeds eklektiese vertalings van die Nuwe Testament aanvaar het. Die gevolg is egter dat vertalings onderling al hoe meer van mekaar verskil.

Tov (2012:368, voetnoot 56) verwys na heelwat moderne vertalings wat volgens hom ook op 'n eklektiese basis saamgestel is, soos onder andere die *Revised Standard Version*, *New Revised Standard Version* en die *New Jerusalem Bible*. Nader aan Afrikaans kan *De Nieuwe Bijbelvertaling* van 2004 ook hierby gevoeg word. Hierdie Nederlandse vertaling is vir die 2020-vertaling van belang, omdat die twee vertalings in 'n groot mate dieselfde vertaalstrategie gevolg het. In die verantwoording aan die einde van hierdie vertaling word pertinent gemeld dat die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (BHS) vir die Ou Testament gebruik is (*De Nieuwe Bijbelvertaling* 2004:XXIII). In enkele gevalle word daar van variante uit ander Hebreeuse manuskripte gebruik gemaak. Waar die ou Hebreeuse manuskripte of die vroeë vertalings belangrike variante bied, word dit in voetnote vermeld (*De Nieuwe Bijbelvertaling* 2004:XXII). Hiervolgens lyk dit asof die vertaling op die Masoretiese Teks berus, met enkele variante uit ander Hebreeuse manuskripte, terwyl verwysings na die vroeë vertalings net in voetnote vermeld word.

Hierdie uiteensetting gee egter nie die volle prentjie weer nie, omdat daar in sekere gevalle variante uit die vroeë vertalings in die Nederlandse teks opgeneem is en die lesing van die Masoretiese Teks in 'n voetnoot aangebied word. Voorbeelde hiervan word aangetref in 1 Samuel 13:1 en 5, waar die Septuagint (vers 1) en die Septuagint en Pesjitta (vers 5) gevolg word. In albei gevalle is die getalle in die Masoretiese Teks problematies. Vers 1 lui letterlik in die Hebreeus: "Saul was een jaar oud toe hy koning geword het en hy het twee jaar lank oor Israel geregeer." Daar is onteenseglik 'n probleem met hierdie getalle. In *De Nieuwe Bijbelvertaling* word die eerste probleem opgelos deur die Septuagint te volg met "dertig" as Saul se ouderdom toe hy koning geword het. Wat die voetnoot nie sê nie, is dat die meeste van die manuskripte van die Septuagint die vers weglaat. Daar word wel in die tekste genoem dat net sommige van die manuskripte van die Septuagint die getal "dertig" het. Dit kom net voor by 'n deel van die manuskripte van die Lukiaanse edisie van die Septuagint. By vers vyf verwys die Masoretiese Teks na "30 000 strydwaens", wat 'n ongelooflike getal op daardie stadium in die geskiedenis was. *De Nieuwe Bijbelvertaling* vertaal met "3000 strydwaens" en sê in die voetnoot dat die Septuagint en die Pesjitta gevolg word. Dit is egter net die Lukiaanse edisie van die Septuagint wat "3000" het, terwyl die res ook "30 000" het.³ Hierdie voorbeeld toon aan dat 'n mens versigtig moet wees met inligting in die voetnote. Hier sou dit beter gewees het om te verwys het na sommige of 'n groep manuskripte van die Septuagint. In elk geval is die Nederlandse vertaling dus meer eklekties van aard as wat die verantwoording aan die einde daarvan aandui.

'n Belangrike vraag is wat die benadering was van die vorige twee Afrikaanse Bybelvertalings wat deur die werksaamhede van die Bybelgenootskap geproduseer is, die 1933/53- en 1983-vertalings.⁴ Kan hulle ook as eklektiese vertalings getipeer word in die sin wat Tov bedoel? Die 1933/53-vertaling het nie die saak van die bronteks in 'n voorwoord bespreek nie. Die vertaling van die Ou Testament berus op die Masoretiese Teks, met die moontlikheid dat die tweede en derde uitgawes van die *Biblia Hebraica Kittel* (hierna BHK² en BHK³) gebruik kon gewees het. Dit blyk by nadere ondersoek dat die vertaling ook eklekties te werk gegaan het, hoewel dit nie in 'n voorwoord of voetnote verantwoord is nie. Daar is talle voorbeelde daarvan, waarvan net enkele hier bespreek word.

³ Vir 'n bespreking van hierdie twee probleemgevalle, kyk Tsumura (2007:331-333) en Klein (1983:121, 124-125).

⁴ Na die twee bekende vertalings in Afrikaans word onderskeidelik verwys as die "1933/53-vertaling" (Die Bybel 1933/53) en die "1983-vertaling" (Die Bybel 1983).

In Esegïel 16:45 word Jerusalem verwyf dat sy verkeerd opgetree het en daar word gesê dat sy die dogter van haar moeder en die suster van haar suster is. In die Masoretiese Teks staan “die suster van jou suster”, terwyl twee Hebreeuse manuskripte, die Septuagint, Vulgaat en Pesjitta “die suster van jou susters” lui.⁵ Die 1933/53-vertaling volg die lesings met “jou susters”.

In 1 Samuel 6:18 word daar in die Hebreeus ’n frase aangetref waarmee vertalers altyd probleme ondervind. Die 1933/53-vertaling lui soos volg:

En die goue muise was volgens die getal van al die stede van die Filistyne wat aan die vorste behoort het, van die versterkte stede sowel as van die ommuurde dorpe. En die groot klip waar hulle die ark van die Here op neergesit het, is tot vandag toe getuie op die stuk land van Josua, van Bet-Semes.

Die probleem in die Masoretiese Teks het betrekking op die woorde wat vertaal is met “klip” en “getuie”. Die Hebreeuse frase is *וְעַד אֲבֵל הַגְּדֹלָה*. Dit kan letterlik vertaal word as “en tot by groot Abel”. Uit die konteks is dit duidelik dat hierdie pleknaam nie hier pas nie. Die Septuagint en Targum het egter die lesing “die groot klip”, wat inhou dat daar ’n *lamed* pleks van ’n *nun* aan die einde van die woord vir “klip” voorkom. Hierdie verandering kon reeds in die grondtekste van die Septuagint en Targum voorgekom het. Hierdie weergawe word deur heelwat vertalings gevolg. Die idee om in plaas van die voorsetsel “tot” die woord vir “getuie” te lees, is ’n voorstel van BHK³. Dit behels die verandering van een vokaal in die Hebreeus (*‘ad* na *‘ed*). Die 1933/53-vertaling het die voorstel gevolg, alhoewel daar vir die verandering van die voorsetsel ná ’n naamwoord geen tekskritiese ondersteuning is nie.⁶ Alhoewel hierdie ’n afwyking van die Masoretiese Teks is, kom sodanige afwyking nie dikwels in die 1933/53-vertaling voor nie.

Dieselfde geld vir die 1983-vertaling. Die voorwoord van die 1983-vertaling (*Die Bybel* 1983, 1992:5) sê dat die BHS as grondtekste vir die Ou Testament gebruik is en dat gegewens uit ouer manuskripte bygewerk is. Dit verwys vermoedelik na die manuskripte van Qumran. Geen melding word van die vroeë vertalings gemaak nie. Tog word gegewens uit die vroeë vertalings in die vertaling gebruik, soms met voetnote en soms daarsonder. In Esegïel 16:45 gebruik die vertaling ook die meervoud “susters”, soos die 1933/53-vertaling, maar sonder ’n voetnoot. In 1 Samuel 6:18 volg die vertaling ook die voorstel van die derde uitgawe van die BHK³, ’n voorstel wat nie in die BHS herhaal word nie. In sommige gevalle waar die vertaling die vroeë vertalings volg, word dit in ’n voetnoot verantwoord, soos onder andere in voetnote by Rut 4:5 en Esra 8:5.

Soos die vertalers van die 1983-vertaling het die redaksie vir die 2020-vertaling ook die Masoretiese Teks in die BHS-uitgawe as grondtekste gekies, maar ook in tekskritiese praktyk eklekties te werk gegaan, soos hier onder aangedui sal word.

ENKELE PRAKTIESE VOORBEELDE

Die benadering wat in die 2020-vertaling gevolg is, hang ten nouste saam met een van die doelstellings van die vertaling, naamlik om ’n brontekstegeoriënteerde vertaling aan te bied. Omdat die Masoretiese Teks die uitgangspunt was en die BHS gekies is as die teks wat vertaal gaan word, is die teks so getrou moontlik gevolg, ook in die gevalle waar die vroeë vertalings

⁵ Kyk Zimmerli (1979:331).

⁶ Kyk Klein (1983:54) vir ’n bespreking van die probleme verbonde aan hierdie vers.

of tekste van Qumran goeie of betroubare alternatiewe bied. Die vertaling is nietemin eklekties van aard, omdat die Masoretiese Teks nie slaafs gevolg is (of kon word) nie. In gevalle waar die grondteks onverstaanbaar of baie problematies is, het vertalers dikwels geen ander keuse gehad as om van die lesing van die Masoretiese Teks af te wyk nie. Wanneer 'n lesing in die Masoretiese Teks wel sin gemaak het, al was dit 'n moeilike lesing, is daar nie daarvan afgewyk nie. Soms sal 'n voetnoot wel alternatiewe uit ander Hebreeuse manuskripte of die vroeë vertalings aandui.

By die beoordeling van tekskritiese probleme word onderskei tussen twee soorte kriteria, naamlik interne en eksterne kriteria (Würthwein & Fischer 2014:189-193). Eksterne kriteria is lesings in ander Hebreeuse manuskripte as die Masoretiese Teks, asook in die vroeë vertalings. Interne kriteria het veral te doen met die konteks waarin lesings voorkom. By die beoordeling van 'n probleem moet hierdie faktore versigtig oorweeg word. Alhoewel daar geen vaste resepe vir so 'n beoordeling is nie, is daar sekere algemene reëls wat toegepas kan word. Würthwein en Fischer (2014:193-194) gee die Latynse bewoording van hierdie reëls:

- *Lectio corrupta sive mutata corrigenda* (“'n korrupte of veranderde lesing moet gekorrigeer word”);
- *Lectio difficilior probabilior* (“die moeiliker lesing is meer waarskynlik”); en
- *Lectio brevior potior* (“die korter lesing geniet voorkeur”).

Die eerste twee voorbeelde wat bespreek word, kom uit Deuteronomium, een van die boeke wat reeds in die BHQ beskikbaar is.

Die eerste voorbeeld kom voor in Deuteronomium 5:10, in die Tien Gebooie. Aan die einde van die vers het sowel die 1933/53-vertaling as die 1983-vertaling “my gebooie”. In die Hebreeus is daar egter 'n voorbeeld van 'n *Ketib-Qere*-lesing, waar die konsonantiese teks een lesing het, maar die Masoretiese vokalisasie dui op 'n ander lesing. Die konsonante dui op “sy gebooie” en die vokalisasie op “my gebooie”. Die interne beoordeling maak dit duidelik dat “my gebooie” waarskynliker is, omdat God hier in die Tien Gebooie aan die woord is. Dit is ook die bewoording van die gebod in Exodus 20:6. Die eksterne getuies ondersteun hierdie lesing ook. BHK³ verwys na die meeste Hebreeuse manuskripte, die Samaritaanse Pentateug en al die vroeë vertalings. In hierdie geval word die lesing ook deur die redakteurs aanbeveel. Dieselfde aanbeveling word in BHS aangetref, asook dieselfde teksgetuies. Een manuskrip van Qumran wat ook “my gebooie” lees, word deur BHQ by die teksgetuies gevoeg. Hierdie uitgawe verduidelik egter dat die verskil tussen die twee lesings verband hou met die verwarring van twee Hebreeuse letters wat na hul vorm na aan mekaar is, dat die lesing van die *Qere* verkies word en dat die lesing van die *Ketib* waarskynlik te wyte is daaraan dat die twee letters met mekaar verwar word. Die 2020-vertaling volg ook die voorstel dat “my gebooie” gebruik word, maar verduidelik die probleem in 'n voetnoot. In hierdie geval kan daar verwys word na die eerste reël wat hier bo genoem word. 'n Fout in die Masoretiese Teks word hier reggestel. Daar word so algemeen aanvaar dat daar 'n fout in die Masoretiese Teks is dat Craigie (1976:149) “my commandments” in sy vertaling gebruik sonder om eers na die veranderinge in die Hebreeuse teks te verwys.

In Deuteronomium 33:2 kom 'n geval voor waar die Hebreeuse teks baie moeilik verstaanbaar is. Sommige vertalings probeer om die Masoretiese Teks te vertaal, terwyl ander weer 'n ander lesing volg wat deur die meeste van die vroeë vertalings ondersteun word. Aan die einde van die vers is daar ook probleme, maar dit is nie relevant vir hierdie voorbeeld nie. Die Hebreeuse frase lui soos volg:

אֵתָהּ מְרַבֵּת קִדְּשׁ

Die hele vers lui soos volg in die 1983-vertaling:

Hy het gesê: Die Here kom van Sinai af, Hy laat van Seir af sy lig oor sy volk skyn, laat dit deurbreek van Paranberg af.

Hy kom van waar tienduisende hemelwesens woon, van waar hulle aan sy regterhand hulle plek het.

Die verskillende maniere waarop die probleme van die vers hanteer word, blyk uit 'n vergelyking van hierdie vertaling met die *New Revised Standard Version*:

He said: The LORD came from Sinai, and dawned from Seir upon us;

he shone forth from Mount Paran.

With him were myriads of holy ones; at his right, a host of his own.

Die belangrikste verskil het betrekking op die vertaling van 'n spesifieke woord as 'n werkwoord ("hy kom") of as 'n voorsetsel ("by hom"). Geeneen van die vroeë vertalings het die woord as 'n werkwoord vertaal nie. Die 1983-vertaling het die werkwoord "woon" bygevoeg om sin te maak, 'n werkwoord wat nie in die oorspronklike teks staan nie. Die Hebraëuse woord vir "heilig" of "heiligheid" (die "hemelwesens" van die 1983-vertaling) is in die Septuagint geïnterpreteer as die pleknaam "Kades", wat in Hebreeus dieselfde konsonante het as die naamwoord "heiligheid" (*qds*).

BHK³ en BHS bied geen definitiewe oplossing aan nie. BHK³ noem drie moontlikhede, waarvan twee die pleknaam "Kades" het en die derde die voorsetsel "met hom". BHS noem drie moontlikhede, waarvan twee ook "Kades" voorstel. Die derde verwys na die Pesjitta, Vulgaat en Targums, wat die voorsetsel het. BHQ bespreek die frase uitvoerig, maar verkies die voorsetsel in plaas van die werkwoord. Dit behels net 'n verandering in die vokalisasie van die woord en word ondersteun deur die Samaritaanse Pentateug en die vroeë vertalings. BHQ stel voor dat die vertaling soos volg lui: "and with him a portion of (the) holy myriads". Dit is 'n goeie voorstel om te volg, as daar 'n uitgebreide voetnoot bygevoeg word om die probleem te verduidelik. 'n Alternatief sou wees om die ongemaklike Masoretiese Teks te vertaal ("Hy het gekom vanaf tienduisende van heiligheid") en dan die probleem en die alternatief in 'n voetnoot te verduidelik. Ook in kommentare op Deuteronomium word verskillende oplossings gevind. Christensen (2002:836) wil die Masoretiese Teks volg, terwyl Craigie (1976:392) eerder die teks wil wysig om die voorsetsel te hê.

In Hosea 6:5 is daar 'n voorbeeld waar die Masoretiese Teks moeilik verstaanbaar is. Die Hebraëuse frase in die Masoretiese Teks lui soos volg:

וּמִשְׁפָּטֶיךָ אֵרָא

Die eerste woord kan vertaal word as "jou oordele", en daarop volg dan "lig sal verskyn". Die 1933/53- en die 1983-vertaling het albei probeer om "jou oordele" op een of ander manier te behou, maar albei het ook 'n "soos" ingevoeg.

1933/53: en die oordele oor jou kom te voorskyn soos 'n ligstraal.

1983: My straf oor julle kom so seker soos die lig.

Albei verstaan dus die besittlike voornaamwoord as 'n "objektiewe" genitief, wat die voorwerp van die oordeel aandui. Daar is vertalings wat 'n ander weg opgaan. Die *New Revised Standard Version* vertaal die frase soos volg:

And my judgment goes forth as the light.

Die *New International Version* vertaal dit ook met die besitlike voornaamwoord van die eerste persoon enkelvoud en voeg dan 'n frase by:

My judgments flashed like lightning upon you.

Hierdie twee Engelse vertalings volg elkeen op sy eie manier 'n voorstel wat berus op die vroeë vertalings se weergawes. Die Hebreeuse woord vir “jou oordele” het die letter *kaf* (k) as die slotkonsonant. Op sy eie kan die letter aan 'n volgende naamwoord verbind word as die voorsetsel “soos”. Al die vroeë vertalings het die voorsetsel gelees, wat neerkom op 'n ander woordverdeling in die Hebreeus, deur die *kaf* aan die einde van “jou oordele” te verskuif na die woord vir “lig” – dus, “soos lig”. Die “jou oordele” kan dan gelees word as “my oordele” of “my oordeel”/ “my regsuitspraak”.

BHK³ verwys in sy eerste apparaat na die lesings van die Septuagint, Pesjitta en Targum, wat die voorsetsel aan die volgende woord in hulle bronteks veronderstel. In die tweede apparaat stel hy egter voor dat “sy regspraak” gelees moet word, met die besitlike voornaamwoord vir die derde persoon manlik enkelvoud. BHS verwys ook na die verskillende vroeë vertalings, maar stel voor dat “my oordeelsuitspraak” gelees moet word. BHQ stel dit ook voor, maar gee meer besonderhede as sy voorgangers. 'n Aantekening verwys ook na die lesing “sy oordeelsuitspraak”, wat in die Vulgaat en manuskripte van die Septuagint voorkom. Daar word egter voorkeur gegee aan “my oordeelsuitspraak soos lig”, en daar word daarop gewys dat die verskil te wyte is aan verskillende woordverdelings. Die voorgestelde konsonante kan gelees word as “my oordeelsuitspraak” of “my oordele”. Die enkelvoud word verkies deur Dearman (2010:188) en Stuart (1987:97). MacIntosh (1997:230), daarenteen, probeer om die Masoretiese Teks te behou en vertaal die gedeelte as 'n retoriese vraag (“can judgment in your favour be a shining light”). Die werkwoord aan die einde van die vers verdwyn egter in hierdie vertaling. Die vertaling kan dus lui: “My oordeelsuitspraak/oordele verskyn soos die lig”. Kontekstueel en op grond van eksterne getuies is hierdie vertaling verkieslik. Hierdie is maar enkele voorbeelde om aan te toon dat daar gevalle is waar die 2020-vertaling eklekties kan (en soms moet) vertaal.

SAMEVATTING

Toe die Bybelgenootskap van Suid-Afrika besluit het om met 'n nuwe Bybelvertaling te begin, moes verskillende belangrike besluite geneem word. Wat die Ou Testament betref, is daar besluit om die Masoretiese Teks as basisteks te gebruik. Verder is besluit om die BHS as bronteks te gebruik. Die aard van die BHS as diplomatieuse uitgawe het tot gevolg gehad dat die vertalers moes besluit oor die mate waarin die teks gevolg sou word en watter soort tekskritiese besluite geneem sou word. Die benadering tot die Masoretiese Teks was konserwatief in die sin dat, sover moontlik, die teks in die vertaling gevolg is. Afwykings was soms nodig in problematiese gevalle, maar daar is nie maklik van die Masoretiese Teks afgewyk nie. Waar dit wel plaasgevind het, word voetnote gegee wat aandui op watter getuies die betrokke afwyking van die Masoretiese Teks berus, in die lig van die probleme verbonde aan sulke gevalle. Die 2020-vertaling kan dus getipeer word as 'n vertaling wat so getrou moontlik aan die Masoretiese Teks gebly het, maar wat, waar nodig geag, van die Masoretiese Teks afgewyk het en wat sodanige afwykings goed gemotiveer het.

BIBLIOGRAFIE

- Aland, B., Aland, K., Karavidopoulos, C.M. & Metzger, B.M. 2002. *The Greek New Testament*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Barthélemy, D. 2012. *Studies in the text of the Old Testament: An introduction to the Hebrew Old Testament text project*. Winona Lake, IN: Eisenbrauns. (Textual criticism and the translator 3).
- Die Bybel*. 1933/53. *Die Bybel*. Kaapstad: Bybelgenootskap.
- Die Bybel*. 1983. *Die Bybel: Nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap.
- Christensen, D.L. 2002. *Deuteronomy 21:10-34:12*. Dallas, TX: Word. (Word Biblical Commentary 6B).
- Craigie, P.C. 1976. *The Book of Deuteronomy*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (New International Commentary on the Old Testament).
- Crawford, S.W. 2012. Understanding the textual history of the Hebrew Bible: A new proposal. In N. Dávid, A. Lange, K. de Troyer & S. Tzoref (eds). *The Hebrew Bible in the light of the Dead Sea Scrolls*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, pp. 60-69. (Forschungen zur Religion und Literatur des Alten und Neuen Testaments 239).
- Dearman, J.A. 2010. *The Book of Hosea*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (New International Commentary on the Old Testament).
- Elliger, K. & Rudolph, W. 1984. *Biblia Hebraica Stuttgartensia*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Kittel, K. 1973. *Biblia Hebraica*. 3. Ausg. Stuttgart: Württembergische Bibelanstalt.
- Klein, R.W. 1983. *1 Samuel*. Waco, TX: Word. (Word Biblical Commentary).
- Lange, A. 2016. Ancient and late ancient Hebrew and Aramaic Jewish texts. In A. Lange & E. Tov (eds). *Textual History of the Bible: The Hebrew Bible*, vol. 1AB. *Pentateuch, Former and Later Prophets*. Leiden: Brill, pp. 112-166.
- MacIntosh, A.A. 1997. *A critical and exegetical commentary on Hosea*. Edinburgh: Clark.
- Martín Contreras, E. 2016. Medieval Masoretic Texts. In A. Lange & E. Tov (eds). *Textual History of the Bible: The Hebrew Bible*, vol. 1AB. *Pentateuch, Former and Later prophets*. Leiden: Brill, pp. 420-429.
- Mulder, M.J. 1988. The transmission of the Biblical text. In M.J. Mulder (ed.). *Mikra: Text, translation, reading and interpretation of the Hebrew Bible in Ancient Judaism and Early Christianity*. Assen: Van Gorcum, pp. 87-135. (Compendia rerum Iudaicarum 2.1).
- De Nieuwe Bijbelvertaling*. 2004. Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.
- Schenker, A., Fernández Marcos, N., De Waard, J., Gelston, A., McCarthy, C., Marcus, D., Dirksen, P.B., Goldman, Y.A.P., Schäfer, R. & Sæbø, M. 2011. *Biblia Hebraica Quinta*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Stuart, D. 1987. *Hosea-Jonah*. Dallas, TX: Word. (Word Biblical Commentary).
- Tov, E. 2000. The textual basis of modern translations of the Hebrew Bible: The argument against eclecticism. *Textus* 20:193-211.
- Tov, E. 2008. The textual basis of modern translations of the Hebrew Bible. In E. Tov. *Hebrew Bible, Greek Bible and Qumran: Collected essays*. Tübingen: Mohr Siebeck, pp. 92-106. (Texts and studies in ancient Judaism, 121).
- Tov, E. 2012. *Textual Criticism of the Hebrew Bible* (3rd ed., rev. and expanded). Minneapolis, MN: Fortress Press.
- Tov, E. 2018. The enigma of the Masoretic Text. In F. Ueberschaer, Th. Wagner & J.M. Robber (eds). *Theologie und Textgeschichte: Septuaginta und Masoretischer Text als Ausserungen theologischer Reflection*. Tübingen: Mohr Siebeck, pp. 45-70. (WUNT 407).
- Tsumura, D. 2007. *The First Book of Samuel*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (NICOT).
- Ulrich, E. 2012. The fundamental importance of the Biblical Qumran Scrolls. In N. Dávid, A. Lange, K. de Troyer & S. Tzoref (eds). *The Hebrew Bible in the light of the Dead Sea Scrolls*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, pp. 54-59. (Forschungen zur Religion und Literatur des Alten und Neuen Testaments 239).
- Van der Kooij, A. 2012. Preservation and promulgation: The Dead Sea Scrolls and the textual history of the Hebrew Bible. In N. Dávid, A. Lange, K. de Troyer & S. Tzoref (eds). *The Hebrew Bible*

- in the light of the Dead Sea Scrolls*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, pp. 29-40. (Forschungen zur Religion und Literatur des Alten und Neuen Testaments 239).
- Van Rooy, H.F. 2017. The text of the Old Testament and textual criticism. In N. Vorster & S. van der Walt (eds). *Reformed theology today: Biblical and systematic theological perspectives*. Durbanville: Aosis, pp. 1-14.
- Würthwein, E. & Fischer, A.A. 2014. *The text of the Old Testament. An introduction to the Biblia Hebraica* (3rd ed.). Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Zimmerli, W. 1979. *Ezekiel 1: A commentary on the book of the Prophet Ezekiel, chapters 1-24*. Philadelphia: Fortress Press. (Hermeneia).

Die Ou Testament in die 2020-vertaling: Enkele netelige kwessies

The Old Testament in the 2020 Afrikaans translation: Some contentious issues

HERRIE VAN ROOY

Skool vir Antieke Tale
Fakulteit Teologie
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Herrie.vanrooy@nwu.ac.za



Herrie van Rooy

HERRIE VAN ROOY is emeritus professor in Ou Testament en Semitiese Tale aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), Suid-Afrika. Hy het sy PhD in 1977 verwerf en het Semitiese Tale en Ou Testament aan sy alma mater gedoseer in die tydperk 1980–2014. Hy het gedien in die bestuur van die Ou Testamentiese Vereniging van Suid-Afrika (1992–2004; voorsitter 1998–2004) en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Nabye Oosterse Studie (1988–2000; voorsitter 1996–2000). Hy dien in die redaksionele raad van *Oudtestamentiese Studiën* sedert 1999. Hy is ook ’n lid van die begeleidingskomitee en die redaksionele komitee vir die Ou Testament van ’n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel. Sy publikasies sluit in *Studies on the Syriac Apocryphal Psalms* (1999) en *The East Syriac Psalm Headings: A Critical Edition* (2013). Vir sy bydrae tot Bybelvertaling en die Afrikaanse Psalmomdigting het hy die Ds. Pieter van Drimmelen-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Hy is tans ’n B-gegradeerde navorser by die NNS.

HERRIE VAN ROOY is emeritus professor in Old Testament and Semitics at the North-West University (Potchefstroom Campus), South Africa. He received his PhD in 1977 from and taught Semitics and Old Testament at his alma mater during 1980–2014. He served on the executive committees of the Old Testament Society (1992–2004; chair 1998–2004) and the South African Society of Near Eastern Studies (1988–2000; chair 1996–2000). He has served on the editorial board of *Old Testament Studies* since 1999. He is also a member of the steering committee and the Old Testament editorial committee of a new Afrikaans translation of the Bible. His publications include *Studies on the Syriac Apocryphal Psalms* (1999) and *The East Syriac Psalm Headings: A Critical Edition* (2013). For his work on Bible translation and the metrical version of the Psalms in Afrikaans, he received the Rev. Pieter van Drimmelen Medal from the South African Academy for Science and Arts. He is currently a B-rated scholar at the NRF.

Datums:

Ontvang: 2020-04-28

Goedgekeur: 2020-06-10

Gepubliseer: Desember 2020

ABSTRACT***The Old Testament in the 2020 Afrikaans translation: Some contentious issues***

In 1984, prof JP Oberholzer, one of the translators of the 1983 Afrikaans translation of the Bible, wrote an article dealing, inter alia, with three important issues on which the translators had to make decisions in comparison with the 1933/53 Afrikaans translation of the Bible. The decisions dealt with the translation of personal names, weights and measures and the translation of the divine name YHWH (Yahweh). The ultimate decisions of the translators deviated from decisions on the previous translation. The decisions made by the two groups of translators have to be evaluated in the light of the different aims set out for the two translations, as well as the different translation strategies followed. With regard to names, the 1983 translation sought to be consistent, for example by using the same name for a certain person, even when variant forms of the name occurred in the Hebrew. For weights and measures, they decided on a metrical system. The name Yahweh was rendered by “Here” (“Lord”), and not by “HERE” (“LORD”), as in the older translation. The editorial committee on the Old Testament of the 2020 Afrikaans Bible also had to deal with these issues, as well as many others. This article discusses the decisions of the editorial committee with regard to these issues, as well as the treatment of messianic passages from the Old Testament. Oberholzer did not discuss this last issue, but it became a contentious matter to critics of the 1983 Afrikaans translation. However, it is clear from the translation what principle the translators had followed in not using capital letters in the case of personal pronouns interpreted to be messianic in nature.

As regards personal names, the original decision was to follow the 1983 Afrikaans translation. However, that translation changed some of the customary forms of these names in Afrikaans and was not consistent in its practice. The 2020 translation reverts to many of the customary forms in Afrikaans and attempts to be more consistent, especially in following the common Hebrew pronunciation of these names and in retaining different forms of personal nouns, with footnotes linking the different forms to one another. Geographical names were frequently translated in the 1983 translation. Such translations occur less frequently in the 2020 translation, with footnotes explaining the meaning where the original names are used. For weights and measures, the original terms were used, with footnotes indicating the metrical equivalent. In this way, the symbolic values of the original numbers could be retained and some of the paraphrases in the 1983 translation avoided. The name YHWH is rendered by “HERE” (“LORD”), while Adonai is rendered by “my Heer”/“die Heer” (“my Lord”/“the Lord”). With regard to the messianic texts in the Old Testament, the original decision was to follow the example of the 1983 translation. However, some of the churches involved in the whole project were in favour of following the example of the 1933/53 translation. Eventually, the Bible Society of South Africa decided on two versions of the 2020 translation, with the second one retaining capital letters as in the earlier translation. The first one follows the example of the 1983 translation, while adding footnotes to the texts in the New Testament that apply these Old Testament texts to Christ. The decisions made on the two translations with regard to the above-mentioned four issues have to be evaluated in the light of the different aims and strategies of the respective translations. Guided by the translation scope and strategies, the editorial committee on the translation of the Old Testament of the 2020 translation tried to be consistent in their decisions.

KEYWORDS: Bible translation, Old Testament, 1933/53 Afrikaans translation, 1983 translation, 2020 translation, measures and weights, names of God, Yahweh, Adonai, messianic texts, proper names, JP Oberholzer

TREFWOORDE: Bybelvertaling, Ou Testament, 1933/53-vertaling, 1983-vertaling, 2020-vertaling, mate en gewigte, name van God, Jahwe, Adonai, Messiaanse tekste, einame, JP Oberholzer

OPSOMMING

In 1984 het prof. JP Oberholzer 'n artikel geskryf waarin hy onder andere drie sake behandel waaroor die vertalers van die 1983-vertaling moes besluit. Dit raak die hantering van einame, mate en gewigte, en die vertaling van *Jahwe*. Hierdie artikel bespreek hierdie drie sake, asook die hantering van die sogenaamde Messiaanse tekste in die Ou Testament. By die beoordeling van die besluite oor die 1983-vertaling en die 2020-vertaling, word aangesluit by die doelstellings en strategieë van die onderskeie twee vertalings. Wat einame betref, sluit die 2020-vertaling in die meeste gevalle aan by die 1983-vertaling, maar daar is gepoog om konsekwenter te wees in die manier waarop die Hebreuse name weergegee word. Geografiese name word minder vertaal as in die 1983-vertaling. Wat mate en gewigte betref, word die Hebreuse terme behou, omdat dit byvoorbeeld die simboliek van getalle beter weergee. Die naam *Jahwe* word met "HERE", en *Adonai* met "my Heer"/"die Heer" weergegee. Wat die hantering van die sogenaamde Messiaanse tekste van die Ou Testament betref, is daar besluit op twee uitgawes van die vertaling. Die een hanteer die saak soos die 1983-vertaling, en dui die verband met die Nuwe Testament in voetnote aan. 'n Tweede uitgawe van die 2020-vertaling gebruik, soos die 1933/53-vertaling, hoofletters in die betrokke Ou Testamentiese tekste.

INLEIDING

Die redaksie van die Ou Testament van die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans moes oor verskillende sake beginselbesluite neem in die lig van die vertaalopdrag vir die vertaling en die vertaalmodel wat gevolg sou word. In hierdie artikel word vier van die sake bespreek waaroor die redaksie besluite moes neem, en daar word aangedui dat die besluite ten nouste saamhang met die vertaalopdrag en vertaalbenadering. Oor drie van hierdie sake het die eindredaksie van die 1983-vertaling ook besluite moes neem, naamlik die hantering van einame, mate en gewigte, en die weergawe van die naam *Jahwe* in Afrikaans. Die vierde saak is die hantering van sogenaamde Messiaanse tekste in die Ou Testament. Oor die vier sake het die eindredaksie van die 1983-vertaling 'n ander weg gevolg as die 1933/53-vertaling, juis in die lig van die vertaalstrategie van die 1983-vertaling. Die 1933/53-vertaling het in baie opsigte nou by die Nederlandse *Statenvertaling* aangesluit en was dikwels 'n woord-vir-woord-vertaling. Die 1983-vertaling het doelbewus van hierdie benadering weggebreek, soos hier onder aangedui sal word. Die hantering van die vertaling van *Jahwe* en van die Messiaanse tekste in die Ou Testament het egter skerp kritiek op die 1983-vertaling tot gevolg gehad en moes in die besluite oor die 2020-vertaling verreken word.

In hierdie artikel word eers aandag gegee aan die agtergrond van die besluite oor die vertaling van die Afrikaanse Bybel van 2020. Daarna word die besluite oor die vier sake wat hier bo genoem is, bespreek en beoordeel in vergelyking met die besluite en die praktyk van veral die 1983-vertaling.

AGTERGROND

In 'n artikel wat in 1984 verskyn het, het een van die lede van die eindredaksie van die 1983-vertaling, prof. JP Oberholzer, 'n oorsig gegee van die geskiedenis van die vertaling, en ook in die besonder aandag gegee aan enkele sake waaroor die redaksie destyds beginselbesluite moes neem (Oberholzer 1984). Dit raak einame, mate (en gewigte) en hoe die naam *Jahwe*,

wat vir God in die Ou Testament gebruik word, hanteer sou word. Oor hierdie vertaalkwessies moes ook die redaksie van die Ou Testament van die 2020-vertaling besluite neem, maar hierdie keer in die lig van die nuwe vertaalopdrag en die vertaalmodel wat gevolg sou word. Soos hier onder aangedui sal word, verskil die 1983-vertaling en die 2020-vertaling van mekaar ten opsigte van die doel van die onderskeie vertalings; daarom sal die besluite oor die genoemde sake ook kan verskil. Hierdie artikel bespreek en beoordeel die besluite oor die 2020-vertaling en vergelyk dit met die besluite oor die 1983-vertaling. Bykomend tot hierdie drie sake is daar nog 'n saak wat aandag verdien, naamlik die hantering van die sogenaamde Messiaanse tekste in die Ou Testament. Oberholzer het hierdie aangeleentheid nie bespreek nie, waarskynlik omdat dit, toe hy sy artikel geskryf het, kort ná die verskyning van die 1983-vertaling, nog nie so sterk na vore getree het by die beoordeling van die 1983-vertaling nie. Dit het wel in die jare daarna baie aandag geniet en was een van die sake wat in besware teen die 1983-vertaling besondere gewig gehad het. In die bespreking hierna sal aangetoon word dat dit uit die vertaling self duidelik is hoe die vertalers die saak hanteer het.

Wanneer die besluite oor die vier sake in die twee vertalings vergelyk word, is dit nie die doel om die twee vertalings teen mekaar af te speel nie. Elkeen van die vertalings het 'n eie doel, of in die meer gebruiklike resente terminologie, skopos, gehad. Besluite oor vertaalstrategieë moet in die lig daarvan beoordeel word. Vir die 2020-vertaling is die volgende vertaalopdrag goedgekeur deur die kerke wat by die vertaling betrokke was (Bybel 2014: Voorwoord):

Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

Die doel van die 1983-vertaling word soos volg in die voorwoord by die vertaling verwoord (Bybel 1992:5):

Die doel was 'n vertaling wat rekening hou met die ontwikkeling in Afrikaans die afgelope jare en met die resultate van wetenskaplike ondersoek; 'n waardige vertaling waardeur Afrikaanssprekendes aangespreek word, binne en buite die kerk, in die erediens en in huislike gebruik, in ons teenwoordige situasie en tyd.

Hierdie formulering sluit aan by 'n besluit wat geneem is ná 'n seminar oor 'n nuwe vertaling in Julie 1968 (Oberholzer 1984:83) en wat feitlik woordeliks ooreenstem met die doel soos wat in die inleiding hier bo gestel is. Oberholzer haal ook aan uit die notule van die eerste vergadering van die vertalingskommissie op 2 Februarie 1971. Tydens dié geleentheid het die hoofsekretaris van die Bybelgenootskap, ds. JTM de Jongh van Arkel, 'n aantal belangrike opmerkings gemaak (Oberholzer 1984:84). Hy verwys spesifiek na 'n dinamiese vertaling, “met vermyding van teologies-tegniese, tradisioneel-kerklike begrippe, hoogdrawendheid en letterlikheid.”

Die besluite van die span vertalers oor vertaalkwessies in die spesifieke vertaling waarvoor hulle verantwoordelik was, moet in die lig van die doelstellings van die spesifieke vertaling beoordeel word, en nie bloot deur die besluite van die onderskeie twee spanne met mekaar te vergelyk nie. Die doel van hierdie artikel is dus om die besluite van die 1983-vertaling en die 2020-vertaling te beoordeel in die lig van hulle onderskeie skoposse en vertaalstrategieë.

EIENAME

Oberholzer (1984:88-90) bespreek eiename uitvoerig. Hy gee 'n uiteensetting van die historiese verloop van die denke hieroor en verwys ook na lyste van die Nederlandse Bybelgenootskap en 'n Duitse lys van 1971. Die besluite wat vir die 1983-vertaling geneem is, is ook belangrik vir die 2020-vertaling in gevalle waar daar aanvanklik besluit is om die name soos wat dit in die 1983-vertaling voorkom, te gebruik. Mettertyd is gedeeltelik hiervan afgewyk, soos hier onder aangetoon sal word.

Alhoewel al die besonderhede wat Oberholzer gee, nie hier volledig herhaal kan word nie, word sekere belangrike besluite oor die 1983-vertaling hier aangedui:

- Die algemene neiging was om name konserwatief te hanteer.
- Daar was nietemin die neiging om eerder die oorspronklike uitspraak te volg.
- Wat bekende name betref, is die tradisionele vorm gewoonlik behou.
- Een Hebreeuse letter sou met een Afrikaanse letter weergegee word.
- Medeklinkers is verdubbel waar van toepassing, behalwe in die geval van *j*.
- Waar verskillende name vir dieselfde persoon gebruik is, sou oorwegend een naam geëk word.
- By geografiese name is wegbeweeg van vorme soos “berg Sinai” na vorme soos “Sinaiberg”.
- Heelwat geografiese name is ook vertaal, soos “Spooklaagte” in Josua 15:8.

Hierdie besluite behoort natuurlik inklusief hanteer te word. Die idee dat een Hebreeuse letter met een Afrikaanse letter weergegee moet word, word byvoorbeeld nie altyd in die geval van bekende name toegepas nie. So word die Hebreeuse letter κ (*kaf* met 'n *dagesj* in) met 'n “k” weergegee, maar in die geval van “Melgisedek” word 'n “g” gebruik vir die *kaf*, omdat die “g” die tradisionele Afrikaanse spelling van die naam is. In baie gevalle het die 1983-vertaling name met 'n “k” gespel waar die 1933/53-vertaling 'n “g” gebruik het. Hiervan is daar baie voorbeelde, waarvan 'n paar genoem kan word: “Abimelek”/ “Abimeleg”, “Akis”/ “Agis”, “Baruk”/ “Barug” en “Lakis”/ “Lagis”. In hierdie voorbeelde, en baie soortgelyke voorbeelde, volg die Hebreeuse letter *kaf* op 'n vokaal, soos die “k” of “g” in die Afrikaanse voorbeelde hier bo. In die uitspraak van Hebreeuse woorde wat tans algemeen gevolg word, sal die *kaf* in sulke gevalle in Hebreeus as 'n *g*-klank uitgespreek word. Die keuse van 'n “k” in sulke gevalle in die 1983-vertaling volg die beginsel om dieselfde Afrikaanse konsonant vir 'n bepaalde Hebreeuse konsonant te gebruik, dus die geskrewe vorm van die brontaal. Dit druis egter in teen die manier waarop Hebreeus uitgespreek word. In gevalle soos hierdie volg die 2020-vertaling meesal die 1933/53-vertaling deur die “g” te gebruik, en volg só die manier waarop die name in Hebreeus uitgespreek word.

In die geval van die Hebreeuse letter η (*chet* of *get*) het die 1933/53-vertaling dit gewoonlik aan die begin van name met 'n “h” weergegee, maar aan die einde van name soms met 'n “g”. In 2 Konings 17:6 kom die name “Halag” en “Habor” voor in die 1933/53-vertaling. Albei begin met 'n η , wat dus met 'n “h” weergegee is. *Halag* eindig egter ook met 'n η in die Hebreeus, wat met 'n “g” in die Afrikaans in die 1933/53-vertaling weergegee word. Die 1983-vertaling gebruik die “g” in al die gevalle, naamlik “Galag” en “Gabor”. Die 2020-vertaling volg die 1983-vertaling in sulke gevalle, wat dus die beginsel volg om een Hebreeuse letter met een Afrikaanse letter weer te gee en om voorkeur aan die uitspraak in die Hebreeus te gee.

Die 2020-vertaling volg nie die besluit van die 1983-vertaling om een vorm van 'n naam te yk nie. Dit geld veral die gevalle waar daar groot verskille tussen die verskillende vorme van

'n naam is. So word verskillende name (en verskillende vorme van een naam) vir koning Jojagin gebruik: יהויכין (2 Kon 24:6), יהויכין (Jer. 52:32), יויכין (Eseg.), יכניה (Jer. 27:20), יכניהו (Jer. 24:1) en כניהו (Jer. 22:24). Die 1933/53-vertaling gebruik "Jójagin" in 2 Konings 24:6, Jeremia 52:32 en Esegieël 1:2. In Jeremia 24:1 en 27:20 gebruik dit "Jegónja" en in Jeremia 22:24 "Gonja". Die 1983-vertaling gebruik in al hierdie gevalle "Jojagin" sonder 'n voetnoot om die verskillende spelwyses aan te dui. Die 2020-vertaling gebruik "Jojagin" in 2 Konings 24:6, Jeremia 52:32 en Esegieël 1:2. In Jeremia 22:24 word dit "Gonja" gebruik, met 'n voetnoot dat die naam "Jegonja" elders gebruik word, en dat dit 'n ander naam vir "Jojagin" is. In Jeremia 24:1 en 27:20 word "Jegonja" gebruik, en in voetnote word aangedui dat dit 'n ander naam vir "Jojagin" is. Die aansluiting by die spelwyse van die name in die Hebreeuse teks en die voetnote by "Gonja" en "Jegonja" sluit ten nouste aan by die bronteksgeöriënteerde aard van die 2020-vertaling. Die *New International Version* gebruik "Jehoiachin" in Jeremiah 24:1 en dui in 'n voetnoot aan dat die Hebreeus *Jeconiah* as 'n variant vir *Jehoiachin* het. Dieselfde gebeur in Jeremia 22:24, waar die voetnoot na *Coniah* in die Hebreeus verwys. *De Nieuwe Bijbelvertaling* gebruik "Jechonja" in Jeremia 24:1 en 27:20, asook in Jeremia 22:24 (waar 'n mens "Chonja" sou verwag). Daar is geen voetnote wat die naam aan "Jojagin" verbind nie.

Wat geografiese name betref, gebruik die 2020-vertaling weer "die berg Sinai" (Eks. 19:18), alhoewel name soos die "Surwoestyn" ook voorkom (Eks. 15:22). Dit is waarskynlik 'n voorbeeld waar die 2020-vertaling nie konsekwent is nie. Die 1933/53-vertaling het "die woestyn Sur" en *De Nieuwe Bijbelvertaling* het "de woestijn van Sur".

Anders as die 1983-vertaling word geografiese name dikwels nie vertaal nie. In Genesis 24:10 verwys die 1983-vertaling na "Mesopotamië". Die 2020-vertaling gebruik eerder die naam in die oorspronklike teks, naamlik *Aram-Naharajim*. 'n Voetnoot verduidelik dat die naam "Aram van die twee riviere" beteken en dat dit na Mesopotamië verwys. Die *New International Version*, *New Revised Standard Version* en *De Nieuwe Bijbelvertaling* gebruik ook die naam soos in die oorspronklike teks, en die eersgenoemde twee het elkeen ook 'n verduidelikende voetnoot.

Die hantering van name in die 2020-vertaling soos wat hier bo bespreek is, hou verband met die skopos en vertaalstrategie van die vertaling. Dit doel is om die leser nader aan die bronteks te bring, maar sake wat vir die verstaan van die teks belangrik is, word in voetnote toegelig.

MATE EN GEWIGTE

Oberholzer (1984:90) gee 'n samevatting van die besluit om die metrisering van mate en gewigte in die 1983-vertaling te aanvaar. Hy dui aan dat die vertalers "45 sentimeter" vir 'n *el* gebruik het, "22 liter" vir 'n *efa*, "11,4 gram" vir 'n *sikkel* in die Ou Testament en "14 gram" vir 'n *sikkel* in die Nuwe Testament. Die *koninklike el* het hulle tot "50 sentimeter" afgerond.

Die 2020-vertaling volg hier 'n ander weg. Juis omdat dit 'n bronteksgeöriënteerde vertaling is, word die oorspronklike name vir mate en gewigte behou. Terme soos "el", "kikkar", "sikkel" en "efa" kom dus in die vertaling voor. Om die leser te help, word daar op twee maniere aanvullende inligting gegee. Voetnote word gebruik om mate en gewigte te verduidelik. So verwys Eksodus 38:24 na "29 kikkar" en "730 sikkel". Voetnote dui aan dat 29 kikkar ongeveer 990 kilogram is en 730 sikkel ongeveer 8,3 kilogram. Eksodus 38:9 verwys na "100 el", en die voetnoot dui aan dat dit ongeveer 45 meter is. In die voetnote word soms 'n kol aangetref, wat gevolg word deur 'n verwysing na 'n inskrywing in die Woordelys aan die einde van die Bybel. So 'n kol kom voor in die voetnoot by "100 el" in Eksodus 38:9. Ná die

kol volg die woord “Lengtemate”, wat na die gelyknamige inskrywing in die Woordelys verwys. Op dié manier word die oorspronklike terme so ver moontlik behou, maar die voetnote en die woordelys help die leser om die mate en gewigte beter te verstaan.

Die wegbeweeg van die oorspronklike mate het in sommige gevalle in die 1983-vertaling tot parafrase geneig. Esegïel 45:10-12 lui soos volg in die 1983-vertaling:

¹⁰ Julle moet skale gebruik wat reg weeg en julle moet die regte inhoudsmate vir droë stowwe en vloeistowwe gebruik. ¹¹ Inhoudsmate moet deurgaans dieselfde bly, volgens ’n vaste maatstaf. ¹² Gewig moet volgens ’n vaste maatstaf bepaal word.

Die 2020-vertaling lui soos volg:¹

¹⁰ Julle moet ’n onvervalste weegskaal, ’n onvervalste efa en ’n onvervalste bat hê. ¹¹ Die efa en die bat moet dieselfde inhoud hê: ’n Bat moet ’n tiende van ’n gomer hou, en ’n efa ook ’n tiende van ’n gomer. Die gomer moet die standaardmaat wees. ¹² ’n Sikkkel moet twintig gera wees; en twintig sikkkel, vyf-en-twintig sikkkel en vyftien sikkkel moet vir julle ’n mina wees.

Voetnote gee die metrieke weergawes van die mate en gewigte. Sodoende word die oorspronklike mate en gewigte in die teks behou. In sommige gevalle veroorsaak die metrisering in die 1983-vertaling dat te fyn besonderhede gegee word, sodat die verhouding tussen sekere getalle versluier word. In die tabel hier onder word die loskoopwaardes vir mense gegee soos in Levitikus 27:1-7 voorgeskryf word. In die eerste kolom word die betrokke persoon genoem, in die tweede kolom die metrieke waarde volgens die 1983-vertaling en in die derde kolom die waarde volgens die bronteks:

Persoon	1983 in gram	2020 in sikkkel
Man 20-60 jaar	570 gram	50 sikkkel
Vrou 20-26 jaar	340 gram	30 sikkkel
Man 5-20 jaar	230 gram	20 sikkkel
Meisie 5-20 jaar	115 gram	10 sikkkel
Seun van ’n maand tot 5 jaar	57 gram	5 sikkkel
Meisie van ’n maand tot 5 jaar	34 gram	3 sikkkel
Man bo 60 jaar	171 gram	15 sikkkel
Vrou bo 60 jaar	115 gram	10 sikkkel

Die 2020-vertaling gee in voetnote die gewig in gram, sodat die inligting beskikbaar is; maar die verhoudings is makliker om te verstaan wanneer die sikkkel gebruik word.

Die verskillende maniere waarop die 1983-vertaling en die 2020-vertaling mate en gewigte hanteer, hang ten nouste saam met die doel van die twee vertalings. Die 1983-vertaling het die metrieke stelsel gevolg ter wille van verstaanbaarheid, terwyl die 2020-vertaling die terme van die bronteks gebruik omdat dit meer betekenisvol is. Dit bied egter verdere toeligting in voetnote waar nodig.

¹ In die laaste voorfinale vorm tot my beskikking.

JAHWE EN ANDER NAME VIR GOD

In die besware teen die 1983-vertaling het die vertaling van die naam *Jahwe* baie aandag gekry. Daar is twee name van God in die Ou Testament, naamlik יהוה (YHWH – *Jahwe*) en אֲדֹנָי (*Adonai*). In sommige vertalings word daar tussen die twee name onderskei, maar nie in ander nie. So word daar in Nederlands in *De Nieuwe Bijbelvertaling* (2004) “DE HEER” en “de Heer” gebruik, terwyl daar in die *Groot Nieuws Bijbel* geen onderskeid gemaak word nie. Ook in Engelse vertalings soos die NIV word die onderskeid dikwels gemaak deur die gebruik van hoof- en kleinletters, naamlik hoofletters vir “LORD” (*Jahwe*) en kleinletters ná die “L” in “Lord” (*Adonai*). In die 1933/53-vertaling is ’n soortgelyke strategie gevolg deur *Jahwe* te vertaal met “HERE” en *Adonai* met “Here”. Alhoewel hierdie soort onderskeid *gesien* kan word, kan dit nie *gehoor* word wanneer die teks voorgelees word nie.

Oberholzer (1984:90) gee kortliks aandag aan die besluite oor die vertaling van *Jahwe*, en ook die kombinasie *Adonai Jahwe*. Die vertalers van die 1983-vertaling het geoordeel dat die weergawe van *Jahwe* met “HERE” verwarrend kan wees as die vorm met die hoofletters gebruik word en daar ook ’n vorm voorkom met net die “H” as ’n hoofletter. Dit het dan eintlik net betekenis vir diegene wat Hebreeus ken. Daarom is daar besluit om die tradisie te volg van die Nuwe Testament, wat by die Septuagint aangesluit het en *Jahwe* met κύριος vertaal het. Waar *Jahwe* en *Adonai* op hulle eie voorkom, is albei met “Here” weergegee. Wat die kombinasie van *Adonai Jahwe* betref, is die algemene weergawe in die 1983-vertaling “die Here God” of “die Here my God”.

Ná die verskyning van die 1983-vertaling was daar vir ’n aantal jare die geleentheid om voorstelle te maak vir die hersiening van die vertaling. Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika het ’n groep deputate benoem wat tot 1991 verslag gelewer het oor voorstelle vir herformulerings. Een van die sake wat telkens aandag geniet het, is die moontlike hersiening van die vertaling van *Jahwe* en *Adonai*. Op die Sinode van 1991 het ’n rapport van die deputate gedien waarin die saak in die besonder hanteer is. Hieroor is ’n meerderheids- en minderheidsverslag uitgebring (GKSA 1991:104-116). Die 1983-vertaling is aanvaar, alhoewel ’n onderskeid tussen die name volgens die Sinode beter sou gewees het. Die Sinode het daarna telkens weer daarvoor besin en was deurgaans ten gunste van ’n vertaling waarin daar tussen die twee name onderskei sou word. In 1997 het die deputate gerapporteer dat dit nie sinvol is om met die oog op ’n moontlike hersiening van die 1983-vertaling oor die vertaling van die name *Jahwe* en *Adonai* verder te besin nie, maar dat die saak weer op die tafel sal kom wanneer daar aandag gegee sal word aan ’n nuwe Bybelvertaling (GKSA 1997:124-125). In 2012 het die Sinode daarvan kennis geneem dat die 2020-vertaling tussen die twee name sal onderskei (GKSA 2012:95-96), soos hier onder aangedui sal word.

Vertalers kom telkens te staan voor die vraag hoe die naam *Jahwe* en die ander name vir God vertaal moet word. Dit is natuurlik nog soveel moeiliker wanneer die Bybel vertaal word in tale waarin daar nog nie ’n vertaling bestaan nie, of waar inheemse name vir God die gevaar loop dat idees oor God/god in daardie kulture die boodskap kan versluier. Die probleem word goed geïllustreer deur ’n reeks artikels wat Jacob Loewen, destyds ’n vertaalkonsultant vir die United Bible Societies in Kanada, in 1984 en 1985 gepubliseer het. Die artikels was bedoel om vertalers wat in verskillende omgewings en tale werk, te help om besluite te neem oor hoe om die verskillende name van God te vertaal. Die eerste twee artikels (Loewen 1984a:211-215, 1984b:201-207) bevat ’n bespreking van die verskillende name van God wat in die Ou en Nuwe Testament voorkom. Vir die vertaling van die name van God in albei testamente is dit uiteraard noodsaaklik om ’n oorsig te hê van die verskillende name en kombinasies van name.

In die derde artikel bespreek hy die moeilike saak om die regte name in 'n teikentaal te kies (Loewen 1985b). In hierdie artikel gee hy 'n aanduiding van sy eie praktiese ervaring met hierdie probleem in die sendingveld in Suid-Amerika (Loewen 1985b:201-202) en in Afrika (Loewen 1985b:203, 205-206). In 'n sekere sin is die probleem wel kleiner in tale wat reeds 'n lang tradisie van Bybelvertaling het en waar vertalers by vorige vertalings kan aansluit. Tog is dit ook nie altyd so eenvoudig nie, soos Loewen aandui in sy bespreking van die vertaling *God* in 'n aantal Europese tale. Hy het die vertaling in die Grieks van die Septuagint, in Engels, Duits, Frans en Spaans bespreek en met mekaar vergelyk (Loewen 1985a).

Loewen (1985a:401) wys daarop dat die vertalings wat hy bestudeer, geen moeite het om die name van afgode te transliteer nie, soos blyk uit name soos “Dagon” en “Baäl”. Hierdie vertalings gebruik die standaardsoortnaam vir die Hebreeuse *El* en *Elohim* (“God”, “Gott”, “Dios” ens). Dit geld ook vir *Adon* en *Adonai*, wat Engels gewoonlik met “Lord” weergee. Dit gebeur min dat eiename wat 'n spesifieke betekenis het, vertaal word. Hy (*idem*:402-404) wys ook daarop dat die onderskeid tussen *Jahwe* en *Adonai* in die Septuagint dikwels verdwyn, veral omdat albei dikwels met $\kappa\upsilon\pi\omicron\varsigma$ weergegee word. Wat in die moderne vertalings wat hy bestudeer het, dikwels gebeur, is dat daar tussen *Jahwe* en *Adonai* deur die gebruik van hoofletters onderskei word (soos “Lord” vir *Adonai* en “LORD” of “LORD” vir *Jahwe*). Die probleem is dat hierdie onderskeid net gesien en nie gehoor kan word nie. Alhoewel dit nie altyd opgemerk word nie, word hoofletters ook gebruik in vertalings van *El* of *Elohim* wanneer die woorde na die ware God verwys en kleinletters wanneer dit na afgode (“god” of “gode”) verwys (*idem*:405).

In 1990 het Ellingworth 'n studie gemaak van die vertaling van die verskillende name van God en hoe die name in verskillende vertalings weergegee is. Hy verwys nie na die werke van Loewen wat hier bo bespreek is nie. Ellingworth (1990:345) wys daarop dat die debat hieroor grotendeels deur Ou Testamentici oorheers is en dat dit veral gegaan het oor die weergawe van *Jahwe*. Hy maak geen opmerking daaroor of Nuwe Testamentici enige probleme met die weergawe van $\theta\epsilon\omicron\varsigma$ het nie. Hy verwys ook nie na die situasie van $\kappa\upsilon\pi\omicron\varsigma$ nie, wat in die Septuagint vir die naam *Jahwe* gebruik word en waarby die Nuwe Testament aansluit. Wat die vertaling van *Jahwe* betref, onderskei hy vier kategorieë in die vertalings wat hy bestudeer het (*idem*:346):

- vertaling met “the LORD”, of die ekwivalent daarvan in ander tale;
- vertaling met “the Lord”, dus sonder die vier hoofletters;
- vertaling met “the Eternal” deur Moffat en Segond;
- vertaling met “Yahweh” in 'n getranslitereerde vorm (“Jehova” by die Jehovagetuies).

Hy het self ernstige besware teen die gebruik van die vier hoofletters (Ellingworth 1990:349-350) en stel drie moontlikhede voor (*idem*:350), naamlik transliterasie (“Jahwe” dus), of om *Jahwe* en *Elohim* met “God” te vertaal en, as die tradisie te sterk is, met “the Lord”. In die tweede kategorie onderskei hy nie tussen *Jahwe*, *Adonai* en *Elohim* nie, en neem nie in ag dat die Nuwe Testament tussen die name “God” ($\theta\epsilon\omicron\varsigma$) en “Here” ($\kappa\upsilon\pi\omicron\varsigma$) onderskei nie.

Juis omdat die moeilike saak van die vertaling van die name van God, en veral van *Jahwe*, so belangrik is, het die United Bible Society in 'n stadium 'n groep gehad wat hierdie vraagstuk tydens werkwinkels bestudeer het. Ná die vergadering van Mei 1991 het die studiegroep 'n verklaring uitgereik. In dieselfde uitgawe van die *Bible Translator* waarin hierdie verklaring verskyn het, is nog ses artikels oor die onderwerp en verwante sake gepubliseer, onder andere oor spesifieke vertalings in spesifieke tale. Benewens die verklaring van die groep is veral twee van die ander artikels van belang vir hierdie bydrae. In die verklaring wat die studiegroep

uitgereik het, word sewe sake genoem wat probleme skep met die vertaling van die name van God, veral van *Jahwe*. Sommige van hierdie sake is nie van belang vir ’n vertaling in Afrikaans nie, maar die volgende is wel (UBS Study Group 1992:403):

- In sommige gevalle, soos in Eksodus 3:14-15, is die betekenis van die naam *Jahwe* belangrik. In die meeste gevalle is dit gewoon net ’n naam wat na God verwys.
- Baie vertalings word gemaak in ’n taal wat reeds ’n tradisie het vir die vertaling van *Jahwe*, en dit moet gerespekteer word.
- Tale verskil daarvoor of name betekenis het en of dit bloot gebruik word om ’n persoon te identifiseer.
- Tale verskil ook daarvoor of hulle een standaardnaam vir God het, of baie sulke name, (of woorde) of geen.

Hierdie punte is van belang vir ’n vertaling in Afrikaans, byvoorbeeld die tradisie wat deur die 1933/53-vertaling in aansluiting by die *Statenvertaling* geskep is, maar waarvan die 1983-vertaling afgewyk het. Afrikaans het byvoorbeeld net een woord vir God, terwyl daar in Hebreeus minstens drie woorde onderskei kan word. Al drie word gewoonlik met “God” vertaal (אל, יהוה, ואלהים en die meervoud daarvan, אלהים). Die drie woorde kan ook gebruik word vir ’n afgod of afgode. Geen Afrikaanse vertaling het nog probeer om die drie woorde met drie verskillende woorde te vertaal nie.

Die verklaring noem ses moontlikhede hoe die probleem hanteer kan word (UBS Study Group 1992:403-404):

- Transliterer die naam (“Jahwe” en vermy “Jehova”).
- Vertaal in Engels met “Lord” – in Afrikaans het “Here” of “HERE” gebruiklik geword.
- Vertaal die betekenis van *Jahwe*.
- Gebruik ’n naam uit die betrokke kultuur.
- Vertaal *Jahwe* en *Elohim* op dieselfde manier.
- Gebruik ’n kombinasie van bogenoemde.

Die transliterasie word deur sommige verkies, omdat *Jahwe* ’n eienaam is en as sodanig weergegee moet word (UBS Study Group 1992:404-405). Verskillende mense of vertalers verkies om dit nie te doen nie, om verskillende redes, soos byvoorbeeld dat dit vir die lesers van ’n vertaling vervreemdend kan wees (UBS Study Group 1992:405). Dikwels word die ekwivalent van die Engelse “Lord” verkies, wat weer die probleem skep dat daar in die vertaling nie tussen *Jahwe* en *Adonai* onderskei kan word nie, veral as die teks voorgelees word (*idem*:405-406).

In ’n artikel in dieselfde uitgawe van die tydskrif bespreek De Blois (1992) die betekenis en vertaling van *Jahwe* in die lig van die verklaring van die studiegroep en in die lig van Mettinger se studie oor die name van God. Verder kyk hy ook na die vertaling van die uitdrukking wat in die 1933/53-vertaling vertaal is met “die Here van die leërskaar”, asook plekke waar die woord *El* verbind word aan ander terme (*idem*:406). Hy wys op ’n aantal belangrike konklusies van Mettinger, naamlik dat die naam *Jahwe* waarskynlik beteken “Hy is” en later dalk “Hy is die een wat bestaan”, en dat die naam in die uitspraak geleidelik met *Adonai* vervang is (*idem*:407).

Hy verwys na die eerste opsie van die studiegroep se stuk, naamlik om die naam te translitereer en, in aansluiting daarby, na die ontstaan van die verkeerde lees van die naam as *Jehovah* reeds in die sestende eeu (De Blois 1992:408). Baie vertalings het eerder gekies om in Engels “LORD” te gebruik (*idem*:409). Hy bespreek ook pogings in verskillende tale

om die naam *Jahwe* te vertaal volgens die betekenis daarvan (*idem*:410-412). Hy is ook krities oor die gebruik om deur middel van hoofletters tussen *Jahwe* en *Adonai* te onderskei (*idem*:412). Vir die nuwe Afrikaanse vertaling bring hierdie artikel en die vorige een veral twee teenstellende aspekte na vore, naamlik dat daar aan die een kant by die bestaande tradisie aangesluit kan word (soos dié van die 1933/53-vertaling), en aan die ander kant dat 'n ortografiese onderskeid (soos in die 1933/53-vertaling) tussen die weergawe van *Jahwe* en *Adonai* nie sinvol is nie.

Die artikel van Osborne (1992) bevat 'n voorstel dat die naam *Jahwe* nie orals op dieselfde manier in 'n vertaling weergegee moet word nie, maar dat daar op grond van die spesifieke konteks verskillende vertaalmoontlikhede op verskillende plekke is. Dikwels kan 'n voetnoot die gebruik in die spesifieke konteks verduidelik. Alhoewel dit 'n interessante voorstel is, is die probleem dat die gewone leser nie maklik sal verstaan hoekom verskillende oplossings op verskillende plekke gepas is nie. Ter wille van die gewone leser sal 'n konsekwente weergawe gepaster wees. Carroll (2002) benader die probleem van die vertaling uit 'n wetenskaplike hoek. Hy is krities oor die gebruik van hoofletters om die onderskeid tussen *Jahwe* en *Adonai* uit te druk, al is dit in Engelse vertalings 'n tradisie wat teruggaan na die King James-vertaling (*idem*:59). Hy is eerder ten gunste van 'n weergawe met die vier konsonante soos in Hebreeus (YHWH) (*idem*:58). Hy is ten gunste daarvan dat vertalers die problematiek van die vertaling van hierdie naam en ander gevalle erken. In sommige gevalle is 'n sinvolle vertaling nie altyd eenvoudig nie en kan probleme met behulp van voetnote verduidelik word (*idem*:63). Die gebruik van voetnote om probleme en alternatiewe vertalings aan te dui, is kenmerkend van die 2020-vertaling.

De Nieuwe Bijbelvertaling het ook aandag gegee aan die vertaling van *Jahwe* en besluit om te bly by die weergawe met vier hoofletters (de HEER) (2004:VII).

Die saak van die vertaling van *Jahwe* en ander name vir God, asook die kombinasie van verskillende woorde, het die indringende aandag van die redaksie van die Ou Testament van die 2020-vertaling geniet. Bo is daar verwys na die UBS Study Group se opmerking dat 'n weergawe van die naam met *Jahwe* vervreemdend kan werk. Dit sluit aan by die saak van subjektiewe teorieë waarna Nord (2001) verwys. Sy toon aan dat die leser van 'n vertaling sekere verwagtinge het wat verbind is aan die saak van so 'n subjektiewe teorie. As die vertaling nie aan die leser se verwagtinge voldoen nie, kan die leser maklik die vertaling onaanvaarbaar vind (*idem*:191). Dit verbind sy aan lojaliteit, wat inhou dat die verwagtinge en bedoelings van al die vennote in 'n vertaling in ag geneem moet word (*idem*:195). Van der Merwe (2012:4) verbind hierdie teorie van Nord spesifiek aan die vertaling van Godsdname, waar vertalers ter wille van aanvaarbaarheid soms moet afsien van 'n vertaling wat wetenskaplik beter verantwoord is.

Wat *Jahwe* self betref, is daar besluit dat daar aan die een kant by die tradisie aangesluit moet word deur *Jahwe* met "HERE" te vertaal en om nie een of ander vorm soos *Jahwe* te gebruik nie. Dit sluit nie net by die tradisie aan nie, maar ook by die gebruik in die Nuwe Testament om *Jahwe* in aansluiting by die Septuagint met κύριος te vertaal.

Die vertalers het egter ook waarde geheg aan die opmerking wat dikwels in die literatuur voorkom dat bloot 'n ortografiese onderskeid tussen die weergawes van *Jahwe* en *Adonai* nie werklik sinvol is nie. Die vertaalopdrag vir die 2020-vertaling meld spesifiek dat die vertaling ook geskik moet wees vir voorlesing, en 'n ortografiese onderskeid word nie in 'n voorlesing opgemerk nie. *Adonai* in die Hebreeus is 'n meervoudsvorm, met 'n besitlike voornaamwoord, eerste persoon, enkelvoud, daaraan gekoppel, dus letterlik "my Here". Die meervoudsvorm "Here" het in Afrikaans die geykte weergawe van *Jahwe* geword. Daarom is besluit om *Adonai*

met “my Heer” weer te gee, waardeur teruggegryp word na die betekenis van die Hebreeuse woord met die besittlike voornaamwoord. Omdat die “my” nie in alle kontekste pas nie, is daar ook besluit om in die gevalle waar “my Heer” nie pas nie, “die Heer” te gebruik.

Hierdie besluit bied ook ’n goeie oplossing vir die gevalle waar die Hebreeus *Jahwe* en *Adonai* saam gebruik, soos dikwels die geval is in Esegïël. So staan in Esegïël 3:11 die bekende formule יהוה אֱמַר אֲדַבְרֶנּוּ יְהוָה. Die 1933/53-vertaling lui: “So spreek die Here HERE”. Die 1983-vertaling is effens vryer: “[S]preek hulle aan, sê vir hulle wat Ek, die Here God sê”. Met hierdie weergawe sluit hierdie vertaling aan by die leestradisie van die Masoretiese Tekst, wat die vokale van die naam *Elohim* by die konsonante van *Jahwe* voeg. In plekke soos hierdie sal die 2020-vertaling eerder die vorm “my Heer”/“die Heer”, “die HERE” gebruik, afhange van die konteks. Op hierdie manier kan die onderskeid tussen die twee name gesien en gehoor word.

Die kombinasie יהוה צְבָאוֹת kom dikwels in die Ou Testament voor. O’Kennedy (2007b) bied ’n goeie oorsig van die voorkoms van die benaming in die Ou Testament, en ook oor hoe dit in verskillende vertalings vertaal is (*idem*:83-84). In ’n ander artikel uit 2007 behandel O’Kennedy in die besonder die vraag oor hoe die benaming in Afrikaans vertaal sou kon word (O’Kennedy 2007a). Wat צְבָאוֹת self betref, wys hy daarop dat die term op drie maniere verstaan word, naamlik dat dit verwys na Israel se aardse leërmagte of na God se hemelse leërskaare. Soms kan dit verwys na die hele skepping (*idem*:192-193). Hy verwys na verskillende weergawes van die uitdrukking in verskeie Afrikaanse vertalings (*idem*:195-197) en oordeel dat “die Here, Heerser oor alle magte”, soos in die aanvanklike dokumentasie van die 2020-vertaling aangedui, beter is as ander weergawes in Afrikaans. Sy eie voorstel is om dit te vertaal met “Here van alle magte” (*idem*:198). Die 1933/53-vertaling het dit weergegee met “die HERE van die leërskaare” en die 1983-vertaling met “die Here die Almagtige”. Die 2020-vertaling gebruik die uitdrukking “die HERE, Heerser oor alle magte”. Dit lyk effens anders as die voorstel waarna O’Kennedy verwys, met die gebruik van die vier hoofletters (“HERE”).

In die voorwoord tot die vertaling word ’n lys gegee van al die name en kombinasies van name wat vir God gebruik word, met ’n aanduiding van hoe elke woord of frase vertaal word. Op dié manier kan die leser makliker die verskillende name in die vertaling onderskei. Die 2020-vertaling slaag uitmuntend daarin om die onderskeid tussen *Jahwe* en *Adonai* in die geskrewe teks duidelik te maak, maar op so ’n wyse dat die verskil ook tydens voorlesing gehoor kan word.

DIE VERTALING VAN MESSIAANSE TEKSTE IN DIE OU TESTAMENT

Oberholzer (1984) het nie hieraan aandag gegee nie, maar dit is een van die sake waarvoor daar baie skerp kritiek was op die 1983-vertaling en later ook op die 2001-omdigting van die psalms. Dit handel veral oor die saak van hoe tekste in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament aan Christus verbind word, in vertalings (en verklarings) hanteer moet word. Die probleem kan geïllustreer word deur te let op hoe Jesaja 53:4 en die aanhaling daarvan in Matteus 8:17 in die 1933/53- en 1983-vertaling hanteer word. Matteus sê eksplisiet dat die teks van Jesaja 53:4 in Jesus vervul is.

Albei die vertalings wys in Matteus daarop dat die woorde van Jesaja in Jesus vervul is. Die 1933/53-vertaling sê eksplisiet dat Jesaja 53:4 direk na die Messias verwys, terwyl die 1983-vertaling dit nie doen nie. Dit is op grond van hierdie saak dat daar beswaar gemaak is teen die 1983-vertaling se hantering van die sogenaamde Messiaanse tekste in die Ou Testament,

	1933/53-vertaling	1983-vertaling
Jesaja 53:4	Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.	Tog het hy óns lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.
Matteus 8:17	Sodat vervul sou word wat gesprek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.	So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: “Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.”

en ook later teen die 2001-omdigting van die psalms. Besware teen die 1983-vertaling is baie duidelik uiteengesit in die Gereformeerde Kerk *Die Kandelaar* se beswaarskrif teen hierdie vertaling (GKSA 1988:283-302; GKSA 1991:117-128). Die basiese beswaar word soos volg verwoord (GKSA 1988:289):

Die 1983-vertaling misken die Christologiese karakter van die Ou Testament met name in die eksplisiet Messiaanse tekste waarin die woord *hy* konsekwent met ’n kleinletter gespel is, byvoorbeeld in Jes. 53 en Ps. 110.

Soortgelyke besware is ook ingedien teen die 2001-omdigting. Omdat hierdie besware reeds in die verlede omvattend hanteer is (Van Rooy 2004, 2005; Helberg 2006), word dit nie hier in detail bespreek nie.

Besware teen die hantering van die sogenaamde Messiaanse tekste was egter nie beperk tot die Gereformeerde Kerke nie.² In 1987 het twee beswaarskrifte teen die aanvaarding van die 1983-vertaling op die Wes-Kaapse en Noord-Transvaalse sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedien. Die een by die Wes-Kaapse Sinode is ingedien deur ds. Mike Smuts en die een by die Noord-Transvaalse Sinode deur ds. Danie Haasbroek (Haasbroek & Hoek 2008:63). Die stuk van Haasbroek en Hoek is ’n memorandum wat in 2008 aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gestuur is vir oorweging in die werk aan die vertaling wat tans bekend staan as die 2020-vertaling. Die opskrif van die stuk maak die gevoel van die skrywers baie duidelik: “Wil ons ’n Ou Testament sonder Christus hê?” Hulle beskou die 1983-vertaling as ’n voorbeeld van vertalings wat “Christus se Name in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament weglaat” (Haasbroek & Hoek 2008:3). Al die argumente van

² In hierdie artikel word daar net verwys na sake wat op die tafel van die sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en streeksinodes van die Nederduits Gereformeerde Kerk gedien het. Wat die Nederduitsch Hervormde Kerk betref, kon ek met behulp van die argivaris van die Hervormde Kerk net een skrywe opspoor wat by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedien het (Nederduitsch Hervormde Kerk 1986) en waarop daar geantwoord is. Die sake wat in die skrywe vermeld word, handel oor enkele tekste in die Nuwe Testament. Uit ’n artikel van Pont (1985) blyk dit dat die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie ’n besluit geneem het oor die aanvaarbaarheid van die 1983-vertaling nie, sodat besware oor die vertaling nie op die Algemene Kerkvergadering se agenda verskyn het nie. Hartlike dank aan die argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Nándor Sarkady, vir hierdie inligting.

die stuk kan nie hier herhaal of saamgevat word nie, maar dit is duidelik dat hierdie saak baie belangrik was vir diegene wat 'n sterk standpunt gehandhaaf het oor die behoud van hoofletters in tekste in die Ou Testament wat na hulle oordeel vooruitgewys het na die komende Messias.

Hierdie moeilike saak kan toegelig word met verwysing na tien aanhalings van die Ou Testament in Matteus waar daar spesifiek in die evangelie verwys word na die vervulling van die Ou Testamentiese tekste in Jesus. Die tekste word in besonderhede bespreek deur Menken (2004) en Van Rooy (2015). In al hierdie gevalle is dit uit die 1933/53- en 1983-vertaling duidelik dat die aanhalings in Matteus in Jesus vervul is. Die betrokke Ou Testamentiese tekste word normaalweg nie in die 1983-vertaling deur die gebruik van hoofletters as Messiaans aangedui nie. Dit gebeur wel in sommige van die gevalle in die 1933/53-vertaling. Die volgende tekste in die Ou Testament word Messiaans vertaal in die 1933/53-vertaling: Jesaja 8:23-9:1 (Matt. 4:15-16), Jesaja 53:4 (Matt. 8:17), Jesaja 42:1-4 (Matt. 12:18-21) en Jesaja 62:11 en Sagaria 9:9 (Matt. 21:5). Dit is egter nie die geval met die ander tekste nie: Jesaja 7:14 (Matt. 1:23) en Hosea 11:1 (Matt. 2:15). Jeremia 31:15 (Matt. 2:18) het nie 'n verwysing na 'n persoon nie, maar na 'n gebeurtenis (dat Ragel oor haar kinders treur). Dieselfde geld vir Sagaria 11:12-13 (Matt. 27:9-10). Psalm 78:2 (Matt. 13:35) se eerste deel word uit die Septuagint aangehaal. Die "Ek" in die psalm staan aan die begin van 'n sin, sodat dit in elk geval 'n hoofletter het. In Jesaja 8:23 verbind die 1983-vertaling die optrede wat beskryf word, aan die Here, en word die Here se naam in die vertaling ingevoeg, terwyl dit nie in die oorspronklike staan nie. Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat die 1933/53-vertaling, wat sommige tekste in die Ou Testament Messiaans weergegee het, dit nie in alle gevalle kon doen nie. Die verstaan van 'n teks as direk-Messiaans is dus 'n saak van interpretasie. Die verskil in interpretasie word bepaal deur die perspektief waarvolgens die Ou Testament gelees word. Groenewald (2010:1-7) vergelyk die verskille met die wyse waarop Jode en die kerk deur die eeue die Ou Testament gelees het. Die probleem is soms dat die Nuwe Testament as vertrekpunt geneem word en dat die boodskap van die Ou Testament nie eers as Ou Testament, los van die latere vervulling in Christus, verstaan word nie (vgl. Helberg 2006:592).

Die redaksie van die Ou Testament het hierdie sogenaamde Messiaanse tekste op dieselfde manier as die 1983-vertaling hanteer. Die Ou Testamentiese tekste wat op een of ander manier in die Nuwe Testament aan Jesus verbind word, kry voetnote om só die verband met die Nuwe Testament duidelik te maak. In 2012 is daar egter nog 'n besluit oor hierdie saak aan die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika meegedeel (GKSA 2012:95). Dit is dat sommige van die kerke wat in die Advieskomitee van die Bybelgenootskap vir die Bybel in Afrikaans gedien het, baie sterk daarvoor gevoel het dat daar wel hoofletters by Messiaanse tekste in die Ou Testament gebruik moet word. Die gevolg is dat daar, benewens die weergawe met die Deuterokanonieke Boeke, uiteindelik twee weergawes van die 2020-vertaling beskikbaar is, naamlik die gewone een, wat deur die redaksie van die Ou Testament afgelewer is en deur die begeleidingskomitee aanvaar is, en 'n tweede, met hoofletters. 'n Aparte werkskomitee, bestaande uit afgevaardigdes van die kerke wat die oortuiging oor hoofletters deel, het hieraan gewerk. Die beginsel was dat die tekste wat in die 1933/53-vertaling hoofletters gehad het, só behou sou word, asook die ander tekste wat in die Nuwe Testament op Jesus van toepassing gemaak is, indien die komitee daarvoor eensgesind sou wees. Hierdie tweede uitgawe sal later as die gewone uitgawe verskyn. Die enigste verskil tussen die twee vertalings sal die hoofletters wees in tekste wat deur die werkskomitee bepaal is. Alhoewel 'n mens begrip het vir die tegevoetkomende standpunt van die Bybelgenootskap, is die tweede uitgawe na my oordeel nie nodig nie. Die voetnote wat gebruik word om na die Nuwe Testamentiese gebruik van die betrokke tekste te verwys, verduidelik die verband tussen die twee Testamente voldoende.

SAMEVATTING

Die artikel bespreek vier sake waaroor die redaksie van die Ou Testament van die 2020-vertaling besluite moes neem. Die besluite oor hierdie sake is bespreek en beoordeel in vergelyking met die besluite wat die 1983-vertaling oor hierdie sake geneem het. In albei gevalle is die besluite beoordeel in die lig van dié van die onderskeie vertaalopdragte vir elkeen van die Bybel-vertalings. In die 1983-vertaling is daar baie klem op verstaanbaarheid gelê, terwyl die 2020-vertaling 'n brontekstegeïënteerde vertaling is.

Wat eiename betref, sluit die 2020-vertaling in die meeste gevalle by die 1983-vertaling aan. Daar is wel gepoog om konsekwenter te wees wat betref die manier waarop die Hebreuse name weergegee word. Ook word geografiese name minder as in die 1983-vertaling vertaal. Wat mate en gewigte betref, word die Hebreuse terme behou, omdat dit soms die simboliek van byvoorbeeld getalle beter weergee. Wat die naam *Jahwe* betref, is daar besluit om dit met “HERE” weer te gee, terwyl *Adonai* met “my Heer”/“die Heer” weergegee word, sodat die onderskeid tussen die twee name ook by voorlesing gehoor kan word. Wat hierdie drie sake betref, het die redaksie van die Ou Testament gepoog om getrou aan die vertaalopdrag en -strategie te bly om 'n grondtekstegeïënteerde vertaling tot stand te bring, maar wel in die Afrikaans van vandag. In aansluiting by die model word belangrike inligting oor hierdie sake in voetnote verskaf om aan te dui dat die vertaalkeuses wetenskaplik begrond was en nie lukrake keuses van die vertalers verteenwoordig nie. Wat hierdie drie sake betref, kan geoordeel word dat die vertalers gelei is deur die geformuleerde skopos van die vertaling en die vertaalstrategie waarop daar besluit is.

Wat die hantering van die sogenaamde Messiaanse tekste van die Ou Testament betref, is daar twee uitgawes van die vertaling beplan. Een hanteer die saak soos die 1983-vertaling, maar voetnote is bygevoeg om die verband met die Nuwe Testament aan te dui. 'n Tweede uitgawe van die 2020-vertaling gebruik, soos die 1933/53-vertaling, wel hoofletters in die betrokke Ou Testamentiese tekste.

BIBLIOGRAFIE

- Bybel. 1933/53. *Die Bybel*. Kaapstad: Bybelgenootskap.
- Bybel. 1992 (1983). *Die Bybel: Nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap.
- Bybel. 2004. *De Nieuwe Bijbelvertaling*. Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.
- Bybel. 2014. *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte vertaling*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Carroll, R.P. 2002. Between lying and blasphemy; or, On translating a four-letter word in the Hebrew Bible: Critical reflections on Bible translation. In A. Brenner en J.W. van Henten (eds). *Bible translation on the threshold of the twenty-first century: Authority, reception, culture and religion*. (*Journal for the Study of the Old Testament*. Supplement series 353). London: Sheffield Academic Press, pp. 53-64.
- De Blois, K.F. 1992. Translating the names of God: Tryggve Mettinger's analysis applied to Bible translation. *The Bible Translator*, 43:406-414.
- Ellingworth, P. 1990. The LORD: The final judge of functional equivalence. *The Bible Translator*, 41:345-350.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1988. *Handelinge van die drie-en-veertigste Nasionale Sinode*. Potchefstroom: Administratiewe Buro.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1991. *Handelinge van die vier-en-veertigste Nasionale Sinode*. Potchefstroom: Administratiewe Buro.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1997. *Handelinge van die ses-en-veertigste Nasionale Sinode*. Potchefstroom: Administratiewe Buro.

- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2012. *Handelinge van die tweede Algemene Sinode*. Potchefstroom: Administratiewe Buro.
- GKSA kyk Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- Groenewald, A. 2010. Die een wat sal kom: 'Messiaanse tekste' in die Ou Testament en ander Joodse geskrifte. *Verbum et Ecclesia*, 31(1), Art.#396, 7 bladsye. DOI: 10.4102/ve.v31i1.396 [27 April 2020].
- Haasbroek, D. & Hoek, P.W. 2008. *Wil ons 'n Ou Testament sonder Christus hê?* <http://www.2016vertaling.co.za/media/7c2a63d2fbfe3f60fff80777f000101.pdf> [27 Mei 2020].
- Helberg, J.L. 2006. Die Messiaanse aard van die psalms: Hoe dit 'n Nuwe-Testamentiese lees, vertaling en omdigting van die psalms raak. *In die Skriflig*, 40:575-596.
- Loewen, J.A. 1984a. The names of God in the New Testament. *The Bible Translator*, 35:211-215.
- Loewen, J.A. 1984b. The names of God in the Old Testament. *The Bible Translator*, 35:201-207.
- Loewen, J.A. 1985a. Translating the names of God: How European languages have translated them. *The Bible Translator*, 36:201-207
- Loewen, J.A. 1985b. Translating the names of God: How to choose the right names in the target language. *The Bible Translator*, 36:401-411.
- Menken, M.J.J. 2004. *Matthew's Bible: The Old Testament text of the evangelist*. Leuven: University Press.
- Nederduitsch Hervormde Kerk. 1986. *Notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Bylaag E*. Pretoria: Argief, NH Kerk.
- Nord, C. 2001. Loyalty revisited: Bible translation as a case in point. *The Translator*, 7(2):185-202.
- O'Kennedy, D.F. 2007a. Is dit moontlik om die Goddelike naam יהוה צבאות in Afrikaans te vertaal? *Old Testament Essays*, 20(1):185-200.
- O'Kennedy, D.F. 2007b. The use of the epithet יהוה צבאות in Haggai, Zechariah and Malachi. *Journal of Northwest Semitic Languages*, 33(1):77-99.
- Oberholzer, J.P. 1984. Die Afrikaanse Bybelvertaling 1983: Enkele aantekeninge. *Hervormde Teologiese Studies*, 40:82-91.
- Osborne, N.D. 1992. The name: When does it make a difference? *The Bible Translator*, 43:415-422.
- Pont, A.D. 1985. 'n Amptelike vertaling van die Bybel? *Die Hervormer*, 77(11):1-2.
- UBS Study Group. 1992. How to translate the name. *The Bible Translator*, 43:403-406.
- Van der Merwe, C.H.J. 2012. The Bible in Afrikaans: A direct translation, a new type of church Bible. *Hervormde Teologiese Studies*, 68(1): Art. #1204, 8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1204>.
- Van Rooy, H.F. 2004. Die nuwe Psalmomdigting: Die Messias weggelaat? *Hervormde Teologiese Studies*, 60(3):755-767.
- Van Rooy, H.F. 2005. Messiasverwagting en prediking uit die Ou Testament. *In die Skriflig*, 39:615-630.
- Van Rooy, H.F. 2015. The Syriac versions of Old Testament quotations in Matthew. *In die Skriflig*, <http://dx.doi.org/10.4102/ids.v49i1.1916>

Die bronteks vir die 2020-vertaling van die Nuwe Testament

The source text for the 2020 Afrikaans translation of the New Testament

GJC JORDAAN

Fakulteit Teologie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-posadres: gert.jordaan@nwu.ac.za



Jorrie Jordaan

GERT JOHANNES CORNELIS (JORRIE) JORDAAN verwerf die kwalifikasies B.A., M.A. (Grieks), Th.B. en D.Litt. (Grieks) aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO). As deel van sy doktorsale studies doen hy navorsing oor Nuwe Testamentiese Paleografie en Tekskritiek aan Princeton Theological Seminary, V.S.A. Van 1973 tot 1982 is hy 'n dosent in Grieks aan die PU vir CHO. Daarna dien hy as predikant van Gereformeerde Kerke agtereenvolgens in Viljoenskroon/Bothaville en Vanderbijlpark-Oos. In 1989 word hy aangestel as professor in Nuwe Testamentiese vakke aan die Teologiese Skool Potchefstroom en die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO (die latere Noordwes-Universiteit). In hierdie tyd tree hy ook op as redakteur van *Die Kerkblad* en later as rektor van die Teologiese Skool. Hy is die outeur van 3 akademiese boeke en 27 artikels in vaktydskrifte, en dien in 'n aantal deputaatskappe van die Gereformeerde Kerke in S.A. In 2016 emeriteer hy.

Hy was van die begin af by die vertaalprojek van die 2020-vertaling van die Bybel betrokke. Hy was lid van die Loodskomitee van meer as een vertaalspan, die Redaksionele Komitee van die Nuwe Testament, en die Begeleidingskomitee.

GERT JOHANNES CORNELIS (JORRIE) JORDAAN obtained the degrees B.A., M.A. (Greek), Th.B. and D.Litt. (Greek) at the Potchefstroom University for Christian Higher Education. His D.Litt.-studies took him to Princeton Theological Seminary, U.S.A., where he did research on New Testament Palaeography and Text Criticism. From 1973 until 1982 he lectured Greek at the PU for CHE, after which he served as pastor in Reformed Churches consecutively in Viljoenskroon/Bothaville and Vanderbijlpark East respectively. In 1989 he was appointed professor in New Testament at the Theological School Potchefstroom and the Faculty of Theology of the PU for CHE (currently North-West University). During the next few years he also served as editor of the *Die Kerkblad* and subsequently as principal of the Theological School. He is the author of 3 academic books and 27 articles in peer-reviewed journals, and served in various deputy groups of the Reformed Churches in South Africa. He retired in 2016.

Right from the outset he was involved in the translation project of the die 2020 Afrikaans Bible. He was a member of the Launch Committee, various translation teams, the New Testament Editorial Committee, and of the Steering Committee.

Datums:

Ontvang: 2020-06-17

Goedgekeur: 2020-07-27

Gepubliseer: Desember 2020

ABSTRACT***The source text for the 2020 Afrikaans translation of the New Testament***

This article is a study of the source text used for the 2020 Afrikaans translation of the New Testament. The Translation Launch Committee appointed by the Bible Society of South Africa gave instructions and recommendations, inter alia, regarding the source text for the translation of the New Testament. It was established from the Bible Society's documents that at the outset, the Launch Committee decided for good reason that the fourth revised Greek edition of the United Bible Societies, the Greek New Testament (UBS^{4rev}), should be used as basic source text. The Committee also gave instructions and recommendations for the practical implementation of their decision, mainly about how variant readings in the text-critical apparatus of the UBS-text had to be treated in the process of translation. As a general rule, the translators had to follow the A- and B-rated readings in the apparatus, and could deviate from C- and D-rated readings, but then only with well attested reasons.

Passages in the UBS⁴-edition in single or double square brackets had to be retained in the translation, accompanied by explanatory footnotes. Text-critical information in footnotes, moreover had to be formulated such that it would not be confusing or misleading to readers. In preparation for this article, the degree to which the translators eventually implemented the instructions and recommendations of the Launch Committee was investigated by making a study of the final proof translation as presented on the website of the Bible Society. It was established subsequently that the translators almost invariably followed the source text as prescribed by the Committee. There are only a few instances where they chose a variant reading that differs from the text of UBS^{4rev}, for which case good reasons are provided. The Committee adhered closely to all other recommendations. The text-critical footnotes in the 2020 translation provide a clear picture of the variant readings that were considered in the process of translation and of other relevant text-critical information. The footnotes are formulated in such a way that it is highly improbable that any of them might lead to dispute or confusion among the readers. Overall, it proves that the translators executed the instructions and recommendations of the Bible Society's Launch Committee in a satisfactory and meaningful way.

KEYWORDS: 2020 Translation, Afrikaans Bible translation, Bible Society of South Africa, source text of translation, Greek source text of the New Testament, instructions for translators, recommendations for translators, textual variants, footnotes in Bible translation, reception by Bible readers

TREFWOORDE: 2020-vertaling, Afrikaanse Bybelvertaling, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, bronteks van vertaling, Griekse bronteks vir Nuwe Testament, voorskrifte vir vertalers, aanbevelings vir vertalers, teksvariante, voetnote in Bybelvertaling, ontvanklikheid vir Bybellesers

OPSOMMING

Die Loodskomitee van die Bybelgenootskap het voor die aanvang van werk aan die Afrikaanse vertaling van 2020 besluit dat die vierde hersiene uitgawe van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) se *Greek New Testament* (UBS⁴) van 1994 as bronteks vir die vertaling van die Nuwe Testament sal dien. Die Loodskomitee het ook 'n aantal riglyne en aanbevelings opgestel vir die praktiese implementering van die besluit. Die riglyne en aanbevelings handel hoofsaaklik oor die manier waarop die vertalers variante lesings wat in die tekskritiese apparaat van die UBS⁴-uitgawe aangedui word, moet hanteer. Die belangrikste

hiervan is dat die vertalers A- en B-gegradeerde lesings behoort te volg, en slegs met goeie motivering van C- en D-gegradeerde lesings sal afwyk. Gedeeltes in die teks in die UBS⁴-uitgawe tussen blok- of dubbelhakies word in die vertaling behou, met gepaste voetnote daarby. Voetnote waarin die vertalers tekskritiese inligting voorsien, moet so geformuleer word dat dit nie vir lesers verwarrend en misleidend sal wees nie. In hierdie artikel word die eindproduk van die vertaalwerk, soos dit in die finale proefvertaling op die Bybelgenootskap se webwerf aangebied word, gewee aan die Loodskomitee se besluite en aanbevelings. Die uiteindelige bevinding is dat die vertalers getrou aan die voorskrifte en aanbevelings gehou het en op 'n sinvolle manier daaraan uitvoering gegee het.

1. INLEIDING

Een van die eerste besluite wat die Loodskomitee moes neem toe hulle met die projek begin het om 'n nuwe direkte Afrikaanse vertaling van die Bybel te maak, was oor die bronteks waaruit daar vertaal moes word. Veral ten opsigte van die Nuwe Testamentiese bronteks, waaroor daar steeds ná eeue van stryd soms ernstige meningsverskil bestaan, was dit nodig om 'n goed gemotiveerde keuse te maak. Ná deeglike oorweging het die Loodskomitee van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika op 15 September 2005 'n beleidsbesluit oor die bronteks geneem (Loodskomitee, Notule 2005-09-15: Brontekste OTNT).

2. BASIESE VERTREK PUNT

Aangesien die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n lid is van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (voortaan afgekort as WBG),¹ het die Loodskomitee in 'n groot mate die aanbevelings van die WBG betreffende Bybelvertaling in ag geneem. Op grond hiervan is drie beleidsbepalings as die vertrekpunt vir die gebruik van die Griekse bronteks geformuleer (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.1.1).

2.1 Basisteks: UBS^{4rev}

Die eerste beleidsbesluit was dat die WBG se vierde hersiene uitgawe van die Nuwe Testament in Grieks as die basisteks gebruik sou word:²

Die basisteks wat as bron gebruik word vir die vertaling van die Nuwe Testament is die Griekse teks wat in die vierde uitgawe van die WBG se *Greek New Testament* (UBS^{4rev}) van 1994 gedruk is.

Motivering: Die United Bible Societies het die volgende riglyn gestel vir inter-konfessionele samewerking aan Bybelvertaling (vgl. *Handboek voor de Nieuwe Bijbelvertaling* A 1:3): “For joint translation programs, teams should base their work on the critical edition of the *Greek New Testament* published by the United Bible Societies.” Die

¹ Die Wêreldbond van Bybelgenootskappe staan in Engels bekend as “United Bible Societies”, afgekort as “UBS”. In hierdie bespreking word daar, soos algemeen in die vakliteratuur, na die liggaam se verskillende uitgawes van die Griekse Nuwe Testament verwys as UBS⁴/UBS^{4rev} en UBS^{3corr}. Die afkortings verwys onderskeidelik na die vierde uitgawe (Aland *et al.* 1994) en die derde hersiene uitgawe (Aland *et al.* 1983) van die WBG se *Greek New Testament*.

² Die afkortings UBS⁴ en UBS^{4rev} word albei in die literatuur vir die vierde uitgawe gebruik. In aanhalings in die artikel word die vorm behou soos wat dit in die bronteks voorkom.

voorstel dat UBS^{4rev} gebruik word, kom ooreen met die aanbeveling in punt 4 op A6:4 van die *Handboek voor de Nieuwe Bijbelvertaling*. (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.1.1)^{3,4}

Die gevolg van hierdie eerste besluit was dat die vertaling feitlik sonder uitsondering die vierde uitgawe van die WBG se *Greek New Testament* as bronteks gevolg het.

2.2 Tekskritiese apparaat: UBS^{3corr}

Verder het die Loodskomitee besluit (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.1.1) om ook die 1983-uitgawe van die WBG se *Greek New Testament* te gebruik:

Saam met die UBS^{4rev} word ook die 1983-uitgawe van die UBS Greek New Testament (UBS^{3corr}) gebruik.

Motivering: Die Griekse teks van UBS^{3corr} en UBS^{4rev} is identies, maar die tekskritiese apparaat verskil. Die artikel van KD Clarke (2002:105-133), gerugsteun deur resensies van die UBS⁴-uitgawe deur Scanlin, Silva en Baarda (1994), Wong (1994), Elliott (1994) en Ellingworth (1996), oortuig dat daar soveel onduidelikhede en probleme ten opsigte van die tekskritiese apparaat en die teksgradering (A,B,C,D) van die UBS⁴-uitgawe bestaan, dat dit beter is om die tekskritiese apparaat van UBS^{3corr} saam met UBS^{4rev} te gebruik.

Die implikasie van hierdie tweede beleidsbesluit was dat die vertalers B-lesings van die UBS⁴-uitgawe soms as C-lesings hanteer het en ander lesings as dié van die bronteks gevolg het. 'n Voorbeeld hiervan is Efesiërs 2:5, waar UBS^{4rev} die besluit om die lesing τῷ Χριστῷ te volg met 'n B ("redelik seker") te gradeer. In UBS^{3corr} word dit egter met 'n C ("redelik onseker") gegradeer. In ooreenstemming met laasgenoemde gradering het die vertalers alternatiewe variante ernstig oorweeg en besluit om die lesing ἐν τῷ Χριστῷ te volg (Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020; Ef. 2:5).

2.3 Tekskritiese apparaat: NA^{26,27}

Daar is ook besluit om die tekskritiese apparaat van Nestle-Aland se *Novum Testamentum Graece* (NA^{26,27}) (Aland *et al.* 1993; Aland *et al.* 2012) by te werk (Loodskomitee, Notule 2005, punt 2.1.1):

Saam met UBS^{3corr,4rev} word ook die 26e en 27e uitgawes van Nestle-Aland se *Novum Testamentum Graece* (NA^{26,27}) gebruik.

Motivering: Ook NA^{26,27} se Griekse teks is identies aan dié van UBS^{3corr,4rev}, maar die tekskritiese apparaat is baie meer uitgebreid. Hierdie aanbeveling is ook eenstemmig met die *Handboek voor Nieuwe Bijbelvertaling* (A6:4), wat 'n vergelyking van NA²⁶, NA²⁷ en UBS voorstaan, "aangezien geen uitgawe als definitief kan worden beschouwd".

³ Zuurmond (2009:1) wys op die leemte dat "lang niet van iedere vertaling Handboeken beschikbaar zijn waarin de gekozen taalopvatting en de daaruit afgeleide principes helder en klaar beschreven zijn, zoals in het Handboek voor De Nieuwe Bijbelvertaling. De kritische lezer heeft echter met de NBV precies hetzelfde probleem. Want het NBG geeft dit Handboek niet vrij."

⁴ Slegs 'n ongepubliseerde weergawe van die handboek (Nederlands Bijbelgenootschap ca.2003) is beskikbaar.

Aangesien die Nestle-Aland-uitgawes (NA^{26,27}) se tekskritiese apparaat meer uitgebreid is as dié van UBS^{3corr,4rev}, het hierdie besluit daartoe gelei dat voetnote in die 2020-vertaling soms na variante lesings verwys wat nie in die UBS^{3corr,4rev} voorkom nie. ’n Voorbeeld hiervan word gevind in die voetnoot by Matteus 9:13: “Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ‘tot bekering.’” Hierdie inligting kom nie in die UBS-apparaat voor nie, maar wel in die NA^{26,27}-apparaat. Nog ’n voorbeeld is die voetnoot, “Sommige mss lui ‘uit God se hemel’,” by Openbaring 21:2, wat lui, “sien neerdaal van God uit die hemel”.

Hierdie beleidsbesluit wat die Loodskomitee oor die Nuwe Testament se bronteks en tekskritiese apparaat geneem het, is deur die 2020-vertalers in die vertaalproses geïmplementeer. Die belangrikste toepassings hiervan word vervolgens bespreek.

3. A- EN B-LESINGS

3.1 Aanbeveling betreffende die wyse van implementering

Die Loodskomitee het voorsien dat die beleidsbesluit om UBS^{3corr,4rev} as basisteks te gebruik, in die praktyk op die volgende wyse in die vertaling geïmplementeer sou moes word (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.1):

Oor die algemeen word die A- en B-lesings van UBS^{3corr} gehandhaaf. Waar daar egter in die resente vakliteratuur geldige argumente uitgemaak is ten gunste van ’n ander lesing as die A- en B-keuses, word daaraan oorweging geskenk.

3.1.1 *Motivering vir die wyse van implementering*

Die Loodskomitee het hierdie werkswyse soos volg gemotiveer (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.1):

- In graderings van tekskeuse in UBS^{3corr} word die saak soos volg deur die samestellers verduidelik: A – “the text is virtually certain”; B – “there is some degree of doubt”; C – “there is a considerable degree of doubt”; D – “there is a very high degree of doubt”. Hiervolgens lyk dit verantwoord om die A- en B-lesings in die vertaling te volg omdat daar redelike sekerheid oftewel min twyfel oor die betroubaarheid van die lesings bestaan. By die A- en die B-keuses is ’n bepaalde deel van die teksgetuïenis (gewoonlik eksterne oorwegings) so beduidend dat vertalers nie weer van voor af die teks moet kontroleer nie.
- Selfs A- en B-lesings kan egter nie as definitief beskou word nie (vgl. *Handboek voor Nieuwe Bijbelvertaling*, A6:4; vgl. ook UBS^{3corr} se definisies van A en B). Daarom kan, waar toepaslik, geldige argumente vir ander lesings vanuit die vakliteratuur steeds by A- en B-lesings oorweeg word. In sulke gevalle behoort die vertalers die nuwe argumente teen die UBS-samestellers se argumente (Metzger se *Textual Commentary*) op te weeg.

3.2 Praktiese voorbeelde in die 2020-Vertaling

In praktyk het die vertalers in ooreenstemming met die beleidsbesluit die A- en B-lesings van UBS^{3corr} in die meeste gevalle gevolg. In slegs 105 gevalle in die hele Nuwe Testament het die vertalers dit nodig gevind om voetnote oor tekskritiese kwessies by die vertaling by te voeg.

Dit blyk egter dat die vertalers die A- en B-lesings nie sonder meer gevolg het nie. In die praktyk is daar vir A- en B-lesings inderdaad ook variante lesings oorweeg, selfs al is sulke variante nie in die vertaling gevolg nie. ’n Voorbeeld hiervan is Lukas 18:25. Dit is die vers waarin Jesus sê dat dit makliker is vir ’n kameel om deur die oog van ’n naald te gaan as vir ’n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan. Die UBS^{3corr,4rev} volg die lesing κάμηλον (“kameel”) klaarblyklik met volle sekerheid, in so ’n mate dat die tekskritiese apparaat nie eens ’n verwysing na ’n alternatiewe lesing bevat nie. Tog is daar ’n variante lesing wat in manuskrip S en nog vier laat manuskripte voorkom, waarin die woord κάμιλον (“skeepskeel”) in die plek van κάμηλον (“kameel”) gebruik word. Inligting uit die vakliteratuur (bv. Clarke 1832; Coffman 1983-1999) en die vertaling in die *Jubilee Bible 2000*, wat lui, “For it is easier to put a cable through the eye of a needle” (Stendal 2003), het die vertalers laat besluit dat daar genoeg meriete in die variante lesing is om by die woord “kameel” die volgende voetnoot te voeg: “Enkele mss gebruik hier die woord ‘skeepskeel’” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020; Luk. 18:25).

4. C- EN D-LESINGS

4.1 Aanbeveling betreffende die wyse van implementering

Wat die C- en D-lesings in UBS^{3corr} betref, het die Loodskomitee die volgende praktiese implementering van die beleidsbesluit as doelwit gestel (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.2):

Waar die WGB-samestellers ’n C- of D-gradering aan hulle tekskeuse toeken, word die keuses van die BFBS²- en die GNTMT-uitgawes oorweeg, veral waar laasgenoemde eenstemmig is. Ook in sulke gevalle behoort nuwe lig vanuit die vakliteratuur in berekening gebring te word.

’n Voorbeeld word in die volgende afdeling bespreek.

4.2 ’n Praktiese voorbeeld van ’n gemotiveerde keuse van ’n C-lesing

’n Praktiese voorbeeld van ’n geval waar die 2020-vertalers ná deeglike oorweging op grond van intrinsieke oorwegings verkies het om van ’n C-lesing af te wyk, word in 1 Tessalonisense 2:7 gevind. Die UBS-teks verkies, met ’n C-gradering, die lesing ἐγενήθημεν νήπιοι ἐν μέσῳ ὑμῶν (“ons was soos klein kindertjies in julle midde”). Die onsekerheid oor die lesing νήπιοι (“klein kindertjies”) word deur Metzger (1975:215) gestel: “There is a considerable degree of doubt whether the text or the apparatus contains the superior reading.” Die 2020-vertalers het grondige redes gehad om in hierdie geval eerder die variante lesing ἤπιοι (“sag, teer”) te volg (vgl. BFBS² en GNTMT).⁵ Die motivering vir die vertalers se besluit berus hoofsaaklik op intrinsieke kriteria uit die kerklike kommentaar op die vertaling. Die volgende oorwegings is deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se Redaksiekommissie Nuwe Testament genotuleer (RKNT Notule 18 Sept 2015, bylae ANKOM 1-2TH 150206):

⁵ BFBS² verwys na die tweede uitgawe van die Griekse teks deur The British and Foreign Bible Society (Kilpatrick 1965). GNTMT verwys na *The Greek New Testament according to the Majority Text* (Hodges & Farstad 1982).

1. Woordgebruik: “Vriendelik of sag” kom in die NT net voor in 2 Tim 2:24. Van die 16 keer wat “babatjies” in die NT gebruik word, is 12 deur Paulus, maar elke keer met verwysing na sy bekeerlinge. Nooit verwys hy na homself as ’n baba nie.
2. Konteks: In vs 1-6 gee Paulus duidelike bewyse dat hy onverskrokke die Evangelie verkondig, al lei dit tot lyding en beledigings soos in Filippi (1-4). Hy laat hom ook nie vlei nie en soek nie die eer van mense nie (5-6). Waarom sou hy homself dan nou as totaal afhanklik, soos ’n babatjie voorstel? ... Kies mens vir “babatjies”, maak die res van 2:7 nie sin nie. Die konteks van 2:7b-12 is baie duidelik dat Paulus geregtig was om eise aan die Tessalonisense te stel, maar dat hy “vriendelik, sag of toegeeflik” was om hulle ontwil. Dit sou hy nooit kon wees indien hy ’n hulpelose “babatjie” in hulle midde sou wees nie.
3. Gevolgtrekking: Die ontstaan van hierdie variasie kan maklik verklaar word, maar dit gee geen aanduiding van watter die oorspronklike sou wees nie. Die manuskripgetuieis dui sterker op die keuse vir “babatjies” en nie “vriendelik/sag” nie. Uit Paulus se woordgebruik, asook die konteks, is ’n keuse vir “babatjies” ongegrond en moet “vriendelik/sag” verkies word.

Op grond van hierdie oorwegings het die vertalers die lesing ἡπιοι (“sag, teer”) gevolg. Dit het gelei tot die vertaling “ons het teer geword in julle midde”, met die meegaande voetnoot: “Die Griekse woord wat in die bronteks gebruik word, is *nepioi* “babatjies”. Ander manuskripte het *epioi* “teer” en dit word gevolg op grond van die konteks” (Bybelvertaling 2020, 1 Tess. 2:7).

4.3 Motivering vir die oorweging van C- en D-lesings

Die Loodskomitee het die riglyn dat C- en D-lesings in die UBS³^{corr}-apparaat oorweeg behoort te word, soos volg gemotiveer (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.2):

- Waar UBS-samestellers self hulle keuse as onseker aandui (C = “a considerable degree of doubt”; D = “a very high degree of doubt”), kan die vertalers dit nie hanteer asof daar sekerheid oor die keuse bestaan nie.
- Hierby moet in gedagte gehou word dat by die UBS-samestellings, ten spyte van die bedoeling om die teks volgens die gematig-eklektiese metode (met gelyke gewig aan eksterne, transkripsionele en intrinsieke oorwegings) te rekonstrueer, eksterne oorwegings (volgens die Westcott & Hort-model) in werklikheid meestal die swaarste geweg het (vgl. Metzger se *Textual Commentary*). Ter wille van balans is dit dus nodig om, ten minste by C- en D-lesings, ander resente teksamestellings wat op alternatiewe metodes saamgestel is, met die UBS-lesings te vergelyk.
- In hierdie verband kan die volgende oorweeg word. Vir lesings waarby intrinsieke oorwegings swaarder weeg: die tweede uitgawe van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap se Griekse Nuwe Testament (BFBS², red. GD Kilpatrick) van 1954 (jongste druk 1965); en vir lesings waarby die meerderheid manuskripte die swaarste weeg: die *Greek New Testament According to the Majority Text* (GNTMT, red. ZC Hodges en AL Farstad) van 1982. Laasgenoemde uitgawe is metodologies gesproke vir kritiese samestellers onaanvaarbaar. Tog bied dit, saam met die BFBS², alternatiewe rekonstruksies van die teks wat oorweeg kan word waar die gematigde eklektiese metode nie tot redelike sekerheid kan kom nie. In hierdie opsig verdien veral dié lesings waarin die BFBS² en die GNTMT se tekskeuse met mekaar ooreenkom, oorweging.

- Hiervoor bestaan daar ruimte in die UBS se riglyne vir Bybelvertaling (A1:3): “Though a critical text should form the basis of any adequate translation, it is recognized that in some situations certain constituencies may require that some passages of the New Testament found in the Byzantine tradition should be noted in the translation.” Die BSA se bedoeling is dat sulke “Bisantynse lesings” slegs in voetnote tot hulle reg sal kom (vgl. ook die *Handboek voor Nieuwe Bijbelvertaling*, A6:4, punt 2). Waar die UBS-samestellers egter self getwyfel het (C- en D-lesings), terwyl daar ’n oortuigende motivering vir ’n alternatiewe lesing bestaan, kan so ’n lesing egter deur die vertalers vir opname in die teks oorweeg word.
- In die geheel gesien, pas hierdie aanbeveling binne die globale vertalingsriglyn van die UBS (A1:3): “Translators should normally follow this (UBS-) text for readings rated as A or B ... but may choose other well attested readings when the text has a C rating.”
- Aangesien die UBS^{3corr} as vertrekpunt dien, behoort afwyking daarvan slegs om baie goeie redes plaas te vind. Ter kontrolering hiervan behoort die vertalers, indien hulle wel sou besluit om ’n ander lesing as dié van die UBS^{3corr} te volg, hulle keuse deeglik te motiveer en aan ’n staande paneel van deskundiges voor te lê.

4.4 ’n Praktiese voorbeeld van die keuse van ’n C-lesing om intrinsieke redes

Benewens die voorbeeld van 1 Tessalonisense 2:7, wat in 4.2 hier bo bespreek is, het die vertalers ook in Efesiërs 2:5 om goeie redes van ’n C-lesing afgewyk. Die samestellers van UBS^{3corr,4rev} verkies in Efesiërs 2:5 die lesing *συνεζωοποίησεν τῷ Χριστῷ* (“saam met Christus lewend gemaak”). Die 2020-vertalers het egter besluit om eerder die variante lesing in P⁴⁶ B 33 *et al.* te volg, naamlik *συνεζωοποίησεν ἐν τῷ Χριστῷ* (“saam lewend gemaak in Christus”). Die vertalers se motivering vir die keuse van hierdie variante lesing is die volgende (RKNT Notule 11-08-2016):

Die volgende vers (vers 6) sê uitdruklik dat ons saam met mekaar opgewek is, en hierdie saam-opwekking vind by die wederkoms plaas, in Christus. Dit word benadruk deur die frase *ἐν τῷ Χριστῷ* wat byna soos ’n refrein in verse 6 en 7 herhaal word.

Gevolglik lui die 2020-vertaling: “in Christus saam lewend gemaak”, met die volgende voetnoot: “Bronteks lui: ‘saam met Christus’. Die lesing van baie goeie mss is egter in die vertaling gevolg.” (Bybelvertaling 2020, Ef. 2:5).

5. TEKSKRITIESE OPMERKINGS IN VOETNOTE

5.1 Riglyn vir die gebruik van voetnote

Die Loodskomitee het die volgende praktiese riglyn vir die vertalers gestel oor tekskritiese inligting in voetnote (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.3):

Variante lesings in die apparaat van NA^{26,27} of UBS^{3corr,4rev} (A, B, C of D) wat na die oordeel van die vertalers vir Afrikaanse Bybelleesers van belang is, behoort in voetnote by die vertaling aangedui te word.

5.1.1 Motivering vir die aanbeveling van die riglyn

Die Loodskomitee het die riglyn soos volg gemotiveer (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.3):

- Die *Handboek voor Nieuwe Bijbelvertaling* (A6:4, punte 2 en 6) dui op die wenslikheid van die plaas van alternatiewe lesings in voetnote.
- Bybelvertaling 2006+ is juis bedoel om meer die karakter van ’n studie-vertaling te dra, sodat goedgekose voetnote oor alternatiewe lesings volkome binne die opset van die vertaling inpas.

5.1.2 Praktiese voorbeelde van verwysings na variante lesings in voetnote

Die implementering van bogenoemde riglyn het daartoe gelei dat daar in die 2020-vertaling ’n hele aantal voetnote voorkom waarin verwys word na ander lesings as dié wat in die UBS^{3corr,4rev}- en NA^{26,27}-teks gedruk of in die vertaling gevolg is. Ter wille van goeie benutting van ruimte is voetnote spaarsamig gebruik, met die gevolg dat daar uiteindelik slegs 105 voetnote in die vertaling is waarin tekskritiese opmerkings gemaak word. Daar was hoofsaaklik twee redes waarom die vertalers voetnote met tekskritiese opmerkings by die vertaling geplaas het:

- (1) In gevalle waar teksvariasie ’n verskil maak aan die vertaling, is die nodige toeligting vir die lesers in voetnote aangebied. Dit is gedoen waar die 2020-vertaling as gevolg van teksvariasie opvallend verskil van die 1933/53- of die 1983- Afrikaanse vertaling of van ander bekende vertalings. ’n Voorbeeld hiervan is 1 Korintiërs 13:3, waar die variante lesings *καυθήσωμαι* (“verbrand word”) en *καυχήσωμαι* (“roem”) in manuskripte voorkom (vgl. die UBS^{3corr,4rev}- apparaat). Die 1933/53- vertaling lui: “Al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word.” Die 2020-vertaling lui egter: “Al gee ek my liggaam oor sodat ek my daarop kan beroem.” Dit word gevolg deur die voetnoot, “Sommige mss lui ‘gee ek my liggaam oor om verbrand te word’.” ’n Soortgelyke voorbeeld kom voor by Lukas 6:48, waar die 2020-vertaling in navolging van die UBS-teks lui dat die huis bly staan het “omdat dit goed gebou was”. Hierdie vertaling verskil opvallend van die ou bekende vertaling “omdat sy fondament op rots was” (vgl. AV1933/53, KJV). Lukas 6:48 is dus in die 2020-vertaling van die volgende voetnoot voorsien: “Ander mss en vroeë vertalings lui ‘omdat sy fondament op die rots gebou was’.”
- (2) Sommige variasies word egter bloot ter wille van interessante inligting vir die lesers in die voetnote genoem, soos in Openbaring 21:2, wat vertaal word: “sien neerdaal van God uit die hemel.” Hoewel die 2020-vertaling in hierdie geval met albei die vorige Afrikaanse vertalings en met die meeste bekende moderne vertalings ooreenstem, het die vertalers ’n voetnoot bygevoeg: “Sommige mss lui ‘uit God se hemel’.” Hierdie variante lesing word nie in UBS^{3corr,4rev} vermeld nie, maar dit word wel in die tekskritiese apparaat van NA^{26,27} aangedui. Die variante lesing van “kameel”/“skeeps kabel” deur die oog van ’n naald in Lukas 18:25, wat in 3.2 hier bo bespreek is, is ’n verdere voorbeeld van ’n variante lesing wat ter wille van interessantheid in die 2020-vertaling se voetnote ingesluit is.

5.2 Vereiste van helderheid van voetnote

Oor die tekskritiese opmerkings in voetnote het die Loodskomitee een baie besliste voorwaarde gestel (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.4): “Alle tekskritiese opmerkings in voetnote moet so gedoen word dat dit nie verwarrend en misleidend moet wees nie.”

5.2.1 Motivering vir die stel van die voorwaarde

Hierdie vereiste is baie belangrik binne ’n lesersgemeenskap waar gemoedere soms hoog kan loop oor kwessies soos variante lesings, manuskripte en gedrukte uitgawes van die Griekse Nuwe Testament. Tekskritiese voetnote by die 2020-vertaling moes daarom so geformuleer word dat dit nie by hierdie debat betrokke raak nie. Die Loodskomitee het dus die volgende besluit geneem (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.4):

Enersyds moet ’n oordrewe vertroue in en gearriveerde afhanklikheid van ’n bepaalde teksuitgawe (*in casu* die UBS-uitgawe) vermy word, asof die laaste woord daarmee gespreek is. Andersyds mag die indruk nie geskep word dat die teks op losse skroewe staan en dat ons maar moet raai wat nou eintlik in die Nuwe Testament geskrywe staan nie.

5.2.2 Praktiese voorbeelde van gebalanseerde voetnote

’n Voorbeeld van so ’n “gebalanseerde” voetnoot is dié by Lukas 6:48, wat reeds in 5.1.2 (1) hier bo genoem is. Die lesing *διὰ τὸ καλῶς οἰκοδομηθῆναι αὐτήν* (“omdat dit goed gebou was”) is met redelike sekerheid deur die samestellers gevolg, soos blyk uit die [B]-gradering in die UBS^{3corr}-apparaat. Dié sekerheid is gegrond op die hoogaangeskrewe teksgetuies waarin die lesing voorkom, soos P⁷⁵, Alef, B, en ook die vroeë Siriese en Koptiese vertalings (vgl. Metzger 1975:97). Die alternatiewe lesing *θεμελίωτο γὰρ ἐπὶ τὴν πέτραν* (“omdat sy fondament op die rots gebou was”) word in verreweg die meeste teksgetuies aangetref. Dié teksgetuies is egter hoofsaaklik van Bisantynse en Westerse herkoms, en daarom bestaan die opvatting in tekskritiese kringe dat dit minder waarde het. Die 2020-vertalers het die lesing van die UBS-tekste gevolg met die vertaling “omdat dit goed gebou was.” Die voetnoot by die vertaling het hulle egter só geformuleer dat dit nie na die aansien of waarde van die teksgetuies verwys nie. Dit sê net: “Ander mss en vroeë vertalings lui ‘omdat sy fondament op die rots gebou was’” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020; Luk. 6:48).

Op ’n soortgelyke manier word daar in die 2020-vertaling se voetnote ook van die volgende formulering gebruik gemaak:

- “Sommige mss lui” (bv. Mark. 10:24; Luk. 10:1; Op. 5:10)
- “Sommige mss en vroeë vertalings lui” (bv. Mark. 10:43; Luk. 11:2, 4)
- “Ander mss voeg by” (bv. Rom. 8:1)
- “Ander mss en vroeë vertalings lui” (Luk. 17:35; Rom. 16:7)

Dit blyk dat die formulering “sommige mss” en “ander mss” in die voetnote willekeurig afgewissel word. Daar is ook nêrens in die bewoording van die voetnote selfs ’n subtiele verwysing na (kwantitatief) meer of minder manuskripte of (kwalitatief) na belangriker en minder belangrike manuskripte nie.

6. “BYVOEGINGS” EN “WEGLATINGS”

6.1 Riglyn vir die hantering van vermeende interpolasies

Die laaste riglyn wat die Loodskomitee vir die vertalers gestel het, hou verband met gedeeltes in die teks waarvan die oorspronklikheid bevraagteken word (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.5). Dit lui soos volg: “Gedeeltes wat in die UBS^{3corr} tussen blokhakies [] en dubbele blokhakies [[]] gedruk is, word in die vertaling opgeneem, laasgenoemde met opmerkings in voetnote.”

6.1.1 Motivering vir die aanbeveling van die riglyn

Hierdie werkswyse word soos volg gemotiveer (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.2.5):

Hoewel die UBS-samestellers met die blokhakies en dubbele blokhakies aandui dat hulle sterk twyfel dat die gedeelte deel van die teks moet wees, gee hulle daarmee ook te kenne dat dit na hulle oortuiging op grond van die tradisionele belang daarvan nie uit die teks weggelaat kan word nie. Daarom sal insluiting daarvan met voetnoot-opmerkings gepaard moet gaan. Hierdie aanbeveling stem ooreen met die riglyn in punte 5 en 7 van die *Handboek voor Nieuwe Bijbelvertaling*, A6:4.

6.1.2 Praktiese voorbeelde

Die bekendste gedeeltes in die Nuwe Testament wat in tekskritiese kringe as die gevolg van interpolasie beskou word, is die gedeelte oor die owerspelige vrou (Joh. 7:53-8:11), die slot van Markus (Mark. 16:9-20) en, les bes, die doksologie van die *Ons Vader*-gebed in Matteus (Matt. 6:13). Al drie hierdie gedeeltes is in die 2020-vertaling ingesluit, met toepaslike voetnote.

(1) Die insluiting van die gedeelte oor die owerspelige vrou in Johannes 7:53-8:11 is ’n sprekende voorbeeld van die praktiese uitvoering van die beleidsbesluit oor dubbelhakietekste. In die UBS-teks is hierdie verse tussen dubbelhakies geplaas. Die 2020-vertalers het dit in die teks van die vertaling ingesluit, met die volgende voetnoot: “Volgens teksgetuïenis was hierdie gedeelte nie aanvanklik deel van die bronteks nie. Dit bevat egter so ’n outentieke getuïenis oor Jesus dat dit mettertyd in baie mss opgeneem is en sodoende deel van *Die Evangelie volgens Johannes* geword het.”

(2) In die slot van Markus het die vertalers voor die probleem van drie variante lesings te staan gekom. ’n Aantal manuskripte bevat die sogenaamde stomp slot, wat eindig met die woorde van Markus 16:8 “want hulle was bang”. Dan is daar ook ’n sogenaamde kort slot, wat ná Markus 16:8 ’n verdere 2 sinne byvoeg, en die tradisionele lang slot, wat uit 12 verse (vs. 9-20) bestaan. Die UBS-samestellers het ná vers 8 die tradisionele lang slot in dubbelhakies by die teks geplaas, en daarna ook nog die kort slot, ook tussen dubbelhakies. Die 2020-vertalers het hierdie variasie-eenheid hanteer deur die lang slot (Mark. 16:9-20) in die vertaling in te sluit, met ’n voetnoot by vers 8 wat soos volg lui: “Ander mss en vroeë vertalings bevat ook ná vs 8 nog vs 9-20. Hoewel aanvaar word dat dit ’n later invoeging is, is dit in die gedrukte bronteks op grond van die tradisie tussen vierkantige hakies opgeneem.” Die kort slot, daarenteen, is nie in die 2020-vertaling ingesluit nie, maar slegs in ’n voetnoot vertaal. Die voetnoot lui soos volg: “In sommige mss is benewens, of in die plek van, vs 9-20, die volgende bygevoeg: ‘En hulle het alles wat aan hulle vertel is, kortliks aan dié saam met Petrus berig.

Hierna het Jesus self deur hulle die heilige en onverganklike verkondiging van die ewige verlossing uitgestuur. Amen.’ Dit ontbreek egter in die bronteks.”

(3) In die geval van die doksologie by die gebed in Matteus 6:13 het die vertalers die weg van analogie gevolg. In die UBS-teks is die doksologie nie in die teks ingesluit nie, ook nie tussen blokhakies nie, maar slegs as ’n alternatiewe lesing in die tekskritiese apparaat vermeld. Daarom het die 2020-vertalers die woorde aanvanklik ook net in ’n voetnoot ingesluit. Op navraag van die kerklike lesers het die vertalers egter die saak in heroerweging geneem. Met die insluiting van die tradisionele slot van Markus as voorbeeld, is besluit om die doksologie op dieselfde wyse in Matteus 6:13 in te sluit (vgl. RKNT 2017-03-03 Notule, punt 6.1). Gevolglik is die doksologie in die finale teks ingesluit, met die volgende voetnoot: “Volgens teksgetuie was hierdie lofprysing nie aanvanklik deel van die bronteks nie. Dit het egter so deel van die liturgie van die vroeë kerk geword dat dit mettertyd in baie mss opgeneem is en sodoende deel van die gebed geword het.”

Benewens hierdie drie gedeeltes, is daar in die UBS-teks talle enkelwoorde of -frases wat tussen blokhakies geplaas is. Waar sulke gedeeltes deel van ’n groter variasie-eenheid uitmaak, het die vertalers dit soos ’n gewone variante lesing beoordeel, met die gevolg dat die meeste daarvan uiteindelik deel van die vertaling geword het. Daar is egter enkele (vgl. byvoorbeeld Matt. 23:4; 27:16; Mark. 15:27; Op. 14:3; 13:1) wat op tekskritiese gronde uitgesluit is. In ieder geval is die vertaling telkens van ’n toepaslike voetnoot voorsien. Waar die insluiting of weglating van ’n blokhakieteks werklik geen verskil aan die betekenis van die betrokke sin sou maak nie, is dit ingesluit sonder enige meegaande voetnoot (bv. Matt. 6:33; Mark. 14:33; Joh. 13:36).

6.2 Vermeende weglatings

Die Loodskomitee het geen beleid vir die weglating van tekste geformuleer nie. Dit kan egter nie aan onvolledigheid toegeskryf word nie, aangesien daar uit die staanspoor glad nie sprake daarvan was dat enige deel of dele van die bronteks uit die vertaling weggelaat kan word nie. Intendeel, daar het geen twyfel bestaan nie dat die bedoeling met die vertaling was dat die bronteks volledig vertaal moet word (Loodskomitee, Notule 2005-09-15, punt 2.1.1).

Op verskeie plekke moes die UBS-samestellers kies tussen korter en langer variante lesings wat in die manuskripte voorkom. Waar hulle op tekskritiese gronde besluit het om ’n korter lesing in die teks te plaas, kan dit nie as ’n weglating beskou word nie, maar as ’n herstel van die teks in sy oorspronklike vorm. Waar die 2020-vertalers korter tekskeuses van die UBS-samestellers ondersteun het, het hulle dikwels die vertaling voorsien van ’n voetnoot, soos in Matteus 20:16: “Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ‘Baie is immers geroep, maar min is uitverkies.’ Dit word aanvaar dat dit hier nie deel van die oorspronklike teks is nie; vgl. egter Matt 22:14, waar dit wel deel van die bronteks is.”

Seker die bekendste “weglating” is die gedeelte oor die drie hemelse getuies in 1 Johannes 5:7-8. Hier handel dit ook oor twee weergawes van die teks. Hoewel die tekskritiese getuie oor die kort teks so oorweldigend is dat die debat hieroor reeds lankal tot ’n einde gekom het, het die vertalers dit nogtans goed geag om na die lesing met die “kortere” teks in vers 7 ’n voetnoot by te voeg: “Enkele laat mss voeg op grond van die Vulgaat hierna by ‘... in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een.’⁸ En daar is drie wat getuig op die aarde’.”

7. NUWE ONTWIKKELING TEN OPSIGTE VAN DIE BRONTEKS

Die teks wat die United Bible Societies in hulle *Greek New Testament* opgeneem het, is volgens die sogenaamde gematigde eklektiese metode saamgestel. Dit geld ook vir die vierde uitgawe van 1994, wat deur die 2020-vertalers gebruik is. Sedertdien het die *Institut für neutestamentliche Textforschung* in Münster, Duitsland, onder leiding van Gerd Mink en Klaus Wachtel begin met die ontwikkeling van ’n nuwe tekskritiese metode wat bekend staan as die koherensie-gebaseerde genealogiese metode (Engels: “coherence-based genealogical method” – afgekort as CBGM). Hoewel die CBGM eintlik vir die *Editio Critica Maior*-projek bedoel is, is die eerste resultate van dié nuwe werkswyse reeds bekendgestel in die teks van die algemene sendbriewe van die *Nestle-Aland Novum Testamentum Graece* se 28ste uitgawe wat in 2012 gepubliseer is.

Toe hierdie nuwe teks gepubliseer is, het die 2020-vertaling reeds ver gevorder, ook die vertaling van die algemene sendbriewe. Nogtans het die vertalers besef dat hulle hul oor die nuwe ontwikkeling moes verantwoord. Daarom het hulle die teks van die algemene sendbriewe in die NA²⁸ met dié van die UBS^{4rev} vergelyk. In die Jakobusbrief is vyf verskille opgemerk, in 1 Petrus agt verskille, in 2 Petrus is daar ses verskille, in 2 Johannes is daar twee en in die Judasbrief ook twee verskille. Dit is ’n totaal van 23 verskille. Die meeste van die verskille raak egter net kleiner sake soos punktuasie, ὄτι-resitatief, vertellende καὶ of ander variasies wat weinig of geen verskil aan die vertaling sou maak nie. In slegs drie gevalle is die teksverskille betekenisvol:

- 1 Petrus 4:16> UBS⁴: “moet God verheerlik op grond van hierdie Naam.”
NA²⁸: “moet God verheerlik in hierdie opsig.”
- 2 Petrus 2:6> UBS⁴: “as voorbeeld laat dien het van die dinge wat die goddeloses gaan tref.”
NA²⁸: “as ’n voorbeeld laat dien van hulle wat goddeloos gaan wees.”
- 2 Petrus 3:10> UBS⁴: “die aarde en wat daarop gedoen is, ontbloom sal word.”
NA²⁸: “die aarde en wat daarop gedoen is, sal verbrand word.”

Die vertalers het hierdie drie variasie-eenhede bestudeer en in al drie gevalle bevind dat daar voldoende grond is om by die UBS⁴-teks te hou.

Dit is duidelik dat die statuus van die CBGM tot op hede nog nie genoeg gegroei het om werklik ’n impak op huidige vertalingsprojekte te hê nie. Dit geld ook vir die 2020-vertaling. Indien die CBGM egter in die jare vorentoe wel momentum sou kry wat tot die publikasie van ’n volledige Griekse Nuwe Testament sou lei, sal toekomstige vertalers hulle uiteraard deeglik daarvoor moet verantwoord.

8. EVALUERING

Samevattend kan gesê word dat die Loodskomitee uit die staanspoor ’n goed verantwoorde keuse gemaak het ten opsigte van die bronteks waaruit die 2020-vertaling gemaak moes word. Verder blyk dit dat die vertalers gehou het by die opdrag en die beleidsbesluite wat die Loodskomitee aan die begin van die projek vir die Nuwe Testamentiese bronteks gestel het. Die vertalers het ook die aanbevelings en die riglyne vir die praktiese implementering van die besluite getrou gevolg. Die vryheid wat hulle toegelaat is met betrekking tot die A-, B-, C- en D-lesings het hulle konserwatief en verantwoordelik gebruik, telkens met duidelike motivering in voetnote. Dit geld ook vir gedeeltes tussen blokhakies en vir die sogenaamde byvoegings

en weglatings. Verder het die vertalers die tekskritiese opmerkings in die voetnote “gebalanseerd” probeer hou, sodat dit nie die indruk skep dat dit een of ander tekskritiese standpunt of -rigting bevoordeel nie. Wat die hantering van die bronteks betref, was die 2020-projek se vertaling van die Nuwe Testament in die geheel suksesvol en baie bevredigend.

BIBLIOGRAFIE

- Aland, B., Aland, K., Karavidopoulos J., Martini, C.M. & Metzger, B.M. (eds). 1994. *The Greek New Testament*. (4th rev. ed.). Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Aland, B., Aland, K., Karavidopoulos, J., Martini, C.M. & Metzger, B.M. (eds). 1993. *Novum Testamentum Graece: Nestle-Aland 27th edition*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Aland, B., Aland, K., Karavidopoulos, J., Martini, C.M. & Metzger, B.M. (eds). 2012. *Novum Testamentum Graece: Nestle-Aland 28th revised edition*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Aland, K., Black, M., Martini, C.M., Metzger, B.M. & Wikgren, A. (eds). 1983. *The Greek New Testament*. (3rd ed., corrected). Stuttgart: United Bible Societies.
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 2020. *Die Bybel: 2020-vertaling*. <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php> [Geraadpleeg: Januarie – Maart 2020]
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Loodskomitee vir Direkte Bybelvertaling in Afrikaans. 2005. *Notule, 2005-09-15: Brontekste OTNT*. (Ongepubliseer).
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Redaksiekommissie Nuwe Testament. 2010–2019. *Notules van vergaderings, 2010–2019*. (Ongepubliseer).
- Clarke, A. 1832. *Commentary on Luke 18:25*. (Adam Clarke commentary). <https://www.studylight.org/commentaries/acc/luke-18.html> [Date of access: 12 March 2020].
- Coffman, J.B. 1983–1999. *Commentary on Luke 18:25*. Abilene, Tex.: Abilene Christian University Press. (Coffman commentaries on the Old and New Testament). <https://www.studylight.org/commentaries/bcc/luke-18.html> [Date of access: 15 February 2020].
- Hodges, Z.C. & Farstad, A.L. (eds). 1982. *The Greek New Testament according to the Majority Text*. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson.
- Kilpatrick, G. (ed.). 1965. *H KAINH ΔΙΑΘΗΚΗ*. London: British and Foreign Bible Society.
- Loodskomitee *kyk* Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Loodskomitee vir Direkte Bybelvertaling in Afrikaans.
- Metzger, B.M. 1975. *A textual commentary on the Greek New Testament: A companion volume to the United Bible Societies' Greek New Testament*. New York, NY: United Bible Societies.
- Nederlands Bijbelgenootschap. ca. 2003. *Handboek voor de Nieuwe Bijbelvertaling*. ca. 2003. (Ongepubliseer).
- RKNT *kyk* Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Redaksiekommissie Nuwe Testament.
- Stendal, R.M. (ed.). 2003. *The Jubilee Bible 2000*. <https://www.biblestudytools.com/jub/luke/18.html> [18 March 2020].
- Zuurmond, R. 2009. De theologie van de Nieuwe Bijbelvertaling. *In de Weegschaal* 38(9). <https://www.karlbarth.nl/zuurmond-theologie-nbv/> [14 Junie 2020].

“Wat staan in die Grieks?” – Kollig op vertaalprobleme wat die Nuwe Testament oplewer

What does the Greek say? – Spotlight on translation problems the New Testament poses

JAN BARKHUIZEN

Departement Antieke Tale
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: jan.barkhuizen@telkomsa.net



Jan Barkhuizen

JAN BARKHUIZEN behaal agtereenvolgens die grade BA, BA Hons. (Grieks) en BD aan UP. Vanaf 1962–1964 is hy deelydse lektor aan UP in die dept. Grieks, en in 1965 word hy aangestel as deelydse dosent in Bybelkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika. In 1966 word hy permanent aangestel as lektor in Grieks en Antieke Kultuur aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, waar hy ook die MA-graad in klassieke liriese digkuns behaal. Tussen 1970–1971 studeer hy aan die Rijksuniversiteit Utrecht (Nederland) in Griekse liriek en tragedie, en word met sy terugkeer in Suid-Afrika bevorder tot senior lektor. In 1973 word hy aangestel as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1976 die graad DLitt in Griekse liriek behaal. In 1980 word hy bevorder tot medeprofessor en in 1990 tot professor. Van 1993 tot 2000 dien hy as vakhof vir Grieks in die departement Antieke Studies. Ná sy amptelike aftrede in 2000 word ’n verdere kontrak hom aangebied en sedert 2003 is hy emeritus navorsingsprofessor. In 1999 ontvang hy die Medalje vir Akademiese Voortreflikheid (UP) en in 2016 die HCM Fourierepenning vir akademiese en kerklike dienswerk. Hy het verskeie akademiese voordragte

JAN BARKHUIZEN obtained the following degrees at the University of Pretoria: BA, BA Hons (Greek) and BD. From 1962 to 1964 he was part-time lecturer in the department of Greek at UP, and in 1965 he was appointed as part-time lecturer in Biblical Studies at UNISA. In 1966 he became a lecturer in Greek and Ancient Culture at the University of the Free State, where he obtained an MA in Greek poetry. During the academic year of 1970–1971 he studied at the Rijks University of Utrecht, and on his return to South Africa was promoted to senior lecturer. In 1973 he was appointed as senior lecturer at the University of Pretoria and obtained his DLitt in 1976 (Greek poetry). In 1980 he was promoted to assistant professor and in 1990 to full professor. He retired in 2000 but was re-appointed for another term of three years, and since 2003 he has held the position of research professor emeritus in the department of Ancient Studies at UP. He has read several papers at conferences in South Africa, the Netherlands, Austria and Oxford; in addition, he was a member of the following national and international associations: the Classical Association of South Africa, the Patristic Association of South Africa and the

Datums:

Ontvang: 2020-01-15

Goedgekeur: 2020-07-14

Gepubliseer: Desember 2020

gelewer tydens vakkongresse in Suid-Afrika, Nederland, Oostenryk en Engeland. Hy was lid van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika, die Patristiese en Bisantynse Vereniging van Suid-Afrika en die Internasionale Patristiese Vereniging. Hy het ook gedien as subredakteur van die tydskrif *Acta Patristica et Byzantina* en in die Redaksionele Raad van die tydskrif *Ekklesiastikos Pharos*. Sy wetenskaplike publikasies handel oor Klassieke, Hellenistiese en Patristiese studies.

International Patristic Society (Oxford). His academic articles focus on Classical, Hellenistic, Patristic and New Testament studies. In 1999 he received the medal for academic excellence at UP, and in 2013 the HCM Fourie medal (Reformed Church of Africa) for academic excellence and ecclesiastical service.

ABSTRACT

What does the Greek say? – Spotlight on translation problems the New Testament poses

The translation of an ancient religious text such as the New Testament has to take into account the following two matters: (1) it has to be a precise reflection of New Testament Greek, its grammatical constructions, semantics and rhetorical structure; and (2) it has to address the socio-religious and theological context of the New Testament as a whole, as well as of its individual documents or books. The obvious and natural point of departure in the translation process is an accurate and careful analysis of the Greek text. This article focuses specifically on this matter, directing the attention of the reader to the problems the translators encountered in producing the 2020 Afrikaans translation of the Bible. One way of presenting the most important translation problems to the reader might have been to start with examples taken from Matthew, work systematically through the other books and end with Revelation. Such an approach would, however, not have allowed a systematic enough distinction between the nature of the various problems, but would only have offered the reader a mixed list of examples. To avoid this kind of disorderly presentation, I have adopted a system that is more scientific, appropriate and reader-friendly, namely the classification of translation problems into the following three categories: (1) problems related to a faulty understanding of the Greek, or the application of poor translation techniques; (2) problems related to the ambiguity of the Greek grammatical constructions; (3) problems stemming from a lack of appreciation of the finer nuances of a specific Greek construction, word or image.

Some clarification of these three categories is necessary.

As to the first category, translations sometimes surprisingly misconstrue a specific Greek grammatical rule. Typical examples that occur, especially in current Afrikaans Bible translations, involve erroneous interpretations of the Greek participle, the genitive case or the definite article.

*Some constructions, words or images in the secondary category create real difficulties for translators, since in these instances the Greek can be correctly interpreted in more than one way. Then translators are forced to choose one rendering, listing possible alternatives in footnotes, a system adopted by the 2020 Bible translators. The value of such a system can be discerned especially in the case of one of the most discussed issues in modern New Testament studies, and for that very reason is dealt with in this paper more extensively than the other problems. It concerns a specific function of the Greek genitive occurring in the phrase *pistis Iesou Christou*. Is this the so-called objective genitive, to be translated as “faith IN Jesus Christ”, or is it a subjective genitive, to be translated as “the faith OF Jesus Christ”, referring to Jesus’ faithful obedience to God’s will and divine plan for the salvation of mankind? While*

it is clear and without any doubt true that salvation comes through faith in Jesus, as expressed throughout the New Testament, scholars who prefer the subjective genitive (mostly in certain Pauline/Deutero-Pauline texts) argue that it is primarily through the faithful obedience of Jesus that people are enabled to believe in Him and thus find salvation. The 2020 Bible translation has opted for the objective genitive in the text, placing the alternative (the subjective option) in a footnote. This is in line with the functionality of the second category: selecting one rendering and putting the alternative(s) in a footnote.

As regards the third category, some translations as well as some commentaries reflect an excellent understanding of the finer points of New Testament Greek; however, while other less subtle translations do not produce an incorrect rendering of the Greek as such, they nevertheless hamper a more profound appreciation of the particular verse or passage in question. A careful reading of the original Greek is therefore essential, not only to detect possible misunderstandings of the source language, but also to enhance and enrich our knowledge of the Bible and its message.

KEYWORDS: translation problems, translation process, language, New Testament grammar, translation differentiation, translation mistakes, translation logic, ambiguity, nuance, meaning

TREFWOORDE: vertaalprobleme, vertaalproses, taalaspek, Nuwe Testament-grammatika, probleemdifferentiasie, vertaalfoute, vertaallogika, meerduidigheid, nuanse, woordbetekenis

OPSOMMING

In hierdie artikel word die grammatikale aspek van die vertaalproses van die 2020-Bybel as direkte vertaling ondersoek. Naas die teologiese, sosiopolitieke en tekskritiese faktore wat in ag geneem moet word in so 'n vertaalproses, neem die grammatikale aspek vanselfsprekend die belangrikste plek in. Uit die aard van die saak kon net 'n seleksie van tekste waarin verstaan- en vertaalprobleme ondervind is, bespreek word. Hierdie tekste is gerieflikheidshalwe in drie kategorieë ingedeel wat verteenwoordigend is van die soort probleme wat teëgekomp is. (a) Eerstens is daar dié tekste waarvan die vertaling berus op 'n verkeerde interpretasie van die Grieks of wat berus op foutiewe vertaallogika. (b) Tweedens word tekste bespreek wat volgens Griekse grammatikale reëls op meer as een manier vertaal kan word. (c) Derdens is daar tekste wat nie noodwendig verkeerd vertaal is nie, maar waarvan die vertaling nie die fynere nuanses van die brontaal reflekteer nie.

INLEIDING

Die vertaalproses van 'n antieke teks bied uit die aard van die saak meer uitdagings aan die vertaler as dié van 'n kontemporêre teks. Dit is ongetwyfeld so dat hoe groter die tydsafstand tussen teks en vertaler is, des te kompleks word die vertaalproses. Kulturele, religieuse en sosiopolitieke kontekste asook taalaangeleenthede is seker van die belangrikste sake wat as gevolg van hierdie tydsafstand die vertaalproses bemoeilik. Dit geld *ipso facto* ook die Nuwe Testamentiese teks, wat deur sowel 'n Semitiese as 'n Hellenistiese (Grieks-Romeinse) “wêreld-konteks” in die wydste sin daarvan bepaal is.

Onder die verskillende sake wat die vertaler(s) in ag moet neem vir die verstaan, en gevolglik betroubare vertaling, van die teks van die Nuwe Testament, neem die grammatikale aard van die brontaal vanselfsprekend 'n bepalende plek in. Met grammatikale aard – in hierdie geval van Nuwe Testamentiese Grieks – word bedoel die totaliteit van die vorm, sintaksis en

semantiek daarvan. Dit is dan ook hierdie aangeleentheid wat die onderwerp vorm van die onderstaande bespreking van vertaalprobleme wat die Nuwe Testament opgelewer het. Die grammatikale ontsluitingsproses is wyd en diepgaande van aard; daarom kan slegs ’n seleksie van die belangrikste taalkwessies waarmee die vertaler(s) van die 2020-vertaling gekonfronteer is, aangeraak word.

Die bespreking van dié grammatikale kwessies kan uit verskillende hoeke benader word, byvoorbeeld om probleemtekste in volgorde van Matteus tot Openbaring uit te lig, of om die belangrikstes as vertrekpunt te neem en dan te beweeg na die minder belangrikes. Die benadering wat hier gevolg is, was om die gekose gevalle te bespreek binne die raamwerk van drie kategorieë:

- A. Tekste waarvan vertalings berus op ’n gebrekkige insig in die Grieks daarvan, of wat spruit uit verkeerde “vertaallogika”.
- B. Tekste waarvan die vertaling verskillend geïnterpreteer kan word.
- C. Tekste waarvan vertalings nie die volle nuanse van die Griekse konstruksie weerspieël nie.

A. TEKSTE WAARVAN VERTALINGS OP GEBREKKIGE INSIG IN DIE GRIEKS BERUS OF SPRUIT UIT VERKEERDE VERTAALLOGIKA

1. Joh 2:11 en 4:54 en die dubbele akkusatief van die objek-komplement

Hieronder word, eenvoudig gestel, verstaan dat een akkusatief die objek van die werkwoord is en die tweede akkusatief predikatief as komplement van die objek figureer. Twee teksverse, wat beide ’n aanwysende voornaamwoord bevat, word deur sekere vertalings grammatikaal verkeerd geïnterpreteer. Hulle is Joh 2:11 en 4:54.

Joh 2:11 lui: Ταύτην ἐποίησεν ἀρχὴν τῶν σημειῶν ὁ Ἰησοῦς ἐν Κανὰ

Die weergawe “Hierdie eerste een van sy tekens het Jesus in Kana gedoen” (die 1933/53, 1983, en NLV)¹ is grammatikaal ongeldig, want dit ontbreek ταύτην – teenstrydig met die reël in Grieks – aan die lidwoord. Die korrekte vertaling is dié van objek-komplement: “*Dit* (objek) het Jesus in Kana gedoen as eerste (komplement) van sy tekens”; of: “*Dit* het Jesus as eerste van sy tekens in Kana gedoen”.

Joh 4:54 bevat dieselfde konstruksie: Τοῦτο δὲ πάλιν δεύτερον σημεῖον ἐποίησεν ὁ Ἰησοῦς...

Die weergawe “Hierdie tweede teken het Jesus gedoen...” (die 1933/1953, 1983, NLV) misken weer eens die objek-komplement-konstruksie. Die korrekte weergawe is: “Jesus het *dit* (objek) gedoen as tweede teken (komplement)”, of: “*Dit* het Jesus gedoen as tweede teken”. Ook hier ontbreek die lidwoord saam met τοῦτο wat deur Grieks vereis word om te kan lui: “Hierdie tweede...”.

Die Grieks sou dan in beide gevalle moes lui: ταύτην τὴν ἀρχὴν ἐν τούτῳ τὸ δεύτερον σημεῖον, wat egter nie die geval is nie.

2. Joh 6:70 (vgl. Mark 8:33) en monadiese naamwoorde

Naamwoorde wat enig is (son, maan, Seun van God, Heilige Gees) hoef nie die lidwoord te hê om bepaald te wees nie. Om hierdie rede word hierdie reël in een belangrike teks, Joh 6:70, soms verontagsaam:

¹ Kyk die lys van Vertalings van die Bybel (Afrikaans, Nederlands, Engels en Duits) aan die einde van die teks, ná die bibliografie, vir ’n verklaring van die afkortings wat deurgaans in die artikel gebruik word.

ἀπεκρίθη αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς· οὐκ ἐγὼ ὑμᾶς τοὺς δώδεκα ἐξελεξάμην;
καὶ ἐξ ὑμῶν εἷς διάβολός ἐστιν.

Wat sekere vertalings ignoreer, is dat διάβολος (duiwel) ’n monadiese naamwoord is: Daar is net *een* diuwel, nie meer nie. Die vertaling: “Ek het tog julle twaalf uitverkie, nie waar nie? Maar/En een van julle is ’n diuwel!” is daarom grammatikaal en logies nie korrek nie. Dit moet lui: “Maar/En een van julle is *die* diuwel!”. Die fout, deur die KJV begaan, is hierin gevolg deur die 1933/53-vertaling, die NKJV, RSV, NRSV en NIV. Die argument dat Judas dan die diuwel sou wees, geld nie, omdat Jesus hier, soos in Mark 8:33 met Petrus (“Gaan weg agter My, Satan!”), figuurlike taal gebruik.

3. Rom 1:16-18; Matt 1:20 & 28:2; Luk 2:9; Hand 12:7; Gal 4:14; Op 13:18 en die kanon van Apollonius

Apollonius se kanon behels die reël dat die hoofnaamwoord en die naamwoord in die genitief óf die lidwoord het, óf sonder die lidwoord is, en dat dit min semantiese verskil maak of die konstruksie die lidwoord het of lidwoordloos is. Dus: ὁ λόγος τοῦ θεοῦ = λόγος θεοῦ. David Hedges (Wallace 1996:250) het dit verder verfyn tot die volgende reël: Wanneer beide naamwoorde lidwoordloos is, sal beide dieselfde semantiese valensie hê – in die meeste gevalle sal hulle bepaald-bepaald wees, in minder gevalle kwalitatief-kwalitatief, en in weinig gevalle onbepaald-onbepaald; laasgenoemde kom blykbaar nie in die Nuwe Testament voor nie.

Die vertaling van die volgende tekste word veral deur hierdie reël beïnvloed:

In Rom. 1:16-18 kom die volgende frases kort ná mekaar voor: δύναμις ... θεοῦ (krag ... van God) (16), δικαιοσύνη ... θεοῦ (geregtigheid ... van God) (17) en ὀργή θεοῦ (toorn van God) (18). Die meeste vertalings het “*die* geregtigheid van God” (17) en “*die* toorn van God” (18), in ooreenstemming met Apollonius se kanon, maar vertaal dan tog “’n krag van God” in vers 16 (die 1933/53; 1983; NT&P). Mens moet egter ook in vers 16 konsekwent vertaal: “Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is *die* krag van God...!” (So tereg ESV, NIV, NRSV, terwyl die NLV se bewoording “Dit is immers God se krag...” en NET se “...for it is God’s power” na aan die korrekte weergawe kom). Vergelyk in dié verband veral ook 1 Kor 1:18, wat deur die 1933/53, 1983, NLV en Engelse vertalings (NET, ESV, NIV) korrek vertaal word volgens Apollonius se kanon:

ὁ λόγος γὰρ τοῦ σταυροῦ τοῖς μὲν ἀπολλυμένοις μωρία ἐστίν,
τοῖς δὲ σωζομένοις ἡμῖν δύναμις θεοῦ ἐστίν:

“Die boodskap van die kruis is dwaasheid vir hulle wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, *die* krag van God” (ὁ λόγος = τὸ εὐαγγέλιον van Rom 1:16).

En verder ook vers 24: Χριστὸν θεοῦ δύναμιν καὶ θεοῦ σοφίαν:

“Christus *die* krag van God en *die* wysheid van God”.

In Op 13:18 vind ons die bekende frase: ἀριθμὸς γὰρ ἀνθρώπου ἐστίν. Die frase beantwoord aan Apollonius se reël, en die vertaling “want dit is die getal van ’n mens” lyk derhalwe verdag (soos vertaal in die 1933/53, NRSV, ESV en CSB). Met ἄνθρωπος as generiese naamwoord, soos in Op 16:18, en die toepassing van Apollonius se kanon moet daar eerder vertaal word “want dit is *die* getal van *die* mensheid/mensdom” – en die mensdom se getal is 666 (vgl. ook Wallace 1996:254).

4. Matt 28:19-20; Kol 3:16; 1 Thes 5:8; Matt 10:7 en die deelwoord van begeleidende omstandigheid

Wallace (1996:640; vgl. ook Burton 1966:173-174) definieer hierdie funksie van die deelwoord soos volg: “The attendant circumstance participle is used to communicate an action that, in some sense, is coordinate with the finite verb”. Dit word genoem ’n bepaalde (“finite”) werkwoord, wat aan die hoofwerkwoord verbind is met “en”. In Grieks (ook in die NT) tree sekere strukturele patrone na vore wat betref hierdie deelwoordfunksie. Ten minste vyf kenmerke kom in 90% van die gevalle van hierdie konstruksie voor:

- Die tyd van die deelwoord is gewoonlik aoristus.
- Die tyd van die hoofwerkwoord is gewoonlik aoristus.
- Die modus van die hoofwerkwoord is gewoonlik imperatief of indikatief, en soms subjunktief.
- Die deelwoord gaan die hoofwerkwoord in orde en tyd *vooraf*.
- Die konstruksie kom meesal in narratiewe literatuur voor.

Omdat hierdie konstruksie so baie in die Nuwe Testament voorkom, neem ek vir eers as uitgangspunt Matt 28:19-20, nie omdat die konstruksie in dié geval verkeerd verstaan word nie, maar omdat die deelwoorde wat op die konstruksie volg, in sommige vertalings as gevolg van ’n verkeerde vertaallogika onjuis weergegee word:

πορευθέντες οὖν μαθητεύσατε πάντα τὰ ἔθνη, βαπτίζοντες αὐτοὺς..διδάσκοντες αὐτοὺς

“Gaan maak dan dissipels van al die nasies (dit skep geen probleem in vertalings nie), deur hulle te doop ..., en deur hulle te leer ...”

Die vertaling van βατίζοντες ἐν διδάσκοντες as verdere imperatiewe (...doop hulle... en leer hulle...) – soos die 1983 en NLV dit ten onregte vertaal – druis in teen die kenmerke van die deelwoord van begeleidende omstandigheid. Hulle is beide teenwoordige deelwoorde, wat hier die beste as deelwoorde van instrument of wyse vertaal kan word (“deur hulle te doop en deur hulle te leer...”). Die Engelse Bybelvertalings lewer nie hier ’n probleem op nie.

Ons vind ’n soortgelyke patroon ook in Heb 12:1/2:

(vers 1) ...ὄγκον ἀποθέμενοι πάντα καὶ ... ἁμαρτίαν ... τρέχωμεν τὸν ... ἀγῶνα
(vers 2) ἀφορῶντες εἰς ... Ἰησοῦν

“laat ons elke las aflê asook ... die sonde ... en die ... wedloop hardloop met die oog gevestig op Jesus/deur die oog op Jesus te vestig.”

Die 1933/53, die 1983, die NLV en die NT&P het dit almal korrek, sodat mens net kan aflei dat in die geval van Matt 28:19-20 ’n verkeerde vertaallogika ten grondslag van die probleem lê.

Dieselfde geld vir Kol 3:16: Die vers begin met ’n bevel: “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon ...”. Dan volg daar drie deelwoorde in die teenwoordige tyd, wat deur die 1933/53 en 1983, die NLV en die NT&P op grond van ’n verkeerde vertaallogika ook as imperatiewe weergegee word (“leer ... en vermaan ... en sing ...”) Weer eens het die meeste anderstalige vertalings nie ’n probleem met die deelwoord nie (die NRSV vertaal dit wel ook as bevelsinne). Die deelwoord het wel ’n imperatiewe funksie, maar dan, soos Wallace (1996:650) daarop wys: “This use of the participle is not to be attached to any verb in the context, but is grammatically independent”, en Robinson (1923:1134) vermaan: “In general

it may be said that no participle should be explained in this way that can properly be connected with a finite verb.” Vir die enkele duidelike gevalle waar dit wel as imperatief voorkom, kyk Wallace (1996:651).

Die korrekte vertaling van die teenwoordige deelwoorde in Kol 3:16 is dus: “terwyl julle leer en mekaar vermaan...” (of “deur te leer en mekaar te vermaan”) ... “en terwyl julle sing” (of “deur te sing”). So lui NET en ESV: “... teaching and exhorting one another ... singing psalms...”; en die NIV laat nog duideliker hulle korrekte verstaan van die deelwoord uitkom met hulle weergawe: “...as you teach and admonish one another ... singing to God ...”. Dis opmerklik dat die 1983 dikwels teen die deelwoord in Grieks “sondig”, terwyl die 1933/53-vertaling dit gewoonlik reg hanteer!

Soos hier bo opgemerk, is een van die kenmerke van die deelwoord van begeleidende omstandigheid die feit dat die deelwoord in die aoristus die imperatief, indikatief of subjunktief *voorafgaan*. Om dié rede is daar enkele vertalings (wat Afrikaans betref, sowel die 1983 as die NLV) wat 1 Thes 5:8 verkeerd interpreteer. Die vers lui:

ἡμεῖς δὲ ἡμέρας ὄντες νήφωμεν ἐνδυσάμενοι θώρακα πίστεως καὶ ἀγάπης καὶ περικεφαλαίαν ἐλπίδα σωτηρίας

Korrek vertaal, lui dit: “Maar laat ons, omdat ons van die dag is, nugter wees, noudat/aangesien ons ons beklee het met die borsharnas van die geloof en liefde en die helm van die hoop op verlossing.”

Vergelyk hierteenoor die vertaling van 1983: “Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm.”

En die NLV: “Ons wat by die dag hoort, moet egter nugter bly deur geloof en liefde as borsharnas aan te trek en as helm die vooruitsig op ons verlossing.”

Nie net grammatikaal nie, maar ook inhoudelik/teologies moet ἐνδυσάμενοι as adverbiale deelwoord (temporeel) opgeneem word, en kan dit volgens konteks die beste vertaal word met “noudat” of “aangesien”. Reeds in die danksegginginleiding van die brief dank Paulus God vir die feit dat die Thessalonisense, nadat hulle die evangelie aangehoor en met blydskap aangeneem het as die woord van God, nou geloof, liefde en hoop as lewenstyl beoefen (1:3). En met dié feit in gedagte spoor Paulus hulle aan tot ’n nugtere lewe as mense van die dag (= lig).

Dis interessant dat die 1933/53 dit reg het, en ook soos die NEB (“...armed with faith and love for breastplate and the hope of salvation as helmet”) die aoristus-deelwoord idiomaties, en dus korrek, vertaal: “Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, *met* die borswapen van geloof en liefde *aan*, en as helm die hoop op die saligheid” (ek kursiveer).

Hierdie verbale deelwoord van begeleidende omstandigheid (“participle of attendant circumstance”) word deur vier Afrikaanse Bybelvertalings (1933/53; 1983; NLV en NT&P) en die Nederlandse Vertaling (NBV) ook foutiewelik in Matt 10:7 verwar met die verbale deelwoord van omstandigheid (“circumstantial participle”). Die twee terme lyk op die oog af dieselfde, maar hulle is inderdaad twee verskillende aspekte/funksies van die verbale deelwoord. Die teks lui:

πορευόμενοι δὲ κηρύσσετε λέγοντες ...

Die frase lyk nogal soos Matt 28:19a, wat juis hier bo bespreek is, maar waar in Matt 28:19 die imperatief voorafgegaan word deur ’n deelwoord in die *aoristus*, is die deelwoord (πορευόμενοι) hier *presens*. Om dit imperatiwies te vertaal (“Gaan verkondig die volgende...”; “Gaan kondig aan...”) of “Ga op weg en verkondig”) is strydig met Grieks. Die teenwoordige

deelwoord wil hier dui op die rondgaan van die dissipels: Oral waar hulle rondgaan, moet hulle die koms van die koninkryk van God verkondig. In hierdie geval is die Engelse vertalings in die kol: “As you go, proclaim this message...” (NIV, CSB), “And as you go, proclaim this message...” (NEB), “And proclaim as you go, saying...” (ESV) en NET: “As you go, preach this message...”.

Die korrekte weergawe sal dus op een of ander manier hierdie omstandigheid moet verwoord, dalk iets soos: “En na gelang/Terwyl julle rondgaan, verkondig die volgende: ...”, maar nie as imperatief nie, wat weer eens ’n verkeerde vertaallogika impliseer.

5. Heb 11:3 en die onjuiste verbinding van elemente by twee deelwoorde

In Heb 11:3 kom twee deelwoorde in konstruksies voor wat deur enkele vertalings (NRSV, CSB, ISV) in ’n onjuiste verbinding met die negatief geplaas word. Die vers lui:

Πίστει νοοῦμεν κατηρτίσθαι τοὺς αἰῶνας ῥήματι θεοῦ, εἰς τὸ μὴ ἐκ φαινομένων τὸ βλεπόμενον γεγυέναι

Dit gaan hier om vers 3b. Foutiewe weergawes hiervan verstaan die konstruksie asof die negatief μὴ tussen die voorsetsel ἐκ en die deelwoord φαινομένων staan. Dan word vertaal: “Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld geskep is deur die woord van God, met die gevolg dat die sienlike ontstaan het uit die *onsienlike*”.

Die frase τὸ μὴ ... (τὸ βλεπόμενον) γεγυέναι hoort egter as eenheid bymekaar. Reeds die 1933/53 het dit korrek, en so ook NET (aangedui in ’n voetnoot by die vers), die NIV en ESV: “Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei (geskep) is, sodat (met die gevolg dat) die dinge (dit) wat gesien word, *nie* ontstaan het uit die *sienlike* dinge nie.”

Uit die aard van die saak beteken dit dat die sigbare uit die onsigbare ontstaan het, maar soos die NET hier (Heb 11:3c) opmerk: “The Greek phrasing *emphasizes* this point by negating the opposite: ‘so that what is seen did not come into being from things that are visible’” (ek kursiveer).

6. Ef 5:18 en die voorsetselfrase (ἐν + datief)

In Ef 5:18 vind ons ’n voorkoms van die voorsetsel ἐν in verbinding met die werkwoord πληρῶ, wat teologiese implikasies inhou en dikwels verkeerd vertaal word. Hierdie vertalings (1933/53, ESV, NIV, NRSV, ISV) verstaan die uitdrukking sὸ dat die datief hier inhoud weergee: “Word vervul MET die Heilige Gees.”

Maar Wallace (1996:170-171; 374-375), gevolg deur NET, skryf: “There are no other examples in biblical Greek in which ἐν + the dative after πληρῶ indicates content.” Die ἐν + datief geld hier as instrument: “Word vervul DEUR die Heilige Gees”, soos Roberts (1983:156-158) reeds al sterk betoog het.

7. Heb 1:6 & 2:5 en die ongewone betekenis van οἰκουμένη

Die Griekse woord οἰκουμένη dui normaalweg op die (huidige) “bewoonde wêreld” (’n vroulike presensvorm van die passiewe deelwoord van οἰκεῖν = om te bewoon). In Hebreërs verkry dit egter ’n ongewone betekenis (BAGD 1979:561) as dit in 2:5 omskrywe word as ἡ οἰκουμένη ἢ μέλλουσα, die “toekomstige wêreld”. Mens kry die indruk dat die voorkoms

daarvan in 1:6 so verstaan word dat dit na die teenswoordige wêreld verwys en dit dan óf op die inkarnasie óf op die wederkoms van Jesus dui. Dit gaan egter hier inderdaad ook om die “hemelse wêreld”, en verwys na Christus se hemelvaart en troonsbestyging, waar al die engele Hom aanbid (Du Toit 2002:45). In Hebreërs 2:5 sê die skrywer ook duidelik, as hy praat van die “toekomstige wêreld”, dit is dié wêreld waarvan “ons” praat (περι ἧς λαλοῦμεν). En hy praat daarvan in vers 1:6. Die feit is dat die skrywer van Hebreërs ἡ οἰκουμένη net hierdie twee keer gebruik, en in die lig van die omskrywing in 2:5 daarmee ook in 1:6 na die toekomstige wêreld verwys. Wanneer hy na die huidige wêreld verwys, gebruik hy deurgaans die woord ὁ κόσμος: 4:3, 9:26, 10:5, 11:7, 38. Vergelyk verder vir hierdie gedagte van die “toekomstige wêreld” in Hebreërs ook 6:5 (die komende bedeling), 13:14 (die toekomstige stad). Ek het een vertaling onder dié wat ek nagegaan het, gevind wat dit só verwoord, naamlik die *Gute Nachricht Bibel*: “Und er sagt doch auch, wenn er ihn mit allen Rechten des Erstgeborenen in die Welt einführt – in die himmlische ...”, wat dan in 'n voetnoot verduidelik word: “Bei *Welt* ist zunächst an die himmlische Welt gedacht” en daar word ook verwys na 1 Tim 3:16, Fil 2:10 en Op 5:8-13. Vergelyk in hierdie verband uitvoering Vanhoye (1964:248-53) oor οἰκουμένη in Hebreërs, terwyl Isaacs (2002 *sub versu*) skryf:

Our author ... uses it of heaven, ‘the world to come (*oikoumenen ten mellousan*’ (2:5; cf 6:5, ‘the age to come’; 13:4, ‘the city to come’), i.e. that sphere of divine sovereignty that has yet to be established ‘on earth as it is in heaven’ ... This is confirmed by the scripture, ‘Let all God’s angels worship him’ (v.6b).

Om dié rede het die 2020-vertaling in ’n voetnoot by 1:6 aangedui dat dit só verstaan moet word.

B. TEKSTE WAARVAN DIE VERTALING VERSKILLEND GEÏNTERPRETEER KAN WORD

1. Die genitief in Ef 4:9

Wanneer daar meer as een moontlikheid is om ’n bepaalde teksvers of -gedeelte te interpreteer, is die beste uitweg om (soos baie vertalings) een te kies en die ander in ’n voetnoot te plaas. Om bloot net een te kies sonder om die ander te vermeld, doen afbreuk aan die ryke inhoud van die bepaalde teksgedeelte.

As eerste voorbeeld van tekste waar die Grieks op meer as een manier geïnterpreteer kan word, en waar dus op ander gronde ’n besluit geneem moet word, kan verwys word na Ef 4:9, wat soos volg lui:

τὸ δὲ Ἀρέβη τί ἐστὶν εἰ μὴ ὅτι καὶ κατέβη εἰς τὰ κατώτερα μέρη τῆς γῆς;

“Die bewering: ‘Hy het opgevaar’ – wat beteken dit anders as dat Hy neergedaal het na die onderste dele *van die aarde*?”

Die vraag is of mens hier met ’n partitiewe (geheels-) of ’n epeksegetiese genitief te make het. Is die onderste dele/gebiede van die aarde die “onderwêreld”? Of is “die aarde” epeksegeties, dit wil sê, “die onderste dele, naamlik die aarde”? Die verskil tussen die partitiewe (geheels-)genitief en die epeksegetiese genitief in hierdie teks is die verskil tussen ’n neerdaling van Christus by sy dood na die onderwêreld of ’n neerdaling van Jesus deur sy inkarnasie na die aarde! Die oplossing vir die vertaling lê dus nie in die grammatika nie, maar in die teologiese konteks waarin die uitspraak gemaak word (vgl. NET se voetnoot op hierdie vers).

Die genitief in Fil 2:8 (4:7); Rom 1:5; 8:2

Een van 'n paar belangrike tekste waarin die genitief verskillend interpreteer kan word, is die bekende frase in Fil 2:8c: *θανάτου δὲ σταυροῦ*, wat op nie minder nie as vier (grammatikaal korrekte) maniere weergegee kan word. In die voorafgaande frase verwys Paulus na Christus se gehoorsaamheid tot die dood toe, en dan word hierdie dood nader omskrywe in 8c. Die vertaler(s) kan *σταυροῦ* as 'n genitief van middel (“means”) verstaan: “die dood deur middel van 'n kruis”; óf as genitief van plek: “die dood aan 'n kruis” (die 1983, NT&P); óf as attributiewe/Hebreeuse genitief, “'n kruisdood”; óf dan ook as genitief van bewerk, “die dood bewerk/teweegebring deur 'n kruis”. Die 1933/53 se “die dood van die kruis” is net te vaag en neutraal.

Rom 1:5 bring die vertaler(s) ook voor verskillende keuses te staan: *δι' οὗ ἐλάβομεν χάριν καὶ ἀποστολὴν εἰς ὑπακοὴν πίστεως*. Is laasgenoemde woord (*πίστεως*/geloof) (a) 'n attributiewe genitief, “deur Wie ons genade en apostelskap ontvang het met die oog op *geloofsgehoorsaamheid*”, of (b) 'n genitief van bewerk/produceerder, “deur wie ons genade en apostelskap ontvang het met die oog op gehoorsaamheid wat deur geloof *bewerk word*”? Die NIV volg laasgenoemde: “the obedience that comes from faith”; of is dit (c) 'n epeksegetiese genitief: “deur wie ons genade en apostelskap ontvang het met die oog op gehoorsaamheid, naamlik geloof”? Vir dieselfde uitdrukking kyk ook 16:26.

2. Πίστις Ἰησοῦ Χριστοῦ en die keuse tussen subjektiewe of objektiewe genitief

Gewoonlik word daar nie eintlik in die vertaalproses probleme ondervind met hierdie twee funksies van die genitief nie. 'n Maklike illustrasie is “die liefde van God”, wat in bepaalde kontekste kan geld as óf die liefde wat God bewys, óf die liefde vir God, óf beide (die sogenaamde “plenêre genitief”).

Daar is egter een konstruksie wat groot verdeeldheid onder Nuwe Testamentici ontlok het en nog steeds ontlok, te wete die frase *πίστις (ὑπακοή in 1 Pet 1:2) Ἰησοῦ Χριστοῦ*. Die belangrikste tekste is: Rom 3:3; 3:22, 25, 26; 4:16; Gal 2:16, 20; 3:22, 26; Fil 3:19; Ef 3:12; 1 Pet 1:2. Die saak is sterk teologies gekleur, of anders gestel: Dit is van groot teologiese belang, en die enigste uitweg vir die vertaler(s) is om een moontlikheid te kies en die ander een as alternatief in 'n voetnoot te plaas.

Die vraag is: Gaan dit hier oor “geloof in Jesus Christus” (objektiewe genitief) of “die geloofsvertroue/geloofsgehoorsaamheid van Jesus Christus” (subjektiewe genitief)?

Die argumente vir 'n subjektiewe genitief teenoor die meer tradisionele opvatting van 'n objektiewe genitief kan myns insiens vanuit vier perspektiewe benader word: (a) 'n teologiese, (b) 'n stilistiese, (c) 'n grammatikale (konstruksie-patroon), en (d) 'n literêre perspektief.

Wat die teologiese betref, word eerstens gewys op die feit dat Paulus nie 'n menslike aktiwiteit (die doen van die werke van die wet) teenoor 'n ander menslike aktiwiteit (geloof in Jesus Christus) stel nie, maar 'n menslike (nakoming van die wet) teenoor die geloofsgehoorsaamheid of -vertroue van Jesus, dus 'n goddelike aktiwiteit, op grond waarvan die belofte gegee word aan dié wat in Hom glo. Verskillende kommentare en studies het reeds hieroor die lig gesien (Wallace 1996:114-116 gee 'n kort oorsig), maar die meer grondliggende werk hieroor is dié van Hays (1991; 2002). Hier kan volstaan word met die volgende kernopmerking van Hays oor Gal 3:22:

Gal 3:22 must not be interpreted to mean that believers receive the promise by the subjective act of placing their faith in Jesus Christ; instead, it must mean that Jesus Christ, by the power of faith, has performed an act which allows believers to receive the promise.

Die stilistiese argument het te doen met die oortolligheid van die uitdrukking in Rom.3:22:

δικαιοσύνη δὲ θεοῦ διὰ πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ εἰς πάντας τοὺς πιστεύοντας.

Die weergawe “Maar die geregtigheid van God is (geopenbaar) deur geloof in Jesus Christus vir almal wat glo” is stilisties verdag. Dit maak stilisties (afgesien van die teologiese argument) veel meer sin om te vertaal: “Maar die geregtigheid van God is (geopenbaar) deur die geloofsvertroue van Jesus Christus vir almal wat glo.” Hierdie saak van ’n “oortollige” stelling geld ook van Gal 3:22b (kyk hier onder onder (c)).

Hierby kan mens nog ook ’n grammatikale argument byvoeg, waar dit spesifiek gaan oor die konstruksie van *pistis* in die Nuwe Testament. Diegene wat ’n objektiewe genitief voorstaan, moet hulle deeglik vergewis van Gal 3:22 in vergelyking met Gal 3:26.

Gal 3:22b lui: ἵνα ἡ ἐπαγγελία ἐκ πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ δοθῇ τοῖς πιστεύουσιν

Gal 3:26 lui: Πάντες γὰρ υἱοὶ θεοῦ ἐστε διὰ τῆς πίστεως ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ

Mens vind in vers 26 die tipiese konstruksie in Grieks van “geloof/glo in” met πιστεύειν ἐν οφ εἰς οφ ἐπί, naamlik: πίστεως ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ, wat daarop dui dat wanneer πίστις (*pistis*) deur ’n objektiewe genitief gevolg word, dit *gewoonlik* deur ’n voorsetsel gevolg word, terwyl die teenoorgestelde geld dat wanneer dit deur ’n persoon(snaam) in die genitief gevolg word, naamlik dat dit op ’n subjektiewe genitief dui, soos Thurston (1994) onder andere in Ef 3:12 opmerk: “However, when *pistis* is followed by the personal genitive, the genitive is nearly always subjective.” Onderstaande is enkele tekste waarin πίστις deur ’n voorsetsel gevolg word en die persoon as objek aandui:

Matt 27:32: πιστεύομεν ἐπὶ αὐτόν. “sal ons in Hom glo”.

Ef 1:15: ἀκούσας τὴν καθ’ ὑμᾶς πίστιν ἐν τῷ κυρίῳ Ἰησοῦ: “.gehoor het van julle geloof in die Here Jesus”.

Kol 1:4: ἀκούσαντες τὴν πίστιν ὑμῶν ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ: “. . .gehoor het van julle geloof in Christus Jesus”.

Kol 2:5: καὶ τὸ στερέωμα τῆς εἰς Χριστὸν πίστεως: “en die standvastigheid van (julle) geloof in Christus”.

Heb 6:1: καὶ πίστει ἐπὶ θεόν: “en van geloof in God”.

Sekere Bybelvertalings probeer in Gal 3:26 die probleem omseil deur te vertaal: “Want julle almal is in Christus Jesus seuns/kinders van God deur die geloof” (NET, ESV, NIV, NRSV). Maar die woordorde in Grieks maak dié vertalingsmoontlikheid verdag. Die meeste Bybelvertalings vertaal dit: “Want julle almal is seuns/kinders van God deur die geloof in Christus Jesus” (1933/53, 1983, CSB, CEB, ISV, LBLA, NASB, Darby 1991 ens.).

Ten slotte twee opmerkinge: (a) Eerstens, as διὰ (ἐκ) πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ hier en in Rom 3:22 ‘geloof in Jesus Christus’ beteken, dan moet mens ἐκ πίστεως Ἀβραάμ in Rom 4:16 ooreenstemmend vertaal as “geloof in Abraham” (i.p.v. die geloof van Abraham), want dit is presies dieselfde Griekse konstruksie (vgl. Johnston:1982)! (b) Tweedens is dit moeilik om te aanvaar dat binne vier verse van mekaar af Paulus met Gal 3:26 se πίστεως ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ dieselfde sou bedoel as Gal 3:22 se πίστεως Ἰησοῦ Χριστοῦ.

Vanuit ’n literêre perspektief gesien, kan as verdere argument ten gunste van die subjektiewe genitief aangevoer word dat Paulus twee maal (Gal 3:22/25) die woord *geloof* (*pistis*) as metoniem vir Christus gebruik (vgl. Cousar:2001 *sub versu*).

Ten slotte wys Timothy Johnson daarop dat die opvatting van ’n subjektiewe genitief ook lig werp op die uitdrukking in Rom 1:17, ἐκ πίστεως εἰς πίστιν, nie wat die vertaling betref

nie, maar wel die verstaan daarvan. Hy skryf in dié verband (2001 *sub versu*): “Paul may be suggesting that God’s righteousness is being revealed ‘out of the faith of Jesus’ and ‘leads to the faith of Christians... It is Jesus’ faithful response to God that enables others to respond in the same faithful and obedient way...”

Dié stryd het lank nog nie gaan lê nie, maar deurdadig die 2020-vertaling die alternatiewe weergawe in ’n voetnoot geplaas het, maak dit die weg vir die leser tot verdere nadenke oop.

’n Ander interessante en belangrike geval wat hiermee saamhang, is die frase ἐξ ἔργων νόμου ἢ ἐξ ἀκοῆς πίστεως in Gal 3:2 en ἐξ ἔργων νόμου τὸ πνεῦμα ἐλάβετε ἢ ἐξ ἀκοῆς πίστεως; in Gal 2:5.

Die frase ἐξ ἀκοῆς πίστεως (vgl. hiervoor Williams 1989:82-93 en Hays 1983:143-149) is semanties dubbelsinnig en kan op twee maniere verstaan en derhalwe vertaal word. Die woord ἀκοή kan óf beteken die daad van hoor óf die boodskap wat gehoor word, terwyl πίστις óf die daad van glo óf die geloof (as goddelike gawe) beteken. Die vraag wat die vertaler(s) konfronteer, is: Gaan dit om die doen van die werke van die wet (in Galasiërs veral die toepassing van besnydenis) teenoor die hoor met geloof (dus twee menslike aktiwiteite), of om die doen van die werke van die wet (byvoorbeeld die besnydenis as ’n menslike aktiwiteit) teenoor die verkondigde boodskap wat geloof bewerk/teweegbring (’n goddelike aktiwiteit – vgl. hier bo by die bespreking van πίστεως Χριστοῦ)?

Met inagneming van bostaande moontlikhede sou ’n tweevoudige vertaling só kon lui:

- a. “Het julle die Gees ontvang op grond van die doen van werke wat die wet vereis, of toe julle met geloof geluister het/toe julle geglo het wat julle gehoor het?”
- b. “Het julle die Gees ontvang op grond van die doen van werke wat die wet vereis, of op grond van die boodskap wat geloof bewerk/teweegbring?” (Hier is ἀκοῆς ’n genitief van produseerder.)

3. Fil 1:7; 2 Kor 2:13; Jak 4:5 en die akkusatief as objek van ’n oorganklike werkwoord in die infinitief, met objek ook in die akkusatief

Subjek en direkte objek, beide in gevalle waar een die subjek is van die oorganklike infinitief en ’n akkusatief as objek neem, skep in twee tekste probleme wat die vertaling daarvan beïnvloed.

Fil 1:7 lui: ...διὰ τὸ ἔχειν με ἐν τῇ καρδίᾳ ὑμᾶς. Watter een is die subjek en watter een die objek tussen με en ὑμᾶς? Is dit “...omdat ek julle in my hart het (hou/dra)”, of “... omdat julle my in die hart het (hou/dra)”? Omdat beide, grammatikaal gesien, korrek is, kan die vertaler(s) twee weë volg: (a) plaas, soos NET dit doen, die alternatief in ’n voetnoot, of (b) maak ’n keuse volgens die Griekse woordorde as *sekondêre oorweging* (maar nie as vaste reël nie – vgl. Wallace 1996:192-194, 196 teenoor Moeller & Kramer 1963: 25-35 en Reed 1991:1-27).

Anders as hier bo, is daar nietemin ’n teksvers waar die onderskeid tussen subjek en objek ook problematies is, te wete Jak 4:5:

πρὸς φθόνον ἐπιποθεῖ τὸ πνεῦμα ὃ κατώκισεν ἐν ἡμῖν

Moet τὸ πνεῦμα as subjek of objek gelees word, en gaan dit oor Gees of gees? Is dit (i) “Met jaloersheid begeer Hy (God) die Gees (objek) wat Hy in ons laat woon het”, of (ii) “Die gees (subjek) wat Hy (God) in ons laat woon het, het ’n jaloerse begeerte”? NET meen: “... the word for ‘envious’ or ‘jealous’ is generally negative in biblical usage and the context before and after seems to favour the negative interpretation”, en kies dus vir (ii) hier bo.

4. Die datief in Judas 1

In Judas 1 kan die datief Ἰησοῦ Χριστοῦ op twee maniere verstaan word. Lees ons dit as 'n datief van belang/*dativus commodi*, lui die versgedeelte soos volg:

...aan dié wat geroep is, diegene vir wie God die Vader liefhet en wat *vir* Jesus Christus in bewaring gehou word.

Hierdie weergawe word onder andere verkies deur Wallace (1996:144), NET, ESV, NIV, NRSV en 1933/53.

Lees ons die datief as datief van agens (die perfektum passief van die werkwoord met datief kan agens aandui), lui dit:

...aan dié wat geroep is, diegene vir wie God die Vader liefhet en wat *deur* Jesus Christus in bewaring gehou word.

Hierdie weergawe vind ons terug in onder andere die vertalings van 1983, die NLV, die NT&P, en CSB.

NET skryf in hulle voetnoot by Judas 1:

Datives of agencies are quite rare in the NT..., almost always found with a perfect verb. Although this text qualifies, in light of the well-worn idiom of τηρέω (*tereo*) in eschatological contexts, in which God or Christ keeps the believer safe until the *parousia*..., it is probably better to understand this verse as having such an eschatological tinge. It is at the same time possible that Jude's language was intentionally ambiguous, implying both ideas ("kept *by* Jesus Christ [so that they might be] kept *for* Jesus Christ").

Weer eens vereis dit die alternatief in 'n voetnoot.

5. 1 Tim 6:10 en Colwell se reël

Hierdie reël, deur Dixon (1975) en Harner (1975:75-87) verfyn, word soos volg deur Wallace (1996:262) saamgevat: 'n Lidwoordlose preverbale predikatiewe naamwoord (PN) is gewoonlik kwalitatief, somtyds bepaald en slegs in seldsame gevalle onbepaald. Voordat die probleemteks wat hiermee in verband staan, hanteer word, sal 'n voorbeeld van elk van pas wees:

Kwalitatiewe PN: Joh 1:14 - ὁ λόγος σὰρξ ἐγένετο: "die Woord het mens/vlees geword".

Bepaalde PN: Matt 27:42

ἄλλους ἔσωσεν, ἑαυτὸν οὐ δύναται σῶσαι· βασιλεὺς Ἰσραὴλ ἐστίν, καταβάτω νῦν ἀπὸ τοῦ σταυροῦ· "Ander het hy gered, hy kan homself nie red nie; Hy is *die* koning van Israel, laat hy nou van die kruis afkom"

Veronderstelde onbepaalde PN: 1 Tim 6:10:

ρίζα γὰρ πάντων τῶν κακῶν ἐστίν ἡ φιλαργυρία

Hierdie probleemteks kan op die volgende maniere vertaal word (Wallace 1996:265):

- a. (Die) geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels
- b. (Die) geldgierigheid is die wortel van alle euwels
- c. (Die) geldgierigheid motiveer ("motivates") alle euwels
- d. (Die) geldgierigheid is 'n wortel van allerlei euwels
- e. (Die) geldgierigheid is die wortel van allerlei euwels
- f. (Die) geldgierigheid motiveer allerlei euwels

In a en d is die preverbale PN onbepaald; in b en e is dit bepaald; in c en f is dit kwalitatief, terwyl πάντων kan beteken ‘alles sonder uitsondering’ (a-c) of ‘alles sonder ondersheid’ (d-f). Logies en teologies is die gedagte van bepaaldheid (NLV) hoogs onwaarskynlik. Grammatikaal is onbepaaldheid (1933/53; 1983) nie moontlik nie, omdat dit uiters selde voorkom (in die NT); dus is ’n kwalitatiewe preverbale PN grammatikaal waarskynlik die beste oplossing: dus weergawe c of f, alhoewel mens dan só die beeld van “wortel” moet prysgee en dit dalk moet vervang deur iets soos “oorsprong/bron.”.

6. Rom 12:1; Tit 2:10; 1 Pet 1:15 en die lidwoordlose naamwoord-adjektief-konstruksie

Hierdie konstruksie kan óf as ’n vierde attributiewe posisie voorkom (δοῦλος ἀγαθός = ’n goeie slaaf), óf as ’n tweede predikatiewe posisie (δοῦλος ἀγαθός = ’n slaaf is goed).

In Rom 12:1 kom die vertaler(s) in hierdie verband voor ’n interessante keuse te staan:

Παρακαλῶ οὖν ὑμᾶς...παραστήσαι τὰ σώματα ὑμῶν θυσίαν ζῶσαν ἁγίαν εὐάρεστον τῷ θεῷ

In hierdie vers is die naamwoord θυσίαν (offer) ’n akkusatief van die komplement by die objek τὰ σώματα (die liggame). Vertalings gee hierdie sin op een van twee maniere weer:

- a. NET: “to offer your bodies as living sacrifices that are holy and pleasing to God”
ESV/NRSV: “to present your bodies as a living sacrifice, holy and acceptable to God”
NIV/CSB: “to offer your bodies as a living sacrifice, holy and pleasing to God”
- b. 1933/53: “dat julle jul liggame stel as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer”

Die probleem met NET/ESV/NRSV/NIV/CSB se weergawes is dat hulle die eerste partisipiale adjektief as attributief verstaan, maar die volgende twee gewone adjektiewe as predikatief, terwyl die vertaling van 1933/53 al drie adjektiewe as attributief vertaal. Die wisseling van attributief en predikatief in die Engelse vertalings wek eerder die indruk dat dit meer idiomaties in Engels is om die eerste attributief te maak, en die ander twee dan predikatief. Maar dit lyk grammatikaal verdag. Indien mens die predikatiewe moontlikheid navolg, laat die aaneenstrengeling van drie adjektiewe ná θυσίαν die keuse eerder val op die tweede predikatiewe posisie vir al drie adjektiewe (alhoewel die 1933/53-vertaling beter vaar as die Engelse vertalings hier bo genoem):

“dat julle jul liggame stel as ’n offer wat lewend, heilig en vir God aanneemlik is”.

Die predikatiewe posisie word myns insiens vroeër in die brief bevestig, in hoofstuk 7:12, wat dieselfde konstruksiepatroon vertoon:

ὥστε ... ἡ ἐντολὴ ἁγία καὶ δικαία καὶ ἀγαθὴ

Dit word deurgaans predikatief vertaal: “... met die gevolg dat ... die gebod heilig en regverdig en goed is”.

’n Ander geval waar ’n predikatiewe en attributiewe posisie ’n vertaalprobleem skep, is te vinde in 1 Pet 1:15:

ἀλλὰ κατὰ τὸν καλέσαντα ὑμᾶς ἅγιον καὶ αὐτοὶ ἅγιοιγενήθητε

- a. Attributiewe posisie: “Maar, soos die Heilige (Een) wat julle geroep het, moet ook julle heilig wees ...” (NET; NASB).

- b. Predikatiewe posisie: “Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet ook julle heilig wees...” (1933/53; 1983; NT&P; ESV; CSB; NIV; LBLA; CEB).

Vir die predikatiewe posisie, deur meeste nagevolg, pleit die feit dat dit ooreenkom met Lev 19:2 (LXX), wat hier in vers 16 aangehaal word.

7. Gal 5:17 en ’n sintaktiese keuse wat van die konteks afhang

Soms gebeur dit dat ’n konstruksie in Grieks met dieselfde formele voorkoms op verskillende maniere weergegee kan word. ’n Goeie voorbeeld hiervan is te vinde in Gal 5:17. In hierdie gedeelte (5:16-26, wat deel uitmaak van die groter geheel: 5:16-6:10) gaan dit oor die konflik tussen twee magte, die Gees en die “vlees” (*sarks*). Vers 17 lui: “Want die ‘vlees’/*sarks* begeer teen die Gees, en die Gees teen die ‘vlees’/*sarks*, want hulle staan (lynreg) teenoor mekaar, sodat julle nie dit kan doen wat julle ook al wil nie.”

Die laaste frase lui in die Grieks: *ἵνα μὴ ἂ ἐὰν θέλητε ταῦτα ποιῆτε*. Bloot op die Griekse vorm na kan die konstruksie sowel doel as gevolg uitdruk, en die vraag waarmee ’n vertaler gekonfronteer word, is: Watter een is hier geldig? Waar die Griekse konstruksie nie uitsluitel gee nie, moet die vertaler in só ’n geval na die breëre konteks van die gedeelte kyk.

Die 1983-vertaling verstaan dit duidelik as gevolg: “en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie”. Ook ander volg hierdie weg, naamlik NET, CSB en NIV. Maar die konteks suggereer eerder ’n doelsin, soos die volgende vertalings dit het: ESV (“to keep you from doing the things you want to do”), NRSV (“to prevent you from doing what you want”), CEB (“so you shouldn’t do whatever you want to do”). Die sin beskryf in werklikheid die *bedoeling* van hierdie twee *magte*, die een om die werk van die ander te fnuik, soos Williams (1997:149) dit stel: “The flesh and the Spirit oppose each other in order to keep Christians from doing what they might otherwise do if the other adversary were not on the field.”

Dit is daarom ook, soos Cousar (2001:*sub versu*) aandui, misleidend om *sarks* (‘vlees’) hier te omskrywe of te vertaal as “lower nature” (NEB), “sinful nature” (NIV; ook die 1983-vertaling; NLV en die 2020-vertaling: “sondige geaardheid”) of “human nature” (TEV), asof dit ’n antropologiese term is. Die Gees en die *sarks* is twee magte gewikkel in ’n apokaliptiese stryd, met die Galasiese gemeentes as slagveld.

8. Hand 1:4 en die betekenis van συναλιζόμενος

Volgens BAGD (1979:783-6) is dié werkwoord verwant aan ἄλς en kan dit beteken: (i) ‘(sout) eet saam met’ of (ii) ‘byeenbring’ (aktief) of ‘saamkom/byeenkom’ (passief), maar (iii) dit kan ook ’n spelvariant wees van ’n werkwoord συναλιζομαι, wat beteken om ‘die nag deur te bring met/by’, en dan algemeen ‘bly by’ of ‘saam wees’. Die onsekerheid blyk byvoorbeeld uit die volgende twee opmerkings:

- a. NET kies opsie (iii) (vgl. ook Bruce [1962:68]) en skryf in die voetnoot op 1:4: “The difficulty with the first option is that it does not fit the context, and this meaning is not found elsewhere. The second option is difficult because of the singular number and the present tense. The third option is based on a spelling variation of συναλιζόμενος (*sunaulizomenos*), which some minuscules actually read here.”
- b. Danker (s.v. συναλιζω) merk weer op: “...in the light of Ac 10:41 there is some merit in the view that ἄλς ‘salt’ may be a component of a parallel verb, giving the more precise sense ‘share salt with’ as metaph. = **eat with**”. In Hand 10:41 wys Petrus

naamlik in sy toespraak op “dié (van ons) wat saam met Hom geëet en gedrink het ...”, terwyl die motief van tafelgemeenskap sterk deur Lukas se evangelie loop en dalk as versterking kan dien vir συναλιζόμενος as “saam te eet met”.

9. Matt 10:29: ’n teologiese perspektief

Soos in die inleiding en hier bo vermeld, is dit belangrik om daarop te let dat die bloot *grammatikale* aspek van Grieks nie altyd die finale of enigste sleutel tot die ontsluiting van ’n bepaalde teks is nie. Konteks – met name kulturele, sosioreligieuse/teologiese oorwegings – speel ook ’n belangrike rol.

Matt 10:29 kan as voorbeeld geld waar die Grieks neutraal gestel word, sodat vertalings so moet laat, óf vanuit ’n bepaalde teologiese perspektief moet omskrywe. Die versgedeelte lui:

καὶ ἐν ἑξ αὐτῶν οὐ πεσεῖται ἐπὶ γῆν ἄνευ τοῦ πατρὸς ὑμῶν.

“En nie één (mossie) van hulle sal op die grond val *sonder* julle Vader nie.”

Die voorsetsel ἄνευ (= sonder) kom vier maal in die NT voor, maar net hierdie een keer in Matt 10:29 in verbinding met ’n persoon. BAGD (1979:65) omskryf dit soos volg: “without the knowledge and consent of”. Danker (2009:s.v.): “without (awareness of)”.

Vertalings wissel tussen dié twee moontlikhede wat BAGD stel, terwyl sommige dit neutraal hou:

- (a) “sonder die wil (‘consent/leave’) van die Vader” (1983, NET – alhoewel dit in ’n voetnoot BAGD se inskrywing as alternatief aandui – CSB; NBV; ISV; LBLA; NEB).
- (b) “sonder die wete/kennis (knowledge) van die Vader” (REB; NLT; *Gute Nachricht Bibel*). Hieronder val ook die NIV (“outside your Father’s care”), die NLV (“sonder dat julle Vader daarby betrokke is ...”) en Danker (2009:s.v.) se inskrywing by Matt 10:29: “without (awareness of)”.
- (c) “sonder die Vader” (1933/53; NT&P; die 2020-vertaling; Darby 1991; Schlachter 2000).

Die probleem met (a) hier bo is dat oral in die Nuwe Testament waar daar van die wil/raad van God/die Vader gepraat word, dit *eksplisiet gestel* word deur bepaalde naamwoorde en werkwoorde, byvoorbeeld θέλημα, θέλω, ἐπιτρέπω, βουλή, of, in gelaaide kontekste, die passief van werkwoorde (Filem 22), sodat die gedagte dat die eenmalige voorkoms van ἄνευ + persoon dui op die *wil* van die persoon (hier: God), verdag is. Terwyl opsie (b) teologies beter sin maak, is opsie (c) dalk die veiligste. Dit berus dan by die eksegeet en prediker om die moontlike teologiese implikasies van die frase te ontsluit.

10. 1 Thes 4:4 en die woordbetekenis van σκεῦος

Die vertaler(s) van spesifiek die Nuwe Testament kom gedurig te staan voor die juiste betekenis van ’n bepaalde woord/begrip. Een so ’n geval is belangrik, omdat dit nie minder nie as drie moontlikhede bied. In 1 Thes 4:4 staan daar, binne die oproep tot ’n heilige lewe, die volgende:

εἰδέναι ἕκαστον ὑμῶν τὸ ἑαυτοῦ σκεῦος κτᾶσθαι ἐν ἀγιασμῷ καὶ τιμῇ

“Elkeen van julle moet weet hoe om sy eie *skeuos* te bekom/te beheer.”

Verwys die woord σκεῦος (‘houer’, “vessel”) na ‘vrou’, na ‘liggaam’ of na die ‘manlike geslagsorgaan’? Verder kan gevra word of die werkwoord κτᾶσθαι sy gewone betekenis dra

van ‘om vir jouself iets te verkry, te verkry’, of kan dit ook verstaan word as ‘om beheer te verkry oor?’ (Vgl. BAGD 1979:754 vir dié verskillende moontlikhede.)

a. Vir die betekenis van ‘vrou’ kan verwys word na 1 Kor 7:2-6 as ’n parallel tot 1 Thes 4:3-6. Daarby is dit ook moontlik dat 1 Pet 3:7 (σκεύει τῷ γυναικείῳ = die vroulike/swakkere geslag) hier ’n rol speel in die keuse vir “vrou”. Die opvatting dat dit na ‘vrou’ verwys, is deur die Afrikaanse vertalings (die 1933/53, 1983, NLV en die 2020) gevolg.

b. Vir die gedagte dat dit na ‘liggaam’ verwys (NET, ESV, NIV, NRSV, NJB, CEB, CSB en andere), kan daar na Rom 9:21-23 en 2 Kor 4:7 verwys word, waar die woord metafories op mense dui en nie spesifiek vroue nie. Paulus sou dus hier gelowiges vermaan tot selfbeheersing oor die liggaam of selfs die geslagsorgaan. Smith (aangehaal deur NET) argumenteer dat dit naamlik in hierdie konteks heel waarskynlik ’n eufemisme is vir die manlike geslagsorgaan. Dié wat dit vertaal met “liggaam” dui in ’n voetnoot ook op die moontlikheid van “vrou”.

c. Sommige vertalings behou bloot die letterlike vertaling van die Griekse *skeuos*: Schlachter (2000): “Gefäss”, LBLA: “vaso”, NASB: “vessel”, Darby (1991): “vase”, wat dui op die onsekerheid by vertalers oor die juiste betekenis daarvan in hierdie konteks.

12. Heb 11:11 en ’n tekskritiese probleem

Heb 11:11 word op twee maniere vertaal as gevolg van ’n tekskritiese probleem. Die NA27 lui soos volg:

Πίστει καὶ αὐτὴ Σάρρα στείρα δύναμιν εἰς καταβολὴν σπέρματος ἔλαβεν...

“Deur geloof het ook Sara self, alhoewel reeds onvrugbaar ...krag ontvang om bevrug te word....”.

Die probleem is dat die idioom εἰς καταβολὴ σπέρματος (met die oog op die neerwerp/saai van saad/sperm) in Hellenistiese Grieks na die bevrugting deur die man verwys, en die gedagte is dat Abraham eerder as Sara die subjek van vers 11 is. Vergelyk hiervoor BAGD (1979:409). Kommentare soos dié van Bruce (1965:296), Attridge (1989:321), Lane (1991:2:344), Ellingworth (1993:587-88), die NRSV en die NIV volg die lesing met die datiefvorm, te wete αὐτῇ Σάρρα. Attridge vertaal dit derhalwe soos volg: “By faith, with Sarah’s involvement, he (Abraham) received the capacity of sowing seed even beyond the prime of life.” Die 2020-vertaling erken hierdie moontlikheid in ’n voetnoot.

13. Matt 11:12 (vgl. Luk. 16:16) en die betekenis van βιάζεται

Matt 11:12 lui: ἡ βασιλεία τῶν οὐρανῶν βιάζεται καὶ βιασταὶ ἀρπάζουσιν αὐτήν

Luk 16:16 lui: ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ εὐαγγελίζεται καὶ πᾶς εἰς αὐτήν βιάζεται

In beide tekste, maar veral in Matt 11:12, het die betekenis van βιάζεται vertalings nog altyd in twee gedeel. Van βιάζεται skryf Danker (CL s.v.) byvoorbeeld “A precise interpretation of this verb as used in the NT is difficult to establish”, en wys op die twee moontlike betekenis: (a) medium: “force one’s way into, rush” en (b) passief: “be treated violently” (kyk ook BAGD 1979:140-141 vir meer inligting).

Vertalings wissel tussen hierdie twee moontlikhede, maar dui in die meeste gevalle die alternatief in ’n voetnoot aan (soos ook in die 2020-vertaling). So vertaal NRSV/NIV byvoorbeeld “until now the kingdom has suffered violence” (passief), en in ’n voetnoot “has been coming violently” (NRSV) of “has been forcefully advancing” (NIV) (medium).

Wat βιάζεται in Luk 16:16 betref, skryf NET in 'n voetnoot:

“Many translations have ‘entereth violently into it’ (ASV) or ‘is forcing his way into it’ (NASB, NIV). This is not true of everyone. It is better to read the verb here as passive rather than middle, and in a softened sense of ‘be urged’... This fits the context well because it agrees with Jesus’ attempt to persuade his opponents to respond morally.”

C. TEKSTE WAARVAN VERTALINGS NIE DIE VOLLE NUANSE VAN DIE GRIEKSE KONSTRUKSIE WEERSPIEËL NIE

1. Rom 6:4; Fil. 1:22; Rom 4:19 en 1:25 en die omgekeerde genitief

Die genitief in Grieks word gewoonlik bloot weergegee deur “van ...” (“of ...” in Engels). Maar in die lig daarvan dat Wallace (1996:72) die genitief indeel in vyf hoofgroepe, met iets soos 33 subfunksies, verskraal mens die betekenis daarvan deur bloot by so 'n neutrale weergawe te hou. Wallace (1996:73) skryf in dié verband: “The genitive case is one of the most crucial elements of Greek syntax to master.” Met die groot verskeidenheid van relasie-moontlikhede met die naamwoord waarmee dit in verbinding staan en die elasticiteit daarvan, skep dit vir die vertaler(s) dikwels vertaalprobleme, en daarom verkies baie om die genitief bloot met “van” (Engels: “of”) weer te gee. Onderstaande is enkele belangrike gevalle waar die eksegetiese funksie van 'n bepaalde genitief beter belig kan word.

Daar word in vertalings nie fyn genoeg aandag gegee aan die sogenaamde omgekeerde genitief nie, soos dit in sommige werke bekend staan (BDF 1961: 91 par. 165; BDRh 1979: 136 par. 165; Zerwick 2005:15 nota 6). Hierdie konstruksie verkry sy naam omdat dit die omgekeerde is van die Hebreeuse genitief, dit wil sê die hoofnaamwoord tree op as adjektief by die naamwoord in die genitief. Met betrekking tot die voorkoms van die omgekeerde genitief in die Nuwe Testament skryf Wallace (1996:89, voetnoot 50): “Here is another area of syntax that could profitably be exploited, for there are surely scores of texts in which this idiom is both a viable and *unrecognized* option” (my kursivering). 'n Noukeurige lees van die Nuwe Testament het my inderdaad by heelwat meer gevalle hiervan gebring as wat gewoonlik, met uitsondering van enkele bekende teksverse, in vertalings raakgesien word, en 'n afsonderlike artikel hieroor sou in belang van Bybelvertaling nuttig kon wees.

Hier onder volg vier voorbeelde waaruit blyk hoe 'n noukeuriger fokus op die aard van die genitief 'n meer vloeiende of idiomatiese weergawe in Afrikaans kan bewerkstellig.

Seker een van die bekendste voorbeelde is te vinde in Rom 6:4 (vgl. ook Rom 7:6).

οὕτως καὶ ἡμεῖς ἐν καινότητι ζωῆς περιπατήσωμεν

“(sodat) ... ook ons so in 'n nuutheid van lewe kan wandel” = “(sodat)... ook ons so 'n *nuwe* lewe kan lei”.

Ander interessante voorbeelde is:

Fil 1:22: εἰ δὲ τὸ ζῆν ἐν σαρκί, τοῦτό μοι καρπὸς ἔργου ...

“Maar as ek in die vlees bly leef, beteken dit vir my (die) vrug van arbeid”.

As omgekeerde genitief geïnterpreteer, word dit: “maar as ek liggaamlik bly leef, beteken dit vir my *vrugbare* arbeid ...”. So ook NET: “... this will mean *productive* work for me ...” (Ek kursiveer). Die NT&P het die konstruksie ook goed weergegee: “... beteken dit dat ek nog verder *vrugbaar* kan werk” met καρπός as bywoord ingespan in plaas van adjektief.

Rom 4:19:

καὶ μὴ ἀσθενήσας τῇ πίστει κατενόησεν ... καὶ τὴν νέκρωσιν τῆς μήτρας Σάρρας
 “[En] omdat hy nie swak in die geloof was nie, het hy rekening gehou ... ook met die doodsheid van Sara se moederskoot.”

Sommige Engelse vertalings vertaal die naamwoord νέκρωσις direk met “deadness” (NET en REB), of skakel dit om na die adjektief “dead” (NRSV, NIV) en “dood” (NT&P), terwyl ander dit figuurlik weergee met “barrenness” (ESV). In ooreenstemming met laasgenoemde kan dit met toepassing van die omgekeerde genitief omskep word tot ’n adjektief en soos volg weergegee word:

“en omdat hy nie swak in die geloof was nie, het hy rekening gehou ... ook met die *onvrugbare* moederskoot van Sara”.

Rom 1:25 (moontlik):

οἷτινες μετήλλαξαν τὴν ἀλήθειαν τοῦ θεοῦ ἐν τῷ ψεύδει ...

Die sin word gewoonlik vertaal as: “Hulle wat die waarheid van God vir die leuen verruil het ...”.

Dis egter goed moontlik dat mens dit ook as omgekeerde genitief kan interpreteer: “Hulle wat die *ware* God vir die leuen verruil het ...”.

Vergelyk in hierdie verband die volgende:

- a. 1 Thes 1:9: ... δουλεύειν θεῷ ζῶντι καὶ ἀληθινῷ: “... om die lewende en *ware* God te dien...”.
- b. Joh 3:33: ... ἐσφράγισεν ὅτι ὁ θεὸς ἀληθῆς ἐστιν: “hy ... het plegtig bevestig dat God waar/waaragtig is”.
- c. Rom 3:3, waar dieselfde kontras (waar/leuenagtig) as in Rom 1:25 voorkom: γινέσθω δὲ θεὸς ἀληθῆς, πᾶς δὲ ἄνθρωπος ψεύστης: “maar laat God waaragtig wees, en elke mens leuenagtig”. Mens sou derhalwe (in looreenstemming met die voorkoms van die omgekeerde genitief) kon redeneer dat die gebruik van ἀλήθεια (waarheid) in Rom 1:25 dieselfde byvoeglike waarde sou hê as ἀληθινός (waar/waaragtig) in 1 Thes 1:9 en ἀληθῆς (waar) in Joh 3:33 en in Rom 3:3. Wallace (1996:90) beskou dit ook as moontlikheid: “It is likely that “truth of God” = “true God”. Die konteks van Rom 3:3 (Paulus se aanval teen die sonde van afgodery) pleit nogal daarvoor.

Twee ander moontlikhede vir hierdie genitief doen hulle egter ook voor, wat vir die leser ’n aanduiding is van die verskillende keuses waarvoor die vertaler(s) dikwels te staan kom:

- a. ’n Genitief van oorsprong: “Die waarheid wat sy oorsprong in God het” (= wat van God af kom), soos dit wel die geval in Rom 10:3 is: ἀγνοῦντες γὰρ τὴν τοῦ θεοῦ δικαιοσύνην ...
 “Omdat hulle die geregtigheid wat van God af kom, nie begryp nie ...” (NT&P).
- b. Enkele Engelse vertalings (ESV, NIV, NRSV) en die NBV vertaal die frase as “the truth *about* God” (“de waarheid over God”), wat ’n objektiewe genitief impliseer.

2. Matt 14:15 = Mark 6:35 en die deiktiese/aanwysende funksie van die lidwoord

Die lidwoord het soms ’n aanwysende funksie, en die vertaler(s) moet die bepaalde konteks as hulpmiddel gebruik om die fyner nuanse van die lidwoord in sodanige gevalle uit te lig.

Een geval wat dit goed illustreer, maar wat soms bloot oppervlakkig gelees word, is Matt 14:15 (= Mark 6:35): ἔρημός ἐστιν ὁ τόπος. Uit die konteks blyk die besorgdheid van die dissipels oor die laat uur en afstand van die naaste dorpie vir die skare wat Jesus gevolg het, en dat Jesus, volgens die dissipels, die skare dus moet wegstuur sodat hulle vir hulleself kos kan gaan koop. Die plek waar hulle hulle bevind, is immers verlate en afgeleë. Deur die deiktiese funksie van die lidwoord hier raak te sien, bring die vertaler by 'n meer genuanseerde weergawe uit: “Maar toe dit laat geword het, het die/sy dissipels Hom genader met die woorde: ‘Hierdie/Die plek is (immers) verlate’” (só in die NLV, NRSV, NET, CEB, NIV, ESV, NJB, CSB) – in plaas van net bloot: “Die plek is verlate” (1933/1953, Darby 1991, Schlachter 2000, Herder). Die 1983-vertaling en NBV se weergawe “Dit is ’n afgeleë plek...” / “Dit is een afgelegen plaats” is nie heeltemal in die kol nie, maar is beter as die blote “Die plek is afgeleë.”

In die geval van Mark 6:35 het ook die Latynse vertaling (Nova Vulgata) dit raakgevat: “Desertus est locus *hic* ...” (my kursivering).

3. Luk 15:22 en die verhouding van die attributiewe adjektief tot die naamwoord

In Grieks kan die *attributiewe* adjektief die volgende posisies inneem:

“Die goeie slaaf”: (a) ὁ ἀγαθὸς δοῦλος; (b) ὁ δοῦλος ὁ ἀγαθός; (c) δοῦλος ὁ ἀγαθός en “’n goeie slaaf”: ἀγαθὸς δοῦλος.

Die vertaling van (a), (b) en (d) lewer nie probleme op nie. In die geval van (c) stuit mens in Luk 15:22 op vertalings wat nie as sodanig verkeerd is nie, en daarom nie werklik ’n probleem inhou nie, maar wat nogtans ontbreek aan noukeurigheid en die fyner nuanse van die Grieks mis. Dit gaan hier om die verhaal van die verlore seun wat deur sy vader te midde van groot vreugde terugontvang word. Aan die begin van hierdie toneel gee die vader die volgende opdrag aan sy diensknegte: ταχὺ ἐξενέγκατε στολήν τὴν πρώτην καὶ ἐνδύσατε αὐτόν

Hier is enkele belangrike vertalings se weergawes van Luk 15:22b:

NIV = Quick! Bring the best robe and put it on him

NBV = Haal vlug het mooiste gewaad en trek het hem aan

ESV = Bring quickly the best robe, and put it on him

NET = Hurry, bring the best robe, and put it on him

1933/53 = Bring die beste kleding en trek hom dit aan

NLV = Gou, bring die mooiste mantel in die huis, en trek dit vir hom aan

CSB = Quick! Bring out the best robe and put it on him

Hoekom mis hierdie vertalings die fynere nuanse van hierdie versgedeelte? Die antwoord lê opgesluit in die verontagsaming van die bepaalde posisie van die adjektief en die gevoelswaarde daarvan, én dié van die toneel, naamlik ’n feesmaal wat in die vooruitsig gestel word om dié heuglike geleentheid te vier. Die vader spreek gevolglik sy diensknegte aan: “Gou – bring ’n kleding – nee, wag ’n bietjie – nie enige kleding nie – net die beste een is goed genoeg vir hierdie seun van my wat verlore was en nou weer tuisgekome het!”

Dit is dus verblydend om wel enkele vertalings te vind wat die ware betekenis van hierdie derde posisie van die adjektief raakgesien het (vgl. ook Wallace 1996:307):

1983 = Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan

NRSV = Quickly, bring out a robe – the best one – and put it on him

Luk 15:22 behoort dus so vertaal te word om die werklike gevoelswaarde van die konteks na vore te bring: “Gou! Bring ’n kleding uit – ja, die beste een, en trek dit vir hom aan!”

4. Gal 4:17b-c en die metafoor van die “uitgeslote minnaar”

Daar lê ’n interessante metafoor opgesluit in Gal. 4:17, wat na my wete deur geen Bybelvertaling wat ek kon raadpleeg, eksplisiet in hulle vertalings na vore gebring word nie, behalwe indirek deur die CEB. Dit kan moontlik wees omdat die metafoor net nie raakgesien is nie, of dat die vertaling daarvan lastig kan wees. Die versgedeelte lui:

ἀλλὰ ἐκκλείσαι ὑμᾶς θέλουσι (17b), ἵνα αὐτοὺς ζηλοῦτε (17c)

“Maar hulle (die agitators) wil julle (die Galasiërs) *uitsluit*, sodat julle *agter* hulle kan *aanhardloop*” (direk “julle julle vir hulle kan beywer”).

Die werkwoord ἐκκλείω word weergegee deur “shut out” (ESV, CEB), “exclude” (NET, NRSV, Darby 1991, LBLA), “isolate” (CSB) of “alienate” (NIV), maar “exclude”/uitsluit pas die beste in by die besondere metafoor. Wat nou belangrik is, is dat die CEB 17c vertaal asof die vertalers die metafoor beslis raakgesien het: “...so that you would run after them”. In ooreenstemming hiermee het ek hierbo ζηλοῦτε ook vertaal met “agterna hardloop”.

Die metafoor opgesluit in ἐκκλείω, soos breedvoerig gebruik deur Aristophanes (*Ecclesiazusae* 938-975; vgl. Smith [1996] vir meerdere voorbeelde), verwys na die motief in die klassieke en Hellenistiese literatuur van die “uitgeslote minnaar”: Bedrieg en gemani-puleer deur die attentie van ’n onopregte minnaar, bevind die “uitgeslote minnaar” homself skielik afgesê; hy kom dan aangehardloop en staan buite die geslote (buite)deur, waar hy treur oor die bedrog, en by die minnaar daarbinne pleit om ingelaat te word. So, sê Paulus, word die Galasiërs nou deur die agitators die hof gemaak, maar hulle motiewe is in werklikheid onopreg. Paulus vestig deur middel van hierdie motief/metafoor vermanend die aandag van die Galasiërs op die manipulasie van die agitators, dat hulle naamlik besny moet word om “ware” Christene te kan wees.

Dis seker so dat die vertaler(s) nie altyd die dieper nuanse van ’n Griekse woord of konstruksie ten volle kan verwoord nie, maar ten minste het die CEB in hierdie geval ’n dapper poging aangewend om ζηλοῦτε binne die raamwerk van hierdie metafoor te vertaal.

5. Heb 1:2 en die afwesigheid van die lidwoord

Wanneer ’n selfstandige naamwoord sonder lidwoord voorkom, het dit een van drie valensies: onbepaald, kwalitatief of bepaald. Met ’n kwalitatiewe naamwoord word die kwaliteit of essensie daarvan benadruk. In Heb 1:2 (vgl. 1:5; 3:6; 5:8) het ons ’n interessante voorbeeld van ’n lidwoordlose naamwoord met ’n kwalitatiewe valensie: ἐπ’ ἐσχάτου πῶν ἡμερῶν τούτων ἐλάλησεν ἡμῖν ἐν υἱῷ: “... in die laaste tye het Hy met ons in/deur ’n Seun gepraat”. Vertalings wissel tussen “sy Seun” (“his Son”) en “die Seun” (“the Son”), maar in werklikheid behoort die vertaler(s) die onbepaaldheid (’n Seun) te behou, soos Wallace (1996:245) opmerk:

The point is that God, in his final revelation, has spoken to us in one who has the characteristics of a son. His credentials are vastly different from the credentials of the prophets (or from the angels, as the following context indicates).

En Isaacs (2002 *sub versu*) merk op: “The use of *houios* [son] here without the article ... points to his unique status, not that he is merely one among many.” Mens besef dat sowel “in ’n Seun” as “in a Son” dalk vreemd op die oor val, maar die minste wat gedoen moet word, indien mens “die” of “sy” verkies, is om ’n voetnoot hieroor te plaas.

6. Ef 3:8 en die ongewone vorming van die oortreffende trap van vergelyking

Ten slotte vind ons in Ef 3:8 ’n eenmalige voorkoms in die Nuwe Testament van ’n ongewone vorming van die oortreffende trap van die adjektief μικρός (klein/gering – vgl. Wallace 1996: 302), wat deur die bekendste vertalings raakgesien en so verwoord is, maar tog deur ander geïgnoreer is. Die versgedeelte lui:

Ἐμοὶ τῷ ἐλαχιστοτέρῳ πάντων ἁγίων ἐδόθη ἡ χάρις αὕτη

“Vir my, die *meer as geringste* van al die heiliges, is hierdie genade geskenk ...”.

Vertalings wat opgemerk het dat die uitgang van die vergelykende trap gevoeg is by die oortreffende trap, is onder andere NET/NIV/REB (“less than the least”), ESV/NRSV/IV (“the very least”), Darby (“moins que le moindre”), LBLA (“menos que el más pequeño”), die NBV (“de allerminste van”) en die Herder-Bibel (“dem Allergeringsten unter”). Van die Afrikaanse vertalings het die NLV dit reg, “die heel onbelangrikste”, maar sowel die 1933/53 (“die geringste van”), die 1983-vertaling (“die geringste van”), en die proefvertaling NT&P (“die geringste van” – maar in die 2020-vertaling gekorrigeer tot “minder as die geringste”) mis dié ongewone vorm. Van die vertalings in ander tale wat dit ook geïgnoreer het, tel byvoorbeeld die CEB (“the least of”), *Die Gute Nachricht Bibel* (“dem Geringsten von”) en die NLT (“the least deserving”).

Interessant genoeg het sommige eksegete (vgl. Wallace 1996:302) gemeen dat dit dui op die outensiteit van Efesiërs (as ’n Pauliniese brief), aangesien ’n nie-Pauliniese skrywer dit nouliks van Paulus sou sê as Paulus homself in 1 Kor 15:9 bloot “die geringste” van die apostels noem (ὁ ἐλάχιστος). Dié saak val egter buite die skopus van hierdie artikel.

SLOTOPMERKING

Die voorafgaande bespreking van enkele vertaalprobleme wat die Nuwe Testament oplewer, ingedeel in drie kategorieë, het ten doel gehad om die belangrikheid van die grammatikale aspek van die ontsluitingsproses van die Bybelteks uit te lig. Vanselfsprekend kom ook ander aspekte, soos nou reeds al vermeld, in aanmerking, en soms kan die blote grammatikale konstruksie nie ’n finale oplossing bied nie; die vertaler(s) se primêre taak is egter steeds die verantwoordelike en kundige omgaan met die brontaal. In hierdie verband sal Martin Luther se uitspraak dat Hebreeus en Grieks die sleutels is waarmee die Bybelteks ontsluit word, in ’n tyd waarin al hoe meer Bybelvertalings die lig sien, nog meer as ooit te vore van krag bly.

BIBLIOGRAFIE EN BYBELVERTALINGS

Literatuurverwysings:

- Attridge, H.W.E. 1989. *The Epistle to the Hebrews: A Commentary on the Epistle to the Hebrews*. Philadelphia: Fortress Press.
- BAGD, sien Bauer, A & Gingrich, D. 1958.
- BDF, sien Blass, F. & Debrunner, A, revised by Funk, R.W. 1961.
- BDRh, sien Blass, F. & Debrunner, A., bearbeitet von Rehkopf, F. 1979.
- Barth, M. 1969. “The Faith of the Messiah,” *Heythrop Journal*, 10:363-30.
- Bauer, A. & Gingrich, D. 1958. *A Greek-English Lexicon of the New Testament*. Chicago: Chicago Press.
- Blass, F & Debrunner, A, revision by Funk, R.W. 1961. *A Greek Grammar of the New Testament and Other Early Christian Literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Blass, F. & Debrunner, A., bearbeitet von Rehkopf, F. 1979. *Grammatik des neutestamentlichen Griechisch*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht (=BDRh).

- Bruce, F.F. 1965. *The Epistle to the Hebrews*. NLC. London: Marshall, Morgan & Scott.
- Bruce, F.F. 1968. *The Acts of the Apostles. The Greek Text with Introduction and Commentary*. London: Tyndale Press.
- Burton, E. de Witt. 1966. Third Edition reprint. *Syntax of the Moods and Tenses in New Testament Greek*. Edinburgh: T & T Clark.
- Cousar, C.B. 2001. *Reading Galatians, Philippians and 1 Thessalonians. A Literary and Theological Commentary*, in: *Reading the New Testament* (edited by Ch Talbert). Macon, Georgia: Smyth & Helwys Publishing.
- Danker, F.W. 2009. *Concise Greek-English Dictionary of the New Testament*. Chicago: University of Chicago Press.
- Du Toit, A.B. 2002. *Hebreërs vir Vandag. 'n Bybelstudie vir Dieper Delwers*. Vereniging: CUM Uitgewers.
- Dixon, P.S. 1975. *The Significance of the Anarthrous Predicate Nominative in John*. Dallas: Dallas Theological Seminary.
- Ellingworth, P. 1993. *The Epistle to the Hebrews*. Grand Rapids: Eerdmans/Carlisle: Paternoster.
- Harner, P.B. 1973. Qualitative Anarthrous Predicate Nouns: Mark 15:39 and John 1:1. *JBL* 92:75-87.
- Hays, R.B. 1983. *The Faith of Jesus Christ: An Investigation of the Narrative Substructure of Galatians 3:1-4:11*. Chico CA: Scholars.
- Hays, R.B. 1991. "Pistis and Paul's Christology: What is at stake?" *SBL Seminar Papers*. Atlanta: Scholars Press, pp. 714-729.
- Hedges, D. 1983. *Apollonius' Canon and Anarthrous Constructions in Pauline Literature: An Hypothesis*. Grace Theological Seminary.
- Isaacs, M.E. 2002. *Reading Hebrews and James*, in: *Reading the New Testament* (edited by Ch Talbert). Georgia: Smyth & Helwys Publishing.
- Johnson, L.T. 1982. "Romans 3:21-26 and the Faith of Jesus", *CBQ* 44:77-90.
- Johnson, L.T. 2001. Reading Romans. A Literary and Theological Commentary. In *Reading the New Testament* (edited by Ch Talbert). Georgia: Smyth & Helwys Publishing.
- Lane, S. 1991. *Hebrews*. Vols. 1-2. WBC. Dallas: Word Books.
- Moeller, R. & Kramer, A. 1963. An Overlooked Structural Pattern in New Testament (Greek). *NovT* 5:25-35.
- Reed, T. 1991. The Infinitive with Two Substantival Accusatives: An Ambiguous Construction?" *NovT* 33:1-27.
- Roberts, J.H. 1983. *Die Brief aan die Efesiërs*. NG Kerk-Uitgewers.
- Smith, C.C. 1996. Ekkleisai in Gal 4:17: The Motif of the Excluded Lover as a Metaphor of Manipulation, *CBQ*, 58:484-492.
- Smith, J. 2000. "1 Thess 4:4 – Breaking the Impasse" *BBR* 10, aangehaal deur NET in voetnoot op 1 Thes. 4:4.
- Thurston, B. 1994. Reading Colossians, Ephesians and 2 Thessalonians. A Literary and Theological Commentary. In *Reading the New Testament* (edited by Ch Talbert). Georgia: Smyth & Helwys Publishing.
- Vanhoye, A. 1964. "L'oikoumene dans l' 'Épître aux Hébreux", *Bib* 45:248-253.
- Wallace, D.B. 1996. *Greek Grammar Beyond the Basics*. Michigan: Zondervan.
- Williams, S.K. 1987. *Again Pistis Christou*. *CBQ* 48:431-447.
- Williams, S.K. 1989. The Hearing of faith: ἀκοή-πίστεως in Galatians 3, *NTS* 35:82-93.
- Williams, S.K. 1997. *Galatians. ANTC*. Nashville: Abingdon.
- Zerwick, M. 2005. *Biblical Greek, adapted from the Latin edition by J Smith S.J.* Rome: Editrice Pontificio Istituto.

Bybelvertalings

CEB: Common English Bible, Abingdon.

CSB: The Holy Bible: Christian Standard Bible, Nashville, Tennessee.

Darby 1991: La Bible Darby 1991.

Die 1933/53-vertaling: Die Bybel, Bybelgenootskap van SA

Die 1983-vertaling: Die Bybel, Nuwe Vertaling, Bybelgenootskap van SA

Die 2020-vertaling: Die Bybel, Bybelgenootskap van SA

ESV: Holy Bible, English Standard Version.

GNB: Gute Nachricht Bibel, Deutsche Bibelgesellschaft Herder-Bibel, Verlag Herder.

ISV: International Standard Version: NT plus Psalms and Proverbs

KJV: The King James Version

LBLA: La Biblia de las Américas, Lockman

NASB: New American Standard Bible

NA27: Nestle-Aland Novum Testamentum Graece, 27ste edisie

NBV: De Nieuwe Bijbelvertaling, Haarlem

NEB: The New English Bible: New Testament, Oxford/Cambridge University Press

NET: New English Translation with Full Notes, Bible.org

NKJV: The New King James Version

NIV: New International Version, in: The English-Greek New Testament, ed JR Kohlenberger, Zondervan

NLV: Die Bybel, Nuwe Lewende Vertaling, CUM

NRSV: The New Revised Standard Version

NT&P: Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling, Bybelgenootskap van SA

NJB: New Jerusalem Bible: Darton, Longman T & Todd

REB: The Revised English Bible, Oxford/Cambridge University Press Schlachter 2000: Geneva Bible Society

TEV: Today's English Version, American Bible Society.

Vertaalprobleme wat die Deuterokanonieke Boeke oplewer: Jesus ben Sira as voorbeeld

Translation difficulties posed by the Deuterocanonical Books: Jesus Ben Sira as a case study

JOHANN COOK

Departement Antieke Studie
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch, Suid-Afrika
E-pos: cook@sun.ac.za



Johann Cook

JOHANN COOK was vir meer as 30 jaar verbonde aan die Departement Antieke Studie (eers Semitiese Tale en later Ou Nabye Oosterse Studie) aan die Universiteit Stellenbosch. As emeritus is hy steeds aktief betrokke by die departement se navorsingsprogram. Hy spesialiseer in die Tekstekritiek en meer spesifiek in die vroeë vertalings van die Ou Testament/Hebreeuse Bybel, veral die Septuagint. Uit sy pen verskyn daar 95 navorsingsartikels, 71 kongresbydraes en verwante artikels soos huldigingsbydraes. Hy resenseer meer as 30 boeke vir 'n verskeidenheid van tydskrifte. Hy publiseer ook 11 boeke (monografieë en versamelbundels). Hy was/is betrokke by internasionale bilaterale navorsingsprojekte met die KU Leuven (prof. Hans Ausloos e.a.), Ludwig Maximilian Universiteit van München (prof. H-J Stipp) en die Universiteit van Rostock (prof. Martin Rösel). Hy het sedert 2002 vir drie vyfjaartermyne 'n B-kategorie-evaluering van die NNS verwerf. Hy dien vir twee termyne as voorsitter van die evalueringskomitee en van SAVNOS en is die president van LXXSA. In 2013 word hy vir een termyn verkies tot president van die International Organization for the Study of the Old Testament. Vir die tydperk 2015–2017 ontvang hy 'n NNS-toekenning ter waarde van R685 000 vir 'n projek getitel INTERPRETING THE SEPTUAGINT. Die geld word deels aangewend ter bestryding van onkoste verbonde aan die IOSOT2016, wat van 4 tot 9 September 2016 by die Universiteit Stellenbosch aangebied is.

JOHANN COOK was a staff member of the Department of Ancient Studies (initially Semitic Languages and later Ancient Near Eastern Studies) at the University of Stellenbosch for more than 30 years. As professor emeritus he is still actively involved in the research programme of this Department. He specialises in textual criticism and more specifically in the early translations of the Old Testament/Hebrew Bible, especially the Septuagint. He has produced 95 research articles and 71 conference papers. He has published 11 books (monographs and collections) and reviewed over 30 books for a variety of periodicals. He was involved in international bilateral research projects with the KU Leuven (Prof. Hans Ausloos and others), the Ludwig Maximilian University of Munich (Prof. H-J Stipp) and the University of Rostock (Prof. Martin Rösel). In 2002 he received a B category evaluation from the South African National Research Foundation (SANRF). He served as chair of the evaluation committee of the SANRF for two terms. He was the chair of SASSEM for two terms and is the current president of LXXSA. In 2013 he was elected president of the International Organization for the Study of the Old Testament. He received an SANRF research grant of R685 000 for the period 2015–2017 for a project entitled INTERPRETING THE SEPTUAGINT. The funds were partly used for IOSOT2016, which was presented at the University of Stellenbosch from 4 to 9 September 2016.

Datums:

Ontvang: 2020-01-17

Goedgekeur: 2020-07-15

Gepubliseer: Desember 2020

ABSTRACT***Translation difficulties posed by the Deuterocanonical Books: Jesus Ben Sira as a case study***

According to Wright (2007:715), this book has three titles. In Hebrew it is known as the *Wisdom of Joshua Ben Sira*. In the Vulgate it is entitled *Ecclesiasticus (the Book of the Church)* and in the Jewish Hellenistic writings *Sira*. *Ben Sira (BS)* has 51 chapters and as far as contents and form are concerned, it falls into the category of Ancient Near Eastern wisdom literature. Skehan and Di Lella (1987:4) see it as a handbook for moral conduct that a Jew living in the second century BCE had to study. The grandfather of *Ben Sira* compiled a wisdom tractate in Hebrew in Palestine, apparently before the revolution associated with Antiochus Epiphanes (Cook 2020). Among other things, this Seleucid tried to change Jerusalem into a Greek polis (city) (Tcherikover 1959). Jewish customs were rejected and replaced with Hellenistic cultural practices. *Ben Sira* does not refer to these developments, an indication that this wisdom writing was done before the Antiochean revolt. A Greek gymnasium started to operate in the Jewish community, which led to great unhappiness in conservative Jewish circles (liberal Jews visited the gymnasium naked!).

This version of *BS* is fragmentary and at times disjointed, which created enormous difficulties for the translators. Fortunately, various Hebrew fragments were discovered later. Passages of chapters 39-44 were discovered at Masada that date from the first century BCE. Ms 2Q18 contains some lines and 11QP^a preserves parts of chapter 51. Six fragments from the Cairo Geniza are also available. It is significant that the Hebrew texts, which contain about two thirds of the book, are not included in the Hebrew canon. These texts are nevertheless important for understanding the Greek texts. This involves text-critical research, an enormous task.

The Greek text was created by the grandson of *Sirach*, who translated his grandfather's document from the Hebrew in Alexandria between 132 and 117 BCE, during the reign of Ptolemy VII Euergetes II. He wrote in the prologue that he had arrived in Egypt in the 38th year of the reign of King Euergetes and that he spent many sleepless nights on the translation. The circumstances differed greatly from those in Palestine. It was now a Hellenistic world, but the significance of this should not be overestimated. Martin Hengel reminds us that all forms of Judaism from the second century BCE should be deemed as Hellenistic Judaism. Skehan and Di Lella (1984) are of the opinion that the Ptolemies adopted the Persian administrative system according to which the High Priest was not just the spiritual leader of the nation, but also a sort of secular prince who had to collect tax for the Ptolemean empire. The *BS* consists of numerous later additions/proverbs, typified as GKII (Greek II). GKI refers to the oldest Greek text and is found in the uncial manuscripts A, B, C and S, as well as in their cursive manuscripts. The text publication by Ziegler (*Septuaginta Graecum Auctoritate Academiae Litterarum Goetingensis editum XII Sapientia Jesu Filii Sirach*, 1965) is used as basis for the translation and interpretation.

The Deuterocanonical (DC) literature – also known as the *Apocrypha* – is seen as part of the *Septuagint*, which is the second problem that confronts the modern translator. The *Septuagint* is built up of the Old Greek (OG) text, which is the technical term for those texts that were translated from the original Hebrew and Aramaic texts, as well as the so-called *de novo* compositions, like the *Wisdom of Ben Sira*, or the *Wisdom of Solomon*. Concerning *Ben Sira* there is much uncertainty, since it was translated from a Semitic Vorlage.

KEYWORDS: Septuagint LXX, wisdom, Ben Sirach, grandson, grandfather, Egypt, Palestine, fragments, GI, GII, uncial cursive

TREFWOORDE: Septuagint LXX, wysheid, Ben Sira, kleinseun, oupa, Egipte, Palestina, fragmente, GI, GII, unsiale kursiewe

OPSOMMING

Volgens Wright (2007:715) het hierdie boek drie titels. In die Hebreeus staan dit bekend as die Wysheid van Joshua ben Sira. In die *Vulgaat* word dit Ekklesiastikus (die kerk se boek) en in die Joods-Hellenistiese geskryfte Sirag genoem. Ben Sirag (BS) beslaan 51 hoofstukke en wat inhoud en vorm betref, resorteer dit onder die Ou Nabye Oosterse wysheidsliteratuur. Skehan en Di Lella (1987:4) sien dit as 'n soort handboek vir morele optrede wat 'n Jood in die tweede eeu VHJ moes nastreef. Ben Sirag se oupa, Sirag, het in Palestina 'n wysheidsgeskrif in Hebreeus die lig laat sien, skynbaar voor die revolusie wat met Antiogus Epifanes in Palestina geassosieer word (Cook 2020). Dié Seleukied het onder andere probeer om Jerusalem in 'n Griekse polis (stad) te verander (Tcherikover 1959). Joodse gebruike is verwerp en Hellenistiese kulturele waardes in die plek daarvan ingevoer. BS verwys geensins na hierdie gebeure nie, wat 'n aanduiding is dat die wysheidsgeskrif voor die Antiogeense revolusie tot stand gekom het. Die Griekse gimnasium het 'n rol begin speel in die Joodse gemeenskap, tot groot ontsteltenis van die konserwatiewe Jode (liberale Jode het onder andere die gimnasium naak besoek!). Hierdie Hebreeuse weergawes van BS is fragmentaries en plek-plek disjunk. Dit gee aanleiding tot uitsonderlike probleme vir die vertalers. Gelukkig is verskeie Hebreeuse fragmente later ontdek. Gedeeltes van hoofstukke 39-44 is by Masada gevind wat uit die eerste eeu VHJ dateer. Ms. 2Q18 bevat etlike reëls en 11QPs^a bewaar dele van hoofstuk 51. Uit die Kairo-Geniza is daar ses fragmente beskikbaar. Opvallend is dat die Hebreeuse tekste, wat ongeveer twee derdes van die boek beslaan, nie by die Hebreeuse kanon ingesluit is nie. Hierdie tekste is nietemin baie belangrik vir die verstaan van die Griekse teks. Hier word dus behoorlike tekskritiese navorsing vereis, 'n probleem van enorme omvang.

Die Griekse teks is deur die kleinseun van Sirag geskep toe hy tussen 132 en 117 VHJ, gedurende die heerskappy van Ptolemeus VII Euergetes II in Alexandrië sy oupa se geskrif uit die Hebreeus vertaal het. Hyself skryf in die proloog dat hy in die 38ste jaar van die heerskappy van koning Euergetes in Egipte aangekom het en dat hy baie slaaplose ure aan die vertaling spandeer het. Die omstandighede het grootliks van dié in Palestina verskil. Dit was 'n Hellenistiese wêreld, wat egter nie oorbeklemtoon moet word nie. Martin Hengel het daarop gewys dat alle vorme van die Judaïsme vanaf die tweede eeu VHJ as Hellenistiese Judaïsme beskou moet word. Skehan en Di Lella (1984) oordeel dat die Ptolemeërs die Persiese administratiewe sisteem oorgeneem het waarvolgens die Joodse hoëpriester nie net die geestelike leier van die volk was nie, maar ook 'n soort van sekulêre prins wat belasting moes insamel vir die Ptolemeëse ryk. Die vertaling bestaan uit verskeie latere byvoegings/spreuke, getipeer as GKII (Grieks II). GKI verwys na die oudste Griekse teks en word hoofsaaklik gevind in die unsiale manuskripte A, B, C en S, asook hul kursiewe manuskripte. Die tekspublikasie van Ziegler (*Septuaginta Graecum Auctoritate Academiae Litterarum Goettingensis editum XII Sapientia Jesu Filii Sirach*, 1965) word gebruik as basis vir die vertaling en interpretasie.

Die deuterokanonieke literatuur – ook bekend as die apokriewe geskryfte – word as deel van die Septuagint beskou, wat tegelykertyd die tweede probleem is waarmee die moderne vertaler gekonfronteer word. Die Septuagint bestaan uit die Oudgriekse teks (OG), daardie tekste wat uit die oorspronklike Hebreeus en Aramees vertaal is, sowel as die sogenaamde *de novo*-komposisies, soos die Wysheid van Jesus ben Sira, of, nog beter, die Wysheid van Salomo. Oor Ben Sira heers daar onsekerheid, aangesien dit uit 'n Semitiese grondteks vertaal is.

1. AGTERGROND

Volgens Wright (2007:715) het hierdie boek drie titels. In die Hebreeus staan dit bekend as die Wysheid van Joshua ben Sira. In die *Vulgaat* word dit Ekklesiastikus (die kerk se boek) en in die Joods-Hellenistiese geskryfte Sirag genoem. Ben Sirag (BS) beslaan 51 hoofstukke en wat inhoud en vorm betref, ressorteer dit onder die Ou Nabye Oosterse wysheidsliteratuur. Skehan en Di Lella (1987:4) sien dit as 'n soort handboek vir morele optrede wat 'n Jood in die tweede eeu VHJ moes nastreef. Dit stem ooreen met Michael Fox se standpunt oor die boek Spreuke, wat in dieselfde genre is. Fox (2000:45) vind getuienis van 10 lesings – vader-tot-seun-diskoerse – in Proverbia 1-9. Ben Sirag se oupa, Sirag, het in Palestina (Jerusalem) 'n wysheidsgeskrif in Hebreeus die lig laat sien, skynbaar voor die revolusie wat met Antiochus Epifanes (Epibanes – die malle?) in Palestina geassosieer is, dus voor 170 VHJ (Cook 2020). Dié Seleukied het onder andere probeer om Jerusalem in 'n Griekse polis (stad) te verander (Tcherikover 1959:180). In die proses is die handves van voorregte van Antiochus III, wat gespesifiseer het dat alle Jode volgens hulle voorouer-gebruike mog leef, drasties verander. Hierdie voorregte het verlore gegaan toe die korporasie van “Antiocheneren in Jerusalem” in 168 gestig is (Bickerman 1979:49). Joodse gebruike is verwerp en Hellenistiese kulturele waardes in die plek daarvan ingevoer (Goldstein 1976:199; Bickerman 1979:49). Die wet van Moses is dus nie meer as die koninklike kode aanvaar nie (Bickerman 1979:49). Antiochus het daarenteen 'n Hellenistiese konstitusie op die Joodse gemeenskap afgedwing (Bickerman 1979:49). Dit behels 'n Griekse wyse van bestaan, insluitende die opvoedkundige instellings soos die Hellenistiese gimnasium. Die Griekse gimnasium het dus 'n groter rol begin speel in die Joodse gemeenskap, tot groot ontsteltenis van die konserwatiewe/ortodokse Jode (liberale Jode het onder andere die gimnasium sonder 'n draad klere aan besoek!). BS verwys geensins na hierdie gebeure nie, wat 'n aanduiding sou kon wees dat dié wysheidsgeskrif voor die revolusie in die tyd van Antiochus op skrif (papiirus) gestel is. Volgens Tcherikover (1959:180) was die Antiochiese vervolgings die resultaat van “the Jews’ obstinate refusal to exchange their traditional way of life for Greek ways”.

Hierdie tekste is uiteraard baie belangrik vir die verstaan van die Griekse teks. Volgens Wright (2007:715) bevat die Hebreeuse manuskripte/fragmente in essensie die Hebreeus van BS, ofskoon rekening gehou moet word met vele foute, byvoegings en korrupsies. Hier is dus sprake van tekskritiese navorsing in die ware (“proper”) sin van die woord. Hierdie probleem het enorme implikasies (sien Beentjes 1997).

Die Griekse teks is deur die kleinseun van Sirag geskep toe hy tussen 132 en 117 VHJ, gedurende die heerskappy van Ptolemeus VII Euergetes II, in Alexandrië sy oupa se geskrif uit die Hebreeus vertaal het (Skehan & Di Lella 1987:5). Hyself skryf in die proloog dat hy in die 38ste jaar van die heerskappy van koning Euergetes in Egipte aangekom het en dat hy baie slaaplose ure aan die vertaling spandeer het. Die omstandighede het grootliks van dié in Palestina verskil. Dit was 'n Hellenistiese wêreld; Hengel (1983:127) het daarop gewys dat alle vorme van Judaïsme vanaf die tweede eeu VHJ as Hellenistiese Judaïsme beskou moet word. Skehan en Di Lella (1987:13) oordeel daarnaas dat die Ptolemeërs die Persiese administratiewe sisteem oorgeneem het, waarvolgens die Joodse hoëpriester nie net die geestelike leier van die volk was nie, maar ook 'n soort sekulêre prins wat belasting moes insamel vir die Ptolemeïese ryk.

Die vertaling bestaan uit verskeie latere byvoegings/spreuke, getipeer as GKII–GrieksII. GK1 verwys na die oudste Griekse teks, ook bekend as die Oudgriekse teks en word hoofsaaklik gevind in die unsiale manuskripte A, B, C en S, asook hul kursiewe manuskripte (Wright

2007:715). Die tekspublikasie van Ziegler (1965) word gebruik as basis vir die vertaling en interpretasie van die Griekse teks.

Die deuterokanonieke literatuur – ook bekend as die apokriewe geskrifte – word as deel van die Septuagint beskou, wat tegelykertyd die tweede probleem is waarmee die moderne vertaler gekonfronteer word. Die Septuagint bestaan uit die Oudgriekse teks (OG), daardie tekste wat uit die oorspronklike Hebreeus en Aramees vertaal is, *sowel as* die sogenaamde *de novo*-komposisies, soos die Wysheid van Jesus ben Sira, of, nog beter, die Wysheid van Salomo. Oor Ben Sira heers daar onsekerheid, aangesien dit uit ’n Semitiese grondteks vertaal is.

2. PROBLEEMSTELLING

Die Begeleidingskomitee van die Bybel 2020-vertaling het beslis dat die Wysheid van Jesus ben Sirag vir die projek vertaal moes word. Hierdie Griekse teks het ’n besonder komplekse ontstaans- en oorleweringsgeskiedenis. Eerstens is dit ’n vertaling en wel van die wysheid van Jesus Sirag uit die Hebreeus. Tweedens verskil dit baie van die Hebreeuse grondteks. So het die Hebreeuse teks geen weergawe van die Proloog nie. Verder verskil die Grieks van die Proloog beduidend van die res van die boek. Dit kan natuurlik ’n aanduiding wees dat ’n ander persoon hier aan die werk is. Die Proloog is geskryf in goeie literêre styl. Die res van die geskrif is volgens Wright (2007:716) op ’n algemene isomorfiëse wyse weergegee, wat dit geskik maak vir die sogenaamde interlineêre paradigma van vertaling. Daar bestaan enkele benaderings wat gevolg kan word by die vertaling van tekste. Die bruikbaarste is die interlineêre paradigma wat in die Kanadese projek, genaamd *The New English Translation of the Septuagint* (NETS), onder leiding van Albert Pietersma en Benjamin Wright (2007) gevolg is. Duidelik kom die grondteks se impak na vore. Die vertalers het doelbewus gepoog om die woordorde van die Hebreeuse grondteks na te volg. Hulle het grotendeels pariteit behou met die grondteks. In die Franse projek, *La Bible d’Alexandrie*, onder leiding van Marguerite Harl (1986) van die Sorbonne-Universiteit in Parys, daarenteen, word klem gelê op die onafhanklikheid van die Septuagint. Hier word die Septuagint *an sich*, op sigself, bestudeer. Wel word die resepsie van die LXX ook in ag geneem. Die laaste uit drie moontlike projekte is *Septuaginta Deutsch*, waarvoor een van die projekteleiers, Wolfgang Kraus (2006:69) van die Universiteit van Saarland, die volgende te sê het:

In my view both projects hold on to a substantially relevant aspect of the character of the Septuagint. Not exclusiveness in the methodological approach, [but] *complementarity* is the relation in which they have to be looked upon.

Volgens hom het die oorspronklike vertaler bowendien probeer bemiddel tussen die tradisie en die kontemporêre situasie – die teks soos dit tans daar uitsien (Kraus 2006:70). Dus is daar klem op die OG (NETS), byvoeging van die resepsie van die LXX (*La Bible d’Alexandrie*) en komplementariteit van die *LXXDeutsch*.

3. VERTAALPROBLEME

Probleme word onder andere op twee vlakke ervaar wat vertalings betref: op die tekstuele en op die interpretatiewe vlak. Sonder om te skerp tussen die tekskritiek en die interpretatiewe te onderskei (Cook 2009), moet die navorser die vertalingstegniek wat die vertaler gevolg het, bepaal. As die vertaler neig om oor die algemeen te interpreteer en sy grondteks vryer weer

te gee, sou dit gewoon logies wees om, wanneer die vertaler wel vry vertaal, te aanvaar dat dit inderdaad die vertaler is wat 'n bepaalde gedeelte weergee en dat dit nie 'n ander grondteks is nie. Dit is 'n ingewikkelde saak en moet met omsigtigheid benader word. 'n Tweede probleem wat met hierdie een verband hou, is die onvermydelikheid van emendasies. Die Griekse teks is soms onverstaanbaar en dan is rekonstruksies/retroversies/emendasies 'n berekende uitweg. Nog 'n vertaalprobleem is dat tipiese Semitieses letterlik in Grieks vertaal word.

Hans Ausloos en Bénédicte Lemmelijn (2010) sowel as Valérie Kabergs (2012) het nuwe weë geopen deur gepaste inhoudelike en konteksverwante kriteria te ontwikkel waarmee die vertaaltegniek van 'n geskrif bepaal kan word. 'n PhD-student van Hans Ausloos, Bryan Beeckman (2019), het hierdie kriteria konstruktief aangewend in studies van die Septuagint-weergawe van Proverbia.

Davila (2005) is nie positief oor die tradisionele benadering tot die vasstelling van die vertalingstegniek nie, wat hy die “inadequacy of a bipolar scale of ‘literal’ vs. ‘free’ translation technique” noem. Die probleem daarvan om Semitiese dokumente van Griekse tekste te onderskei, vind hy onoortuigend. Sy artikel bevorder wel 'n metodologie vir die vasstelling van Semitiese steuring van 'n Semitiese *Vorlage*.

Volgens Davila (2005:12) kan die studie van die linguistiese agtergrond van Griekse Apokriewe en Pseudepigrafa op een van twee maniere gedoen word: eerstens deur middel van retroversie, deur terug te werk na 'n moontlike Semitiese oorspronklike; en tweedens deur Semitiese versteuring in die Griekse teks vas te stel. In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat Hebreeuse/Aramese Semitiese tale 'n ander linguistiese struktuur het as Indo-Europese tale soos Grieks.

Om vir die bestaan van 'n variasie van Joodse vertalings in die antieke te argumenteer, moet sekere voorveronderstellings volgens Davila gemaak word. Die eerste is die vermoë om te onderskei dat 'n bepaalde teks 'n vertaling is en nie 'n oorspronklike komposisie nie (Schürer 1987:705-7). Davila het hierdie kwessie in detail verken, insluitende die bevraagtekening van die Joodse oorsprong van sekere werke (Davila 2005).

In sommige gevalle bestaan daar Semitiese – Hebreeuse/Aramese – *Vorlagen* om te bevestig dat hierdie tekste wel vertalings is (onder andere Henog en Jubileë). Tog is die verwantskap tussen die Semitiese weergawe en die vertaling in sommige gevalle nie noodwendig geneties van aard nie (Testament van Levi, Gebed van Manasseh).¹ Waar daar geen *Vorlage* voorhande is nie, kan 'n mens, volgens Davila, geredelik erken dat sommige vertalers in 'n Griekse vertaalstyl gekomponeer het, in nabootsing van geskrewe tekste. Gevolglik kan 'n mens nie veronderstel dat die werk inderdaad 'n vertaling is nie. Weliswaar sal die ideologie van die outeur, vir sommige werke, 'n Hebreeuse weergawe vereis soos in die geval van 1 Makkabeërs. Waar dogterweergawes wel beskikbaar is (byvoorbeeld Pseudo-Filo, Slawiese Henog) moet aanvaar word dat die dogterweergawes van 'n Griekse teks afgelei word wat nie langer 'n vertaling is nie.

'n Tweede veronderstelling is dat alhoewel hierdie vertalings Christelike kopieë is, die vertalings as sodanig Joods is, veral omdat kennis van Hebreeus of Aramees veronderstel word. Selfs al sou 'n beduidende aantal vertalings nie Joods wees nie, sal genoeg weergawes wel Joods wees om 'n saak daarvoor te kan uitmaak.

¹ Vir die verhouding van die Griekse Testament van Levi tot die Aramese Levi sien Marinus de Jonge (1975:38-52) en Robert A. Kugler (1996).

Die eerste kategorie wat ek bespreek, is dié waarin die tekste verskil. Hoofstuk 1 van BS het byvoorbeeld lakunes waar enkele verse geen ekwivalent in die Hebreeus het nie. Volgens Skehan en Di Lella (1987:136) het verse 5, 7 en 9 net GII-ekwivalente, dus die OG. Hulle bied die volgende vertalings aan:

Vers 5 The wellspring of wisdom is the word of God in the heights, and its runlets are the ageless commandments.

Vers 7 An understanding of wisdom – to whom has been disclosed; her resourcefulness, who has known?

Love the Lord is ennobling wisdom;
to those to whom he appears he apportions it, that they may see him.

Uit hierdie transkripsies kan nie veel afgelei word nie.

3:19 bevat geen Hebreeuse teks nie; volgens Skehan & Di Lella (1987:158) is daar wel 'n Oudgriekse teks GII, wat soos volg lui:

Many are the lofty and the noble,
But it is to the humble he reveals his plan.

BS 6: 1-4

Die OG het 'n ietwat ander inhoud as die Hebreeus. Die tekste verskil weereens. Die OG teks van hoofstuk 6 het ekwivalente vir verse 1 en 2.

OG² moenie aangedryf word deur die begeertes van jou hart/die planne van jou binneste^{1b} nie,

sodat jou lewe nie soos 'n bul uitmekaar geskeur word nie.

³ Jou blare sal opgeëet en jou vrugte verwoes word
en jy sal verwerp word soos 'n verdroogde boom.

⁴ 'n Bose innerlike/persoonlikheid¹ vernietig sy besitter
en maak hom tot 'n bespotting van sy vyande.

² Μὴ ἐπάρης σεαυτὸν ἐν βουλήῃ ψυχῆς σου,
ἵνα μὴ διαρπαγῇ ὡς ταῦρος ἡ ψυχὴ σου. †
³ τὰ φύλλα σου καταφάγεσαι καὶ τοὺς καρπούς σου ἀπολέσεις
καὶ ἀφήσεις σεαυτὸν ὡς ξύλον ξηρόν. †
καὶ ἀφήσεις σεαυτὸν ὡς ξύλον ξηρόν. †
⁴ ψυχὴ πονηρὰ ἀπολεῖ τὸν κτησάμενον αὐτὴν
καὶ ἐπίχαρμα ἐχθρῶν ποιήσει αὐτόν. †
(Beentjes 1997)

6:1 Moenie val in die mag van jou persoonlikheid nie,
sodat dit jou krag nie sal tap nie.

2 jou blare sal hulle verwoes en jou vrugte verteer
En jy sal verlate wees soos 'n dorre boom.

3 want 'n sterk persoonlikheid sal sy besitter verwoes
En hom die grap van sy vyande maak

² *Boule* kan ook met “geneigdheid” of “neiging”, “besluit” en “motief” vertaal word. Hierdie term word ook gebruik om die dualisme van goed en kwaad te beskryf.

Die ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie tekste is duidelik sigbaar. Vers 4 in die OG word verteenwoordig deur vers 3 in Beentjes (1997). Verder dien BS as toeligting tot bepaalde konsepte. Die Griekse lekseem βουλή is een voorbeeld. Dit word in LXXProv tref-fend gebruik om ’n Joods-teologiese idee uit te druk.

Dit is die geval in Spreuke 2 verse 11 en 17. Die teks lees soos volg en beskryf die goeie en bose kontekste/leefruimtes:

Vv. 10-12: Die Goeie Leefruimte

10 ἐὰν γὰρ ἔλθῃ ἡ σοφία εἰς σὴν διάνοιαν
 ἢ δὲ αἰσθησις τῆς σῆς ψυχῆς καλῆς εἶναι δόξῃ
 11 **βουλή καλή** φυλάξει σε
 ἔννοια δὲ ὁσία τηρήσει σε
 12 ἵνα ῥύσηταί σε ἀπὸ ὁδοῦ κακῆς
 καὶ ἀπὸ ἀνδρὸς λαλοῦντος μηδὲν πιστόν

Vv. 13-22: Die Bese Leefruimte

Waarskuwing teen die πρὶ ψῆς.

13 ὃ οἱ ἐγκαταλείποντες ὁδοὺς εὐθείας
 τοῦ πορεύεσθαι ἐν ὁδοῖς σκότους
 14 οἱ εὐφραινόμενοι ἐπὶ κακοῖς
 καὶ χαίροντες ἐπὶ διαστροφῇ κακῇ
 15 ὧν αἱ τρίβοι σκολιαὶ
 καὶ καμπύλαι αἱ τροχιαὶ αὐτῶν
 16 τοῦ μακρὰν σε ποιῆσαι ἀπὸ ὁδοῦ εὐθείας
 καὶ ἀλλότριον τῆς δικαίας γνώμης
 17 υἱέ μὴ σε καταλάβῃ **κακὴ βουλή**
 ἢ ἀπολείπουσα διδασκαλίαν νεότητος
 καὶ διαθήκην θεῖαν ἐπιλεησμένη
 18 ἔθετο γὰρ παρὰ τῷ θανάτῳ τὸν οἶκον αὐτῆς
 καὶ παρὰ τῷ ἄδῃ μετὰ τῶν γηγενῶν τοὺς ἄξονας αὐτῆς
 19 πάντες οἱ πορευόμενοι ἐν αὐτῇ οὐκ ἀναστρέψουσιν
 οὐδὲ μὴ καταλάβωσιν τρίβους εὐθείας
 οὐ γὰρ καταλαμβάνονται ὑπὸ ἐνιαυτῶν ζωῆς

Die vetgedrukte frases verteenwoordig die vermelde teologiese perspektief.

Ek het aangedui dat goeie en bese “inklinasies” Griekse ekwivalente van die Hebreeuse lekseme (עֲלֵה רָצָה וְעֲלֵה רָצָה) is wat in Joodse geskripte voorkom (Cook & Van der Kooij 2012:98). Voorts is die bese raad waarna verwys word, inderdaad ’n metafoor vir slegte raad, die Griekse Hellenisme (Hengel 1983:281). Dit is duidelik dat hier ’n konserwatiewe vertaler aan die woord is.

4. VERTAALPROBLEME OP DIE INTERPRETATIEWE VLAK

Die kleinseun van BS het opgetree in ’n totaal ander historiese konteks as dié van sy oupa. Dit is duidelik uit wat Ben Sira kwytraak in die proloog, verse 6-7:

Want wat oorspronklik in Hebreeus gesê is, is nie ewe effektief wanneer dit in ’n ander taal vertaal word nie. Dit geld nie alleen hierdie boek nie: die Wet self, die Profete, en die res van die boeke verskil nie ’n bietjie wanneer hulle in die oorspronklike gelees word nie (Wright 1989:1).

Hy vertaal in 'n tydvak van fundamentele verandering, oënskynlik voor die vernietigende hervorming van Antiochus Epifanes (Cook 2020). 'n Aanduiding hiervan is dat angstige preokkupasie met sommige kulturele kwessies op die agtergrond blyk te wees. Daar is onder andere 'n meer gelate houding jens die Wet van Moses.

5. DIE INVLOED VAN GRIEKSE-FILOSOFIESE PERSPEKTIEWE OP BEN SIRA

Daar is 'n verskil van opinie oor die vraag in watter mate die Griekse filosofie die Septuagint beïnvloed het. Vir hierdie tekste moet onderskei word tussen die OG tekste en die sogenaamde *de novo*-tekste. Eersgenoemde vertoon na my mening min sodanige invloed; dit geld veral die boeke van Spreuke en Jeremia (sien my bydrae tot die Stipp-Festschrift, Cook 2019). Verskeie geleerdes vind Stoïsynse invloede in Proverbia LXX. Een voorbeeld is Gerlemann (1956:53), wat van oordeel is dat die toevoegings in Spreuke 2:17 (βουλή καλή) aan Stoïsynse invloede toegeskryf moet word. Ek oordeel dat die toevoeging, tesame met die antitetiese byvoeging κακή βουλή van vers 11, gelees moet word as, en eerder deel is van, die Joodse siening van die goeie en slegte inklinasies (יִצְרָר הַטוֹב en יִצְרָר הָרָע) wat in elke mens is. In dié verband stem Deist (1988:165) met Hengel (1983:277) saam dat hoofstuk 8 van LXX Spreuke platoniese denke weerspieël. Die tweede kategorie, waaronder BS tel, maak wel gebruik van die Griekse filosofie. Hier is daar weer 'n verskil van opinie. Smend (1906:XXIII) en Hengel (1983) oordeel dat BS 'n oorlogsverklaring teen die Hellenisme is. Collins (1997:41) en Rogers (2000:135) stem nie met hierdie interpretasie saam nie. Wat BS betref, argumenteer Skehan en Di Lella (1987:48): “Ben Sira used Hellenic material only when it suited his Jewish purpose.” Ek huldig 'n soortgelyke siening wat die Septuagint-weergawe van Spreuke betref. Hoe dit ook al sy, daar is wel duidelike aanduidings van Grieks-filosofiese perspektiewe in die *de novo*-geskrifte, soos BS. Dit lê wel op 'n ander vlak as die Wysheid van Salomo, wat in ongeveer 30 VHJ in Alexandrië geskryf is deur 'n vergriekste Jood.

Ten slotte is dit moontlik, soos deur Collins betoog, dat Stoïsynse denke kon bygedra het tot Ben Sirag se siening van die verhouding tussen die Tora en wysheid. In Collins (1997:47) se eie woorde:

The more direct influence on Sirach probably lay in the growing authority of the Torah in the Judaism of the day. Hence, Greek philosophical influences in Ben Sira were more indirect compared to the fully-fledged philosophising taking place later in Philo. Sirach was, moreover, an eclectic thinker rooted in the Hebrew tradition.

6. GEVOLGTREKKING

Die vertalers van sommige Deuterokanonieke Boeke in die grootse vertaalprojek genaamd “die Bybel 2020-vertaling” word gekonfronteer deur uiteenlopende probleme. Naas 'n gebrek aan vergelykingsmateriaal, is vertaalprobleme prominent. Die voorstelle van Hans Ausloos, Bénédicte Lemmelijn en hulle medewerkers, in die konteks van die Leuvense Sentrum vir Septuagintstudies en Tekstekritiek (Leuven & Louvain-la-Neuve), sowel as Davila, van hoe om hierdie probleme die hoof te bied, verskaf gepaste uitkomst.

BIBLIOGRAFIE

- Ausloos, Hans & Bénédicte Lemmelijn. 2010. Content-related Criteria in Characterising LXX Translation Technique. In Wolfgang Kraus, Martin Karrer & Martin Meiser (reds.). *Die Septuaginta – Texte, Theologien, Einflüsse. 2. Internationale Fachtagung von Septuaginta Deutsch (LXX. D), Wuppertal 23.-27.7.2008* (WUNT 252). Tübingen: Mohr Siebeck, pp. 356-76.
- Ausloos, Hans, Bénédicte Lemmelijn & Valérie Kabergs. 2012. The Study of Aetiological Wordplay as a Content-Related Criterion in the Characterisation of LXX Translation Technique. In Siegfried Kreuzer, Martin Meiser & Marcus Sigismund (reds.). *Die Septuaginta – Entstehung, Sprache, Geschichte* (WUNT 286). Tübingen: Mohr Siebeck, pp. 273-94.
- Beeckman, Bryan. 2019. Proverbia de Animalibus. The Greek rendering of Hebrew animal names in Proverbs. *ZAW* 131/2 (2019):257-270.
- Beentjes, Pancratius C. 1997. *The Book of Ben Sira in Hebrew: A Text Edition of all Extant Hebrew MSS and A Synopsis of all Parallel Hebrew Ben Sira Texts (Vetus Testamentum Supp. 68)*. Leiden: Brill.
- Bickerman, E. J. 1997. *The God of the Maccabees. Studies on the Meaning and Origin of the Maccabean Revolt*. Leiden: Brill.
- Collins, J.J. 1997. *Jewish Wisdom in the Hellenistic Age*. Louisville: OTL.
- Cook, Johann. 2009. The relationship between textual criticism, literary criticism and exegesis – an interactive one? *Textus*, XXIV:119-132.
- Cook, Johann & Arie van der Kooij. 2012. *LAW, PROPHETS, AND WISDOM. On the Provenance of Translators and their Books* (CBET 68). Leuven: Peeters.
- Cook, Johann. 2016. The Relationship between the Wisdom of Jesus Ben Sira and the Septuagint Version of Proverbs. In Pierre J. Jordaan & Nicholas P.L. Allen (reds.). *Construction, Coherence and Connotations. Studies on the Septuagint, Apocryphal and Cognate Literatur* (DCLS 34). Berlin: Greuyter, pp. 11-26.
- Cook, Johann. 2018. Theological perspectives in LXXProverbs. In Siegfried Kreuzer, Martin Meiser, Marcus Sigismund (reds.). *Die Septuaginta 6. Internationale Fachtagung veranstaltet von Septuaginta Deutsch (LXX.D), Wuppertal 24.27. Juli 2016* (WUNT 405); Tübingen: Mohr Siebeck, pp. 601-617.
- Cook, Johann. 2019. Greek philosophical perspectives in the Septuagint of Jeremiah. In Andreas Michel & Nicole K. Rüttgers (reds.). *Jeremia, Deuteronomismus und Priesterschrift. Beiträge zur Literatur – und Theologiegeschichte des Alten Testaments*. EOS-Editions Sankto Ottilien 2019, pp. 265-78. Festschrift für Hermann-Josef Stipp zum 65. Geburtstag.
- Cook, Johann. 2020. The LXX of Proverbs in the Light of Antiochus Epiphanes' Devastating Reforms. In Nicholas P.L. Allen, Pierre J. Jordaan & József Zsengellér (reds.). *Passion, Persecution and Epiphany in Early Jewish Literature*. London: Routledge Press, pp. 47-67.
- Davila, James R. 2005. (How) can we tell if a Greek Apokryphon or a Pseudo-apokryphon has been translated from Hebrew or Aramaic? *JSP* 15(1):3-61.
- Deist, F.E. 1988. *Witnesses to the Old Testament*. Pretoria: N.G. Kerk boekhandel.
- De Jonge, Marinus 1975. *The Testaments of the Twelve Patriarchs: A Study of their Text, Composition and Origin* (2^{de} uitgawe). Amsterdam: Van Gorcum, pp. 38-52.
- Fox, Michael V. 2000. *Proverbs 1-9 – A New Translation With Introduction and Commentary* (AB 18A). New York: Doubleday.
- Gerlemann, Gilles. 1950. The Septuagint of Proverbs as a Hellenistic Document. *OTS*, 8:15-27.
- Goldstein, Jonathan A. 1976. *I Maccabees. A New Translation with Introduction and Commentary* (AB 41). New York, London, Toronto, Sydney, Auckland: Doubleday.
- Harl, Marguerite. 1986. *La Bible d'Alexandrie: la Genèse*. Paris. Editions du Cerf.
- Hengel, Martin. 1983. *Judaismus und Hellenismus. Studien Zu Ihrer Begegnung Unter Besonderer Berücksichtigung Palastinas Bis Zur Mitte Des 2. Jahrhunderts Vor Christus ... (... Untersuchungen Zum Neuen Testament)*. Tübingen: Mohr-Siebeck.
- Kraus, Wolfgang & Karrer, Martin. 1999-2009. *Septuaginta Deutsch*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Kraus, Wolfgang 2006. Contemporary Translations of the Septuagint: Problems and Perspectives. In Wolfgang Kraus & R. Glenn Wooden (eds). *Septuagint Research. Issues and Challenges in the Study of the Greek Jewish Scriptures* (SCS 53). SBL. Atlanta, pp. 63-83.

- Kugler, Robert A. 1996. *From Patriarch to Priest: The Levi-Priestly Tradition from Aramaic Levi to Testament of Levi* (SBLEJL 9); Atlanta, GA: Scholars Press.
- Pietersma, Albert & Wright, Benjamin, G. 2007. *A New English Translation of the Septuagint and the Other Greek Translations Traditionally included under that Title*. Oxford: Oxford University Press.
- Rogers, J.F. 2000. *Is Wisdom a Mediatrix in Sirach? A Study of the Wisdom Poems*. Unpublished Doctoral Dissertation, University of Stellenbosch.
- Schniedewind, William M. 1996. A Qumran Fragment of the Ancient 'Prayer of Manasseh'. *ZAW*, 108:105-7.
- Schürer, Emil. 1987. *The History of the Jewish People in the Age of Jesus Christ*. Volume 3, Part 2, revised by Géza Vermès, Martin Goodman, Fergus Millar, Edinburgh: T&T Clark.
- Skehan, Patrick W. & Alexander A. Di Lella. 1987. *The Wisdom of Ben Sira. A new translation with notes*. New York: Doubleday.
- Smend, Rudolph. 1906. *Die Weisheit des Jesus Sirach*. Berlin: Reimer.
- Tcherikover, Victor A. 1959. *Hellenistic Civilization and the Jews*. Philadelphia: Jewish Publication Society.
- Wright, Benjamin, G. 1989. *No Small Difference: Sirach's Relationship to Its Parent Text* (SBLSCS 26). Atlanta: Scholars Press.
- Ziegler, Joseph. 1965. *Septuaginta Graecum Auctoritate Academiae Litterarum Goetingensis editum XII Sapientia Jesu Filii Sirach*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Vertalers kruis swaarde! Vertaalproblematiek betreffende die swaard as wapentuig in 1 en 2 Makkabeërs

Translators cross swords! Translation problems relating to the sword as a weapon in 1 and 2 Maccabees

GERT J. STEYN

Universiteit van Pretoria

Theologische Hochschule Ewersbach, Duitsland

E-pos: gert.steyn@the.feg.de



Gert Steyn

Opedra aan Bernard Combrink

GERT JACOBUS STEYN voltooi doktorsgrade in sowel Nuwe Testament (Pretoria) as in Bybeltale (Stellenbosch). Hy doseer aan die Universiteite van Suid-Afrika (1987–90), Johannesburg (1994–2003) en Pretoria (2003–2007), asook die Federal Theological Seminary of Southern Africa (1992–1993), alvorens hy in 2017 as Professor vir Nuwe Testamentiese Eksegese en Teologie aan die Theologische Hochschule Ewersbach, Duitsland, aangestel word. Hy dien as Rektor van die Theological Education by Extension College (1993–2000) en as Hoof van die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap aan UP (2010–17).

Sy vakwetenskaplike navorsingsuitsette sluit 173 publikasies in, waaronder boeke en hoofstukke in boeke, talle eweknie-geëvalueerde vakartikels, ensiklopediese inskrywings en boekresensies, asook deelname aan vier Bybelvertalings. Hierbenewens het 19 PhD- en 33 meestersgraadstudente uit verskeie lande hulle studie suksesvol onder sy leiding voltooi.

GERT JACOBUS STEYN completed doctorates in both New Testament (Pretoria) and Biblical Languages (Stellenbosch). He lectured at the Universities of South Africa (1987–90), Johannesburg (1994–2003) and Pretoria (2003–17), as well as the Federal Theological Seminary of Southern Africa (1992–93), after which he was appointed as Professor for New Testament Exegesis and Theology at the Theologische Hochschule Ewersbach, Germany, in 2017. He served as Rector of the Theological Education by Extension College (1993–2000) and as Head of the Department of New Testament Studies at UP (2010–17).

His scholarly research output consists of 173 publications, including books and chapters in books, numerous peer-reviewed articles, encyclopaedic entries and book reviews, as well as participation in four projects regarding translations of the Bible. In addition, 19 PhD and 33 master's students from several countries successfully completed their studies under his supervision.

Datums:

Ontvang: 2020-02-05

Goedgekeur: 2020-05-12

Gepubliseer: Desember 2020

Steyn verwerf verskeie navorsingstoekenings en posisies, waaronder die Deutscher Akademischer Austauschdienst, Alexander von Humboldt Stiftung, Universiteit van Pretoria Buitengewone Akademiese Presteerderstoekenning, 'n B-gradering van die SA Nasionale Navorsingstigting (sedert 2011), navorsingsgenoot van die Kirchliche Hochschule in Wuppertal, lid van die internasionale SNTS (sedert 1999), voormalige Voorsitter van die Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika en stigterslid van die Septuagint-Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

Steyn holds several research awards and positions, among which the Deutscher Akademischer Austauschdienst, Alexander von Humboldt Stiftung, University of Pretoria Exceptional Academic Achiever's Award, South African NRF B-rated position (since 2011), research associate of the Kirchliche Hochschule in Wuppertal, member of the international SNTS (since 1999), former President of the New Testament Society of South Africa and founding member of the Septuagint Society of South Africa.

ABSTRACT

Translators cross swords! Translation problems relating to the sword as a weapon in 1 and 2 Maccabees

The purpose of this contribution is to address the translation problems related to the term "sword" as a weapon in the Maccabean books. The translation problem becomes evident in the various occurrences of ῥομφαία, μάχαϊρα and τὸ ζῆφος in the source text of 1-2 Maccabees, as well as the frequency of the words in these books. Swords are historically contextual, and reveal important information about the nature of confrontation and attack strategies, as well as the relationship between attackers and victims, as it would determine whether soldiers would use them to stab, slash or cut their enemies. This is important information for understanding the translation context in which a particular type of sword was used, especially in the military context of the Maccabees. It is therefore clear that a definite distinction should be made between the various Greek terms used in 1 and 2 Maccabees for "sword".

The ῥομφαία was a longer type of sword, longer than one meter in length, with a broad blade that was only slightly curved, or even straight. The weapon was designed to serve as a stab and slashing weapon. The blade was fitted to a shaft or handle, which was only slightly shorter than the blade itself. The blade normally had only one cutting edge, although there were also some exceptions to this rule. It was a dreaded weapon because of its cutting or slashing power. The occurrences of the term ῥομφαία in 1 and 2 Maccabees can be found in the context of the wars and battles in which the Jews were involved with the Seleucids and Ptolemies.

In ancient war contexts, the Greek sword, known as a μάχαϊρα, refers to a weapon in the form of a short sword or dagger, of which the blade had a slightly curved cutting edge on the one side and was level on the opposite side. It was designed to serve as a cutting weapon rather than a stab weapon. More detailed research into the Maccabean war context indicates that during the first phase of the Maccabees, some Jewish units were equipped with shields and such swords, similar to the classic Tragians and Scythians. Various sizes and forms of μάχαϊρα, which was regionally specific and not necessarily uniquely Greek in nature, were in circulation. In biblical literature, violent death during wars or persecution often occurs by μάχαϊρα as a weapon. Although the contexts in which the term μάχαϊρα is used in 1 and 2 Maccabees are also contexts of war, the impression here is more that of close combat. The fact that the term μάχαϊρα is used only a third in contrast to the two-thirds of the occurrences of ῥομφαία in 1-2 Maccabees, as well as the specific contexts of 1 Maccabees 3:12, 4:6 and

2 Mac 5:2-3, seems to create the impression that the μάχαιρα was probably a hand weapon that was not widely used by the Jews at the time of the books of Maccabees.

The ξίφος was a short stab sword or dagger with a narrow, double-edged blade and particularly sharp point. The term ξίφος is often generically applied in Aeolian or Attic Greek for a sword. It was especially used in hand-to-hand combat. The term ξίφος is not used in 1 Maccabees and occurs only twice in 2 Maccabees. It is clear from the context that ξίφος in these two instances refers to a short stab sword or dagger as a personal weapon.

During the investigation, it has become clear that the existing mainstream English, German and Afrikaans translation traditions have predominantly and consistently chosen to translate all three Greek terms almost without exception generically as “sword”. During the recent translation process of the new Afrikaans translation, this translation has largely succumbed to the peer pressure of existing translation traditions, but has still managed to take the first offensive steps in the area of the translation problem related to the sword as an ancient weapon. This was done by specifying the type of sword mentioned in the source text in a footnote in a few strategic places.

KEYWORDS: 1-2 Maccabees, Apocrypha, Deuterocanonical books, Septuagint, sword, weaponry, context, translation

TREFWOORDE: 1-2 Makkabeërs, Apokriewe, Deuterokanonieke boeke, Septuagint, swaard, wapentuig, konteks, vertaling

OPSOMMING

Hierdie bydrae het ten doel om die vertaalproblematiek betreffende die term “swaard” as wapentuig in die Makkabeërboeke onder die loep te neem. Die vertaalprobleem bestaan daaruit dat die onderskeie betekenis van ῥομφαία, μάχαιρα en τὸ ξίφος in die brontekste van Makkabeërs in die nuwe Afrikaanse vertaling (NAV) na vore moet kom en dat die woorde nie deurgaans met “swaard” vertaal moet word nie. Dit word ondersteun deur die frekwensie van die woorde in hierdie boeke. Swaard is histories konteksgebonden, en onthul belangrike inligting oor die aard van die konfrontasie en aanvalstrategie, asook die onderlinge verhouding tussen die aanvaller en slagoffer, aangesien dit bepaal het of die soldaat die vyand daarmee sou steek, sny of kap. Dit is belangrike inligting vir die vertaling om die konteks te verstaan waarin ’n bepaalde tipe swaard gebruik is – veral in die militêre konteks van die Makkabeërboeke. Dis dus duidelik dat ’n besliste onderskeid getref behoort te word tussen die verskillende Griekse terme wat in 1 en 2 Makkabeërs vir “swaard” aangewend word.

Tydens die ondersoek het dit algaande duidelik geword dat die bestaande hoofstroom-Engelse, Duitse en Afrikaanse vertaaltradisies oorwegend al drie Griekse terme feitlik deurgaans generies met “swaard” vertaal. Tydens die onlangse vertaalproses van die NAV swig ook hierdie vertaling grotendeels onder die groepsdruk van bestaande vertaaltradisies, maar slaag nogtans daarin om die eerste offensiewe treë te gee op die terrein van die vertalingsproblematiek betreffende die swaard as antieke wapentuig. Dit is gedoen deur op enkele strategiese plekke by wyse van ’n voetnoot die tipe swaard waarvan in die brontekste sprake is, te spesifiseer.

1. INLEIDING

Alle vorme van kommunikasie stel hoë eise aan sowel die sender van die boodskap as die ontvangers daarvan. Dat mense mekaar binne ’n gegewe tydruimtelike, sosiohistoriese en kultureel-linguistiese konteks probleemloos verstaan, is dikwels eerder die uitsondering as die reël. In alledaagse oudiovisuele kontak met mekaar dra verskeie faktore by tot die

kompleksiteit van die kommunikasieproses – intonasie in stemtoon, spoed en pouserings, asook nieverbale lyftaal – en skep talle moontlikhede vir misverstand en wanbegrip tussen die deelnemende partye. Wanneer die kommunikasiekonteks verander word deur afstand in tyd en ruimte, sosiokulturele verskille en verskillende tale as kommunikasiemedie, wat boonop geskrewe tekste¹ in gekodeerde vorm is,² verdiep die kompleksiteit van die kommunikasieproses sodanig dat die sender en ontvanger mekaar glad nie meer kan verstaan nie. Vertalers en tolke speel ’n mediale rol en poog om die kloof tussen die sender en ontvanger van die boodskap in die kommunikasieproses te oorbrug.³ Dit vereis dat ’n vertaler besondere vaardighede en kennis van die konteks van die bronteks én die doelteks moet hê. Hoe verder die bronteks van die vertaler verwyder is, hoe moeiliker sal dit wees om daardie konteks te beheers, en kan dit daartoe lei dat ’n groter misverstand juis vanweë die bykomende middelpersoon in die kommunikasieproses ontstaan.⁴

Bybelvertaling is geen uitsondering in soverre dit ’n kommunikasieproses is nie. Vertalers van Bybeltekste bevind hulle tussen twee wyd uiteenlopende tydruimtelike, sosiokulturele en linguistiese kontekste. Wat die Makkabeërboeke betref, verg dit grondige kennis van sowel die sosiolinguistiese konteks van die voor-Christelike Hellenistiese tydvak as die sosiokulturele, politieke en religieuse konteks waarin die Makkabeërboeke tot stand gekom het.⁵ Gedurende die onlangse vertaling van hierdie deuterokanonieke boeke uit hulle antieke Griekse uitgawes in hedendaagse, verstaanbare en sinvolle Afrikaans, het hierdie kommunikasiefenomeen weer eens ’n toonbeeld geword van die omvang van die kloof tussen die antieke en huidige konteks. Een van die grootste voordele van die vertaalproses wat in hierdie Bybelvertalingsprojek gevolg is, is dat verskeie spanne by die vertaalproses betrokke was. Die konsentrasie van kundiges wat as ’n span op verskeie terreine saamgewerk het, het vakwetenskaplike debatvoering en interaksie bevorder. Vanweë hul gespesialiseerde kennis kon die vertalers enersyds krities en konstruktief daartoe bydra om die teks as boodskap beter te verstaan en andersyds om die boodskap in hedendaagse, verstaanbare Afrikaans te formuleer. Dikwels het die kundiges hulle egter ook op relatief onbekende terreine bevind. So het die vertaler van die Makkabeërboeke te staan gekom voor die onbekende uitdaging van die antieke tegnologie, meer spesifiek, van die wapentuig wat in hierdie boeke ter sprake is.

2. DIE KWALIFISERING VAN “SWAARD” AS VERTAALPROBLEEM

Hierdie bydrae het ten doel om slegs een voorbeeld van die vertaalproblematiek betreffende die wapentuig in die Makkabeërboeke onder die loep te neem, naamlik dat die onderskeie betekenis van $\rho\omicron\mu\phi\alpha\iota$, $\mu\acute{\alpha}\chi\alpha\iota\alpha$ en $\tau\omicron$ $\xi\acute{\iota}\phi\omicron\varsigma$ in die bronteks van Makkabeërs in die nuwe Afrikaanse vertaling na vore moet kom, en dat die woorde nie deurgaans met “swaard” vertaal

¹ Sien Brown (2007:13-14): “The author is the one who communicates; the text is the vehicle or act of communication; and the reader is the one who is addressed and who responds.”

² Van der Watt & Kruger (2002:139) konkludeer byvoorbeeld hieroor: “The decoding of the source text should be approached with reference to all the relevant elements that contribute to the creation of meaning.”

³ Sien byvoorbeeld House (2015); Tonkin & Frank (2010); Katan (1999); Snell-Hornby, Jettmarova & Kaindl (1995).

⁴ Hatim & Mason (1997:1) herinner vertalers aan die volgende: “The translator is, of course, both a receiver and a producer.”

⁵ Dit sluit uiteraard ook die resepsiegeskiedenis van die Makkabeërboeke in, veral soos dit gemanifesteer word op linguistiese vlak in die vorm van intertekstualiteit. Sien onder andere Steyn (2015:271-291).

moet word nie. Juis hierdie algemene term het telkens daartoe gelei dat lede van die vertaalspan spreekwoordelik swaarde gekruis het oor die voorstelling van wat 'n swaard is, of sou gewees het, asook die vertalingsekwivalent waarmee die onderskeie Griekse woorde vertaal behoort te word. Die verskeie vorme van hierdie militêre wapentuig is waarskynlik vir die gemiddelde Afrikaanssprekende persoon aan die suidpunt van Afrika in die 21e eeu redelik onbekend. Larson (1998:97) verwys na die “mismatching between the lexical items of two languages”. Hy skryf:

It is this very mismatch which is the challenge for the translator who must find the best way to communicate the meaning of the source language in a receptor language which is often very different in its lexical inventory and different in how that inventory is grouped and divided.

In Afrikaans bestaan daar slegs een generiese woord vir die konsep *swaard* en verskeie soorte swaarde moet dikwels deur addisionele woorde beskryf word. Die vertaalprobleem word op die spits gedryf deur die verskillende woorde *ῥομφαία*, *μάχαιρα*⁶ en *ξίφος* in Makkabeërs, sowel as die frekwensie van hierdie woorde in die boeke. Die belangrike vrae is: Onderskei die antieke outeur(s) doelbewus tussen hierdie terme en behoort die Bybelvertaler ook 'n onderskeid in Afrikaans te maak? Verwys die onderskeie terme dus na spesifieke soorte swaarde en is dit telkens belangrik vir die literêre konteks? Of word die terme in 'n algemene verband gebruik en is die afwisseling in wapentuigterme eerder die gevolg van 'n poging om stilistiese eentonigheid te vermy? Voorts, behoort daar in die vertaling van die terme telkens streng op die enkelvoud- en meervoudsvorme gelet te word, of dien die Griekse meervoudsvorm in die Makkabeërboeke ook soms as 'n idiomatiese versamelnaam wat deur die enkelvoudsvorm (“swaard”) van die konsep in Afrikaans vertaal sou kon word? Deur die hele vertaalproses was daar geen eenstemmigheid onder die vertalers nie – vanaf die konsepdokument van die eksegeet as die eerste vertaler tot aan die einde van die proses, toe die meerderheid van die komiteelede 'n bepaalde vertaling goedgekeur het.

Wapentuig is konteksgebonde en is deur die geskiedenis ontwerp om te voldoen aan krygers se behoeftes onder spesifieke omstandighede. Op grond hiervan het Fretz (1992:893) reg as hy meen dat “weapons cannot be understood apart from the context of warfare within which they are employed”. So is byvoorbeeld verskillende soorte swaarde vir 'n verskeidenheid gebruike in die Antieke Nabye Ooste ontwikkel. Fretz (1992:894) identifiseer onder andere die volgende:

(1) the sickle sword whose convex edge was sharp and intended for striking (Josh 10:28-39); (2) the long, straight-blade two-edged sword which could stab as well as strike the enemy (Ps 149:6); and (3) the short two-edged sword or dagger. (Judg 3:16)

Die lengte van die wapen was belangrik, aangesien dit bepaal het of die soldaat die vyand daarmee sou steek, sny of kap. Die tipe wapentuig onthul ook belangrike kontekstuele inligting oor die aard van die konfrontasie en die aanvalstrategie, asook die onderlinge verhouding tussen die aanvaller en die slagoffer.⁷ Hierdie inligting is belangrik om die konteks te verstaan

⁶ Lust (2008:661) identifiseer dieselfde vertaalprobleem in Engels en Duits as hy in 'n studie oor Esegieël opmerk: “In these matters, a comparison with LXX-Deutsch and EPL is not very useful, since *ῥομφαία* and *μάχαιρα* are translated by one and the same word, both in German and in English, respectively Schwert and sword.”

⁷ Fretz (1992:893) bied 'n kort oorsig van literatuur hieroor. Veral interessant is die werke van Maxwell-Hyslop (1946:1-65), Snodgrass (1964) en Bar-Kochva (1989).

waarin 'n bepaalde tipe swaard gebruik is, veral in die militêre konteks van die Makkabeër-boeke. Dit is dus duidelik dat daar 'n besliste onderskeid getref behoort te word tussen die verskillende Griekse terme wat in 1 en 2 Makkabeërs moontlik met “swaard” vertaal kan word.

3. DIE *ῥομφαία* AS SWAARD

3.1 'n Lang swaard met 'n breë lem as steek- of kapwapen

Die tipe swaard wat in die Griekssprekende wêreld as *ῥομφαία* bekend was, is veral deur die Trasiërs⁸ en Dasiërs gedurende die vyfde tot die derde eeu v.C. gebruik. Dit was soortgelyk aan die Romeinse “valk”, wat later deur die Romeine onder die invloed van die Grieks-Dasiese *ῥομφαία* ontwikkel is. Dit was 'n groot tipe sekelswaard met 'n steel wat byna net so lank as die lem self was. Die *ῥομφαία* was 'n lang swaard,⁹ langer as een meter, met 'n breë lem (Bar-Kochva 1989:16) wat effens geboë, of selfs reguit was. Die wapen is ontwerp om as 'n steeken kapwapen te dien.¹⁰ Die lem is geheg aan 'n steel of handvatstel wat ietwat korter as die lem self was. Die lem het normaalweg slegs een snykant gehad, alhoewel daar ook bewyse bestaan van enkele uitsonderings op hierdie reël.¹¹ Dit was 'n gevreesde wapen vanweë sy sny- of kapkrag. Op 'n reliëf in die tempel van Athena by Pergamon kan duidelik gesien word hoedat die wapen aan die regterkant van 'n soldaat se sy, in die skede agter sy rug, maar met die handvatstel binne bereik, uitsteek (Bar-Kochva 1989:575). Ook op die grafsteen van 'n Trasiese ruitersoldaat uit die tweede eeu v.C. is die skede vir die lang swaard aan sy regtersy duidelik sigbaar (Bar-Kochva 1989:576). Bar-Kochva (1989:120) beskryf die funksie van die *ῥομφαία* soos volg:

the broad, long sword – was most suitable for countering the dangerous congregation of masses of people in urban areas, being ‘demonstration dispersal’ or ‘crowd control’ equipment of a sort. At various stages of the Revolt, especially at the beginning, these mobs constituted the greatest danger to the security of the representatives of the central authorities and their henchmen in Jerusalem and other places.

Die Griekse woordeboeke weerspieël diverse betekenismoonlikhede vir *ῥομφαία*, wat uiteraard verskeie vertaalmoontlikhede ontsluit. Die etimologiese ontwikkeling van die term dui daarop dat die betekenis aanvanklik soortgelyk aan die betekenis “spies” was,¹² maar dat dit later meer algemeen op “swaard” gedui het (Kassühlke & Newman 1997:168; Arndt 1979:737), of selfs in 'n simboliese sin op oorlog.¹³ Die woord is relatief skaars in buite-Bybelse literatuur, terwyl dit meer dikwels in die Septuagint opduik.

⁸ Sien die besprekings in Bar-Kochva (1989:16), Liddell (1996:719), Arndt (1979:737), Michaelis (1964b:993-998) en Orr (1915:252).

⁹ Sien byvoorbeeld Michaelis (1964b:993): “*ῥομφαία* is obviously a larger sword”. Ook ander bevestig die beskrywing: Matson (2018:470), Liddell (1996:719), Arndt (1979:737) en Orr (1915:252).

¹⁰ Sien Matson (2018:470).

¹¹ Sien byvoorbeeld LXX Ps 149:6, waar daar sprake is van *ῥομφαῖαι δίστομοι*; Sir 21:3, wat verwys na *ῥομφαία δίστομος*, asook Openbaring 2:12, waar daar verwys word na die *ῥομφαία* as “'n skerp en tweesnydende swaard” (*δίστομος καὶ ὀξεῖα*).

¹² Michaelis (1964:994) is van mening dat “the way these Thracian *ῥομφαῖαι* were carried it would seem that they were lances, spears, or javelins, not swords...” Orr (1915:252) maak 'n soortgelyke opmerking.

¹³ Soos byvoorbeeld Jeremia 51 (LXX 44):18 volgens Lust, Eynikel & Hauspie (2003). Sien ook Semantiese Domein 55.6 in Louw & Nida (1996:217-218).

3.2 ῥομφαία in 1-2 Makkabeërs en vertaaltendense

Die term ῥομφαία word dertien keer in 1 en 2 Makkabeërs gebruik, maar kom slegs twee keer in 2 Makkabeërs voor. Dit word op die volgende plekke aangetref: 1 Makkabeërs 2:9, 3:3, 4:15, 4:33, 5:28, 5:51, 7:38, 7:46, 8:23, 9:73 en 12:48; asook 2 Makk 15:15, 16. Die term ῥομφαία in 1 en 2 Makkabeërs kom voor in die konteks van die oorloë en veldslae tussen die Judeërs aan die een kant en die Seleukiede en Ptolemeërs aan die ander.

Die meeste bekende Engelse vertalings van die deuterokanonieke boeke verkies om die term ῥομφαία oral waar dit in 1 en 2 Makkabeërs voorkom, generies met “sword” te vertaal. Dit sluit die *Apocrypha: King James Version* (KJV)¹⁴ en *New Revised Standard Version* (NRSV)¹⁵ in, asook Charles (1913) se ou bekende werk, *Apocrypha of the Old Testament*. Selfs die *New English Translation of the Septuagint* (NETS) (Pietersma & Wright 2007) volg dieselfde generiese patroon en vertaal die term ῥομφαία oral as “sword”. Die tendens blyk ook duidelik uit Doran (2012:287) se kommentaar op 2 Makkabeërs in die Hermeneia-reeks.

Onder die Duitse vertalings van die deuterokanonieke boeke leef die tendens voort om ῥομφαία deurgaans in 1 en 2 Makkabeërs generies met “Schwert” te vertaal. Dit sluit die kommentaar van Tilly (2015) op 1 Makkabeërs in, asook die *Septuaginta Deutsch* (LXX.D) (Kraus & Karrer 2009), die *Einheitsübersetzung 2016* (EÜ2016)¹⁶ en die *Lutherbibel 2017* (LB2017).¹⁷ In twee gevalle het die LB2017 die term egter anders vertaal, te wete in 1 Makkabeërs 2:9 (“die jungen Männer sind von den Feinden *erstochen*”) en in 1 Makkabeërs 5:51 (“Und er ließ alles, was männlich war, *erstechen*”), met die klem eerder op die handeling as op die instrument self. Die EÜ2016 het in ’n enkele geval gekies om ῥομφαία in figuurlike sin met “wapens” – soos in “wapenstilstand” – te vertaal (sien 1 Makk. 9:73 – “Darauf ruhten in Israel die *Waffen*”). Dit is opvallend dat daar geen verklarende aantekeninge by enigeen van hierdie verwysings in die *Septuaginta Deutsch – Erläuterungen und Kommentare* (Karrer & Kraus 2011) aangebied word waar ῥομφαία in Makkabeërs voorkom nie.

Die *1933/53-Bybelvertaling met die Deuterokanonieke boeke* (AFR53DK)¹⁸ het dieselfde tendens gevolg as die Engelse en Duitse vertalings hierbo deur ῥομφαία konsekwent generies as “swaard” te vertaal. Andersyds poog die populêre, vrye Afrikaanse vertaling van die *Apokriewe* (Van der Watt & Tolmie 2005) om telkens eerder die algemene strekking van die teks in parafrasevorm te kommunikeer as om brontaalgetrou ’n letterlike vertaling aan te bied. Dit lei dikwels tot die formulering van algemene stellings oor spesifieke gebeure, sonder om noodwendig die gedetailleerde, feitlike verloop daarvan te omskryf. Voorbeelde in 1 Makkabeërs is: “Die stadigstes is doodgemaak” (4:15); “hulle het al die mans doodgemaak” (5:51); en “hulle het al die soldate doodgemaak” (12:48). Daar is geen verwysing na ῥομφαία in die bronteks as wapentuig of aanvalstrategie nie, terwyl daar wel in 2:9, 5:28 en 7:38, 46 ten regte gespesifiseer word dat die mans “met swaarde” doodgemaak word, ongeag watter tipe swaard of watter soort aanvalstrategie ter sprake was. In 1 Makkabeërs 8:23 (nou vers 24) word ῥομφαία in figuurlike sin geïnterpreteer en generies as “oorlog” vertaal. Hierdie interpretasie loop uit op die volgende parafrase van 1 Makkabeërs 9:73: “Dit was die einde van hierdie periode van oorlog in Israel” vir die bronteks se ῥομφαία wat in Israel “tot rus gekom het”.

¹⁴ Sien Bible (1995) in Bibliografie vir bibliografiese besonderhede.

¹⁵ Sien Bible (2001) in Bibliografie vir bibliografiese besonderhede.

¹⁶ Sien Bibel (2016) in Bibliografie vir bibliografiese besonderhede.

¹⁷ Sien Bibel (2017) in Bibliografie vir bibliografiese besonderhede.

¹⁸ Sien Bybel (1998) in Bibliografie vir bibliografiese besonderhede.

3.3 Die Afrikaanse Bybelvertaling (ABV) se vertaalbesluit oor ῥομφαία

Tydens die vertaalproses van die ABV en die bewuswording van die verskeidenheid van Griekse terme wat met “swaard” vertaal kan word, asook die onderlinge verskille in die vorm van die wapentuig en aanvalstrategieë, moes die Redaksionele Komitee oor die Deutero-kanonieke Boeke besluit hoe om ῥομφαία in Afrikaans weer te gee. Uiteindelik het hulle besluit om in die ABV slegs in voetnote by 1 Makkabeërs 2:9 en 4:15 aan te dui dat dit hier oor ’n “lang swaard” handel. Die meerderheid van die komiteedele het die soort spesifisering in die ander gevalle oorbodig geag.

4. DIE μάχαιρα AS SWAARD

4.1 ’n Kort snyswaard as sny- of steekwapen

Die Griekse swaard wat as ’n μάχαιρα bekend was, is aanvanklik deur die Griekse digter Homeros as ’n groot huishoudelike tipe kerfmes beskou. Later in die antieke Griekse literatuur word dit dikwels met ’n groot vleismes geïdentifiseer (Liddell 1996:489). Tydens die term se etimologiese ontwikkeling verkry dit ’n redelik wye betekenis, sodat dit mettertyd as algemene term vir amper elke soort mes of swaard kon dien – selfs vir ’n chirurg se skalpel.¹⁹ In die antieke krygskonteks verwys dit egter na ’n wapen (Michaelis 1964a:524-527), dikwels in die vorm van ’n kort swaard of dolk (ongeveer 41 cm)²⁰ waarvan die lem eensnykantig was, met die snykant effens krom en aan die rugkant gelyk.²¹ Dit was ontwerp om as ’n snywapen eerder as ’n steekwapen te dien. Meer gespesifiseerde navorsing oor die oorlogskonteks van die Makkabeërs dui daarop dat, tydens die eerste fase van die Makkabeëropstand, sommige Joodse eenhede toegerus is met skilde en swaarde soortgelyk aan dié van die Trasiërs en Skitiërs. Bar-Kochva (1989:68-69) skryf:

With that equipment it was possible to carry out bold attacks against semi-heavy forces, including cavalry. Nevertheless, it was not enough to make possible a frontal battle on level terrain against heavy troops who with their long pikes could easily prevent the Jews from engaging in hand-to-hand combat.

So brei ook die antieke Griekse geskiedskrywer Polibius (ca. 200-118 v.C.) byvoorbeeld uit oor die swaard (μάχαιρα) van die Galliërs (Γαλάται), ’n Keltiese (Κελτοί) groep, in gevegte teen die Romeine. Hy skryf:

αἱ τε μάχαιραι ταῖς κατασκευαῖς, καθάπερ εἴρηται πρότερον, μίαν ἔχουσι τὴν πρώτην καταφορὰν καιρίαν, ἀπὸ δὲ ταύτης εὐθέως ἀποξυστροῦνται, καμπτόμεναι κατὰ μῆκος καὶ κατὰ πλάτος ἐπὶ τοσοῦτον ὥστ’ ἐὰν μὴ δῶ τις ἀναστροφὴν τοῖς χρωμένοις ἐρείσαντας πρὸς τὴν γῆν ἀπευθῶναι τῷ ποδί, τελέως ἄπρακτον εἶναι τὴν δευτέραν πληγὴν αὐτῶν (*Historiae* 2.33.3).²²

¹⁹ Dit is een van die interpretasiemoontlikhede van Hebreërs 4:12.

²⁰ Vergelyk Rigters 3:16, asook die beskrywings van Matson (2018:470), Lust, Eynikel & Hauspie (2003), Liddell (1996:489), Michaelis (1964:524-527) en Windisch (1909).

²¹ Soos met die ῥομφαία, is daar ook met die μάχαιρα uitsonderings op die reël met enkele verwysings na ’n tweesnydende swaard (μάχαιρα δίστομος) in die literatuur. Sien ook Rigters 3:16, Spreuke 5:4 en Hebreërs 4:12.

²² Teks en vertaling deur Paton (2010) en Büttner-Wobst & Dindorf (1893).

Teen die agtergrond van hierdie kennis was die strategie van die Romeine om hulle spiesdraers vanaf die derde linie (Triarii – τριάρσιοι) na die voorste linie te verskuif. Wanneer die Kelte in 'n aanval teen die spiese weerstand moes bied, het hulle hul μάχαιρα onbruikbaar gebuig. Die opdrag aan die voorste linies (Hastati – πρόται) van die Romeine was om eers nadat hulle hul spiese ontplooi het, hul swaarde (τὰ ξίφη) in die agtervolging van die Kelte te gebruik (*Historiae* 2.33.4). Die onderskeid tussen die soorte swaarde as die wapentuig van verskillende groepe, asook die kwaliteit en funksie daarvan, kom hieruit duidelik na vore.

Uit Polibius se verdere beskrywing wil dit voorkom asof die Kelte se swaarde (μάχαιρα) en die Romeine se swaarde (μάχαιρα) in hierdie veldslag duidelik van mekaar verskil het. Polibius beskryf die onderskeid soos volg: Nadat die Galliërs (Kelte) hulle swaarde (αἱ μαχαίραι) onbruikbaar teen die spiesstele van die Romeine geslaan het, was hulle magteloos en nie meer in staat om met kaphoue aan te val nie. Kaphoue was volgens Polibius die enigste bekende aanvalshou onder die Galliërs. Die rede wat aangevoer word, is dat die swaard, of lem (τὸ ξίφος), geen skerpe punt gehad het nie. Die Romeine se swaarde (αἱ μαχαίραι), daarenteen, het skerpe punte gehad en kon effektief gebruik word om die vyand herhaaldelik in die bors of gesig te steek (*Historiae* 2.33.5-6).

Een van die spesifieke verdere funksies van die μάχαιρα was om dit as offermes (Lust, Eynickel & Hauspie 2003)²³ of slagswaard te gebruik. Verskeie groottes en vorme van μάχαιρα was in omloop. Dit was streeksbepaald en nie noodwendig suiwer Grieks van aard nie. Gewelddadige dood tydens oorloë of vervolging kom dikwels in die Bybelse literatuur voor deur die μάχαιρα as wapen te gebruik.²⁴

4.2 μάχαιρα in 1-2 Makkabeërs en vertaaltendense

Die term μάχαιρα word vier keer in die Makkabeërboeke gebruik, drie keer in 1 Makkabeërs en slegs een keer in 2 Makkabeërs. Dit word in die volgende verse aangetref: 1 Makkabeërs 3:12, 4:6, 10:85 en 2 Makkabeërs 5:2-3. Alhoewel die konteks waarin die term μάχαιρα gebruik word in 1 en 2 Makkabeërs eweneens dié van oorlog is, word die indruk hier geskep dat die konfrontasie van aangesig tot aangesig plaasvind. In 1 Makkabeërs 3:12 neem Judas die persoonlike wapen (μάχαιρα) van Apollonius en gebruik dit as sy eie persoonlike wapen vir die res van sy lewe.²⁵ In 1 Makkabeërs 4:6 gaan dit oor die persoonlike wapentoerusting van die individuele soldate van die vyand, naamlik oor harnasse en μάχαιραν, waarvoor Judas se manskappe nie beskik het nie. In 2 Makkabeërs 5:2-3 handel dit oor 'n bonatuurlike verskynsel waarin perderuiters met goue klere deur die lug jaag terwyl hulle bewapen is met lanse en ontblote μαχαίρων. Die frekwensie van die term μάχαιρα is slegs eenderde van dié van die term ῥομφαία in hierdie twee Makkabeërboeke. Die frekwensie én die spesifieke konteks van 1 Makkabeërs 3:12, 4:6²⁶ en 2 Makkabeërs 5:2-3 skep die indruk dat μάχαιρα waarskynlik 'n handwapen was wat in die Makkabeërtyd nie algemeen onder die Judeërs in gebruik was nie.

²³ Sien byvoorbeeld Genesis 22:6, 10. Hierdie moontlikheid word ook in die interpretasie van Hebreërs 4:12 oorweeg.

²⁴ Sien byvoorbeeld Genesis 31:26, 1 Konings 19:1 (Heb. 11:34), 1 Konings 19:10, Jeremia 26:23 (Heb. 11:37), Romeine 8:35, Matteus 10:34, Sib. Or. 8, 120, asook Kassühlke en Newman (1997:118), Arndt (1979:496) en Michaelis (1964:524-527).

²⁵ Die ooreenkoms met 1 Samuel (1 Kon. LXX) 17:51 en 21:10 is algemeen bekend. In die bestaande LXX-weergawes neem David egter Goliat se ῥομφαία.

²⁶ Bar-Kochva (1989:68) konkludeer presies dieselfde aan die hand van 1 Makkabeërs 4:6.

Soos in die geval van ῥομφαία, kies die meeste bekende Engelse vertalings van die deuterokanonieke boeke om die term μάχαιρα deurgaans in al vier gevalle (1 Makk. 3:12; 4:6; 10:85; 2 Makk. 5:2-3) met die generiese term “sword” te vertaal. Dit sluit weer eens die KJV en NRSV in, asook Charles (1913) se *Apocrypha of the Old Testament*. Dieselfde geld vir Doran (2012:287) se Hermeneia-kommentaar op 2 Makkabeërs, waarin μάχαιρα ook generies met “sword” vertaal is. NETS is hier egter meer gediversifiseer en vertaal die term μάχαιρα in 1 Makkabeërs met “dagger”, hoewel die woord deurgaans gebruik word, terwyl dit in die enkele voorkoms van 2 Makkabeërs onvertaald gelaat of omseil word.

Dieselfde tendens, soos in die geval van ῥομφαία, is waarneembaar in die Duitse vertalings van μάχαιρα in 1 en 2 Makkabeërs. Ook hier word die term konsekwent en generies met “Schwert” vertaal in die kommentaar van Tilly (2015) op 1 Makkabeërs, asook in die LXX.D (Kraus & Karrer 2009). Geen verklarende aantekeninge word aangebied in die *Erläuterungen und Kommentare* (Karrer & Kraus 2011) van die *Septuaginta Deutsch* by enige van die tekste waar μάχαιρα in 1-2 Makkabeërs voorkom nie. Met die uitsondering van 1 Makkabeërs 4:6 (waar die term generies met gewapen [“bewaffnet”] vertaal word), volg die EÜ2016 en die LB2017 albei die gebruik om μάχαιρα met “Schwert” te vertaal. Hierbenewens toon die LB2017 verdere diversifisering deur ook in die geval van 1 Makkabeërs 10:85 eerder generies te verwys na “die Zahl der Erschlagenen” as letterlik na “die Anzahl der durch das Schwert Gefallenen”, soos in die geval van die LXX.D.

Die 1933/53 *Afrikaanse Bybelvertaling met die Deuterokanonieke boeke* (AFR53DK) volg ook hier dieselfde tendens as die Engelse en Duitse vertalings, deur μάχαιρα konsekwent generies met “swaard” te vertaal en dit nie van die term ῥομφαία te onderskei nie. Getrou aan die parafraserende karakter van die Afrikaanse *Apokriewe*, word μάχαιρα ook (soos in die geval van ῥομφαία) in 1 Makkabeërs 10:85 figuurlik geïnterpreteer en generies vertaal met “wat in die oorlog dood is”, sonder enige verwysing na μάχαιρα as ’n wapentuig of ’n spesifieke aanvalstrategie. Die vermelding in die bronteks van 1 Makkabeërs 4:6 dat “hulle nie beskik het oor die harnasse en swaarde (μαχαίραι) wat hulle nodig gehad het nie,” word in die *Apokriewe* soos volg geparafraseer: “Hulle het egter nie al *die wapens* gehad wat hulle graag sou wou hê nie.”

4.3 Die ABV se vertaalbesluit oor μάχαιρα

Ten spyte daarvan dat die ABV se Redaksionele Komitee oor die Deuterokanonieke Boeke kennis geneem het van verskeie Griekse terme vir “swaard”, word daar onder die meerderheidsdruk van bestaande vertalings besluit om μάχαιρα konsekwent steeds generies met “swaard” te vertaal, sonder om te spesifiseer van watter tipe wapentuig of aanvalstrategie hier telkens sprake sou wees.

5. DIE ξίφος AS SWAARD

5.1 ’n Kort steekswaard of dolk

Die ξίφος was ’n kort steekswaard (Woodhouse 1910:849-850) of dolk, met ’n smal tweesnydende lem en besondere skerp punt. Die term ξίφος word dikwels generies in Aeoliese of Attiese Grieks vir ’n swaard gebruik (Liddell 1996:540). Dit is veral in man-teen-man-gevegte gebruik. Die term ξίφος word soms in die leksikale kategorieë van woordeboeke metafories verstaan (Woodhouse 1910:849-850). In LXX Josua duik dit veral in Josua 10 op (Jos. 10:28, 30, 32, 33, 35) (Lust, Eynikel & Hauspie 2003).

5.2 ξίφος in 1-2 Makkabeërs en vertaaltendense

Die term ξίφος word nie in 1 Makkabeërs gebruik nie en kom slegs twee keer voor in 2 Makkabeërs, naamlik 2 Makkabeërs 12:22 en 14:41. Dat dit in hierdie twee gevalle van ξίφος oor 'n kort steekswaard of dolk as persoonlike wapen handel, word algaande duidelik. In 2 Makkabeërs 12:22 handel dit oor die wapentuig van Judas Makkabeus se vyand. Wanneer die vyand by Karnion op die vlug slaan, word hierdie vyand dikwels deur hulle eie manne beseer en deur die punte van hulle eie ξίφῶν deurboor. In 2 Makkabeërs 14:41 word berig oor die selfdood van Razis, een van die oudstes van Jerusalem met die bynaam “Vader van die Judeërs”. Nikanor het soldate gestuur om Razis te arresteer. Hy het in 'n toring geskuil, en terwyl hy van alle kante deur Nikanor se soldate omsingel was, het hy sy eie lewe geneem deur homself met sy eie ξίφος te deurboor.

'n Interessante geval van ξίφος kom voor in enkele variante lesings van 1 Makkabeërs 6:46. Hier gebruik Eleasar 'n ξίφος om onder die olifant die dier se maag te deurboor. Die teksgetuies wat hierdie lesing ondersteun, is onder andere die Lukiaanse LXX-weergawe, twee minuskelmanuskripte, asook sommige manuskripte van die Oud-Latynse vertaling en die Siriese vertaling. Die vermoede is dat dit hier moontlik oor 'n glos handel, met moontlike inspelings op die Hebreëuse teks van Rigters 3:21 (Bar-Kochva 1989:336).

Onder die Engelse vertalings van die deuterokanonieke boeke kies Charles (1913) se *Apocrypha of the Old Testament*, asook Doran (2012:287) se Hermeneia-kommentaar op 2 Makkabeërs, deurgaans die generiese vertaling “sword” vir ξίφος, soos wat dikwels die geval is met ῥομφαία en μάχαιρα. Geen onderskeid in die aard van wapentuig of aanvalstrategie word hier verreken nie. Dieselfde tendens geld ook vir die vertalings van die KJV en die NRSV. Soos reeds in die geval van 'n vorige voorbeeld, is NETS ook hier ietwat meer gediversifiseer en vertaal die term ξίφος in 2 Makkabeërs konsekwent met “rapier”, wat as 'n tweesnydende swaard met 'n smal lem verstaan word.

Onder die Duitse vertalings kies sowel die LB2017, as die EÜ2016 en die LXX.D (Kraus & Karrer 2009), konsekwent die generiese vertaling van “Schwert” vir ξίφος in 2 Makkabeërs. Voorts word ook geen verklarende aantekeninge aangebied by enige van hierdie verwysings waar ξίφος in 2 Makkabeërs in die *Septuaginta Deutsch – Erläuterungen und Kommentare* (Karrer & Kraus 2011) voorkom nie.

Onder die Afrikaanse Bybelvertalings volg sowel die AFR53DK as die Afrikaanse *Apokriewe* (Van der Watt & Tolmie 2005) konsekwent die generiese vertaling “swaard” vir die term ξίφος in 2 Makkabeërs, sonder om aan te dui of dit 'n wapentuig of aanvalstrategie was.

5.3 Die ABV se vertaalbesluit oor ξίφος

Soos in die geval van die vorige twee terme (ῥομφαία en μάχαιρα) vir die swaard as wapentuig, het die ABV se Redaksionele Komitee ook hier onder die meerderheidsdruk van bestaande vertalings besluit om ξίφος in albei gevalle in 2 Makkabeërs generies met “swaard” te vertaal, sonder om te spesifiseer van watter tipe wapentuig of aanvalstrategie daar telkens sprake was.

6. KONKLUSIE

Dit is duidelik uit die bostaande ondersoek dat die oorlog – metafories gesproke – oor die vertaling van die terme ῥομφαία, μάχαιρα en ξίφος in die praktyk van Bybelvertaling nog lank nie verby is nie. Die NAV tel onder verskeie vertalings (minstens in Engelse en Duitse

vertaaltradisies) waarin die weg van die minste weerstand gevolg is, deur alle soorte antieke swaarde uit die Hellenistiese tydvak saam te bondel en gewoon generies met “swaard” te vertaal. Die groepsdruk van ander bestaande Bybelvertalings, waaronder ook die NAV, uiteindelik grotendeels geswig het, laat duidelik blyk hoedat hedendaagse Bybelvertalings – hoe bronteksgetrou hulle ook al probeer wees – moeilik uit die greep van die vertaaltradisie as metakonteks kan ontsnap. Ten spyte van die tradisieoormag het die NAV nietemin daarin geslaag om die eerste offensiewe treë te gee op die terrein van die vertaalproblematiek betreffende die swaard as antieke wapentuig. Dit is gedoen deur op enkele strategiese plekke by wyse van ’n voetnoot die tipe swaard waarvan in die bronteksts sprake is, te spesifiseer.

BIBLIOGRAFIE

- Arndt, W. 1979. *A Greek-English Lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. Chicago: University of Chicago Press.
- Bar-Kochva, B. 1989. *Judas Maccabeus: The Jewish struggle against the Seleucids*. Cambridge: University Press.
- Bibel. 2016. *Einheitsübersetzung: Altes und Neues Testament*. Stuttgart: Katholische Bibelanstalt.
- Bibel. 2017. *Die Bibel nach Martin Luthers Übersetzung (rev. mit Lemmatisierung)*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Bible. 1995. *Apocrypha: King James Version*. Bellingham: Logos Research Systems.
- Bible. 2001. *New revised standard version: Catholic edition*. Nashville, TN: Liturgical Press.
- Brown, J.K. 2007. *Scripture as communication*. Grand Rapids, MI: Baker Academic.
- Büttner-Wobst, T. & Dindorf, L. 1893. *Polybius: Historiae*. Medford: Teubner.
- Bybel. 1998. *Die Bybel met Deuterokanonieke boeke: Afrikaans 1933/1953-weergawe*. Roggebaai: Bybelgenootskap van Suid Afrika.
- Charles, R.H. (ed.). 1913. *Apocrypha of the Old Testament*. Oxford: Clarendon Press.
- Doran, R. 2012. *2 Maccabees: A critical commentary*. Minneapolis, MN: Fortress Press. (Hermeneia).
- Fretz, M.J. 1992. Weapons and implements of warfare. In Freedman, D.N. (ed.). *The Anchor Yale Bible dictionary*. New York, NY: Doubleday, p. 893.
- Hatin, B. & Mason, I. 1997. *The translator as communicator*. London: Routledge.
- House, J. 2015. *Translation as communication across languages and cultures*. New York, NY: Routledge.
- Karrer, M. & Kraus, W. (eds). 2011. *Septuaginta Deutsch: Erläuterungen und Kommentare*, Bd. 1. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Kassühlke, R. & Newman, B.M. 1997. *Kleines Wörterbuch zum Neuen Testament: Griechisch-Deutsch*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Katan, D. 1999. *Translating cultures: An introduction for translators, interpreters and mediators*. Manchester: St. Jerome.
- Kraus, W. & Karrer, M. (Hgs.). 2009. *Septuaginta Deutsch: Das griechische Alte Testament in Deutscher Übersetzung*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Larson, M.L. 1998. *Meaning-based translation: A guide to cross-language equivalence*. New York, NY: University Press of America.
- Liddell, H.G. 1996. *A Lexicon: Abridged from Liddell and Scott's Greek-English Lexicon*. Oak Harbor, WA: Logos Research Systems.
- Louw, J.P. & Nida, E.A. 1996. *Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains*. New York, NY: United Bible Societies.
- Lust, J., Eynikel, E. & Hauspie, K. 2003. *A Greek-English lexicon of the Septuagint* (rev. ed.). Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.
- Lust, J. 2008. Multiple translators in LXX-Ezekiel? In Karrer, M. & Kraus, W. (Hgs.). *Die Septuaginta: Texte, Kontexte, Lebenswelten*. Tübingen: Mohr-Siebeck, pp. 654-669.
- Matson, D.L. 2018. Double-Edged: The Meaning of the two swords in Luke 22:35-38. *Journal of Biblical Literature* 137(2):463-480.

- Maxwell-Hyslop, R. 1946. Daggers and swords in Western Asia: A study from prehistoric times to 600 B.C. *Iraq* 8:1-65.
- Michaelis, W. 1964a. *Μάχαιρα*. In Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G. (eds). *Theological dictionary of the New Testament*. Grand Rapids, MI: Eerdmans, pp. 524-527.
- Michaelis, W. 1964b. *ῥομφαία*. In Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G. (eds). *Theological dictionary of the New Testament*. Grand Rapids, MI: Eerdmans, pp. 993-998.
- Orr, J. 1915. Armor. In Orr, J. (ed.). *International standard Bible encyclopedia*, vol. 1. Chicago: Howard-Severance Company, pp. 251-254.
- Paton, W.R. 2010. *Polybius: The Histories*, Books 1-2. Harvard: University Press. (Loeb classical library, 128).
- Pieterse, A. & Wright, B.G. (eds). 2007. *A New English translation of the Septuagint*. New York, NY: Oxford University Press.
- Snell-Hornby, M., Jettmarova, Z. & Kaindl, K. (eds). 1995. *Translation as intercultural communication*. Amsterdam: John Benjamins.
- Snodgrass, A. 1964. *Early Greek armour and weapons from the end of the Bronze Age to 600 B.C.* Edinburgh: University Press.
- Steyn, G.J. 2015. The Maccabean literature and Hebrews: Some intertextual observations. *Journal for Semitics*, 24(1):271-291.
- Tilly, M. 2015. *1 Makkabäer*. Freiburg: Herder. (Herders Theologischer Kommentar zum Neuen Testament).
- Tonkin, H. & Frank, M.E. (eds). 2010. *The translator as mediator of cultures*. Amsterdam: John Benjamins.
- Van der Watt, J.G. & Kruger, Y. 2002. Some considerations on Bible translation as complex process. In Naudé, J.A. & Van der Merwe, C.J.H. (eds). *Contemporary translation studies and Bible translation: A South African perspective*. Bloemfontein: University of the Free State, pp. 118-139. (Acta Theologica Supplementum, 2).
- Van der Watt, J.G. & Tolmie, F. 2005. *Apokriewe, Ou en Nuwe Testament: Verlore boeke uit die Bybelse tyd*. Vereeniging: CUM.
- Windisch, H. 1909. *Der messianische Krieg und das Urchristentum*. Tübingen: Mohr-Siebeck.
- Woodhouse, S.C. 1910. *English-Greek dictionary: A vocabulary of the Attic language*. London: George Routledge.

Die derde Afrikaanse Kerkbybel: Proses en praktyk van 'n direkte vertaling

The third Afrikaans church Bible: Processes and practices of a direct translation

KAREN DE WET

Vakgroep Afrikaans

Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek

Universiteit van Johannesburg

Johannesburg

Suid-Afrika

E-posadres: kdewet@uj.ac.za



Karen de Wet

KAREN DE WET is dosent in die Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Johannesburg en voorsitter van die UJ-pryse vir Afrikaans. Vir die vertaalprojek vir die direkte vertaling van *Die Bybel (2020)* dien sy op die loodskomitee, die begeleidingskomitee, die onderskeie redaksionele komitees van die Ou Testament, Nuwe Testament en Deuterokanonieke boeke, en as voorsitter van die Literêre Advieskomitee. Sy was ook lid van die *Liedboek van die kerk (2001)* se Gesangekommissie en tree op as poësierektor vir die ontwikkeling van manuskripte.

KAREN DE WET teaches Afrikaans literature at the University of Johannesburg and is chair of the UJ prizes for Afrikaans literature. During the translation project for the direct translation of the Bible in Afrikaans, she served in the pilot committee, the *begeleidingskomitee* (committee responsible for policy and executive matters) and the three editorial committees for respectively the Old and New Testaments and the Deuterocanonical Books. She also holds extensive experience as poetry editor.

ABSTRACT

The third Afrikaans church Bible: Processes and practices of a direct translation

This article deals with the Bible translation project that produced the third Afrikaans authorised version or church Bible, Die Bybel (2020). The introduction provides a general orientation, by relating the origin of the translation to a request made in 2004 by churches using Afrikaans in their sermons. This request was directed via KABA, the Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans (the Church Advisory Committee for the Bible in Afrikaans) to the Bible Society of South Africa (BSA), for a Bible in Afrikaans that could be used as a church Bible, and also for edification and personal use. When the BSA agreed (in 2005) to have a third Afrikaans church Bible translated, the decision was informed by a range of reasons/factors. These included (1) advances and developments in translation studies, specifically Bible translation, and (2) research related to the source languages of the Bible, the fields of archaeology and anthropology, and subjects such as the identification and nomenclature of fauna and flora and precious stones in the Bible.

Datums:

Ontvang: 2020-04-23

Goedgekeur: 2020-07-21

Gepubliseer: Desember 2020

The planning phase of the project was managed by a pilot committee, referred to as the loodskomitee, tasked with matters such as formulating the translation brief, planning the phases of the project, identifying and appointing team members for the translation teams of interdisciplinary experts (source-language experts, exegetes, Bible scientists, translation scholars, and Afrikaans language and literature specialists), organising conferences and work sessions for team members (providing training in line with the nature of the proposed translation, as well as in the use of the software selected, Paratext), and compiling a workbook that would be used to record approaches and decisions relating to the translation. At the end of the planning phase, the pilot committee handed matters over to the BSA-appointed executive committee (the begeleidingskomitee, or oversight committee), who would oversee the project. The article firstly discusses the consultations between the executive committee and a representative of the recently published (2004) Nieuwe Bijbelvertaling (NBV), an authorised Dutch translation. Specific similarities and also some differences between the Afrikaans and the Dutch projects are covered. This also serves to emphasize the focus on a direct translation, that is, as close as possible to the source texts, but at the same time in a style and language appropriate in the target language.

The next part of the article describes the actual process of translation. This was executed by one interdisciplinary translation team per Bible book. In the first round, the team consisted of four people (made up of exegetes, source-language experts, translation scholars), and in the second, the further input of both an Afrikaans language and a literature specialist was obtained, before the project progressed through the other phases. Special mention is made of the phases in which the editorial committees, one each for the Old Testament, the New Testament and Deuterocanonical Books, were involved, and the nature of their contributions to the translation is pointed out.

Whereas the first part of the article describes and discusses the rationale, aims, nature and process of the translation project leading to the publication of the third Afrikaans church Bible, the last part of the article is dedicated to those aspects of Die Bybel (2020) that can be regarded as unique – especially with respect to Afrikaans church Bibles. These include interdisciplinary and interdenominational collaboration, the inclusion of women as contributors and translation scholars, the focus on making the translation suitable for oral reading, in keeping with the orality of the source text and being adaptable for liturgical use, as well as the creation of a so-called “complex translation” (Naudé 2019), or “thick translation” (Appiah in Van der Merwe 2016), by creating a paratext. Headings and footnotes, and their contribution towards creating a lucid and informative translation, are discussed as a case in point.

The article concludes that Die Bybel (2020) is unique as an Afrikaans church Bible and that it has the necessary characteristics to take its place in the emerging new generation of Bible translations, as defined by Naudé (2005).

KEYWORDS: Afrikaans Bible translation, Bible translation, *Die Bybel (2020)*, church Bible, authorised version, study Bible, direct translation, *domestication* in translation, *foreignization* in translation, source-language orientated, target-language orientated, paratext, footnotes

TREFWOORDE: Afrikaanse Bybelvertaling, Bybelvertaling, *Die Bybel (2020)*, Kerkbybel, Studiebybel, direkte vertaling, eksotiserende, vertaling, bronteksgeoriënteer, doeltaalgerig, vertaalopdrag, parateks, alteriteit, voetnote

OPSOMMING

Die vertaalprojek van die derde Afrikaanse Kerkbybel, *Die Bybel (2020)*, word in hierdie artikel in oënskou geneem. Die aanvang van die projek (die versoek om ’n vertaling, die werk van die loodskomitee) word beskryf en ook die uitgangspunte wat die vertaalpraktik sou oriënteer (die vertaalopdrag, ’n direkte vertaling wat brontekstegeoriënteer en doeltaalgerig is). In hierdie verband word ooreenkomste en verskille beskou tussen die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek en dié van die *NBV (Nieuwe Bijbelvertaling)* wat in 2004 gepubliseer is, net toe die projek vir ’n direkte vertaling van die Bybel in Afrikaans ’n aanvang geneem het. Die basiese uitgangspunte wat die vertaalprojek gerig het, soos die ononderhandelbare strewende na ’n brontekstegeoriënteerde vertaling wat terselfdertyd doeltaalgerig is, word beskryf.

Ook die proses van die vertaalpraktik word beskryf met verwysing na die organisering en werk van interdissiplinêre vertaalspanne (boekspanne), die verskillende fases deur die verloop van die projek, en ook die werk van die eindredaksies (die redaksionele komitees).

Sowel die aard van die vertaling as die proses waarvolgens dit verloop het, het bygedra daartoe dat *Die Bybel (2020)* beskryf kan word as nie net uniek onder Afrikaanse Kerkbybels nie, maar ook as deel van die sogenaamde nuwe generasie Bybelvertalings. In die afdeling oor die unieke kenmerke van *Die Bybel (2020)* word dit toegelig met verwysing na interdissiplinêre boekspanne, interkerklike samewerking, vrouemedewerkers, intravertalers, die strewende na die skep van ’n vertaling wat as luistertekste slaag, en ook die gebruik van newetekste (inleidings, opskrifte, kruisverwysings, woordelysinskrywings, voetnote, kaarte en illustrasies).

Die artikel sluit af met ’n aanduiding van die omvang van ’n projek van 15 jaar en die verwagting van die bekendstelling van *Die Bybel (2020)* in November 2020.

1. INLEIDING: AANLOOP TOT DIE VERTAALPROJEK

Aan die einde van 2004¹ rig die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans (KABA) ’n goed gemotiveerde² versoek aan die BSA (Bybelgenootskap van Suid-Afrika) vir ’n nuwe Kerkbybel, ’n nuwe “authorised version” (Snyman 2014), van die Bybel in Afrikaans. Die versoek vir ’n nuwe Afrikaanse Kerkbybel word gerig in opdrag van kerke in Suid-Afrika wat Afrikaans in hul eredienste gebruik, terwyl waarnemers van kerke in Namibië wat Afrikaans gebruik op hulle versoek ingesluit is. Later sal die versoek geanaliseer en verfyn word as die behoefte aan ’n Bybel wat gebruik kan word in kerke, en vir onderrig, voorlees, selflees en Bybelstudie, aangebied in “goed verstaanbare” Afrikaans, en uiteindelik só in die vertaalopdrag opgeneem word:

Skep ’n goed verstaanbare, brontekstegeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.³

¹ Beskikbaar op die amptelike webblad vir die 2020-vertaling by http://www.nuwekerkbybel.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=58&Itemid=66 [6 April 2020] Kyk ook Combrink (2014a). Combrink (2014b) noem voorts dat hierdie versoek histories voorafgegaan is deur ’n versoek wat reeds in 1997 gerig is, maar vir ’n “konkordante vertaling”.

² Combrink (Wiese & Combrink 2012) verwys na “deeglike akademiese en marknavorsing, proefvertalings en omvattende besprekings” wat die versoek voorafgegaan het en onderlê. Van der Merwe (2012) beskryf die akademiese navorsing (insluitende ’n konferensie in 2002) oor verskillende vertaalmodelle en hoe die keuse vir ’n Kerkbybel wat op ’n direkte vertaling berus, aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die vertaalmodel vir die 2020-vertaling. Kyk ook Naudé & Van der Merwe (2002).

³ <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php/agtergrond-sp-33973671/56-wat-is-die-vertaalopdrag-waarvolgens-die-vertalers-te-werk-gaan> [8 April 2020]

Vyf dekades ná die publikasie van die eerste Bybel in Afrikaans (*Die Bybel* 1933/1953⁴) waar die vertaalbenadering as ’n woord-vir-woord-, of ook ’n “konkordante of letterlike vertaling” (Van der Merwe 2014:294) beskryf kan word, en wat sterk op die Nederlandse *Statenvertaling* (1637, hersien 1657)⁵ steun, verskyn die tweede Kerkbybel in Afrikaans. *Die Bybel* (1983) bied ’n kommunikatiewe (Naudé 2019) en dinamies-ekwivalente vertaling.⁶ Afgesien van die twee Afrikaanse Kerkbybels, een met ’n letterlike en een met ’n dinamies-ekwivalente vertaling, publiseer die BSA in 2007 ook ’n funksionele vertaling (Naudé 2019) van die Bybel in Afrikaans, naamlik *Die Bybel vir Dowes* (in 2008 uitgegee as *Die Bybel vir Almal* – kyk Swart 2008). Al drie hierdie vertalings is direk uit die bronteks gedoen, al het dit verskillende vertaalbenaderings gevolg en al is die *Bybel vir Almal* nie ’n Kerkbybel nie.

Wanneer die versoek vir ’n nuwe Afrikaanse vertaling in 2004 gedoen word, is dit twee dekades ná die verskyning van die vorige vertaling van ’n Kerkbybel in Afrikaans. Die korpus beskikbare kennis oor die Bybel as antieke teks en oor die wêreld van die Bybel, soos ook die kennis oor die tale waarin die brontekste van die Bybel geskryf is, het aansienlik toegeneem, terwyl ook die vertaalteorie, en spesifiek Bybelvertaling as wetenskaplike dissipline,⁷ wesenlik ontwikkel het. Ook navorsing oor brontekste en brontale het uitgebrei,⁸ en al hoe meer inligting het beskikbaar geraak oor antropologiese en sosiokulturele aspekte wat relevant is vir die bronteks. Eweneens het ’n groot hoeveelheid inligting beskikbaar geraak deur navorsing oor die identifikasie en nomenklatuur vir fauna en flora in die Bybel.⁹ Al hierdie sake het nie net die versoek vir ’n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans ondersteun nie, maar ook die noodsaak daarvan duidelik gemaak.¹⁰

2004 was ook die jaar waarin die *NBV*, die Nederlandse *Nieuwe Bijbelvertaling*, verskyn: ’n “oecumenische,”¹¹ “interconfessionele” vertaling “in hedendaags, natuurlik Nederlands”.¹²

⁴ “Die eerste Afrikaanse Bybel is in 1933 gepubliseer, met ’n taalkundige hersiening van die Afrikaans in 1953.” Verantwoording in *Die Bybel* (2020).

⁵ <https://statenvertaling.nl/> [8 April 2020]

⁶ Van der Merwe (2012) beskryf die 1983-vertaling só: “As part of the meaning-based wave of translations that has swept across the world since the 1970s, speakers of Afrikaans received their version in 1983. As a project driven by the three major White Reformed churches, this Bible was presented to Afrikaans readers as the new ‘official’ church Bible.”

⁷ Vir die bespreking van Bybelvertaling as vakwetenskaplike dissipline, raadpleeg byvoorbeeld Wendland (1969), Naudé (2002, 2005b, 2019), Naudé & Miller-Naudé (2018a:300, 2019:280-281) en Van Rensburg (2005:36 e.v.).

⁸ Van der Merwe (2016:10) beskryf dit so: “In recent years some fascinating information also from the fields of anthropology and iconography has shed new light on the use of some aspects of the figurative language and meaning of the Biblical Hebrew source text (Staubli & Schroer 2014). New light has also been shed on the interpretation of many other overt ‘communicative clues’, on discourse particles (Miller-Naudé & Van der Merwe 2011), on the interpretation of word order in Biblical Hebrew (Van der Merwe & Wendland 2010), as well as the interpretation of the Hebrew verbal system (Andrason 2011). However, **few of these insights have yet found their way into current translations.**” [Klem outeur.]

⁹ Die belang van die hermeneutiek vir Bybelse plantname word aangetoon en geïllustreer in Miller-Naudé & Naudé (2018), Naudé & Miller-Naudé (2018b en ca. 2020) en Naudé, Miller-Naudé & Makutoane (ca. 2020).

¹⁰ Kyk ook die amptelike webblad vir die 2020-vertaling vir die “belangrikste oorwegings” vir die versoek om ’n nuwe vertaling: <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php/agtergrondsp-86357912> [6 April 2020] en Adendorf (2016).

¹¹ https://nl.wikipedia.org/wiki/Nieuwe_Bijbelvertaling [20 April 2020]

¹² <https://www.debijbel.nl/over-bijbelvertalen/bijbelvertalingen/319/nieuwe-bijbelvertaling> [04 April 2020].

Hierdie pas gepubliseerde Bybel was 'n voorbeeld van 'n eietydse vertaalprojek van die Bybel waarin soortgelyke sake aandag gekry het as sake wat ook later as uitgangspunte geneem is vir die vertaling van 'n nuwe Kerkbybel in Afrikaans, veral die tweeledige fokus op 'n bronteksgeoriënteerde vertaling wat doeltaalgerig is.

In 2005 keur die BSA die versoek vir 'n nuwe vertaling vir 'n Afrikaanse Kerkbybel goed en gee opdrag dat 'n loodskomitee vir die beplanning van die projek saamgestel word. Vyftien jaar later, in November van 2020, verskyn die derde Kerkbybel in Afrikaans, die eerste vertaling in Afrikaans wat onderlê word deur die vertaalteorie van direkte vertaling.¹³

2. DOEL EN ORIËTERING

Hierdie artikel lewer 'n bydrae tot die gesprek rondom die vertaalprojek van *Die Bybel (2020)* deur aspekte van die proses en die vertaalpraktyk van die direkte vertaling van die Bybel in Afrikaans te beskryf en te dokumenteer, en ook op unieke kenmerke van hierdie Bybel te wys. In die eerste deel van die artikel word die aanvang van die projek beskryf: van die loodskomitee wat die aanvoerwerk moes doen en uitgangspunte moes identifiseer en vaslê, tot en met die aanwys van die begeleidingskomitee, soos wat die uitvoerende komitee van die projek bekend gestaan het. Die oriëntering van die vertaalprojek (in terme van vertaalopdrag en uitgangspunte van die vertaling) word vervolgens beskryf deur ooreenkomste met die *NBV* uit te wys. Hierop volg 'n bondige uiteensetting van die praktyk en proses van die vertaling, waarby sake ingesluit word soos die boekspanne, die verskillende projekfasies (vyf fasies is geïdentifiseer: vanaf 'n basisvertaling in die boekspanne, tot die finale vertaling ná hersiening deur die redaksionele komitees) en ook die rol van die drie eindredaksies.

Teen hierdie agtergrond van waarom 'n nuwe Afrikaanse Kerkbybel nodig sou wees, die aard van die vertaalbenadering en aspekte van die praktyk van die vertaalproses, sluit die artikel dan af met 'n kort bespreking van aspekte wat as unieke kenmerke van *Die Bybel (2020)*, in terme van Afrikaanse Kerkbybels, beskou kan word. Dit sluit eerstens die vertaling en vertaalspanne vir Afrikaanse Kerkbybels in, en ook die klem op 'n luisterteks en die skep van neweteks. Op grond van enkele van hierdie unieke kenmerke, word *Die Bybel (2020)* beskou as deel van daardie vertalings waarna Naudé (2005b) verwys as 'n nuwe generasie Bybelvertalings.

Die artikel word afgesluit met 'n kort beskrywing van die finalisering van 'n omvangryke projek.

3. AANVANG: VAN LOODSKOMITEE TOT UITVOERENDE KOMITEE

Met die goedkeuring van die versoek van die kerke vir 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel, het die BSA opdrag vir só 'n vertaling gegee en 'n werkkomitee aangewys om die voorwerk vir die projek en die beplanning en organisering daarvan te doen. Hierdie komitee het bekend gestaan as die loodskomitee en was verantwoordelik vir die aanvang en beplanning van die projek. Dit het sake ingesluit soos: Die beplanning en beskrywing van hoe die proses van die vertaling sal verloop (in vyf geïdentifiseerde fasies, en dat vir elke Bybelboek 'n spesifieke en interdisiplinêre boekspan, verantwoordelik vir die vertaling van daardie boek, aangewys word); die identifisering en werwing van medewerkers vir die boekspanne; die maak

¹³ Van der Merwe (2012, 2014:299-300, 2016) lig aspekte van direkte vertaling as vertaalstrategie uit – ook spesifiek met verwysing na die vertaalprojek van *Die Bybel (2020)*.

van voorstelle vir benoemings in die begeleidingskomitee (die uitvoerende komitee van die projek wat die verantwoordelikheid vir die projek sal oorneem by die loodskomitee) en die stig daarvan; die aanwys en stig van subkomitees (die Literêre Advieskomitee, die Taalkunde-Advieskomitee en die Advieskomitee vir Taalpraktyk en Vertaalkunde)¹⁴ wat verantwoordelikheid moes neem vir sake in ’n bepaalde vakdisipline en die begeleidingskomitee daarvoor moes adviseer; die saamstel van ’n werkboek¹⁵ (waarin onder andere uitgangspunte, benaderings en stylreëls¹⁶ opgeneem is en wat deur die loop van die projek bygehou is en onontbeerlik was vir konsekwentheid en as maatstaf¹⁷), en die aanbied van opleidingseminare¹⁸ (oor die aard van die vertaling, die beplande proses en die fases daarvan, en ook die gebruik van *Paratext*,¹⁹ die programmatuur wat vir die vertaling gebruik is).

Met die BSA se aanstelling van ’n projekteier, prof. HJB (Bernard) Combrink, en die uitvoerende komitee van die projek, die begeleidingskomitee,²⁰ het die loodskomitee se werksaamhede tot ’n einde gekom. Die begeleidingskomitee was nou verantwoordelik vir die bestuur van die projek, en die eerste vergadering het op 28 Februarie 2006²¹ plaasgevind.

4. TWEE VERTAALPROJEKTE: DIE *NIEUWE BIJBELVERTALING (NBV)* EN DIE DIREKTE VERTALING VAN DIE BYBEL IN AFRIAANS

Daar is reeds verwys na die omvangryke navorsing wat die vertaalprojek van *Die Bybel (2020)* voorafgegaan het – soos marknavorsing, ’n konferensie en publikasies (kyk Naudé & Van der Merwe 2002). Hierop, en op die vertaalopdrag, het die begeleidingskomitee vervolgens voortgebou. Veral belangrik was om struktuur aan die projek te gee deur die aanstel van medewerkers en die formulering van take en funksies, wat ook ingesluit het: die ontwerp van ’n dokumentasiesistelsel en weergawe-beheer wat deur die BSA geadminestreer sou word, die verdere analise van die vertaalopdrag en hoe dit in die praktyk van die vertaling eerbiedig word, asook die deurlopende hersiening van die werkboek.

Soos reeds aangedui in die inleiding, was die verskyning van die *NBV* in 2004 besonder tydlig vir die ontluikende vertaalprojek vir ’n nuwe Kerkbybel. Ná oorweging het die

¹⁴ Kyk die ongepubliseerde notule van die loodskomitee, 4-5 Augustus 2005. Combrink (2014c:5) verwys ook kortliks hierna.

¹⁵ Kyk *Werkboek* (2006 e.v.).

¹⁶ Opgeneem as die “huisstylgids” (*Werkboek* 2006 e.v.)

¹⁷ In ’n voetnoot beskryf Van der Merwe (2012) die *Werkboek* en die rigtinggewende rol wat dit deur al die fases van die projek en vir al die medewerkers gespeel het, as ’n maatstaf en verwysingsbron: “The well-defined, detailed and up-to-date ‘translation brief’ and lists of agreed-upon translation decisions, that are always and easily accessible to each co-worker, provided the ‘objective’ yardstick against which many solutions from each of the co-workers and the editorial team could be evaluated. Without such terms of reference, this project would not have been possible.”

¹⁸ Kyk ook Combrink (2012 en 2014c).

¹⁹ “... software application for the development and checking of new Bible translation texts” www.paratext.org [04 April 2020]

²⁰ Combrink (2014c:7) noem in ’n voetnoot dat hierdie komitee “dinamies” was, sodat dit na behoefte aangepas kon word deur die BSA. Die lede van die Begeleidingskomitee in diens van die BSA was die projekteier, prof. Bernard Combrink, die BSA se Uitvoerende Hoof (met die aanvang van die projek ds. Gerrit Kritzinger en later ds. Dirk Gevers) en sedert 2010 die Hoof van Vertaling, dr. Masenyani Baloyi. Die ander lede was proff. Andries Breytenbach, Daan Cloete, Karen de Wet, Andrie du Toit †, Dirk Human, Gert Jordaan, Ernst Kotzé, Jacobus Naudé, Marius Nel, Christo van der Merwe en Herrie van Rooy, past. J. Theron en dr A.S. van Deventer.

²¹ Kyk die *Verantwoording* in *Die Bybel (2020)*.

begeleidingskomitee byvoorbeeld in 2007 werksessies gehou met die Bybelwetenskaplike en vertaalkoördineerder van die *NBV* se vertaalprojek, dr. Jaap van Dorp,²² wat drie referate voorgedou het (waarby ruim besprekingsessies ingesluit was) oor die vertaalprojek van die Nederlandse *Nieuwe Bijbelvertaling*.²³ Die manier waarop die *NBV* se vertaalprojek verloop het en hoe die vertaalopdrag in die vertaling beslag gekry het, is onder andere bespreek. Alhoewel daar op noue verbande, maar ook ingrypende verskille, tussen die twee vertaalprojekte gewys kan word, is dit nog nie indringend bestudeer nie en word daar in hierdie artikel slegs kortliks daarna verwys. So verwys Combrink (2014c:5) bloot na Van Dorp se “kritiese insette”, terwyl Van der Merwe (2012) in ’n voetnoot noem dat daar ooreenkomste is, en ook verwys na Van Dorp se werksessie met die begeleidingskomitee:

Since the only project that closely resembles this one (only with a much bigger budget), was that of the new Dutch translation, Dr J. van Dorp (who played a pivotal role in this project), was invited for a consultation session with the executive team of the project.

Wanneer die *NBV* ter sprake kom in sy bespreking van verskillende soorte Bybelvertalings, verwys ook Naudé (2005b) sydelings daarna dat ooreenkomste bestaan tussen die twee vertaalprojekte:

The New Dutch Translation (NBV) is an inter-confessional Bible translation brought out with the aim of providing a standard translation for all Dutch speakers. The next Bible translation in Afrikaans ... follows the same trends in its planning phase as that of the New Dutch Translation.

In die *Werkboek* (2006 e.v.) is dit wel opgeteken dat die *Handboek voor de Nieuwe Bijbelvertaling* (1988), wat tot die beskikking van die begeleidingskomitee gestel is via Van Dorp se bemiddeling, “in baie opsigte ’n handige vertrekpunt” was vir die verdere omskrywing van die “eksotiserende dimensies” van die vertaalopdrag.

’n Vertaalteoretiese ondersoek na die aard van die *NBV* as direkte vertaling sou waarskynlik aan die lig kan bring dat daardie Bybelvertaling nie noodwendig so ’n streng toepassing van ’n direkte vertaling is nie, en ook dat meer toegewings gemaak is in die rigting van die Nederlandse taal en hoe dit die begrip van die eietydse Nederlandse leser ondersteun, as waarna in die Afrikaanse 2020-vertaling gestreef is. Tog bestaan opvallende ooreenkomste tussen nie net die vertrekpunt en oriëntering van die twee vertaalprojekte nie, maar ook aspekte van die vertaalopdrag en die samestelling van die vertaalspanne. So stel beide vertaalprojekte ononderhandelbare bronteksgeoriënteerdheid as uitgangspunt, waarby ’n vertaling wat eksotiserend gerig is, ingesluit is. Dit in teenstelling met vertalings wat op naturalisering gerig is, sodat die vertaling die konseptuele en leefwêreld van die doeltaalleser voor oë hou, en sake soos byvoorbeeld antieke mate en gewigte met metrieke mate vertaal word. ’n Sosiokultureel sensitiewe vertaling, waarin die sogenaamde eksotiserende behou word, streef daarna om die status van die Bybel as antieke teks deur die vertaling duidelik te hou, maar sonder dat die vertaling die begrip van die doeltaalleser en die fokus op doeltaalgerigtheid uit die oog verloor. In die *NBV*-projek is die strewe hierna soos volg verwoord:

Traditionele bijbelse terme en begrippen zijn gebruikt voorzover ze geen extra barrières opwerpen voor lezers die niet vertrouwd zijn met oudere bijbelvertalingen.²⁴

²² <https://www.bijbelgenootschap.nl/Experts/dr-jaap-van-dorp/> [4 April 2020].

²³ Kyk die ongepubliseerde notule van die begeleidingskomitee, 7-8 Maart 2007.

²⁴ <http://www.nbv.nl/vertaalmethode/> [6 April 2020]

Voorts is ook voorsiening daarvoor gemaak om bronteksgeoriënteerd te vertaal, terwyl dit nie noodwendig die eienskap ‘brontaalgetrou’ insluit nie:

In de eerste plaats is de brontekst het uitgangspunt voor de NBV. De NBV is niet brontaalgetrou, zoals letterlijke vertalingen vaak wel zijn. Je kunt dan bijvoorbeeld de woordvolgorde van het Hebreeuws zo terugvinden in het Nederlands. In de NBV zijn de gewone taaleigenaardigheden van de brontalen opgegaan in taaleigenaardigheden van het Nederlands.²⁵

Hierdie benadering het die fokus van die *NBV* se vertaalprojek op doeltaalgerigtheid ondersteun:

De vertalers hebben geput uit de volle breedte van de Nederlandse taal, zoals die wordt geschreven in het Nederland en Vlaanderen van de laatste decennia van de twintigste, en de eerste jaren van de eenentwintigste eeuw. Nadrukkelijk modieus en archaisch Nederlands is daarbij vermeden.²⁶

In die 2020-projek is ’n soortgelyke strewe gevolg, ’n vertaling waarin die doeltaal teregkom,²⁷ soos wat gesien kan word in die vertaalopdrag se formulering van ’n vertaling in “goed verstaanbare” Afrikaans en die latere uitbreidings hiervan in die analise van die vertaalopdrag.

Die spanning wat in die vertaalpraktyk ontstaan as gevolg van die strewe om bronteksgeoriënteer te vertaal, alhoewel nie primêr gerig op die brontaal nie (met ander woorde, die brontaal se taalkenmerke soos woordorde word nie gevolg nie, maar wel dié van die doeltaal), en terselfdertyd ook doeltaalgerig, is in beide die vertaalprojekte verreken deur uit die staanspoor interdisiplinêre samewerking tussen vakkundiges by die vertaalproses in te bou. Die insluit van kenners uit uiteenlopende dissiplines by die span wat verantwoordelik vir die eerste vertaling (basisvertaling) was, het die vertaalproses van die begin af (en nie eers in ’n redaksionele fase nie) beïnvloed, en daarom uiteindelik ook die vertaling self. Nie net vakwetenskaplikes uit die Bybelwetenskappe, eksegete en brontaalkenners was verantwoordelik vir die vertaling nie, maar van die begin van die projekte was ook vakwetenskaplikes wat spesialiseer in vertaalkunde en/of die doeltaal deel van die vertaalspanne. Die twee vertaalprojekte verskil egter in die wyse waarop hulle hierdie interdisiplinêre samewerking in die vertaalpraktyk laat realiseer het. Waar die 2020-vertaalprojek in vertaalspanne georganiseer is en die vertaalproses in hierdie spanne met interaksie, hersiening en ooreenkoms verloop het, het die NBV se projek van slegs ’n “vertaalkoppel” per Bybelboek gebruik gemaak. Slegs twee persone per boek was vir die basisvertaling verantwoordelik: ’n kenner van die bronteks(taal) en ’n kenner van die Nederlandse taal:

Elk bijbelboek is vertaald door een vertaalkoppel bestaande uit een oud- of nieuwtestamenticus, en een neerlandicus, vertaalwetenschapper of dichter.²⁸

Waar die *NBV* se “vertaalkoppel” ’n baie eenvoudiger, meer vaartbelynde proses behels het en die vertaalhandeling in die praktyk ook vinniger kon verloop, het die Afrikaanse projek meerdere interdisiplinêre kundiges en ook interdenominasionele samewerking in die

²⁵ <https://www.nbv.nl/vertaalmethode/brontekstgetrou-en-doeltaalgericht/> [6 April 2020]

²⁶ <http://www.nbv.nl/vertaalmethode/> [6 April 2020]

²⁷ Die uitdaging was hoe om gelyktydig reg te laat geskied aan hierdie twee aspekte, naamlik om sowel ’n bronteksgeoriënteerde as doeltaalgerigte vertaling te laat realiseer, iets wat in die praktyk en binne bepaalde kontekste uiteenlopende, en selfs haas onversoerbare, eise stel.

²⁸ <http://www.nbv.nl/vertaalmethode/> [6 April 2020]

boekspanne ingebou. In die Afrikaanse projek is die *NBV* se “vertaalpaar” uitgebrei tot ’n boekspan interdissiplinêre kundiges²⁹ vir elk van die afsonderlike Bybelboeke.

Dit was ’n eerste in die praktyk van Bybelvertalings, en Van der Merwe (2012) verwys na die bykans onmoontlike eis van haalbaarheid wat so ’n groot mate van interdissiplinêre samewerking gestel het aan ’n projek met ’n beperkte begroting:

... this was a very ambitious project. On the one hand, part of the theoretical model rested on theoretical insights that were not yet applied on a large scale in a Bible translation project. On the other, an impractically huge team of primarily part-time co-workers, who were spread all over Southern Africa, had to be trained, organised and monitored with an initially very small budget...

Die rol wat die *NBV* gespeel het as ’n reeds suksesvol afgehandelde vertaling met ’n goed gedokumenteerde vertaalprojek, behoort nie onderspeel te word wanneer gekyk word na die keuses van benaderings en praktyke vir die Afrikaanse vertaalprojek nie. Dit was duidelik uit die reeds gepubliseerde *NBV* dat dit werkbare en vrugbare praktyk is om uit die staanspoor kenners van die doeltaal (Nederlands) te laat saamwerk met kenners van die brontekstale (Hebreeus, Grieks, Aramees), waarby ook Bybelwetenskaplikes en eksegete ingesluit is (Ou en Nuwe Testamenteici en kenners van die Deuterokanonieke boeke), en hierdie feit was enigszins rigtingduidend vir die 2020-projek in terme van die haalbaarheid daarvan. Die opmerklikste verskil was, soos genoem, die uitgebreide inklusiwiteit en interdissiplinêre kundigheid – nie maar een brontaalkenner, Bybelwetenskaplike, eksegeet of Bybelvertaalkundige was verantwoordelik vir die basisvertaling van ’n Bybelboek nie, maar ’n span verteenwoordigers; nie maar een kenner van die Afrikaanse taal- of vertaalkunde nie, maar ’n interdissiplinêre groep. Hierdie benadering was nie net verskillend van die eietydse *NBV* nie, maar ook van die benaderings in vorige Afrikaanse Kerkbybels. By sowel die 1933-³⁰ as 1983-vertalings het doeltaalkenners eers laat in die vertaalproses, en dan in ’n adviserende en/of redaksionele rol, ’n bydrae kon lewer.

Die strewe na inklusiwiteit deur soveel moontlik kerkgenootskappe te betrek, is ’n verdere ooreenkoms tussen die twee vertaalprojekte. Die *NBV*-projek lys die samewerking van 23 kerkgenootskappe,³¹ en die vertaling word ook beskryf as “interconfessioneel”, met verwysing na samewerking tussen Gereformeerde en Katolieke groepe, sowel as groepe en belanghebbers in Nederland en van Nederlands, en in België en van Vlaams.³² Die omvang van inklusiwiteit wat die 2020-vertaalprojek bereik het, word later in die artikel, in die deel oor unieke kenmerke, verder toegelig.

’n Laaste gedeelde kenmerk tussen die *NBV* en die Afrikaanse projek waarop hier gewys kan word, is die klem wat in beide projekte geplaas is op die voorleesbaarheid van die vertaling,

²⁹ Combrink (2014c) beskryf die interdissiplinêre kundigheid in die boekspanne deur te verwys na die spesialiste in brontale en eksegeese, en ook die doeltaalspesialiste.

³⁰ Meer as een van die vertalers betrokke by die 1933-vertaling was nie net kenners van die antieke tale met ook teologiese kennis en kennis van die Bybel nie; hulle was ook taalvernuwers en taalstryders. Ten spyte hiervan is taaladviseurs eers teen die einde van die proses betrek. Kyk Steyn (2009) en ook Naudé (2009).

³¹ <https://www.nbv.nl/achtergrondinfo/kerkgenootschappen/> [20 April 2020]

³² “De vertaling werd interconfessioneel door bijbelexperts en door literairen in opdracht van het Nederlandse Bijbelgenootschap en de Katholieke Bijbelstichting vervaardigd, in samenwerking met de Vlaamse Bijbelstichting alsmede het Vlaamse Bijbelgenootschap.” <http://www.nak.org/nl/nieuws/berichten-vanuit-de-gehele-wereld/article/14409/> [20 April 2020]

met ander woorde of die vertaling daarin slaag om ook 'n luisterteks te wees. Ook hierdie aspek word verder toegelig in die deel oor unieke kenmerke.

5. PROSES EN PRAKTYK: BOEKSPANNE, PROJEKFASES EN EIND-REDAKSIES

Met 'n vertaalopdrag, 'n vertaalbenadering, 'n werkboek, 'n beplande proses, 'n bestuursplan en ook projektele wat reeds deelgeneem het aan werksessies oor sake soos die aard van die vertaling, die rol en take van die boekspanlede en ook die gebruik van *Paratext*, was dit tyd om met die vertaling te begin. Die boekspanne kan met reg beskryf word as nie net die plek waar die vertaling beslag gekry het nie, maar ook as 'n hoeksteen van die projek.

Vir elke Bybelboek (Ou Testament, Nuwe Testament, Deuterokanonieke boeke) is 'n vertaalspan deur die BSA aangestel wat bestaan het uit twee eksegete, 'n brontaalkenner en 'n intravertaler (taalpraktisyn of vertaalkundige), waarby, vanaf die tweede fase, ook 'n aangewese taalkundige en letterkundige betrokke was.³³ Aangesien die meerderheid intravertalers nie die tale magtig is waarin die bronteks geskryf is nie, is die eerste weergawe van die basisvertaling deur die eksegete en die brontaalkenner voorberei uit die bronteks. Die intravertalers is juis só genoem op grond daarvan dat hulle van 'n intravertaling, of tussenvertaling, 'n eerste vertaling in Afrikaans, soos voorberei deur die eksegete en brontaalkenner, gebruik moes maak, om dan vanuit die hoek van die doeltaal 'n bydrae te kan maak tot die basisvertaling wat deur die boekspan voorberei is.

Die vertaling van elke Bybelboek het hoofstuk per hoofstuk in die boekspanne plaasgevind. 'n Basisvertaling (fase 1) is deur voorstelle, bespreking en revisie in die boekspan bereik. Hierdie basisvertaling het 'n tweede fase bereik deur die proses van 'n interne hersiening: lede van die boekspan het terugvoer wat die boekspan se taalkundige en letterkundige op die vertaling gegee het, oorweeg en verwerk. Die bewerkte teks is finaal nagegaan en oorweeg deur die eksegete, met moontlike insette van die brontaalkenner, om sodoende die finale basisvertaling te bereik.

Sodra 'n boekspan die laaste hoofstuk van die Bybelboek wat hulle vertaal het, se finale basisvertaling aan die projekkantoor by die BSA gestuur het, het die taak van daardie boekspan tot 'n einde gekom. Die vertaalde teks het nou beweeg na fase 2b, wat intensiewe hersiening deur die relevante redaksionele komitee behels het. Die redaksionele komitees is saamgestel uit kundiges wat dieselfde interdisiplinêre kennis kon bydra as wat tot beskikking van die boekspanne was, naamlik eksegete, brontaalkenners, vertaalkundiges, taalkundiges en letterkundiges. Die BSA het drie redaksionele komitees vir die verantwoordelikhede van die eindredaksie aangestel – een elk vir die Ou Testament,³⁴ Nuwe Testament³⁵ en Deuterokanonieke boeke.³⁶ Elke redaksionele komitee het uit minstens agt lede bestaan (met die opsie van

³³ Kyk ook Combrink (2012, 2014b, 2014c) se beskrywing van die omvangryke interdisiplinêre kundigheid in die boekspanne en van die verskillende fases van die vertaalproses.

³⁴ Die lede was proff. APB Breytenbach, HJB Combrink, K de Wet, HJG du Plooy, EF Kotzé, JA Naudé, EF Raidt, HJ Snyman †, CHJ van der Merwe en HF van Rooy. Kyk die *Verantwoording in Die Bybel (2020)*.

³⁵ Die lede was proff. JH Barkhuizen, HJB Combrink, K de Wet, AB du Toit †, GJC Jordaan, EF Kotzé, JA Naudé, HJ Snyman † en CN van der Merwe. Kyk die *Verantwoording in Die Bybel (2020)*.

³⁶ Die lede was proff. JH Barkhuizen, HJB Combrink, J Cook, CJ Conradie, PB Decock OMI, JA Naudé, EF Raidt, HJ Snyman †, GJ Steyn en vader B Hinwood † OFM. Kyk die *Verantwoording in Die Bybel (2020)*.

koöptering), wat tipies twee eksegete (van verskillende denominasies en deur die kerke aangewys), een (of twee) brontaalkenner(s),³⁷ ’n vertaalkundige, ’n taalkundige, twee letterkundiges en die projekteur ingesluit het (kyk ook Combrink 2014c). Waar die lede van die boekspanne wat vir die basisvertaling verantwoordelik was, hoofsaaklik virtueel gewerk het, met die moontlikheid van enkele byeenkomste, het die verskillende redaksionele komitees sittings bygewoon vir periodes van 5 tot 6 aaneenlopende dae waartydens die teks gefynkam en hersien is. Tydens hierdie sittings is verskillende fases van die teks aan die orde gestel, en die redaksionele komitees moes die volgende take van ’n eindredaksie verrig (in ooreenstemming met die verskillende fases van die vertaling wat ter tafel was): die kommentaar soos ontvang van kerklike lesers (genomineer deur kerkgenootskappe) en lede van die publiek (via e-poskorrespondensie of navrae en insette op die amptelike webwerf) in ag neem, ondersoek en die teks dienooreenkomstig hersien, die konsekwenheid van die vertaling en ook spesifieke teksdele kontroleer, en spesifieke aandag bestee aan die geslaagdheid van die teks as luisterteks.

Teen die einde van fase 2b is die teks van die vertalings, soos op daardie stadium, ter wille van toeganklikheid en insae op die amptelike webblad gepubliseer as “proefvertalings”.³⁸ Dit het die projek se strewe na inklusiwiteit bevestig. Hierdie proefvertalings is aangedui as “beskikbaar vir kommentaar”,³⁹ en is gepubliseer vanaf Mei 2016 tot Augustus 2018. Teen die einde van die derde fase is die hersiene teks van die vertalings ook hier gepubliseer, maar met die spesifisering “vir kennisname”.⁴⁰ Die doel was om ’n aanduiding van die vordering van die projek te gee, en dit het ook meegebring dat lesers wat kommentaar ingestuur het, insae in die hersiene weergawes kon hê. Die weergawe van die vertalings teen die einde van fase 3 van die vertaalproses, is op die webblad geplaas in 2016 (die hele Nuwe Testament en 1 en 2 Makkabeërs), in Julie 2018 (die res van die Deuterokanonieke boeke) en van Augustus 2018 tot Maart 2019 (die Ou Testament).⁴¹ Dit is terselfdertyd ook ’n aanduiding van wanneer die redaksionele komitees die hersienings voltooi het.

Die vierde fase van die projek is ontwerp vir konsekwenheidskontrole deur die redaksionele komitees. Die noodsaaklikheid van die werk in hierdie fase was ’n direkte gevolg van die verskeidenheid boekspanne en interdisiplinêre kundiges, wie se vertalings van die verskillende boeke in die eerste fase van die projek sonder insae in mekaar se werk verloop het. Van die redaksionele komitees is verwag om na te gaan of die vertalings van bepaalde woorde en frases (ook idioome en metafore) uit die brontale sover moontlik konsekwent met dieselfde woorde in Afrikaans vertaal is. Spesifieke uitdagings is ook gestel deur die volgende tekste en teksdele:

- ooreenstemmende dele in die evangelies (en soms met verskillende woorde)
- ooreenstemmende dele in die Pentateug
- ooreenstemmende dele in die profeteboeke

³⁷ Uit die aard van die saak het verskillende eksegete en brontaalkenners in die redaksionele komitees van die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Deuterokanonieke boeke gedien. Die projekteur, vertaalkundige en taalkundige was telkens dieselfde persoon, terwyl een letterkundige in al die komitees teenwoordig was en ’n tweede letterkundige deur verskillende persone in die verskillende komitees verteenwoordig is.

³⁸ <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php/proefvertalings> [04 April 2020]. Hierdie voorfinale weergawes van die vertaalde teks van die Bybelboeke moet nie verwar word nie met die publikasie van *Die Nuwe Testament en Psalms* (2014) waarna ook as ’n “proefvertaling” verwys word..

³⁹ <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php/proefvertalings> [04 April 2020]

⁴⁰ <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php/proefvertalings> [04 April 2020]

⁴¹ <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php/proefvertalings> [04 April 2020]

- ooreenstemmende dele en ook verskille tussen Ester en Ester Grieks
- die konsekwente hantering van aanduidings ten opsigte van musiekinstrumente of instruksies vir uitvoering by die Psalms
- die konsekwente hantering van die vorm van (send)briewe, veral ten opsigte van die aanhef, groete en slot, en met inagneming van kleiner verskille
- die konsekwente vertaling van seënspreuke en vloekformules (aangedui deur merkers in die bronteks)
- tekste uit die Ou Testament wat in die Nuwe Testament aangehaal word. (Hier was dit belangrik om seker te maak dat die formulering wat in die brontekste van die NT gebruik word vir die aanhaling, vertaal word, en dat dit nie die vertaling is van die spesifieke vers soos wat dit in die Ou Testament van die 2020-vertaling vertaal is, wat gebruik word nie.)

Aan die einde van die vierde fase was die werk van die redaksionele komitees afgehandel. In fase 5 sou die begeleidingskomitee die vertaling moes aanbeveel vir publikasie en aan die BSA oorhandig. Meer hieroor in die slot van die artikel.

6. UNIEKE ASPEKTE – *DIE BYBEL (2020)* EN VORIGE AFRIKAANSE KERK-BYBELS

Teen die agtergrond van die vertaalopdrag en vertaalpraktyk soos wat dit tot hier beskryf en bespreek is, is dit moontlik om te besin oor die plek van *Die Bybel (2020)* as derde Afrikaanse Kerkbybel. In die laaste deel van hierdie artikel word daarom gewag gemaak van daardie aspekte van die eerste direkte vertaling van die Bybel in Afrikaans wat dit moontlik maak om dit as 'n unieke Kerkbybel in Afrikaans te beskryf.

6.1 Interdisiplinêre en interkerklike samewerking, die eerste vroue-medewerkers, intravertalers

Die vertaalproses en die vertalers betrokke by die vertalings van die eerste twee Kerkbybels in Afrikaans, die vertalings van 1933/53 en 1983, is goed gedokumenteer.⁴² Hoe beperk die vertaalspanne was, met verwysing na interdisiplinêre vakkennis, ekumene en inklusiwiteit, word uitgewys deur Naudé (2004:142):

Behalwe vir die *Afrikaanse Bybel vir Dowes* bestaan die vertaalspanne slegs uit wit mans. Die eindvertalerspanne van die 1933- en 1983-vertalings sluit slegs professore van die N.G. Kerk, Gereformeerde Kerk en Hervormde Kerk in. ... Teologiese professore van die Ou en Nuwe Testament, wat nie spesifiek as vertalers opgelei is nie, tree meestal op as vertalers, byvoorbeeld, die 1933- en 1983-vertaling ... Vertaalspanne sluit meestal spesialiste in Hebreeuse en Griekse linguistiek sowel as Ou Nabye Oosterse en Antieke Mediterreense kultuur en opgeleide (Bybel)vertalers uit.

In die vertaalprojek vir die derde Afrikaanse Kerkbybel is konstruktief beplan om beperkinge soos hierdie te oorstyg. Van der Merwe (2014:296) verwoord die strewe na inklusiwiteit in die 2020-projek só:

⁴² Naudé (2001, 2004 en 2005a) bespreek Afrikaanse vertalings van die Bybel, en in Naudé (2009:64-68) word die 1933-vertaling bespreek. Vir die 1933-vertaling, kyk ook Nienaber (1934), Steyn (2009), Strauss (2016) en Geysler-Fouche (2017). Oberholzer (1984) bespreek die 1983-vertaling. Kyk ook De Villiers (2002) en Geysler-Fouche (2017).

Medewerkers aan die vertaling moes so verteenwoordigend moontlik wees wat ouderdom, geslag, ras en veral kerke betref – in teenstelling met die 1983-vertaling, wat hoofsaaklik deur verteenwoordigers van die drie ‘wit’ gereformeerde susterkerke gedoen is.

Wat inklusiwiteit en interdisiplinêre bydraes betref, kan vyf sake genoem word wat uniek was aan die vertaalprojek vir *Die Bybel (2020)* as Afrikaanse Kerkbybel.

- Eerstens is alle kerkgenootskappe wat die Bybel in Afrikaans gebruik, genader vir samewerking, en sodoende was daar 27 instansies wat formeel betrokke was by die KABA.⁴³
- Verder was dit die eerste maal dat ’n vertaalspan van ’n Afrikaanse Kerkbybel uitgebreid interdisiplinêr (brontaalkenners, eksegete, Bybelwetenskaplikes, vertaalkundiges, taalpraktisyne, taalkundiges en letterkundiges) was, en dat die medewerkers bydraes kon lewer tydens al die fases van die projek.
- Vir die eerste maal is die vertaling van die Deuterokanonieke boeke ingesluit as deel van die vertaalprojek.⁴⁴
- Vir die eerste maal was vroue deel van die vertaalspan⁴⁵ en is sensitiwiteit ten opsigte van geslagsinklusiewe vertaling op die agenda geplaas, ten spyte van die ononderhandelbare brontekstgeoriënteerdheid en die eise van ’n direkte vertaling. Voorbeelde wat in die *Werkboek* (2006 e.v.) bespreek word, is die gebruik van geslagsneutrale terme in gevalle “waar manlike vorme in die brontekst gebruik word as aanduiding van ’n gemengde groep”. So is “die Hebreuse benaming ‘seuns van Israel’” vertaal met “Israeliete”, behalwe wanneer dit na die twaalf seuns van Jakob⁴⁶ verwys. Geslagsneutrale terme is ook gebruik in gevalle waar die brontekst “manlike vorme gebruik, maar die bedoeling kennelik is om albei geslagte in te sluit”. Met die voorbeeld uit Jes 1:2: “Kinders het Ek grootgemaak”. In die brontekst word die

⁴³ Die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans word saamgestel uit die volgende instansies: Afrikaanssprekende kerke in Namibië (Waarnemers); Afrikaanse Protestantse Kerk (APK); Anglikaanse Kerk (ACSA); Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS); Bybelgenootskap van Namibië (BGN, Waarnemers); Calvyn Protestantse Kerk (CPK); Christelike Gereformeerde Kerk [CGK(SA) nie medewerkers aan die vertaling nie]; die Baptiste-Unie (BUSA) en Afrikaanse Baptiste-Kerk (ABK); die Rynse Kerk (RKSA); Evangelies-Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (EGKSA); Evangelies-Lutherse Kerk in Suidelike Afrika (ELKSA); Free Evangelical Lutheran Synod in Southern Africa (FELSISA VELSISA); Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA); Katolieke Kerk (KK); Lede in Christus Kerk (LCK); Metodiste Kerk (MCSA); Morawiese Kerk in Suid-Afrika (MKSA); Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK); Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA); Pinkster Protestantse Kerk (PPK); Sewendedag-Adventiste Kerk (SDA); United Congregational Church of Southern Africa (UCCSA); Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA); Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA/URCSA); Volkskerk van Afrika (VKA); Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika (VEK); Vrye Gereformeerde Kerk (VGKSA). (Combrink 2019)

⁴⁴ ’n Afrikaanse vertaling van die Deuterokanonieke boeke is in 1965 deur die BSA gepubliseer saam met die teks van die 1933/1953-vertaling, alhoewel hierdie vertaling nie deur die BSA onderneem is nie. Kyk die *Verantwoording in Die Bybel (2020)*.

⁴⁵ Alhoewel die *Bybel vir Doves* (2008) nie ’n Kerkbybel is nie, is dit die enigste ander Afrikaanse Bybelvertaling van die BSA waarby ’n vrou betrokke was. Combrink (2019) noem me. Elmine Roux, ’n Afrikaanse onderwyser verbonde aan die Skool vir Doves, wat op grond van haar kundigheid en ervaring by die projek betrek is. Kyk ook Naudé (2004:142) en Geysler-Fouche (2017).

⁴⁶ Kyk Eks 39:14.

woord *seun* inklusief gebruik, aangesien daar sosiokultureel bepaald nie na dogters verwys is nie.

- Vir die eerste maal is die insette van vertaalkundiges en taalpraktisyns van die begin af by die vertaalproses ingesluit (kyk ook Combrink 2012). Combrink (2014c) dokumenteer dit so:

Terwyl daar by die 1933/53- en 1983-vertalings wel Afrikaanse taalkundiges en letterkundiges as adviseurs opgetree het ..., is daar 59 Afrikaanse taalkundiges, letterkundiges (insluitende opgeleide vertalers, kreatiewe skrywers/digters) van die begin van die proses af in al die spanne betrokke.

- Ook die munt van die term *intravertalers* (vir daardie vertaalkundiges en taalpraktisyns wat vakkundiges in Afrikaans is en nie die brontale magtig is nie⁴⁷ en wie se bydrae tot die vertaling gefokus het op die doeltaalgerigtheid daarvan) was 'n eerste in die praktyk van Afrikaanse Bybelvertalings.

Aansluitend hierby kan die aansienlike omvang van die projek ook as 'n onderskeidende kenmerk uitgewys word. Die loodskomitee, begeleidingskomitee en die drie redaksionele komitees het reeds ter sprake gekom. Die voorsitter van al hierdie komitees was ook die aangewese projekteier, prof. Bernard Combrink.⁴⁸ Combrink (2014b, 2019) dui aan dat die medewerkers aan die projek uiteindelik 142 boekspanlede ingesluit het, waaronder 37 vroue, 83 brontaalkenners en eksegete, en 59 taalpraktisyns, taalkundiges en letterkundiges.

6.2 'n Luisterteks

Die verwagting dat die vertaalde teks van die Bybel ook as 'n luisterteks moet slaag en dat dit iets is wat deur die vertaalproses verwerklik moet word, is 'n volgende aspek wat as uniek in Kerkbybels tot op datum in Afrikaans beskou kan word. Naudé (2005b) beskou die vooropstelling van 'n luisterteks in Bybelvertaling as 'n kenmerk van daardie vertalings waarna hy as die nuwe generasie Bybelvertalings verwys. Wat betref die geslaagdheid van die teks as 'n luisterteks, word daar deur die daarstel van 'n klinkende, volgare luisterteks aangesluit by die oraliteit van die oorspronklike Hebreeuse teks. In sy artikel bespreek Naudé (*ibid.*) enkele voorbeelde van internasionale vertalings waarin die luisterteks vooropgestel word. So dui hy aan dat in die *Schocken Bible vol 1* die strewe van die vertaling om as luisterteks te slaag, só verwoord word:

This translation is guided by the principle that the Hebrew Bible ... was **meant** to be read out aloud, and that consequently it must be translated with careful attention to rhythm and sound. The translation therefore tries to mimic the particular rhetoric of the Hebrew whenever possible, preserving such devices as repetition, allusion, alliteration, and wordplay.

Naudé (*ibid.*) verwys vervolgens na die *CEV (Contemporary English Version)* waarin die sukses van die vertaling as 'n luisterteks ook vooropgestel word. In die *CEV* word daarop aanspraak gemaak dat die vertaling

⁴⁷ Sien ook die verwysing na intravertalers en die gebruik van 'n tussenvertaling in die vorige afdeling.

⁴⁸ Kyk Van der Merwe (2012) vir 'n beskrywing van die verantwoordelikhede van die projekteier en die begeleidingskomitee.

can be **read aloud** without stumbling, **heard** without misunderstanding, and **listened to** with enjoyment and appreciation, **because the style is lucid and lyrical**. (Klem outeur.)

Hierby voeg Naudé (*ibid.*) dat een van die redes wat aanleiding gegee het tot die vertaling se sukses as 'n luisterteks die manier is waarop die *CEV* poëtiese dele hanteer:

Poetic sections were expected not only to sound good but also to look good. Poetic lines were carefully measured to assist oral reading and to avoid awkwardly divided phrases and words that run over to the next line clumsily.

Oor die manier waarop die *NBV* hulle vertaling as luisterteks laat realiseer, sê Naudé (*ibidem*) dat die *NBV* 'n vertaling is “that can be read out aloud in church (recitable) and lends itself to chanting purposes”. Die doel wat die *NBV*-projek hieroor in die vooruitsig gestel het, kan daarom as ten minste gedeeltelik suksesvol beskou word:

Deze vertaling is bedoeld om gelezen en om gehoord te worden; er is dan ook veel aandacht besteed aan de voorleesbaarheid van de tekst. Er is uitdrukkelijk rekening gehouden met de eisen die de Nederlandse taal daarbij stelt, zonder afbreuk te doen aan de kwaliteit van de tekst als vertaling.⁴⁹

Die behoefte aan 'n Bybelvertaling waarin hoorbaarheid en voorleesbaarheid vooropgestel word, is iets wat reeds teenwoordig was in die versoek vir 'n nuwe Bybelvertaling wat van die KABA aan die BSA gestuur is. Alhoewel die vertaalopdrag duidelik daarvoor is dat die vertaling geskik moet wees “vir voorlesing en gebruik in eredienste”,⁵⁰ is hierdie aspek van die vertaalopdrag nie verder ondersoek in die opvolgende analyses van die vertaalopdrag in die *Werkboek* (2006 e.v.) nie. In die praktyk is die vereiste van voorleesbaarheid, van 'n luisterteks, egter wel deeglik voor oë gehou, nie net in die boekspanne nie, maar ook in die hersieningsfases, waar elke hoofstuk van elke boek minstens twee maal hardop voorgelees is, sodat die onderskeie redaksionele komitees kon fokus op die klank en ouditiewe volgbaarheid van die vertaling, op die vertaling as luisterteks. Verder het die gedetailleerde aandag wat in die 2020-projek bestee is aan, onder andere, die klankrykheid en stilistiese eienskappe van poëtiese dele die spesifieke karakter van die vertaling as luisterteks ondersteun. Sterk klem is in die analise van die vertaalopdrag gelê op genres en stylvorme, en daar is deurgaans in die vertaling gepoog om “literêr” te vertaal, en by vorme soos poësie, poëtiese dele, liedere en briewe is ook spesiale aandag bestee aan die tipografie van die teks, met sinvolle en leesbare reëlbreuke.

In hierdie opsig kan dus gestel word dat *Die Bybel (2020)* uniek is onder Afrikaanse Kerkbybels en beskou kan word as deel van die nuwe generasie Bybelvertalings, vertalings waarin die behoefte daaraan dat dit hardop voorgelees moet kan word (“recitable” moet wees, Naudé 2005b) en ook aangepas moet kan word vir dreunsang (“adaptable for chanting purposes” Naudé 2005b), spesifiek aandag kry.

6.3 Neweteks: opskrifte, inleidings en voetnote

Die terme *neweteks*, *parateks* en *metateks* word gebruik om onderskeid te tref tussen die hoofteks (in die geval van Bybelvertaling die teks soos vertaal uit die bronteks) en teks wat

⁴⁹ <http://www.nbv.nl/vertaalmethode/> [6 April 2020]

⁵⁰ <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php/agtergrond-sp-33973671/56-wat-is-die-vertaalopdrag-waarvolgens-die-vertalers-te-werk-gaan> [8 April 2020]

bykomend hiertoe geplaas word: tipies as toeligting (in kontekstualiserende inleidings tot Bybelboeke of voetnote) of ter wille van ordening en as soekhulpmiddels (opskrifte).

Inligting oor die konseptuele wêreld, en daarby die sosiopolitieke en sosiokulturele werklikhede van die antieke teks, word in 'n direkte vertaling wat bronteksgeoriënteer en so direk moontlik vertaal is, nie in die vertaling van die teks opgeneem nie. Dit beteken dat hierdie inligting buite die teks om, in die neweteks dus, tot die leser se beskikking gestel moet word. Van der Merwe (2014a:7) bevestig dat voorsiening daarvoor gemaak moet word dat “die konseptuele wêreld van die kerklike lesers ... verbreed moet word – hetsy deur middel van inleidings tot die Bybelboeke, voetnote, kantaantekeninge, kaarte, kruisverwysings en 'n woordelys”.

Die noodsaak daarvan om die konseptuele wêreld van die doeltaalleser uit te brei, sodat begrip van die konseptuele wêreld van die bronteks sinvolle betekeniskommunikasie by die doeltaalleser moontlik maak, is iets wat ten grondslag lê aan Bybelvertalings, waarin voor oë gehou word dat die Bybel 'n antieke teks, is en waarin daar dus nie van ingrepe vir naturalisering gebruik gemaak word nie. Wanneer sodanig vertaal word, dus eksotiserend en sosiokultureel sensitief, is dit noodsaaklik dat die doeltaalleser nie deur die vertaling vervreem word nie. Toeligting tot die vertaling word daarom in die neweteks opgeneem. Hierdeur word die leser se verstaan van die vertaalde bronteks gekontekstualiseer en deur die toeligting ondersteun. Vertalings waarin neweteks gebruik word vir toeligting, verheldering en ordening, sodat die doeltaalleser nie deur die vertaling vervreem (“foreignised”) word nie, kan beskryf word as “komplekse vertalings” (Naudé 2019) of 'n “thick translation” (Appiah in Van der Merwe 2016):

This foreignising translation tries to let the Bible speak idiomatic Afrikaans in the time of the Bible. However, whenever the language structure and the conceptual world behind the language and culture of the source text could not be adequately understood and/or represented in the translation, or may be misunderstood by modern readers, additional information is provided in the paratext (e.g. introductions to the biblical books, maps, illustrations, footnotes and a glossary).

Twee voorbeelde van die neweteks wat in die vertaalpraktyk van die derde Afrikaanse Kerkbybel gebruik is, en wat spesifiek in die redaksionele komitees aandag gekry het en versorg is, word vervolgens ter afsluiting van die beskouing van unieke aspekte van *Die Bybel (2020)* bespreek.

6.3.1 Opskrifte

Alhoewel die invoeg van opskrifte in die Bybelteks, en ook die aanbod van kontekstualiserende inligting in inleidings tot Bybelboeke, nie nuut is in Bybelvertalings nie, het die formulering van opskrifte vir die 2020-vertaling besondere aandag ontvang. Die besluit was om, ten spyte van die vertaalopdrag se klem op 'n direkte, bronteksgeoriënteerde vertaling, en ten spyte daarvan dat opskrifte nie deel van die bronteks is nie, opskrifte tog te handhaaf, en om dit aan te bied as 'n leeshulpmiddel waardeur die teks georganiseer word en wat help om die teks soekbaar te maak. Hiermee is daar dan aangesluit by die lang tradisie van die gebruik van opskrifte in Bybelvertalings. Vir *Die Bybel (2020)* is besluit om ook die opskrifte in die bekende formaat (soos ook in vorige Afrikaanse Kerkbybels) te druk, naamlik boaan die spesifieke teksgedeeltes. Dit is moontlik om opskrifte uit te hef deur tipografie en plasing, sodat die leser beseft dat dit nie deel van die bronteks is nie, maar 'n hulpmiddel, neweteks. So is opskrifte

in die standaarduitgawe van die *NBV*⁵¹ in rooi gedruk, terwyl ’n ander uitgawe⁵² van die *NBV* die opskrifte uit die teks verwyder het en dit as lopers aan die onderkant van die bladsy gedruk het, sodat die teks sonder onderbreking lees – soos in die bronteks.

Dat ook inleidings nie deel is van die teks in die bronteks nie, word weer duidelik gemaak in uitgawes soos die *NBV se Kerk- en huisbijbel met deuterocanonieke boeke*,⁵³ waarin inleidings nie opgeneem is nie. In *Die Bybel (2020)* is inleidings tot die Bybelboeke wel ingesluit, in ooreenstemming met die strewe daarna om so ’n omvattende moontlike vertaling te bied, waarin lees en kontekstuele begrip ondersteun word – ’n komplekse vertaling (Naudé 2019) dus, of waarna Apphiah (in Van der Merwe 2016) verwys as ’n “thick translation”. Al die inleidings word apart en onderskeibaar van die teks van die Bybelboeke aangebied.

In ooreenstemming met navorsing oor die aard en formaat van opskrifte⁵⁴ en resente ontwikkelinge op hierdie terrein, moes opskrifte in *Die Bybel (2020)* so geformuleer word dat dit aan die leser sein dat hierdie teks nie deel van die bronteks is nie, terwyl dit steeds ’n hulpmiddel vir die leser is. Opskrifte is daarom geformuleer aan die hand van kernwoorde wat die inhoud van die bepaalde gedeelte weerspieël en wat verkieslik ook in daardie gedeelte voorkom. Geen interpunksie is gebruik nie, en lidwoorde en woorde wat handeling aandui, is sover moontlik vermy. Hierdie gemerkte taalgebruik funksioneer vervreemdend en sein daarom aan die leser dat dit nie deel van die hoofteks is nie. Die opskrifte by Johannes 19 kan as ’n voorbeeld gebruik word. Waar die opskrif in die 1983-vertaling aansluit by die narratiewe trant van die teks “Jesus word oorgelewer om gekruisig te word”, lui die 2020-vertaling slegs “Kruisiging van Jesus”.

6.3.2 Voetnote

Baie neweteks is in *Die Bybel (2020)* opgeneem in die vorm van voetnote en die woordelys. Naudé en Miller-Naudé (2019:203) wys daarop dat die gebruik van neweteks⁵⁵ in ’n vertaling, en spesifiek die insluit van voetnote, meebring dat die kompleksiteit van die vertaling duidelik gemaak word, en dat dit ook die vertaling in staat stel om nie ’n keuse te moet maak tussen vervreemding (eksotisering) of verinheemsing (naturalisering) nie:

it is possible to convey the complexity of incipient and subsequent texts, the relation of significance between them, and their cultural context(s) through the use of metatexts (footnotes) accompanying the translation. In this way, a translation can respect the alterity of the incipient text while simultaneously representing the subsequent text in an intelligible way. By maintaining a paradoxical complex relationship between incipient (source) texts and subsequent (target) texts, each of which is emergent, **the translation** is thus neither foreignizing nor domesticating but rather **opens up the cultural world of meaning found in both incipient and subsequent texts to a modern reader.** (Klem outeur.)

⁵¹ *Nieuwe Bijbelvertaling* Standaardeditie – oranje (<https://shop.bijbelgenootschap.nl/product/nieuwe-bijbelvertaling-oranje/> [06 April 2020].

⁵² Gepubliseer as *De Bijbel* met ’n aanduiding dat dit die “Nieuwe Bijbel Vertaling” is en in 2004 uitgegee deur Querido en Jongbloed, Haarlem.

⁵³ <https://shop.bijbelgenootschap.nl/product/kerk-en-huisbijbel/> [06 April 2020].

⁵⁴ Opdrag is gegee aan Jacobus Naudé om die begeleidingskomitee insake die projek te adviseer oor die gebruik van opskrifte in ooreenstemming met die jongste navorsing. Kyk Du Preez & Naudé (2009).

⁵⁵ Hulle gebruik die term *metateks*.

Alhoewel die vertaalopdrag aandui dat *Die Bybel (2020)* vertaal moes word vir gebruik van ook Bybelstudie, is hierdie vertaling nie 'n Studiebybel nie. Daar moes dus deeglik besin word oor die aard en omvang van die addisionele inligting wat opgeneem kon word. In die vertaling is uitgebreid gebruik gemaak van voetnote, kruisverwysings en 'n woordelys, terwyl kaarte en illustrasies ook ingesluit is. Geen verklarende aantekeninge, soos wat tipies deel van 'n Studiebybel sou wees, is egter opgeneem nie. Grondwerk vir 'n Studiebybel is egter reeds in die vertaling gedoen en dit sal met vrug uitgebrei kan word. So 'n Studiebybel sou aansluit by *Die verklarende Bybel* (1989), 'n Studiebybel-uitgawe van die 1983-vertaling. Die *NBV Studiebijbel* (2008) het byvoorbeeld ook diepte-artikels, foto's, 'n uitgebreide verklarende woordelys en 'n verduidelikende tydlyn opgeneem, terwyl die bestaande neweteks in die standaarduitgawe ook aansienlik uitgebrei is.

Deur die verloop van die vertaalproses, en veral tydens die fases waarby die redaksionele komitees betrokke was, is 'n aansienlike hoeveelheid voetnote voorberei en opgeneem. Hierdie voetnote kan breedweg groepeer word as neweteks wat die volgende toeligtig aanbied:

- Sosiokulturele inligting wat die begrip van die vertaalde teks ondersteun – soos wat byvoorbeeld gebeur by mate en gewigte, tydsaanduidings, geldeenhede, leenwoorde en metafore of idiomatiese taalgebruik.
- Inligting oor ander vertaalmoontlikhede wat voorkom in bestaande vertalings – gemerk met *word ook vertaal*.⁵⁶
- Inligting oor ander vertaalmoontlikhede as die een wat in die teks opgeneem is – gemerk met *kan ook vertaal word*.⁵⁷
- 'n Aanduiding daarvan dat die (betekenis van die) bronteks onduidelik is, en/of dat byvoorbeeld die vertaling van die *Septuagint* gevolg word.⁵⁸
- Inligting oor bestaande onopgeloste vertaalprobleme, met ander woorde probleme waarop vertalers van verskillende Bybelvertalings in verskillende tale stuit. Hierdie voetnote is gemerk met frases soos *die bronteks lui (vertaal)* en dit gee dan 'n aanduiding van hoe die bronteks woord-vir-woord weergegee kan word sodat die leser dit kan vergelyk met die vertaaloplossing wat in die teks aangebied word.⁵⁹

Die groot aantal voetnote wat by *Die Bybel (2020)* ingesluit is, is 'n eerste vir Kerkbybels in Afrikaans en is 'n groot aanwinst vir die vertaling.

⁵⁶ Vergelyk byvoorbeeld Gen 12:9: “Toe het Abram algaande verder getrek in die rigting van die Negev.” Met die voetnoot by *Negev*: “... “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigting-aanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”. **Word ook vertaal** as “Suidland”. (*Die Bybel 2020*.) (Klem outeur.)

⁵⁷ Vergelyk byvoorbeeld Jes 4:4 waar die voorkoms van homofone in die brontaal die voetnoot ingegee het: “As my Heer ... die bloedskuld van Jerusalem uit haar midde weggespoel het, deur 'n gees wat oordeel en 'n gees wat wegvee” met die toeligtig by *'n gees wat wegvee*: “**Kan ook vertaal word** as *gees wat verbrand*.” (*Die Bybel 2020*.) (Klem outeur.)

⁵⁸ Vergelyk byvoorbeeld Deut 33:3: “3 *ja, Hy het mense lief. / Al die heiliges is in u hand, / hulle volg U op die voet”, waar die voetnoot by *die heiliges* die volgende toeligtig gee: “Die Septuagint word hier gevolg. **Die bronteks lui (vertaal)** “sy heiliges”.” (*Die Bybel 2020*.) (Klem outeur.)

⁵⁹ Vergelyk byvoorbeeld Rig 20:33: “43 Hulle het Benjamin van alle kante aangeval, hulle onvermoed agtervolg, en hulle vertrap ...” waar 'n voetnoot geplaas is by *onvermoed*: “Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die vertaling volg die Targum en Vulgaat, wat lui (vertaal) “sonder rus”. Die bronteks lui (vertaal) “'n rusplek”. (*Die Bybel, 2020*)

6.4 'n Nuwe generasie Bybelvertalings

Wanneer Naudé (2005b) 'n nuwe generasie Bybelvertalings tipeer, maak hy melding van vier onderskeie sake, naamlik: die aandag wat bestee word aan die vertaling as 'n luisterteks, die fokus op styl en literêre vertaling, die bydrae wat neweteks maak tot sosiokulturele verheldering, en die feit dat die vertaling deur vertaalspanne uitgevoer word wat ook professionele vertalers (vertaalkundiges) insluit. Al hierdie sake is deur die loop van hierdie artikel uitgewys as kenmerkend van *Die Bybel (2020)*. Daar kan daarom tereg verwys word na *Die Bybel (2020)* as 'n vertaling wat tuis hoort by die groeiende nuwe generasie Bybelvertalings en 'n unieke Kerkbybel in Afrikaans.

7. SLOT: FINALISERING VAN DIE PROJEK

Op 2 Mei 2019, 15 jaar ná die versoek vir 'n nuwe Kerkbybel in Afrikaans in 2004 aan die BSA gerig is,⁶⁰ word die teks van die finale vertaling van al die Bybelboeke deur die begeleidingskomitee afgeteken as die einde van die projek vir die direkte vertaling van die derde Afrikaanse Kerkbybel: *Die Bybel (2020)*. Dit beslaan 850 000 woorde, direk vertaal uit die brontekste in Afrikaans, en elk hiervan is minstens twee maal hardop voorgelees by die redaksionele komitees – binne die bestek van vyftien jaar en met die insette van 142⁶¹ deelnemers. Hiermee is fase vyf van die projek afgesluit.

Die vertaalkantoor van die BSA het vervolgens die verantwoordelikheid geneem vir die teksversorging, proeflees, uitleg en druk van die teks in die verskillende beplande uitgawes van *Die Bybel (2020)*, met die bekendstelling daarvan in die vooruitsig gestel vir November 2020.

BIBLIOGRAFIE

- Combrink, B. 2012. Ongepubliseerde Johan Combrink-gedenklesing. 9 Februarie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Combrink, B. 2014a. *BDV*. Ongepubliseerde voordrag aan studente van die Universiteit van Pretoria. 14 Julie.
- Combrink, B. 2014b. Bekendstelling: Die Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling. Ongepubliseer. Groote Kerk, Kaapstad, Maart.
- Combrink, H.J.B. 2014c. Die Bybel: 'n Direkte vertaling. 27 Mei. Ongepubliseerde D.F. Malherbe-gedenklesing. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/images/stories/docs/dF%20malherbe-gedenklesing.pdf> [06 April 2020].
- Combrink, B. 2019. Persoonlike mededeling. E-poskorrespondensie, 29 Augustus.
- De Villiers, F.T. 2002. Psalm 17:14: Tekskritiek as kritieke eerste stap tot Bybelvertaling. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43(1 & 2):39-47. <https://doi.org/10.17570/ngtt.2002.v43n1.a04> [20 April 2020].
- Die Bybel*. 1933/1953. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel*. 1983. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel*. 2020. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel vir dowes / Die Bybel vir almal*. 2007/2008. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika. www.bybel.co.za [7 April 2020].
- Die verklarende Bybel*. 1989. [1983-vertaling met verklarende aantekeninge.] Kaapstad: Lux Verbi.

⁶⁰ “KABA rig versoek 25/10/2004; ... BSA keur goed 17/2/2005” (Combrink 2014a).

⁶¹ Kyk die *Verantwoording* in *Die Bybel (2020)*.

- Du Preez, E.S. & Naudé, J.A. 2009. Aanbevelings vir die opskrifte in die Bybel vir Afrikaans. [Ongepubliseerde verslag.] Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Geyser-Fouche, A.B. 2017. Bybelvertalers en Bybelvertalings die afgelope honderd jaar, in besonder vanuit die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria. *Hervormde teologiese studies*, 73(1). <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v73i1.4741> [6 April 2020].
- Handboek voor de Nieuwe Bijbelvertaling*. 1998. (derde, hersiene en aangevulde editie). Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.
- Miller-Naudé, C.L. & Naudé, J.A. 2018. Editorial theory and the range of translations for “cedars of Lebanon” in the Septuagint. *HTS*, 74(3). <https://doi.org/10.4102/hts.v74i3.5059> [6 April 2020].
- Naudé, J.A. 2001. The Afrikaans Bible translations and apartheid. *Acta Theologica*, 21(1):106-123. <http://hdl.handle.net/11660/7171> [8 April 2020].
- Naudé, J.A. 2004. Afrikaanse Bybelvertalings “vir Afrika”. Die vertalers en hulle kulturele agenda. *Acta Theologica*, 24(1):127-146.
- Naudé, J.A. 2005a. The Afrikaans Bible translations and the formation of cultural, political and religious identities in South Africa. In J. House, R.M. Ruano & N. Baumgarten (eds). *Translations yearbook of the international association for translation & intercultural studies*. Seoul: IATIS, pp. 167-179.
- Naudé, J.A. 2005b. On the threshold of the next generation of Bible translations: Issues and trends. *Meta*, 50(4), December. <https://doi.org/10.7202/019851ar> [16 April 2020].
- Naudé, J.A. 2009. “Soos ’n hamer wat ’n rots vermorself”: Die Afrikaanse Bybel van 1933 as vertaling. *Acta Theologica*, 29(2): 54-73. DOI:10.4314/actat.v29i2.55443 [6 April 2020].
- Naudé, J.A. 2019. Onderhoud op *Leef met Wanda Bam*. [Transkripsie verskaf.] *Kaapse Kansel*. Augustus. <https://soundcloud.com/729capepulpit/leef-met-wanda-bam-5-augustus-2019> [6 April 2020].
- Naudé, J.A. & Miller-Naudé, C.L. 2018a. Alterity, orality and performance in Bible translation. In Malmkjær, K. Serban, A. & Louwagie, F. (eds). *Key cultural texts in translation*. Amsterdam: John Benjamins Publishing, pp.299-313. <https://doi.org/10.1075/btl.140.17nau> [6 April 2020].
- Naudé, J.A. & Miller-Naudé, C.L. 2018b. Lexicography and the translation of “Cedars of Lebanon” in the Septuagint. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 74(3). <https://doi.org/10.4102/hts.v74i3.5042> [10 April 2020].
- Naudé, J.A. & Miller-Naudé, C.L. 2019. Sacred writings and their translations as complex phenomena. The Book of Ben Sira in the Septuagint as a Case in Point. In Marais, K. & Reine Meylaerts (eds). *Complexity thinking in translation studies: methodological studies*. Routledge Advances in Translation and Interpreting Studies. London: Routledge, pp. 180-215.
- Naudé, J.A. & Miller-Naudé, C.L. Forthcoming. [ca. 2020]. Biblical plant hermeneutics and the translation of plants and plant products in the book of Ben Sira 24:13-17. In Marshall, P.S., Meade, J.D. & Kiel, J.M. (eds). *Like Nails Firmly Fixed: Essays on the Text and Language of the Hebrew and Greek Scriptures* [Peter Gentry Festschrift]. Leuven: Peeters.
- Naudé, J.A., Miller-Naudé, C.L. & Makutoane, T. Forthcoming. [ca. 2020]. The Metaphorical and Symbolic Uses of Flora in the Bible: Identification and Translation of “Hyssop”. In Machinist, P., Harris, R., Berman, J., Samet, N. & Darshan, N.A. (eds). *Ve-ʔEd Yaʕaleh (Gen 2:6): Essays in Biblical and Ancient Near Eastern Studies Presented to Edward L. Greenstein. Writings from the Ancient World*. Atlanta: Scholars Press.
- Naudé, J.A. & Van der Merwe, C.H.J. (eds). 2002. Contemporary Translation Studies and Bible Translation: A South African Perspective. *Acta Theologica. Supplementum 2*. Bloemfontein: University of the Free State.
- NBV Studiebijbel*. [ca. 2008]. Inside out publishers. http://www.insideoutpublishers.nl/resources/uitgebreide/nbv_studiebijbel.html [06 April 2020].
- Nienaber, P.J. 1934. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Nuwe Testament en Psalms: ’n direkte vertaling*. 2014. [Proefvertaling]. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Oberholzer, J.P. 1984. Die Afrikaanse Bybelvertaling 1983 – Enkele aantekeninge. *HTS*, 40(1):82-91. Proefvertalings. s.j. *Die Bybel: ’n direkte vertaling*. Bybelgenootskap Suid-Afrika. <http://www.bybeldirektevertaling.co.za/index.php/proefvertalings> [04 April 2020].
- Snyman, H. 2014. ’n Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. *LitNet*, 28 Oktober. <https://www.litnet.co.za/nuwe-afrikaanse-bybelvertaling-bdv-die-bybel-n-direkte-vertaling/> [6 April 2020].

- Steyn, J.C. 2009. Die Afrikaans van die Bybelvertaling van 1933. *Acta Theologica* 29. Supplementum 12:130-156. http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S1015-87582009000300011&lng=en&nrm=iso [6 April 2020].
- Strauss, P. 2016. Die geskiedenis, aanvaarding en impak van die Afrikaanse Bybel van 1933 – ’n oorsig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(3):733-745. doi.10.17159/2224-7912/2016/v56n3a1 [8 April 2020].
- Swart, C. 2008. Die Afrikaanse Bybel vir Dowes breek deur die klankgrens boekaankondiging. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 48(4): 511-512. <https://hdl.handle.net/10520/EJC20106> [8 April 2020].
- Van der Merwe, C.J.H. 2012. The Bible in Afrikaans: A direct translation – A new type of church Bible, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 68(1): Art. #1204, 1-8, <https://doi.org/10.4102/hts.v68i1.1204> [6 April 2020].
- Van der Merwe, C.J.H. 2014. Direkte vertaling van die Bybel as antieke teks: net ’n nuwe benaming vir ’n stokkerige woordelike vertaling?. *Litnet Akademies*, 11(3):290-315.
- Van der Merwe, C.J.H. 2016. How ‘direct’ can a direct translation be? Some perspectives from realities of a new type of church Bible, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 72(3): a3233, <https://doi.org/10.4102/hts.v72i3.3233> [6 April 2020].
- Van Rensburg, A. 2005. ’n Nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans: ’n perspektief op die teorie en praktyk. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Wendland, E.R. 1969. A new concept of translating. In Nida, E.A. & Taber, C.R. (eds). *The theory and practice of translation*. Leiden: Brill.
- Werkboek*. 2006 e.v. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Wiese, T. & Combrink, B. 2012. ’n Nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel is in wording. [Onderhoud.] *Die Kerkbode*, 13 April. <http://192.185.30.195/~kerkbode/bybelvertaling-le-klem-op-bronteks/> [26 Januarie 2015].

Literêre aspekte van die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans en die bydrae van die literêre adviseurs in die vertaalproses

Literary aspects of the 2020 translation of the Bible in Afrikaans and the contribution of the literary advisors in the process of translation

HEILNA DU PLOOY

Navorsingseenheid Tale en Literatuur
Fakulteit Geesteswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Heilna.DuPlooy@nwu.ac.za



Heilna du Plooy

HEILNA DU PLOOY was vir bykans 30 jaar verbonde aan die vakgroep Afrikaans en Nederlands aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Sy is tans buitengewone professor in die Navorsingseenheid Tale en Literatuur aan die NWU. Sy is die skrywer van ongeveer honderd navorsingsartikels en hoofstukke in boeke oor Afrikaanse en Nederlandse prosa en poësie; en sy was redakteur of samesteller van nege akademiese boeke, waarvan *Elize Botha – gespreksgenoot. 'n Brieweboek* (2017) en die huldigingsbundel *PG du Plessis – Hy was 'n rukkje pagter hier* (2019) die mees onlangse is. Sy het 'n aantal kortverhale gepubliseer asook vertalings van gedigte. Daar het drie digbundels uit haar pen verskyn (*Die donker is nooit leeg nie* [1997], *In die landskap ingelyf* [2013] en *Die stilte opgeskort* [2014]), asook 'n roman, *Die taal van been* (2016). Haar geliefkoosde tydverdryf is skilder in waterverf en olie.

HEILNA DU PLOOY lectured in the Afrikaans and Dutch subject group at the North-West University (NWU) Potchefstroom Campus for almost 30 years. She is currently an extraordinary professor in the Research Unit for Languages and Literature at the NWU. She has authored approximately a hundred research articles and chapters in books on Afrikaans and Dutch prose and poetry; and was the editor or compiler of nine academic books, the two most recent being *Elize Botha – gespreksgenoot: 'n Brieweboek* (2017) and a commemorative volume for the Afrikaans author PG du Plessis, *PG du Plessis – Hy was 'n rukkje pagter hier* (2019). She has also published a number of short stories, translations of poems, three volumes of poetry (*Die donker is nooit leeg nie* [1997], *In die landskap ingelyf* [2013] and *Die stilte opgeskort* [2014]), as well as a novel, *Die taal van been* (2016). Her favourite hobby is painting, using both watercolours and oils.

Datums:

Ontvang: 2020-03-21

Goedgekeur: 2020-06-23

Gepubliseer: Desember 2020

ABSTRACT***Literary aspects and the contribution of the literary advisors in the 2020 translation of the Bible***

This article discusses the role and function of the literary advisors in the 2020 Afrikaans translation of the Bible. The introductory part of the article puts forward some of the basic requirements and restrictions of the translation. The literary advisors worked as part of a translation team which also included theologians, exegetes, translators and linguistic advisors, and the translation is described as a “direct translation”. The team approach, as well as the theoretical methodology, was determined by the commission received from the Bible Society of South Africa. The instructions were to render a translation as close as possible to the source text, but which would also represent a smooth and idiomatically satisfying text in Afrikaans. This proved to be very difficult to achieve, as fidelity to the source text and an idiomatic rendering in the target text are almost irreconcilable objectives. The article takes as a point of departure the fact that the Bible is written in a particular language, that translation involves a series of linguistic actions, and therefore the input of literary and linguistic advisors is indispensable.

In this translation, the basic exegesis and first (rough) translation of the biblical texts were done by Hebrew language scholars and theologians. The aim was to reach a satisfactory transposition to the target language of the content of the source texts, which includes the meanings of the words, and phrases and linguistic constructions, as well as any meaningful literary and poetical techniques and structures. The basic responsibility of the literary advisors was to oversee the reformulation of the biblical content in Afrikaans.

From a literary perspective, the fact that the Bible is also regarded as a literary text, a text in which religious content comes to readers in literary form, is stressed in the article. It is imperative to understand and be able to interpret the use of different genres and of literary techniques, including narrative structures and poetic devices in the Bible. The article then describes how the Hebrew scholars and exegetes provided the background information, the cultural, political, ritual and social background to the Hebrew texts. It indicates the difficulty of the process in which the initial translation – elaborated by background information which was continually revisited and discussed and checked in a variety of sources – had to be refined by the literary advisors. The aim to render a translation which would be of high quality from both a linguistic and a literary perspective, and which would be fluent and idiomatically convincing in Afrikaans, was not easily achieved. The article also stresses the importance and effectivity of team work in this process.

In the last part of the article, examples of interesting aspects, as well as solutions to some problems of the translation, are discussed. After an overview of detailed research on the Psalms, attention is given to specific examples. The examples are taken from the Book of Psalms, because this book not only forms an integral part of the Old Testament, but most of the complex poetic constructions in Hebrew can also be found in the Psalms. Parallelism is discussed in more detail because of the frequency and variety of this poetic device in Hebrew poetry, but attention is also given to other poetic devices concerning sound and rhythm, in addition to syntactical issues, such as word order and the semantic structuring of larger sections of text.

The conclusion reached in the article is that this translation came into being through close teamwork; and though the work of the literary advisors was dependent on the information provided by the Hebrew scholars and was executed in and by means of ongoing discussion, it did indeed contribute significantly to the success of the translation.

KEYWORDS: Bible translation, direct translation, interactive translation, translating as a team, literary advisors, the Bible as a linguistic text, The Bible and literature, the Bible as literature, Hebrew poetry, the Psalms

TREFWOORDE: Bybelvertaling, direkte vertaling, interaktiewe vertaling, spanvertaling, literêre adviseurs, redigering, die Bybel as 'n taaltteks, die Bybel en letterkunde, die Bybel as letterkunde, Hebreeuse poësie, Psalms

OPSOMMING

In hierdie artikel word die rol en funksie van die literêre adviseurs in die 2020-vertaling van die Bybel bespreek. Daar word aandag gegee aan die literêre adviseurs se siening oor die Bybel as 'n taaltteks, hulle plek in die vertaalspan en hoe direkte vertaling as vertaalstrategie hulle bydrae bepaal het. Daar word veral klem gelê op die onderhandelende en interaktiewe aard van hierdie vertaling en op die kompleksiteit van die vertaalopdrag, omdat die eise van getrouheid aan die bronteks, sowel as van 'n goeie vloeiende formulering in idiomatiese Afrikaans, soms moeilik te versoen was. Die interafhanklikheid van die literêre adviseurs en die eksegete en brontaalkenners word beskryf, asook hoe literêre insette in elke fase van die vertaling 'n rol gespeel het. Die bydrae van die literêre adviseurs is gerig deur die siening dat die Bybel 'n religieuse sowel as 'n literêre teks is, en dat die eindproduk van die vertaling aan albei hierdie aspekte moet laat reg geskied. Daar word aandag gegee aan voorbeelde van vertaalvraagstukke in die Psalms. Omdat parallelismes so 'n dominante stylfiguur is in die Hebreeuse poësie, word die verskynsel meer uitvoerig in die artikel beskryf, maar ander poëtiese en literêre tegnieke word ook behandel. Die gevolgtrekking is dat die literêre adviseurswerk enersyds nie bepalend is nie, maar andersyds ook nie nalaatbaar nie.

1. INLEIDING

Die rol van literêre adviseurs in 'n Bybelvertaling is meer gekompliseerd as wat mens met die eerste oogopslag sou vermoed. Die mees voor die hand liggende funksie van sulke adviseurs is om toe te sien dat die finale produk van die vertaling in die doeltaal stilisties en literêr voortrefflik is, dit wil sê die vertaling moet natuurlik en vloeiend wees in die doeltaal, maar dit moet ook die literêre aard en gehalte van die brontaaltteks bewaar en weergee. Bowenal moet die finale bewoording steeds so getrou as moontlik die betekenis van die brontekste in Hebreeus en Grieks weergee. Die proses van vertaling is op sigself 'n veelfasettige aktiwiteit, en die vertaling van 'n antieke teks soos die Bybel is des te meer ingewikkeld.

2. DIE 2020-VERTALING VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS: DIE BYBEL AS TAALTEKS, DIE SPANBENADERING EN DIREKTE VERTALING

2.1 Die Bybel en taal

Die vertrekpunt vir hierdie betoog is dat die Bybel 'n taaltteks is, dat geloofswaarhede en geloofsriglyne oor eeue heen in woorde vasgevang en in groter samehangende tekste opgeteken is, en dat hierdie woorde in "boeke" van welke aard ook al bewaar en oorgedra is. Die gesag van die Bybel¹ het vir gelowiges oor die wêreld heen oor al hierdie eeue geldig gebly, maar

¹ Ek gaan hier nie in op die verskillende sienings en debatte oor die religieuse status en normatiewiteit van die Bybel nie. Die feit bly staan dat die Bybel vir baie mense 'n gesaghebbende en normatiewe religieuse dokument is, en die vertalers moet daarmee rekening hou.

ten einde toegang tot die oertekste te kry, is vertaling nodig. Die bestaan van die Bybel is onherroeplik verbonde aan taal. Die toegang daartoe behels naamlik talige aktiwiteite soos kennis van die brontale, goeie interpretasie en eksegeese. Hierdie kennis moet toeganklik gemaak word vir ander, en daarom word die oorspronklike tekste vertaal. Vertaling sluit ten slotte ook die herverwoording in ander tale in – en al hierdie bewerkinge is almal talige prosesse. Die omgang met die Bybel, hetsy in sy oorspronklike taal of in vertaalde vorm, is en bly dus onvermydelik verbonde aan en gebonde deur taal.

Wat EW Bullinger in 1898 skryf in die openingsparagraaf van sy boek *Figures of Speech used in the Bible*, aangaande die verstaan, die vertaling, die taal- en literêre versorging van die vertaling van die Bybel is steeds geldig:

JEHOVAH has been pleased to give us the revelation of His mind and will in words. It is therefore absolutely necessary that we should understand not merely the meanings of the words themselves, but also the laws which govern their usage and combinations. (Bullinger 1898)

2.2 Die spanbenadering

In hierdie vertaling is van ’n spanbenadering gebruik gemaak.² Dit is soos volg verwoord in die vertaalopdrag:

Die proses waarvolgens die Bybel vertaal word, het die afgelope dekades verander: Bybelvertaling word tans gedoen deur ’n hele vertaalspan wat nie net teoloë insluit nie, maar ook nie-teoloë wat kenners is van sowel die brontale as die taal waarin vertaal word. Vertaalspanne word ook só saamgestel dat dit, waar moontlik, bestaan uit kundiges uit alle kerke wat die Bybel in die betrokke taal gebruik. (ABV Vertaalopdrag:2)

Met ’n spanbenadering moet daar oor bepaalde teoretiese aannames ooreenstemming bestaan tussen die medewerkers. Dit geld sowel die geloofs- as literêre aspekte. Omdat die Bybel en die vertaling daarvan so intens met taal gemoeid is, moet ook kennis geneem word daarvan dat taal self en die prosesse van taalhantering nooit “deurskynend” is nie. Deur die eeue het die siening van die gesag en werking van taal geweldige veranderinge ondergaan, en in die twintigste eeu het hierdie taal- en literêre teorieë uiters prominent geword. Die verskillende teorieë, wat soms ingrypende filosofiese implikasies behels (vgl. Zima 1999:vii-xi), het mekaar in die afgelope eeu ook al hoe vinniger opgevolg, en vanselfsprekend het hierdie teorieë en filosofieë ’n uitwerking op die verstaan van die Bybel as ’n talige teks en uiteraard ook op vertaling as dissipline.

Die medewerkers aan die redaksionele fase van hierdie vertaling se religieuse standpunte en literêr-teoretiese benaderings het, wat kernsake betref, by mekaar aangesluit: Almal het die gesag van die Bybel aanvaar en saamgestem dat die teks met die grootste ontsag en omsigtigheid benader moet word. Daarom is daar deurgaans aan sowel die geloofsdimensie van die vertaalwerk as die talige aard van die werk aandag gegee. Die konfrontasie met die probleme van

² Die motivering van die besluit om ’n span kundiges te gebruik om die vertaling te maak, sowel as die besluit om van “direkte vertaling” as metode gebruik te maak, word elders in hierdie bundel artikels uiteengesit en verantwoord. Die verduideliking van die totale vertaalproses wat in verskillende fases verloop het, word ook elders omskryf. Die basiese werkwyse word hier slegs genoem en in die argument ingewerk waar dit ’n impak het op die bydrae van die literêre adviseurs. Vgl. ook Van der Merwe (2012).

woorde en idioome en formulering was waarop daar in die praktyk van die vertaling gefokus moes word, omdat die medewerkers talige oplossings moes vind vir vraagstukke in die moeilike gebied tussen taal en religie. Die vraagstukke self en die oplossing daarvan is immers alles talig van aard.

Die spanbenadering het egter die groot voordeel ingehou dat besluite onderhandel kon word. Vanaf die aanvanklike vertaalfases waar eksegete en brontaalkenners 'n eerste vertaling gemaak het, en intravertalers 'n literêr en talig beter versorgde herskrywing van die eerste vertaling gemaak het, tot by die uiteindelijke redaksionele fase, het brontaalkenners, vertaalkundiges, eksegete, taalkundiges en literêre kenners saamgewerk en deurlopend onderhandel. Die verstaan, interpretasie en vertaling van die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste deur die eksegete en kenners van die antieke tale is dus aangevul deur insette van die taalkundiges en literêre adviseurs om by die beste moontlike vertaling uit te kom. Die literêre adviseurs moes in die redaksionele fase die voorlopige Afrikaanse vertaling help afrond deur die vertaling literêr te beoordeel en aan te pas op grond van verdere noukeurige inligting wat die brontaalkenners en eksegete kon verskaf ter toeligting van elke vers en frase.

Hoewel die spanbenadering tans beskou word as 'n nuwe benadering, is daar 'n uitstekende voorbeeld daarvan bekend baie ver terug in die geskiedenis van vertaling. Die eerste amptelike en formele skool vir vertaling, die *Escuela de Traductores de Toledo*,³ is tot stand gebring in Spanje in die 12^{de} en 13^{de} eeu, eers onder leiding van die Aartsbiskop Raymond van Toledo, en in die dertiende eeu onder beskerming van koning Alfonso X van Kastilië.⁴ In hierdie skool is tekste tussen Arabies, Latyn, Grieks en later Kastiliaans en ander Europese tale vertaal.⁵ Die vertaalwerk is wedersyds gedoen, en die vertalers wat gewerf is op grond van hulle bekwaamheid, was uit alle Europese en Midde-Oosterse lande afkomstig. Daar was wedersydse respek vir die verskillende (veral religieuse) tekste wat vertaal is; maar wat belangrik is vir hierdie betoog, is dat daar deurlopend samewerking was, omdat meer as een vertaler aan 'n vertaling gewerk het.

2.3 Direkte vertaling

Die vertaling van *Die Bybel (2020)* is gedoen deur gebruik te maak van 'n bepaalde vertaalteoretiese benadering wat bekend staan as *direkte vertaling*. Hierdie term het 'n bepaalde tegniese betekenis, en dui op

'n poging ... om 'n vernuwende oplossing te bied vir die eeue oue spanning tussen getrouheid aan die outeurs van die antieke bronteks en die verstaanbaarheid daarvan vir ernstige Bybellesers vandag. (Van der Merwe 2014:290)

Die vertaalopdrag aan die vertaalspan lui dan ook soos volg:

Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategeese, Bybelstudie en persoonlike gebruik. Hierdie opdrag is verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees. (Combrink 2020)

³ Vgl. https://en.wikipedia.org/wiki/Toledo_School_of_Translators

⁴ Vgl. https://en.wikipedia.org/wiki/Alfonso_X_of_Castile

⁵ Dit was hierdie vertalings in Kastiliaans wat die grondslag van Spaans as taal gelê het, soos Luther se Bybelvertaling (van 1522-1534) ook die basis van Duits gelê het.

In hierdie vertaalopdrag as sodanig lê die eerste ernstige probleem van die hele vertaalprojek opgesluit, naamlik om 'n balans te vind tussen getrouheid aan die bronteks aan die een kant en verstaanbaarheid en toeganklikheid vir die gebruikers in die doeltaal aan die ander kant. Daarby moet die vertaling, soos van enige ordentlike vertaling wat gesag wil afdwing, verag word, aantreklik en literêr en taalkundig afgerond wees. Waar die bronteks soms, indien dit letterlik vertaal sou word, heeltemal onverstaanbaar sou wees vir die doeltaalgebruiker, moet die vertaalspan 'n oplossing vind. In die algemeen gesproke, kan dit gedoen word deur onder meer vryer te vertaal, verduidelikend te vertaal (deur byvoorbeeld 'n woord met 'n duideliker betekenis te soek), of in 'n voetnoot 'n verduideliking te verskaf vir die vertaalkuse wat aan gebied word. In die voorbeelde verder aan hieroor meer.⁶

In hierdie 2020-vertaling is daar met groot omsigtigheid met hierdie moontlikhede omgegaan, en daar is spesifiek gekies om nie uitbreidende verduideliking te gebruik nie en voorkeur te gee aan verduideliking in voetnote. Binne die beskikbare moontlikhede is daar in elk geval deurgaans gepoog om nie radikale opsies te neem nie en om eerder in die voetnote en in die register die probleme uiteen te sit.

3. DIE PLEK EN TAAK VAN DIE LITERÊRE ADVISEURS

Die kern van die werk van die literêre adviseurs is deur baie verskillende en uiteenlopende faktore bepaal, maar sentraal in hierdie reeks faktore staan die eise wat onderliggend is aan die poging om 'n transponering van betekenis te bewerkstellig vanaf antieke en gans andersoortige tale uit veraf-liggende historiese tydperke na 'n moderne taal, met 'n voorkeur vir eenvoudige en direkte segging. Om die vertaalde teks soepel en natuurlik te kry, het dikwels groot eise aan die literêre adviseurs gestel; want om die regte woord en frase en sinsformulering te kry wat die hele semantiese lading én die literêre vormgewing van die bronteks dra en weergee, verg goeie insig en toets hulle taalaanvoeling deurlopend. Dit is hier waar onderhandeling en gesprek 'n groot rol gespeel het. Die taal- en literêre adviseurs sou 'n taalprobleem in die voorgestelde formulering raaksien, maar omdat hulle nie 'n diepgaande kennis van die brontaal het nie, kan hulle dit nie direk suiwer volgens die taalreëls en hulle taalaanvoeling vir die doeltaal oplos nie – dit sou daartoe lei dat die vertaling te vry raak. Hulle het dan soveel as moontlik inligting oor die brontaaltekste nodig om 'n sinvolle oplossing voor te stel. Die brontaalkenners wat die brontaaltekste binne hulle oorspronklike talige en kulturele raamwerke bestudeer en interpreteer, verskaf dan die nodige agtergrond en inligting oor die taalkonstruksie en literêre aspekte in Hebreeus of Grieks en verduidelik die betekenis wat in die doeltaal verwoord moet word. Hierdie inligting vereis 'n intensiewe hermeneutiese analise van die brontekste. Doud (2020:1) gebruik die volgende omskrywing: "... hermeneutics involves a movement from the subjective understanding of ancient believers in their own time and place to our self-understanding in today's world". Hieruit blyk hoe nou verweef en interafhanklik die interpretatiewe werk van die brontaalkenners en eksegete en die bydrae van die literêre adviseurs is.

Soos hier bo uiteengesit, geskied die hele vertalingsproses in opeenvolgende lae van taalbewerkinge. Kenners van die literatuur is by die formulering in die doeltaal baie bewus

⁶ In sommige vertalings word daar soms van 'n "verleentheidsvertaling" gebruik gemaak. Dit is 'n vertaling wat sigself vryhede veroorloof om probleme met onduidelikhede op te los, meestal deur gewoon logiese of kontekstuele merkers te gebruik om 'n meer of minder akkurate raaiskoot te waag. In hierdie vertaling is daardie opsie met groot sorg vermy, en daar is eerder van toeligting in voetnote gebruik gemaak om duistere teksgedeeltes te hanteer.

daarvan dat taal as verskynsel op sy beste 'n kameleontiese en verglydende medium is. Tale groei en verander, en ontwikkel as 't ware 'n lewe van hul eie. Woorde en uitdrukkings in 'n taal dra en herberg bykomende betekenis soos die tyd verloop, en die totale betekenis lading oor tyd heen beïnvloed die betekeniskeppende vermoë van daardie selfde woorde en uitdrukkings in die daaropvolgende gebruik daarvan. Uiteindelik dra 'n woord 'n historiese lading van betekenis wat oor eeue akkumuleer en dikwels ook radikaal verskuif. In literêre terme word gepraat van die argeologie van taal,⁷ want elke woord dra uiteindelik as 't ware die geskiedenis van al die betekenis en die betekenisvariasies en -assosiasies wat daardie woord oor die tyd heen geakkumuleer het, in hom saam. Die strewe om so noukeurig as moontlik uit 'n oeroue en ver verwyderde bronteks te vertaal, is dus 'n geweldige opgawe. Om die betekenis wat uit die bronteks gehaal word, so suiwer as moontlik weer te gee in 'n moderne taal, waarvan die woorde en uitdrukkings op hul beurt net so gelade is met historiese gebruike, veranderinge, variasies en assosiasies, maak alles net moeiliker.

Wat egter wel ook waar is, is dat die kernbetekenis van taal en van woorde en uitdrukkings wel grootliks herwin kan word. Die brontaalkenners het baie bronne, sommige baie ou bronne wat in tyd nader aan die brontaaltekste is, tot hulle beskikking. Verder kan daar uit die konteks van 'n woord baie afgelei word, asook deur die gebruike van 'n woord op verskillende plekke in die Bybel met mekaar te vergelyk. En al is daar speling in die betekenis van woorde en uitdrukkings, weet taalpraktisyne dat die kernbetekenis wel bewaar bly en toeganklik is. Dit is ook so dat die oorkoepelende betekenis van 'n samehangende reeks boeke soos dié in die Bybel nie deur vertaling radikaal verander nie, mits die getrouheid aan die brontaaltekste gerespekteer word. Klein formuleringsverskille verander nie die groter deurlopende lyne van betekenis nie.

Van der Merwe (2016) omskryf direkte vertaling soos volg:

It is an attempt to “interpretively resemble” in good idiomatic Afrikaans all the communicative clues of the source text in the contexts construed for the *source text* audience. [...] However, whenever the language structure and the conceptual world behind the language and culture of the source text could not be adequately understood and/or represented in the translation, or may be misunderstood by modern readers, additional information is provided in the paratext (e.g. introductions to the biblical books, maps, illustrations, footnotes and a glossary). Appiah [...] calls this a “thick translation”.

Die literêre adviseurs moet dus in hulle poging om reg te laat geskied aan die bronteks, sorg dat die vertaalde teks so korrek moontlik is, dat dit mooi en goed klink; maar hulle moet ook rekening hou met hoe potensiële lesers die vertaalde teks gaan verstaan binne hulle konteks. Onder meer moet woorde met dubbelsinnige betekenis, woorde wat misverstand kan veroorsaak en die registers van taalgebruik (histories sowel as sosiaal) deurlopend verreken word.

Dit was deurgaans in die vertaalproses die benadering dat die historiese aard en die statuur van die Bybel as 'n religieuse teks Bybelvertaling 'n baie spesifieke en verantwoordelike werk maak. Daar is uiteraard 'n geweldige tydsverloop tussen die leefwêreld van die oorspronklike

⁷ In sy boek *The Order of Things* verduidelik Foucault (1973:xi-xiv) wat hy bedoel met die argeologie van denke (wat lei tot die argeologie van die teken en die argeologie van taal), naamlik dat alle taal en diskoers setel in 'n bepaalde epistemologie, wat neerslag vind in woorde en diskoers. Volgens hierdie siening dra woorde hulle eie geskiedenis van gebruik in hulle saam, en dit is 'n kumulatiewe proses van betekenisverdigting. Vgl. ook Du Plooy (2011).

tekste en die leefwêreld van die vertalers en huidige Bybellesers. Verder is die tale self ook gans onverwant. Die Ou Testament is meer as 2 000 jaar gelede geskryf in Hebreeus afkomstig uit verskillende tydperke, wat onderling verskille vertoon, en die Nuwe Testament is in Grieks geskryf tussen 50 en 130 n.C. Omdat die Bybel so ’n ou versameling tekste is, is daar ook al geweldig baie óór die Bybel geskryf en al die verskillende interpretasies van die tekste het onvermydelik ’n invloed op elke volgende interpretasie en verstaan van die bronteks. Om die bronteks se betekenis in volle diepte te probeer peil, moet die brontaalkenner en eksegeet rekening hou met die denke van die tyd, die liturgiese en rituele aspekte van die bepaalde teksgedeelte, historiese sake soos die regstelsel, die sosiale gebruike, die idiomatiese taalgebruik van die tydperk, literêre en skryfkonvensies, en style van profetiese en visioenêre geskrifte (vgl. Doud 2020:8). En allerlei interpretasies wat oor eeue heen gemaak is, moet bewustelik verreken word om ongewenste invloede te vermy.

Die literêre adviseur moet ook met al hierdie aspekte van die doeltaal rekening hou om goeie woordkeuses en formulering voor te stel. Die intensiteit van begrippe, die register van frases, vaste formuleringe, idiomatiese taalgebruik en ’n eindelose aantal ander moontlikhede moet in ag geneem en oorweeg word.

’n Ander byna intimiderende aspek waarvan die literêre adviseurs baie bewus is, is dat antieke religieuse tekste inderwaarheid bykans deurgaans in hoogs poëtiese taal geskryf is.⁸ In die geval van die Bybel gaan dit nie net om die eksplisiet poëtiese boeke soos die Psalms, Hooglied, Prediker, liedere in baie boeke en die beskrywings van visioene in die profetiese boeke nie, maar om die hele versameling tekste – miskien minder in die Nuwe Testament, maar wel deeglik in die Ou Testament. Afgesien daarvan dat alle taal teoreties gesproke metafories van aard is, omdat alle tale konvensionele sisteme van betekenis aanduiding is, waarin betekenis op soms willekeurige en dikwels onlogiese wyse toegeken en uitgeruil word in ’n bepaalde historiese periode, was religieuse tekste in antieke tye hoogs gestruktureerde en stilisties komplekse tekste om daardeur gesag aan daardie tekste toe te ken. Dit beteken dat indirekte poëtiese segging, metaforiese taal, stilisties betekenisvolle poëtiese vorme en betekenisdraende strukture in byna elke sin en vers voorkom. Die betekenisdraende kodes waarmee gewerk is, sowel wat semantiek as struktuur en styl betref, is tans nie meer volledig toeganklik nie, en dit vereis diepgaande studie van die antieke tale en van die wêreldbeeld van die betrokke antieke periodes om die brontekste te interpreteer.

Die bekende Christelike Amerikaanse literator Leland Ryken (2014) skryf in ’n artikel dat “[t]he form in which the Bible comes to us is primarily (though not completely) a literary book”, en verwys dan ook na die bekende Britse essayis CS Lewis (1958/2017) se “Reflections on the Psalms”, waarin Lewis skryf: “[T]here is a sense in which the Bible, since it is after all literature, cannot properly be read except as literature; and the different parts of it as the different sorts of literature they are.” Ryken het talle boeke geskryf oor die literêre aspekte

⁸ Daar bestaan die opvatting dat poësie oorspronklik die natuurlike vorm van taal in alle kulture was en dat die oudste religieuse tekste in daardie idioom geskryf is. Die oudste tekste waarvan ons weet, soos die *Bybel*, die Tibetaanse *Dodeboek*, die Indiese *Rig-Veda*, die oud-Egiptiese poësie, met die “Sonlied” van Akhnaton as die hoogtepunt, en die Chinese *Boek van Odes* is stilisties almal baie sterk of selfs suiwer poëties. Hierby kan mens ook die Babiloniese heldedige *Gilgamesh-epos* voeg, sowel as Homeros se *Ilias* en *Odusseia* en die *Aeneïs* van Vergilius (vgl. Van Vliet 1998:18-19). Ook Martin Heidegger het die standpunt gehuldig dat die oorsprong van taal poëties of poësie self was: Die poëtiese is geensins blote versiering of verfyning van die taal nie, maar die “ruimte” of “plek” waar “being came primordially into expression as language” (vgl. Doud 2020:4).

van die Bybel, soos ook CS Lewis.⁹ Vanselfsprekend staan die geloofsdimensie steeds sentraal, soos wat hierdie literatore dit ook duidelik stel, maar die toegang tot daardie dimensie in die Bybel kom via taal en literêre vorm.¹⁰

Een duidelik literêre eienskap van die Bybel is dat daar verskillende genres voorkom: verhalende prosa en poësie, geskiedskrywing, regstekste, wysheidsliteratuur, lofliedere en klaagliedere, profetiese tekste en visioene. Hierdie genres moet gerespekteer word, omdat dit die vorm en die betekenis van die Bybelse teks bepaal. Binne hierdie genres is daar dele wat selfs meer intens literêr en eksplisiet poëties van aard is in die opsig dat dit die eienskappe van die Hebreeuse poësie en van die poësie in die algemeen vertoon. In hierdie gedeeltes kom, afgesien van die kennis van die brontaal as sodanig, spesifieke poëtiese eienskappe soos strukturele, metaforiese, klankmatige en ander eiesoortige stilistiese literêre eienskappe ter sprake.

Soos vroeër genoem, word die Bybel in sy geheel as 'n religieuse teks met literêre aard of as 'n literêre werk met 'n religieuse dimensie beskou. Die literêre aard en die religieuse dimensie is inderwaarheid onskeibaar, soos wat in alle literatuur inhoud en vorm onskeibaar is. In *Die A-Z van Openbaring* (2007) beskryf Jan Du Rand die boek Openbaring soos volg:

Die boek Openbaring is inderdaad 'n apokaliptiese kunswerk. Dit is soos 'n kleurryke tapisserie. Die literêre kleure, tekstuur, nate en steke is deeglik beplan en meesterlik saamgevoeg tot 'n geheelharmonie. Om dié kunswerk ten volle te kan waardeer, verg verfynde kennis en eerlike, gesofistikeerde metodes van verstaan.

Wat egter baie duidelik gestel moet word, is dat hierdie 2020-vertaling van die Bybel nie “literêre vertaling” in die gewone sin van die woord is nie; trouens, dit is onmoontlik en sou op geen manier in die vertaalopdrag inpas nie, omdat dit hier nie gaan om die kreatiwiteit van óf die oorspronklike skrywer óf van die persoon wat uiteindelik die vertaalde teks formuleer nie. Die aard en religieuse betekenis van die Bybelse tekste is, soos hier bo uiteengesit, bepalend vir die vertaalstrategie en -praktyk van *Die Bybel* (2020). Vir sommige vertalers van sekulêre literêre tekste is die ideaal van literêre vertaling die totstandkoming van 'n nuwe literêre teks, 'n nuwe kreatiewe teks. Dit is onder meer die standpunt van die bekende Switserse digter en vertaler Philippe Jacottet, wat selfs verkies dat die vertaler van poësie self 'n digter moet wees. Vertaling is dan “'n verborge onderhandeling wat die vorm aanneem van 'n gesprek; 'n stem wat antwoord op die spesifieke klank en toon van 'n ander” (Du Toit 2019:154), met die oog daarop om 'n nuwe selfstandige literêre teks tot stand te bring. Hierteenoor is die Mexikaanse digter Octavio Paz egter van mening dat digters in die praktyk selde goeie vertalers is, omdat hulle eie digterlike ego in die pad staan van 'n “onderdanige” weergawe van die ander digter

⁹ Hier kan nie op die inhoud van hierdie skrywers en vele ander se werk ingegaan word nie, maar Ryken se publikasielyst van boeke en artikels oor die Bybel en die letterkunde reik aan die 300, en sluit werke in soos *A complete literary guide to the Bible* (1993), *How to read the Bible as literature* (1984) *Words of life: a literary introduction to the New Testament* (1987). Hy was medewerker aan *A History of the Bible as literature* (1993). CS Lewis se *Reflections on the Psalms* is ook baie bekend.

¹⁰ Dit bly vir my as literatuurwetenskaplike altyd opvallend hoeveel literatore en literatuurwetenskaplikes hulle met die Bybel as teks besig hou en voorbeelde uit die Bybel gebruik. In sy gesaghebbende boek oor die poësie *Lessen in lyriek* gebruik Wim Bronzwaer (1993) deurlopend voorbeelde uit die Bybel gelyklopend met voorbeelde uit die klassieke wêreldlike literatuur. Ander literatuurwetenskaplikes skryf oor Bybelse tekste, al is hulle self glad nie gelowig nie, omdat die Bybel steeds as 'n merkwaardige stuk literatuur beskou word. Vergelyk onder meer die bekende narratoloog Mieke Bal se *Lethal Love: Feminist readings of Biblical Love Stories* (1987).

se werk (Du Toit 2019:154). Daar is ook teoretici wat glo dat die vertaler eerder die dinamiek van die oorspronklike teks moet vasvang en nie meganies korrek hoef te vertaal nie (Kopp 1998). Hierdie soort vertaling stem ooreen met funksioneel-ekwivalente dinamiese vertalings, en die waarde wat die 2020-vertaling van *Die Bybel* heg aan die getrouheid aan die bronteks, sluit so 'n werkwyse heeltemal uit.

Desnieteenstaande moes die literêre adviseurs tog poog om met hulle literêre aanvoeling en insig die finale vertaling literêr so goed as moontlik te maak. Dit sou selfs as hulle verantwoordelikheid beskou kon word. Baie literêre en poëtiese strategieë, bekend in moderne Afrikaanse literêre teorie en praktyk, moes ontgin en geïmplementeer word om hierdie strewende te probeer waar maak.

In die laaste instansie wil ek beklemtoon hoe diepgaande die projek van die 2020-vertaling gekenmerk is deur samewerking, gesprek, onderhandeling en kennisuitruiling.¹¹ Die brontaalkenners kon nie optimaal werk sonder die ondersteuning en bydrae van die doeltaalmense, die taalkundige en literêre adviseurs, nie; en vanselfsprekend kon die doeltaalmense geen bydrae lewer sonder die grondwerk en toeligtig, sonder die voorlopige bewoordings wat gemaak is op grond van magtige hoeveelhede navorsing oor die brontale en landeskunde van die historiese tydperke deur die brontaalkenners nie. Die bydrae van die literêre adviseurs is dus slegs moontlik in 'n simbiotiese samewerking met die span as geheel, en die bydrae moet dus nie oorskat word nie; maar dit kan ook geensins as 'n bloot kosmetiese of oppervlakkige agterblyk oor die vertaling beskou word nie. Die literêre adviseurs het hulle bydrae as deel van die span ernstig opgeneem, en het hard gewerk aan die voorbereiding vir elke sessie en met oorgawe aan die gesprekke deelgeneem, sodat daar by die beste moontlike vertaling uitgekóm kan word, juis omdat hulle besef het hoe belangrik die afronding en verfyning in die doeltaal van die teks is vir die geslaagdheid van die vertaling.

4. DIE VERTALING VAN DIE PSALMS¹²

Omdat die Psalms die hoogste eise aan die vertalers van die 2020-vertaling van die Bybel gestel het en omdat baie van die belangrike vertaalprobleme in die Psalms voorkom, word die bespreking van konkrete voorbeelde tot die Psalms beperk. Die poësie word immers allerweë beskou as die mees gekonsentreerde en mees betekenisdigte vorm van taal.¹³ Dit is uiteraard die moeilikste soort tekste om te vertaal, die uitdagendste en ook waarskynlik die mees bevredigende.

Die boek van Psalms beklee ook 'n besondere en, volgens sommige skrywers, selfs 'n sentrale plek in die Ou Testament. Doud (2020:1) onderskryf die standpunt dat dit inderwaarheid nodig is om die hele Ou Testament te bestudeer om die Psalms te verstaan, dat die hele Ou Testament as 'n soort kommentaar op die Psalms beskou kan word. Die rede hiervoor is dat die basiese geloofsoortuigings en die teologiese opvattinge van Israel in die Psalms neerslag vind. Kulturele sake wat te make het met die verbond, die wet en die regstelsel, die geskiedenis, die koninklike tradisie, profesie, wysheidsopvattinge, en dan natuurlik ook die literêre en poëtiese tradisie, lê ten grondslag aan die inhoud en die formele literêre en talige eienskappe van die Psalms (Doud 2020:4). Daar sou dus gesê kon word dat alle aspekte van die religieuse

¹¹ Die vertaling het uiteindelik tot stand gekom deur 'n reeks opeenvolgende prosesse van redigering en kontrole en revisie. Vir 'n uitgebreide bespreking van redigering en afronding in vertaling kan Mossop (2011) geraadpleeg word.

¹² Ek bedank prof. HF van Rooy vir sy hulp, sy insette en kontrole met hierdie gedeelte oor die vertaling van die Psalms.

¹³ In Jurij Lotman (1972:133) se woorde "Schönheit ist Information".

belewenis van die Jodedom in die tyd van die Ou Testament in die Psalms neerslag vind (Doud 2020:6).

Om die betekenisdigtheid en die uitwaaiende werking van poëtiese taal te bewerkstellig, gebruik digters in alle tale en in alle tye van die geskiedenis poëtiese tegnieke. Een van die funksies van die literêre adviseurs in hierdie vertaling was om die poëtiese eienskappe van die Psalms te ontleed (aan die hand van die inligting verskaf deur die brontaalkenners), en dan in gesprek met die brontaalkenners, die beste korrelerende poëtiese formulering en struktuur in Afrikaans te vind om die betekenis van sowel die inhoud as die betekenis van die formele poëtiese tegnieke in Hebreeus (asook in die Grieks van die Nuwe Testament) weer te gee.¹⁴

'n Indringende bespreking van die Hebreeuse poësie val buite die bestek van hierdie artikel, maar daar word wel enkele opmerkings gemaak wat van belang is vir die vertaling van die Hebreeuse poësie van die Ou Testament. Dit word dan gebruik as vertrekpunt om die vertaalproses toe te lig. Vir 'n algemene bespreking van die Hebreeuse poësie kan verwys word na die werke van Wu en Longman (2017), Fokkelman (2001) en Watson (1994 en 1995). Alhoewel Collins (1978) op die profete van die Ou Testament gefokus het, is sy werk oor die verskillende vorme van versreëls in Hebreeuse poësie steeds baie belangrik in meer onlangse studies oor Hebreeuse poësie. Meer onlangse werke oor die poësie van die Hebreeuse profete is die studies van Seybold (2010) en Vincent (2017).¹⁵ Vir die ontwikkeling van verskillende teorieë oor Hebreeuse poësie, veral die vorme van versreëls, kan die oorsig van Stocks (2012:22-65) geraadpleeg word.

4.1 Parallelisme

Op grond van die prominensie en belangrikheid van die herhalende struktuur van die versreëls en sinne in die Hebreeuse poësie, word die verskillende soorte parallelisme¹⁶ meer uitvoerig bespreek. 'n Groot variasie van parallelismes kom voor, en slegs enkele voorbeelde word bespreek om vorme van parallelisme te verduidelik.

Die basiese versreël in Hebreeuse poësie bestaan uit twee helftes wat op een of ander manier met mekaar verband hou, deur herhaling en variasie (Fokkelman 2001:61). In hierdie verband word gewoonlik verwys na die grondliggende werk van biskop Lowth, wat die eerste was om die uitdrukking *parallelismus membrorum* te gebruik (vgl Stocks 2012:1). In aansluiting

¹⁴ Daar word hier uitgegaan van die standpunt dat in die poësie vorm sowel as inhoud betekenisdraend is. Dit geld ook vir die prosa, maar kom meer intensief voor in die poësie. Dit behels dat vormlike eienskappe soos sintaksis (wat woordorde, parallelisme en koppeling, sintaktiese uitbreiding en ander unieke, doelbewus onvormde sinstrukture insluit), klankverskynsels, en selfs ritmiese en metriese verskynsels betekenisdraend is (vgl. Gräbe 1984; Bronzwaer 1993).

¹⁵ Vir diegene wat nie Ou Testamentiese spesialiste is nie, sal die inleiding van Hill & Walton (2000:307-319) van nut wees.

¹⁶ In die moderne literatuurteorie word daar steeds baie aandag gegee aan sintaktiese herhalings en patroonmatighede. Die terme wat tans gebruik word, is koppeling en parallelisme, waar koppeling 'n volledige sintaktiese ooreenstemming behels en parallelisme 'n gedeeltelike sintaktiese ooreenstemming, sodat daar 'n graduele verskil tussen die twee verskynsels is. Hierdie sintaktiese herhaling hou in dat as 'n sinsdeel bestaan uit byvoorbeeld 'n selfstandige naamwoord, 'n werkwoord 'n voorsetsel en 'n ander selfstandige naamwoord as objek, die korrelerende sinsdeel dieselfde patroon sal hê wat betref die woordsoorte, hoewel ander woorde gebruik word. Dit gaan om die verskynsel wat Roman Jakobson beskryf het: "The poetic function projects the principle of equivalence from the axis of selection into the axis of combination" (Gräbe 1984: 213). In sowel koppeling as parallelisme is daar 'n semantiese ooreenkoms tussen die twee sinsdele, net soos wat dit reeds in ou Hebreeuse poësie voorgekom het.

by sy benadering is daar gewoonlik drie soorte paralellisme onderskei, naamlik sinonieme, antitetiese en sintetiese parallelismes.

Die mees algemene vorm is *sinonieme parallelismes*, waar die twee vershelptes dieselfde saak belig. In sommige gevalle word in die twee vershelptes woorde gebruik wat sinonieme is. Psalm 24:2 is 'n goeie voorbeeld. In vers 1 is daar 'n sinonieme parallelisme, hoewel daar 'n ellipsis voorkom in die tweede vershelpte:

1. Aan die HERE behoort die aarde
en die volheid daarvan,
die wêreld en dié wat daarin woon,
2. Want Hy het dit op oseane gegrond
en op strome gevestig.

In vers 1 word ook 'n vorm van sintaktiese uitbreiding gebruik, as die inleidende sinsdeel "Aan die HERE behoort" in die tweede helfte van die eerste versreël weggelaat word, sodat dit ellipties is. In die Hebreeus word die "dit" in die tweede helfte van vers 2 herhaal, en so ook die onderwerp van die werkwoord. In die vertaling word "Want Hy het dit" egter weggelaat om die reël stilisties beter te laat vloei.

Terloops kan hier genoem word dat vanweë die tipografie in die Bybel, soos wat dit normaalweg gedruk word in smal kolomme, die Hebreeuse versreëls afgebreek moet word. Die eerste versreël van Ps 24 in die Hebreeus begin met "Aan" en eindig met "woon", al word dit hier oor drie reëls verdeel om tipografies in die vereiste formaat van die gedrukte Bybel in te pas.

In baie parallelismes word nie presiese sinonieme gebruik nie, maar wel soortgelyke terme. Die semantiese ooreenkoms bring die parallelisme tot stand wat in Hebreeus sterker op semantiese gronde berus as die streng sintaktiese patrone van moderne poësie. Psalm 1:5 is 'n voorbeeld hiervan: "[G]oddeloses" en "sondaars" hou semanties met mekaar verband, en so ook "regspraak" met die "byeenkoms van die regverdiges".¹⁷ Hier word weereens gebruik gemaak van sintaktiese uitbreiding as die werkwoord in die tweede deel van die parallelisme nie herhaal word nie.

Daarom sal goddeloses nie staande bly tydens die regspraak
of sondaars in die byeenkoms van die regverdiges nie.

Die paralellisme kan ook *antiteties* wees, soos in Psalm 37:21:

'n Goddelose leen
en betaal nie terug nie,
maar 'n regverdige is goedhartig
en mededeelsaam.

Die teenstelling word in vers 22 voortgesit:

Ja, wie deur Hom geseën is,
sal die land besit,
maar wie deur Hom vervloek is,
sal uitgeroei word.

¹⁷ Hierdie verse dui op die gebruik om reg te spreek waar almal bymekaar is, sodat regspraak en die vergadering van die geloofsgemeenskap mekaar voorveronderstel.

Hierdie tipe teenstelling kom ook dikwels in Spreuke voor, waar die regverdiges en goddeloses teenoor mekaar gestel word.

In die sogenaamde *sintetiese parallelisme* bou die tweede vershelfte op een of ander manier op die eerste voort. Hier gaan die ooreenkoms om die samehangende betekenis, die implikasie van die eerste deel van die versreël wat in die tweede deel verwoord word, eerder as om die sintaksis, soos in moderne poësie. Psalm 37:4 is 'n goeie voorbeeld:

Vind jou vreugde in die HERE,
dan sal Hy jou gee wat jou hart begeer.

'n Belangrike tendens is om nie maar net op die parallelle te fokus nie, maar om ook aandag te gee aan die manier waarop die twee vershelftes gestruktureer is. Daar is gevalle waar 'n versreël net uit een gedeelte bestaan sonder 'n tweede helfte (gewoonlik 'n kortvers genoem), maar 'n vers kan ook uit drie gedeeltes bestaan. Psalm 1:1 is 'n voorbeeld van laasgenoemde:

Gelukkig is die mens wat nie die raad
van goddeloses volg,
nie op die pad van sondaars gaan staan
en nie in die byeenkoms van spotters sit nie.

Die parallelle struktuur is hier egter steeds duidelik. Die inleidende frase “Gelukkig is die mens” word nie herhaal in dele twee en drie nie, maar verder is die sintaktiese struktuur ooreenstemmend. Wat hier ook behou moes word, was die progressie van die verhouding met die goddeloses: eers in beweging (volg), dan met staan (wat nader kontak impliseer), en dan met sit (wat beteken die man word deel van die goddeloses). Hiermee word die toenemende insluiting in die kring van die goddeloses waarteen gewaarsku word, uitgebeeld.

'n Voorbeeld van 'n kortvers word ook in Psalm 2 aangetref, waar die laaste reël van vers 12 'n kortvers is om die psalm met 'n soort samevatting af te sluit: “Gelukkig is almal wat by Hom skuil”.

Parallelismes is dikwels nie beperk tot 'n enkele vers nie, soos in Psalm 27:1. Die vers bestaan uit twee versreëls, wat elkeen 'n sintetiese parallelisme bevat, terwyl die twee verse saam weer 'n sinonieme parallelisme vorm:

Die HERE is my lig en my redding – vir wie sal ek vrees?
Die HERE is die toevlug van my lewe – vir wie sal ek skrik?

In al bogenoemde gevalle is die parallelisme in die oorspronklike teks getrou bewaar in die vertaling. Waar woorde soms weggelaat word, is dit ter wille van vloeiendheid, maar die parallelisme is nooit wegvertaal nie. Omdat daar in die moderne poësieontleding steeds baie aandag gegee word aan die struktuur van versreëls, word soortgelyke verskynsels maklik in die Hebreeus raakgesien. Dit is wel nie altyd maklik om hierdie strukturele sintaktiese eienskappe in 'n vertaling te behou nie. Tog is dit belangrik om die semantiese en estetiese implikasies daarvan op een of ander manier in 'n vertaling weer gee.

'n Ander parallellistiese konstruksie is die chiasme, of kruisstelling. Dit kom heelwat voor in die Hebreeuse Psalms, en 'n tipiese voorbeeld word in Psalm 107:16 aangetref. Die Hebreeus word hier letterlik gegee, om aan te toon hoe die vertaling bewerk moet word ter wille van vloei en verstaanbaarheid en aantreklikheid in Afrikaans.

כִּי־שִׁבְרַ דְּלִחּוֹת נְהַשְׁתָּ
van brons / deure /Hy het stukkend gebreek / want (woord vir woord vertaal)
want Hy het deure van brons stukkend gebreek (grammatikaal korrek vertaal)

וּבְרִיחֵי בְרֹזֶל גִּדְעַ

Hy het stukkend gekap / van yster / sluitbalke (woord vir woord vertaal)

Hy het sluitbalke van yster stukkend gekap (grammatikaal korrek vertaal)

In die vertaling is gepoog om iets van die chiasme weer te gee deur die onderwerp van die werkwoord in die tweede helfte onvertaal te laat, maar die struktuur is nou eerder 'n parallelisme as 'n chiasme:

Want Hy het deure van brons stukkend gebreek,
die sluitbalke van yster stukkend gekap.

Die vertaling van Psalm 22:13 bevat ook 'n parallelisme wat die poëtiese strukturering in die oorspronklike chiasme weergee, maar op 'n ander manier:

בּוֹנֵי פָּרִים רְבִים

Baie / bulle / hulle het my omsingel

אַבְיָרֵי בָּשָׁן כְּתֹרֹנֵי

Hulle het my vasgekeer / van Basan / die sterkes

Baie bulle het my omsingel;
die sterkes van Basan het my vasgekeer.

Dit het ook andersom gebeur, naamlik dat die woordorde in 'n parallelisme in Afrikaans nie gemaklik was nie, en dan is daar 'n chiasme gebruik om minstens 'n vooropstellende konstruksie te behou. Dan is die vertaling nie tegnies heeltemal ooreenstemmend nie, maar die beklemtoning is behou, en die betekenis ook.

Wat ook dikwels gebeur, is dat die tweede helfte van 'n vers inligting uit die eerste helfte weglaat, 'n vorm van ellipsis. In sommige gevalle word daar dan iets nuuts in die tweede helfte ingevoeg, bv in Psalm 18:42:

יִשְׁוֹעוּ וְאֵין מוֹשִׁיעַ

Hulle het om hulp geroep, maar daar was geen redder nie,

עַל־יְהוָה וְלֹא עָנָם

Na die HERE, maar Hy het hulle nie geantwoord nie.

Die vertaling klink so:

Hulle het om hulp geroep,
maar daar was geen verlosser nie,
selfs na die Here geroep,
maar Hy het hulle nie geantwoord nie.

In die Hebreeus word die werkwoord nie in die tweede deel van die parallelisme herhaal nie, maar die verwysing na die Here word ingevoeg. In die vertaling is die werkwoord herhaal in die eerste helfte van die tweede versreël ter wille van duidelikheid.

Sintaktiese konstruksies soos parallelismes, chiasmes en ellipse is dus deurgaans behou, maar soms wel in aangepaste vorm in Afrikaans weergegee.

4.2 Woordorde

Wat ook belangrik is, is die woordorde. Vooropplasing kom in Hebreeus baie voor, en dit het die vertalers nogal hoofbrekens gegee met die Afrikaans. Die vooropplasing is as uiters

belangrik beskou, en daar is groot moeite gedoen om die beklemtoning te behou op een of ander manier.¹⁸

In Psalm 24 staan die frase “Aan die HERE behoort” aan die begin van die reël in die eerste versreël, sodat dit in die reël en in die psalm as geheel prominent is. Die frase staan eerste, om te beklemtoon dat die HERE sentraal staan: Die kerngedagte in die psalm as geheel is dat alles aan God behoort, en daarom kry dit voorrang. Hier vind dus sintaktiese omruiling plaas, omdat die sin normaalweg sou begin met die onderwerp, wat hier die aarde is. In die vertaalproses is hierdie soort sintaktiese vooropstelling deurgaans so ver as moontlik behou. As ’n woord in Hebreeus aan die begin van ’n reël of sin geplaas is, is daar gepoog om dit in Afrikaans ook te doen, omdat dit ’n beklemtoning van die bepaalde woord of konsep kan aandui.

Dit het egter wel dikwels ’n baie ongemaklike Afrikaanse woordorde teweeggebring. Dit was in baie gevalle onmoontlik om die Hebreeuse woordorde te probeer naboots, omdat die reëls vir woordorde in Afrikaans en Hebreeus sterk verskil, en so ’n “Hebreeuse woordorde” in Afrikaans ’n strak vertaling sou lewer. Daar is dan net eers seker gemaak of die Hebreeuse woordorde deur die normale woordgebruik bepaal is, in welke geval die Afrikaanse vertaling nie die woordorde hoef te behou nie. Die woordorde is in hierdie gevalle ’n taalkenmerk wat gewoonweg vertaal moet word.

Indien die woordorde egter in Hebreeus ongewoon is, dui die verplasing of dislokasie van die woord op ’n bewuste vooropstelling, wat ’n tekskenmerk is en gehandhaaf moet word. In sulke gevalle het die 2020-vertaling die ongewone Hebreeuse woordorde absoluut gerespekteer deur óf in Afrikaans ook ’n vooropstelling téén die gewone woordorde in te gebruik (dus ook ’n poëtiese omruiling te gebruik), óf die vooropstelling op ’n ander manier weer te gee. ’n Ander vooropstellingstegniek is byvoorbeeld dat so ’n woord dan aan die einde van die reël geplaas word, omdat dit ook ’n vooropgestelde posisie in die versreël in Afrikaans is.

Om vas te stel hóé radikaal ’n afwyking van die normale Hebreeus in alle gevalle is, was nie altyd klinkklaar duidelik nie, maar daar is wel sorg gedra om deeglik aandag aan die woordorde in elke sin te gee. Vanselfsprekend is die Afrikaanse vertaling ook nie optimaal in kreatiewe taalgebruik vertaal nie, maar die taal het wel genoeg moontlikhede gebied om oplossings te vind. Literêr gesproke word aanvaar dat taal uiters ongewoon gebruik kan word in poëtiese tekste. Die Russiese formalis Roman Jakobson het poësie immers omskryf as “georganiseerde geweld gepleeg op gewone taal” (Erich 1955:171 e.v.). Hierdie eienskap van die poësie is in die herformulering in Afrikaans in gedagte gehou, en daarom kon ons die Afrikaans soms ombuig om die Hebreeus te akkommodeer, maar wel binne perke, omdat verstaanbaarheid ’n vereiste bly. Een van Jakobson se medeformaliste, Trubetzkoy, het dan ook inderdaad gesê: “’n Mens moet nie vergeet dat die geduld van taal wel iewers tot ’n einde kom nie” (Erich 1955:171 e.v.).

4.3 Ander poëtiese middele

Alhoewel metrum in Hebreeuse poësie ’n rol speel, is dit waarskynlik ’n saak wat in vertaling minder belangrik is. Onverwante tale se metriese patrone en natuurlike ritme of ritmiese patrone verskil eenvoudig te veel daarvoor. Watson (1995:87-113) bied ’n goeie oorsig oor die verskillende teorieë oor metrum in Hebreeuse poësie. Hy is self ten gunste van die teorie

¹⁸ Hier word nie ingegaan op finer tegniese aspekte van woordorde, of al die grammatikale implikasies van dislokasies in Hebreeus nie. Vir meer besonderhede raadpleeg JA Naudé se artikel “Syntactic aspects of co-ordinate subjects with independent personal pronouns” (1999).

dat die metrum berus op die aantal beklemtoonde lettergrepe in 'n halwe vers. Dit kan gewoonlik wissel tussen twee en vyf. Dikwels het die twee helftes ewe veel beklemtoonde lettergrepe, en soms het die een helfte meer as die ander. In die genre van klaagliedere kom byvoorbeeld dikwels drie beklemtoonde lettergrepe in die eerste helfte voor en twee in die tweede helfte. In die Psalms kom daar dikwels 'n 3+3-metrum voor en in Spreuke dikwels 4+4. 'n Ander teorie is gebou op die aantal lettergrepe in 'n halwe vers. Omdat dit waarskynlik nie van soveel belang is vir die vertaling van poësie nie, word dit nie verder bespreek nie.

Tegnieke wat met klank verband hou, soos alliterasie en assonansie, kom ook in Hebreuse poësie voor. Psalm 122:6 bevat 'n mooi voorbeeld van alliterasie, met die konsonante *sjin* en *lamed*, maar dit kon nie in die Afrikaans slegs weergegee word deur die herhaling van die l- in “liefhet” en “leef” nie.

שָׁלוֹם שְׁלוֹם יְרוּשָׁלַיִם יִשְׁלָיוּ אִתְּכֶם
 ša'alû šelôm yerušalayim yišlâyû 'ôh'abāyik

Bid vir die vrede van Jerusalem:
 Mag dié wat jou liefhet, rustig leef.

Daar kom ook baie ander tegnieke voor wat met die klanke van Hebreuse woorde verband hou, soos assonansie (Psalm 119:29), paronomasia (Amos 8:2) en onomatopoeie (Jesaja 24:16). Hierdie klankpatrone gaan egter normaalweg in 'n vertaling verlore, maar soms het daar ander klankpatrone ontstaan wat as 'n vonds beskou is.

'n Tipiese verskynsel in Hebreuse poësie is akrostiese gedigte, waar elke opeenvolgende vers, of verse, met die opeenvolgende letter van die alfabet begin. Die bekendste voorbeeld is Psalm 119, waar telkens agt verse met dieselfde letter van die alfabet begin, om so 22 strofes te vorm. Alhoewel hierdie verskynsels tipiese digterlike tegnieke is, kan en word dit normaalweg nie in 'n vertaling behou nie, omdat so 'n struktuur op 'n betekenislose klankstelsel, naamlik die alfabet, berus.¹⁹ Dit gee poëties gesproke 'n mooi samehang aan die teks en is 'n elegante toevoeging tot die klankrykheid daarvan, maar die 2020-vertaling van die Bybel, soos die meeste ander betroubare vertalings, is meer gestel op die betekenis en inhoud van die verse as die klankmatige versiering.

'n Ander boeiende verskynsel is wanneer gewone woorde in Hebreus gebruik word, woorde wat as sodanig maklik vertaal kan word, maar waarvan die kulturele betekenis en idiomatiese betekenis verskil van wat hulle in Afrikaans sou kon beteken. 'n Voorbeeld hiervan is uitdrukkinge waar na “hart en niere” verwys word in Hebreus. In Afrikaans en ander moderne Westerse tale dui 'n verwysing na die hart meestal op die emosie, maar in Hebreus dra dit 'n ander betekenis. In die Woordelys van die proefvertaling van die Nuwe Testament en Psalms (2014) word dit omskryf: Die hart “verwys na die diepste gedagtes en emosies van die mens ... Die hart is die setel van die intellek waar gedagtes en wilsbesluite gevorm word. Die hart bepaal 'n mens se karakter”, terwyl die “niere ... as die setel van die emosies en die gewete gesien” is.

In Psalm 7:10 word hierdie uitdrukking gebruik, en die betekenis daarvan word in 'n voetnoot verduidelik.

¹⁹ Daar is wel al pogings aangewend om die boek *Klaagliedere* akrosties te vertaal. Van der Spuy (2011) bespreek die saak indringend. Ek het self 'n eksperiment gedoen met *Klaagliedere* om in die vertaling iets van die akrostiese aard te behou. Dit het my daartoe gebring om poëties baie vindingryk te raak, en het ook interessante wendinge afgedwing, maar in 'n direkte vertaling is so 'n werkwyse nie vanpas nie, omdat die inhoud belangriker is as die vorm of poëtiese nuwigheede.

Beëindig tog die boosheid
 van goddeloses;
 maar hou die regverdiges staande,
 U wat hart en niere toets,
 o regverdige God!

Deurgaans was woordkeuse as sodanig van groot belang. Waarteen ’n direkte vertaling moet waak, is wat mens sou kon noem die verletterliking van die bronteks. Dit gebeur wanneer die strewende om die bronteks op die letter te volg, ’n onnatuurlike vertaling tot gevolg het. In Psalm 91 staan daar letterlik dat die Here sy engele sal opdrag gee om jou op hulle “handpalms” te dra. Die Hebraëuse woord beteken letterlik ‘handpalm’, en dit is wel verstaanbaar in Afrikaans. In ’n Afrikaanse vertaling sou “op die handpalms dra” egter idiomaties vreemd oorkom. Die Hebraëuse stelwyse is waarskynlik ’n vaste ingeburgerde uitdrukking en nie ’n estetiese formulering of metafoor nie, eerder wat mens as ’n “dooie metafoor” kan beskryf, sodat dit inderwaarheid eerder ’n taaleienskap as ’n tekseienskap is. Daarom moet dit en is dit vertaal in Afrikaans met die korrelerende idiomatiese uitdrukking “op die hande dra”.

’n Ander baie belangrike vraagstuk is die vertaling van die Godsdname.²⁰ Hier word hoofsaaklik verwys na die naam (*’el šaddaj*), omdat dit net soveel ’n taalprobleem is as ’n vertalingsprobleem. Daar is relatiewe eenstemmigheid daaroor dat daar nie sekerheid bestaan oor wat die naam werklik beteken nie. In die Nederlandse *Nieuwe Bijbelvertaling* is die woord “Onsagwekkende” gekies om hierdie naam van God weer te gee. Dit is aanvanklik ook oorweeg vir die Afrikaanse vertaling van 2020, maar uiteindelik is tog besluit om “Almagtige” te behou, soos dit was in die ouer Afrikaanse vertalings en ook in baie ander prominente vertalings in verskillende tale. Vir ’n literêre aanvoeling is “Onsagwekkende” onaanvaarbaar, omdat hierdie woord ’n reaksie veronderstel en die te benoemde entiteit dus gedefinieer word in terme van die reaksie wat ontlok word, dus van die kant van die “ander”. Teologies impliseer dit dat so ’n benaming God in terme van die mens se reaksie op God beskryf, terwyl God net in terme van Homself gedefinieer kan word. Dit is ook wat God self doen as Hy sê: “Ek is wat Ek is. Sê vir die volk ‘Ek is het my na julle gestuur’” (Ex. 3:14).

Daar is ook daarteen gewaak dat die vertaling iets probeer verklaar. Daar is inderdaad plekke waar tekste dubbelsinnig, of liever meerduidig is. In plaas van om te kies vir een verduidelikende vertaling, is daar gepoog om die oorspronklike bewoording te behou, sodat die meerdere betekenismoonthede behoue bly. As daar vir een metaforiese betekenis gekies word en dit word in die vertaling ingeskryf, val al die ander moontlike betekenis weg, terwyl die bronteks dalk doelbewus meerduidig wou wees. Sulke voorbeelde maak goeie preekstof vir predikante, maar die vertaling hoef en mag meerduidigheid nie uitkanselleer nie. In sulke gevalle is daar ook dikwels van voetnote gebruik gemaak om die leser bedag te maak op die kompleksere betekenis.²¹

’n Ander interessante saak is dat Hebraëuse poësie baie eenvoudig en direk beeldend is, en dat hierdie digstyl baie goed in Afrikaans tuiskom. In Psalm 120:2 sou die vers vertaal kon word met “valse lippe en ’n bedrieglike tong” (vgl. *Die Bybel* 1953). In hierdie vertaling is gekies vir

Here, bevry my van lippe wat lieg
 En ’n tong wat bedrieg.

²⁰ Kyk Herrie van Rooy se 2de bydrae “oor enkele netelige kwessies” elders in hierdie uitgawe.

²¹ Kyk die bydrae van Christo van der Merwe elders in hierdie uitgawe.

Laasgenoemde formulering is eenvoudiger en direkter, en ook poëties beter as die omskrywing van die eerste moontlikheid, omdat dit 'n parallelisme vorm en ook 'n herhaling van die l-klank bevat. Die formulering bevat ook 'n gemaklike en natuurlike rym. So staan daar ook in Psalm 138:7 “As ek in diep benoudheid verkeer”, eerder as om dit swaar te verwoord met “As ek in beklemmende omstandighede verkeer”.

By bekende psalms was die werk van die vertaalspan baie moeilik, omdat die vorige vertalings bekend en bemind geraak het. 'n Vergelykende lees van Psalm 23 in verskillende vertalings sal die probleem hier duidelik genoeg maak, maar in die 2020-vertaling is telkens gekies vir 'n eenvoudige en helder formulering. Wanneer daar na die voltooide vertaling gekyk word, is dit by terugskouing byna ongelooflik hoeveel alternatiewe telkens oorweeg en dan opsy geskuif is. Dit is dan ook 'n vereiste van goeie vertaling dat al die werk wat daarin gegaan het, nie sigbaar moet wees in die eindproduk nie. As dit wys, sal die eindvertaling waarskynlik 'n moeisame stamperige teks wees.

5. SLOT

In hierdie artikel is daar slegs algemene indrukke gegee oor die rol en plek en bydrae van die literêre adviseurs in die 2020-vertaling van die Bybel. Elke aparte aspek kan op sigself veel uitvoeriger beredeneer en toegelig word, maar hier dien alles om te illustreer hoe die literêre adviseurswerk enersyds nie bepalend is nie, maar andersyds ook nie nalaatbaar nie.

BIBLIOGRAFIE

- Bal, M. 1987. *Lethal Love: Feminist readings of Biblical Love Stories*. Bloomington: Indiana University Press.
- Begeleidingskomitee. 2005. Vertaalopdrag. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gepubliseer by <http://www.nuwekerkbybel.co.za/index.php/agtergrond-sp-86357912>, [Geraadpleeg 20-28 Februarie 2020].
- Begeleidingskomitee. 2006. Werkboek. (Ongepubliseer) Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Bronzwaer, W. 1993. *Lessen in lyriek. Nieuwe Nederlandse poëtica*. Nijmegen: SUN.
- Bullinger, E. W. 1898. *Figures of Speech in the Bible: Explained and Illustrated*. London: Messrs. Eyre & Spottiswoode.
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1953. *Die Bybel*.
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 2020. *Die Bybel*.
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 2014. *Nuwe Testament en Psalms. 'n Direkte vertaling*.
- Collins, T. 1978. Line-forms in Hebrew poetry: a grammatical approach to the stylistic study of the Hebrew prophets. *Studia Pohl, Series Major 7*. Rome: Pontifical Biblical Institute.
- Combrink, H.J.B. 2020. Inleiding. In Bybelgenootskap van Suid-Afrika. *Die Bybel*.
- Doud, R.E. 2020. Psalms, Heidegger, the *New Hermeneutic*, and Beyond. https://www.academia.edu/6779189/The_Psalms_and_the_New_Hermeneutic_at_Fifty, [2 Maart 2020].
- Du Plooy, Heilna. 2011. Words, like shells, are signs as well as things. (Ingrid Winterbach's iconic use of language.) In Michelucci, Pascal, Fischer, Olga & Ljungberg, Christina (eds). *Semblance and Significance. Iconicity in Language and Literature 10*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company, pp. 327-342.
- Du Rand, J. 2007. *Die A-Z van Openbaring. 'n Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Du Toit, Catherine. 2019. Vertaling as transgressiewe potensiaal. Lojale verset. In Galloway, Francis (red.). *'n Huldiging. breyten breytenbach. woordenaar woordnar*. Pretoria: Protea, pp. 152-177.
- Erlich, V. 1955. *Russian Formalism*. The Hague, Netherlands: Mouton.
- Fokkelman, J.P. 2001. *Reading Biblical poetry. An introductory guide*. Louisville: Westminster John Knox Press.

- Foucault, M. 1973. *The Order of Things: An Archaeology of the Human Sciences*. New York, NY: Random House.
- Gräbe, I. 1984. *Aspekte van poëtiese taalgebruik*. Potchefstroom: Dept. Sentrale Publikasies, PU. vir CHO.
- Hill, A.E. & J.H. Walton. 2000. *A survey of the Old Testament*, 2nd ed. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Kopp, M. 1998. *Poetry in Translation*. <http://www.geocities.com/paris/bistro/2207/apoetrytr.htm> [25 Januarie 2020].
- Lotman, J.M. 1972. *Die Struktur literarischer Texte*. (Übersetzt von Rolf-Dietrich Keil.) München: Wilhelm Fink Verlag.
- Mossop, B. 2011. Revision. In *Handbook of Translation Studies*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. <https://doi.org/10.1075/hts.2.rev1> [10 Maart 2020].
- Naudé, J.A. 1999. Syntactic aspects of co-ordinate subjects with independent personal pronouns. *Journal of North-West Semitic Languages*, 25(2):75-99.
- Nederlands Bijbelgenootschap. 2004. *De Bijbel*. Haarlem: Querido's Uitgeverij B.V. en Uitgeverij Jongbloed.
- Ryken, Leland. 2014. The Bible as Literature. www.washingtontimes.com [1 Maart 2020].
- Seybold, K. 2010. *Poetik der prophetischen Literatur im Alten Testament. Poetologische Studien zum Alten Testament 4*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Stocks, S.P. 2012. *The form and function of the tricolon in the Psalms of Ascents. Introducing a new paradigm for Hebrew poetic line-form*. Eugene, OR: Pickwick.
- Van der Merwe, C.H.J. 2012. The Bible in Afrikaans. A direct translation – a new type of Church Bible. *Hervormde Teologiese Studies*, 68. <http://dx.doi.org/1210.4102/hts.v1268i1201.1204> [2 Maart 2020].
- Van der Merwe, Christo H.J. 2014. Direkte vertaling van die Bybel as antieke teks: net 'n nuwe benaming vir 'n stokkerige woordelike vertaling? *Litnet Akademies*, 11(3), Desember 2014.
- Van der Merwe, Christo H.J. 2016. How 'direct' can a direct translation be? Some perspectives from the realities of a new type of church Bible. *Hervormde teologiese studies*, 72(3). http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0259-94222016000300013 [6 Maart 2020].
- Van Vliet, E. 1998. *'n Pleidooi vir die poësie*. (Vertaal deur Heilna du Plooy). Pretoria: Protea.
- Van der Spuy R. 2011. 'n Alfabeties-akrostiese klaaglied. *Literator: Journal of Literary Criticism, Comparative Linguistics and Literary Studies*, 32(3):125-145.
- Vincent, R. 2017. *Sing out for justice: the passion and poetry of the Hebrew Prophets*. Winchester: Christian Alternative.
- Watson, W.G.E. 1994. Traditional techniques in classical Hebrew verse. *Journal for the Study of the Old Testament. Supplement Series 170*. Sheffield: Academic Press.
- Watson, W.G.E. 1995. Classical Hebrew poetry: a guide to its techniques. 2nd ed. *Journal for the Study of the Old Testament. Supplement Series, 26*. Sheffield: Academic Press.
- Wu, Z. & Longman III, T. 2017. *The basics of Hebrew poetry: Theory and practice*. Eugene, OR: Cascade books.
- Zima, Peter V. 1999. *The Philosophy of Modern Literary Theory*. London & New Brunswick, NJ: The Athlone Press.

Taalverandering in die Afrikaanse vertalings van die Evangelie van Markus¹

Language change in the Afrikaans translations of the Gospel of Mark

C JAC CONRADIE

Departement Tale, Kultuurstudies en Toegepaste Linguistiek

(LanCSAL)

Skool vir Tale

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Johannesburg

Suid-Afrika

E-pos: jacc@uj.ac.za



Jac Conradie

JAC CONRADIE is emeritus professor van die Universiteit van Johannesburg (UJ), waar hy tans nog in tydelike hoedanigheid in die Departement Tale, Kultuurstudies en Toegepaste Linguistiek (LanCSAL) doseer. Hy is ook navorsingsgenoot in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan UJ. Sy spesialiteitsrigtings is die Afrikaanse taalgeskiedenis (met inbegrip van Nederlands, asook Oudnoors en Goties), sintaksis en verskynsels soos modaliteit en ikonisiteit. Hy is 'n Nasionale Navorsingstigting-gegradeerde navorser en medewerker aan Taalportaal vir die Virtuele Instituut vir Afrikaans. Hy het ook as Afrikaanse taalkundige meegewerk aan die 2020-vertaling van die Afrikaanse Bybel.

JAC CONRADIE is an emeritus professor of the University of Johannesburg (UJ), where he is still teaching in a temporary capacity in the Department of Languages, Cultural Studies and Applied Linguistics (LanCSAL). He is also a research associate in the UJ Faculty of Humanities. His areas of specialisation are Afrikaans Language History (including Dutch, as well as Old Norse and Gothic), syntax and phenomena such as modality and iconicity. He is a National Research Foundation rated researcher and contributor to the Taalportaal project for the Virtual Institute for Afrikaans. He was a member of the editorial committee of the 2020 translation of the Bible in Afrikaans.

ABSTRACT

Language change in the Afrikaans translations of the Gospel of Mark

Seven Afrikaans translations of the Gospel according to Mark are compared in order to determine to what extent they reflect the development of Afrikaans during the past century or more. The method employed is to identify sections of the text that seem amenable to comparison in the various translations, with due regard to the fact that the translations are not representations of one another and that there are underlying diverse theoretical approaches and implicit ideals.

¹ Hiermee bedank ek graag die anonieme keurders vir waardevolle wenke; die dwalings bly my eie.

Datums:

Ontvang: 2020-04-19

Goedgekeur: 2020-08-18

Gepubliseer: Desember 2020

The following translations are compared: (i) Die Evangelie volgens die beskrywing van Markus (*the Gospel according to Mark*) (CP Hoogenhout) (V1878); (ii) Di Evangelii follens Markus (*the Gospel according to Mark*) (SJ du Toit and collaborators) (V1908); (iii) Die Vier Evangelië en die Psalme (*The Four Gospels and the Psalms*) (V1922); (iv) the 1933 translation of the Bible (*the first official translation of the entire Bible*) (V1933); (v) the revised edition of the last-mentioned (V1953); (vi) the Nuwe Vertaling (*New Translation*) (V1983), and (vii) Die Nuwe Testament en Psalms, 'n Direkte Vertaling (*The New Testament and Psalms, a Direct Translation*) (V2014)

The phenomena that are subject to change are discussed under the following headings: (1) Adjectival and nominal morphology, (2) Pronominal forms of address, (3) Verbal morphology, (4) Selected verbal constructions, (5) Selected non-verbal constructions and (6) Selected lexical items.

(1) Adjectival and nominal morphology

The -e ending of a number of attributive adjectives is dropped from one translation to another, but the change does not occur at the same time in all adjectives nor does the change occur in every adjective. On the one hand, for instance, the -e of ou(w)e “old” is dropped from V1922 onwards, but on the other hand that of dowe “deaf” is maintained in all translations (as it is in present-day language). Derived nominals such as skrifgeleerde “scribe(s)”, which also served as plural in the earliest translations, had the plural -s added from V1922 onwards.

(2) Pronominal forms of address

The old form gy “you” (singular or plural), which was used in the Cape until the late 18th century (Ponelis 1993:207), occurs only in V1878 and V1922. In all translations but V1908 and V1922 both the familiar forms of address, e.g. the 2nd person pronominals jy “you” (subject form, singular), jou “you/your” (object/possessive form, singular) and julle “you/your” (personal/possessive form, plural), and formal u “you” (singular, plural and possessive) are used. V1908 uses informal jy/jou in all contexts, and V1922 uses formal u in all contexts.

(3) Verbal morphology

In verbs such as sterf/sterwe “to die” the -we variant is generally replaced by the -f variant from one translation to another, the latter becoming the dominant form in V2014. V1983, however, shows preference for the -we variant. The early translators seem to have employed the -we forms, such as sterwe, as infinitives, e.g. hy sal sterwe “he will die”, and the -f forms as finite forms, e.g. hy sterf “he is dying”. It also seems as though Hoogenhout (V1878), in his use of verbs such as gaan “to go”, staan “to stand” and doen “to do”, reserved the -t ending for finite forms (singular as well as plural) and the imperative (e.g. hy/hulle gaat “he/they are going”; gaat heen “go forth”) and the -n ending for infinitival usage (e.g. kan gaan “can go” and om te gaan “to go”).

Het “to have” is used as imperative of the main verb hê “to have” in the oldest translations, but is later on replaced by jy/julle plus the modal verb moet, e.g. Het sout in julle self” (“Have salt in yourselves”, V1908) is replaced by “Julle moet sout in julle hê” (“You must have salt in you”) from V1933 onwards. While in Dutch the negative imperative, which expresses a prohibition, consists of the imperative form and negation, a contracted form moenie (from moet “must” and nie “not”) is used in present-day Afrikaans, e.g. “Gaan nie in die dorp nie” (“Go not into the village”) in V1922 is replaced by “Moenie in die dorp gaan ... nie” (“Must-not into the village go”) in V1933.

In the early translations, V1878 in particular, the strong or ablaut forms of the past participle, e.g. bewoge “moved”, are used in verbal function before being supplanted by regularised forms such as beweeg.

(4) Selected verbal constructions

In a constructional change involving *inter alia* the expression of tense and modality, a structure such as *gelaster sal hê* “will have slandered” changed to *sal gelaster het*, with the bare infinitive *hê* “to have” being replaced by the finite auxiliary *het* “have”. This change is reflected in translations from V1922 onwards. Counter-factuality is expressed in “*kon ... aan die armes gegee gewees het*” (“could have been given to the poor”, V1933).

A construction employed to express wishes has evolved from the modal verb *wil* “to want/wish to” plus a dat (“that”) clause, to *wil hê* “to want to have” followed by an independent clause. The difference is reflected by “*ons wil dat U aan ons sal doen, wat ons ook mag begeer*” (“we want that You will do to us whatever we may desire”) in V1922 and “*ons wil graag hê U moet vir ons doen wat ons U gaan vra*” (literally, “we want to have You must do to us what we are going to ask (from) You”) in V1983.

After far-reaching preterite loss in the course of the 19th century (cf. Conradie 1998), Afrikaans has only retained *was, were*, *dag/dog* “thought” and a small set of modal auxiliaries in current usage. *Werd* “became, was”, *mog* “could, might”, *wis* “knew” and *had* “had” are among the last preterites to fall into disuse. The passive auxiliary and copula *werd* was only used in V1908. The preterite of *weet* “to know”, viz. *wis*, was still used in V1933 but was replaced by the perfect *het gewet* “have known” in the revision, V1953. *Mog*, last used in V1908 in *mog aanraak* “could/ would be permitted to touch”, was replaced by its present tense form *mag aanraak*, or by the near synonym *kon* “could” in V2014: “*dat die siekes selfs net die soom ... kon aanraak*” (“that the sick could only touch the seam”).

Another change that is reflected in the translations since V1922 is the replacement of the “be” auxiliary by “have” with unaccusative verbs, e.g. “*Ek is nie gekom om ...*” (“I am not come to ...”), by “*Ek het nie gekom om ...*” (“I have not come to ...”).

Owing to the demise of the auxiliary *had*, the preterite of *het* “to have”, Afrikaans lost an explicit pluperfect in the active voice. The *had* construction is replaced by the *het* perfect from V1922 onwards, occasionally supported by the adverb *vroeër* “earlier”.

In earlier texts, as in the spoken language generally, the historical present is often used for narrating a series of events, e.g. “*en die koors verlaat haar en sy bedien hulle*” (Mark 1:31) (“the fever left her and she waited upon them”, NEB 70). In later translations the historical present is replaced by the perfect to an ever-increasing extent, for example (in V2014): “*die koors het haar verlaat en sy het hulle bedien*”.

(5) Selected non-verbal constructions

The preposition *van* “from”, which had formed part of the passive agent, was replaced in older Dutch and Cape Dutch documents by *deur* “by” (literally “through”). *Van* was already replaced by *deur* in V1908.

A typical characteristic of Afrikaans is the use of the preposition *vir* “for” before a direct object, as in “*Hy roep vir hom*”, literally “He calls for him”. Even though it is present in all the translations it is used excessively in V1908, particularly before personal pronouns, as in “*Wi het fer My angeraak?*” (“Who touched me?”) of V1908.

Nominals such as *oorkant* “the opposite side” and *anderkant* “the other side” have changed their category to become prepositions. This is already in evidence in V1878, e.g. “*van owerkant die Jordaan*” (“from the other side of the Jordan”).

The clause-final negative particle of Afrikaans, also *nie* like the negative proper, is not employed in V1878, but is used consistently in all subsequent translations.

Reduplication, which reached Afrikaans through the Malay of the slaves (cf. Raidt 1994b), was already gaining a footing in V1908: “*begin fer hulle uit te stuur twee twee*” (“begins to send them out in groups of two”).

The merging of the non-main verb laat “to let” with the complementiser dat “that” is already in evidence in a phrase such as the following: “bring My een penning laat Ik hom sien” of V1878 (literally, “bring me a coin let me see it”).

(6) Selected lexical items

The expression om iets kwalik te neem “to take something badly” was amended to om iemand iets kwalik te neem, “to hold something against someone” in the revision of V1953, indicating that the two expressions were probably confused.

A number of modal particles, such as tog “surely”, miskien “perhaps”, mos “as you know” and darem “still”, contribute to the pragmatics of the Afrikaans translations.

In conclusion, a few types of language change in Afrikaans that are reflected in the translations are singled out, and it is suggested that if language usage in a particular translation is not in line with that in other translations it may be due to faulty observation of general usage, and that in some translations attempts were made at grammar development and even standardisation.

KEYWORDS: attributive form, forms of address, historical language change, historical present, imperative, language variation, modal particle, negation, negative particle, perfect tense, pluperfect, past participle, preterite, reduplication, standardisation, translation, unaccusative

TREFWOORDE: attributiewe vorm, aanspreekvorm, historiese presens, historiese taalverandering, imperatief, modale partikel, negatiefpartikel, onakkusatief, ontkenning, perfektum, plusquamperfectum, voltooide deelwoord, preteritum, reduplikasie, standaardisering, taalvariasie, vertaling

OPSOMMING

’n Sewetal vertalings van die Markus-Ewangelie (in die teks aangedui deur V en die verskyningsdatum, met verdere inligting in die bibliografie) word vergelyk om na te gaan in watter mate hulle die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope eeu of meer weerspieël. Op die gebied van die adjektiewiese en naamwoordelike morfologie word gekyk na die verlies van die *-e*-uitgang van attributiewe byvoeglike naamwoorde soos *ou(w)e* en die toevoeging van ’n meervouds-*s* by afgeleide selfstandige naamwoorde soos *(die) arme*.

Daar word nagegaan hoe aanspreekvorme soos *gy, u, jy, jou* en *julle* in verskillende gespreksituasies gebruik word.

Die *-f/-we*-wisseling by werkwoorde soos *sterf/sterwe* en die *-t/-n*-wisseling by werkwoorde soos *gaat/gaan* word ondersoek en die funksionele verspreiding van die vorme as imperatief, persoonsvorm en infinitief nagegaan.

’n Seleksie van werkwoordelike konstruksies word ondersoek, byvoorbeeld die vervanging van *hê* deur *het* in *(die haan) sal gekraai hê/het*, die ontwikkeling van die wenskonstruksie *ons wil dat u ... na: ons wil hê u moet*, die gebruik en verlies van preteritumvorme soos *mog, werd, wis* en *had*, die vervanging van die hulpwerkwoord *is* deur *het* by onakkusatiwewerkwoorde, soos in *hulle is/het gekom*, en die vervanging van die historiese presens in verhalende gedeeltes deur die perfektum.

Niewerkwoordelike konstruksies wat aan bod kom, is onder meer die gebruik van die voorsetsel *vir* voor ’n direkte voorwerp en die negatiefpartikel of “tweede *nie*” en reduplikasie.

Twee items van leksikale aard wat bespreek word, is die moontlike verwarring tussen die uitdrukking “om iets kwalik te neem” en “om *iemand* iets kwalik te neem” en die gebruik van modale partikels soos *miskien, tog, mos* en *darem* as semantiese aanvulling van sommige gedeeltes.

INLEIDING

Sewe Afrikaanse vertalings van die Markus-Evangelie word met mekaar vergelyk om na te gaan in watter mate hulle die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope eeu of meer weerspieël. Die volgende vertalings (in die teks aangedui deur V en die verskyningsdatum, met verdere inligting in die bibliografie) word vergelyk:

- (i) *Die Evangelie volgens die beskrywing van Markus* (CP Hoogenhout) (V1878)
- (ii) *Di Evangeli follens Markus* (SJ du Toit en medewerkers) (V1908)
- (iii) *Die vier Evangelië en die Psalme* (V1922)
- (iv) *Die Bybel* (V1933)
- (v) *Die Bybel* (hersiene uitgawe) (V1953)
- (vi) *Nuwe vertaling* (V1983)
- (vii) *Die Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* (V2014)

Die eerste twee vertalings het nie onder die name van CP Hoogenhout en SJ du Toit, onderskeidelik, verskyn nie, maar dit was algemeen bekend dat dit hoofsaaklik hulle werk was.

Enersyds kan 'n vergelyking van verskillende Afrikaanse vertalings van die Bybel ons 'n blik gee op die geleidelike ontwikkeling en standaardisering van die taal sedert die 19de eeu, maar andersyds is die vertalings self ook boustene in die ontwikkeling en standaardisering van die taal. Omdat die vertalings nie reëlregte weergawes van mekaar is nie (behalwe die 1953-hersiening van die 1933-Bybel), is die *Die Evangelie volgens Markus* gefynkam om gedeeltes te vind wat goed vergelykbaar is met betrekking tot bepaalde verskynsels, byvoorbeeld narratiewe gedeeltes wat dit moontlik maak om die gebruik van werkwoordelike tydforme te vergelyk. Dit hou uiteraard in dat die ondersoeksresultate eksemplaries eerder as volkome verteenwoordigend sal wees.

'n Vergelyking van tekste wat volkome op mekaar pas, word verder bemoeilik deurdat vertalers en vertaalkomitees van uiteenlopende vertaalteoretiese vertrekpunte uitgegaan en soms verskillende teikengroepe in gedagte gehad het. So het CP Hoogenhout hom na bewering hoofsaaklik op die “konserwatiewe Boere-aristokrasie” gerig (vgl. Conradie 1985:471), terwyl SJ du Toit dikwels daarvan beskuldig is dat hy in sy vertalings te na aan die spreektaal probeer bly het (vgl. Conradie 1983:106). Terwyl Hoogenhout se taalgebruik veel nader aan Standaardnederlands was as die vroeë Afrikaans van dié tyd, was Du Toit – as skrywer van meer as een grammatika van Afrikaans (onder meer Du Toit 1897) – geneig om van sy taalopvattinge meganies toe te pas, byvoorbeeld dié oor aanspreekvorme en die gebruik van *vir* voor direkte voorwerpe. Ook in die latere vertalings het taal- en vertaalteorieë 'n rol: formele of informele gerigtheid, poëtiese of idiomatiese taal, dinamiese of inhoudelik direkte weergawe, en so meer – alles dinge wat taalgebruik beïnvloed en lynregte vergelyking bemoeilik.

In die bespreking word agtereenvolgens gekyk na 'n aantal morfologiese verskynsels by adjektiewe en selfstandige naamwoorde, die gebruik van voornaamwoorde as aanspreekvorme, 'n aantal werkwoordskonstruksies en tydsvorme, geselekteerde niewerkwoordelike konstruksies en enkele leksikale items.

1. ADJEKTIEWIESE EN NAAMWOORDELIKE MORFOLOGIE

Verlies van adjektiewiese slot-*e*

'n Klank wat oor 'n lang tydperk geneig is om weg te val of “af te slyt”, is die slot-*e*, foneties [ə]. Hoe en wanneer dit gebeur, hang onder meer af van die -*e* se grammatikale funksie. Raidt (1968) toon aan dat die -*e* van attributiewe adjektiewe, wat in Nederlands gedeeltelik deur woordgeslag bepaal word, in bepaalde gevalle in Afrikaans verpligtend geword het en in ander stelselmatig weggeval het. In Nederlands is dit afwesig voor 'n onsydige selfstandige naamwoord in die enkelvoud, soos *kleed*, en aanwesig voor 'n manlike selfstandige naamwoord soos *wijn* en 'n meervoud soos *klere*. Ons vind dan nou in V1878 en V1908 *ou(w)e klere*, maar in V1922 en V1933 *ou kleed*, en in V1922, V1983 en V2014 *ou klere*. Die *arme weduwe/wedewe* van V1878 en V1908 word in V1922 'n *arm wedewee*. Teenoor *een sterke man* in V1878 het alle volgende vertalings 'n *sterk man*. *Groot* en *groen* het albei 'n -*e* in V1878 en V1908 (byvoorbeeld *grote menigte* en *groene gras*), maar in die daaropvolgende vertalings is dit net *groot* en *groen*. Die -*e* van *onreine gees/geeste*, en dergelike word in V1878 tot V1953 gehandhaaf, maar dis reeds van V1933 af *onrein hande*. In V2014 is dit *onrein hande* én *onrein gees*. Nog 'n -*e* wat lank gehandhaaf word, is dié van *stomme en dowe gees*. *Stomme* behou sy -*e* van V1878 tot V1933 en is dit daarna kwyt, maar *dowe* behou deurgaans sy -*e*. In enkele gevalle vind ons die omgekeerde: V1922 het byvoorbeeld in Mark 14:51 “'n *seker jongeling*” en in Mark 15:21 “'n *seker Simon van Cyréne*”, maar in latere vertalings vind ons slegs *seker*. Raidt (1991:210) wys daarop dat veral eenlettergrepige adjektiewe sonder agtervoegsels, soos *groot*, *klein*, *mooi*, *ou*, en so meer, asook adjektiewe op -*er*, soos *ander*, reeds in die 18de eeu hulle -*e*-uitgang verloor. Dit is moontlik na analogie van laasgenoemde dat *seker* in V1922 sy uitgang verloor het. Die proses gaan tot in die 20ste eeu voort. Deumert (2004:174) stel aan die hand van 'n korpus van hoofsaaklik private briewe (1880–1922) onder andere vas dat *arm* (in sy figuurlike betekenis) in 10%, *groot* in 38% en *ou* in 75% van gevalle hulle -*e*-uitgang verloor het in kontekste waarin Nederlands dit behou het.

Meervoude

Genominaliseerde adjektiewe wat na persone verwys, soos *skrifgeleerde*, *dode*, *lewende* (of *lewendige* in V1878), *uitverkorene* en *arme*, wat in Nederlands 'n (onuitgesproke) -*n* as meervoudsuitgang het, kry ná die vroeë vertalings 'n -*s*-meervoudsuitgang by. *Skrifgeleerdes* kom al vanaf V1908 in Mark 11:18 voor (maar kom nog sonder die -*s* in Mark 14:1 voor); *armes* (Mark 14:5) en *uitverkorenes* (Mark 13:27) vind ons eers in V1933, en die *dode* en *lewende* van Mark 12:27 word nog later, in V1953, *dooies* en *lewendes*.

Die vervanging van -*e* deur -*s* as meervoudsuitgang toon egter nie dieselfde reglynige ontwikkeling as die toevoeging van -*s* nie. *Aardbewing*, soos in Mark 13:8, het in V1922 'n -*e*-uitgang, maar elders oral -*s*. *Vergadering* van Mark 13:9 het in V1878 'n -*s* en in 1922 'n -*e*. *Beroering* in Mark 13:8 het ook in V1878 'n -*s* maar in V1922, V1933 en V1953 'n -*e*.

Ons kyk vervolgens na die gebruik van voornaamwoorde in die 2de persoon as aanspreekvorme in die verskillende vertalings.

2. PRONOMINALE AANSPREEKVORME

In feitlik al die vertalings word die tweedepersoonsvoornaamwoorde *jy/jou/julle* (waar *jou* en *jul(le)* persoonlik of besittlik kan wees) naas *u* as aanspreekvorm of vir direkte verwysing na

die aangesprokene gebruik. V1908 en V1922 is uitsonderings: V1908 omdat die vertaler (SJ du Toit) feitlik konsekwent die informele *jy/jou/julle*-stelsel gebruik, en V1922 omdat deurgaans van *u* gebruik gemaak word.

In V1908 spreek die owerpriesters, skrifgeleerdes en andere, asook Petrus, Jesus aan as *Jy* en *Jou*. Du Toit se voorkeur vir *jy* en *jou* ongeag wie aangespreek word, is in ooreenstemming met 'n opmerking in sy 1897-grammatika (Du Toit 1897:18): “Dis di Afrikaner fan kindstyd *ferkeerdelik* [my kursivering] ingeprent, dat *jy* en *jou* en *julle* onbeleefd is, daarom as ons bid tot onse liwe Here of as o's praat met imand wat hoër is as ons, dan sê ons *u* in plaas fan *jy* of *jou*, of ons herhaal di naamwoord.” Du Toit is ook moontlik sy tyd vooruit as hy die stem uit die hemel tydens Jesus se doop (Mark 1:11) laat sê: “ *Jy* is myn Seun ... in *Jou* het Ek myn welbehege!” *Jy* en *Jou* word eers weer 75 jaar later, in V1983 en daarna in V2014, in hierdie konteks gebruik.

V1922 is ook uitsonderlik omdat *u* as aanspreekvorm en as onderwerps- en voorwerpsvorm en *u(w)* as besittlike vorm in feitlik alle gespreksituasies gebruik word. In Mark 15:2 spreek Pilatus en Jesus mekaar as *U* aan; in Mark 11:2 spreek Jesus sy dissipels as *u* aan, en in Mark 5:34 sê Hy aan 'n dogtertjie: “ *u* geloof het *u* verlos”. Alle latere vertalings lui: “ *jou* geloof het *jou* gered”. In Mark 7:10 het V1922: “Eer *u* vader en *u* moeder”, maar die ander vertalings almal “Eer *jou* vader en *jou* moeder”.

Waar Jesus in Mark 11:28 deur owerpriesters, skrifgeleerdes en ouderlinge oor sy gesag ondervra word, spreek Hy hulle deurgaans (behalwe die *u* van V1922) as *julle* aan. Hulle spreek Hom in V1878 as *gy/u* aan, in V1908 as *Jy/Jou*, van V1922 tot V1983 as *U* en weer in V2014 as *jy/jou*.

In Mark 14:29-31 is Jesus in gesprek met Petrus. Petrus spreek Jesus in al die vertalings met *U* aan, behalwe in V1908, waar *Jou* gebruik word. Jesus spreek Petrus in V1878 as *jou* aan, in V1922 as *u*, en in al die ander vertalings as *jy* en *jou*.

In Mark 15:2, waar Jesus deur Pilatus ondervra word, weerspieël die verskillende vertalings verskillende gesagsverhoudings. In al die vertalings tot V1953 heers daar 'n verhouding van gelykheid: in V1878 spreek albei mekaar as *gy* aan; in V1908 gebruik albei *jy* en in V1922, V1933 en V1953 gebruik albei *u*. In V1983 en V2014 is dit net die regter wat met respek aangespreek word: Pilatus spreek Jesus as *jy* aan en Jesus antwoord met *u*. In V2014 lui dit: “Pilatus vra Hom toe: ‘Is *jy* die koning van die Jode?’ Hy antwoord hom: “ *U* sê dit.” By die bespotting aan die kruis in Mark 15:29 en 30 lui dit in V1983 ook: “ *Jy* wat die tempel afbreek ...” en in vers 30: “Behou *jouself* ...”.

Dit lyk dus asof die verskil tussen *jy* en *jou*, enersyds, en *u*, andersyds, in die latere vertalings steeds meer gebruik is om by sosiale of selfs tydelike situasionele ongelykheid aan te pas, om byvoorbeeld die hiërargiese verhouding tussen volwassene en kind, leermeester en leerling, regter en aangeklaagde uit te druk.

Kirsten (2019:180), wat 'n geringe toename in die gebruik van *jy/jou* in die loop van die 20ste eeu ten koste van *u* waarneem, skryf dié toename aan die toenemende gebruik van omgangstaal (*colloquialization*) toe (Kirsten 2019:165,166,180). Volgens Scholtz (1980:67) is die egte Afrikaanse aanspreekvorme op die platteland en elders by die “gewone mense ... nog altyd *jy (jou) en julle*” en word *u* “tot vandag toe ... dikwels aangevoel as iets oneie aan Afrikaans, as 'n kultuurontleding uit Nederlands”.

Wisseling vind ook tussen die verskillende werkwoordfunksies plaas.

3. WERKWOORDELIKE MORFOLOGIE

Wisselvorme

'n Baie algemene wisseling is dié tussen slot-*f* en *-we* by werkwoorde, waar die vorm op *-f* afkomstig is van die enkelvoud van die persoonsvorm ná die verlies van die *-t*-uitgang (byvoorbeeld *skryf*), en die vorm op *-we* van die meervoud van die persoonsvorm of die infinitief (byvoorbeeld *skrywe*). Beide die vorm op *-f* en dié op *-we* kan as stam van die voltooide deelwoord dien (dus *geskryf* of *geskrywe* vir die werkwoord SKRYF). In V1878, V1908, V1933 en V1983 vind ons (*voor-*)*geskrywe* as voltooide deelwoord, in V1953 *geskrywe* naas *geskryf* en in V2014 slegs (*voor-*) *geskryf*. By die werkwoord STERF wissel *sterf/sterwe*, dikwels met *sterf* as persoonsvorm en *sterwe* as infinitief, tot by V1953, maar V1983 het 'n voorkeur vir die *-we*-vorm en V2014 vir die *-f*-vorm. Die voltooide deelwoord *gestorwe* kom in V1922 voor, *gesterwe* in V1908, V1922 en V1983 en *gesterf* in V2014. Conradie (1983:108) het gevind dat die vorme *lewe*, *sterwe* en *skrywe* in gekose gedeeltes van V1933 elk meer voorgekom het as die vorme op *-f*.

By ROOF en DRYF sien ons 'n geleidelike agteruitgang van die *-we*-vorm as infinitief. V1878 het *rowe* en *berowe*, V1908: *rowe*, V1922: *ontroof* en *berooft*, V1933 en V1953 *roof* en *berowe*, maar V1983 en V2014 net *berooft*. So ook wat betref die infinitiewe van DRYF: V1878 en V1908 maar ook V1983 het *uit te drywe* en V1983 ook *uitdrywe*, terwyl *uit te dryf* in 1953 en V1983 voorkom en *uitdryf* in V1933, V1953, en V1983. *Uitgedrywe* kom in V1908 en V1983 voor, *uitgedrywe* naas *uitgedryf* in V1922 en *uitgedryf* in V2014. Dat die *-f*-vorme in die huidige taalgebruik die *-we*-vorme in getal ver – en soms baie ver – oortref, blyk uit trefslae in VivA se Taalkommissiekorpus 1.1 op 26 Julie 2020.²

Oor wat die vorme van die huidige werkwoord GLO moet wees, was daar kennelik heelwat onsekerheid in die vroeëre vertalings. In V1878 staan byvoorbeeld: “as jy kan *gelowe*” en “ik *geloof*”; in V1908: “een wat *gelowe*”, “ek *geloof*”, “moet ni *gelowe* ni” en “*gelowe*” as voltooide deelwoord, en in V1922: “as u kan *geloof*” en “ek *geloof*”. In latere vertalings is die vorm uitsluitlik *glo*.

Persoonsvorm, infinitief en imperatief

By werkwoorde met *-f/-we*-wisseling in die uitgang lyk dit aanvanklik asof daar 'n funksionele differensiasie met *-f* as persoonsvorm en *-we* as infinitief ontwikkel. Die vorm *sterf* kom byvoorbeeld in vertalings V1878 tot V1953 as persoonsvorm voor, en *sterwe* as infinitief. In V1983 is daar egter weer 'n voorkeur vir *-we* in albei funksies, en in V2014 vir die vorm op *-f*.

Te oordeel na die eerste ses hoofstukke van V1878 probeer Hoogenhout 'n eie sisteem skep rondom die werkwoorde *doen*, *gaan*, *sien*, *slaan* en *staan* (en dié met premorfeme, soos *uitgaan*, *verstaan* en *doodslaan*), wat in Nederlands 'n *-t*-uitgang in die 2de en 3de persoon enkelvoud neem en vroeër ook in die imperatief en 2de persoon meervoud, en 'n *-n*-uitgang by meervoudige onderwerpe en in die infinitief. Hy laat byna alle imperatiewe en persoonsvorme (enkelvoud en selfs meervoud) op *-t* uitgaan, vgl. “*Siet*, dat jy aan niemand iets seg” (Mark 1:44) en “als hulle Hom *siet*” (Mark 3:13), onderskeidelik. Infinitiewe gaan konsekwent op *-n* uit. SJ du Toit, daarenteen, toon 'n algemene voorkeur vir die *-n*-uitgang.

² Skryf: 21 967, skrywe: 611, geskryf: 8 402, geskrywe: 311; sterf: 3 006, sterwe: 514, gesterf: 1 963, gesterwe: 103; beroof (sluit volt. deelwoorde in): 1 161, berowe (sluit volt. deelwoorde in): 6; uitdryf: 42, uitdrywe: 10, uitgedryf: 77, uitgedrywe: 11.

TABEL 1: *Gaat/gaan, siet/sien, staat/staan, doet/doen en premorfeme*

		Imperatief	Persoons- vorm, enkelvoud	Persoons- vorm, meervoud	Infinities
C.P.Hoogenhout (V1878)	-t	15	44 ³	13	–
	-n	–	2 ⁴	2	21
S.J. du Toit (V1908)	-t	2	–	–	–
	-n	3	33	15	15

By ander tipes werkwoorde stem Hoogenhout se infinitiewe dikwels met Nederlands ooreen, byvoorbeeld: *antwoorde, bidde, blywe, ete, gewe, jage, verrade, vinde, volge, vrage* en *worde*. As persoonsvorm en infinitief gebruik hy by werkwoorde waarvan die Nederlandse stam op *-g* uitgaan, onderskeidelik *kryg* (Mark 13:36) en *kryge* (Mark 15:24), *seg* en *seh* (Mark 11:29) en *draag* (Mark 14:13) en *drage* (Mark 15:24). Deumert (2004:146) vind in ’n korpus private briewe (1880–1920) aanduidings dat daar selfs rondom 1900 nog ’n tussensisteem (*mediating system*) met wisselende fleksieverlies bestaan het, “located somewhere on a continuum between metropolitan Dutch and modern Afrikaans”. Werkwoorde soos *gaan* het byvoorbeeld dikwels op ’n *-t* uitgegaan in die meervoud (Deumert 2004:144).

Die werkwoord *hê* het vandag nog nie ’n algemeen aanvaarde imperatief nie. Die oudste drie vertalings gebruik die vorm *het*, byvoorbeeld “*Het* sout in julle selwers/self/usef”, vanaf V1878 tot V1922. Dit word vanaf V1933 tot V2014 opgevolg deur ’n konstruksie waarin *hê* deur *moet* voorafgegaan word of selfs heeltemal afwesig is: “Julle *moet* (self) sout in julle *hê* / werklik sout wees ...” (Mark 9:50). Hierdie konstruksie kom reeds in V1878 voor (Mark 11:22): “Julle *moet* geloof *heh* in God,” en later in V1908 en V1933 tot V2014, maar in V1922 het dit steeds gelui: “*Het* geloof in God.”

Die ontwikkeling van die negatiewe of prohibitiese imperatief kan gevolg word vanaf werkwoord plus *nie*, na *moet* plus *nie*, tot die sametrekking *moenie*, ofskoon *moet nie* steeds gebruik word om tussenvoegings toe te laat, soos in die geval van “Moet *hom* nie belet nie”. Vir Mark 8:26 kry ons agtereenvolgens: “*Gaat nie* in die dorp” (V1878), “*Moet ni* in di dorp gaan” (V1908), “*Gaan nie* in die dorp nie” (V1922) en “*Moenie* in die dorp (in)gaan / by die dorp aangaan ... nie” (van V1933 tot V2014).

Die voltooië deelwoord

Voltooië deelwoorde kan in perifrastiese konstruksies ’n suiwer werkwoordelike funksie vervul, maar kan ook onder meer ’n adjektiewiese funksie hê. In hedendaagse Afrikaans is al eersgenoemdes reëlmatig, byvoorbeeld *verbied, geberg, gebind* en *gevind*, maar met die uitsondering van *gehad* en *gedog/gedag*. Waar hulle nog in hulle onreëlmatige of “sterk” vorm voorkom, word hulle gewoonlik in figuurlike of abstrakte sin of attributief gebruik. In V1878 kom dié met werkwoordelike funksie dikwels in die onreëlmatige vorm voor. *Gebode* in “Wat

³ In Mark 11:29 het ook die 1ste pers. ekv. ’n *-t*-uitgang: “door watter magt Ik die dinge *doet*”.

⁴ Vgl. “En toen Jesus *uitgaan*” (Mark 6:34).

het Moses julle *gebode*?” word byvoorbeeld *gebid/gebied* in V1908 en V1922 (Mark 1:44). In V1878 kom verder onder andere voor: *bewoge, gedaan, gegete, gegewe, gelate, geskape, gesproke, gestorwe, opgenome, uitverkore, vergote, verrade, weggenome*, maar ook *gekome, gekyk, gelees* en *weggeneem*. Hierdie gebruik van die onreëlmatige vorme staan in skrilte kontras met Scholtz (1980:84) se mening ten opsigte van die sterk voltooide deelwoord, naamlik “dat die radikale vereenvoudiging van die Nederlandse sisteem teen die einde van die 18de eeu so te sê voltrek was”. Hoogenhout moes dus bewustelik vir die Nederlandse vorme gekies het.

Ook die swak vorme in V1878 is nader aan Nederlands, byvoorbeeld *geleg, geloof, geseg, gesegend* en *vermengd*. *Gedaan* en *gestorwe* kom ook in V1908 en V1922 in werkwoordelike funksie voor, byvoorbeeld (in V1908): “(H)ulle het an hom *gedaan* net wat hulle gewil het” (Mark 9:13), terwyl V1922, V1933, V1953 en V2014 *het gedoen* het. Mark 13:19 se *geskape* kom werkwoordelik voor in V1878 tot V1953, maar in V1983 en V2014 lui dit *geskep*. Vervanging deur ’n reëlmatige vorm vind nie by alle werkwoorde gelyk plaas nie. Dat *gedaan* net tot in V1908 gebruik word en *geskape* tot in V1953, is in ooreenstemming met die feit dat *geskape* tot onlangs nog deel van kerktaal was.

In die volgende afdeling word gekyk na ’n aantal uiteenlopende werkwoordkonstruksies.

4. GESELEKTEERDE WERKWOORDKONSTRUKSIES

Het en hê

In die loop van die 19de eeu het die hulpwerkwoordfunksie van *hê* oorgegaan op *het*, onmiddellik voorafgegaan deur die voltooide deelwoord wat hy regeer, sodat *hê* tans net die infinitief van ’n hoof- of koppelwerkwoord is (vgl. *Om ’n huis te hê; om iets gedoen/klaar te hê*, onderskeidelik). V1878 se “Want die wat skaam *sal gewees heh* ower My” word in V1922: “(W)ie hom vir My ... *sal geskaam het*” (Mark 8:38). ’n Verdere voorbeeld vind ons in Mark 14:30 en Mark 14:72: “eer die haan tweemaal *gekraai sal heh*” van V1878⁵ en “2 maal *sal gekraai he*” van V1908 word in V1922: “eer die haan tweemaal *sal gekraai het*”. SJ du Toit, die vertaler van V1908, noem in sy 1897-grammatika (Du Toit 1897:23) “Ek sal geloop *hê*” (naas “Ek sal loop”) as die vorme van die toekomstige tyd. JHH de Waal verklaar egter al in sy *Africander Grammar* van 1910 dat *het* in die reël (“as a general rule”) *hê* vervang in konstruksies soos *ek wou dit gehad het* en *ek kon dit gesien het* (De Waal 1910:50).

Wil hê plus moet-konstruksie

Die wenskonstruksie [*ek wil hê [jy moet x doen]*] begin in hedendaagse Afrikaans tipies met ’n aanloop bestaande uit *wil* plus *hê*, gevolg deur wat Ponelis (1979:440) ’n “skoon” bysin noem: ’n bysin sonder voegwoord of afhanklike volgorde. Dit het ontwikkel uit ’n saamgestelde sin met ’n duidelik onderskeie voorwerpsin wat *dat* as voegwoord neem, maar wat dan ’n mate van sintaktiese integrasie ondergaan. In die stelsin in Mark 10:35 word die huidige situasie eers in V1983 bereik.

⁵ In Hoogenhout se *Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse kinders en huissourwens* van 1873 word steeds konstruksies met *het* gebruik, soos *wil uitgehaal het, kan versuip het, sal geveerneem het* en *sal gewees het*; vgl. Hoogenhout (1975).

V1908: ons sou wel *wens dat* Jy an ons doen wat ons fan Jou sal vra.

V1922: ons *wil dat* U aan ons sal doen, wat ons ook mag begeer.

V1933, V1953: ons *wil hê dat* U vir ons moet doen wat ons U ook al mag vra.

V1983: ons *wil graag hê* U moet vir ons doen wat ons U gaan vra.

Mark 15:12 bied 'n voorbeeld van 'n vraagsin; hier is die huidige situasie reeds in V1933 bereik. Dit is opmerklik dat *hê* en *moet* in V1933 nog geskei word deur 'n komma, wat egter in die hersiene V1953 verwyder is.

V1908: Wat *wil* julle dan *he dat* ek moet doen met Hom ...?

V1922: Wat *wil* u dan, *dat* ek met Hem sal doen ...?

V1933: Wat *wil* julle dan *hê*, moet ek doen met Hom ...?

V1953: Wat *wil* julle dan *hê* moet ek doen met Hom ...?

Die ontwikkeling van hierdie konstruksie is in ooreenstemming met die geleidelike afname gedurende die 20ste eeu in die gebruik van die voegwoord *dat*, aan die een kant, en die toenemende voorkeur vir bysinstrukture met onafhanklike woordvolgorde, aan die ander kant, soos aangetoon deur Kirsten (2019:142,188).

Die preteritum

Die preteritum (of imperfektum, soos dit ook in die Afrikaanse taalkunde bekend is) speel 'n verwikkelde rol in die ontwikkeling van die Afrikaanse werkwoordstelsel. Die vorme *was*, *sou*, *moes*, *kon*, *wou* en *dag/dog* kom dikwels voor en het 'n verskeidenheid funksies; *wis*, *had* en *mog* het seldsaam geword en Nederlands *werd*, die preteritum van *worden*, is lank nie meer deel van Afrikaans nie, al gebruik SJ du Toit (1897:27) “Ek werd geroep” in sy grammatika as voorbeeld van die lydende vorm, naas “Ek word/is geroep”. *Werd* is tot V1908 beperk. As passiewe hulpwerkwoord kom dit in Mark 1:9 voor: “gedoop *werd* deur Johannes by di Jordaan”, en as koppelwerkwoord in Mark 9:3: “syn klere *werd* blinkend”.

Had as hulpwerkwoord van die plusquamperfectum kom net in V1878 en V1908 voor, byvoorbeeld “hulle *had* met makkaar gestry langs di pad” (Mark 9:34) en word vanaf V1922 deur *het* vervang. *Had* as selfstandige werkwoord kom onder meer in Mark 8:7 voor. V1878 lui: “hulle *had* enkele vissies”, en V1908: “*had*'n klyn bitji fissies”, maar vanaf V1922 vind ons slegs *gehad het / het gehad*. *Had* as hulpwerkwoord raak dus ongeveer vanaf V1922 in onbruik.

Funksies wat deur *mog* vervul is, word geleidelik deur ander modale hulpwerkwoorde oorgeneem. *Mog* dui in Mark 6:56 op *toestemming*, byvoorbeeld in V1908: “dat hulle ... mar net di soom fan syn o'ermantel *mog* anraak”. In V2014 word dit *kon*: “dat die siekes selfs net die soom ... *kon* aanraak” en in ander vertalings die presensvorm *mag*. In V1908 van Mark 14:35 het *mog* 'n **konjunktief** funksie: “En Hy ... bid ... dat di uur fan Hom *mog* ferbygaan.” In V1878 en V2014 word dit deur *moet* weergegee en in V1922 tot V1983 deur *sou*, byvoorbeeld in V1933 en V1953: “dat ... die uur by Hom *sou* verbygaan”. *Mog* kan ook **epistemies** wees, met ander woorde op 'n graad van waarskynlikheid dui, vgl. V1908 se Mark 6:10: “Waar julle oek in 'n huis *mog* ingaan”. V1922 vervang dit deur *sal* en V1933 en V1953 deur *mag*: “Waar julle oek al in 'n huis *mag* kom.”

Wis kom in Mark 9:6 in V1878, V1922 en V1933 voor, maar daar is 'n opmerkbare oorgang van “(w)ant hy *wis* nie wat om te sê nie” in V1933 na: “want hy *het* nie *geweet* wat om te sê nie” in die hersiene V1953. Mark 9:6, 12:28, 14:40 en 15:10 gee ons ook 'n indruk van die wel en wee van *wis* in teenstelling met die perfektum *het geweet*: *Wis* kom in V1922 in al vier hierdie vertalings voor, in V1933 net in twee, in V1953 (die hersiening) net in een, en dan nie weer nie.

Had en *mog* word dus net tot in V1908 gebruik, maar *wis* selfs tot in V1953. Kirsten (2019:70) bevind op grond van ’n korpusstudie dat *had* reeds vroeg in die 20ste eeu “quite rare and declining even further” was, en van al drie werkwoorde merk Kirsten (2019:71) op dat “they are already somewhat low in frequency compared to other Afrikaans preterits ... and in the course of the [20th] century their frequencies drop even further”.

In Mark 9:42 word *was* en *sou* om die beurt gebruik by die aanduiding van die irrealis of onverwerklike. *Was* – sowel die hulp- as die koppelwerkwoord – word in die vroeëre tekste as ’n soort konjunktief gebruik om niefeitelikheid uit te druk, byvoorbeeld in Mark 14:21 van V1908: “Dit *was* fer di mens beter dat hy ni *gebore was* ni.” In V1922 lees ons: “(D)it *was* vir hom beter dat ’n meulsteen om sy hals gesit *was*, en dat hy in die see gegooi *was*.” In V1878 lui dit: “dat *sou* beter voor hom wees ...”; in V1908, V1933, V1953 en V1983 word presensvorme gebruik, naamlik “*is* beter” en “gegooi *word*”.

Die perfektum

Een van die gebruike van die perfektum, meermale voorafgegaan deur ’n modale hulpwerkwoord, is om die irrealis aan te dui. In Mark 14:5 kan ’n ontwikkelingsgang waar-geneem word:

V1878: dit het ... *kan verkog geword wees* en die geld aan arm mense *gegewe wees*

V1908: dit *kon* ... an di arme *gegé wees*

V1922: dit *kon* ... aan die arme *gegee geword het*

V1933, V1953: dit *kon* ... *verkoop* en die geld vir/aan die armes *gegee gewees het*

V1983: ... *kon* ... *verkoop* en die geld vir armes *gegee gewees het*

V2014: ... *kon* ... *verkoop word* en dit *kon* aan die armes *gegee word*

’n Ingrypende verandering wat hom in die Afrikaans van die 19de eeu voltrek, is die vervanging van die hulpwerkwoord *wees* deur *het* by sogenaamde *onakkusatiewe* (vroeër ook bekend as *mutatiewe*) werkwoorde, waarvan die onderwerp in die verhouding van tema eerder as agens tot die werkwoord staan, byvoorbeeld *Hy val van die krans* teenoor *Hy spring van die krans af* (vgl. Radford 2009:195-196). Hierdie werkwoorde neem in Nederlands vorme van die werkwoord *zijn* eerder as *hebben* as hulpwerkwoorde, in vroeër Afrikaans onderskeidelik *is/was/wees* en *het/hê*. In V1878 neem onder meer die volgende voltooid deelwoorde ’n vorm van *wees* as hulpwerkwoord: *gebeur, gestorwe, gevlugt, gevolg, gewees, geworde, opgekom, opgestaan*. In V1908 is dit die geval met *ferbygegaan, ferskyn, gebeur, gekom, gewees, geworde, opgegaan, opgestaan*, byvoorbeeld “*Is julle uitgegaan ... om fer Mij gefange te neem?*” (Mark 14:48). In V1922 vind ons ’n mengeling van hulpwerkwoorde, met naas *is geword* en *is gestorwe* ook *het gekom* en *het uitgegaan*: “En Jesus *het* binne Jerusalem *gekom*” en “... *het* Hy *uitgegaan* na Bethanië” (Mark 11:11). Vanaf V1933 is die situasie soos in moderne Afrikaans, met ander woorde onakkusatiewe werkwoorde neem dan nie meer *wees* as hulpwerkwoord nie. Hierdie proses sluit chronologies goed aan by wat ons in ander 19de- en 20ste-eeuse geskrifte vind. Louis Trigardt gebruik in sy dagboek van 1836 tot 1838 *wees* in 93% van gevalle, SJ du Toit in sy roman *Di Koningin van Skeba* in 1898 nog 34% en JD Kestell in sy biografie van Christiaan de Wet in 1920 nog 29% (vgl. Conradie 2015).

Die plusquamperfectum

Toe *had* as hulpwerkwoord in onbruik geraak het, het Afrikaans ’n middel verloor om in die aktief na die voorverlede te verwys. Hierdie ontwikkeling word in Mark 6:17 weerspieël. In

V1878 lui dit: “Herodes *had* een party mense uitgestuur ... *had* hom in die gevangenis geset ... omdat hy haar getrouw *had*.” In V1908 staan ook: “*had* gestuur ... laat gefange neem ... laat boei”, maar dit word dan deur ’n perfektum gevolg: “... omdat hy met haar getrouw *het*”. In V1922, V1933 en V1953 tree net *het* as hulpwerkwoord op. V1983 en V2014 dui die voorverlede eksplisiet aan met behulp van die bywoord *vroeër*: “*Vroeër* het Herodes self gestuur ...” in V1983, en “... het immers *vroeër* mense gestuur” in V2014. (Vgl. oor die plusquamperfectum ook Deumert 2004:160.)

In die passief kan *was* nog steeds gebruik word om na die voorverlede te verwys, maar word *is* ook vir sowel die verlede as die voorverlede gebruik. V1878 lui in Mark 1:14: “En toen Johannes in die gevangenis *geset was*”, en in V1908 is dit ook *geset was*. V1922 gebruik ook *was* in Mark 12:3: “nadat hy skandelik *behandel was*”. V1922 en V1953 het *oorgelewer was*, maar V1933, V1983 en V2014 het *is*. In laasgenoemde gevalle maak die voegwoord *nadat* die tydsverskil eksplisiet: “*nadat* Johannes oorgelewer / opgesluit / gevange geneem *is*,” onderskeidelik.

Van historiese presens tot perfektum

In vroeëre tekste kan waargeneem word hoe vertellende diskoers, soos tipies in die Afrikaanse spreektaal, ook op skrif in die presens weergegee word, maar later deur die perfektum verdring word, soms via ’n tussenstadium waar presens en perfektum stilisties afgewissel word. Die historiese presens word by uitstek gebruik om dramatiese gebeurekettings meer skouspelagtig mee te deel deur dit na die hede van die hoorder/leser te verskuif. Vir SJ du Toit – soos ook uit sy grammatika blyk – is dit ’n spreektaalkenmerk en hy gebruik dit dan ook ruimskoots in sy vertaling: “Buitendiin gebruik di Afrikaner in ferhalende styl meesal di teenwoordige tyd met di historise bywoord *toen*, wat di saak des te anskouliker foorstel” (Du Toit 1897:24).

Mark 5:13 beeld die dramatiese gebeure uit waar die onrein geeste/demone in ’n trop varke vaar. V1878, V1908 en V1922 het net presensvorme (onderbreek deur ’n preteritum), byvoorbeeld in V1922:

En Jesus *laat* hulle dit dadelik toe. En die onreine geeste *vaar* uit en *vaar* die swyne in, en die trop *storm* die steilte af in die see (daar *was* omtrent twee duisend) en *versuip* in die see.

V1933 tot en met V2014 gebruik egter net perfektumvorme, byvoorbeeld in V1933:

En Jesus *het* hulle dit dadelik *toegelaat*; en die onreine geeste *het uitgegaan* en in die varke *gevaar*, en die trop ... *het* van die krans af in die meer *gestorm* en in die meer *verdrink*.

Waar die klem in die presensweergawe veral op die aksie as sodanig val, is die perspektief van die tweede meer dié van die gevolge van die aksie. In Mark 12:1-8, die gelykenis van die huurders en die wingerd, word ’n opeenvolging van minder of meer dramatiese handeling in die verskillende vertalings met behulp van 20 tot 25 aksiewerkwoorde (na gelang van die vertaling) beskryf, byvoorbeeld *plant*, *maak*, *bou*, *verhuur*, *stuur* en *slaan*. V1908 begin byvoorbeeld met “’n Mens *plant* ’n wingerd” en eindig met “En hulle *neem* en *maak* hom dood en *goi* hom uit buitekant di wingerd”. Al 22 aksiewerkwoorde is in die presens. In V1878 is slegs een werkwoord *nie* in die presens *nie*: “So *het* hy ook die [seun] eindelijk *gestuur*,” waar die aksie minder dramaties is en ook ’n resultaat aandui, en dus goedskiks in die perfektum kan wees. V1922 het 19 werkwoorde in die presens, maar vier in die perfektum. In V1933 en V1953 is al 25 en in V1983 al 20 werkwoorde in die perfektum. In V2014 is net een uit 23

nie in die perfektum *nie*: “Hy *stuur* toe nog een” (Mark 12:4). (Oor die stelselmatige vervanging van die historiese presens deur die perfektum in Afrikaanse Bybelvertalings, vgl. Conradie 1992:61-62.)

’n Aantal niewerkwoordelike konstruksies bied ook perspektiewe op taalverandering en die vertaling van Markus.

5. GESELEKTEERDE NIEWERKWOORDELIKE KONSTRUKSIES

Nederlands en Afrikaans gebruik in baie gevalle dieselfde of soortgelyke konstruksies, byvoorbeeld die gebruik van die voorsetsel *deur* in die agens van die passief. Ook die gebruik van Afrikaans *vir* (ook *voor*) by die **indirekte** voorwerp, adjunkte, en so meer stem met Nederlands *voor* en ander setsels ooreen, maar *vir* as aanduiding van ’n **direkte** voorwerp is ’n nuwe ontwikkeling in Afrikaans. ’n Aantal ander taalverskynsels – en veranderings – kan ook as nuwe ontwikkelings in Afrikaans beskou word, byvoorbeeld die funksionele uitbreiding van *oorkant* en *anderkant* na voorsetsels, die **reduplikasie**verskynsel, die negatiefpartikel wat naas die gewone ontkenning gebruik word en die ineenstrengeling van die kousatiewe werkwoord *laat* met die voegwoord *dat*. Aspekte hiervan soos dit in Markus figureer, word kortliks bekyk.

Agens in die passief

Die vervanging van *van* deur *deur* as voorsetsel in die agens van die passief in Nederlands en vroeë Afrikaans word in die Afrikaanse vertalings van Markus weerspieël. In V1878 se weergawe van Mark 12:11 vind ons byvoorbeeld: “*Van* die Heer is dit gebeur”, in V1908: “*Deur* di Here is dit geworde”, in V1922: “*van* die Here is dit geskied” en in V1983: “Dit is *deur* die Here gedoen.”

Die eerste deel van Mark 13:13 word in V1908 vertaal as “julle sal gehaat worde *fan* almal”, maar in V1922 as “u sal gehaat word *deur* almal”. In Mark 16:11 het V1878 “dat Hy ... *van* haar gesien was”, maar V1908 “*deur* haar gesien is”, en V1922 “*deur* haar gesien was”. *Van* kom nog ’n enkele keer in V1922 voor (naas *deur*), maar in latere vertalings word slegs *deur* gebruik.

Die rol wat *van* in die oudste Afrikaanse vertalings speel, is ’n aanduiding van die mate waarin die *Statenbijbel* nog as model gedien het. In ’n 1892-uitgawe van die *Statenbijbel* word *van* in al drie aangehaalde verse gebruik, maar in NBG 51 slegs in Mark 12:11: “*van* de Here is dit geschied”. Die setselgroep kan hier moontlik as bron of oorsprong eerder as agens geïnterpreteer word.

Vir voor direkte en indirekte voorwerpe

Die gebruik van ’n voorsetsel soos *vir* of *aan* voor ’n **indirekte** voorwerp (byvoorbeeld “Sy gee *vir* hulle iets om te eet”) is algemeen in Nederlands en Afrikaans, maar die plasing van *vir* voor ’n **direkte** voorwerp wat na mense verwys, is tipies Afrikaans en na bewering ’n konstruksie wat aan kreoolse Portugees ontleen is (Raidt 1994a). Na gelang van die sinsposisie is hierdie *vir* opsioneel of verpligtend, maar as die naamwoordstuk voor die posisie van die ontkenning, voorwerp, ens. voorkom en ’n pronominale kern het (byvoorbeeld “Hy het (*vir*) *haar* daar gesien”), wil dit voorkom – altans in hedendaagse Afrikaans – asof die konstruksie meer aanvaarbaar is sonder *vir*: In die volgende verse het net V1908 (SJ du Toit) ’n *fer/vir*-konstruksie: “laat *fer* Hom roep” (Mark 3:31); “soebat *fer* Hom baing” (Mark 5:10); “Jy siin dat di menigte *fer* Jou ferdring” en “Jy fra: Wi het *fer* My angeraak?” (Mark 5:31); “dat hulle

eers *fer hulle* gewas het” (Mark 7:4); “Andere het Hy ferlos, *fer Homself* kan Hy ni ferlos ni” (Mark 15:31). Die hiërargie van opsionaliteit is volgens Ponelis (1993:266) sodanig dat *vir* verpligtend is voor ’n eienaam, opsioneel is voor ’n voornaamwoord en uitgeslote voor selfstandige naamwoorde. Die verskil tussen laasgenoemde twee kontekste kom in V1908 in die aan- en afwesigheid van *vir* tot uiting, byvoorbeeld “di eerste neem ’n frou” (Mark 12:20) teenoor “di tweede neem *fer* haar” (Mark 12:21), en “om jou naaste liif te hê” teenoor “om *fer* Hom liif te hê” (Mark 12:33).

Mark 6:37 is ’n voorbeeld van die gebruik van *vir* (afgewissel met *aan*) as **indirekte** voorwerp, of dan die belanghebbende persoon. Dit is opvallend dat slegs die hersiene vertaling (V1953) *vir* vervang deur *aan*;⁶ al die ander gebruik konsekwent *vir*, soos in V1933: “Gee julle *vir* hulle iets om te eet”, teenoor V1953: “Gee julle *aan* hulle iets om te eet.”

Die herkoms en gebruik van *vir* in Afrikaans, en die kontroverse daaromheen in die Bybelvertalings en spesifiek rondom SJ du Toit se gebruik daarvan en sy motivering daarvoor, word uitvoerig bepreek deur Raidt (1994a:141 e.v.); vergelyk ook Deumert (2004:207-211).

Oorkant en anderkant as voorsetsels

Woorde soos *oorkant* en *anderkant* word in Markus vroeg reeds as voorsetsels gebruik. In Mark 3:8 het V1878 byvoorbeeld “van owerkant die Jordaan”, V1922: “van anderkant die Jordaan” en V1933: “van oorkant die Jordaan af”. Hierdie nuutgevormde *-kant*-voorsetsels kom al sedert die laaste dekades van die 18de eeu in geskifte voor (Ponelis 1993:357).

Die negatiefpartikel

Die negatiefpartikel (“tweede *nie*”) kom glad nie in V1878 voor nie,⁷ maar konsekwent in al die ander vertalings. In V1908 het die negatief egter nog nie die reikwydte om ’n verdere klous in te sluit nie, en word ’n ekstra *ni* ingespan, wat in V1933 (en latere vertalings) nie die geval is nie. In Mark 4:12 sien ons byvoorbeeld:

V1878: sodat hulle hulle nie die een of ander tyd bekeer, en hulle sonde vergewe worde.

V1908: opdat hulle ... *fer* hulle ni bekeer *ni*, dat *fer* hulle fergewe worde *ni*.

V1933: dat hulle nie miskien hulle bekeer en die sondes hulle vergewe word *nie*.

en in Mark 6:11:

V1878: die mense wat julle nie sal ontvang en na julle nie wil luister

V1908: di plek wat *fer* julle ni sal ontfang *ni* en ni *fer* julle sal hoor *ni*

V1933: almal wat julle nie ontvang of na julle luister *nie*.

Reduplikasie

In teenstelling met Nederlands is reduplikasie of die iteratiefkonstruksie baie algemeen in Afrikaans. In Mark 6:7 sien ons dat V1878 nog van ’n Nederlandse konstruksie gebruik maak. V1908 en V1922 redupliseer wel, maar as ’n agterplasing, en in V1933 neem die reduplikasievorm sy plek in die middelveld in.

⁶ Oor “grootskaalse opruimings” in die hersiene uitgawe, onder meer die vervanging van *vir*’s deur *aan*’s, vgl. Conradie (1983:107).

⁷ Die negatiefpartikel word wel konsekwent gebruik in Hoogenhout se *Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse kinders en huissouwens* van 1873; vgl. Hoogenhout (1975).

- V1878: begin hulle *twee aan twee* uit te stuur
 V1908: begin fer hulle uit te stuur *twe*
 V1922: begin hulle uit te stuur *twee-twee*
 V1933: begin om hulle *twee-twee* uit te stuur

Vermenging van *la(a)t* en *dat*

Die saamval van die skakelwerkwoord *laat* en sy informele wisselvorm *lat* met die voegwoord *dat* is 'n veelbesproke verskynsel in Afrikaans; vergelyk Ponelis (1979:243; 1993:294-295). Die vertaling van Mark 12:15 in V1878 slaan moontlik 'n brug tussen die twee, met *laat* 'n hiperkorrekte weergawe van *dat*: “breng My een penning *laat* Ik hom sien”. Al die ander vertalings het *dat*, byvoorbeeld V1908: “Breng fer My 'n penning, *dat* Ek kan siin”; V2014: “Bring vir My 'n muntstuk *dat* Ek sien.” *Moenie* kan ook 'n *dat*-komplement hê, byvoorbeeld in die weergawe van Mark 14:44 in V1983: “*Moenie dat* hy ontsnap nie.”

Ten slotte word ook enkele leksikale items bespreek wat met die beskrywing of uitdrukking van emosie of subjektiewe houdings te make het.

6. GESELEKTEERDE LEKSIKALE ITEMS

Iets of iemand kwalik neem?

In Mark 10:14 word Jesus se reaksie op die dissipels se berisping van mense wat kinders na Hom toe bring, deur die Griekse woord ἠγανάκτησεν weergegee – deur Van der Walt *et al.* (2012:248) as “Hy was verontwaardig / het kwaad geword” vertaal. “Verontwaardig” word in V1908, V1983 en V2014 gebruik, maar in V1878, V1922 en V1933 die uitdrukking “om iets kwalik te neem” – wat egter in die hersiene V1953 “om *iemand* [my kursivering] iets kwalik te neem”

- V1878: neem Hy *dit* regte kwalik
 V1908: was Hy *ferontwaardig* daaro'er
 V1922: Jesus ... het *dit* baie kwalik geneem
 V1933: het Hy *dit* baie kwalik geneem
 V1953: het Hy *hulle dit* baie kwalik geneem
 V1983, V2014: was Hy *verontwaardig*

Terwyl “om iets kwalik te neem” in Nederlands oorspronklik beteken het “ongunstig of onaangenaam voor de betrokken persoon of zaak, of voor hem die ze verneemt” (Van Dale 1950⁸), dus om iets sleg op te neem, voeg Van Dale by: “thans vooral in *iemand iets kwalijk nemen*, het ongunstig van hem opnemen, het euvel duiden, zich er gegriefd of beledigd tonen”. Die byvoeging van *hulle* in V1954, kort ná die verskyning van hierdie Van Dale, het dus die betekenis verander van 'n emosie (verontwaardiging) na 'n bedekte aanklag of beskuldiging. Dit is egter 'n vraag of lesers van vroeëre vertalings verstaan het wat dit beteken om “iets kwalik te neem” – 'n uitdrukking wat nie eers as sodanig in WAT-8⁹ opgeneem is nie. Dieselfde ontsporing vind ons nie by ἀγανάκτοῦντες – deur Van der Walt *et al.* (2012:275) vertaal as “hulle wat verontwaardig was” – in Mark 14:4 nie. Dit word in al die vertalings óf met “verontwaardig(ing)” vertaal, óf dit verwys na mense “wat dit groot kwalik neem” (V1878) of “wat dit baie kwalik neem by hulleself” (V1922).

⁸ Kruyskamp en De Tollenaere (1950), onder *kwalijk*

⁹ Hauptfleisch (1991), onder *kwalik*.

Modale partikels

Modale partikels word dikwels gebruik om die spreker se houding ten opsigte van 'n saak of handeling implisiet of indirek te laat blyk. In Mark 4:21 wissel *miskien* (wat onsekerheid by die spreker aandui) in V1922 af met *tog* in V1933 en V1953 (waarmee die spreker die geldigheid van 'n stelling bevraagteken) en *mos* in V1983 (wat suggereer dat die handeling indruis teen algemeen aanvaarde gebruike), en V2014 verkies weer *tog*.

V1922: Kom 'n kers *miskien* dat dit onder 'n maatemmer ... gesit word?

V1933, V1953: Die lamp kom *tog* nie om onder die maatemmer ... gesit te word nie?

V2014: 'n Lamp word *tog* nie gebring om onder 'n maatemmer ... geplaas te word nie?

In Mark 4:41 word die houding wat in *tog* opgesluit lê, deur die vers self uitgespel, byvoorbeeld in V1878: “Wie is *tog* dit, dat ook die wind en die see Hom gehoorsaam is!” (“en hulle vrees met *grote vrees*”). Ook in V1922, V1933 en V1953 is die gewaarwording een van “grote/groot vrees”, en in V1983 en V2014 slaan *tog* op “groot/diep ontsag”. Terwyl Mark 7:28 se *tog* in V1878 'n teenstellende mening stel, wys *darem* in V1933 tot V2014 bloot op die moontlikheid van 'n ander standpunt:

V1878: maar die honde eet *tog* onder die tafel

V1933, V1953: maar die hondjies eet *darem* onder die tafel

V1983: die hondjies eet *darem* onder die tafel

V2014: die hondjies onder die tafel eet *darem* van ...

Die *mos* van Mark 12:23 herinner in V1983 aan 'n situasie wat as bekend veronderstel word: “Al sewe het haar *mos* as vrou gehad.” In V1878 tot V1953 word 'n rede of logiese verband deur middel van die voegwoord *want* te kenne gegee. Dieselfde verband word in V2014, waar *mos* vervang word deur *immers*, aangedui: “Al sewe het haar *immers* as vrou gehad.” Die *mos* van Mark 14:70 is in V1983 meer 'n uiting van verbasing oor 'n verband wat gelê word: “(J)y is *mos* ook 'n Galileër.”

ENKELE WAARNEMINGS

As chronologies opeenvolgende vertalings van dieselfde teks, in dié geval die Markus-evangelie, met mekaar vergelyk word, is dit te verwagte dat minstens sommige veranderinge in die algemene taalgebruik daarin weerspieël word. Die volgende is van die veranderinge wat neerslag gevind het in die vertalings:

- Op klank- en vormgebied, die voortgesette wegval van die *-e*-uitgang by attributiewe byvoeglike naamwoorde en die vervanging van slot-*we* deur *-f* by werkwoorde.
- Die vervanging van *hê* as hulpwerkwoord deur *het* en die kollokasie met 'n voltooid deelwoord, wat 'n bydrae lewer tot werkwoordkonstruksies soos *moes gesing het* en *sal gekom het*, waardeur die irrealis en voltooid toekomstige tyd uitgedruk of 'n epistemiese waarde daaraan toegeken kan word.
- Die vervanging van *is/wees* deur *het* as hulpwerkwoord by onakkusatiewe werkwoorde (bv. *is > het gegaan*), waardeur die sinsonderwerp verder gegrammatikaliseer word.
- Op sintaktiese gebied, die vestiging van die negatiefpartikel *nie* as merker van die reikwydte van ontkenning in die sin.

Veral die vroeë vertalers van die Bybel, in die geval van Afrikaans persone soos CP Hoogenhout en SJ du Toit, is nie net gebruikers van die taal nie, maar dra ook deur hulle taalkeuses by tot die uitbou en standaardisering van die taal. Waar die taalgebruik in 'n bepaalde vertaling egter afwyk van voorafgaande of daaropvolgende vertalings, kan dit 'n aanduiding wees dat die betrokke waarnemers nie die taalgebruik goed waargeneem het nie. So vind ons dat V1878 opvallend nader aan Nederlands is as daaropvolgende vertalings; onreëlmatige voltooide deelwoorde, soos *gegewe* vir latere *gegee*, *bewoge* vir *beweeg* en *gestorwe* vir *gesterf*, word byvoorbeeld nog in werkwoordelike funksie gebruik. Verder staan die afwesigheid van die negatiefpartikel in dié vertaling in kontras met al die latere vertalings. In V1908 val die *jy/jou*-aanspreekvorm wat feitlik deurgaans gebruik word, op, asook die historiese presens wat selde afgewissel word met ander tydsvorme. Terwyl die *-f*-uitgang sterk aan die toeneem is by werkwoorde, val die voorkeur vir *-we*-vorme op in V1983.

Soms sien ons ook dat vertalers grammatikale strukture probeer uitbou. Dit wil byvoorbeeld voorkom asof Hoogenhout (V1878) by werkwoorde op *-n*, soos *gaan*, die onderskeid tussen persoonsvorm en infinitief probeer konsolideer deur middel van *gaat* en *gaan*, onderskeidelik, in 'n stadium waarin die onderskeid nie meer funksioneel is nie. Du Toit (V1908) probeer weer die preteritumvorm *werd* behou as nuttige onderdeel van die passiefparadigma. Sy oormatige gebruik van *vir* as voorwerpmerker sou dit goedsikks 'n oorbodige merker kon gemaak het. Miskien moet sommige taalveranderings maar aan die taal self oorgelaat word.

BIBLIOGRAFIE

Vertalings (V) van Markus

- (i) V1878. *Die Evangelie volgens die beskrywing van Markus na die Hollandse vertaling van die State Bybel uitgegee door eenige voorstanders van Bybelverspreiding*. Ongepubliseerd [= Hoogenhout, C.P. 1878]
- (ii) V1908. Di Evangelie follens Markus. *Stemmen des Tijds*. 12(4):1-8. [= S.J. du Toit en andere 1908].
- (iii) V1922. Die Heilige Evangelie na die beskrywing van Markus. *Die vier Evangelie en die Psalm*. Kaapstad: Britse en Buitenlands Bybelgenootskap.
- (iv) V1933. Die Heilige Evangelie volgens Markus. *Die Bybel: Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat, oorgesit uit die oorspronklike tale en uitgegee in opdrag van die Gesamentlike Kommissie verteenwoordigende die drie Hollandse Kerke in Suid-Afrika*. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- (v) V1953. Die Heilige Evangelie volgens Markus. *Die Bybel: Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat, oorgesit uit die oorspronklike tale en uitgegee in opdrag van die Gesamentlike Kommissie verteenwoordigende die drie Hollandse Kerke in Suid-Afrika* (hersiene uitgawe). Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- (vi) V1983. Die Evangelie volgens Markus. *Die Bybel: Nuwe Vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- (vii) V2014. Die Evangelie volgens Markus. *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Ander Bybelvertalings

- Bijbel, dat is de gansche Heilige Schrift, vervattende al de kanonijke boeken des Ouden en Nieuwen Testaments, door last van de hoog-mog. Heeren Staten-generaal der Vereenigde Nederlanden*, ens. 1892. Utrecht, Londen: Britsche en Buitenlandsche Bijbelgenootschap. [*Statenbijbel*]
- Bijbel*. 1983 [1951]. *Vertaling in opdracht van het Nederlands Bijbelgenootschap bewerkt door de daartoe benoemde commissies*. Nederlands Bijbelgenootschap Haarlem. Belgisch Bijbelgenootschap Brussel [NBG 51].
- The New English Bible*. 1970. Oxford University Press, Cambridge University Press [NEB 70].

Van der Walt, J., Barkhuizen, J. & Du Toit, H. (reds.). 2012. *Interliniêre Bybel Grieks – Afrikaans: Nuwe Testament*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Verwysings

- Conradie, C.J. 1983. Afrikaanse Bybelvertalings: 'n taal in wording. In: A.J.L. Sinclair (red.). *G.S. Nienaber – 'n huldeblyk: Studies opgedra aan prof. dr. G.S. Nienaber in sy tagtigste jaar*. UWK, pp. 105-111.
- Conradie, C.J. 1985. Die normering van Afrikaanse Bybeltaal. In: R.P. Botha en M. Sinclair (reds.). *Norme vir taalgebruik, Spil Plus 10*, Universiteit van Stellenbosch, pp. 464-87.
- Conradie, C.J. 1992. Tempus in Afrikaanse Bybelvertalings. In: *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 10(2):60-7.
- Conradie, C.J. 1998. Preteritumverlies in vroeë Afrikaans. In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 38(1):6-20.
- Conradie, C.J. 2015. The loss of BE as mutative marker in Afrikaans. In Kotin, M.L. & Whitt, R.J. (eds). *To be or not to be? The Verbum Substantivum from Synchronic, Diachronic and Typological Perspectives*. Cambridge: Cambridge Scholars Publishing, pp. 251-278.
- Deumert, Ana. 2004. *Language Standardization and Language Change: The dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- De Waal, J.H.H. 1910. *Africander Grammar*. Cape Town.
- Du Toit, S.J. 1897. *Fergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels./ Comparative Grammar of English and Cape Dutch*. Paarl: D.F. du Toit en Co., as faksimilee in Loubser (1980).
- Hoogenhout, C.P. 1975 [1873] *Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse kinders en huissouwens. In hulle eige taal geskrywe deur Een Vrind*. In Nienaber, P.J (red.). *Josef en Catharina*. Nuwe reeks no. 8 uitgegee deur Human & Rousseau vir die Patriot-Vereeniging vir Afrikaanse teksuitgawes van die S A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, pp. 55-81.
- Kirsten, Johanita. 2019. *Written Afrikaans since Standardization. A Century of Change*. Lanham, ens.: Lexington Books.
- Loubser, J.E. (red.). 1980. *Eerste beginsels van die Afrikaanse Taal en Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels*. Kaapstad: Tafelberg.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ponelis, Fritz. 1993. *The Development of Afrikaans*. Series: Duisburger Arbeiten zur Sprach- und Kulturwissenschaft. Frankfurt am Main, etc.: Peter Lang.
- Radford, Andrew. 2009. *English Syntax. An Introduction*. Cambridge, etc.: Cambridge University Press.
- Raidt, E.H. 1968. *Geskiedenis van die byvoeglike verbuiging in Nederlands en Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E.H. 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E.H. 1994a[1976]. Die herkoms van objekskonstruksies met *vir*: In: Raidt, E.H., *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press, pp. 116-147.
- Raidt, E.H. 1994b[1976]. Oor die herkoms van die Afrikaans reduplikasie. In: Raidt, E.H. *Historiese taalkunde. Studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press, pp. 148-160.
- Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Woordeboeke

- Kruyskamp, C. & De Tollenaere, F. 1950. *Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse taal*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff. [Van Dale]
- Woordeboek van die Afrikaanse taal*. Deel VIII. Stellenbosch: Buro van die WAT. [WAT]

Gesag en solidariteit: Aanspreekvorme en pronominale persoonsverwysings in die Afrikaanse Bybelvertaling van 2020

Authority and solidarity: Forms of address and pronominal personal references in the Afrikaans Bible translation of 2020

ERNST F KOTZÉ

Nelson Mandela-Universiteit

Port Elizabeth

Suid-Afrika

E-pos: ernst.somerstrand@gmail.com



Ernst Kotzé

ERNST KOTZÉ is emeritus professor in Afrikaanse taalkunde en toegepaste taalstudies van die Nelson Mandela-universiteit in Port Elizabeth, voorheen ook navorsingsvennoot en dosent in forensiese linguïstiek aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom. Hy het gestudeer aan die Universiteit van Kaapstad (BA en BA (Hons)) en die Universiteit van die Witwatersrand (MA en PhD). Navorsingsgebiede sluit in linguïstiek en Afrikaanse taalkunde, sosiolinguïstiek, leksikografie, taalbeplanning en -beleid, historiese taalkunde, vertaalkunde en forensiese linguïstiek. As ontvanger van die Alexander von Humboldt-stipendium het hy postdoktorale navorsing gedoen in Duitsland, akademiese poste beklee by verskeie universiteite in Suid-Afrika, en as besoekende professor onderrig gegee in België en Japan. Kotzé is 'n NSS-geëvalueerde navorser, en het verskeie beurse en toekennings ontvang, onder andere die SA Akademie se CJ Langenhoven-toekenning vir Taalwetenskap in 2003 (Leksikografie), en die CL Engelbrecht-prestasiëprys (Taalkundige Navorsing), die Marnixring Internasionale Toekenning (België) vir die internasionale bydrae tot die ontwikkeling

ERNST KOTZÉ is emeritus professor in Afrikaans linguistics and applied language studies at Nelson Mandela University in Port Elizabeth, formerly a research partner and lecturer in forensic linguistics at the North-West University in Potchefstroom. He studied at the University of Cape Town (BA and BA (Hons)) and the University of the Witwatersrand (MA and PhD). Research areas include linguistics and Afrikaans linguistics, sociolinguistics, lexicography, language planning and policy, historical linguistics, translation and forensic linguistics. As recipient of the Alexander von Humboldt Scholarship, he did postdoctoral research in Germany, held academic positions at various universities in South Africa, and taught at various universities in Belgium and Japan as a visiting professor. Kotzé is an NRF-rated researcher, and has received several scholarships and awards, including the SA Academy's CJ Langenhoven Award for Linguistics in 2003 (Lexicography), and the CL Engelbrecht Achievement Award (Linguistic Research), the Marnixring International Award (Belgian) for the international contribution to the development of Dutch (and

Datums:

Ontvang: 2020-07-19

Goedgekeur: 2020-09-22

Gepubliseer: Desember 2020

van Nederlands (en Afrikaans), en 'n besondere erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir diens aan Afrikaans as wetenskaps- en standaardtaal. Hy het in totaal 44 boeke, 56 vaktydskrifartikels en 41 bydraes in kongresverhandelinge oor sy navorsgebiede in Afrikaans, Engels, Duits, Frans en Japannees gepubliseer.

Afrikaans), and a special honorary award from the SA Academy of Science and Arts for service to Afrikaans as a scholarly and standard language. He has published a total of 44 books, 56 journal articles and 41 contributions in congress papers on his research areas in Afrikaans, English, German, French and Japanese.

ABSTRACT

Forms of address and pronominal personal references in the Afrikaans Bible translation of 2020

Theoretical context

The Afrikaans Bible translation of 2020 took cognisance of Christiane Nord's (1997, 2001) functionalistic model of translation, in conjunction with Reiss and Vermeer's (1984) skopos theory. A function of this translation, in addition to the aim of providing an authoritative basis for the faith of its readership, was to ensure that the source text is presented as an authentic representation of the culture(s) in which it originated, as well as being understood clearly by the target readers of today, in due regard of the text genre of the relevant source text (such as narrative, poetry, prophetic enunciations, wisdom literature, genealogical register). This is articulated in the skopos, or translation mandate by the initiator; it is the Bible Society of South Africa.

This mandate was further informed by Gutt's (1991) notion of a "direct" translation, in that the source text is not interpreted and indirectly reported by the translator as narrator, but addresses the reader directly, as though the author had written the text in the receiving language. The intended function would then be to empower the translated text with the same status and authority as the source text.

Address forms

One aspect of the translation process does, however, require a degree of interpretation on the linguistic level, namely the use of second person pronouns as a form of address in Afrikaans. The choice of an appropriate pronoun is often determined or influenced by the relation between the speaker and the addressee (which may vary through time), such as the relative social position of the interlocutors, and the style of the dialogue, and can be generalised to a binary distinction between a formal (u) and an informal address form (jy). This choice does not, however, reflect only factors such as formality or social asymmetry between speaker and addressee, as mentioned above, but also attitudes and emotions, such as respect, solidarity or disdain, or even strategies to achieve a particular speech act objective (illocution).

*In the literature (Brown & Gilman 2003), the abbreviations *V* (from the Latin *vos*) and *T* (from *tu*) have been introduced to refer to such forms in various languages, and are indicative of a dynamic of power (or authority) and a dynamic of solidarity, respectively. The article traces the origin of this distinction from the era of the Holy Roman Empire to the emergence of this phenomenon in the European languages, including English and Dutch.*

Initial capitals

A further complication is that the Afrikaans translation, following the tradition of the seventeenth-century Dutch Statenvertaling, also utilises an orthographical marker, namely an (intrasentential) initial capital to indicate respect toward the Divinity in appellations of God,

as well as in pronouns referring to God as subject or object of a sentence. The source texts do not contain any overt (orthographical) features indicating such reverence, since capitals are not distinguished in Hebrew, and in Greek, only proper nouns are capitalised as a rule. This then amounts to another level of distinction, in particular in relation to addressing Jesus as human being, but at the same time recognising his divine nature.

Application

In this article, the application of these criteria is illustrated with reference to a number of selected verses in both the Old and New Testaments in Afrikaans. Secondly, since Afrikaans and Dutch share a history of applying pragmatic criteria in order to indicate such distinctions, a comparison is made between recent translations of relevant verses to determine the similarities and/or differences in address forms. Finally, with reference to the Gospel of Matthew, consecutive translations in Afrikaans from 1895 to 2020 are compared to determine how address forms in this language evolved over time, something which also reflects in a limited way a change in societal traditions.

KEYWORDS: Afrikaans, asymmetric dyad, attitude, authority, Bible translation, diachronic comparison, direct translation, Dutch, dynamics of power, form of address, functionalistic translation, pragmatics, pronoun, respect, skopos, solidarity, speech act, T/V forms

TREFWOORDE: aanspreekvorm, Afrikaans, asimmetriese gespreksituasie, Bybelvertaling, dinamiek van mag, direkte vertaling, eerbied, funksionalistiese vertaling, gesag, houding, Nederlands, pragmatiek, solidariteit, T/V-vorme, taalhandeling, voornaamwoord

OPSOMMING

Die Bybelvertaling van 2020 neem kennis van die funksionalistiese vertaalmodel van Christiane Nord (1997, 2001) as beoordelingsraamwerk wat die funksie(s) wat dit bedoel is om te vervul, vooropstel. Hierdie funksie, soos verwoord in die vertaalopdrag (skopos) van die opdraggewer, hou in dat die vertaalde teks sowel bronkultuur-georiënteerd as eietyds *qua* taalgebruik moet wees. 'n Belangrike riglyn is die nosie van 'n "direkte" vertaling, waarvolgens die bronteks nie deur die vertaler geïnterpreteer moet word nie, maar die leser direk aanspreek, as sou die skrywer die teks in die ontvangertaal geskryf het.

Een terrein wat egter wel 'n mate van interpretasie noodsaak, is die gebruik van tweedepersoonsvoornaamwoorde as aanspreekvorm. Die keuse van so 'n voornaamwoord word dikwels bepaal deur die verhouding tussen die spreker en die aangesprokene, wat in Afrikaans uitgedruk word deur die keuse tussen 'n formele vorm (*u*) en 'n informele vorm (*jy/jou/julle*), 'n onderskeid wat nie in die brontale gemaak word nie (vgl. Unseth 2020). In die literatuur word daar na sulke vorme in verskillende tale verwys met behulp van die afkortings V (van die Latyn *vos* – 'u') en T (Latyn *tu* – 'jy'). Hierdie artikel fokus dan spesifiek op die keuses wat in Afrikaans gemaak word tussen V en T. Dit is egter nie slegs faktore soos formaliteit of sosiale asimmetrie tussen die spreker en aangesprokene nie, maar ook houdings en emosies wat deur die keuse tussen V en T weerspieël kan word.

Volgens 'n artikel van Brown en Gilman (2003) dui die aanspreekvariante (V en T) onderskeidelik 'n dinamika van gesag of mag (V) en 'n dinamika van solidariteit (T) aan. Hierdie onderskeid in die vertaling noodsaak 'n transposisie van die historiese werklikheid in die Bybelse brontekste na 'n Afrikaanstalige perspektief.

Die artikel illustreer dit aan die hand van bepaalde tekste, bring dit in verband met die wyse waarop tale soos Nederlands, Engels, Duits en Noors dié verhoudings weergee, en tref ’n vergelyking, vanuit taalhistoriese perspektief, tussen die wyse waarop opeenvolgende Afrikaanse Bybelvertalings deur die Bybelgenootskap sulke verwysings hanteer in die Evangelie van Matteus.

1. INLEIDING

’n Sentrale probleem waarmee Bybelvertalers oor die wêreld heen te kampe het, is die oorbrugging van verskille tussen die brontale en -kultuur enersyds (dus antieke Hebreeus, Aramees, Grieks) en die doeltaal en doeltaalkultuur van die teikenlesers andersyds. Hierdie verskille is van velerlei aard, en kan onder andere op die volgende vlakke voorkom: betekenismatig, woordekwivalensie, grammaties, sosiokultureel, en op die vlak van taalhandelinge. Wanneer die onderskeie bestaande Bybelvertalings in Afrikaans met mekaar vergelyk word, sinchronies (dus gedurende dieselfde tydsgewrig) sowel as diachronies (uit verskillende tydperke), kan verskille ten opsigte van (a) hoe die brontaaltekste verstaan word, maar veral ook (b) hoe dieselfde begrip in Afrikaans self vertaal is, op sommige van hierdie vlakke (veral leksikaal) aangetoon word.

Vanuit ’n vertaalkundige oogpunt kan die aard van die vertaling op grond van ekwivalensie op semanties-leksikale en grammatiese vlak, sonder inagneming van die funksie van die betrokke teks, beskryf word volgens ’n skaal wat strek van ’n sogenaamde interlineêre vertaling tot ’n doeltaalgerigte vertaling. In die geval van ’n konkordante (of interlineêre) vertaling word elke woord of struktuur telkens met dieselfde vertaalekwivalent vertaal, waardeur die semantiese inhoud van elke brontaalitem woord vir woord letterlik in die doeltaal weergegee word. In die geval van ’n doeltaalgerigte vertaling word die brontekste vertaal op grond van ’n “moderne” interpretasie van die brontekste – kortom, deur gebruikmaking van begrippe en leksikale items wat optimaal kennis neem van die leefwêreld van die teikenleser. Tussen hierdie twee uiterstes kan verskillende soorte vertalings aangetref word wat verband hou met faktore soos (a) die keuse van die mees betroubare brontekste (aangesien ’n oorspronklike oertekste nie meer bestaan nie), (b) die interpretasie van die tekste, dogmaties, semanties of sosiokultureel, en (c) die formulering van die vertaling met inagneming van die teikenlesers in die ontvangertaal.

By die vertaling van die *Bybel 2020* (voortaan DB2020) is daar kennis geneem van die funksionalistiese vertaalmodel van Christiane Nord (1997, 2001), waarvolgens die waarde van elke vertaling van die Bybel beoordeel word in terme van die funksie wat dit bedoel is om te vervul. Hierdie funksie word dan eksplisiet verwoord in die vertaalopdrag deur die inisieerder of opdraggewer, wat saamgevat kan word in die sogenaamde “skopos”, dit wil sê die beoogde doel en funksie van die vertaling (Reiss & Vermeer 1984). Volgens die vertaalopdrag van die Bybelgenootskap moet die vertaalde tekste enersyds bronkultuur-georiënteerd wees, maar andersyds ook verwoord word in eietydse taal, met inagneming van die teksgenre van die brontekste (onder meer as narratief, poësie, profetiese uitsprake, wysheidsliteratuur, of genealogiese register). In aansluiting hierby is die nosie van ’n “direkte” vertaling van Ernst-August Gutt (1991) as riglyn aanvaar, deurdat die brontekste nie deur die vertaler geïnterpreteer en onregstreeks, as verteller, weergegee word nie, maar (in vertaalde vorm) die leser direk aanspreek, as sou die skrywer die tekste in die ontvangertaal geskryf het.¹

¹ Nida (2000:341) verwys na Venuti se poststrukuralistiese siening van die aard van vertaling gedurende die 1990’s, wat afgestem is op “the illusion of transparency, enabling a translated text

Dit beteken dus dat, hoewel die “funksie” van verskillende dele van die Bybel ten opsigte van die individuele teikenleser kan varieer, die vertaalde teks dieselfde status as die bronteks behoort te hê. ’n Meer omvattende funksie, wat die gebruik van die Bybel as grondslag van die geloof van die lesers vooropstel, het betrekking op die praktiese benutting van die vertaalde teks in die liturgie of vir die individuele bestudering daarvan.

Maar ten slotte handel die vertaling, watter benadering ook al gevolg word, oor die totstandbrenging van ’n ekwivalente teks, en is die verwagting dat daar, hoewel met inagneming van Nord en Gutt se riglyne, wat ’n funksionalistiese vertaling vooropstel, gebly sal word by ’n spieëlbeeld van die bronteks, al is dit in ’n ander taal, wat enige interpretasie deur die vertaler sover moontlik vermy. Waar dit gaan om kwessies soos dubbelsinnigheid of idiomatiese uitdrukkings, of bepaalde sosiokulturele inligting wat ’n duidelike begrip van die bronteks bemoeilik, maak die gebruik van uitvoerige voetnote dit moontlik om die teks toeganklik te maak en “raaisels” in die spieëlbeeld te verklaar.

Daar is egter een terrein, op taalkundige vlak, wat ’n mate van interpretasie noodsaak, naamlik die gebruik van tweedepersoonsvoornaamwoorde (d.w.s. *jy/jou/julle/u*) as aanspreekvorm in die sintaktiese posisies van onderwerp, besitsvorm en voorwerp (direk of indirek). Die gebruik van die direkte rede, dit wil sê gesproke kommunikasie teenoor ’n aangesprokene, is iets wat ’n belangrike deel vorm van veral narratiewe tekste en profetiese uitsprake, briewe en ander geskrewe kommunikasie met rolspelers of veronderstelde lesers. Dit impliseer die gebruik van deiktiese voornaamwoorde, dit wil sê voornaamwoorde wat verwys na ’n referent vanuit die oogpunt of posisie van die spreker, ook anafore, wat na voorheen genoemde persoonsantecedente verwys, of soms ook katafore, wat vooruit verwys na postsedente. Die keuse van ’n spesifieke voornaamwoord word dikwels bepaal of beïnvloed deur die verhouding tussen die spreker en die aangesprokene. Omdat sommige tale en kulture hierdie verhouding verwoord (of grammatikaliseer), maar ander weer nie, is dit ’n oorbruggingsprobleem waarmee vertalers uit die brontale van die Bybel te kampe het, en ook in Afrikaans.

2. AANSPREEKVORME

Terwyl die brontale naamwoorde wat as aanspreekvorm gebruik word, óf as vokatief grammatikaliseer (soos die ϵ -uitgang in Grieks, bv. in Johannes. 21:16: $\text{Ναί, κύριε, σὺ οἶδας ὅτι φιλῶ σε}$ “Ja, Here, U weet dat ek U liefhet”), óf (in Hebreeus meestal) kontekstueel impliseer (bv. in 2 Konings 2:23: עלה קרה “Gaan op, kaalkop!” – vergelyk ook Miller 2010), word dit in Afrikaans slegs in sommige gevalle weergegee met behulp van ’n voorafgaande uitroepwoord en ’n uitroepteken, soos in *O mens!* (Romeine 2:3). Die verhouding tussen die rolspelers by wyse van ’n tweedepersoonsvoornaamwoord word in Afrikaans egter, soos in die meeste ander Germaanse tale, en ook Romaanse en Slawiese tale, uitgedruk deur die keuse tussen ’n formele vorm (*u*) en ’n informele vorm (*jy/jou/julle*). In die meeste gevalle word hierdie voornaamwoord as onderwerp, besitsvorm (genitief) of voorwerp gebruik, maar daar is wel etlike voorbeelde

to pass for the original and thereby rendering the translator invisible”. Vir die Bybelleser is hierdie illusie ’n bewustelike opheffing van die verskille tussen die bron- en doeltaal-weergawes van die inhoud, omdat die sosiokulturele werklikhede van die brontaalkonteks juis eksoties van aard is. Nida skryf ook dat die brontaalkultuur (en die interpretasie daarvan) eerder tot sy reg kom “by ‘foreignizing’ translation that registers the irreducible differences of the foreign text”. Dit word in hierdie Bybelvertaling bewerkstellig deur sogenaamde eksotiserende vertaalekwivalente.

in die bronteks waar die voornaamwoord ook as vokatief gebruik word, en wel in Afrikaans so ingespan word, sowel in die enkelvoud as in die meervoud. Twee voorbeelde is “En jy, kom hier, volg my!” (Lukas 18:22).² Die keuse tussen *u* en *jy* word bepaal deur verskeie faktore, soos die styl (formeel of informeel) van die dialoog en die relatiewe sosiale posisie van die betrokkenes in die gespreksituasie. In die literatuur word daar onderskeidelik na sulke vorme in verskillende tale verwys met behulp van die afkortings V (van die Latyn *vos* en Frans *vous* – ‘u’) en T (Latyn *tu*, soos in Frans – ‘jy’).³ Hierdie artikel fokus dan spesifiek op die keuses wat in Afrikaans gemaak word tussen V en T. Dit is egter nie slegs faktore soos formaliteit of sosiale asimmetrie tussen die spreker en aangesprokene nie, maar ook houdings en emosies, soos eerbied, solidariteit of minagting, of strategieë om ’n taalhandeling (bv. oorreding) te laat slaag, wat deur die keuse tussen V en T weerspieël kan word. (In paragraaf 6 word hierdie onderskeid verder toegelig.)

In die brontale van die Bybel word so ’n onderskeid nie deur die keuse van ’n voornaamwoord uitgedruk nie,⁴ en daar moet dus in Afrikaans telkens tussen dié vorme gekies word met inagneming van die pragmatiese implikasies van die keuse. Die verhouding tussen die rolspelers word wel soms in die brontale weergegee by wyse van ’n sydelingse, of derdepersoonsverwysing in ’n naamwoordstuk, soos “u slavin”, of “die koning”, waardeur daar na die aangesprokene (en ook na die spreker) verwys word, en in sulke gevalle word dit dan ook in die Afrikaans as sodanig vertaal. Trouens, Afrikaans ken ook, veral om familieverband en intimiteit of eerbied uit te druk, die gebruik van verwantskapsbenamings soos “pa”, “oom” en “tannie” in die plek van ’n tweedepersoonsvoornaamwoord,⁵ byvoorbeeld as onderwerp of voorwerp van die werkwoord, asook formele titels soos “meneer” of “mevrou” as teken van formaliteit of eerbied. By die besluit om ’n T-vorm of ’n V-vorm te gebruik, moet die vertaler hom/haar laat lei deur ’n oorweging van ’n aantal veranderlikes (vergelyk tabel 1) wat die betrokke taalhandeling determineer.

Die Afrikaanse vertaling maak verder, in navolging van die Nederlandse *Statenvertaling*, van ’n ortografiese merker gebruik om eerbied teenoor die Godheid te toon, naamlik aanvangshoofletters by benamings van God, sowel as by voornaamwoorde wat na God as onderwerp of voorwerp van ’n sin verwys, onderskeidelik *Gij*, *U*, *Zich* en *Uzelve*n (en ook as besitsvorm *Uw*). Voorbeelde van sulke voornaamwoorde in Afrikaans is *U*, *Usel*f, *Hy*, *Hom* en *Homself*, en *Ek*, *My*, *Mysel*f wanneer God, ook in die persoon van Jesus, self aan die woord is,⁶ en selfs in die meervoud (*Ons*), wanneer daar sprake is daarvan dat God met Homself in

² Nog voorbeelde is Eksodus 14:16, Esegël 2:8 en 21:14, Matteus 6:6, Romeine 2:3 en 14:10.

³ Verskillende taalgemeenskappe koppel uiteenlopende sosiale waardes aan die T- en V-vorme – In Duits bv. impliseer “Du” persoonlike nabyheid en spontaneïteit, en “Sie” afstandelikheid en formaliteit, terwyl “jy” in Afrikaans ’n aanduiding is van gemeensaamheid en informaliteit, en “u” van hofflikheid, eerbied en formaliteit. Hieroor later meer.

⁴ Hebreeus onderskei wel tussen ’n manlike (אָת [at]) en ’n vroulike (אֵת [ata]) vorm, wat in Afrikaans uiteraard geïgnoreer word, terwyl Grieks slegs ’n T-vorm ken.

⁵ In DB2020 kom voorbeelde van die “sydelingse” voornaamwoord voor in die gelykenis van die verlore seun (Lukas 15:29), asook in Tobit 5:1.

⁶ Die gebruik van hoofletters by voorname wat na God verwys, is ortografies gesproke nie ’n vertaalkwessie nie, aangesien (a) daar geen verskil tussen hoofletters en kleinletters in Hebreeus en Aramees is nie en (b) die eerste Griekse tekste volledig in hoofletters geskryf is, terwyl hoofletters in die latere weergawes, behalwe aan die begin van ’n sin, slegs by eiename gebruik is, insluitende sommige metaforiese verwysings na die Godheid, soos “die Alfa en die Omega” (Openbaring 22:13 τὸ Ἄλφα καὶ τὸ Ὠ). Hooflettergebruik in sulke gevalle in die Afrikaans lê eerder op die vlak van kulturele en pragmatiese ekwivalensie, en is die gevolg van interpretasie, eerder as vertaling van skriftelike gegewens in die teks.

gesprek tree, soos in Genesis 1:26; 3:22 en 11:7, asook Jesaja 6:8 en 41:22. In hierdie artikel beperk ek my tot menslike interaksie onderling, asook die wederkerige aanspreek van God en mens. Daar bestaan naamlik beduidende verskille tussen die brontale en Afrikaans wat betref taalkundige meganismes om interpersoonlike verhoudings op hierdie vlak te weerspieël, soos uit die voorafgaande bespreking blyk.

3. WERKSWYSE

Die volgende werkswyse word hier onder gevolg: Aan die hand van bepaalde tekste word die wyse waarop Afrikaans interpersoonlike verhoudings deur middel van tweedepersoonsvoornaamwoorde uitdruk, geïllustreer. Vervolgens word dit in verband gebring met die wyse waarop sommige genealogies verwante tale soos Nederlands, Engels, Duits en Noors dié verhoudings weergee. Laastens word daar vanuit taalhistoriese perspektief ’n vergelyking getref tussen die wyse waarop opeenvolgende Afrikaanse Bybelvertalings sulke verwysings hanteer, met spesifieke verwysing na die Evangelie van Matteus.

’n Ondersoek na aanspreekvorme, en spesifiek pronominale persoonsverwysings, lê op die kruispunt van verskillende benaderings tot taalstudie:

- (a) Diskoersanalise, deurdat die kommunikatiewe raamwerk van ’n bepaalde uiting kontekstueel aangedui word;
- (b) Taalhandelingsteorie, of pragmatiek, deurdat die kommunikatiewe funksie van die betrokke taalitem in ag geneem word;
- (c) Morfo-semantiek, deurdat die grammatikale betekenis van ’n voornaamwoord (en in die brontale ook die ooreenstemmende werkwoordsuitgang) byvoorbeeld in verband gebring word met die taalhandeling waarvan dit deel vorm;
- (d) Vertaalkunde, deurdat die skopos van die teks waarvan die uitdrukking deel vorm, in ag geneem word; en
- (e) Sosiolinguistiek, deurdat die sosiale konteks waarbinne die betrokke taalvorm gebruik word, ’n belangrike faktor is om die aard van die taalhandeling te verstaan.

4. ONTLEDINGSRAAMWERK

Nord (2001) se funksionalistiese model stel as vertrekpunt die vraag: “Watter inligting oor die betrokke bronteks is relevant ten opsigte van die vertaling van so ’n teks?” Sy identifiseer dan verskeie tekstuele en buitetekstuele faktore wat sowel betrekking het (a) op die bronteks en die kommunikatiewe konteks waarbinne dit ontstaan het as (b) op die beoogde doelteks en doeltekssituasie (idem: 36). Dit kan weergegee word in die vorm van ’n stel vrae (Walker *et al.* 1995:109, vergelyk Tabel 1 hier onder) wat op sulke faktore afgestem is. Die vertrekpunt van die vertaalopdrag in die geval van die Bybelvertaling is, soos hier bo aangedui, die weergawe van die leefwêreld van die Bybelse wêreld op so ’n wyse dat dit die werklikhede van die tyd waarin dit geskryf is, so outentiek moontlik weergee. In die inleiding tot die betrokke Bybelboek word ’n hele paar van die vrae in die tabel hier onder met betrekking tot die inhoud van die boek in wisselende mate beantwoord, en die inleiding dien dus as bron van inligting hieroor. Die teksaard van die betrokke boek is in baie gevalle ook medebepalend van watter inligting relevant is om die teks funksioneel te vertaal.

TABEL 1

Vrae	Inligting verskaf
(1) Wie kommunikeer die teks	inligting oor die sender
(2) aan wie	die betrokke leser(s)
(3) vir watter doel	bedoeling van die sender
(4) deur watter medium	bv. gesproke of geskrewe, met watter stilistiese implikasie
(5) waar	oorsprong, lokaliteit van kommunikasie
(6) wanneer	tyd
(7) waarom	motief vir kommunikasie
(8) met watter funksie	bv. oorreding, vraagstelling, smeking, aanbidding, narratief
(9) oor watter onderwerp	bv. wysheid, voorskrifte, geslagsregister, geskiedenis
(10) word wat gesê	inhoud van teks
(11) wat nié	kennis deur die sender veronderstel
(12) in watter volgorde	konstruksie van die teks
(13) deur die gebruik van watter nieverbale elemente	nietalige middele, soos uitleg, paragrafering, ens.
(14) in watter woorde	leksikale eienskappe, register
(15) in watter soorte sinne	sintaktiese strukture
(16) in watter toon	sarkasties, gebiedend, pleitend, ens.
(17) met watter effek?	samevatting van alle voorafgaande vrae – hoewel die opdrag van die inisieerder van hierdie vertaling van die Bybel ook deel vorm van die motivering van die vertaling as sodanig

By die vertaling van die Bybelse bronteks is daar, binne die konteks van die geskrif, in die eerste plek ’n outeur (dikwels onbekend) wat vir ’n bepaalde leser of lesersgroep die betrokke teksinhoud op skrif stel, hoewel sommige tekste oor ’n langer tydperk aangevul en moontlik deur verskillende latere outeurs gewysig is. Wat die Ou Testament betref, wat ook deel vorm van die Joodse liturgie, is die doel van die teks om, onder andere, inhoud te gee aan die oorgelewerde tradisies van God se verhouding met die Judese volk, en is die teks afgestem op dit wat deur die skrywer as belangrik beskou is om aan die lesers weer te gee. Vanuit ’n moderne oogpunt is daar, in die lig van die geskiedenis van Israel, en die Nuwe Testamentiese vervulling van profesieë wat uit die Ou Testamentiese voorgeskiedenis dagteken, ook vir elke taal ’n interpreterende lesersgroep, wat op grond van ’n bepaalde eksegese, die inhoud ook as komende van ’n Meesterouteur ervaar. Hierdie lesersgroep, wat nie vanuit die perspektief van die oorspronklike werklike outeurs as teikengroep beskou is nie, sal dan die inhoud in verband

bring met die lig wat dit vir die (moderne) leser werp op die vele fasette van die verhouding tussen God en die mens oor al die verskillende teksgenres in die Bybelteks.

In hierdie artikel val die fokus egter nie op die geestelik-religieuse dimensie van die vertaalde teks nie, maar op bepaalde taalkundige aspekte wat die interpersoonlike verhouding weerspieël, dit wil sê deikties ten opsigte van die kommunikasie tussen spreker/skrywer en hoorder/leser.

5. HOOFLETTERS

In Afrikaans speel die gebruik van ’n hoofletter by verwysings na persone (behalwe om die begin van ’n sin aan te dui) ’n duidelik onderskeidende rol. Dit dien as merker in die geval van voornaamwoorde en naamwoordelike benamings om erkenning te gee aan die Godheid, ook van Jesus, die Gees van God, en God wat Homself⁷ in die gedaante van ’n engel aan die mens openbaar (dus “die Engel van die Here”).⁸ In die geval van narratiewe, laat die gebruik van hoofletters by voornaamwoorde in hierdie vertaling ook blyk dat daar uit die vertellersperspektief kennis geneem word van die onderskeid tussen God en die mens. Uit dialoë in die Nuwe Testamentiese teks blyk dit verder duidelik of die goddelikheid en gesag van Jesus as Seun van die Mens erken word. (Hoewel hoofletters in sulke gevalle nie in die Griekse bronteks voorkom nie (vergelyk “die Seun van die Mens” τὸν υἱὸν τοῦ ἀνθρώπου in Matteus 16:28, en ὁ υἱὸς τοῦ ἀνθρώπου in Matteus 17:12, asook Λάβετε πνεῦμα ἅγιον, ‘Ontvang die Heilige Gees’, Johannes 20:22), word daar in die vertaling wel by sulke benamings ’n hoofletter gebruik. Uiteraard word sulke hoofletters nie “gehoor” wanneer die betrokke teks slegs mondeling aan hoorders oorgedra word nie.

6. T- EN V-VORME

Brown en Gilman publiseer in 1960 ’n belangwekkende artikel genaamd “Pronouns of Power and Solidarity”, waarin hulle die twee vorme by die gebruik van die tweedepersoonsvoornaamwoord (in Engels slegs “you”) identifiseer, soos in paragraaf 2 hier bo bespreek: een om ’n dinamika van gesag of mag aan te dui (V), en die ander ’n dinamika van solidariteit (T). Taalgemeenskappe oor die wêreld heen hanteer sosiale en ook situasionele verskille deur middel van sulke vorme op verskillende wyses.⁹ Die onderskeidelike gebruik van T en V hou verband met verskillende verhoudings tussen gespreksgenote wat gebaseer is op faktore soos ouderdom, sosiale klas, eendersheid/gelykheid, gemeensaamheid, afstandigheid, formaliteit, agting en die uitdrukking van gemoedstemming. Die kompleksiteit van so ’n sisteem is gedemonstreer deur Ervin-Tripp (1986), wat vloeiagramme opgestel het om die (onbewuste) besluitnemingsproses grafies voor te stel wanneer ’n spreker ’n gespreksgenoot aanspreek in Amerikaanse Engels. Daar is ook reeds vir sinchroniese aansprekingsisteme in Afrikaans sulke diagramme opgestel (vergelyk Odendal 1976 en Kotzé 1981, 1989, 1992), maar die gespreksituasies wat in die Bybelse brontekste vertaal is, vereis ’n transposisie van die historiese

⁷ In die geval van wederkerende werkwoorde word hoofsaaklik *Hom* gebruik, bv. “so ontferm die Here Hom” (Psalm 103:13).

⁸ Vergelyk Genesis 16:11 “Die Engel van die Here” (הַיְהוָה אֱלֹהֵיךָ).

⁹ Brown & Gilman se uitgebreide navorsing oor hierdie verskynsel het onder andere ooreenkomste tussen Afrikaans, Hindi en Gujerati uitgewys (1960: 268-269) – iets wat dui op die idiosinkratiese aard daarvan.

werklikheid na 'n Afrikaanstalige perspektief. Dit beteken dat elke situasie pragmaties vanuit die hedendaagse Afrikaanse gebruik van voornaamwoorde geïnterpreteer moes word.

7. AGTERGROND

Die oorsprong van die meervoudige voornaamwoord om 'n enkele persoon aan te spreek, word deur Brown & Gilman (1960:254) teruggevoer na Latyn (vgl. ook Katrynski 2020). Hulle beweer naamlik dat die gebruik van *vos* om die keiser aan te spreek, gespruit het uit die politieke feit dat daar twee keisers gelyktydig aan bewind was, iets wat deur die meervoudsvorm uitgedruk is. Nadat Konstantyn die Grote (die eerste Christelike keiser) 'n tweede hoofstad gevestig het in Bisantium, wat hy herdoop het tot Konstantinopel, was daar vir die grootste deel van die tydperk 286 tot 480 meer as een senior keiser, veral ná die dood van Theodosius I in 395 (vgl. Ohnsorge 1947). Geografies is daar onderskei tussen die Oostelike en Westelike Romeinse Keiserryk, met 'n keiser in elk van die twee hoofstede, hoewel die keiserryk 'n enkele politieke entiteit gebly het. (Vanaf 409-411 was daar selfs twee medekeisers in Rome, naamlik Konstantyn III en Konstans II, terwyl Theodosius II keiser was in Konstantinopel).

Benewens die feit dat hierdie V-aanspreekvorm aanvanklik geassosieer is met 'n maghebber (dus iemand met 'n hoër gesag), en bekend geraak het as die sogenaamde *pluralis reverentiae*, het dié gesagsfigure ook die meervoud as eerstepersoonsvoornaamwoord gebruik (*nos*), en sodoende die sogenaamde *pluralis maiestatis* gevestig (Freedman 2007:2). Volgens Finkenstaedt (1963:25) was daar al egter voor die verdeling in die Romeinse Ryk koninklikes wat *nos* (die meervoudsvorm) gebruik het om na hulleself as individue te verwys, wat die V-vorm (dus *vos*) deur die ondergeskiktes teenoor die koninklike tot gevolg gehad het. Mettertyd het hierdie gebruik ook in ander Europese tale posgevat, selfs lank ná die ineenstorting van die Romeinse Ryk, en met name ook in Frankryk.

Ná die Normandiese inval in Engeland het dit ook in Engels gebruiklik geraak, en teen die 13de eeu is die vorme *you* (asook die objeksvorm *ye*) teenoor individue gebruik om hofflikheid en formaliteit weer te gee (vgl. Hedvall 2008). Op hierdie stadium was *thou* en *you* gelykwaardig aan die Franse *tu* en *vous*. Die gemeensame vorm *thou* (asook die objeksvorm *thee*, *thysel*, *thy*, *thine*) is gebruik om sosiale minderes aan te spreek, of om vriendskap en saamhorigheid uit te druk. In Shakespeariaanse Engels is die wisseling tussen hierdie twee vorme dikwels ingespan om sosiale verskille te beklemtoon. Aan die ander kant het sprekers God ook aangespreek as *Thou* (ortografies dus met behulp van die hoofletter onderskei), as teken van 'n spirituele innigheid tussen die gelowige en die Godheid. Mettertyd, met die oorgang na Moderne Engels, het die gebruik van *you* ook tussen sosiaal gelykwaardiges posgevat (aanvanklik eers tussen lede van die hoër klasse), iets wat waarskynlik deur die verdwyning van die feodale stelsel mettertyd verhaas is. Die King James-vertaling van die Bybel (1611) gebruik *thou* en *you* as enkelvoudsvorm- en meervoudsvormvoornaamwoorde, wat die oorspronklike funksies van die twee vorme weerspieël, sonder om die betekenisnuanses wat in vroeë Moderne Engels gegeld het, in ag te neem. Dit sou dus reeds vir baie lesers in die 17de eeu 'n argaïese indruk gemaak het (hoewel dit nog voorkom in Britse dialekte, bv. by Yorkshire in Noord-Engeland, asook Skots), en in hedendaagse vertalings word daar vir die pronominaal tweede persoon geen onderskeid gemaak tussen enkelvoud en meervoud, of tussen T en V nie.

In Duits, soos in Noord-Germaanse tale (bv. Noors), asook in die Romaanse tale, soos Spaans en Italiaans, word die persone van die Drie-Eenheid (en ook die heiliges) aangespreek met T, in ooreenstemming met die gebruik in die brontale, en word as sodanig ook in die

Bybelvertalings weergegee. Die pragmatiese waarde van T hang in dié tale af van die gebruikskonteks, sodat T in die religieuse konteks nie as oneerbiedig ervaar word nie.

In Nederlands het die tweedepersoonsaanspreekvorme in opeenvolgende vertalings ’n veranderingsproses ondergaan. Terwyl die *Statenvertaling* slegs tussen enkelvoud en meervoud onderskei (*gij* teenoor *gijlieden*), en ook ’n hoofletter gebruik by goddelike aanspreekvorme, het die onderskeid tussen enkelvoud en meervoud in die nuwe Nederlandse vertaling van 1951 (NBG1951)¹⁰ verval (*gij/u* vir beide *gy/jou* en *julle*), en *Gij/U* van die *Statenvertaling* word deur *U* as sowel onderwerp én voorwerp vervang. Die *Nieuwe Bijbelvertaling* van 2004 (NBV) stem in meer opsigte ooreen met die jongste Afrikaanse vertaling as enige van die voorafgaandes, soos uit die tabel hier onder blyk, behalwe dat geen hoofletters in die 2004-vertaling gebruik word nie:

TABEL 2

DB2020	NBV2004	NBG1951	Statenvertaling 1611
gy/jou	gy/je	gyj/u	gyj/u
julle	jullie/jullie	gyj/u	gyjlieden/ulieden
u	u/u	gyj/u	gyj/u
U	u/u	U/U	Gij/U

8. TOEPASSING OP AFRIKAANS: T/V-KONTEKSTE IN DIE BYBEL

Enkele voorbeelde van verskillende gesprekskontekste waar ’n keuse tussen T en V in DB2020 gemaak word, illustreer die onderliggende motivering vir die gebruik van *gy*, *u* en *U* (vergelyk Van der Spuy 2010:162):

Wanneer God die mens in die Tuin van Eden aanspreek, en omgekeerd, toon die voornaamwoorde ’n asimmetriese verhouding, waarin God die mens as sy skepsel aanspreek, en laasgenoemde die gesag van God erken – in die teks ook deur die gebruik van ’n hoofletter.

Genesis 3:9 Die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: “Waar is *gy*?” 10 Hy het geantwoord: “Ek het *U* in die tuin hoor beweeg...”

In Rut kom ’n gesprek voor wat vergelykbaar is met ’n hedendaagse situasie, maar ’n ander asimmetriese verhouding behels as dié in Genesis 3. Dit handel hier naamlik om die verhouding tussen ’n werkgewer (Boas) en sy werknemers (die snyers op die land), en word insgelyks weerspieël in die T-V-afwisseling:

Rut 2:4 Boas het juis van Betlehem af daar aangekom. “Die Here is met *julle*!” groet hy toe die snyers. “Die Here seën *u*,” antwoord hulle hom.

In die Nuwe Testament is dit veral gespreksituasies waarin Jesus betrokke is wat V-gebruik in Afrikaans meebring. Wanneer ’n groep volgelingen Hom in die openbaar as “Rabbi” aanspreek (d.w.s. ’n leermeester van die Skrif), word hulle respekbetoning en erkenning van sy goddelikheid deur die vertaling van Johannes 1: 38 weerspieël:

¹⁰ Hierdie tussenkerklike vertaling het nog in baie opsigte na aan die *Statenvertaling* gestaan, en word beskou as ’n kompromievertaling.

Toe Jesus omdraai en hulle Hom sien volg, vra Hy hulle: “Wat wil *julle* hê?” En hulle het Hom geantwoord: “Rabbi” – wat, as dit vertaal word, beteken, ‘Meester’ – “waar bly *U*?”

In Johannes 3:2 en 10 spreek Nikodemus, ’n wetsgeleerde en vooraanstaande lid van die Sanhedrin, Jesus ook met respek aan, in die privaat, hoewel daar uit die gebruik van die kleinletter (*u*) veronderstel word dat hy nog onbewus is van die goddelikheid van hierdie rabbi:

Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: “Rabbi, ons weet dat *u* ’n leermeester is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens verrig wat *u* verrig as God nie met hom is nie.”

Hierdie agting blyk ook uit die wyse waarop Pilatus, die prokurator, Jesus aanspreek tydens die hofspraak voor hom. Hoewel die aanklag van heiligskennis vry ernstig is, het hy Jesus nie as misdadiger aangespreek nie (soos dit later blyk uit sy beoordeling van die getuienis in Matteus 27:18, en moontlik na aanleiding van sy vrou se boodskap oor Jesus in v. 19), terwyl Jesus die prokurator uit agting vir sy amp ook met *V* aanspreek:

Jesus het voor die prokurator verskyn, en die prokurator het Hom ondervra: “Is *u* die koning van die Jode?” Jesus sê toe: “*U* sê dit.”

In die intieme groep van Jesus se dissipels bly die aanspreekvorm teenoor hom *V*, soos blyk uit die vertaling van Johannes 13: 26:

Simon Petrus vra Hom toe: “Here, waarheen gaan *U*?” Jesus het hom geantwoord: “Waarheen Ek gaan, kan *jy* My nie nou volg nie, maar later sal *jy* volg.”

Ook ’n Romeinse offisier erken die bonatuurlike mag van Jesus deur Hom nederig as “Here” aan te spreek, en om die genesing van sy slaaf te vra in Matteus 8:8:

Die centurio het geantwoord: “Here, ek is nie werd dat *U* onder my dak kom nie, maar sê net ’n woord, en my slaaf sal gesond word.”

Hierdie voorbeelde illustreer net enkele moontlike kontekste, en die spektrum van interpersoonlike kommunikasie is uiteraard veel kompleks wanneer die Bybel as geheel oorskou word. In die volgende paragraaf word ’n meer verteenwoordigende seleksie van tekste gebruik om aan te toon hoe T-V-gebruik in Afrikaans vergelyk kan word met dié van verskillende vertalings in Nederlands. ’n Vergelyking met resente vertalings van dié tekste in Engels, Duits en Noors laat blyk dat daar geen T-V-onderskeid in Engels geld nie (soos vroeër gemeld), terwyl Duits (Luther-Bybel 1984) ook deurgaans die T-paradigma (*du*) gebruik, sonder eerbiedshoofletter ten opsigte van die Godheid (Matteus 8:8):

Der Hauptmann antwortete und sprach: Herr, ich bin nicht wert, dass *du* unter mein Dach gehst.

Dit geld ook die jongste Noorse Bokmål-vertaling (2011):

Offiseren svarte: “Herre, jeg er ikke verdig til at *du* kommer inn under mitt tak.”

9. VERGELYKING VAN BEPAALDE TEKSTE

Die tekste wat hier onder bespreek word, kom uit die mees resente vertalings (ten tye van hierdie publikasie) in onderskeidelik Nederlands en Afrikaans, naamlik die *Nieuwe Bijbelvertaling* (NBV) en die 2020-vertaling van die Bybel (DB2020).

9.1 Aanspreekvorme in familieverband

Op familiële vlak is die hiërargiese ordening ten opsigte van senioriteit of ouderdomsverskille deurslaggewend vir die keuse tussen T en V. Die Moabitiese skoondogter van Naomi spreek haar met respek aan in hierdie poëtiese passasie (Rut 1:16):

NBV	DB2020
Waar <i>u</i> ¹¹ gaat, zal ik gaan, waar <i>u</i> slaapt, zal ik slapen; <i>uw</i> volk is mijn volk en <i>uw</i> God is mijn God.	want waar <i>u</i> gaan, sal ek gaan, en waar <i>u</i> bly, sal ek bly. <i>U</i> volk is my volk, <i>u</i> God is my God

'n Alternatiewe wyse om respek te betoon in gesinsverband is die sydelingse aanspreekvorm, waar Afrikaans duidelik van (moderne) Nederlands verskil. In die gelykenis van die verlore seun verwyf die oudste seun sy vader wel in Lukas 15:29, maar betoon respek deur die vervanging van die tweedepersoonsvoornaamwoord deur “pa”:

NBV	DB2020
Hij zei tegen zijn vader: “Al jarenlang werk ik voor <i>u</i> en nooit ben ik <i>u</i> ongehoorzaam geweest als <i>u</i> mij iets opdroeg, en <i>u</i> hebt mij zelfs nooit een geitenbokje gegeven om met mijn vrienden feest te vieren.”	Maar hy het vir sy vader gesê, “Kyk, ek sloof my al soveel jare vir <i>pa</i> af, en het nog nooit 'n opdrag van <i>pa</i> verontagsaam nie, en vir my het <i>pa</i> nooit eers 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende kon feesvier nie.”

Ook in die Deuterokanonieke boeke, in die boek Tobit (5:1), kom hierdie aanspreekvorm na vore wanneer Tobit sy seun Tobias opdrag gee om na Medië te vertrek, en Tobias hom soos volg antwoord:

NBV	DB2020
Tobias antwoordde: “Vader, ik zal alles doen wat <i>u</i> me opgedragen hebt.”	Toe het Tobias sy vader Tobit geantwoord: “Alles wat <i>pa</i> my beveel het, sal ek doen.”

In die Nuwe Testament, wanneer Jesus deur Johannes gedoop word, word die stem van God die Vader gehoor. Hy spreek sy Seun Jesus met T aan, maar in die Afrikaans (Markus 1:11) word sy goddelikheid erken deur die gebruik van die eerbiedshooffletter in die aanspreekvorm:

¹¹ Kursivering van aanspreekvorme deurgaans van my – EFK.

NBV	DB2020
en er klonk een stem uit de hemel: “ <i>Jij</i> bent mijn geliefde Zoon, in <i>jou</i> vind ik vreugde.”	En ’n stem het uit die hemel gekom: “ <i>Jy</i> is my Seun, my geliefde. Oor <i>Jou</i> verheug Ek My!”

9.2 Aanspreekvorme tussen rolspelers in die gemeenskap

In paragraaf 8 hier bo is die asimmetriese verhouding tussen Boas en sy werknemers geïllustreer met verwysing na Rut 2:4. Hieruit blyk ook die houding teenoor die aangesprokene(s) in die vorm van die tweedepersoonsvoornaamwoord, enersyds gemoedelikhed (T), en andersyds eerbied (V). Dit word in hierdie teks ook in die Nederlands so geïnterpreteer:

NBV	DB2020
Na enige tyd kwam Boaz self eraan, uit Betlehem. “De HEER zij met <i>jullie</i> ,” groette hij de maaiers. “De HEER zegene <i>u</i> ,” groetten zij terug.	Boas het juis van Betlehem af daar aangekom. “Die Here is met <i>julle!</i> ” groet hy toe die snyers. “Die Here seën <i>u</i> ,” antwoord hulle hom.

Wanneer die hartseer Hanna na die tempel opgaan om te bid om ’n seun, en die priester Eli haar lang gebed as die gebrabbel van ’n dronk vrou misverstaan, antwoord sy met eerbied, terwyl Eli haar (in die Afrikaans) met T aanspreek, maar ook met begrip (1 Samuel 1:16):

NBV	DB2020
“Denk niet dat ik een slechte vrouw ben; ik bid zo lang omdat ik overstelpt ben door droefheid en ellende.” 17 “Ga dan in vrede,” antwoordde Eli. “De God van Israël zal <i>u</i> geven waar <i>u</i> om hebt gevraagd.”	“Moet my, <i>u</i> slavin, nie as ’n slegte vrou beskou nie, want dit is oor my kommer en ontsteltenis wat ek so lank gepraat het.” 17 Eli het haar geantwoord en gesê: “Gaan in vrede! Die God van Israel sal <i>jou</i> versoek, dit wat <i>jy</i> van Hom gevra het, toestaan.”

9.3 Beklemtone van magsoorwig

In die geval van ’n asimmetriese magsverhouding (waar ’n mindere in gesprek is met ’n meerdere) kan dit gebeur dat hierdie verskil beklemtoon word deur die gebruik van onderskeidelik V en T. In 2 Konings 18:26-27 verwoord die rabsakee (die woordvoerder van die Assiriese koning) die eis tot oorgawe teenoor lede van koning Hiskia se hofhouding, ten aanhore van Judese soldate op die stadsmuur, terwyl die Assiriese soldate stelling ingeneem het buite Jerusalem. Wanneer die amptenare van Hiskia hom versoek om liewer Aramees te praat, sodat die Judese soldate die gesprek nie kan verstaan nie, beklemtoon die rabsakee sy magsoorwig deur die amptenare met T aan te spreek, terwyl Eljakim en sy kollegas met V reageer. Hierdie onderskeid word nie in die Nederlands weerspieël nie.

NBV	DB2020
Eljakim, Sebna en Joach zeiden tegen de rabsake: “Spreek alstublieft Aramees met ons, heer; wij verstaan dat. Spreek toch geen Judees met ons, het volk op de muur luistert mee.” 27 Maar de rabsake antwoordde: “Dacht <i>u</i> dat mijn heer mij gestuurd heeft om het woord uitsluitend tot <i>uw</i> heer en <i>u</i> te richten?”	Eljakim, seun van Gilkija, asook Sebna en Joag, sê toe vir die rabsakee: “Praat asseblief Aramees met <i>u</i> dienaars, want ons verstaan dit. Moenie met ons Judees praat ten aanhore van die manskappe wat op die stadsmuur is nie.” 27 Maar die rabsakee het vir hulle gesê: “Is dit net na <i>jou</i> heer en na <i>jou</i> wat my heer my gestuur het om hierdie dinge te sê?”

9.4 Verandering in magsverhouding

In etlike gevalle vind daar in die narratiewe van gebeure ’n magsverskuiwing plaas. In 1 Konings 20:3 behoort die oormag oor Agab, koning van Israel, aan Ben-Hadad, koning van Aram. Wanneer Ben-Hadad sy eise aan Agab stel, kruip Agab voor hom, en beantwoord T met V:

NBV	DB2020
“Dit zegt Benhadad: ‘ <i>Uw</i> goud en zilver komen mij toe, en <i>uw</i> mooiste vrouwen en flinkste zonen ook!’ 4 De koning van Israël liet antwoorden: “Het is zoals <i>u</i> zegt, mijn heer en koning: ik behoort <i>u</i> toe met alles wat ik bezit.”	Hy het vir hom laat weet: “So sê Ben-Hadad, ‘Jou silwer en <i>jou</i> goud behoort aan my, en <i>jou</i> vroue en die keur van <i>jou</i> seuns behoort aan my.’” 4 Die koning van Israel het daarop gereageer en gesê: “Dit is soos <u>u</u> sê, my heer die koning. Aan <u>u</u> behoort ek met alles wat myne is.”

Ná die slag van Afek is die bordjies egter verhang, en het Agab die oorhand gekry. Deur ’n slinkse maneuver slaag Ben-Hadad daarin om met sy lewe daarvan af te kom, en beïnvloed Agab om met hom ’n ooreenkoms aan te gaan. In 1 Konings 20:34 word hierdie magsverskuiwing ook (in die Afrikaans) weerspieël deur die gebruik van ’n wederkerige T teenoor Ben-Hadad:

NBV	DB2020
Benhadad zei tegen hem: “De steden die mijn vader <i>uw</i> vader heeft ontnomen zal ik <i>u</i> teruggeven, en <i>u</i> kunt in Damascus een eigen markt openen zoals mijn vader in Samaria heeft gedaan.” “We zullen dat in een verdrag vastleggen,” zei Achab, “en dan zal ik <i>u</i> laten gaan.”	Daarop sê Ben-Hadad vir hom: “Die dorpe wat my vader van <i>jou</i> vader afgeneem het, gee ek terug, en <i> jy</i> kan vir <i>jou</i> markte in Damaskus aanlê, soos my vader dit in Samaria gedoen het.” “En ek,” het Agab gesê, “ek sal <i>jou</i> ná ’n ooreenkoms vrylaat.”

9.5 Houdings teenoor Jesus

In die Nuwe Testament word die houding van individue wie se paaie met dié van Jesus kruis, ook in die Afrikaanse keuse van aanspreekvorme weergegee. Wanneer die versoeker (Satan) Jesus in Lukas 4:3 aanspreek, word dit vertaal met *V*, maar nie met 'n eerbiedshoofletter nie.

NBV	DB2020
De duivel zei tegen hem: “Als <i>u</i> de Zoon van God bent, beveel die steen dan in een brood te veranderen.”	3 Die Duiwel het vir Hom gesê: “As <i>u</i> die Seun van God is, sê vir hierdie klip dit moet brood word.”

Daarenteen word die erkenning van die goddelikheid van Jesus deur Bartimeus, die blinde, in die aanspreekvorm as *V* met eerbiedshoofletter in Markus 10:47 vertaal:

NBV	DB2020
Toen hij hoorde dat Jezus uit Nazaret voorbijkwam, begon hij te schreeuwen: “Zoon van David, Jezus, <i>heb</i> medelijden met mij!”	Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, begin hy uitroep: “Seun van Dawid, Jesus, ontferm <i>U</i> oor my!”

Waar Jesus in die sinagoge op Kapernaum deur die demoonbesetene aangespreek word (Lukas 4:34), word hierdie erkenning wel in die Afrikaanse keuse van voornaamwoorde weerspieël, maar nie in die Nederlands nie. Dit dui op 'n verskil in die interpretasie van die houding van die demoon teenoor Jesus, al is daar sprake van erkenning as “de heilige van God”:

NBV	DB2020
Aaah! Wat hebben wij met <i>jou</i> te maken, Jezus van Nazaret? Ben <i>je</i> gekomen om ons te vernietigen? Ik weet wel wie <i>je</i> bent, de heilige van God.	Ag, los ons uit, Jesus van Nasaret! Ek weet wie <i>U</i> is – <i>U</i> is die Heilige van God!

In Markus 12:14 gee die Fariseërs wel erkenning aan Jesus as rabbi, maar in die vertaling word geen eerbiedshoofletter gebruik nie:

NBV	DB2020
Toen ze bij hem gekomen waren, zeiden ze tegen hem: “Meester, we weten dat <i>u</i> oprecht bent ...”	Hulle kom toe en sê vir Hom: “Meester, ons weet dat <i>u</i> opreg is ...”

Nadat die houding van die skrifkenners (in geselskap van die leierpriesters en familiehoofde) teenoor Jesus versuur het, verander die aanspreekvorm in Afrikaans egter na *T* (Markus 11:27):

NBV	DB2020
Toen Jesus zich in de tempel ophield, kwamen de hogepriesters, de schriftgeleerden en de oudsten van het volk naar hem toe 28 en vroegen hem: “Op grond van welke bevoegdheid doet <i>u</i> die dingen? Wie heeft <i>u</i> het recht gegeven om zo te handelen?”	En terwyl Hy op die tempel terrein rondstap, kom die leierpriesters, die skrifkenners en die familiehoofde na Hom 28 en vra: “Op watter gesag doen <i>jy</i> hierdie dinge? Of wie het aan <i>jou</i> dié gesag gegee dat <i>jy</i> hierdie dinge kan doen?”

Hierdie aanspreekvorm word deur die godsdienstige leierskap, in die persoon van die hoëpriester Kajafas, voortgesit wanneer Jesus voor die Sanhedrin verskyn om op die aanklagte teen Hom tereg te staan (Markus 14:60):

NBV	DB2020
De hogepriester stond op en vroeg Jezus: “Waarom antwoordt <i>u</i> niet? <i>U</i> hoort toch wat deze getuigen zeggen?”	Die hoëpriester staan toe in hulle midde op en vra vir Jesus: “Antwoord <i>jy</i> dan niks op wat hierdie mense teen <i>jou</i> getuig nie?”

Omdat die Jode nie die wetlike mag gehad het om ’n vonnis oor Jesus uit te spreek nie, word Hy na Pilatus, die prokurator, geneem (Markus 15:2). Sy houding teenoor die gevangene is anders as dié van die hoëpriester, en hy spreek Hom formeel aan met V:

NBV	DB2020
Pilatus vroeg hem: “Bent <i>u</i> de koning van de Joden?” Hij antwoordde: “ <i>U</i> zegt het.”	Pilatus vra Hom toe: “Is <i>u</i> die koning van die Jode?” Hy antwoord hom: “ <i>U</i> sê dit.”

Wanneer die soldate en die skare die veroordeelde Jesus treiter (Lukas 23:39), gebruik hulle ’n gemaak-eerbiedige aanspreekvorm om met sy aanspraak op koningskap die draak te steek:

NBV	DB2020
Ze blinddoekten hem en zeiden: “Profeteer nu maar, wie is het die <i>je</i> geslagen heeft?”	Hulle het Hom geblinddoek en vir Hom gesê: “Toe, profeteer! Wie is dit wat <i>u</i> geslaan het?”

Aan die kruis spreek die eerste misdadiger Hom met T aan (Lukas 23:39), met ’n wrang sarkasme:

NBV	DB2020
Een van de gekruisigde misdadigers zei spottend tegen hem: “ <i>Jij</i> bent toch de messias? Red <i>jezelf</i> dan en ons erbij!”	Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom aanhoudend gelaster en gesê: “ <i>Jy</i> is mos die Christus, of hoe? Red <i>jouself</i> , en ons!”

Die tweede misdadiger verootmoedig hom egter, en erken die koningskap van Jesus (Lukas 23:42). In die Afrikaans sinjaleer die eerbiedshoofletter ook erkenning van sy Godheid:

NBV	DB2020
En hij zei: “Jezus, denk aan mij wanneer <i>u</i> in <i>uw</i> koninkrijk komt.”	Hy sê toe: “Jesus, dink aan my wanneer <i>U</i> in <i>u</i> koninkryk kom!”

Uit ’n vergelyking tussen die twee vertalings is daar aanduidings dat die tweedepersoonsvorme in beide tale in mindere of meerdere mate die interpersoonlike verhoudings tussen die twee partye weerspieël. In DB2020 word sulke verhoudings egter meer genuanseerd gereflekteer, byvoorbeeld met inagneming van die spesifieke taalhandeling wat plaasvind, en ook (vanuit die vertalersperspektief) die erkenning of nie van die Godheid van Christus.

10. TAALHISTORIESE VERGELYKING TEN OPSIGTE VAN TEKSTE IN MATTEUS

Reeds vanaf die vroegste vertalings was dit duidelik dat die vertalers bewus was van pragmatiese verskille in die Afrikaanse aanspreekvorm wat op die enkele tweedepersoonsvorm in die Grieks (in die geval van Matteus) gebaseer moes word. Voinov 2002:211 merk hieroor op:

It must, however, be admitted that social distinctions are not overtly marked in the Greek text everywhere. Because of this, the interpretative decision is more difficult in some cases than in others.

In hierdie afdeling word daar aan die hand van vyf opeenvolgende vertalings uit Matteus (die tekste in aanhegsel A) ’n vergelyking getref van die keuses wat uitgeoefen is in die geval van tien gekose tekste (vgl. ook Conradie 2020 in hierdie bundel). Die vertalings is die volgende:

- Die SJ du Toit-vertaling van 1895
- Die proefvertaling van 1922
- Die vertaling van 1933 (wat tot 1953 heruitgegee is)
- Die 1983-vertaling
- Die 2020-vertaling

Die tekste wat gekies is, verteenwoordig gespreksituasies waarby Jesus betrokke is – behalwe die enkele mens-tot-mens-interaksie uit die gelykenis oor vergifnis, waar die slaaf in gesprek is met sy eenaar, en weer met ’n medeslaaf. In elke geval is daar deur verskillende vertalers ’n ekwivalent gebruik wat ooreenstem met die interpretasie van die verhouding tussen die sprekers en aangesprokenes.

10.1 Menslike gespreksgenote

’n Slaaf in die gelykenis, wie se skuld deur sy eenaar afgeskryf is (**18:26**), spreek die eenaar in die eerste vertaling aan met *jy*, maar in die daaropvolgende vertalings is *u* die keuse.

1895	1922	1953	1983	2020
<i>jy</i>	<i>u</i>	<i>u</i>	<i>u</i>	<i>u</i>

Wanneer die slaaf sy medeslaaf, wat hom 100 denarius geskuld het, aan die keel gryp en dreig (18:28-29), word die wederkerige T (*jy/jou*) deurgaans in al die vertalings gebruik.

10.2 Jesus as spreker en/of aangesprokene

10.2.1 Johannes die Doper

In 3:14 spreek Johannes die Doper, wat bewus is van wie Jesus is, Hom aan met *U* wanneer Jesus na hom kom om gedoop te word. Dit is een situasie wat in alle vertalings onproblematis is, en waarin die hoofletter-*U* deurgaans gebruik word.

10.2.2 Satan

In 4:3 spreek die versoeker (Satan) Jesus aan tydens die versoeking in die woestyn. Die keuse van aanspreekvorm wissel van *jy* tot *U* tot *u*, soos aangedui in die tabel hiernaas. Uit hierdie wisseling blyk dit duidelik dat die houding van Satan teenoor die Seun van die Mens moeilik te interpreteer is, en dat daar in die jongste vertaling 'n middeweg gekies is tussen erkenning van die Godheid en die menslikheid van Jesus.

1895	1922	1953	1983	2020
<i>jy</i>	<i>U</i>	<i>U</i>	<i>U</i>	<i>u</i>

hierdie wisseling blyk dit duidelik dat die houding van Satan teenoor die Seun van die Mens moeilik te interpreteer is, en dat daar in die jongste vertaling 'n middeweg gekies is tussen erkenning van die Godheid en die menslikheid van Jesus.

10.2.3 Skrifkenners en Fariseërs

Wanneer die skrifkenners en Fariseërs Jesus aanspreek (12:38), is die keuse telkens *V*, maar word die eerbiedshoofletter afwisselend gebruik. In die 2020-vertaling word daar byvoorbeeld daarvan uitgegaan dat hulle nie die goddelikheid van Jesus erken nie, en word die kleinletter-*u* gebruik. (Die oorwegings wat gegeld het by die ander vertalings is uiteraard nie agterhaalbaar nie.)

1895	1922	1953	1983	2020
<i>U</i>	<i>u</i>	<i>U</i>	<i>u</i>	<i>u</i>

10.2.4 Moeder van Jakobus en Johannes

In hoofstuk 20:21 is Jesus in gesprek met die moeder van Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus. Wanneer sy Hom nader, spreek Hy haar aan met *T* (maar die 1983-vertaling kies *V*, waarskynlik as hoflikheidsvorm); en sy antwoord dan met *V* as eerbiedsvorm. In die eerste twee vertalings word die besitlike voornaamwoord in haar versoek aan Hom nog met 'n hoofletter geskryf, naamlik *Uw* (1895) en *U* (1922), in navolging van die *Statenvertaling*, maar daarna word die tradisie gevestig om die kleinletterweergawe (*u*) vir die besitlike voornaamwoord te gebruik. In die 1983-vertaling word die persoonlike voornaamwoord *U* egter gebruik.

1895	1922	1953	1983	2020
<i>Uw</i>	<i>U</i>	<i>u</i>	<i>U</i>	<i>u</i>

egter gebruik.

10.2.5 Kajafas en die Sanhedrin

Wanneer Jesus voor die Sanhedrin verskyn, waar die skrifkenners en familiehoofde byeengekom het (**26:62**), spreek Kajafas Hom aan met T in die eerste vertaling. In die daaropvolgende twee vertalings is daar egter besluit op V, met die eerbiedshoofletter, waarna die jongste twee vertalings terugkeer na *jy/jou*. Dit dui daarop dat die onderlinge verhouding tussen die kerkowerheid en 'n eerbiedwaardige aangeklaagde verskillend geïnterpreteer kan word en is.

Jesus reageer op Kajafas se eis om 'n antwoord, en spreek dan die lede van die Sanhedrin toe (**26:64**). Terwyl die 1895-vertaling in beide gevalle die T-vorm kies, en die 1953-vertaling weer V (teenoor die Sanhedrin die meervoudsvorm *u almal*), onderskei die 1922-, 1983- en 2020-vertalings tussen die aanspreekvorm teenoor Kajafas (V) en die Sanhedrin (T):

	1895	1922	1953	1983	2020
Jesus → Kajafas	jy	u	u	u	u
Jesus → Sanhedrin	julle	julle	u almal	julle	julle

10.2.6 Skrifkenners en familiehoofde

Volgens **26:67** word Jesus ná die verskyning voor Kajafas deur die lede van die Sanhedrin aangerand en word daar met Hom die spot gedryf. Taalpragmaties word die situasie gekompliseer deurdat hulle enersyds geen eerbied teenoor Hom openbaar nie, maar Hom andersyds met geveinsde agting as profeet aanspreek. Hierdie skynbare teenstrydigheid word weerspieël deur die verskillende vertalings van die aanspreekvorm: Terwyl die 1895- en 1983-vertalings T kies, word V deur die 1922- en 1953-vertalings gebruik (met eerbiedshoofletter). Die 2020-vertaling gebruik wel V, maar sonder hoofletter, en druk daarmee die gemaakte agting teenoor 'n profeet uit (vergelyk ook 9.5 hier bo):

	1895	1922	1953	1983	2020
	jou	U	U	jy/jou	u

10.2.7 Pontius Pilatus

Die verskyning van Jesus voor die prokurator (**27:11**) word ook gekenmerk deur verskillende interpretasies van die wedersydse aanspreekvorme. Die 1895-vertaling gebruik 'n wederkerige T,¹² terwyl die volgende twee vertalings 'n wederkerige V verkies (met die onderskeid dat die vertalers deur middel van die eerbiedshoofletter die V-vorm teenoor Jesus markeer). Die 1983-vertaling verskil van die 2020-vertaling daarin dat die aanspreekvorme in eersgenoemde niewederkerig is – Pilatus spreek Jesus aan met *jy*, en Jesus spreek hom formeel aan met *u* – terwyl die gespreksgenote in die 2020-vertaling mekaar op dieselfde vlak aanspreek.

¹² Vergelyk hiermee die wyse waarop Martin Luther Karel V, Keiser van die Heilige Romeinse Ryk, en die versameling edelliede by sy verskyning voor die Ryksdag in Worms (1521) aanspreek: “Allernädigster Herr und Kaiser! Durchlauchtigste Fürsten! Gnädigste Herrn!”

	1895	1922	1953	1983	2020
Prokurator → Jesus	jy	U	U	jy	u
Jesus → Prokurator	jy	u	u	u	u

10.2.8 Verbygangers

Wanneer die verbygangers by die kruis Jesus aanspreek (27:39), word die houding teenoor Hom, dié van minagting en hoon, aangedui deur die T-aanspreekvorm in al die vertalings behalwe dié van 1953, wat vanuit die vertalersperspektief ten opsigte van die betrokke teks, V wel met hoofletter gebruik. Wat ook opval, is dat die 1922-vertaling, waarskynlik as 'n kompromie tussen die houding van die verbygangers en die perspektief van die vertaler, die T-vorme met 'n hoofletter skryf.¹³

1895	1922	1953	1983	2020
jy/jou	Jy/Jousef	U/Uself	jy/jousef	jy/jousef

11. GEVOLGTREKKINGS

In 'n direkte vertaling van die brontekste word die inhoud van dié tekste, volgens die vertaalopdrag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, sonder aanpassing by moderne fisiese en sosiale kontekste weergegee. Hoewel die sosiale werklikhede van Bybelse tye vir moderne lesers grotendeels verstaanbaar is, blyk dit dat die sosiolinguistiese verskille wat betref interpersoonlike kommunikasie, in Afrikaans meer genuanseerd as in die brontale verwoord word, spesifiek wat betref pronominale vorme tussen spreker en hoorder. Dit het meegebring dat sulke interpersoonlike taalhandelinge wel talig geïnterpreteer en by moderne Afrikaanse gebruike aangepas word.

Voornaamwoorde wat die dinamika van gesag en solidariteit uitdruk (V en T), kom in talle doeltale voor waarin die Bybel vertaal word, en Afrikaans is geen uitsondering nie. Die wyse waarop dit neerslag vind in die pronominale sisteem, verskil nie slegs tussen brontaal en doeltaal nie, maar ook tussen doeltale onderling. Hierdie artikel doen verslag van 'n ondersoek na die wyse waarop (a) die Afrikaanse sisteem funksioneer en van genealogies verwante tale verskil, en (b) die vertaling van aanspreekvorme oor die verloop van 'n eeu en 'n kwart verander het.

In verwante tale soos Duits en Noors (asook in die Romaanse tale) word die T-vorm wedersyds as verstekvorm gekies, ook in asimmetriese gespreksituasies, byvoorbeeld tussen God en mens. In Afrikaans en Nederlands, egter, word daar onderskei tussen die omstandighede waarin V en T onderskeidelik gebruik word: In asimmetriese situasies word die meerdere met V aangespreek, en die mindere met T. In beide tale het daar met verloop van jare (en uitgawes) variante van beide vorme voorgekom, maar in die jongste vertalings korreleer die gesprekskonteks grotendeels met die gekose vorm, hoewel faktore soos eerbied en formaliteit soms verskillend geïnterpreteer word (vergelyk Markus 11:27 en Lukas 4:34). Afrikaans het

¹³ Vergelyk ook die wyse waarop die stem uit die hemel Jesus aanspreek wanneer Hy deur Johannes gedoopt is (paragraaf 9.1).

egter een historiese eienskap van die *Statenvertaling* behou, naamlik die gebruik van die eerbiedshoofletter (*U*), terwyl dit in Nederlands verval het. Daarby is ’n faktor soos die erkenning van die goddelikheid van Jesus ook (volgens die interpretasie van die vertaler) in bepaalde kontekste in Afrikaans, anders as in Nederlands, verdiskonteer deur die gebruik van die hoofletter (Lukas 23:42).

’n Vergelyking van die Afrikaanse vertalings vanaf 1895 tot 2020 toon laastens dat daar aansienlike wisseling was tussen sowel V en T en die gebruik of nie van die eerbiedshoofletter, en dat die invloed van die *Statenvertaling* op verskillende stadia sterker was as aanvanklik.

BIBLIOGRAFIE

Vertalings

Afrikaans

1895. *Di Evangelii vollens Mattéus*. S.J. du Toit. Paarl: DF du Toit.
 1922. *Die Vier Evangelieë en die Psalme*. Kaapstad: Brits en Buitenlands Bybelgenootskap.
 1933-53. *Die Bybel*. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
 1983. *Die Bybel*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
 2020. *Die Bybel*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Duits

2017. *Lutherbibel*. Stuttgart: Deutsche Bibelgesellschaft.

Engels

2011. *New International Version*. London: Stodder & Houghton.

Nederlands

1951. *Bijbel in de Nieuwe vertaling*. Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.
 2004. *Nieuwe vertaling*. Haarlem: Nederlands Bijbelgenootschap.

Noors

2011. *Bibelen*. Oslo: Det Norsk Bibelselskap

VERWYSINGS

- Bratt Paulston, Christina & G Richard Tucker (eds). 2003. *Sociolinguistics: The essential readings*. Oxford: Blackwell.
 Brown, Roger & Albert Gilman. 1960. The Pronouns of Power and Solidarity, in Sebeok (ed.), pp. 253-276.
 Brown, Roger & Albert Gilman. 2003. Pronouns of power and solidarity. In Bratt Paulston & Tucker (eds), pp. 156-76.
 Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 2010. Vertaalopdrag – Afrikaanse Bybelvertaling.
 Conradie, C. Jac. 2020. Taalverandering in die Afrikaanse vertalings van die Evangelie van Markus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 60(4-1):1047-1065.
 De Klerk, G.A. & F.A. Povelis (reds.). 1976. *Gedenkbundel HJJM van der Merwe*. Pretoria: Van Schaik.
 Ervin-Tripp, Susan. 1986. On Sociolinguistic Rules: Alternation and Co-occurrence. In: Gumperz, John & Dell Hymes (eds.), pp. 213-250.
 Finkenstaedt, Thomas. 1963. *You und Thou. Studien zur Anrede im Englischen (mit einem Exkurs über die Anrede im Deutschen)*. Berlyn: Walter de Gruyter.
 Freedman, Penelope. 2007. *Power and Passion in Shakespeare's Pronouns. Interrogating "you" and "thou"*. Cornwall: Ashgate.

- Gumperz, John & Dell Hymes (eds). 1986. *Directions in Sociolinguistics – The Ethnography of Communication*. New York: Blackwell.
- Gutt, Ernst-August. 1991. *Translation and relevance*. Oxford: Basil Blackwell.
- Hedvall, Eila. 2008. Thou, Thee, Thy, Thine, ye, you, your, yours: second person pronouns in two Bible translations (C-essay). Jonköping Universiteit, <http://www.diva-portal.org/smash/get/diva2:3508/FULLTEXT01.pdf>
- Katrynski, Olaf. *T-V distinction*, 25/06/2020: <https://sites.google.com/site/tvdistinction/>
- Kotzé, Ernst F. 1989. Address rituals as heuristics of social structure, *Per Linguam* 5(2):73-82.
- Kotzé, Ernst F. 1981. 'n Aanspreeksisteem vir Maleier-Afrikaans, *Taalfasette: Nuwe Reeks* 1(1):17-25.
- Kotzé, Ernst F. 1992. Les rites du premier contact comme heuristique de la structure sociale: le cas du maléo-afrikaans, *Etudes Créoles* XV(1):171-178.
- Miller, Cynthia L. 2010. Definiteness and the vocative in Hebrew. *Journal of Northwest Semitic Languages* 36(1) (2010):43-64.
- Nida, Eugene. 2000. Principles of correspondence. In Venuti & Baker, pp. 136-341.
- Nord, Christiane. 1991. *Text analysis in translation. Theory, method, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Translated from the German by Christiane Nord and Penelope Sparrow. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, Christiane. 1997. *Translating as a Purposeful Activity: Functionalist Approaches Explained*. Manchester: St Jerome Publishing.
- Nord, Christiane. 2001. 'Loyalty revisited: Bible translation as a case in point'. *The Translator*, 7(2):185-202.
- Odendal, F.F. 1976. Oor die aanspreekvorme in Afrikaans. In De Klerk & Ponelis, pp. 105-113.
- Ohnsorge, Werner. 1947. *Das Zweikaiserproblem im früheren Mittelalter. Die Bedeutung des byzantinischen Reiches für die Entwicklung der Staatsidee in Europa*. Hildesheim: A Lax.
- Reiss, Katharina & Hans Vermeer. 1984. *Grundlegung einer allgemeinen Translationstheorie*. Tübingen: Niemeyer.
- Sebeok, T.A. (ed.). 1960. *Style in Language*, Boston: MIT Press.
- Unseth, Peter. *A False Claim of Translation Quality: Deliberately Omitting Polite Morphology*, 25/06/2020: https://www.diu.edu/documents/gialens/Vol5-2/Unseth_politeness.pdf
- Van der Spuy, R. 2010. "Showing respect" in Bible Translation. *Acta Theologica*, 30:158-73.
- Venuti, Lawrence (ed.). & Mona Baker (adv. ed.). 2000. *The Translation Studies Reader*. London: Routledge.
- Vermeer, Hans J. 2000. Skopos and commission in translational action. In Venuti & Baker (2000:227-238).
- Voinov, Vitaly. 2002. Pronominal theology in translating the Gospels. *The Bible Translator*, 53:210-18.
- Walker, A.K., A. Kruger and I.C. Andrews. 1995. Translation as transformation: a process of linguistic and cultural adaptation. *South African Journal of Linguistics, Supplement* 26:99-116.

BYLAE
TEKSTE UIT MATTEUS

Legende: SJdT – SJ du Toit 1895
PV22 – Proefvertaling 1922
AFR53 – Afrikaanse vertaling 1933/53
AFR83 – Afrikaanse vertaling 1983/92
AFR2020 – Afrikaanse vertaling 2020

Vers(e)	Vert	Teks
3:14	SJdT	Mar Johannes hou hom teen, en sê: “Ek het nodig om van <i>U</i> gedoop te word en kom <i>U</i> na my toe?”
	PV22	dog Johannes weier Hem sterk en sê: dit is vir my nodig om deur <i>U</i> gedoop te word en kom <i>U</i> na my toe?
	AFR53	Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur <i>U</i> gedoop te word, en kom <i>U</i> na my toe?
	AFR83	Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: “Ek moet eintlik deur <i>U</i> gedoop word, en <i>U</i> kom na my toe?”
	DB2020	Maar Johannes het Hom probeer teengaan met die woorde: “Ek behoort deur <i>U</i> gedoop te word, en <i>U</i> kom na my toe?”
4:3	SJdT	En di Versoeker kom na Hom toe, en sê: “As <i>jy</i> die Seun van God is, sê dan, dat di klippe moet brode word.”
	PV22	En die versoeker kom na Hem toe en sê: As <i>U</i> Gods Soon is, sê dat hierdie klippe brode word!
	AFR53	En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As <i>U</i> die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.
	AFR83	Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: “As <i>U</i> die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.”
	DB2020	Toe het die versoeker nader gekom en vir Hom gesê: “As <i>u</i> die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode moet word.”
12:38	SJdT	Toen gé enige van di Skrifgeleerde en Fariseers ver Hom antwoord en sê: “Meester! ons wil graag van <i>U</i> ’n teken sien.”
	PV22	Toe antwoord sommige van die Skrifgeleerdes en Fariseë en sê: Meester! ons wil van <i>u</i> graag ’n teken sien!
	AFR53	Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag ’n teken van <i>U</i> sien.
	AFR83	Party van die skrifgeleerdes en die Fariseërs sê toe vir Hom: “Meneer, ons wil ’n wonderteken van <i>u</i> sien.”
	DB2020	Toe het sommige van die skrifkenners en Fariseërs gereageer en gesê: “Meester, ons wil graag ’n teken van <i>u</i> sien.”
18:28-29	SJdT	Mar toen di slaaf weggegaan was, kry hy een van syn méde-slawe, wat ver hom 100 skuld, en hy gryp hom an di keel en sê: ‘Betaal wat <i>jy</i> ver my skuld!’ – En syn méde-slaaf val neer en smee ver hom, en sê: ‘Wees tog lankmoedig met my, en ek sal ver <i>jou</i> betaal!’
	PV22	Maar dieselfde dienskneg gaan uit en vind een van sy medediensknegte, wat hom honderd penninge skuldig was, en hy vat hom beet, gryp hom by die keel en sê: Betaal my, wat <i>jy</i> skuldig is! – Sy mededienskneg val toe neer aan sy voete bid hom en sê: Wees lankmoedig oor my en ek sal <i>u</i> alles betaal!
	AFR53	Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat <i>jy</i> skuld. Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smee hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal <i>jou</i> alles betaal.

Vers(e)	Vert	Teks
	AFR83	“Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net ’n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: ‘Betaal wat <i>jy</i> skuld!’ Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: ‘Gee my tog uitstel, ek sal <i>jou</i> betaal.’
	DB2020	Maar toe daardie slaaf uitgaan, het hy een van sy medeslawe gekry wat hom honderd denarius geskuld het. Hy het hom aan die keel gegryp, gewurg en gesê, ‘Betaal terug wat <i>jy</i> skuld!’ 29 Sy medeslaaf val toe neer en smee hom, ‘Wees geduldig met my, en ek sal <i>jou</i> terugbetaal.’
20:21	SJdT	En Hy sê ver haar: ‘Wat begeer <i>jy</i> ?’ – Sy sê ver Hom: “Sê dat di 2 seuns van my in Uw Koninkryk sal sit, di een an Uw regtersy, en di ander an Uw linkersy.”
	PV22	En Hy sê vir haar: Wat wil <i>u</i> hê? Sy sê vir Hem: Sê, dat hierdie twee seuns van my mag sit, die een an <i>U</i> regter- en die ander aan <i>U</i> linkerhand in <i>U</i> koninkryk.
	AFR53	En Hy sê vir haar: Wat wil <i>jy</i> hê? Sy antwoord Hom: Sê dat hierdie twee seuns van my in <i>u</i> koninkryk mag sit, een aan <i>u</i> regter- en een aan <i>u</i> linkerhand.
	AFR83	“Wat kan Ek vir <i>u</i> doen?” vra Hy vir haar. Sy sê vir Hom: “Belowe my dat hierdie twee seuns van my in <i>u</i> koninkryk langs <i>U</i> mag sit, een aan <i>u</i> regterhand en die ander een aan <i>u</i> linkerhand.”
	DB2020	Hy het vir haar gevra: “Wat wil <i>jy</i> dan hê?” Sy antwoord Hom: “Beveel dat in <i>u</i> koninkryk hierdie twee seuns van my, een aan <i>u</i> regterhand en een aan <i>u</i> linkerhand, sal sit.”
26:62	SJdT	Toen staan di hogepriester op, en sê ver Hom: "Antwoord <i>jy</i> niks ni? Wat getuig hulle teen <i>jou</i> ?"
	PV22	En die Hoëpriester staan op en sê vir Hem: Antwoord <i>U</i> niks nie! Wat getuig hulle teen <i>u</i> ?
	AFR53	Daarop staan die hoëpriester op en sê vir Hom: Antwoord <i>U</i> niks nie? Wat getuig hierdie manne teen <i>U</i> ?
	AFR83	Toe staan die hoëpriester op en sê vir Hom: “Verweer <i>jy</i> <i>jou</i> glad nie? Wat van die getuienis wat hierdie mense teen <i>jou</i> inbring?”
	DB2020	Daarop het die hoëpriester opgestaan en vir Hom gesê: “Antwoord <i>jy</i> dan niks op wat hierdie mense teen <i>jou</i> getuig nie?”
26:67	SJdT	Toen spuug hulle Hom in di angesig, en slaan Hom met di vuus; en andere slaan Hom op di kinnebak, en sê: “Profeteer ver ons, Messias! wi is dit wat ver <i>jou</i> geslaan het?”
	PV22	Toe spu hulle in Sy gesig en slaan Hem met vuiste; en ander gee Hem kinnebakslae en sê: Profeteer ons, Christus, wie is dit, wat <i>U</i> geslaan het!
	AFR53	Toe het hulle in sy aangesig gespuug en Hom met die vuus geslaan, en ander het Hom met stokke geslaan en gesê: Profeteer vir ons, Christus! Wie is dit wat <i>U</i> geslaan het?
	AFR83	Toe het hulle in sy gesig gespoeg en Hom met die vuus geslaan. Hulle het Hom geklap en gesê: “ <i>Jy</i> is mos ’n profet, Christus! Sê vir ons, wie het <i>jou</i> geslaan?”
	DB2020	Toe het hulle in sy gesig gespoeg en Hom met die vuus geslaan. Sommige het Hom geklap en gesê: “Profeteer vir ons, o Christus – wie is dit wat <i>u</i> geslaan het?”
27:11	SJdT	En Jesus staan voor di Gouverneur, en di Gouverneur vra ver Hom, en sê: “‘Is <i>jy</i> di koning van di Jode?’” En Jesus sê ver hom: “ <i>Jy</i> sê dit.”
	PV22	En Jesus staan voor die stadhouer, en die stadhouer vra Hem en sê: Is <i>U</i> die Koning van die Jode? en Jesus sê vir hom: <i>U</i> sê dit.
	AFR53	En Jesus het voor die goewerneur gestaan, en die goewerneur het Hom die vraag gestel en gesê: Is <i>U</i> die Koning van die Jode? En Jesus antwoord hom: <i>U</i> sê dit.
	AFR83	Jesus is voor die goewerneur gebring en dié vra Hom: “Is <i>jy</i> die koning van die Jode?” Jesus antwoord: “Dit is soos <i>u</i> sê.”

Vers(e)	Vert	Teks
	DB2020	Jesus het voor die prokurator verskyn, en die prokurator het Hom ondervra: “Is <i>u</i> die koning van die Jode?” Jesus sê toe: “ <i>U</i> sê dit.”
27:39	SJdT	En di wat daar verby loop belaster ver Hom, en skud hulle koppe, en sê: “A! <i>jy</i> wat di tempel afbreek, en in 3 dage opbou, verlos nou ver <i>jou</i> self! As <i>jy</i> Gods Seun is, kom af van di kruis af!”
	PV22	En die wat verbygaan, belaster Hem en skud hulle hoofde, en sê: <i>Jy</i> , wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Verlos Jousef. As <i>Jy</i> die Soon van God is, kom af van die kruis.
	AFR53	En die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud en sê: <i>U</i> wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As <i>U</i> die Seun van God is, kom af van die kruis!
	AFR83	Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud en gesê: “ <i>Jy</i> wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jousef as <i>jy</i> die Seun van God is, en kom van die kruis af!”
	DB2020	Die verbygangers het Hom gelaster, terwyl hulle hulle koppe skud en sê: “ <i>Jy</i> wat die tempel afbreek en in drie dae opbou – as <i>jy</i> die Seun van God is, red <i>jousef</i> , en kom af van die kruis!”

Probleme met en ná die direkte vertaling

Problems with and after the direct translation

DAAN CLOETE

Nuwe Testament

Universiteit van Wes-Kaapland

Suid-Afrika

E-pos: daancloete@telkomsa.net



Daan Cloete

DAAN CLOETE ontvang in 1957 en 1958 onderwysopleiding aan die Hewat Opleidingskollege in Kaapstad. Gedurende 1959–1962 was hy onderwyser aan die PW de Bruyn Primêre Skool in Lambertsbaai. Daarna word hy, van 1963 tot 1967, as predikant opgelei aan die Teologiese Skool van die NG Sendingkerk (tans Verenigende Gereformeerde Kerk) in Wellington en Bellville. Vanaf 1968 tot 1972 dien hy as predikant in die NG Sendinggemeente Worcester-Suid. Hierna studeer hy van 1972 tot 1979 aan die Teologiese Universiteit der Gereformeerde Kerken, Kampen, Nederland. Van 1979 tot 2003 is hy professor in die Nuwe Testament aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Wes-Kaapland in Bellville. Hy het op die Begeleidingskomitee van die 2020-vertaling gedien en ook as eksegeet in boekspanne opgetree.

DAAN CLOETE received his training as a teacher at the Hewat Training College in Cape Town in 1957 and 1958. From 1959 to 1962 he was employed as a teacher at the PW de Bruyn Primary School in Lambert's Bay. From 1963 to 1967 he was trained as a minister at the Theological School of the DR Mission Church (currently Uniting Reformed Church) in Wellington and Bellville; and from 1968 to 1972 he served as minister of the Dutch Reformed Mission Church Worcester South parish. From 1972 until 1979, he pursued his post-graduate studies at the Theological University of the Reformed Churches in Kampen, the Netherlands. He was professor in New Testament in the Faculty of Theology at the University of the Western Cape in Bellville from 1979 to 2003. He served on the Steering Committee of the 2020 Afrikaans translation of the Bible, and also as exegete in different book teams.

ABSTRACT

Problems with and after the direct translation

In this essay, biblical translation is discussed against the background of the new Afrikaans translation. It deals with problems of trying to convey the meaning contained in an ancient language, Greek, into a modern dynamic language, Afrikaans. The ancient language contains a very significant message for all time, but the original in which it was written is not accessible to modern readers. Both languages necessitate interpretation, but present unique difficulties in the process. With regard to the Greek, the aim is primarily to unearth the meaning of the

Datums:

Ontvang: 2020-01-29

Goedgekeur: 2020-05-18

Gepubliseer: Desember 2020

text in its original context, particularly because it is not spoken anymore. Translation starts by constructing a source text from the material available, because the original manuscripts are, for various reasons, no longer available. It requires intensive study of the characteristics of the source text and the world in which it served as the tool of communication, namely the Ancient Middle East. With regard to the Afrikaans, because it is a dynamic language, its idiomatic content is in a process of constant change. This is due to the ever-changing environment in which it finds itself. It is spoken primarily in South Africa, in a multilingual context that, on the one hand, may enrich its content and use, but, on the other hand, threatens its existence, because it limits its users. Another challenge is that there seems to be no clarity with regard to the practical application of the eleven official languages in the country. English seems to have become the preferred language of communication. Translation is important, because the original Greek source text conveys an important message, the Good News, which is relevant for all time, and therefore for the modern Afrikaans reader. This translation was requested by the Afrikaans-speaking churches for the purpose of preaching, catechism, worship and personal use. From a literary point of view, its publication should help to strengthen its position in a multilingual context, because a significant number of Afrikaans-speaking people of the Christian community in the country use Afrikaans as their language of worship.

KEYWORDS: ancient, static, modern, dynamic, source text, target text, multilingual context, *autographa*

TREFWOORDE: brontaal, bronteks, doeltaal, tekskritiek, *autographa*, literatuursoorte, antieke taal, statiese taal, moderne taal, meertalige konteks

OPSOMMING

Hierdie bydrae bespreek Bybelvertaling teen die agtergrond van die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel. Dit gee aandag aan die probleem verbonde aan 'n poging om die betekenis opgesluit in 'n teks in 'n antieke taal, Grieks, te vertaal in 'n moderne, dinamiese taal, Afrikaans. Die antieke taal bevat 'n belangrike boodskap vir alle tye, maar die oorspronklike taal waarin die teks geskryf is, is nie toeganklik vir alle hedendaagse lesers nie. Beide tale moet geïnterpreteer word en beide bied unieke uitdagings aan die proses. Wat die Grieks betref, is die bedoeling om die betekenis wat in die teks in sy oorspronklike konteks ingesluit is, te ontsluit, juis omdat die taal nie meer gepraat word nie. Vertaling begin met die konstruksie van 'n bronteks uit die beskikbare materiaal, omdat die oorspronklike manuskripte om verskillende redes nie meer beskikbaar is nie. Dit noodsaak die intensiewe bestudering van die eienskappe van die grondteks en die wêreld waarin dit as 'n kommunikasiemiddel gedien het, naamlik die Ou Nabye Ooste. Afrikaans is weer 'n dinamiese taal van vandag en juis omdat dit dinamies is, is die idiomatiese inhoud daarvan steeds in 'n proses van verandering. Dit is toe te skryf aan die altyd veranderende omgewing waarin die taal hom bevind. Dit word primêr in Suid-Afrika gepraat, in 'n meertalige konteks, wat aan die een kant die inhoud en gebruik van die taal kan verryk, maar wat, aan die ander kant, die bestaan van die taal bedreig, omdat die gebruikers daarvan beperk word. 'n Ander uitdaging is dat daar geen duidelikheid is oor die praktiese aanwending van die elf amptelike tale in die land nie. Dit lyk asof Engels die voorkeurtaal van kommunikasie geword het. Vertaling is belangrik omdat die oorspronklike Griekse grondteks 'n belangrike boodskap verkondig, die Goeie Nuus wat altyd relevant bly. Die 2020-vertaling is deur die Afrikaanssprekende kerke versoek ter wille van prediking, kategetiese, aanbidding en persoonlike gebruik. Uit 'n literêre oogpunt behoort die verskyning van hierdie vertaling die taal se plek in 'n meertalige konteks te versterk omdat 'n beduidende deel van die Afrikaanssprekende gemeenskap Afrikaans gebruik as die taal van aanbidding.

1. WAARDERING

Dit was 'n besondere voorreg om te kon deel hê aan die vertaalprojek om 'n derde Bybel in Afrikaans tot stand te bring, naamlik die 2020-vertaling. Die projek is in opdrag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika op versoek van die kerke onderneem. Persoonlik het ek dit baie leersaam en verrykend ervaar. Ek was ook besonder beïndruk met die toewyding en kundigheid van die projekteier, prof. Bernard Combrink. Die sukses van die projek is in 'n groot mate te danke aan sy ywer.

2. VERTALING UIT 'N ANTIEKE BRONTAAL IN 'N MODERNE DOELTAAL

Sommige van die vertaalprobleme wat met die 2020-vertaling ervaar is, is kenmerkend van alle vertalings. Ek bespreek party van hierdie probleme, maar ook die moontlike dieper insig wat hierdie vertaling aan die gebruikers kan bied. Ek fokus op die deel van die Bybel waarmee ek as vakkundige vertrouwd is, naamlik die Nuwe Testament. Die Bybel wat ons in ons eie taal gebruik, is natuurlik 'n vertaling en dus die produk van 'n lang proses. Hierdie proses vereis deeglike kennis van die twee tale wat by 'n vertaling ter sprake is, naamlik die brontaal en die doeltaal. In die geval van die Nuwe Testament is dit onderskeidelik Grieks en Afrikaans. Die Grieks waarin die Nuwe Testament geskryf is, is 'n antieke taal wat meer as 2 000 jaar gelede in die Grieks-Romeinse Ryk gepraat is. Dit was 'n omgangstaal (*Koine*) wat 'n gleuf van die breë sosiale, politieke, kulturele en godsdienstige leefwêreld van die Bybelse tyd weerspieël en verwoord het. Die boeke van die Nuwe Testament is vanaf ongeveer die middel van die eerste eeu tot vroeg in die tweede eeu geskryf. Hierteenoor staan die doeltaal, Afrikaans, waarin die antieke brontaal vertaal moes word. Dit is 'n moderne spreektaal wat hoofsaaklik uit Nederlands gebore is en wat in Suid-Afrika ontwikkel het tot 'n selfstandige taal waarin moedertaalsprekers met mekaar kommunikeer. Dit is 'n dinamiese taal. Die uitdaging van die vertaling van die Bybel is om dit wat in die antieke taal verwoord word, in 'n moderne taal uit te druk. Die Bybel het, so aanvaar ons, 'n boodskap vir almal wat dit in hierdie tyd lees.

2.1 Die Grieks van die Nuwe Testament

Die Grieks van die Nuwe Testament was 'n kommunikasietaal, 'n gesproke en 'n geskrewe taal, selfs van diegene wat 'n ander moedertaal gehad het, soos die Jode, wat hoofsaaklik Aramees gepraat het. Dit was só vanweë die sosiaal-politieke situasie in die tyd toe die Romeine die heersers was. Grieks was dus ook die kommunikasietaal van sommige van die eerste christene, van wie sommige waarskynlik Aramees- en Hebreeussprekend was, terwyl ander weer Griekssprekend was. Ons kan aanvaar dat Aramees ook die taal was wat Jesus in sy bediening gebruik het omdat Hy self 'n Jood was en Hy hoofsaaklik onder sy Joodse volksgenote gewerk het. Dit is daarom merkwaardig dat sommige outeurs wat belangrike bydraes tot die Nuwe Testament gelewer het, soos Matteus, Johannes en Paulus, almal Jode, nie in hul moedertaal geskryf het nie. Hulle het in Grieks geskryf. Dit het waarskynlik voortgespruit uit hul christelike geloofsoortuiging, wat ingesluit het dat hulle bewus was van Jesus se opdrag om die Goeie Nuus aan al die nasies te bring en dat hulle dit op dié wyse wou gehoorsaam. Deur die algemene omgangstaal te gebruik, sou dit makliker kon gebeur, veral in die omgewing waar hulle met hul bediening besig was. Hul bydraes toon hul besondere kennis van en bedrewenheid met die Griekse taal. Uiteraard sal die taalwetenskaplike puriste die suiwerheid van hierdie outeurs se Grieks kan beoordeel ten opsigte van woordkeuse,

sinskonstruksie en styl. Uit 'n letterkundige oogpunt was daar natuurlik diegene, soos Lukas en die skrywer van die Brief aan die Hebreërs, wie se moedertaal Grieks was en wie se geskryfte van hoogstaande letterkundige gehalte was. Vir vertaling is die letterkundige kenmerke belangrik en word daar deeglik daarmee rekening gehou. Die taalkompleksiteit van destyds herinner ons in 'n mate aan ons eie probleme en worsteling vandag in ons meertalige land.

2.2 Die moderne Afrikaans van die 2020-vertaling

Soos reeds aangedui is, is die doeltaal, Afrikaans, 'n moderne taal, amptelik ongeveer 'n eeu oud. Dit is die huidige omgangstaal van 'n paar miljoen mense, hoofsaaklik in Suidelike Afrika, waar die taal ook gebore is. Omdat Afrikaanssprekendes die voortbestaan en suiwerheid van hul taal in 'n konteks van veeltaligheid moet handhaaf, het dit 'n sterk dinamiese karakter. Tans verander die omgewing in ons land en in die wêreld voortdurend, wat meebring dat Afrikaans self ook beïnvloed word en onderworpe is aan 'n proses van voortdurende aanpassing. Daar moet altyd na nuwe uitdrukkingsvorme gesoek word, woorde en uitdrukkings moet by ander tale geleen word en nuwe woorde moet geskep word om die veranderende omgewing te verwoord. Soos met alle vertalings van die Bybel in 'n moderne taal, bied hierdie agtergrond die uitdaging om in die 2020-vertaling aan sowel die bron- as die doeltaal getrou te bly. Dit beteken dat daar sover moontlik vasgestel moet word wat die antieke brontaal verwoord en dat die moderne, dinamiese doeltaal die bedoeling van die brontaal op 'n verstaanbare manier moet uitdruk. Afgesien daarvan dat woorde in die onderskeie tale totaal vreemd aan mekaar is, verskil ook die sinsbou en ander eienskappe in elkeen van die tale hemelsbreed van mekaar. Gelukkig beskik ons in ons land enersyds oor uitstekende brontaalkenners (Grieks, Hebreeus en Aramees) wat die bedoeling en betekenis van die skrywers kan ontgin, en andersyds oor doeltaalkenners (Afrikaans), wat met hul fyn aanvoeling en beheersing van hul moedertaal die bedoeling van die oorspronklike taal in die Afrikaanse idioom kan vaslê.

3. VERSKILLENDE VERTAALTEORIEË EN -BENADERINGS

Die vertaalkunde omvat verskillende vertaalteorieë en -benaderings. Dit hang meestal saam met die doel wat die vertaler voor oë het. Sommige vertalings laat die fokus op die brontaal val met die doel om die betekenis van die oorspronklik teks so goed moontlik weer te gee. 'n Goeie voorbeeld in Afrikaans is die 1933/53-vertaling, wat tot 'n konkordante vertaling neig. Wat die 2020-vertaling betref, was die uitgangspunt van die vertalers om so ver moontlik letterlik te vertaal. Dit hou in dat die ontleding of betekenis van veral die kernbegrippe beklemtoon word. 'n Ander benadering gaan uit van die doeltaal. Die doel is dat die lesers die boodskap goed moet begryp en daarom moet die vertaling so veel moontlik ooreenstem met die kennis en gebruik van hul eie taal. Die 1983-vertaling is 'n voorbeeld hiervan en staan bekend as 'n dinamies-ekwivalente vertaling. Vir die huidige vertaling was die opdrag aanvanklik dat dit 'n direkte vertaling moes wees. Die begrip *direkte* kan maklik tot 'n misverstand lei, en het ook al, veral omdat dit sou kon suggereer dat dit moontlik is om die presiese betekenis van een taal in 'n ander oor te dra. Uiteraard is dit nie heeltemal moontlik nie, want daar is aspekte van 'n taal wat byna nieoordraagbaar is, soos die presiese konteks waarin daar gepraat word en die gevoelswaarde wat gepaardgaan met die gebruik van woorde en beelde. Omdat dit moeilik is om hierdie aspekte presies te bepaal, is dit dus ook moeilik om dit oor te dra. In die 2020-vertaling word voetnote dikwels gebruik om die soort probleme toe te lig. Enige vertaling bly 'n interpretasie van die vertalers. Alhoewel daar in die

2020-vertaling gepoog is om so na moontlik aan die brontale te bly, sal dit nie die laaste vertaling van die Bybel in Afrikaans wees nie. Die bestudering van die brontale en die historiese omstandighede van die Bybel gaan voort en daar sal altyd weer nuwe bevindinge gemaak word om in die toekoms nog nader aan die bronteks te kom. Kortom, die vertaling van 'n antieke teks is 'n nimmereindigende proses.

4. DOEL VAN DIE 2020-VERTALING

'n Opdrag vir vertaling word meestal met 'n spesifieke doel gegee. Hierdie doel moet altyd deur die vertalers voor oë gehou word. Soms is daar diegene wat op eie inisiatief 'n vertaling maak, maar ook hulle sal 'n doel hê, soos dat hulle 'n ander benadering as dié in 'n bestaande vertaling wil volg, of dat hulle kommersiële voordele op die oog het. Dan is daar ook vertalings wat fokus op spesifieke lesers en hulle behoeftes, soos die jeug of gestremdes, en wat dus die nodige aanpassings bevat. Die huidige vertaling is op versoek van kerke onderneem. Die opdrag het om 'n *direkte vertaling* gevra, 'n term wat, soos sommige gemeen het, gedui het op 'n terugkeer na die byna letterlike vertaling van die 1933/53-vertaling. Ook sou dit kon gedui het op kritiek teen die 1983-vertaling, wat vir sommige kerke onaanvaarbaar was, want dit het vir hulle te veel klem op die doeltaal geplaas en daarmee die boodskap laat vervaag. Die bedoeling van die term was egter 'n vertaling wat meer gebalanseerd sou wees in vergelyking met die vorige twee. Dit moes inderdaad brontaalgeoriënteerd wees, maar met inagneming van die doel waarvoor die gebruikers dit binne die kerk sou gebruik, naamlik vir voorlesing in die erediens, kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik. Dit is belangrik om te benadruk dat die 2020-vertaling direk uit die brontaal vertaal is. Dit beteken dat dit die doel van die 2020-vertaling is om so ver moontlik getrou te wees aan die bedoeling van die outeurs van die Bybel, maar op so 'n manier dat dit ook verstaanbaar sal wees vir die Afrikaanse lesers en gebruikers van die Bybel vandag.

5. DIE BYBEL AS 'N LITERÊRE DOKUMENT

Die Bybel moet ook as 'n literêre dokument benader en gelees word. Die tersaaklike brontaal en doeltaal het albei basiese letterkundige en stylkenmerke soos simbole, metafore, idiomatiese uitdrukkings, vergelykings, beelde, stories en poësie. Uiteraard sal die gebruik en betekenis daarvan in die twee tale nie noodwendig met mekaar ooreenstem nie. Dit is 'n uitdaging vir 'n vertaler om met sy of haar taalkundige gereedskap dit wat in die brontaal weergegee word, in die doeltaal uit te druk. Ter ondersteuning van die soeke om so na moontlik aan die betekenis te kom, is daar argeologiese en sosiaal-historiese navorsing wat fokus op die maatskaplike, godsdienstige en kulturele leefwêreld van die antieke tyd, veral dié tydens die ontstaanstyd van die Nuwe Testament. Soos wat eerder genoem is, kon die projek staatmaak op hoogs gespesialiseerde en gekwalifiseerde taalwetenskaplikes en letterkundiges wat die stylkenmerke van die bron- en die doeltaal intensief bestudeer het. Die navorsing op al hierdie vakgebiede gaan steeds voort. Dit was en bly vir vertaling, ook vir die 2020-vertaling, belangrik, want dit help om onder andere die betekenis van bepaalde begrippe en beskrywings, ook dié wat by vorige vertalings nog onduidelik was, duideliker toe te lig. Die deeglikheid van die werk op hierdie terrein word weerspieël in die voetnote en die Woordelys van die 2020-vertaling. Om al die taalkundige en letterkundige aspekte van 'n moderne taal te verreken sodat dit vir die moderne leser begryplik is, was weereens 'n uitdaging met hierdie vertaling.

Verskeidenheid van literatuursoorte

'n Aspek van die Nuwe Testament wat met bogenoemde saamhang, is die verskeidenheid van literatuursoorte wat daarin verteenwoordig word. Daar is die evangelies, wat verhale, redes, verslae van gebeurtenisse en baie ander vorme van literatuur bevat. In al die vorme is die persoon, die lewe en optrede van Jesus, die Christus, die middelpunt; dit is dus 'n soort biografie van sy lewe. Die Handeling van die Apostels beskryf die geboorte van die Christendom en het dus 'n (heils)historiese karakter, alhoewel dit ook enkele toesprake of preke bevat van die hoofrolspelers, soos Petrus en Paulus. Dan is daar die briewe, waarvan sommige aan spesifieke gemeentes gerig is en waarin daar aan probleme in die gemeente aandag gegee word. Ander briewe is van 'n algemene aard en bedoel vir die opbou van die breër kerk. In hierdie opsig lewer Paulus die grootste bydrae. Die boek Openbaring reflekteer 'n uitsonderlik visionêre letterkundige genre, naamlik die apokaliptiek. 'n Ander besondere kenmerk van die Nuwe Testament is dat dit aan die een kant duidelik 'n eiesoortige karakter vertoon, verwyder van die Ou Testament. Dit weerspieël 'n breuk en diskontinuiteit met die Joodse godsdiens van die tyd. Terwyl die Ou Testament die boek vir die Joodse godsdiens is, is die Nuwe Testament die boek vir die christelike godsdiens. Aan die ander kant behou die Nuwe Testament die kontinuïteit deur die sterk klem op die vervullingsmotief, naamlik om die gebeure in die Nuwe Testament te sien as die vervulling van wat in die Ou Testament voorspel is. Die voortgaande verhouding tussen voorspelling en vervulling word geartikuleer as die Nuwe Verbond of Testament teenoor die Ou Verbond of Testament. Om dié rede word die twee afdelings van die Bybel uit 'n christelike perspektief bymekaar gehou. Albei die elemente, die verskeidenheid van literatuursoorte en die heilshistoriese lyn, is deur die vertalers gehonoreer en word in die vertaling weerspieël.

6. BASISTEKS

Soos wat algemeen bekend is, het die oorspronklike geskrewe tekste van die Nuwe Testament se outeurs, die sogenaamde *autographa* (selfgeskrewe tekste), om verskeie redes nie behoue gebly nie. Die christelike gemeenskappe was in die eerste plek nie daarop ingestel om dit te bewaar nie, want dit moes gesirkuleer word vir voorlesing en verkondiging in die gemeentes. Die verskeidenheid van materiale waarop oorspronklik geskryf is, was uiteraard baie broos sodat die teks herhaaldelik oorgeskrywe moes word. Dit het met die hand gebeur en menslike lees- en skryffoute het dus dikwels ingesluip. Enkele kere het die oorskrywers soms, na eie insig of keuse, self ook dinge weggelaat of ingevoeg. Die materiaal is ook nie altyd sorgvuldig bewaar nie en is in die proses aan die elemente van die natuur blootgestel. Dit is natuurlik ook vir gebruik versprei na gelang die kerk gegroei het. In die proses het sommige manuskripte verlore gegaan. Met die ontstaan van ander vertalings, soos in Latyn en Siries, het die oorspronklike Griekse manuskripte minder belangrik geword. Al hierdie omstandighede het daartoe gelei dat daar eers 'n basisteks vir 'n vertaling saamgestel moes word.

Tekskritiek

In die wetenskap wat as tekskritiek bekend staan, word op hierdie probleme gefokus. In 'n poging om 'n basisteks saam te stel, word alle moontlike beskikbare bronne versamel. Dit is geen eenvoudige taak nie vanweë die onsekerheid oor waar om daarvoor te soek en vanweë die sentiment wat die besitters aan die tekste heg. Soms is daar redelik volledige boekrolle of

manuskripte gevind, soms klein stukkies materiaal. Gelukkig is daar genoeg materiaal versamel en kon dit intensief bestudeer word. Die studie het daaruit bestaan dat die tekste met mekaar vergelyk is in soverre dit tyd, oorsprong en egtheid aangaan. Die moderne tegnologie word deesdae met groot vrug ingespan om die historisiteit, betroubaarheid en bruikbaarheid van materiaal te bepaal. Al hierdie aspekte is deeglik oorweeg om te verseker dat daar verantwoordbare keuses gemaak is in die samestelling van 'n moontlike bronteks van die boeke waaruit die Nuwe Testament bestaan. Dat daar keuses gemaak is, beteken nie dat 'n bepaalde stukkie materiaal totaal geïgnoreer is en word nie. Ook vertalings van die oorspronklike in Siries en Latyn kon as hulpmiddels gebruik word. Alhoewel daar nie gewaarborg kan word dat dit wat as die bronteks beskikbaar is, in alle opsigte gelyk aan die oorspronklike teks is nie, met ander woorde, dat die beskikbare teks die absoluut outentieke teks van die oorspronklike outeurs is nie, kan daar met vrymoedigheid gesê word dat die teks wat vir die vertaling gebruik is, baie na aan die oorspronklike teks is. Wat die Nuwe Testament betref, is die vierde hersiene uitgawe van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se *Greek New Testament* (UBS4) as die bronteks gebruik. Omdat daar met verloop van tyd in die breër kerk besef is hoe belangrik dit vir die leser is om die Bybel in sy of haar eie taal te hê, word daar baie moeite gedoen om 'n betroubare bronteks saam te stel, en word daar steeds daarna gestreef om bogenoemde te verbeter. Die proses gaan steeds voort, op 'n internasionale vlak. Die vertaalspan kon dus met vrymoedigheid gebruik maak van die betroubaarste beskikbare bronteks vir die 2020-vertaling.

7. VERANDERENDE AFRIKAANS

Die Afrikaans wat ons ouers gepraat het, verskil merkbaar van dié wat ons tans gebruik, en die proses van verandering sal voortduur solank daar gebruikers van die taal is. Dit is alreeds duidelik sigbaar as 'n mens die 1933-vertaling (hersien in 1953) en die 1983-vertaling met mekaar vergelyk en dan die twee vertalings met die 2020-vertaling vergelyk. Soos eerder aangedui is, hang dit saam met die veranderende wêreld waarin ons leef en waarin bepaalde woorde en terme mettertyd in onbruik raak en nuwes weer geskep word. Die leefwêreld waarin die doeltaal funksioneer, verander voortdurend. Die uitdaging van die 2020-vertaling was dus om die brontaal se boodskap vir die leser van vandag in die dinamiese doeltaal begryplik en lewend te maak. Die 2020-vertaling spreek ook van die wetenskaplike deskundigheid en kwaliteit van die doeltaalmedewerkers, wat juis daarin geslaag het. Die voetnote en Woordelys weerspieël, onder andere, hul worsteling om bepaalde keuses te maak en bied terselfdertyd ruimte aan die leser om self sy of haar eie keuse te maak.

8. VERTAALKEUSES

Om te verduidelik hoe 'n vertaalkeuse uit die beskikbare materiaal gemaak word, word 'n paar voorbeelde vervolgens bespreek.

8.1 Slot van die Ons Vader-gebed in Matteus 6:9-14

Die Ons Vader-gebed bevat twee interessante voorbeelde waarin 'n vertaalkeuse uitgeoefen moes word. Die een het betrekking op die brontaal en die ander op die doeltaal.

8.1.1 Brontaalvoorbeeld

Volgens die 1933- en 1953-vertaling sluit die Ons Vader-gebed af met 'n doksologie: “Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid. Amen.” Die huidige vertaling laat dit weg. Die rede is waarskynlik dat van die meer gewigdraende bronne dit nie as 'n oorspronklike deel van die gebed ondersteun nie. Waarskynlik het dit daartoe bygedra dat die Lukas-evangelie se weergawe van die gebed (Luk 11:1-4) dit ook nie het nie. Daar is waarskynlik geoordeel dat dit 'n latere toevoeging deur die kerk is omdat daar gemeen is dat die gebed te abrupt eindig. Dit is ook in ooreenstemming met die meeste ander moderne vertalings. Dit het nietemin so in die praktyk van die kerk gevestig geraak dat dit waarskynlik nog lank sal bly voortleef, maar nie as 'n Skrifwoord nie.

8.1.2 Doeltaalvoorbeeld

In die “titel” van die gebed kom die woord “Onse” voor in die 1933- en 1953-vertaling. Die huidige vertaling praat net van “Ons” Vader. Hierdie verandering is reeds in die 1983-vertaling aangebring, 'n aanduiding van die ontwikkeling in die doeltaal in daardie stadium.

8.2 Slot van die Markus-evangelie

In die Evangelie van Markus is daar in die slotgedeelte (16:9-20) twee dinge wat bespreek is. Die deelnemers aan die 2020-vertaling het die volgende kommentaar in 'n voetnoot gelewer:

- a) In sommige manuskripte is daar benewens of in die plek van die teks die volgende ingevoeg: “hulle het alles wat aan hulle vertel is kortliks aan dié saam met Petrus berig. Hierna het Jesus self deur hulle die heilige en onverganklike verkondiging van die ewige verlossing uitgestuur. Amen.”

Daar word dus aanvaar dat dit nie deel van die bronteks was nie.

- b) Ander manuskripte en ouer vertalings voeg ná vers 8 ook nog verse 9-20 by. Daar word aanvaar dat dit nie deel van die bronteks is nie.

Hierdie gedeeltes is ook in die ouer Afrikaanse vertalings ingevoeg. Die voetnoot daarby in die 2020-vertaling dui daarop dat die vertalers weereens die besluit deeglik oorweeg het en geweet het dat dit nie deel van die oorspronklike teks was nie, maar dit tog in die vertaling ingesluit het.

8.3 Johannes 7:53-8:11

By hierdie gedeelte het die vertalers die volgende aantekening gemaak om te motiveer waarom dit wel in die vertaling opgeneem is: “Volgens teksgetuïenis was hierdie gedeelte aanvanklik nie deel van die bronteks nie. Dit bevat egter so 'n outentieke getuïenis oor Jesus dat dit mettertyd in baie manuskripte opgeneem is en sodoende deel van *Die Evangelie volgens Johannes* geword het.” Dit is 'n goeie voorbeeld van die wyse waarop die vertalers ernstig met die teks geworstel het. Hulle het verskillende faktore in ag geneem en nie altyd net dié van letterkundige aard nie.

8.4 Johannes 20:31

Daar word algemeen aanvaar dat hierdie vers die doel van die Evangelie van Johannes weergee en daarom moontlik ook die oorspronklike slot kon gewees het. Die Evangelie word egter ook daardeur gekenmerk dat die perikope nie altyd die indruk laat van 'n logiese volgorde nie; daarom word die toevoeging van nog 'n hoofstuk (21) hierna nie as buitengewoon vir die Evangelie beskou nie.

Wat die doelstelling van die Evangelie betref, kom verskillende tydsvorme van die werkwoord “glo” in vers 31 voor. Sommige manuskripte bevat 'n tydsvorm wat dui op a) 'n voortgaande geloof, en ander weer wat dui op b) om tot geloof te kom. In die eerste geval sou dit kon dui op lesers wat om een of ander rede begin twyfel het en nou deur die Evangelie in hulle geloof versterk moet word; in die tweede geval sou dit kon dui op lesers wat opgeroep word om (vir die eerste keer) tot geloof te kom. Daarmee word 'n sendingkarakter aan die Evangelie gegee, byvoorbeeld onder die Samaritane. Albei standpunte berus op sterk brontekstgetuigenis. Die huidige vertaling kies, soos die vorige vertalings, eersgenoemde moontlikheid, naamlik die bevestiging van reeds bestaande geloof: “Hierdie dinge is egter neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe in sy Naam kan hê.”

8.5 1 Johannes 5:7

By die woorde “Want daar is drie wat getuig” voeg enkele manuskripte by “in die hemel”, en dan volg “die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een”. Hierna word dan bygevoeg “en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig”. Die vermoede is dat hierdie toevoegings waarskynlik 'n aantekening was wat gevind is in die kantlyn van 'n manuskrip en wat met die oorskrywe later deel van die teks geword het. Dit is in die huidige vertaling weggelaat, wel met 'n voetnoot wat die saak verduidelik.

9. ANDER VERTAALPROBLEME

Die vertalers het ook aandag gegee aan hooflettergebruik, die hantering van aanhalings, letterkundige vorm en vreemde woorde en terme.

9.1 Die gebruik van hoofletters

Omdat hierdie vertaling in opdrag van die kerk geskied het, moes daar ook rekening gehou word met die opdraggewers se leerstellige standpunte en oortuigings. In die 1933/53-vertaling word daar byvoorbeeld uit eerbied en respek gebruik gemaak van hoofletters vir voornaamwoorde wanneer dit duidelik verwys of dui op die Here se naam, selfs al sou die brontekst dit nie doen nie. Dit kom voor in die sogenaamde Messiaanse tekste, dit wil sê tekste uit die Ou Testament wat in die Nuwe Testament aangehaal word en wat heenwys na die koms van en vervulling deur die Messias. In die 2020-vertaling word die voornaamwoord wat in die Nuwe Testamentiese aanhaling voorkom, met 'n hoofletter geskryf. Die hoofletter word nie in die 2020-vertaling in die betrokke teks in die Ou Testament gebruik nie, maar 'n voetnoot by die teks in die Ou Testament dui aan dat dit 'n heenwysing na die Messias is en daar word aangedui waar dit aangehaal word, byvoorbeeld in Matteus 11:5, Lukas 7:22 of Handeling 10:38. Só word Jesaja 61:1-2 en 58:6 soos volg in Lukas 4:18-19 aangehaal:

Die Gees van die Here is op My; want Hy het My gesalf om die goeie boodskap aan arm mense te verkondig. Hy het My gestuur om vir gevangenes aan te kondig dat hulle vrygelaat sal word, en vir blindes dat hulle weer sal sien; om onderdrukte weer te bevry, en om die genadejaar van die Here aan te kondig.

9.2 Aanhalings uit die Ou Testament

Om dit vir die leser maklik te maak, word daar in sommige gevalle 'n duidelike onderskeid gemaak tussen 'n teks waarin die skrywer self aan die woord is en wanneer hy gebruik maak van 'n aanhaling uit die Ou Testament. In die voetnoot word dan aangedui waar die aanhaling vandaan kom. Dit help om die verband tussen die twee Testamente te sien. In gevalle waar dit só deel vorm van die gedagtegang van die skrywer, word dit nie gedoen nie, maar word aanhalingstekens gebruik om dit aan te dui. 'n Voorbeeld is Maleagi 3:1, wat in die 2020-vertaling soos volg in Lukas 7:27 aangehaal word:

Hy is die een oor wie geskryf staan, “Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit; hy sal jou pad voor Jou gereed maak.”

9.3 Poëtiese karakter

Gedeeltes met 'n poëtiese karakter word ook as sodanig aangedui op grond van literêre argumente. Die Bybelinhoud word immers ook in letterkundige vorme aangebied. 'n Voorbeeld is Matteus 5:3-10:

Geseënd is dié wat geestelik arm is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
 Geseënd is die mense wat treur, want hulle sal vertroos word.
 Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die aarde erf.
 Geseënd is dié wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal versadig word.
 Ander voorbeelde is 1 Korintiërs 13 en Filippense 2:6-10.

9.4 Aanhalings uit buite-Bybelse bronne

Enkele skrywers haal nie net aan uit die Ou Testament nie, maar ook uit Grieks-Romeinse letterkundige bronne waarin betekenisvolle, gepaste uitsprake deur wysgere gemaak is. 'n Voorbeeld word in Handeling 17:28 gevind:

Want deur Hom leef ons, beweeg ons, soos sommige van julle digters inderdaad gesê het: “Ons is ook van sy geslag.”

Die voetnoot hierby is: “Die aanhaling kom uit die gedig van Aratus (310-245 v.C.), *Phaenomena*.” Ander voorbeelde kom voor in 1 Korintiërs 15:33 en Titus 1:12.

9.5 Vreemde terme en leenwoorde

Die bronteks bevat terme om items en sosiale posisies te beskryf wat kenmerkend was van die leefwêreld waarin dit ontstaan en gebruik is. Vir die moderne leser sê dit nie altyd veel nie. Dit sluit sake in soos ampstitels, militêre range en algemene gebruiksartikels. Dit word as leenwoorde op verskillende maniere hanteer om dit vir die moderne leser verstaanbaar te maak:

- Sommige word behou met 'n verwysing na die Woordelys om dit te verklaar. Die verklaring is uiteraard op deeglike navorsing gebaseer. 'n Voorbeeld is *Sinagoge* (Matt. 4:23; Luk.4:15).
- Sommige het al so bekend en aanvaarbaar vir die moderne leser geword dat dit eintlik nie meer verklaring nodig het nie. 'n Maatstaf hiervoor is dikwels die vraag of dit in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) verskyn. 'n Voorbeeld is *Jode* (Hand. 2:11; 6:43).

10. GEBRUIKERS VAN DIE 2020-BYBEL

Die Afrikaanstalige kerke is natuurlik die plek waar die vertaling die meeste gebruik sal word omdat Afrikaans die voertaal daar is. Daarom is dit ook verstaanbaar dat die opdrag vir 'n nuwe vertaling hoofsaaklik van hulle gekom het. Dit sal waarskynlik ook daar die langste bly voortleef. Daar is egter ook die kerke wat hulle nie deur ideologiese sentimente gedrewe voel om Afrikaans te gebruik nie, maar wat dit tog om historiese en tradisionele redes sal doen. Dit hang saam met hul ontstaan en wat die taalvoorkeur was van diegene wat daarby betrokke was. In dié verband kan die Morawiese Broederkerk, die Calvyns Protestantse Kerk, die Rynse Kerk, die Volkskerk van Afrika en nog ander kleineres genoem word. Afrikaans is ook die medium van aanbidding van die Afrikaanse afdelings van die tradisioneel Engelstalige kerke, soos die Anglikane, Metodiste, Kongregasionaliste en Baptiste. Die vertalers het ook vir die Rooms-Katolieke Kerk voorsiening gemaak met 'n aparte uitgawe wat die Deuterokanonieke Boeke insluit. Hierdie boeke is tradisioneel deel van die Rooms-Katolieke Bybel.

11. SLOTOPMERKING

Die kerk waarvan ek lid is, het tradisioneel Afrikaans as sy taalmedium gebruik en dit in die hoogbloei daarvan omhels. Hierin het die sendelinge natuurlik 'n belangrike rol gespeel. Ook dit is besig om te verander. 'n Belangrike rede is die proses van verstedeliking. In die groot stede oorheers Engels, veral onder die jeug. Die “suiwer” gebruik van Afrikaans kom slegs in die plattelandse gemeentes voor en dan by dié wat vroeër deel was van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk, maar die voortbestaan van hierdie gemeentes is weer in gedrang vanweë verstedeliking.

Die koms van die 2020-vertaling in Afrikaans versterk diegene wie se moedertaal Afrikaans is. Dit sal beslis help om Afrikaans te behou as deel van die taaldiversiteit van ons land.

BIBLIOGRAFIE

- Bybel. 1933/53. *Die Bybel*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Bybel. 1983. *Die Bybel: Nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Bybel. 2014. *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte vertaling*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Greenlee, J.H. 1985. *Scribes, scrolls and Scripture: A student's guide to New Testament textual criticism*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Metzger, B.M. 1977. *The early versions of the New Testament: Their origin, transmission and limitations*. Oxford: Clarendon Press.
- Ryken, L. 1984. *How to read the Bible as literature, and get more out of it*. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Van der Merwe, C.H.J. 2014. 'n Direkte vertaling van die Bybel as antieke teks: Net 'n nuwe baadjie vir 'n stokkerige woord-vir-woordvertaling? Inougurele rede, Stellenbosch Universiteit, Stellenbosch.
- Van Rensburg, J.P.J. 1973. *'n Oorsig van die Oud-Griekse letterkunde*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieëlik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terugê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

Page fees: There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

Copyright: Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.

CURRICULUM VITAE

COMBRINK, HANS JACOB BERNARD



Bernard Combrink is op 23 Oktober 1940 in Lydenburg gebore. Nadat hy aan die Hoërskool Noordoos-Rand in 1957 met ses onderskeidings gematrikuleer het, het hy aan die Universiteit van Pretoria gestudeer, waar hy die grade BA (1960), BD (1963) en BA Hons in Grieks, almal met lof, verwerf het. Hierna het hy aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer, waar hy in 1968 'n ThD in Nuwe Testament behaal het. Ná sy terugkeer het hy in dieselfde jaar die proponentseksamen van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria geslaag, ook met lof.

Hierna het hy agtereenvolgens gedien as predikant van die NG Gemeente Wonderboom in Pretoria (1968–1970), in Johannesburg as senior lektor en departementele voorsitter van die Departement Bybelkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit (1970–1973), en toe weer as senior lektor in Bybelkunde, Departement Nuwe Testament, Universiteit van Pretoria (1974–1975). Die volgende jaar het hy die Transvaal verruil vir die Kaap, en tot 2000 aan die Universiteit van Stellenbosch (Departement Nuwe Testament) posisies beklee as senior lektor, medeprofessor en professor. Daarbenewens het hy ook twee termyne as dekaan van die Fakulteit Teologie voltooi, te wete vanaf 1992 tot 1994 en vanaf 1998 tot 2000.

Hy was outeur of mederedakteur van 6 boeke, asook die outeur van 40 artikels in vaktydskrifte en van 48 bydraes in boekpublikasies. As promotor het hy 18 DTh-studente, as medepromotor nog 3, en as studieleier 57 MTh- en MPhil-studente onder sy vleuels gehad.

Sy kundigheid op ander terreine is ook wyd benut, onder andere as Finansiële Sekretaris van 1980 tot 1985, en Algemene Sekretaris, van die *Nuwe Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika* van 1985 tot 1990. By die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns was hy lid van die Fakulteitsraad Kuns en Geesteswetenskappe (1987–1993), en ook sekonduslid (1989–1991) en lid (1991–1993) van die Raad. Daarbenewens het hy gedien as voorsitter van die Keurkomitee van die SA Akademie vir die Totiusprys vir Teologie en Grondtale van die Bybel vir die tydperk 1995–2001.

As 'n uitvloeisel van sy kundigheid op vakkundige gebied, het hy opgetree as redakteur van die reeks: *Kommentaar op die Nuwe Testament: Struktuur, Uitleg, Boodskap*, en was (en is) hy lid van verskeie plaaslike en internasionale vakverenigings, en lid van die Kerklike Advieskomitee (Bybelvertaling in Afrikaans) van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sedert 1990, en voorsitter van 2004 tot 2007. Hy is ook lid van die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling en Bybelverklaring van die NG Kerk sedert 1990, en was voorsitter van 1994–2015. Laastens was hy ook lid van die vertalingspaneel van die *Afrikaanse Bybel vir die dowes (ABD)* 1997–2005.

As erkenning van uitnemende prestasie is die ds. Pieter van Drimmelenmedalje deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, (vir Bybelvertaling, teologiese handboeke in Afrikaans) in 2004 en weer in 2019 aan hom toegeken.

Sy rol as projekteier van die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (van 2006 tot met die afhandeling van die vertaling vanjaar), waartydens hy ook opgetree het as Waarnemende Hoof: Vertaling, van die Bybelgenootskap (2008–2009), word met hierdie spesiale bundel erken.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
2020-vertaling
Gewone uitgawe
Uitgawe met Deuterokanonieke Boeke